# U Woord
## my lig en vreugde

’n Handboek gebaseer op die belydenisskrifte

JJA Maree

© JJA Maree 2022

U Woord – my lig en vreugde
’n Handboek gebaseer op die belydenisskrifte

Gepubliseer deur MJ Maree

Pretoria, Suid-Afrika

Kontakbesonderhede: admin@mjm.co.za

www.mjm.co.za

ISBN 978-0-620-99377-7

2 4 6 8 10 9 7 5 3 1

Alle regte voorbehou. Hierdie publikasie mag, sonder die
skriftelike verlof van die uitgewer, gereproduseer word, solank
geen veranderinge aan die inhoud gemaak word nie.

Aanhalings uit die Bybel is veral gemaak uit die 1953 vertaling, maar ook vanuit die
1983 vertaling van die Bybel in Afrikaans van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Uitleg en publikasie-fasilitering deur Boutique Books
Gedruk en gebind in Suid-Afrika

## VOORWOORD:

Hierdie boek het ontstaan uit ’n soeke na ’n geskikte handleiding vir senior kategese deur Waverley-Oos NG Gemeente. Geen geskikte werk met die nodige diepgang rakende die geloofs- en belydenisskrifte is gevind nie.

Die inhoud van die lesse is grootliks geneem uit “Die Katkisasieboek” uitgegee deur die Algemene Sondagskoolkommissie van die Ned. Geref. Kerk onder leiding van dr. E. Greyling (Sewentiende druk 1966).

Hierdie boek is ’n samevatting van die leer van die Gereformeerde Kerke soos wat dit vanuit die Belydenisskrifte na vore kom. Met die samestelling van die boek is gekonsentreer op die Bybelgeskiedenis- en geloofsleer-afdelings van die oorspronklike Katkisasieboek. Kerkgeskiedenis en ander aktuele sake van die dag is nie ingesluit nie. Sommige gedeeltes is aangepas en vertaal in ’n meer verstaanbare idioom vir gebruik in die senior kategese in 2022.

Die boek is saamgestel deur Coba Maree namens die Diensraad Jeug en Dr. J Laas, NG Gemeente Waverley-Oos, met die oog op ’n volledige kategesehandboek vir gebruik by die senior kategeseklasse wat strek van Gr. 7 tot Gr. 10.

Baie dankie Isabel Claassen en Louw Erasmus vir jul raad en kommentaar. Dankie Phillip Meyer vir die gebruik van jou foto.

Die boek is ook gratis op die web beskikbaar by www.ngwaverleyoos.co.za of by www.mjm.co.za vir gebruik.

Soli Deo Gloria

Januarie 2022

## HOE OM DIE KATKISASIEHANDLEIDING TE GEBRUIK

Hierdie handleiding is gerig op grade 7 tot 10, en ander persone, ter voorbereiding vir die aflê van hulle geloofsbelydenis.

Daar is 72 lesse oor Bybelgeskiedenis en 72 lesse oor geloofsleer.

Die kern van die geloofsleer is die eerste twee vrae van die Heidelbergse Kategismus: ***Hoe kan ek gelukkig wees in lewe en in sterwe***. (My sonde en ellende, my verlossing en hoe ek God kan dank vir my verlossing.)

Die bedoeling is dat die lesse oor die Bybelgeskiedenis en geloofsleer gelyktydig deur die katkisant gelees en geleer moet word. Vir elke Sondag is daar 'n les uit eersgenoemde en ook 'n les met die gelykluidende nommer, uit laasgenoemde. Die werk vir elke Sondag val dus in twee dele, Bybelgeskiedenis en geloofsleer. As die katkisant bv. les 10 uit die Bybelgeskiedenis het vir Sondag, dan het hy/sy ook les 10 uit die deel oor geloofsleer, en omgekeerd.

Deur die hoofstukke uit die Bybel soggens en saans gedurende die week te lees, kweek die katkisant dan ook die gewoonte aan om gereelde stiltetyd te hou.

In die klas stel die onderwyser vir die eerste vyf minute vrae oor die Bybelgeskiedenis om die voorbereiding en kennis van die leerlinge daarin te toets, terwyl hy/sy in die res van die tyd die geloofsleer deeglik behandel.

Die Bybellesse in die eerste deel van die Katkisasieboek kan ook met vrug aangewend word in die Junior Kategese om 'n goeie Bybelkennis te ontwikkel.

Dit doel van hierdie Katkisasie boek is:

1. Om as omvattende brondokument te dien vir die kategeet en senior katkisant.
2. Die kategeet neem die hoofinhoud van die les en bied dit op 'n interessante manier aan die klas.
3. Die voordeel is dat dit die kategeet in staat stel om die belangrikste sake t.o.v. ons geloof op 'n verantwoordelike manier en op sistematiese wyse aan die klas te kan oordra
4. Die boek kan in sy geheel oor drie jaar behandel word. Dus 24 lesse vir elke jaar uit die deel van die Bybelgeskiedenis en 24 uit die deel oor die geloofsleer.

Die graad 10 jaar is voorbereidend tot die finale jaar en dus daarop gerig om 'n oorsigtelike beeld te kry van die voorafgaande jare se lesmateriaal, dit te integreer, en veral ook om seker te maak dat die katkisant 'n persoonlike verhouding met die Here het.

## INHOUDSOPGAWE


VOORWOORD: .......... 3

HOE OM DIE KATKISASIEHANDLEIDING TE GEBRUIK .......... 4

**BYBELGESKIEDENIS .......... 13**

BYBELLES 1: ALGEMENE INLEIDING TOT DIE BYBELGESKIEDENIS .......... 13

BYBELLES 2: DIE SKEPPING EN DIE SONDEVAL .......... 18

BYBELLES 3: KAIN, ABEL EN SET. DIE SONDVLOED. .......... 21

BYBELLES 4: NOAG EN SY SEUNS. DIE TORING VAN BABEL. .......... 22

BYBELLES 5: DIE ROEPING VAN DIE STAMVADER, ABRAM .......... 24

BYBELLES 6: ABRAHAM EN LOT .......... 25

BYBELLES 7: ISAK, ESAU EN JAKOB .......... 27

BYBELLES 8: JAKOB BEDRIEG EN VLUG. .......... 28

BYBELLES 9: JAKOB KOM TERUG EN WORD VERSOEN MET ESAU .......... 30

BYBELLES 10: JOSEF WORD VERKOOP .......... 31

BYBELLES 11: JOSEF SE BROERS REIS NA EGIPTE .......... 32

BYBELLES 12: JAKOB SEëN SY SEUNS. SY DOOD EN BEGRAFNIS. .......... 34

BYBELLES 13: DIE GEBOORTE VAN MOSES EN SY OPVOEDING .......... 35

BYBELLES 14: MOSES SE ROEPING. HY EN AäRON VERSKYN VOOR FARAO .......... 36

BYBELLES 15: DIE PLAE VAN GOD OOR FARAO EN SY VOLK .......... 37

BYBELLES 16: DIE INSTELLING VAN DIE PAASFEES .......... 39

BYBELLES 17: DIE WONDERS VAN KWARTELS, MANNA EN WATER .......... 40

BYBELLES 18: DIE GOUE KALF. DIE TABERNAKEL. .......... 42

BYBELLES 19: AäRON EN SY SEUNS WORD AFGESONDER .......... 43

BYBELLES 20: ISRAEL IN DIE WOESTYN .......... 44

BYBELLES 21: KORAG, DATAN EN ABIRAM STAAN OP TEEN MOSES ........ 45

BYBELLES 22 MOSES ONGEHOORSAAM. DIE KOPERSLANG. ....... 46

BYBELLES 23: BILEAM. JOSUA AS OPVOLGER VAN MOSES AANGEWYS. ........ 47

BYBELLES 24: MOSES VERMAAN SY VOLK OM GOD GEHOORSAAM TE WEES ........ 49

BYBELLES 25: MOSES SE LAASTE DAE ........ 50

BYBELLES 26: JERIGO VAL. 'n GROOT VOLKSVERGADERING ....... 51

BYBELLES 27: JOSUA SE TREFFENDE AFSKEIDSBOODSKAP .......... 52

BYBELLES 28: DIE EERSTE RIGTERS ........ 53

BYBELLES 29: DIE RIGTERS GIDEON EN JEFTA ........ 54

BYBELLES 30: DIE RIGTER SIMSON ........ 55

BYBELLES 31: BOAS TROU MET RUT ........ 56

BYBELLES 32: SAMUEL — GOD SPREEK MET HOM ........ 58

BYBELLES 33: DIE ISRAELIETE SE EERSTE KONING – SAUL ........... 59

BYBELLES 34: GOLIAT, DAWID EN JONATAN ........ 60

BYBELLES 35: DAWID 'n VOORTVLUGTIGE ........ 61

BYBELLES 36: SAUL SE DOOD ........ 62

BYBELLES 37: AL DIE STAMME ERKEN DAWID AS KONING .......... 63

BYBELLES 38: DAWID VAL IN SONDE. SY OPREGTE BEROU .......... 64

BYBELLES 39: SALOMO ........ 65

BYBELLES 40: JOB WORD IN SWARE BEPROEWING GEBRING ..... 67

BYBELLES 42: DIE KOMS VAN JESUS CHRISTUS VOORSPEL .......... 68

BYBELLES 43 DIE GEBOORTE VAN JESUS – SY JEUG........ 70

BYBELLES 44: VOORBEREIDING EN BEGIN VAN JESUS SE OPENBARE BEDIENING ........ 71

BYBELLES 45: DIE BERGPREDIKASIE NABY KAPERNAUM .............. 73

BYBELLES 46: DIE HERE SE GESPREK MET
NIKODEMUS – IN JERUSALEM ... 74

BYBELLES 47: SENDING VAN DIE TWAALF APOSTELS
IN GALILEA ... 76

BYBELLES 48: DIE GODSLASTERING VAN DIE
FARISEËRS IN KAPERNAUM ... 78

BYBELLES 49: DIE BELYDENIS VAN PETRUS IN CESAREA-FILIPPI . 79

BYBELLES 50: DIE VERHEERLIKING OP DIE BERG IN GALILEA ... 80

BYBELLES 51: GESPREK VAN JESUS OOR DIE BROOD
VAN DIE LEWE ... 81

BYBELLES 52: DIE VERNAAMSTE IN DIE KONINKRYK
VAN DIE HEMELE ... 83

BYBELLES 53: DIE PROFETIESE REDE OP DIE OLYFBERG ... 84

BYBELLES 54: DIE SAAIER – UITGESPREEK IN KAPERNAUM ... 85

BYBELLES 55: DRIE OPWEKKINGS UIT DIE DOOD ... 87

BYBELLES 56: DIE FARISEëR, DIE TOLLENAAR EN DIE
VERLORE SEUN ... 88

BYBELLES 57: DIE RYK MAN EN LASARUS ... 90

BYBELLES 58: TWEE EN TWINTIG ANDER
GELYKENISSE VAN JESUS. ... 92

BYBELLES 59: WONDERWERKE IN DIE RYK VAN DIE NATUUR ... 95

BYBELLES 60: DIE HERE IN BETANIë GESALF. SY
INTOG IN JERUSALEM ... 96

BYBELLES 61: INSTELLING VAN DIE NAGMAAL ... 98

BYBELLES 62: DIE HERE IN GETSEMANE ... 99

BYBELLES 63: DIE HERE VOOR DIE JOODSE RAAD ... 100

BYBELLES 64: DIE KRUISIGING EN BEGRAFNIS VAN DIE HERE . 102

BYBELLES 65: DIE HERE STAAN OP UIT DIE DOOD. SY
TIEN VERSKYNINGS ... 103

BYBELLES 66: DIE HEMELVAART. UITSTORTING VAN
DIE HEILIGE GEES ... 104

BYBELLES 67: DIE BEDRYWIGHEID VAN PETRUS EN JOHANNES 106

BYBELLES 68: BEKERING VAN SAULUS. PETRUS SE WEDERVARINGE ........ 107

BYBELLES 69: EERSTE SENDINGREIS VAN PAULUS ........ 108

BYBELLES 70: KORT INLEIDING TOT DIE BRIEWE VAN PAULUS 110

BYBELLES 71: KORT INLEIDING TOT DIE SEWE ALGEMENE SENDBRIEWE EN OPENBARING ........ 112

BYBELLES 72: DIE BOEK OPENBARING – VERVOLG ........ 116

**GELOOFSLEER........ 119**

GELOOFSLES 1: INLEIDING – DIE BYBEL EN ONS BELYDENISSKRIFTE ........ 119

GELOOFSLES 2: DIE INHOUD: SONDE, VERLOSSING EN DANKBAARHEID ........ 123

**EERSTE DEEL: OOR DIE MENS SE ELLENDE........ 129**

GELOOFSLES 3: DIE KENNIS VAN DIE SONDE. ........ 129

GELOOFSLES 4: DIE EERSTE GEBOD – DIE VERBOD VAN AFGODERY. ........ 132

GELOOFSLES 5: DIE TWEEDE GEBOD – DIE VERBOD OP BEELDEDIENS. ........ 135

GELOOFSLES 6: DIE DERDE GEBOD – GEBRUIK EN MISBRUIK VAN DIE HERE SE NAAM. ........ 138

GELOOFSLES 7: DIE VIERDE GEBOD – DIE HEILIGING VAN DIE DAG VAN DIE HERE ........ 142

GELOOFSLES 8: DIE VYFDE GEBOD – EERBIED TEENOOR OUERS EN MEERDERES ........ 145

GELOOFSLES 9: DIE SESDE GEBOD – MOORD. ........ 148

GELOOFSLES 10: DIE SEWENDE GEBOD – DIE HUWELIK, EGBREUK, REINHEID. ........ 152

GELOOFSLES 11: DIE AGSTE GEBOD – DIEFSTAL EN ONEERLIKHEID. ........ 155

GELOOFSLES 12: DIE NEGENDE GEBOD – VALSE GETUIENIS, LASTER EN KWAADSPREEK. ............................ 158

GELOOFSLES 13: DIE TIENDE GEBOD – SONDIGE BEGEERTES . 160

GELOOFSLES 14: VERDELING EN HOOFINHOUD VAN DIE TIEN GEBOOIE ........................................................ 163

GELOOFSLES 15: ONS ONVERMOË OM DIE WIL VAN GOD TE DOEN ......................................................................... 166

GELOOFSLES 16: DIE BEELD VAN GOD EN DIE OORSPRONG VAN DIE SONDE............................................... 169

GELOOFSLES 17: DIE ERFSONDE. .................................................... 173

GELOOFSLES 18: DIE ALGEHELE VERDORWENHEID VAN DIE MENS. ...................................................................... 175

GELOOFSLES 19: ERFSONDE EN WERKLIKE SONDES. ................. 177

GELOOFSLES 20: DIE STRAF OP DIE SONDE. .................................. 180

**TWEEDE DEEL: DIE MENS SE VERLOSSING UIT SY ELLENDE ... 185**

GELOOFSLES 21: DIE BEHOEFTE AAN 'n MIDDELAAR – SY PERSOON. ..................................................................... 185

GELOOFSLES 22: WIE MY NIE KAN VERLOS NIE. .......................... 190

GELOOFSLES 23: WORD AL DIE MENSE SALIG? BEPERKTE OF ALGEMENE VERSOENING. .......................... 193

GELOOFSLES 24: WAT IS 'n OPREGTE GELOOF? ............................ 196

GELOOFSLES 25: DIE HOOFINHOUD VAN DIE GELOOF – DIE TWAALF ARTIKELS. ....................................... 200

GELOOFSLES 26: DIE LEERSTUK VAN DIE DRIE-EENHEID. ........ 204

GELOOFSLES 27: GOD DIE VADER – SY NAME, EIENSKAPPE, DADE EN WELDADE ....................................... 209

GELOOFSLES 28: GOD DIE VADER – SY VOORSIENIGHEID. ....... 214

GELOOFSLES 29: GOD DIE SEUN – SY GODDELIKE NATUUR. ... 219

GELOOFSLES 30: GOD DIE SEUN – SY GEBOORTE, SY MENSLIKE NATUUR................................................................. 222

GELOOFSLES 31: GOD DIE SEUN EN SY NAME JESUS EN CHRISTUS ........ 227
GELOOFSLES 32: GOD DIE SEUN – SY AMPTE: PROFEET, PRIESTER EN KONING. ........ 232
GELOOFSLES 33: GOD DIE SEUN – SY VERSOENINGSWERK (1). 238
GELOOFSLES 34: GOD DIE SEUN: SY VERSOENINGSWERK (2) – KRAG VAN SY BLOED. ........ 242
GELOOFSLES 35: GOD DIE SEUN – SY VERNEDERING, GEBOORTE, LYDING EN DOOD ........ 245
GELOOFSLES 36: GOD DIE SEUN – SY VERNEDERING ........ 250
GELOOFSLES 37: GOD DIE SEUN SY VERHOGING - OPSTANDING. ........ 253
GELOOFSLES 38: GOD DIE SEUN EN SY VERHOGING - HEMELVAART. ........ 258
GELOOFSLES 39: GOD DIE SEUN, SY VERHOGING ........ 263
GELOOFSLES 40: GOD DIE SEUN, SY WEDERKOMS - DIE CHILIASME ........ 268
GELOOFSLES 41: GOD DIE SEUN - SY VERHOGING. DIE OORDEEL. ........ 271
GELOOFSLES 42: DIE HEILIGE GEES – SY PERSOON EN GODHEID. ........ 275
GELOOFSLES 43: DIE HEILIGE GEES, SY UITSTORTING EN WERK. ........ 280
GELOOFSLES 44: DIE HEILIGE GEES EN DIE WOORD VAN GOD 285
GELOOFSLES 45: DIE HEILIGE GEES EN DIE KERK ........ 291
GELOOFSLES 46: DIE EIENSKAPPE VAN DIE KERK ........ 295
GELOOFSLES 47: DIE KERK EN DIE UITVERKIESING. ........ 297
GELOOFSLES 48: DIE WARE EN DIE VALSE KERK. ........ 302
GELOOFSLES 49: DIE VERGIFNIS VAN SONDES. ........ 305
GELOOFSLES 50: DIE OPSTANDING VAN DIE VLEES. ........ 307
GELOOFSLES 51: DIE EWIGE LEWE ........ 311

GELOOFSLES 52: DIE REGVERDIGMAKING DEUR DIE GELOOF 316

GELOOFSLES 53: GOEIE WERKE teenoor ONVERDIENSTELIKHEID ........................................................ 321

GELOOFSLES 54: OORSPRONG EN VERSTERKING VAN DIE GELOOF. ........................................................................ 326

GELOOFSLES 55: DIE SAKRAMENTE – DOOP EN NAGMAAL. ..... 331

GELOOFSLES 56: DIE HEILIGE DOOP. ................................................ 334

GELOOFSLES 57: AFWYKENDE LEER RONDOM DIE DOOP. ........ 340

GELOOFSLES 58: AFWYKENDE LEER TEN OPSIGTE VAN DIE DOOP. ........................................................................ 342

GELOOFSLES 59: DIE HEILIGE NAGMAAL. ...................................... 349

GELOOFSLES 60: DIE NAGMAAL teenoor TRANSSUBSTANSIASIE . 353

GELOOFSLES 61: WIE MAG NAGMAAL GEBRUIK? ........................... 358

GELOOFSLES 62: DIE EVANGELIEVERKONDIGING EN DIE TUG 362

**DERDE DEEL: DANKBAARHEID ...................................................... 367**

GELOOFSLES 63: DIE DANKBAARHEID WAT ONS AAN GOD VERSKULDIG IS ................................................................. 367

GELOOFSLES 64: DIE KENMERKE VAN GOEIE WERKE.................. 371

GELOOFSLES 65: WEDERGEBOORTE, BEKERING EN GENADE. . 374

GELOOFSLES 66: HEILIGMAKING. .................................................... 379

GELOOFSLES 67: DIE BLYWENDE ONVOLKOMENHEID. ............. 382

GELOOFSLES 68: DIE VOLHARDING VAN DIE GELOWIGES. ....... 385

GELOOFSLES 69: DIE NOODSAAKLIKHEID EN VEREISTES VAN DIE GEBED. .................................................. 391

GELOOFSLES 70: DIE ONSE VADER: INHOUD EN AANHEF. ........ 395

GELOOFSLES 71: DIE EERSTE DRIE BEDES – TOT EER VAN GOD. ......................................................................................... 399

GELOOFSLES 72: DIE LAASTE DRIE BEDES TEN BEHOEWE VAN DIE BIDDER. .................................................. 405

# BYBELGESKIEDENIS

## BYBELLES 1: ALGEMENE INLEIDING TOT DIE BYBELGESKIEDENIS

### DIE BYBEL

Die naam Bybel beteken: *Die boek* of *Die boeke*. Daar is 66 boeke. Saam vorm hierdie 66 boeke die Bybel die openbaring van God, wat die boek van die Christelike godsdiens is. Geen ander boek word ooit *Bybel* genoem nie. Die Bybel word ook genoem die Heilige Skrif, Skriftuur, en die Woord van God. Bybelgeskiedenis word genoem gewyde geskiedenis, omdat dit te doen het met die dinge van die koninkryk van God, met die boodskap van Gods verlossing en die heerlikheid wat daarop sal volg. Dit staan teenoor ongewyde (gewone) geskiedenis wat handel oor die koninkryke van die wêreld.

### HOE MOET EK DIE BYBEL VERSTAAN

De Bybel is ’n versameling van 66 boeke wat deur verskillende skrywers geskryf is, maar die wonder van die Bybel is dat, al is dit deur soveel verskillende skrywers geskryf, vorm dit ’n wonderlike eenheid omdat dit deur die Gees van God geïnspireer is.

Die Bybel is God se *onfeilbare openbaring van Homself as God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.*

Daar is ’n GOUE DRAAD, WAT REGDEUR DIE OU EN NUWE TESTAMENT LOOP, naamlik DIE VERLOSSINGSBOODSKAP VAN GOD VIR ’n VERLOREGAANDE MENSDOM.

*Hebr. 1:1 - In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel.*

(a) In die Ou Testament openbaar God Homself as die Verbondsgod.

(b) In die Nuwe testament openbaar God Homself deur Jesus Christus die Saligmaker as vervulling van die Ou Verbond in die Nuwe Verbond.

(c) In die Sendbriewe en Openbaring openbaar God Homself deur die Heilige Gees om die Nuwe Verbondsvolk van God, die kerk van Jesus Christus, as die Liggaam van Christus voor te berei en te heilig met die oog op die Wederkoms van Jesus Christus en die oordeel.

Dit is belangrik dat die Skrif altyd in konteks gelees moet word. Die Bybel maak dikwels gebruik van herhaling om belangrike sake uit te lig. Hierdie verskille is aanvullend tot mekaar en nie onjuisthede soos dikwels deur die vyande van die waarheid beweer word nie. So is daar die verhaal van die Skepping wat gedeeltelik herhaal word in Gen 3 met spesifieke verwysing na die skepping van die mens. Die vier Evangelies is vier perspektiewe oor die lewe van Jesus op aarde, en in die boek Openbaring is die sewe visioene wat Johannes ten opsigte van die eindgebeure sien, telkens 'n nuwe perspektief op die eindtyd. Laasgenoemde strek vanaf Jesus Christus se eerste koms tot Sy wederkoms om te oordeel.

Die verskillende soorte boeke en die interpretasie daarvan is ten nouste gemoeid met die leser se vermoë om die aard van die spesifieke boek en die bedoeling van die skrywer in gedagte te hou (bv. 'n historiese boek verskil van 'n profetiese boek en 'n digterlike boek).

## DIE VERDELING VAN DIE BYBEL

Die Bybel bestaan uit twee dele: Die Ou Testament met sy 39 boeke, die Nuwe Testament met sy 27 boeke – dus 66 boeke altesaam.

## DIE BOEKE VAN DIE OU TESTAMENT BESTAAN UIT DIE VOLGENDE:

1. Die vyf boeke van die Wet, of die boeke van Moses, wat ook Pentateug genoem word. Pentateug beteken *vyf boeke*: Genesis, Exodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium.
2. Die volgende twaalf boeke is die historiese boeke: Josua, Rigters, Rut, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke, Esra, Nehemia, Ester.
3. Die volgende is die vyf digterlike boeke: Job, Psalms, Spreuke van Salomo, Prediker, Hooglied van Salomo.
4. Dan volg die 17 profetiese boeke: Jesaja, Jeremia, Klaagliedere van Jeremia, Esegiël en Daniël. Hierdie vyf boeke word genoem 'die groter profete'.
5. Die volgende twaalf boeke word genoem 'die kleiner profete': Hoséa, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi.

## DIE BOEKE VAN DIE NUWE TESTAMENT BESTAAN UIT DIE VOLGENDE:

1. Die vier evangelies: Matteus, Markus, Lukas en Johannes. Hulle handel oor die lewe en werke van Jesus Christus.
2. Een historiese boek: Handelinge van die Apostels, wat handel oor die vroeë geskiedenis van die Christelike Kerk.
3. Dan volg die dertien sendbriewe van Paulus en die boek Hebreërs: Romeine, 1 en 2 Korintiërs, Galasiërs, Efesiërs, Filippense, Kolossense, 1 en 2 Tessalonisense, 1 en 2 Timoteus, Titus, Filémon; en Hebreërs. Timoteus en Titus was leraars of herders (pastore) aan wie Paulus geskryf het. Die drie boeke aan hulle word genoem 'pastorale briewe'.
4. Sewe algemene sendbriewe: Jakobus, 1 en 2 Petrus, 1, 2, en 3 Johannes en Judas.
5. Een profetiese boek: Openbaring.

## WAT BETEKEN DIE WOORD 'TESTAMENT'?

Ons praat van die boeke van die Ou Testament en van die Nuwe Testament. In die gewone omgangstaal beteken 'n testament, 'n dokument wat sekere dinge aan sekere persone bemaak. Dit is nie die betekenis hier nie. Testament beteken hier*: 'n verbond wat God vrywillig met die mens maak, waarin God sekere dinge beloof op voorwaarde dat die mens sekere verpligtinge moet nakom.*

Na die sondeval rig God met ons 'n verbond van genade op, en Jesus Christus is die Middelaar daarvan. Onder die ou verbond (die Ou Testament) voor Christus, kry ons die belofte, onder die nuwe verbond (die Nuwe Testament) die vervulling in Christus. Heerlike dinge word aan ons beloof, op voorwaarde dat ons moet glo, bv. vergifnis van sonde en die ewige lewe verkry ons deur te glo in Jesus Christus. Sien bv. Joh. 3:16,36. God sluit Sy verbond met ons uit vrye genade, en Sy genade is so groot dat Hy ons in staat stel om te voldoen aan sy eise.

## IN WATTER TAAL IS DIE BYBEL GESKRYF?

Oorspronklik is die Ou Testament in die Hebreeuse taal en die Nuwe Testament in die Griekse taal geskryf. Watter verhouding bestaan daar tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament? Die Ou Testament is die boek van belofte, die Nuwe Testament is die boek van vervulling. In die Ou Testament is 'n Verlosser aan die wêreld beloof. In die Nuwe Testament is vermeld dat die beloofde Verlosser (Jesus Christus) gekom het.

## HOE HET DIE BYBEL ONTSTAAN?

Die Here het sekere mense aangespoor, deur die Heilige Gees gedrywe, om die boeke van die Bybel te skrywe. Die Heilige Gees het die mense so wonderlik gelei, dat hulle die inhoud van die Bybel absoluut korrek neergeskrywe het. Hoor wat die Bybel self sê: *Geen profesie is ooit deur die wil van die mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe het die heilige mense van God gespreek* (2 Pet. 1:19-21). Ook staan geskryf: *Die hele Skrif is deur God ingegee* (2 Tim. 3:16). Die skrywers is dus deur die Heilige Gees gedrywe en geïnspireer sodat hulle die boodskap van God onfeilbaar neergeskryf het. Daarom ook word ons vermaan om niks aan die Bybel toe te voeg nie, en ook niks daaruit weg te neem nie (Openb. 22:18, 19). Onthou, Jesus Christus het die Bybel soos dit destyds was, gebruik en het dit heelhartig aanvaar (Matt. 4:4,6,10).

## UIT DIE VOORGAANDE BLYK DIE ONEINDIGE WAARDE VAN DIE BYBEL:

1. In die Bybel openbaar God Homself aan ons as ons Vader.
2. Deur die Bybel spreek God tot ons op besondere wyse. Dit is sy Woord. Sy Brief aan die mensdom.
3. Die Bybel maak aan ons bekend die plan van Gods genadige verlossing vir die mens.
4. Die Bybel alleen verduidelik aan ons wat die oorsprong van die wêreld en die mense is, en wat hul eindbestemming is.
5. Die Bybel is dus heeltemal onmisbaar. Laat ons strewe dan wees om Gods Woord goed te bestudeer, sy boodskap in ons hart weg te bêre, en Jesus Christus daaruit te leer ken as ons persoonlike Verlosser.
6. Paulus sê in 2 Tim.3:16 1. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om a) in die waarheid te onderrig, b) dwaling te bestry, c) verkeerdhede reg te stel en d) 'n regte leefwyse te kweek.

## MERKWAARDIGE FEITE OMTRENT DIE BYBEL.

1. Geen ander boek het ontstaan soos die Bybel nie. Die Bybel alleen maak met reg aanspraak op onfeilbaarheid en geïnspireerdheid deur die Heilige Gees.
2. Daar is geen boek ter wêreld waaroor so baie boeke geskryf is, en wat so noukeurig bestudeer is as die Bybel nie. Soms word 'n lywige boek geskryf oor een enkele teks of gedagte in die Bybel.
3. Geen ander boek versprei so vinnig soos die Bybel nie. Die Bybel het die grootste afsetgebied van alle boeke.
4. Geen ander boek is in so baie tale vertaal as die Bybel nie.

5. Geen ander boek oefen soveel invloed uit, selfs op die gewone letterkunde nie. Groot skrywers soos Shakespeare, Milton en Vondel was beïnvloed deur die gedagtes van die Skriftuur, en hulle het so vele Bybelse idees in hul geskrifte ingewerk dat dit onmoontlik is om hul werke goed te verstaan sonder kennis van die feite van die Bybel.
6. Geen boek verkoop so goedkoop soos die Bybel nie, omdat so baie Christene daartoe bydra om die Bybel goedkoop aan die wêreld beskikbaar te stel.
7. Die Bybel besit ’n aantrekkingskrag wat geen ander boek het nie. Hoe gou word ’n mens moeg vir ’n bloot menslike boek! As iemand dit een of tweemaal deurgelees het, is dit ou nuus. Vir die Bybel word ’n mens nooit moeg nie. Die Bybel alleen versadig die daaglikse sielsbehoeftes van die mens.
8. Veel is reeds geskryf oor die Bybel as Boek van Skoonheid. Waar kry ’n mens ’n boek wat so ’n verskeidenheid van literatuur soos die Bybel bevat? Die skoonheid van sy taal, gedagtes en beelde kan nie oortref word nie. Dink aan Psalm 23, of 1 Korintiërs 13 oor die liefde, om maar twee voorbeelde te noem.
9. Die Bybel verklaar homself. Meeste van die sogenaamde verskille wat die vyande van die waarheid uitwys om die gesag van die Skrif te bevraagteken word in ander dele van die Skrif verduidelik en aangespreek.

## DIE BYBEL IN AFRIKAANS

Vertalings van die Bybel vorm ’n belangrike deel van die verstaan van die Bybel. Dit is belangrik dat mense die Bybel in hulle eie taal sal hê en daarom het die Kerk die vertaling van die Bybel in alle tale nog altyd noodsaaklik geag. By vertalings is die gevaar dat betekenisse van woorde foutiewelik geïnterpreteer kan word. Daarom is dit baie belangrik om verskillende vertalings gelyktydig te bestudeer.

Op 27 Augustus 1933 is die Afrikaanse Bybel in gebruik geneem. Die vertalers van die Afrikaanse Bybel was dr. J. D. Kestell, dr. E. E. van Rooyen, dr. B. B. Keet, dr. J. D. du Toit en dr. H. C. M. Fourie. Nog amptelike vertalings het gevolg in 1953, 1983 en 2020.

**VRAE**

1. Watter ander name het die Bybel?
2. Verduidelik wat testament beteken.
3. Noem die historiese boeke van die Ou Testament.
4. Watter boeke val onder die Pentateug?

5. Noem die Pastorale Briewe en ook die Algemene Sendbriewe.
6. Hoe het die Bybel ontstaan?
7. Wanneer het die eerste volledige Bybel in Afrikaans verskyn en is dit in gebruik geneem?
8. Hoe moet ek die Bybel verstaan?
9. Wat is die goue draad wat deur die Skrif loop en verduidelik dit.
10. Wat beteken dit om die Bybel in konteks te lees?

## BYBELLES 2: DIE SKEPPING EN DIE SONDEVAL

Lees gedurende die week: Gen. 1-3.

### DIE SKEPPING: DIE WERK VAN DIE SES DAE.

Genesis (die eerste Bybelboek) beteken *begin*. Hierdie boek begin met die verhaal van die skepping van hemel en aarde deur die almag van God. Die aarde was eers woes, leeg en donker. Toe het God in die ses daagse skeppingswerk orde uit die woeste toestand te voorskyn geroep (Ps. 33:6,9). Die skepping het soos volg plaasgevind:

Die Bybel sê in Gen. 1:1: *In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef.* Hoe lank hierdie tydperk voor die skeppingsdae was, of die lengte van die skeppingsdae self, sê die Bybel nie. 2 Pet. 3:8 sê: … *vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag.*

Wat die Bybel wel sê is: DAT GOD GESKEP HET, EN DAT HY DIT ORDELIK GEDOEN HET.

Gen. 1:1: *In die begin het God die hemel en die aarde geskep*, en Gen. 1:25: *God het die wilde diere op die aarde gemaak, elkeen na sy aard; en ook al die diere wat kruip, elkeen na sy aard. God het die groot seediere geskep en al die lewende wesens waarvan die waters krioel, almal na hulle aard, ook al die voëls na hulle aard. En God het gesien dit is goed.*

### DIE VERSKILLENDE DAE VAN DIE SKEPPINGSGEBEURE SOOS OPGETEKEN IN GENESIS.

1. EERSTE DAG: LIG, DAG EN NAG. Gen. 1:3: *Toe het God gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig.* In Joh. 1:3 verwys die Bybel weer na hierdie gebeurtenis as hy sê: *Alles het deur Hom tot stand gekom; ja nie* ’n *enkele ding wat bestaan het sonder Hom tot stand gekom nie. In Hom*

*was daar lewe, en die lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie oorweldig nie.*

2. TWEEDE DAG: DIE UITSPANSEL. Gen. 1:6: *Toe het God gesê: Laat daar* 'n *gewelf wees tussen die waters om die waters van mekaar te skei. Ps. 8:2* besing hierdie skeppingsdaad: *Hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het.*
3. DERDE DAG: DROË AARDE EN SEE, GRAS, PLANTE EN BOME.
4. VIERDE DAG: SON, MAAN EN STERRE.
5. VYFDE DAG: VISSE EN VOËLS.
6. SESDE DAG: VEE, KRUIPENDE EN WILDE DIERE; EN DIE MENS. Gen. 1:27: *God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.* Gen. 2:7: *Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens* 'n *lewende wese geword het.* (Hierdie aksie van God onderskei die mens van die dier.)

Twee van die drie Persone in die Godheid word uitdruklik in Genesis by die skeppingswerk genoem: God (die Vader) en die Heilige Gees. Ook die Here Jesus (die tweede Persoon) het deel gehad aan die skeppingswerk soos ons lees in Joh. 1:3. Die skeppingswerk is dus die werk van die Drieënige God: Vader, Seun en Heilige Gees. Die skeppingswerk was volmaak. Daarom staan daar telkens die woorde: *Toe sien God dat dit goed was.*

### DIE SKEPPING VAN ADAM EN EVA. DIE RUS VAN DIE SEWENDE DAG.

Die mens is geskape nadat die ander deel van die skepping voltooi was. Die skepping van die mens staan afgesonderd van die van die ander deel van die skepping. Toe God die mens wou skep, het Hy gesê: *Laat Ons mense maak na ons beeld na ons gelykenis.* Die verwysing na die *Beeld van God* geskape verwys hier na die mededeelbare eienskappe van God en nie die Soewereiniteit, almag en ewige eienskappe van God waarvan die Skrif praat nie. (Les 27)

Hier moet gelet word op die feit dat God sekere onmededeelbare eienskappe het wat slegs aan Hom behoort as die soewereine God van Hemel en Aarde. Die beeld van God verwys egter na die mededeelbare eienskappe van Sy Goddelike natuur wat hy by die skepping van die mens in hom geplaas het soos bv. wysheid, regverdigheid ens, sodat hy in staat sou wees om te heers oor die skepping. (Adam en Eva was nie gode omdat hulle na die beeld van God geskape is nie, maar het in volkome harmonie met God geleef omdat hulle sonder sonde was.)

Die mens is gevorm uit die stof van die aarde en in sy neus het God die asem van die lewe geblaas. God het ’n diepe slaap op die mens (die man) laat val, en terwyl hy slaap het God een van sy ribbebene geneem en dit tot ’n vrou vir hom gebou. Na die skepping, insluitende dié van die mens, het die Here van alles wat Hy gemaak het, gesê: *Dit was baie goed*.

Nadat die sesdaagse skeppingswerk klaar was, het die Here op die sewende dag gerus. Hebr. 4:11 verwys dan ook na die sewende dag as die rusdag wat nou nog duur, as hy sê: *Die Christene moet hulle beywer om die rus, die deur God beloofde saligheid, in te gaan. Hulle moet nie in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid as die ou volk Israel val nie*. (Bybel met Verklarende Aantekeninge 1959)

Die skepping laat ons nie alleen die almag en wysheid van God sien nie, maar ook sy versorgende liefde. Voordat die diere geskape is, was die plantegroei daar om as voedsel te dien. Vir die mensepaar, het die Here die tuin van Eden met sy ryke verskeidenheid van vrugtebome voorberei.

## DIE VAL VAN DIE MENS. DIE EERSTE BELOFTE VAN ’N VERLOSSER. DIE MENS WORD DEUR GOD UIT DIE TUIN GESTUUR.

In die middel van die tuin het twee besondere bome gestaan: *die boom van die lewe* en *die boom van die kennis van goed en kwaad*. Die mens is verbied om van laasgenoemde boom te eet as gevolg van die proefgebod wat God daargestel het om die liefdevolle gehoorsaamheid van die skepsel aan die Skepper te illustreer. God wou hê dat die mens uit vrye wil aan Hom as Skepper gehoorsaam sou wees. *God het gesê dat as die mens die vrug eet wat verbied is, hy sekerlik sou sterwe*.

Deur van die slang gebruik te maak, wat die gebod van God bevraagteken het, het Satan vir Eva verlei om van die verbode boom se vrugte te eet. Eva het ook van die vrug aan haar man gegee en hy het geëet. Dit was die sondeval, as gevolg van die ongehoorsaamheid van die mens. Die mens het die leuen van Satan geglo en nie ag gegee op die waarskuwing van God nie. Die gevolge was verskriklik omdat die mens wel kennis gekry het, maar daardie kennis was kennis van hulle naaktheid wat nie slegs skuldgevoelens en verwydering van God teweeg gebring het nie, maar ook baie ongeluk en lyding.

Hoe groot is die genade van God egter. Sommer daar en dan maak God die eerste belofte van ’n Saligmaker wat eenmaal die kop van die slang sou vermorsel (Genesis 3:15). Die sondeval het meegebring dat God die mensepaar uit die tuin van Eden gestuur het om te verhoed dat hulle die gevolge van die sonde vir ewig sou moes dra.

**VRAE**

1. Wat het God op elkeen van die skeppingsdae gemaak?
2. Verduidelik die woorde: Die skeppingswerk is die werk van die Drieënige God.
3. Wat het God gesê toe Hy die mens wou maak?
4. Wat het die Here van sy skepping gesê nadat alles voltooi was?
5. Wat het aanleiding gegee tot die sondeval?
6. Watter soort kennis was die gevolg van die sondeval?
7. Watter groot belofte het God gemaak na die Val, en waar is dit opgeteken in die Bybel?
8. Hoekom het God die mens uit die Paradys gestuur na die sondeval?

## BYBELLES 3: KAIN, ABEL EN SET. DIE SONDVLOED.

Lees gedurende die week: Gen. 4-7.

### KAIN EN ABEL. HUL OFFERANDE: DIE DOOD VAN ABEL. DIE MERKTEKEN VAN KAIN. DIE GEBOORTE VAN SET.

Kain is die eerste kind wat gebore is. Sy broer Abel was die tweede. Kain was 'n landbouer, Abel 'n skaapherder. Die offerandes wat hierdie twee kinders van Adam en Eva aan die Here gebring het, vroeg in hul lewe, was 'n aanduiding van hul godsdienstige behoeftes. Die Here het egter Kain se offer verwerp, waarskynlik omdat die gesindheid van sy hart nie reg was nie (Gen. 4:7; 1 Sam. 15:22; Hebr. 11:4; 1 Joh. 3:12). Kain was kwaad. Hy het Abel doodgeslaan. Die eerste kind was dus die eerste moordenaar, omdat sy woede die oorhand oor hom gekry het. Kain het sy misdaad erken, en die Here het uit genade 'n teken op hom gesit tot sy beskerming. Die Here het aan Adam en Eva 'n derde kind geskenk, nl. Set. Set en sy nageslag (in teenstelling met Kain en sy nakomelinge, wat hul behae in geweldpleging gevind het), was diep godsdienstig. Uit hierdie geslag is Henog gebore, die man wat met God gewandel het en wat eindelik lewendig hemel toe geneem is.

Kain en sy geslag, en Set en sy nakomelinge is vir ons 'n beeld van die twee soorte mense wat daar op die aarde is: *die een wyk van die Here af, leef vir die wêreld en die tydelike dinge, beroem hulle op geweld. Die ander is godsdienstig, stry die goeie stryd van die geloof, en verlang om aan God gehoorsaam te wees.*

**TOENEMENDE GODDELOOSHEID ONDER DIE MENSE.**
**NOAG BOU DIE ARK. DIE SONDVLOED.**

In hoofstuk 6 van Genesis word vir ons beskryf hoe die sonde onder die mense toegeneem het. Selfs onder sommige van die afstammelinge van Set was daar geestelike verval.

Noag, een van die afstammelinge van Set, het egter die pad van geregtigheid geloop. Hy was ’n regverdige, opregte man onder sy tydgenote. Hy het met God gewandel. God het aan Noag opdrag gegee om ’n ark te bou, want Hy sou ’n sondvloed oor die mensdom bring. As met sonde volhard word, dan straf die Here die mense.

Die ark is deur Noag van goferhout gebou, ongeveer 145m lank, 24m breed en 15m hoog. Noag het 120 jaar aan die ark gebou, en intussen die mense gewaarsku oor die komende oordeel. Petrus noem Noag: *’n prediker van geregtigheid* (2 Pet. 2:5). Die ark het drie verdiepings gehad. Net Noag en sy vrou, sy drie seuns en hulle drie vroue is in die ark opgeneem. God het Noag beveel om van alle rein diere en voëls, 7 paar van elke soort in die ark te neem, maar van die onrein diere en voëls net een paar van elk. Genoegsame voedsel vir mens en dier moes ingeneem word. Toe die tyd vir die oordeel aanbreek, het God self die deur van die ark toegesluit.

Die vloed het gekom, en almal en alles wat buitekant die ark was, het vergaan. Die ark is vir ons ’n beeld van Christus. Hy is, deur die geloof, ons Ark van redding.

**VRAE**

1. Waarom het God Kain se offer nie aangeneem nie?
2. Vergelyk die afstammelinge van Kain met die van Set.
3. Wie het die ark gebou en waarom is dit gebou?
4. Wie en wat is in die ark opgeneem?
5. Van wie is die ark ’n beeld?

## BYBELLES 4: NOAG EN SY SEUNS. DIE TORING VAN BABEL.

Lees gedurende die week: Gen. 8, 9, 11.

Die ark rus op die gebergte Ararat. Noag gaan uit die ark. God het ’n wind laat waai om die waters te laat opdroog. Langsamerhand sak die waters weg. Op die sewentiende dag van die sewende maand het die ark op die gebergte Ararat gerus.

Die toppe van die berge het begin sigbaar word. ’n Kraai is deur Noag losgelaat, maar het nie teruggekeer nie. Die duif wat deur hom losgelaat is, het teruggekeer na die ark.

’n Week later het die losgelate duif teruggekeer met ’n olyfblaar in sy bek. Later het die duif nie teruggekeer nie. Na ongeveer een jaar kon Noag, sy huisgenote, en al die diere wat in die ark, was uitgaan.

Noag se eerste daad was om ’n altaar vir die Here te bou. Van al die rein diere en die rein voëls is geneem om as brandoffers op die altaar gelê te word. Dit was ’n daad van aanbidding en danksegging.

## DIE VERBOND VAN GOD MET NOAG.

Die Here het ’n verbond met Noag en sy seuns gemaak. Die verbond het ook die diere ingesluit. Die Here het gesê dat Hy nooit weer deur ’n vloed die aarde sal laat vergaan nie. Voortaan sou dus die seisoene op mekaar volg: saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag. Die teken van die verbond was die reënboog wat God van tyd tot tyd in die hoogte sou laat verskyn.

Hierdie verbond sou aan die mens sekerheid gee dat sy werk nie weer skielik deur ’n oormaat van reën en storms totaal verwoes sou word nie. Daar sal egter weer ’n oordeelsdag kom. Hierdie keer sal dit met vuur wees.

## DIE SEUNS VAN NOAG.

Hulle was Sem, Gam en Jafet. Noag het as landbouer ’n wingerd geplant. Hy het wyn gedrink en besope in sy tent gelê in ’n naakte toestand. Gam het aan sy broers daarvan vertel. Sem en Jafet het op eerbiedige wyse en sonder om na die naakte liggaam van hul vader te kyk (soos Gam gedoen het), hul vader met ’n kleed bedek. Toe Noag wakker word, het hy ’n seën uitgespreek oor Sem en Jafet, maar ’n vloek oor Kanaän, die seun van Gam. Nooit mag ’n kind oneerbiedig optree teenoor sy ouers nie.

## DIE TORING VAN BABEL.

Die mensdom het weer vinnig begin vermeerder op aarde. In Gen. 10 lees ons van die afstammelinge van die seuns van Noag. Die drie seuns is die stamvaders van die verskillende groepe mense. Almal het dieselfde taal gepraat. Die mense wou bymekaar bly en nie van mekaar af weggaan nie.

Toe besluit hulle om ’n groot stad te bou met ’n hoë toring sodat hulle nie oor die aarde verstrooid sou raak nie. Die beoogde stad en die toring is egter nie voltooi nie, want God het hul spraak verwar sodat hulle mekaar nie kon verstaan nie. Die spraakverwarring het natuurlik meegebring dat die mensdom uitmekaar gegaan het. Voortaan was daar verskillende nasies met verskillende tale.

### ABRAM.

Abram (later is sy naam verander na Abraham), van wie ons later meer sal hoor, is gebore uit die geslag van Sem. Hy was dus 'n Semiet. Daardie geslag sou baie vir die godsdiens beteken. Abraham se vrou was Sarai (later is sy Sara genoem). Lot was Abram se neef.

**VRAE**

1. Waar het die ark tot rus gekom?
2. Wat het Noag gedoen nadat hy die ark verlaat het?
3. Wat was die verbond van God met Noag?
4. Wat was die teken van die verbond?
5. Wie was die seuns van Noag?
6. Oor watter van Noag se seuns is 'n seën uitgespreek, en waarom?
7. Wat het aanleiding gegee tot die plan om die toring van Babel te bou?
8. Wat het gevolg op die spraakverwarring?
9. Vertel iets van Abram.

## BYBELLES 5: DIE ROEPING VAN DIE STAMVADER, ABRAM

Lees gedurende die week: Gen. 12 - 14. Die Here het Abram geroep om na Kanaän te trek.

### ABRAM KOM AAN IN KANAÄN. HY BELAND TYDELIK IN EGIPTE.

Tera was die vader van Abram, Nahor en Haran. Haran is dood in Ur van die Chaldeërs, waar Tera en sy familie eers gebly het. Tera het sy seun Abram, dié se vrou Sarai, en sy broerskind Lot, geneem en met hulle getrek om na die land Kanaän te gaan. Hulle het egter nie verder as Haran gekom nie, en daar gaan woon. Tera het in Haran gesterf.

Toe sê die Here vir Abram: *Trek verder na die land wat Ek jou sal wys, en Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en tot* 'n *seën maak.* Abram was gehoorsaam. Abram, sy vrou Sarai, sy neef Lot, al sy bediendes en vee het toe van Haran weggetrek. By sy vertrek was Abram 75 jaar oud. Nahor, Abram se broer het in Haran gebly, in die landstreek Mesopotamië. Eindelik het Abram-hulle aangekom in die land Kanaän, by Sigem. Die Here het daar aan Abram verskyn en gesê: *Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee.*

Abram het na verskillende plekke in Kanaän getrek, maar toe daar hongersnood kom, het hy na Egipte afgetrek. Na 'n kort tydjie is Abram terug na Kanaän deur Gods beskikking.

### ABRAM EN LOT SKEI VAN MEKAAR.

Toe die veewagters van Abram en Lot onder mekaar stry kry oor weiveld, het die vredeliewende Abram gesê hulle moet maar liewer van mekaar skei. Lot kon eerste kies waar hy wil gaan woon. Lot was selfsugtig en het die Jordaanstreek gekies waar water en weiveld volop was, maar in daardie landstreek het die goddelose stede soos Sodom en Gomorra gelê.

### ABRAM VERLOS LOT. MELGISEDEK.

In die landstreek waar Lot gaan woon het, was daar vyf konings: die konings van Sodom, Gomorra, Adama, Seboïm en Bela. Daardie konings het verkeer onder die heerskappy van 'n Oosterse koning, Kedarlaomer, maar hulle wou sy juk van hulle afskud. Kedarlaomer, met die hulp van drie konings wat in sy omtrek gewoon het, het die vyf konings kom aanval. Die vyf konings is verslaan en baie goed is van hulle gebuit. Hulle het ook Lot en al sy goed geneem, want Lot was in Sodom woonagtig.

Toe Abram hiervan hoor, het hy die vier Oosterse konings agternagesit met 318 man en hulle in die nag aangeval en verslaan. Abraham het al die goed wat deur die Oosterse konings buit gemaak is, teruggebring; ook Lot wat as gevangene weggevoer is, is teruggebring. Dis by hierdie geleentheid dat Abram in aanraking gekom het met Melgisedek, die koning van Salem, wat ook 'n priester van God was, en wat 'n mooi seën oor Abram uitgespreek het.

**VRAE**

1. Watter seën het God aan Abram toegesê na sy aankoms in Kanaän?
2. Waarom het Abram en Lot van mekaar geskei?
3. Watter stede het gelê in die streek wat Lot gekies het?
4. Wie was Kedarlaomer, en teen wie het hy kom veg?
5. Watter aandeel het Abram in die stryd teen Kedarlaomer en sy bondgenote gehad?
6. Wie was Melgisedek?

## BYBELLES 6: ABRAHAM EN LOT

Lees gedurende die week: Gen. 15-18; 19:1-23; 20; 21.

## GOD SE VERBOND MET ABRAM.

Weer het die Here aan Abram verskyn en hom verseker dat sy nageslag so baie sal wees soos die sterre aan die hemel. Hoewel Abram sonder kind was, en dit onmoontlik gelyk het, het Abram tog vas geglo dat God sy belofte sal vervul. Abram was 'n man van geloof, en tereg word hy genoem: *Die Vader van die gelowiges*. Gal 3:16 sê: *God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee.* Daar staan nie: *aan nakomelinge*, meer as een nie, maar: *en aan jou nakomeling, net een, en hierdie nakomeling is Christus.*

God se verbond met Abram het ook hierdie belofte ingesluit dat God aan sy nageslag die land Kanaän sou gee, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier.

## GOD VERANDER DIE NAAM VAN ABRAM EN STEL DIE BESNYDENIS IN.

Weereens het God aan Abram verskyn en herhaal dat Abram die vader van baie nasies sou wees, en dat al die nasies in hom geseën sou word.

Die Here het in hierdie tyd die naam van Abram verander, sodat hy voortaan Abraham genoem moes word. Abraham beteken: *Vader van menigte*. Dit was 'n bevestiging van Gods belofte dat Abraham, hoewel hoog bejaard, 'n eie kind en 'n groot nageslag sou hê. Sarai, Abraham se vrou, se naam is ook verander deur die Here. Voortaan moes sy Sara genoem word, wat beteken: *vorstin*. Die verbond van God met Abraham het hom en sy nageslag ná hom tot in ewigheid ingesluit. Die uiterlike teken van die verbond was dat alle manlike persone voortaan besny moes word. In die toekoms moes 'n seuntjie op agt dae oud besny word. Abraham, wat toe 99 jaar oud was, en sy seun Ismael (die kind van Hagar), wat 13 jaar oud was, is op dieselfde dag besny.

## ABRAHAM TREE OP AS VOORBIDDER VIR SODOM, WAAR LOT GEBLY HET.

Die Here het aan Abraham bekendgemaak dat Hy Sodom en Gomorra gaan verwoes weens hul sondes. God het in antwoord op die gebede van Abraham beloof om die stede te spaar as daar 50 regverdiges in hulle was. Die getal is toe telkens verminder tot 45, 40, 30, 20 en 10. Daar was egter nie eens 10 regverdiges nie.

Toe staak Abraham sy voorbidding. God het twee engele gestuur om vir Lot, sy vrou en twee dogters uit te lei voor die verwoesting van die stede. Nie een van die vlugtendes moes omkyk nie. Lot se vrou het egter omgekyk en meteens in 'n soutpilaar verander. 'n Christen mag nie na die wêreld en sy sonde terugverlang nie.

### DIE GEBOORTE VAN ISAK.

Eindelik is die kind wat God aan Abraham en Sara beloof het, gebore. Abraham was toe 100 jaar oud. Die seun is Isak genoem. Toe hy agt dae oud was, is hy as verbondskind besny. Vir sowat 25 jaar moes Abraham en Sara wag op die beloofde kind. Uitstel by God is egter nooit afstel nie.

**VRAE**

1. Wat was die verbond wat God met Abraham gemaak het?
2. Wie is in die verbond ingesluit?
3. In watter verband staan die verandering van Abram se naam na Abraham tot die beloftes van God aan Abraham?
4. Wat was die uiterlike teken van die verbond?
5. Hoe is Lot en sy gesin gered uit Sodom?
6. Wie van die vlugtendes het omgekyk, en wat was die gevolg?
7. Hoe lank moes Abraham en Sara wag op die geboorte van die beloofde kind?

## BYBELLES 7: ISAK, ESAU EN JAKOB

Lees gedurende die week: Gen. 22; 24; 25:27-34.

### GOD BEVEEL ABRAHAM OM SY ENIGSTE SEUN ISAK OP DIE BERG MORIA TE GAAN OFFER.

In Genesis 22 word hierdie merkwaardige verhaal vertel.

God het aan Abraham gesê: *Neem jou seun, jou enigste, en gaan offer hom op Moria*. Dit was 'n baie swaar bevel. Vir 25 jaar het Abraham en Sara op hierdie kind van belofte gewag! Maar sonder om teë te praat het Abraham gegaan, saam met Isak, na die land Moria met die bedoeling om Isak te offer.

Die reis na Moria het drie dae geduur. Op die berg Moria het Abraham 'n altaar gebou, Isak vasgebind en hom bo-op die altaar op die brandhout gesit. Net toe Abraham Isak wou doodmaak, het die Engel van die Here uitgeroep: *Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie.*

Abraham was bereid om God te gehoorsaam, al kos dit wat. Algehele gehoorsaamheid aan God bring ryke seëninge vir die gehoorsame, soos die Here verklaar het in Gen. 22:16-17.

### ABRAHAM LAAT ’N BRUID VIR ISAK HAAL.

Isak het groot geword, en Abraham het uitgesien na ’n bruid vir sy seun. Hy kon nie daaraan dink dat Isak moes trou met ’n heidense Kanaänitiese meisie nie. Daarom het hy sy kneg (Eliaser) gestuur na sy familie wat in Mesopotamië agtergebly het, na die stad van sy broer Nahor.

Rebekka was gewillig om as bruid vir Isak te kom. Betuel, die vader van Rebekka, was ’n seun van Abraham se broer Nahor. Laban was Rebekka se broer. Die kneg van Abraham het gebid dat die Here hom moes lei na die regte persoon wat as bruid vir Isak kon saamkom. Die Here het die kneg van Abraham duidelik gelei. Hierdie mooi verhaal word vertel in Gen. 24.

### ISAK EN REBEKKA SE SEUNS: ESAU EN JAKOB.

Op 40-jarige leeftyd het Isak met Rebekka getrou. Hy was 60 jaar oud toe die Here aan hom en sy vrou tweelingseuns gegee het, nl. Esau en Jakob. Die kinders het baie van mekaar verskil. Esau was ’n bedrywige man van die veld, ’n ervare jagter. Jakob daarenteen was ’n stil en vredeliewende man wat lief was om tuis te bly en aandag aan sy boerdery te gee.

Omdat Isak baie lief vir wildsvleis was, het hy baie van Esau gehou; maar Rebekka het Jakob liefgehad.

Dat Jakob ’n man was wat slim planne kon maak, selfs tot nadeel van ’n familielid, word bewys deur die feit dat hy Esau se eersgeboortereg gekoop het vir ’n kooksel lensiesop. Dit het gebeur toe Esau moeg en honger van die veld gekom het.

**VRAE:**

1. Op watter wyse het die Here die geloof en gehoorsaamheid van Abraham die proef gestel?
2. Waarvandaan het die bruid van Isak gekom?
3. Vergelyk Esau en Jakob ten opsigte van a) hul geaardheid, b) hul beroep.

## BYBELLES 8: JAKOB BEDRIEG EN VLUG.

Lees gedurende die week: Gen. 27-29.

## JAKOB WORD GESEËN IN DIE PLEK VAN ESAU.

Isak het oud geword en sy oë was swak. Hy het Esau veld toe gestuur om wild te gaan jag vir sy ou vader. Nadat hy daarvan geëet het, sou hy sy vaderlike seën oor Esau uitspreek.

(Hoewel Esau en Jakob 'n tweeling was, is Esau kort voor Jakob gebore, en was dus geregtig op die eersgeboortereg, wat 'n tydelike en ook 'n geestelike seën bevat het.)

Rebekka het geluister na wat Isak vir Esau gesê het, en sy wou hê dat Isak sy seën oor Jakob, haar lieflingskind, moet uitspreek. Bedrog is gepleeg. Rebekka het haastig wildsvleis gaargemaak, en Jakob het na Isak gegaan en gemaak asof hy Esau is. Isak het geëet en daarna sy seën oor Jakob uitgespreek.

Toe Esau later by Isak inkom, het Isak besef dat hy Jakob in die plek van Esau geseën het. Isak besluit dat die seën wat hy oor Jakob uitgespreek het, moet bly staan. God het toegelaat dat Jakob in die plek van Esau deur Isak geseën word. Esau was oppervlakkig in godsdienstige sake. Hy het boonop vroeër sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop vir 'n kooksel lensies! Buitendien het hy met heidense meisies getrou tot verdriet van sy ouers.

## JAKOB VLUG. SY DROOM EN GESIG BY BET-EL.

Esau was kwaad en wou Jakob doodmaak. Op aandrang van Rebekka het Jakob gevlug na Paddan-Aram waar haar broer Laban gebly het. Moeg van die reis het Jakob, toe die donkerte hom oorval, gaan lê met niks beter as 'n klip vir 'n kussing nie! Hy het gedroom. Hy sien 'n leer in sy droom, wat tot by die hemel reik, terwyl die engele van God daarlangs opklim en neerdaal. Bo-aan het hy God sien staan wat tot hom spreek en sê dat Hy hom sal seën, dat sy nageslag talryk sal wees, en dat uit sy geslag al die geslagte van die aarde geseën sal word. Jakob het die plek Bet-el genoem, wat huis van God beteken

Eindelik het Jakob aangekom in die landstreek waar Laban gewoon het. Jakob het 20 jaar lank in Laban se diens gestaan. Daar is hy getroud met Laban se twee dogters, Lea en Ragel. In daardie dae het mense soms meer as een vrou geneem. In die begin was dit egter nie so nie. Dink aan Adam en Eva. In die Nuwe Testament word duidelik gemaak dat dit Gods wil is dat 'n man net met een vrou mag trou. Uit Lea is die volgende stamvaders gebore: Ruben, Simeon, Levi en Juda.

**VRAE**

1. Hoe het dit gebeur dat Jakob deur Isak geseën is en nie Esau die oudste seun nie?
2. Watter besondere droom het Jakob gedroom op weg na Haran?

3. Watter belofte het God die nag aan Jakob gedoen?
4. Met wie is Jakob getroud, en wie was die eerste vier stamvaders van die volk van Israel?

## BYBELLES 9: JAKOB KOM TERUG EN WORD VERSOEN MET ESAU

Lees gedurende die week: Gen. 32; 33; 35.

### JAKOB VLUG VAN LABAN. LABAN SIT HOM AGTERNA. DIE MISPA-GEDENKSTEEN WORD OPGERIG.

Jakob was 20 jaar lank in Laban se diens. Later was Laban nie meer so vriendelik teenoor Jakob nie. Terwyl Laban afwesig was om sy kleinvee te skeer, het Jakob een dag met sy vrouens en kinders en al sy vee stilletjies weggevlug op weg na Kanaän. Laban en sy broers het Jakob agternagesit.

God het Laban in ’n droom gewaarsku om geen kwaad aan Jakob te doen nie. Na ’n woordewisseling is ’n verbond van vrede tussen Laban en Jakob gesluit te Mispa, waar ’n gedenksteen opgerig is.

### JAKOB VREES VIR DIE AANKOMENDE ESAU EN VERDEEL SY TREK IN TWEE LAERS. HY STUUR ’N GESKENK VAN VEE AAN ESAU VOORUIT, EN WORSTEL MET DIE ENGEL IN GEBED.

Jakob was baie bevrees toe hy hoor dat Esau hom tegemoet kom met 400 man. Hy het bevel gegee dat sy trek in twee laers moet verdeel word as ’n veiligheidsmaatreël. Ingeval die Esau en sy manskappe een deel aanval, kon die ander deel vlug. Nood leer bid, en in sy nood het Jakob biddende tot God opgesien en gesmeek: *Red my tog uit die hand van Esau*.

Jakob het ook ’n aansienlike aantal vee vooruit laat aanjaag as geskenk vir Esau. Hy het sy hele trek deur die drif van die Jabbok laat gaan. Hy alleen het agtergebly om tot God te bid in sy nood. Jakob se gebed is verhoor. Sy naam is daardie nag verander tot Israel wat *prins van God* beteken. Na daardie gebedsworsteling het Jakob mank geloop. Dit was vir hom ’n herinnering dat hy voortaan net op die Here moet vertrou.

### JAKOB MET ESAU VERSOEN.

Soos die Here Laban se hart versag het, het Hy Esau se hart versag. Esau het Jakob tegemoet geloop, hom omhels, om sy hals geval, en hom gesoen. Saam het die twee broers wat mekaar 20 jaar laas gesien het, gehuil. Esau was ryk en wou

eers nie die geskenk aanneem wat Jakob aan hom gestuur het nie, maar Jakob het aangehou dat hy dit tog maar moes neem.

Esau reis toe na Seïr in die landstreek Edom, die tuiste van Esau, terwyl Jakob en sy trek stadig voortgereis het na Kanaän.

### JAKOB EINDELIK TERUG IN KANAÄN.

Eindelik het Jakob en sy trek behoue aangekom by die stad Sigem in die land Kanaän. Daar het hy 'n altaar opgerig en dit genoem: *Die God van Israel is God*.

Op God se bevel trek Jakob toe na Bet-el, dieselfde plek waar hy vroeër die wonderlike droomgesig gehad het. Jakob het bevel gegee dat alle afgodsbeelde onder sy mense verwyder moes word en hy het die goed gaan begrawe. By die geboorte van Jakob se seun Benjamin is sy geliefde vrou, Ragel, oorlede. Jakob se vader, Isak, het op 180-jarige leeftyd gesterf.

**VRAE**

1. Hoe lank was Jakob in diens van Laban?
2. Tussen wie is die verbond van Mispa gesluit?
3. Watter veiligheidsmaatreël het Jakob getref toe hy hoor dat Esau hom met 400 man tegemoet kom?
4. Wat het by die drif van die Jabbok plaasgevind?
5. Vertel van die ontmoeting tussen Esau en Jakob.
6. Waaraan het Jakob gedink toe hy later in Bet-el aangekom het?

## BYBELLES 10: JOSEF WORD VERKOOP

Lees gedurende die week: Gen. 37; 39; 40; 41.

### JOSEF WORD DEUR SY BROERS VERKOOP, EN BELAND IN DIE HUIS VAN POTIFAR IN EGIPTE.

Jakob was baie geheg aan Josef, sy tweede jongste kind en het vir hom 'n rok met lang moue gemaak. Josef se ouer broers het hom gehaat toe hulle Jakob se besondere liefde vir Josef opmerk, en veral ook toe hulle van Josef se drome hoor. Josef het gedroom dat al sy broers en hy gerwe bind, en dat hulle gerwe voor syne (Josef s'n) neergebuig het. Josef se ander droom was dat die son en die maan en elf sterre voor hom neergebuig het.

Josef is deur Jakob gestuur om te gaan kyk hoe dit met sy broers gaan waar hulle die vee opgepas het. Toe hulle hom sien aankom, het hulle besluit om hom dood te maak. Ruben het gekeer toe hulle hom wou doodmaak. In plaas daarvan

het hulle hom aan Midianitiese koopmans verkoop wat op reis na Egipte was. In Egipte het Josef beland in die huis van Potifar, ’n hofdienaar van Farao, wat Josef as slaaf gekoop het. In Potifar se huis is Josef versoek deur Potifar se vrou, maar Josef het die verleidster dapper teengestaan.

### JOSEF IN DIE GEVANGENIS

Josef is in die gevangenis gesit weens ’n vals beskuldiging van die vrou van Potifar. Hy is opgesluit in die gevangenis waar die gevangenes van die koning (Farao) aangehou is. In die gevangenis het Josef die drome van twee mede-gevangenes uitgelê, nl. dié van die skinker en van die bakker van Farao. Toe die skinker sy droom aan Josef vertel het, sê Josef aan hom dat hy oor drie dae in sy amp herstel sou word deur Farao. Toe die bakker sy droom aan Josef vertel, het hy gesê dat hy binne drie dae deur Farao opgehang sou word. Soos Josef voorspel het, het dit gebeur. Die skinker is in sy amp herstel, maar die bakker is opgehang.

### JOSEF VERKLAAR DIE DROME VAN FARAO

Toe Farao twee besondere drome gehad het en niemand die uitleg daarvan aan hom kon gee nie, het die vrygestelde skinker aan Josef gedink. Hy het Farao vertel hoe Josef sy droom en die van die bakker uitgelê het. Toe laat Farao Josef roep. Farao het gedroom van sewe maer koeie wat sewe vet koeie opgeëet het en nog maer gebly het. Ook van sewe vet en mooi are aan een steel, en van sewe maer are wat die mooi are verslind het. Josef het die drome uitgelê. Hy het gesê die vet koeie en die vet are beteken sewe volop jare, maar daarna sal daar sewe baie skaars jare wees. Daarom moet Farao iemand benoem om gedurende die volop jare te sorg dat voedsel bymekaar gemaak word vir die skaars jare wat sal kom. Farao het Josef aangestel vir hierdie werk.

**VRAE**

1. Hoe het Josef in Egipteland beland?
2. Wie het Josef gekoop, en waarom is hy gevangenis toe gestuur?
3. Waarom is Josef uit die gevangenis deur Farao ontbied?
4. Watter uitleg het Josef gegee van Farao se drome?

## BYBELLES 11: JOSEF SE BROERS REIS NA EGIPTE

Lees gedurende die week: Gen. 42-45.

## JOSEF SE BROERS SE EERSTE REIS NA EGIPTE – SONDER BENJAMIN.

Orals was daar hongersnood, ook in die land Kanaän. Josef se broers is op Jakob se bevel na Kanaän om koring te gaan koop – sonder Benjamin. Josef het sy broers herken, maar hulle het hom nie herken nie. Josef se uitdruklike bevel was dat hulle hul jongste broer volgende keer moet saambring. Intussen moes Simeon in die gevangenis in Egipte agterbly as borg dat hulle die waarheid gepraat het toe hulle gesê het dat hul jongste broer tuis by hul vader is.

## JOSEF SE BROERS SE TWEEDE REIS NA EGIPTE – MET BENJAMIN.

Die broers wou glad nie gaan sonder Benjamin nie. Jakob wou eers nie sy toestemming gee nie. *Josef is weg! Simeon is weg! En nou wil hulle Benjamin wegneem*, het hy gesê. Juda het plegtig verklaar dat hy vir die veilige terugkeer van Benjamin borg sal wees. Teësinnig het die Jakob sy toestemming gegee.

Josef was baie bly toe hy Benjamin, sy broer, sien. Hy het bevel gegee dat sy broers by hom die middagmaal moes eet. Simeon is losgelaat en kon weer by sy broers aansluit. Josef se broers is daarna weg op hul terugreis na Kanaän, maar hulle is agternagesit en gou teruggebring omdat Josef se silwerbeker in Benjamin se sak gevind is deur diegene wat die broers agternagesit het. Met opset is die beker in Benjamin se sak geplaas. Josef wou sy broers se liefde vir Benjamin toets. Die broers was verslae. Hoe kan hulle na hul vader teruggaan sonder Benjamin? Juda wat borg gestaan het vir Benjamin by sy vader, het hartroerend gepleit by Josef.

## JOSEF MAAK HOM AAN SY BROERS BEKEND.

Josef was oortuig dat daar ’n groot verandering by sy broers plaasgevind het. Op dramatiese wyse en onder ’n vloed van trane het Josef hom aan sy broers bekendgemaak. Hy het vertroostend gespreek met sy verslae broers. Hy het gesê hulle moet aftrek na Egipte om naby hom te wees. Hy sou vir hulle die grasryke land Gosen in Egipteland gee.

Die broers moes vir Jakob gaan vertel van sy heerlikheid in Egipte, en Josef het waens uit Egipte gestuur om sy vader en broers en hul huisgesinne te laat haal.

**VRAE**

1. Wat het gebeur toe Josef se broers die eerste maal in Egipteland aangekom het?
2. Waarom is Simeon in Egipteland aangehou?
3. Waarom is Josef se silwerbeker in Benjamin se sak gesit?
4. Watter van die broers het so treffend by Josef gepleit vir Benjamin?

5. Wat was Josef se begeerte ten opsigte van sy broers en vader nadat hy hom aan hulle bekendgemaak het?

## BYBELLES 12: JAKOB SEËN SY SEUNS. SY DOOD EN BEGRAFNIS.

Lees gedurende die week: Gen. 48-50.

### JAKOB SEËN SY SEUNS.

Die trek van Jakob en sy seuns en hul huisgesinne na Egipte was voorspoedig. Jakob het sewentien jaar gelewe in Egipte. Hy het die twee seuns van Josef, nl. Efraim en Manasse, as sy eie kinders aangeneem en ’n seën oor albei uitgespreek. Hoewel Efraim jonger was as Manasse, sou hy en sy nageslag groter wees as die van Manasse, het Jakob gesê. Jakob het gevoel sy einde nader.

Hy het al sy 12 seuns laat roep om ook ’n seën oor hulle uit te spreek. Op die ry af van die oudste (Ruben) tot die jongste Benjamin het Jakob voorspel wat die lotgevalle van sy seuns sou wees. ’n Besonder mooi seën het hy uitgespreek oor Juda. Hy het sy krag vergelyk met die van ’n leeu wat vir niks skrik nie.

Uit die stam van Juda sou voortreflike konings voortkom, en eindelik die Messias, Jesus Christus, die Leeu uit die stam van Juda. Jakob het Josef vergelyk by ’n jong vrugteboom wat welig groei by ’n fontein. Jakob se voorspellings is profeties gedoen onder leiding van die Heilige Gees. Wat hy voorspel het, het waar geword.

### SY DOOD EN BEGRAFNIS.

Nadat Jakob klaar was met die profetiese seën wat oor sy kinders uitgespreek is, het hy in die ouderdom van 147 jaar gesterf. Jakob het bevel gegee dat hy in die spelonk van Magpela in Kanaän begrawe moes word, waar sy grootouers Abraham en Sara, en sy ouers, Isak en Rebekka, begrawe is.

Josef stel sy broers gerus. Na die begrafnis en toe almal weer terug was in Egipteland, het Josef se broers bekommerd geword. Hulle was bevrees dat Josef, nou dat Jakob dood is, hulle as vyande sou behandel weens die kwaad wat hulle aan hom gedoen het. Josef het hulle egter gerusgestel en gesê ‘Ek sal julle en jul kinders onderhou’. Josef het voorspel dat die nageslag van die Israeliete Egipteland sou verlaat en teruggaan na Kanaän.

**VRAE**

1. Wie was Josef se seuns?
2. Wat het Jakob voorspel omtrent die geslag van Juda?
3. Watter mooi voorstelling het Jakob van Josef gegee?
4. Waar is Jakob begrawe?
5. Wat het Josef voorspel aangaande die toekoms van die Israeliete?

## BYBELLES 13: DIE GEBOORTE VAN MOSES EN SY OPVOEDING

Lees gedurende die week: Ex. 1 en 2.

### ISRAEL SE SLAWERNY IN EGIPTE.

Die getal van die Israeliete was ongeveer 70 toe hulle in Egipteland aangekom het. Hulle het egter vermeerder oor die jare. Dit het die Egiptiese konings bevrees gemaak. ’n Nuwe geslag van konings het in Egipte opgestaan wat nie vir Josef geken het nie. Egiptiese konings is Farao’s genoem. Farao het probeer om die volk deur middel van uitputtende slawe-arbeid te verminder. Maar hoe meer hulle verdruk is, hoe meer het hulle geword. Farao het toe bevel gegee dat alle seuntjies wat gebore word in die groot Egiptiese rivier, die Nyl, gewerp moet word. Die verpleegsters wou dit egter nie doen nie, en het stilletjies die seuntjies in die lewe behou.

### DIE GEBOORTE VAN MOSES EN SY OPVOEDING.

In daardie tyd van Israel se slawerny is ’n seuntjie gebore, wat later die naam Moses gekry het. Sy vader en moeder (Amram en Jogebed) was beide uit die stam van Levi. Dis aan die stam wat die Here later die godsdienstige werk in Israel opgedra het.

Amram en Jogebed het hul kindjie gedurende drie maande weggesteek, maar toe hulle dit nie langer met sukses kon doen nie, het hulle die kindjie in ’n mandjie wat met lymgrond en pik bestryk was (om die water uit te hou), in die riete aan die kant van die Nyl gesit. Farao se dogter het met ’n aantal diensmeisies gaan baai in die Nyl, en daar vind hulle die mandjie met die kindjie daarin. Die kindjie se suster (Miriam) het wag gestaan. Sy vra toe vir Farao se dogter, wat jammer was, het vir die kindjie, of sy nie ’n oppaster kan gaan roep nie. Ja, was die antwoord. Miriam roep toe die moeder van die kindjie. Die moeder is toe beveel om die kindjie vir Farao se dogter groot te maak. Toe die kindjie groterig was, het Jogebed hom na Farao se dogter gebring, wat hom as haar kind aangeneem

het. Sy het hom Moses genoem, wat beteken: *uit die water geneem*. Moses is 'n Egiptiese naam. Die Egiptenare was geleerde mense, en so het God dit beskik dat Moses 'n goeie geleerdheid gekry het. Hy is die man wat later die eerste 5 boeke van die Bybel geskryf het. Moses kon egter nie sy volk vergeet nie, en daarom het hy een dag 'n Egiptenaar doodgeslaan wat 'n Israeliet mishandel het. Toe het Moses gevlug na Midian.

**VRAE**

1. Wat het Farao met die harde slawe-arbeid van die Israeliete beoog?
2. Wat het Farao beveel omtrent die seuntjies wat gebore is vir die Israeliete?
3. Wie het 'n sekere seuntjie Moses genoem en waarom?
4. Waar is Moses opgevoed, en waarom het hy gevlug na Midian?

## BYBELLES 14: MOSES SE ROEPING. HY EN AÄRON VERSKYN VOOR FARAO

Lees gedurende die week: Ex 3; 4:1-17; 5; 7:1-13

### BY 'N BRANDENDE BRAAMBOS VERSKYN DIE HERE AAN MOSES EN BEVEEL HOM OM NA FARAO TE GAAN IN EGIPTE.

In Midian het Moses die werk van vee-oppasser vir sy skoonvader gedoen. Die Engel van die Here het aan hom verskyn in 'n brandende doringbos, wat egter nie uitgebrand het nie. Toe hy nader stap om die vreemde verskynsel te bekyk, het die Here na hom uit die doringbos geroep. Die plek waarop hy gestaan het, is geheilig deur God se teenwoordigheid. Daarom moes hy nie nader kom nie, en sy skoene uittrek.

Die Here het die verdrukking van sy volk in Egipte gesien. Moses is beveel om Gods volk uit Egipteland te gaan uitlei. Moses het eers teruggedeins vir die groot taak, maar God het gesê: *Ek sal met jou wees*. God het Homself hier aan Moses bekendgemaak onder die Naam: *EK IS WAT EK IS*. Dit is die Verbondsnaam van God en dui sy onveranderlikheid aan.

Moses en die oudstes van Israel moes na Farao gaan en aan hom sê dat God aan hom verskyn het, en vir die volk verlof vra om drie dagreise die woestyn in te trek en aan die Here te offer. Farao sou egter weier maar God sou hom met plae besoek en daarna sou hy die Israeliete laat trek.

Die Here antwoord op Moses se besware deur sy wondermag te openbaar.

*Gestel dat my volk my nie glo nie, wat dan*? het Moses gesê. Moses moes wonderwerke deur God se krag voor die volk gaan doen. Toe Moses op God se bevel sy staf op die grond gooi het dit in 'n slang verander, maar toe Moses die slang by die stert gryp het dit weer in 'n staf verander. Verder toe Moses sy hand in sy boesem steek op Gods bevel, het sy hand melaats geword, maar toe hy dit weer in sy boesem steek, het die hand dadelik gesond geword. Indien nodig, kon Moses water uit die Nyl skep en dit sou dadelik bloed word. Hierdie wonderwerke sou die volk oortuig dat die Here Moses wel gestuur het. Toe Moses verder sê dat hy 'n swak spreker is, het God gesê dat Hy met sy mond sou wees. Buitendien sy broer Aäron wat hom sou bystaan, was 'n goeie spreker.

### MOSES EN AÄRON VERSKYN VOOR FARAO.

Moses en Aäron is toe na Egipte. Aan Farao het hulle gesê: *Die Here, God van Israel sê Laat my volk trek dat hulle vir my* 'n *fees kan hou in die woestyn.* Farao het beslis geweier. Hy gee toe opdrag aan sy opsigters om voortaan nie meer strooi aan die Israelitiese slawe te gee vir die maak van bakstene nie. Voortaan moes hulle self strooi gaan bymekaar maak. En tog moes van die Israeliete geëis word om dieselfde getal stene te lewer soos voorheen. So nie, moes hulle geslaan word.

**VRAE**

1. Vertel hoe God aan Moses verskyn het in Midian.
2. Wat het God aan Moses gesê toe hy nader aan die brandende braambos gekom het en watter bevel is daar aan Moses gegee?
3. Watter wonderwerke moes Moses voor die volk doen as getwyfel word aan sy sending na hulle?
4. Wie sou saam met Moses na Egipteland gaan, en waarom?
5. Wat het Moses en Aäron aan Farao gesê toe hulle voor hom verskyn het?
6. Watter bevel het Farao aan sy opsigters gegee n.a.v. die besoek van Moses en Aäron aan hom?

## BYBELLES 15: DIE PLAE VAN GOD OOR FARAO EN SY VOLK

Lees gedurende die week: Ex. 7:14-25; Ex. 8-11.

### DIE TIEN PLAE WAT OOR DIE EGIPTENAARS GEKOM HET

Farao het geweier om die volk van Israel te laat trek. Tien plae sou dus oor die Egiptenare kom:

EERSTE PLAAG: Water in bloed verander. Met sy staf in sy hand het Moses Farao teengekom by die Nyl. Toe Moses op die water van die Nyl slaan, het die water in bloed verander. Die Egiptiese towenaars kon dit met hul towerkunste namaak.

TWEEDE PLAAG: Paddas orals in Egipteland. Toe Aäron sy hand, met sy staf daarin, uitsteek oor die Nyl, het paddas daaruit voortgekom en Egipteland oordek tot in die slaapkamers en op die beddens. Deur hul towerkunste kon die Egiptiese towenaars die padda-plaag ook op ’n manier namaak.

DERDE PLAAG: Muskiete. Toe Aäron die stof met sy staf slaan, het muskiete op die mense en op die vee gekom. Toe die Egiptiese towenaars nie hierdie plaag kon namaak nie, het hulle vir Farao gesê: *Dit is die vinger van God* !

VIERDE PLAAG. Steekvlieë. Die steekvlieë het die Egiptenare gekasty. Toe maak Farao ’n toegewing. Hy het gesê die Israeliete kon ’n ent in die woestyn in trek, maar hulle moes net nie te ver wegtrek nie!

VYFDE PLAAG: Pes onder die vee. Hierdie plaag het perde, esels, kamele, beeste en kleinvee van die Egiptenaars doodgemaak. Die vee van die Israeliete het egter niks oorgekom nie.

SESDE PLAAG: Swere. Die sesde plaag was bose swere aan mense en diere.

SEWENDE PLAAG: ’n Verwoestende haelstorm. Nooit tevore was daar in Egipte so ’n verwoestende haelstorm, vergesel van vreesaanjaende donderweer nie.

AGSTE PLAAG: Sprinkane. Die vernielende sprinkane het alles verteer wat oorgebly het. Farao was hierna gewillig om die mans te laat gaan om ’n fees te hou, maar het gesê die vroue, kinders en vee moet agterbly.

NEGENDE PLAAG: Drie dae duisternis. Farao het gesê dat alle mense kan gaan om die fees vir die Here te hou. Die vee moet egter agterbly. Moses sê toe: *Nee, ook die vee moet gaan. Geen klou mag agterbly nie.*

TIENDE PLAAG: Die dood van die eersgeborenes. In ’n sekere nag het God al die oudste kinders in elke huis onder die Egiptenaars laat sterf. Na hierdie plaag was Farao gewillig om die Israeliete te laat trek.

**VRAE**

1. Waarom het God plae oor Egipteland gebring?
2. Noem die tien plae.
3. Waarom en wanneer het Farao se towenaars aan hom gesê: *Dit is die vinger van God?*
4. Wat het aanleiding gegee tot die woorde van Moses: *Daar mag geen klou agterbly nie?*
5. Noem die verskillende toegewings wat Farao wou maak, maar wat nie bevredigend was nie.

## BYBELLES 16: DIE INSTELLING VAN DIE PAASFEES

Lees gedurende die week: Ex. 12; 13:17-22; 14; 15:20-27.

### DIE PAASFEES WORD INGESTEL.

Deur die tiende plaag is Farao gedwing om Israel te laat trek. Met hierdie laaste plaag het die instelling van die Paasfees saamgeval. Hierdie belangrike fees sou Israel laat dink aan hul verlossing uit Egipte, waar hulle 430 jaar gebly het. Die Here sou in ’n sekere nag deur Egipteland gaan en alle eersgeborenes onder die Egiptenare doodmaak, maar vir die Israeliete sou daar redding wees. Die huisgesinne van die Israeliete moes egter op God se bevel op die tiende dag van daardie maand (genoem die maand Abib) ’n skaaplam of ’n boklam neem, ’n jaar-oud rammetjie, sonder gebrek daaraan. Hulle moes die rammetjie tot die veertiende dag hou en dit teen die aand slag. Van die bloed moes aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel van die deur gestryk word. Die volk moes in ’n reisvaardige toestand die gebraaide vleis eet: *gekleed, skoene aan hul voete en staf in die hand*. As God die bloed aan die deure sien, sou Hy niemand in daardie wonings doodmaak nie. By daardie huise sou God verbygaan. Paas beteken verbygaan, *spaar*.

### ISRAEL TREK DROOGVOETS DEUR DIE ROOISEE (OOK GENOEM DIE SKELFSEE). DIE AGTERVOLGENDE EGIPTENARE VERDRINK IN DIE ROOISEE.

Israel se groot trek het begin. Die volk is langs ’n omweg gelei, omdat dit veiliger was. God het saamgegaan, bedags in ’n wolkkolom en snags in ’n vuurkolom. Die volk het laer opgeslaan by die see. Farao het die volk agternagesit, maar God het deur ’n wonderwerk sy volk droogvoets deur die see gelei. Die agtervolgende Egiptenare het verdrink toe die water van die see teruggevloei het.

### DIE OORWINNINGSLIED VAN DIE ISRAELIETE.

Die Israeliete het 'n oorwinningslied gesing tot eer van die Here onder leiding van Moses en sy suster Mirjam, wat 'n profetes was.

### DIE ISRAELIETE TREK NA DIE WOESTYN SUR. KOM AAN BY MARA EN DAARNA ELIM.

Israel het toe getrek na die woestyn Sur. Daar was hulle drie dae sonder water, en toe hulle by Mara kom was die water bitter en dus ondrinkbaar. Die Mara-waters is soet gemaak deur 'n stuk hout wat Moses in die water gegooi het op Gods bevel. Die reis het toe gevorder tot by Elim, 'n plek waar volop water was en lieflike skaduwees teen die hitte.

**VRAE**

1. Watter gebeurtenis is deur die viering van die Paasfees herdenk?
2. Wat was die middelpunt van die Paasfeesviering?
3. Waar het Farao se agtervolgende leer verdrink en onder watter omstandighede?
4. Wat was die sigbare teken van Gods teenwoordigheid op die trek van Israel?
5. Hoe is die Mara-waters soet gemaak?
6. Wat het die volk by Elim gevind?

## BYBELLES 17: DIE WONDERS VAN KWARTELS, MANNA EN WATER

Lees gedurende die week: Ex. 16; 17; 9; 20.

### DIE HERE VOORSIEN KWARTELS EN MANNA AAN SY VOLK.

Daar was behoefte aan vleis en brood. Deur 'n wonderwerk het die Here 'n menigte van kwartels laat aanvlieg na die kamp van Israel, wat hulle maklik kon vang. Toe was die volk in die woestyn Sin, sowat 6 weke na hul uittog uit Egipte. Ook het die Here brood snags laat val. Dit word manna genoem. Die manna was fyn korreltjies en het soet gesmaak. Elke huisgesin kon volgens sy behoefte insamel – vroeg in die more, voor die son warm word – anders sou dit weg smelt; net genoeg vir elke dag, want in die wat oorgebly het sou wurms inkom. Op die sesde dag (die dag voor die sabbat) kon die volk egter 'n dubbele porsie insamel.

## WATER HET UIT DIE ROTS GESTROOM.

Die volk was in ’n woestynland, by Rafidim, waar geen drinkwater was nie. Die Here het Moses beveel om sy staf te neem en ’n rots op Horeb te gaan slaan. Toe Moses die rots slaan, het water uitgestroom, genoeg vir die behoeftes van die volk. Hier by Rafidim is Israel aangeval deur die Amalekiete, maar hulle is verslaan, onder leiding van die held Josua, terwyl Moses tot God gebid het.

## DIE TREK HET GEVORDER TOT BY SINAI, WAAR DIE TIEN GEBOOIE GEGEE IS.

In die derde maand na die uittog uit Egipte het die volk aangekom in die woestyn Sin, by die berg Sinai. Daar sou groot dinge gebeur. Die volk het daar ongeveer ’n jaar gebly. Op indrukwekkende wyse het die Here die Tien Gebooie daar aangekondig. God het die gebooie op twee kliptafels neergeskryf, en dit aan Moses gegee, wat toegelaat is om op die berg te klim waar God was.

’n Beknopte inhoud van die Tien Gebooie is soos volg:

1) God alleen moet gedien word.
2) Sonder gebruikmaking van ’n gesnede beeld of enige gelykenis.
3) Gods Naam mag nie ydellik gebruik word nie.
4) Die Rusdag moet geheilig word.
5) Ouers moet geëer word.
6) Moord word verbied.
7) Egbreuk word verbied.
8) Diefstal word verbied.
9) Valse getuienis word verbied.
10) Begeertes na wat aan ons medemens behoort word verbied.

**VRAE**

1. Hoe het die Here vleis en brood aan die volk voorsien in die woestyn Sin?
2. Wat was die reëls vir die insameling van die manna?
3. Hoe is water voorsien?
4. Watter heidense volk het Israel by Rafidim aangeval, en wat was die uitslag van die stryd?
5. Watter groot gebeurtenis het plaasgevind by Sinai?
6. Sê die Tien Gebooie op, soos opgeteken in Ex. 20:1-17
7. Wat is die beknopte inhoud van elkeen van die Tien Gebooie?

## BYBELLES 18: DIE GOUE KALF. DIE TABERNAKEL.

Lees gedurende die week: Ex. 24; 32; 40.

### ISRAEL SLUIT ’N PLEGTIGE VERBOND MET GOD.

Nadat God die Tien Gebooie afgekondig het (Ex. 20) het die Here verdere wette gegee waarvolgens die Israeliete moes leef: Wette oor die vryheid en die lewe van die medemens (Ex. 21); wette oor die eiendom van die medemens (Ex. 22); en verskillende ander wette (Ex. 23), wat insluit die hou van jaarlikse feeste, soos die Paasfees (ook genoem die fees van ongesuurde brode), ter gedagtenis aan hul verlossing uit Egipte.

Die Tien Gebooie saam met die ander wette (Ex. 20-23) is die boek van die verbond. Dit is aan die volk voorgelees, wat geantwoord het: *Alles wat die Here gespreek het, sal ons doen en daarna luister.*

### DIE VOLK VERVAL TOT AFGODERY – DIE GOUE KALF.

Moses was in Gods heilige teenwoordigheid veertig dae en veertig nagte op die berg Sinai. Daar het God bevel gegee dat die volk ’n tabernakel moes bou en gesê hoe dit alles gedoen moes word. Die tabernakel was ’n draagbare tent-kerk. Toe Moses so lank wegbly het Aäron, op aandrang van die volk, vir hulle ’n goue kalf gemaak. Die volk het die goue kalf aanbid en brandoffers tot eer daarvan geoffer. Hoe gou het die volk sy verbond met God vergeet! God het aan Moses gesê dat die volk tot afgodery verval het in hul laer aan die voet van die berg. God wou die volk weens sy gruweldade uitdelg en Moses se huisgesin tot ’n groot nasie maak. Moses het egter om genade vir die volk gesmeek. Die ontfermende God het genade bewys op die ernstige gebed van Moses. Die gebed van ’n regverdige het groot krag.

### DIE TABERNAKEL WORD OPGERIG.

Dit is gemaak tydens die verblyf van Israel by Sinai, onder leiding van Besalel en Oholiab, wat wysheid van God ontvang het om dit te kon doen. Die tabernakel is op Gods bevel opgerig op ’n nuwejaarsdag volgens die Israelitiese kalender. Die tabernakel is ook genoem die tent van samekoms.

**VRAE**

1. Wat het die volk geantwoord nadat die boek van die verbond aan hulle voorgelees is?
2. Noem sommige sake wat in die boek van die verbond voorgekom het.
3. Wat het aanleiding gegee tot die maak van die goue kalf?

4. Hoe is die volk van uitdelging daarna gered?
5. Wat is die tabernakel?
6. Waarom is die tabernakel *tent van samekoms* genoem?

## BYBELLES 19: AÄRON EN SY SEUNS WORD AFGESONDER

Lees gedurende die week: Lev. 8.1 12; 24:10--23.

### AÄRON EN SY SEUNS IS AFGESONDER VIR DIE DIENS VAN DIE HERE.

Eindelik is die tabernakel klaar gemaak en opgerig by die berg Sinai. Toe moes ’n hoëpriester, priesters en ander helpers afgesonder word om die godsdienstige werk waar te neem. Die Here het Moses beveel om Aäron en sy seuns af te sonder vir hierdie heilige werk. Die afsondering het op plegtige wyse geskied in die teenwoordigheid van die volk by die ingang van die tabernakel. Hiervan lees ons in Levitikus (Lev. 88:1-12)

Moses het begin deur en sy seuns met water te was. Dit was ’n herinnering aan reinheid en heiligheid wat God van sy diensknegte eis. Aäron is afgesonder as hoëpriester en sy seuns as priesters. Aäron en sy seuns het besondere kleding gedra. Die priesters moes die kinders van Israel leer om gehoorsaam te wees aan al die insettinge van die Here. Behalwe die hoëpriester en die priesters was daar ook ’n menigte Leviete wat met die godsdienstige werk moes help. Moses en Aäron was uit die stam van Levi, en dit is die stam wat die Here uitgekies het om die godsdienstige werk in Israel te doen.

### AÄRON SE PRIESTERSEUNS, NADAB EN ABIHU, WORD DEUR DIE VUUR VAN DIE HERE VERTEER.

Van ’n dienskneg van die Here word vereis dat hy sy godsdienstige pligte moet uitvoer net soos die Here dit beveel het. Die priesters moes ook by die altaar diens doen.

Twee van Aäron se seuns (Nadab en Abihu) het in hul vuurpanne vreemde vuur op die altaar gebring. Dadelik is hierdie twee priesters deur die Here gedood deur vuur wat van die aangesig van die Here uitgegaan het! Hulle skielike dood moes dien as ’n ernstige waarskuwing dat nie van Gods bevele mag afgewyk word nie.

### ’N VLOEKER WORD MET KLIPPE DOODGEGOOI.

Vloektaal, met gebruikmaking van Gods heilige Naam, is ’n gruwel. Hierdie sonde is so groot dat God beveel het dat dit met die dood gestraf moes word. In Lev. 24:10-23 lees ons van ’n seun wat Gods heilige Naam gelaster en gevloek het. Op Gods bevel is hy deur die hele vergadering doodgegooi met klippe.

**VRAE**

1. Wie is benoem tot hoëpriester en wie tot priester?
2. Uit watter stam het diegene gekom wat die godsdienstige werk moes doen in Israel?
3. Watter twee seuns van Aäron het die oordeel van God oor hulle gehaal?
4. Waarom het die oordeel hulle getref?
5. Watter straf is toegepas op die onbehoorlike gebruikmaking van Gods Naam?

## BYBELLES 20: ISRAEL IN DIE WOESTYN

Lees gedurende die week: Num. 28-36; 11; 12; 17-33.

### ISRAEL TREK WEG VAN SINAI. MOSES KRY ’N BESOEKER.

Israel het effens meer as ’n jaar by die berg Sinai gestaan. Die tyd om verder te trek het aangebreek. Die stam van Juda was aan die voorpunt. Van plek tot plek het hulle getrek. Dit was woestynland. As die wolkkolom trek, moes die volk trek. As hy gaan staan, dan het die volk laer opgeslaan. Israel het aangekom in die woestyn Paran, waar die wolkkolom gaan staan het.

Moses het onverwags ’n besoeker op die woestynreis gekry. Dit was sy swaer Hobab uit Midian. Hobab wou eers teruggaan na sy land, maar Moses het hom ernstig versoek om saam met hulle te trek, en tot hulp te wees. Dan sou hy ook in die seëninge van die Here deel.

### DIE VOLK MURMUREER EN VRA VLEIS. 70 OUDSTES UIT ISRAEL WORD BENOEM OM MOSES TE HELP.

Die Here het die volk met vuur gestraf toe hulle gekla het dat daar geen vleis was nie. Moses se gebed het die straf van God afgeweer. Die Here het ’n wind laat opkom, wat kwartels van die see af oorgedrywe het na die laer van Israel. So is in die vleisbehoefte van die Israeliete voorsien.

Die werk was te veel vir Moses alleen. Toe het die Here hom aangesê om 70 manne uit die oudstes van Israel bymekaar te maak om hom in die werk by te staan. Die volk was baie sowat seshonderdduisend.

**TWEE FAMILIELEDE HET OPSTANDIG TEEN MOSES GEWORD.**
Hulle was Mirjam, sy suster en Aäron, sy broer. Albei was ouer as Moses. Hulle was ontevrede omdat Moses indertyd met 'n Kusitiese vrou getrou het (Ex. 2:21). Moontlik was jaloesie weens die groot invloed van Moses die werklike rede. Die Here het Mirjam gestraf met melaatsheid. Op die gebed van Moses het sy egter weer gesond geword.

**12 VERSPIEDERS WORD UITGESTUUR OM DIE LAND KANAÄN TE GAAN VERKEN.**
Een uit elkeen van die 12 stamme is gestuur. Die twee geloofshelde onder die verspieders was Josua (Hosea), uit die stam van Efraim en Kaleb, uit die stam van Juda. Tien verspieders het die volk slegte moed ingepraat, maar Kaleb, die geloofsheld, het gesê: *Laat ons gerus optrek en die land in besit neem!*

**VRAE**

1. Waar het die volk kamp opgeslaan nadat hulle van Sinai vertrek het?
2. Vertel van die besoek van Hobab aan Moses op die reis.
3. Watter straf het oor die volk gekom toe hulle oor die vleisskaarste gemurmureer het? (sien Num. 11:1-2)
4. Hoe het die Here vleis voorsien?
5. Waarom het Mirjam melaats geword?
6. Watter verspieder het gesê, 'Laat ons gerus optrek en die land in besit neem'?

## BYBELLES 21: KORAG, DATAN EN ABIRAM STAAN OP TEEN MOSES

Lees gedurende die week: Num. 14; 15:32-36; 16; 17.

Weens ongeloof wou die volk teruggaan na Egipte. Hulle word gestraf. Weens die mismoedigende gerugte van die 10 verspieders wou die volk teruggaan na Egipte! Josua en Kaleb was hieroor diep bedroef. As Moses nie weereens genade gesmeek

het vir die volk nie, sou God hulle verdelg het en Moses se gesin 'n groot volk gemaak het. As straf sou die volk egter 40 jaar lank rondswerwe in die woestyn, en almal wat 20 jaar en ouer was sou in die woestyn sterwe, behalwe Josua en Kaleb.

'n Sabbatskender word swaar gestraf.

'n Man wat hout bymekaar gemaak het op 'n sabbatdag, is op Gods bevel met klippe deur die vergadering doodgegooi. Die oproermakers Korag, Datan en Abiram word swaar gestraf. Hierdie drie manne was leiers van 'n oproer teen Moses en Aäron. Hulle wou ook die werk van priesters doen, hoewel hulle nie daartoe deur die Here geroep is nie. Hulle en hul gevolg van 250 man het in die diepte verdwyn toe die aarde skielik onder hulle oopgeskeur het. Op Gods bevel moes elke stam in Israel 'n staf bring. Aäron se naam is geskryf op die staf van Levi. God het deur 'n wonderwerk in een nag die staf van Aäron laat uitspruit in bloeisels, blomme en ryp amandels, as 'n teken dat Hy manne uit die stam van Levi uitverkies het om die priesterlike amp waar te neem.

**VRAE**

1. Watter invloed het die mismoedigende gerugte van die 10 verspieders op die volk gehad?
2. Watter straf het oor die volk gekom omdat hulle, weens ongeloof, wou teruggaan na Egipte?
3. Watter straf is toegepas op 'n sabbatskender?
4. Waarom is Korag, Datan en Abiram en hul gevolg skielik deur die aarde verswelg?
5. Wat het God te kenne gegee deur die bloei van die staf van Aäron?

## BYBELLES 22 MOSES ONGEHOORSAAM. DIE KOPERSLANG.

Lees gedurende die week: Num. 20-21

### DIE VOLK MURMUREER WEER OOR GEBREK AAN WATER. MOSES SLAAN DIE ROTS IN PLAAS VAN OM MET DIE ROTS TE PRAAT. AÄRON STERF.

Israel het in die woestyn Sin aangekom. Die volk, in sy ongeduld, het met Moses getwis omdat daar geen water was nie. Moses en Aäron was geskok en hartseer toe die volk sê: *Waarom het julle ons uit Egipte laat optrek?* Die Here het gesê dat die volk saam met Moses en Aäron by 'n rots daar naby bymekaar moet kom. Moses en Aäron moes die rots aanspreek. Dan sou genoeg water uitstroom vir mens en dier. Moses het egter die rots tweemaal met sy staf geslaan. Volop water het uit

die rots gevloei; maar deurdat Moses en Aäron nie die rots aangespreek het soos God beveel het nie, sou hulle nie Kanaän binnegaan nie. Toe die volk by die berg Hor aankom, het Aäron gesterf. In sy plek het sy seun Eleaser hoëpriester geword.

### GOD STUUR GIFTIGE SLANGE ONDER DIE ISRAELIETE WEENS HUL ONGEDULD EN ONGELOOF

Van die berg Hor het die Israeliete se trek geswaai in die rigting van die Rooisee of Skelfsee, om nie deur die land Edom te trek nie, want deurgang deur Edom is aan Israel geweier. Die lang ompad het die volk ongeduldig gemaak. Hulle het weer gemurmureer en gesê: *Ag, as ons tog maar liewer in Egipteland gebly het*. Toe straf die Here die volk. Hy het giftige slange onder hulle gestuur om hulle te byt. Baie is aan slangbyt dood. Moses het vir die volk gebid. Op Gods bevel moes Moses 'n koperslang maak en dit op 'n paal sit. Dié wat gebyt is en na die koperslang gekyk het, het gesond geword. So moet ons gelowig na die gekruisigde Jesus kyk vir verlossing, soos Hy self gesê het: *En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens (Jesus) verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê* (Joh. 3:14-15).

**VRAE**

1. Aan watter ongehoorsaamheid het Moses en Aäron hulle skuldig gemaak?
2. Waar is Aäron oorlede? Wie was sy opvolger?
3. Waarom het God giftige slange gestuur om die Israeliete te byt?
4. Vertel van die koperslang en die doel met die oprigting daarvan.
5. Van wie is die koperslang 'n beeld?

## BYBELLES 23: BILEAM. JOSUA AS OPVOLGER VAN MOSES AANGEWYS.

Lees gedurende die week: Num. 22; 23; 24; 32.

### BALAK, DIE KONING VAN MOAB, LAAT UIT VREES VIR DIE AANKOMENDE ISRAEL, VIR BILEAM UIT DIE OOSTE HAAL OM ISRAEL TE VERVLOEK.

Balak het gehoor dat Israel die Amoritiese konings (Sihon en Og) verslaan het. Hy was bang vir Israel. Hy het geglo dat as Bileam 'n volk vervloek, dan sal 'n vloek op die volk rus. Balak wou Bileam goed betaal vir sy diens. God het egter

vir Bileam verbied om 'n vloek oor Israel uit te spreek, tot teleurstelling van Balak. Bileam spreek 'n seën uit oor Israel in plaas van om Israel te vervloek. God het Bileam eers verbied om saam met die boodskappers van Balak te gaan. Later het die Here Bileam egter toegelaat om met die boodskappers saam te gaan na Balak. Balak was bly toe hy hoor dat Bileam aan kom was en het hom tegemoet gegaan. Bileam sou graag Israel wou vervloek het ter wille van die waarseërsloon, maar hy kon nie. Die Here het hom so beheers dat hy telkens 'n seën oor Israel uitgespreek het in plaas van 'n vloek, soos Balak begeer het.

Van Israel het hy gesê: *Geseënd is hulle wat jou seën, en vervloek is hulle wat jou vervloek.*

## GOD WYS JOSUA AAN AS DIE OPVOLGER VAN MOSES.

Die kinders van Israel het al nader gekom aan die beloofde land. Josua, die seun van Nun, was een van die twee goeie, gelowige verspieders wat vroeër verkenningswerk in Kanaän gaan doen het. Josua moes Moses opvolg, as Moses deur die dood sou wegval. Op Gods bevel het Moses Josua geneem en hom voor die hoëpriester, Eleasar, en voor die hele volk gestel. Moses het sy hande op Josua gelê as 'n teken dat die Here met Josua sou wees en hom wysheid sou gee deur sy Gees, as die toekomstige leier van die volk.

## BY DIE VERDELING VAN DIE LAND KRY RUBEN EN GAD EN DIE HALWE STAM VAN MANASSE HUL ERFDEEL AAN DIE OOSTEKANT VAN DIE JORDAAN

Die volk van Israel het die beloofde land Kanaän van die oostekant genader en later ingegaan. Die kinders van Gad en die kinders van Ruben het Moses gevra om hul aandeel van die land oos van die Jordaan te laat wees. Hierdie twee stamme het baie vee gehad, en oos van die Jordaan was dit grasryk. Daardie deel is toe aan hulle, en ook aan die halwe stam van Manasse afgestaan op die uitdruklike voorwaarde dat hulle saam met die ander stamme deur die Jordaan sou gaan en help veg totdat ook hulle van hul erfenis daar verseker is.

### VRAE

1. Waarom het Bileam nie vir Israel vervloek nie?
2. Wat het Bileam van Israel gesê?
3. Wie is deur die Here as opvolger van Moses aangewys?
4. Noem 'n paar besonderhede i.v.m. Josua se lewe.
5. Watter stamme het hul erfdeel oos van die Jordaan gekry?
6. Watter verpligtinge moes hulle nakom?

## BYBELLES 24: MOSES VERMAAN SY VOLK OM GOD GEHOORSAAM TE WEES

Lees gedurende die week: Deut. 1-4.

### MOSES GEE IN DIE EERSTE DRIE HOOFSTUKKE VAN DEUTERONOMIUM 'N OPSOMMING VAN DIE VERNAAMSTE GEBEURTENISSE VAN DIE AFGELOPE 40 JAAR.

Moses het sy vroeëre opleiding in Egipteland ontvang en hy was 'n geleerde man. Hy het die eerste vyf boeke van die Bybel geskryf: Genesis, Exodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium. Die vyf boeke word saam genoem die Pentateug, wat vyf boeke beteken.

Behalwe dat Moses 'n goeie geleerdheid gehad het, het hy baie noue omgang met God gehad, en hy was dus verstandelik en geestelik bekwaam om die genoemde boeke te skryf. Die boek Deuteronomium is so genoem omdat die Tien Gebooie (die Wet) in hierdie boek herhaal word (in hoofstuk 5). Die woord Deuteronomium beteken: *herhaling van die Wet of tweede wetgewing.*

In die boek Deuteronomium vind ons onder andere baie belangrike redevoerings of toepassings van die groot volksleier en Godsman, Moses. In die eerste drie hoofstukke kry ons 'n treffende opsomming van wat met Israel in die woestyn gebeur het, en hul reis verder tot naby die grense van die beloofde land. Moses vertel van die wonderlike wyse waarop God die volk gelei het, en hoe Hy hulle bygestaan het op hul groot trek. Met nadruk het hy ook genoem hoe Israel op sy trek die twee Amoritiese konings, Sihon (van Hesbon) en Og (van Basan), oos van die Jordaan verslaan het. Hulle land sou deur die Israeliete bewoon word. Die Here het die Israeliete egter nie toegelaat om oorlog te voer teen die volke wat in daardie dele gewoon het nie. So bv. is Israel verbied om op daardie tydstip teen die afstammelinge van Esau (in Seïr), die Moabiete en die Ammoniete, oorlog te maak. God het 'n wyse bedoeling met alles wat Hy toelaat of verbied.

### ISRAEL WORD VERMAAN OM DIE GEBOOIE VAN GOD TE ONDERHOU.

In hoofstuk vier het Moses die volk vermaan om getrou aan die Here te wees deur stiptelike gehoorsaamheid aan sy bevele. Moses het veral nadruk gelê op die verkeerdheid om God te aanbid deur middel van gesnede beelde van mense, diere, voëls, visse of enigiets anders. God moet in gees en in waarheid deur die geloof aanbid word. Ook moes die volk hierdie dinge aan hul kinders en kleinkinders leer.

**VRAE**

1. Wat beteken die naam Deuteronomium?
2. In watter twee boeke Van die Bybel vind ons die Tien Gebooie?
3. Watter Amoritiese konings is deur Israel totaal verslaan?
4. Wat het Moses aan die volk gesê omtrent gesnede beelde?
5. Watter verpligting moes die volk nakom ten opsigte van hul kinders?

## BYBELLES 25: MOSES SE LAASTE DAE

Lees gedurende die week: Deut. 31 32-34.

### MOSES SE SLOTWOORDE AAN DIE VOLK EN AAN JOSUA

Moses se lewe was vol van toegewyde diens aan die Here en aan die volk. Hy het Israel bemoedig en gesê dat die Here met hul sal wees en aan hulle die oorwinning sou gee oor die nasies met wie hulle spoedig in aanraking sou kom. Aan die volk en aan die nuwe leier, Josua, het Moses gesê: *Wees net sterk en vol moed. Die Here sal julle nie begewe of verlaat nie*. Moses het die Boek Deuteronomium aan die Levitiese priesters oorhandig, en het beveel dat dit elke sewe jaar tydens die huttefees in die openbaar gelees moes word aan manne, vroue en kinders en ook aan die werkers wat bymekaar was sodat hulle kon leer om God te vrees en gehoorsaam te wees aan al sy voorskrifte en bevele.

Die Here het Moses en die nuwe leier, Josua, na die tabernakel laat kom en aan hulle in 'n wolkkolom verskyn. Die Here het aan Moses gesê dat sy einde nader, en aan hom 'n historiese en profetiese lied bekendgemaak, wat hy moes afskryf en aan die volk leer. Daardeur moes die volk onderrig ontvang en gewaarsku wees teen afdwaling van die Here.

Moses se laaste daad was om profetiese seëninge uit te spreek oor die twaalf stamme van Israel.

### MOSES SE EINDE.

Op God se bevel het Moses opgeklim na die berg Nebo, na die top van Pisga wat teenoor Jerigo lê. Daarvandaan het die Here die hele beloofde land aan hom getoon. Daarna het Moses gesterwe. Die Here het hom self begrawe. Geen mens weet presies waar sy graf is nie. Groot was die betekenis van Moses vir sy volk en vir die godsdiens. Deur sy getroue voorbidding vir sy volk het hy hulle telkens gered van uitdelging. Hy het noue omgang met God gehad. *Mond tot mond spreek Ek tot hom,* het die Here gesê (Num. 12:8).

**VRAE**

1. Met watter woorde het Moses die volk en Josua bemoedig?
2. Watter boek moes elke sewe jaar in sy geheel aan almal voorgelees word?
3. Aan wie en deur wie?
4. Waar is Moses oorlede en deur wie is hy begrawe?
5. Sê in ’n paar woorde iets oor die groot betekenis van Moses.

## BYBELLES 26: JERIGO VAL. ’N GROOT VOLKSVERGADERING

Lees gedurende die week: Josua 5:10-15; 6 tot 8.

### GEBEURTENISSE BY GILGAL

Te Gilgal, naby Jerigo, het die volk die belangrike Paasfees gevier. Deurdat die volk toe van die voedsel opbrengs van die land geëet het, het die manna opgehou om te val. ’n Hemelse Persoon wat Homself die *Leërowerste van die Here* genoem het, het aan Josua by Jerigo verskyn.

### JERIGO WORD VERWOES, MAAR RAGAB EN HAAR FAMILIELEDE WORD GESPAAR.

Rondom Jerigo was ’n sterk, beskermende muur gebou. Die poort van die stad is gesluit uit vrees vir Israel. Die Here sou ’n wonderwerk doen. Hy het beveel dat ’n prosessie of stoet vir sewe dae elke dag om Jerigo moes loop. Op die sewende dag egter moes hulle sewe maal om die stad loop. Toe val die mure van Jerigo deur ’n wonderdaad van God. Niemand moes vir homself iets van die goed in die stad buit maak nie. Alle mense is gedood, maar Ragab en haar familielede is gespaar weens haar weldaad aan die twee verspieders.

### DIE MANNE VAN AI VERSLAAN DIE ISRAELIETE. ’N GROOT VOLKSVERGADERING VOLG HIEROP.

Daar was groot droefheid by Josua toe sy soldate deur die manne van die stad Ai verslaan is. God het aan Josua bekend gemaak dat die stryd verloor is omdat iemand stilletjies van die goed in Jerigo vir homself geneem het. Die volk moes bymekaar kom om uit te vind wie die skuldige persoon is. Agan was skuldig. Hy en sy huisgesin is met klippe doodgegooi en daarna, saam met al sy besittings met vuur verbrand in die dal Agor. Nadat Agan gestraf is, het Israel die stad Ai verower.

**VRAE**

1. Noem die gebeurtenisse by Gilgal.
2. Hoe is Jerigo ingeneem en wie is by die inname gespaar?
3. Waarom het Israel eers teen die manne van Ai verloor?
4. Waarom is ’n volksvergadering gehou?
5. Wie was die skuldige en wat het met hom en sy huisgesin gebeur?

## BYBELLES 27: JOSUA SE TREFFENDE AFSKEIDSBOODSKAP

Lees gedurende die week: Josua 9; 10; 20; 24.

### JOSUA SE VERDRAG MET DIE GIBEONIETE LEI TOT DIE SLAG VAN GIBEON

Die volke het gevrees toe Israel in Kanaän aangekom het. Deur bedrog het die Gibeoniete ’n verbond met Josua gesluit. Hulle het manne na Josua gestuur en gemaak asof hulle van ’n vêr land kom. Dit was onwaar.

Josua sluit toe met hulle ’n verbond dat hy hulle sou laat lewe. Hoewel Josua ontevrede was toe hy later die bedrog van die Gibeoniete ontdek, wou hy nie sy woord breek nie. Toe Adoni-Sedek, die koning van Jerusalem, hoor dat die Gibeoniete met Josua ’n verbond gesluit het, was hy kwaad, en het 4 ander konings oorgehaal om saam met hom die Gibeoniete te straf.

Die manne van Gibeon het toe die hulp van Josua ingeroep. Toe het Josua die gesamentlike leërs van die koning van Jerusalem en die ander 4 konings skielik aangeval. Die dag was te kort om die groot leërs behoorlik te verslaan. Dit is toe dat die son en die maan, op Josua se gebed, stilgestaan het, omtrent ’n volle dag lank. Dit was ’n buitengewone wonderwerk van die Here. Al die vyf konings wat teen die Gibeoniete opgetrek het, is gevang en doodgemaak. Hierdie stryd is bekend as die groot slag van Gibeon.

### SES VRYSTEDE DIEN AS TOEVLUGSOORDE VIR ONOPSETLIKE DOODSLAG.

In Josua 20 lees ons van die ses vrystede. Hulle het gedien as toevlugsoorde vir mense wat deur ’n ongeluk ’n medemens gedood het. As iemand in so ’n vrystad was, kon die bloedwreker hom nie doodmaak nie. Drie vrystede was oos van die Jordaan, nl. Beser, Ramot en Golan. Drie vrystede was wes van die Jordaan, nl. Hebron, Sigem en Kedes. Vir opsetlike doodslag is die doodstraf toegepas volgens Gods bevel. Die vrystad is ’n beeld van Christus. Dié wat na Hom toe vlug, sal gered word.

### JOSUA SE AFSKEIDSBOODSKAP.

Die geloofsheld, volksleier en krygsman Josua, se werk was klaar. Op sy bevel het die stamme in Sigem vergader. Hy het die volk herinner aan die wonderlike wyse waarop God hulle gelei en geseën het. Aan die volk het hy gesê: *Kies wie julle wil dien, maar ek en my huis, ons sal die Here dien* ! Die volk het geantwoord: *Ook ons sal die Here dien*. Groot was die invloed van Josua. Gedurende sy hele lewe en lank daarna het die volk die Here gedien.

**VRAE**

1. Waarom het Adoni-Sedek met 4 ander konings die Gibeoniete kom aanval?
2. Watter groot wonderwerk het plaasgevind op die dag van die slag van Gibeon?
3. Waarom is vrystede ingestel?
4. Noem die vrystede oos van die Jordaan en ook wes van die Jordaan.
5. Voor watter uitdaging het Josua die volk gestel by die groot byeenkoms in Sigem?
6. Sê kortliks iets oor Josua.

## BYBELLES 28: DIE EERSTE RIGTERS

Lees gedurende die week: Rigters 1-4.

### VERSLAPPING TREE IN. DIE VOLK WORD BESTRAF BY BOGIM - DIE KENMERKE VAN DIE RIGTER-PERIODE:

Na die dood van Josua het 'n nuwe tydperk ingetree, nl. die tydperk van die rigters wat omtrent 450 jaar geduur het (Hand. 13:20). Die rigters was nie konings nie (Rigters 21: 25), maar persone wat tydelik as leiers opgetree het om die verdrukkende vyande van Israel te verslaan. Die rigter-periode word beskryf in die boeke Rigters, Rut en die eerste gedeelte van 1 Samuel.

Daar was 14 rigters in die loop van die eeue. Die eerste was Otniël en die laaste Samuel. In die eerste twee hoofstukke van Rigters sien ons dat die ywer waarmee Josua die heidense volke in Kanaän verslaan het, na sy dood verslap het. Net die stam van Juda, met die hulp van die stam van Simeon, het teen die heidense volke in Kanaän opgetree. Die ander stamme het nagelaat om die heidense volke te verdrywe. Inteendeel hulle het met die heidene saamgewoon en met hulle verbroeder. Dit is daarom dat die Engel van die Here die volk bestraf het by Bogim. Die toegeeflike houding van Israel teenoor die heidene het aanleiding

gegee daartoe dat hulle in ontsettende afgodediens verval het en hulle aan sondige wanpraktyke skuldig gemaak het. Hulle het ook gesondig deur hul oor en weer trouery met die heidene. Vir hierdie en ander sondes het die God die volk swaar en langdurig gestraf, en wel deur die heidense nasies om die beurt toe te laat om Israel te verdruk. Die hele rigterperiode word gekenmerk deur 'n herhaling van die volgende dinge: *sonde deur die volk, waarop Gods straf volg. Na berou word verlossing geskenk onder leiding van* 'n *rigter.*

### DIE EERSTE GROEP RIGTERS. – DIE EERSTE RIGTER OTNIËL

Otniël het die geallieerde konings van Mesopotamië verslaan en Israel 40 jaar gerig (Rigters 3:5-11).

Die tweede rigter Ehud, het Israel van die Moabiete verlos. Daarna het die land 80 jaar rus gehad (Rigters 3:12-30).

Die derde rigter, Samgar, het Israel van die Filistyne verlos. Hy het met 'n osdrywerstok 600 man verslaan (Rigters 3:31).

Die vierde was 'n vroue-rigter Debora. In samewerking met Barak het sy die volk wat 20 jaar lank wat 20 jaar lank deur die Kanaäniete verdruk was, aangespoor om teen hulle te veg.

Sisera, die leërowerste van die Kanaänitiese koning, Jabin, is deur 'n vrou, Jael, gedood toe hy na haar tent gevlug het en daar aan die slaap geraak het.

**VRAE**

1. Hoe lank het die rigter-periode geduur?
2. Waarom is die volk by Bogim deur die *Engel van God* bestraf?
3. Wat is die kenmerke van die rigter-periode?
4. Noem die eerste vier rigters en sê watter volke deur hulle verslaan is.

## BYBELLES 29: DIE RIGTERS GIDEON EN JEFTA

Lees gedurende die week: Rigters 6; 7; 10; 11

### GIDEON MET 300 MAN LAAT DIE MIDIANIETE VLUG.

Hierdie aangrypende verhaal word vertel in Rigters 6 en 7. Die Midianiete het, met die hulp van die Amalekiete, Israel sewe jaar lank baie swaar laat kry. Hulle het hul oeste verwoes en hul vee geroof. Die Engel van die Here het aan Gideon verskyn en hom aangesê om Israel te verlos. Nadat Gideon sekerheid gehad het dat die Here hom werklik roep, het hy moed geskep en opgetree. Die Here het

dit so beskik dat Gideon met slegs 300 man die tienduisende Midianiete en Amalekiete laat wegvlug het.

Die 300 man is in drie groepe verdeel, en elkeen moes in sy regterhand ’n ramshoring (’n beuel) neem, en in sy linkerhand ’n kruik met ’n fakkel (’n lig) binne-in die kruik. Hulle het rondom die kamp van die vyande middernag gestaan. Op ’n gegewe oomblik het die 300 man geblaas op die ramshorings, die kruike gebreek en geskree: *Die swaard van die Here en van Gideon!* Die skrik van die Here het op die vyande geval. Hulle het in groot wanorde weggevlug. Hulle is deur die vegsmanne van Israel agtervolg en swaar verliese is hulle toegedien.

### JEFTA VERSLAAN DIE AMMONIETE. SY ONVERSIGTIGE GELOFTE:

Jefta se treffende geskiedenis lees ons in Rigters 11. Hy was ’n man van geringe afkoms en tog het die Here hom uitgekies om sy volk Israel te verlos. Jefta was afkomstig van Gilead, oos van die Jordaan. Hy moes sy huis verlaat weens ’n getwis oor sy onedele afkoms. As verstoteling het hy gaan woon in die land Tob. Toe die Ammoniete vir Israel verdruk het, het die oudstes van Gilead Jefta gaan vra om te kom help teen die vyand.

Jefta het ’n gelofte aan die Here gedoen dat, as die Here hom die oorwinning oor die Ammoniete gee, hy die eerste persoon wat hom tegemoet kom uit sy huis, as ’n brandoffer aan die Here sal offer. Jefta se enigste dogter het hom eerste tegemoet gekom! Jefta het geskrik, maar hy wou nie sy gelofte aan God verbreek nie. Na twee maande het Jefta sy gelofte aan sy dogter voltrek. (Vers 39)

**VRAE**

1. Watter heidense volke het Israel verdruk in die tyd van Gideon?
2. Wat het Gideon en sy 300 man gedoen toe hulle middernag na die kamp van die vyand gegaan het?
3. Watter volk is deur Jefta verslaan?
4. Watter gelofte het Jefta aan die Here gedoen?

## BYBELLES 30: DIE RIGTER SIMSON

Lees gedurende die week: Rigters 12 - 16.

### SIMSON SE GEBOORTE. SY HUWELIK EN RAAISELS

Veertig jaar lank het die Filistyne die volk Israel verdruk. Die Engel van die Here het aan die vrou van Manoag verskyn en gesê dat uit haar ’n kind sou gebore word wat Israel van die Filistyne sou verlos. Die Engel van die Here het beveel dat die

kind as 'n nasireër van God moes groot gemaak word: *sy hare mag nie afgeskeer word nie; hy mag nie sterk drank drink nie, en niks eet wat onrein is nie*. Die kind is Simson genoem. Hy was die sterk man. Tot smart van sy ouers is Simson met 'n Filistynse meisie getroud. Hy het 'n leeu wat op hom afgestorm het, verskeur. Hieruit is 'n raaisel gebore. In die dooie leeu het 'n swerm bye ingetrek en daar heuning gemaak. Laat my tog vir julle 'n raaisel opgee, het Simson aan Filistynse jongmanne gesê by 'n maaltyd wat hy gegee het: *Spys het uit die eter gegaan, en soetigheid uit die sterke.* Simson se vrou het stilletjies die antwoord vertel aan die jongmanne. Toe sê hulle: *Wat is soeter as heuning en wat is sterker as 'n leeu*? Simson was so kwaad dat sy vrou verklik het dat hy haar tydelik verlaat het. Hy het 30 Filistyne doodgeslaan uit woede.

### SIMSON WREEK HOM VERDER OP DIE FILISTYNE.

In Simson se afwesigheid het sy skoonvader sy vrou aan iemand anders gegee. Toe wreek Simson hom op die Filistyne. Hy het 300 jakkalse gevang en hulle twee-twee aan hulle sterte vasgemaak met 'n fakkel tussenin, die fakkels aan die brand gesteek, en die jakkalse in die landerye van die Filistyne gejaag. Verder het hy met 'n eselskakebeen 1000 Filistyne verslaan.

### SIMSON DEUR DELILA VERRAAI – SY DOOD

Hierna is Simson met die verraderlike Delila getroud, ook 'n Filistynse meisie. Deur haar verraad het Simson sy krag verloor en is sy oë deur die Filistyne uitgesteek. Toe dryf hulle die spot met Simson. Simson is saam met duisende Filistyne gedood toe hy die pilare van 'n gebou uitgeruk het en die gebou ineengestort het. Groot geestelike skade spruit voort uit 'n verkeerde huwelik.

**VRAE**

1. Wat was Simson se raaisel en waarop het dit uitgeloop?
2. Waarom en hoe het Simson hom teen die Filistyne gewreek?
3. Wat het aanleiding gegee dat Simson se oë uitgesteek is deur die Filistyne?
4. Hoe het Simson aan sy einde gekom?

## BYBELLES 31: BOAS TROU MET RUT

Lees gedurende die week: Rut. 1- 4

## RUT GAAN SAAM MET HAAR SKOONMOEDER, NAOMI, NA KANAÄN.

Hierdie geskiedenis val in die tydperk van die rigters. Elimeleg en sy vrou, Naomi en hul twee seuns, Maglon en Giljon, het na Moab getrek weens hongersnood. Maglon en Giljon het met twee Moabitiese meisies getrou Orpa en Rut. Elimeleg het in Moab gesterf, en later ook Maglon en Giljon na ’n verblyf van 10 jaar. Naomi het besluit om terug te gaan na Bethlehem, vanwaar sy en haar huisgesin oorspronklik gekom het. Naomi se skoondogters het saam met haar gegaan. Toe hulle ’n entjie op pad was, het Naomi gevra of die skoondogters nie maar wil teruggaan na hul land nie. Hulle was nog jonk. Orpa het afskeid geneem van Naomi en teruggegaan, maar Rut wou nie daarvan hoor nie. *U volk is my volk, en u God is my God, waar U sterwe sal ek sterwe en daar begrawe word*, het Rut gesê.

Eindelik het Naomi en Rut in Bethlehem aangekom. Die mense was net besig met die insameling van die gars-oes.

## RUT GAAN ARE OPTEL IN DIE LAND VAN BOAS, EN WORD LATER SY VROU.

Op dié wyse het sy gesorg vir die onderhoud van Naomi en haarself. Later is Rut met Boas getroud. Dit het so gekom: Boas was ’n familielid van Elimeleg, die oorlede man van Naomi volgens Deut. 25: 5-10. As iemand se oorlede broer geen kinders gehad het nie, dan moes sy oudste broer of die naaste familielid na hom met die agterblywende weduwee van dié broer trou. Daar was ’n bloedverwant wat nader aan Elimeleg gestaan het as Boas, maar hy het afstand gedoen van sy reg. Toe het Boas met Rut getrou. Uit die huwelik is ’n kind gebore, nl. Obed. Obed was die vader van Isai en Isai was die vader van Dawid. Uit die geslag van Dawid is Jesus Christus gebore.

Rut is ’n mooi beeld van ’n volhardende Christin. Sy het nie soos Orpa omgedraai nie, maar end-uit tot in Kanaän gegaan, en haar heeltemal vereenselwig met die volk van God.

**VRAE**

1. Hoe het dit gebeur dat Elimeleg en sy huisgesin in Moab beland het?
2. Wie was die skoondogters van Naomi, en watter een het saam met haar na Kanaän gegaan?
3. Met watter mooi woorde het Rut geantwoord toe Naomi by haar aangedring het om terug te gaan na Moab?
4. Watter besondere eer het Rut te beurt geval deur haar huwelik met Boas?

## BYBELLES 32: SAMUEL — GOD SPREEK MET HOM

Lees gedurende die week: 1 Sam. 1—6.

### SAMUEL SE GEBOORTE.

Die tabernakel (die groot tentkerk) wat Israel op sy reis gebruik het, is by hul aankoms in Kanaän in Silo opgerig. Daarheen het Elkana en sy vrou Hanna elke jaar gegaan om die Here te aanbid en om te offer. Op die gebed van Hanna, wat sonder kind was, is Samuel gebore. Samuel beteken *van God afgebid*. Hanna het haar seun Samuel reeds as jong seun afgestaan aan die diens van die Here in die tabernakel. Hanna het ’n lofsang gesing uit dankbaarheid tot God.

### GODDELOOSHEID VAN ELI SE SEUNS, WAT PRIESTERS WAS.

Eli was rigter en priester, ’n goeie man, maar sy twee seuns Hofni en Pinehas, wat priesters was, was goddeloos. Hulle het ’n gedeelte van die vleisoffers wat die volk as brandoffer gebring het tot eer van God, vir hulleself geneem. Dit was ’n groot sonde. Eli het versuim om sy kinders behoorlik te bestraf. Dit was Eli se sonde.

### GOD PRAAT IN DIE NAG MET SAMUEL.

Eli en Samuel het albei in die tabernakel geslaap. Die Here het driemaal vir Samuel op sy naam geroep. Hy het aan Samuel bekendgemaak dat Hy ’n oordeel oor Eli se huis sou bring weens sy versuim om sy seuns streng te bestraf. Die volgende oggend het Samuel die boodskap van God aan Eli bekendgemaak.

### DIE FILISTYNE VERSLAAN ISRAEL. HULLE BUIT DIE VERBONDSARK. HOFNI EN PINEHAS SNEUWEL. ELI SE DOOD.

Daar was oorlog tussen die Filistyne en Israel. Hofni en Pinehas en die priesters, het die verbondsark na die slagveld geneem. Israel is verslaan en Hofni en Pinehas is gedood. Die Filistyne het die verbondsark gebuit en saam met hulle geneem. Toe Eli hierdie treurige tyding kry, het hy van sy hoë stoel agteroor geval en sy nek gebreek.

Die Filistyne is deur God met ’n plaag van geswelle getref totdat hulle die verbondsark, na sewe maande, teruggestuur het na Israel.

**VRAE**

1. Waar het die tabernakel gestaan?
2. Vertel van Samuel se geboorte.
3. Wat was die sonde van Hofni en Pinehas?
4. Waarom was die Here ontevrede met Eli?

5. Vertel hoe God met Samuel gespreek het.
6. Wat het die Here aan hom gesê?
7. Wat het die Filistyne beweeg om die verbondsark terug te stuur na Israel?

## BYBELLES 33: DIE ISRAELIETE SE EERSTE KONING – SAUL

Lees gedurende die week: 1 Sam. 7; 8; 9; 13-16.

### ’N NUWE TYDPERK BREEK AAN: DIE VOLK WIL ’N KONING HÊ

Die oudstes in Israel het na Samuel in Rama gegaan, en gevra dat hy ’n koning vir hulle moet aanstel, soos by die ander nasies die geval was. Samuel was baie hartseer oor hierdie begeerte, want God was die Koning van Israel. Samuel moes, op God se bevel, aan die volk sê wat die regte van ’n koning is, en dat hulle sou swaar kry. Hulle wou egter nie hoor nie, en die Here het gesê Samuel moet maar doen soos die begeerte van die volk is. So het die rigterperiode (met Samuel as laaste rigter) verbygegaan. Die tyd van die konings het aangebreek.

### SAUL, DIE SEUN VAN KIS, IS TOE AS EERSTE KONING GESALF.

Saul, uit die stam van Benjamin, was ’n mooi geboude lang jongman. Hy het in aanraking met Samuel gekom toe hy en een van die dienaars van sy vader op soek was na sy vader se verlore eselinne. Saul het Samuel, die rigter wat ook profeet was, gaan raad vra.

Toe Samuel vir Saul sien, maak die Here aan hom duidelik dat Saul die man is wat hy tot Koning moet salf. Samuel het Saul die volgende dag tot koning gesalf. ’n Rukkie later het die volk by Mispa vir Saul toegejuig as hul koning.

### SAUL STEL TELEUR – AS GEVOLG VAN SY ONGEHOORSAAMHEID WORD HY DEUR GOD VERWERP.

Saul het hom gereed gemaak om teen die Filistyne te veg. Sy soldate moes by Gilgal saamkom. Volgens afspraak sou Samuel Saul ontmoet by Gilgal op ’n bepaalde tyd. Toe Samuel sy aankoms effens vertraag, het Saul ongeduldig geword en besluit om self die brandoffer te offer, sonder Samuel (wat alleen die werk as priester wettiglik kon doen).

Samuel het Saul bestraf en aan hom gesê dat God iemand anders as koning sou aanstel. Die Here het Saul beveel om Amalek te gaan uitroei. Al die mense en die diere moes gedood word, omdat Amalek vir Israel aangeval het by sy uittog

uit Egipte. Saul het egter die koning van Amalek (Agag) lewendig gevang, en die beste van die kleinvee en beeste buit gemaak.

Weens hierdie ongehoorsaamheid het Samuel aan Saul gesê dat die Here hom verwerp het om koning oor Israel te wees.

**VRAE**

1. Watter tydperk het gevolg op die rigter-periode?
2. Wat het die Here aan Samuel gesê toe die volk 'n koning begeer het.
3. By watter geleentheid is Saul tot koning gesalf?
4. Watter misdaad het Saul begaan by Gilgal toe Samuel se aankoms daar vertraag is?
5. Wat was Saul se ongehoorsaamheid toe hy Amalek moes gaan vernietig?

## BYBELLES 34: GOLIAT, DAWID EN JONATAN

Lees gedurende die week: I Sam. 17-20.

### DAWID TOT KONING GESALF. HY VERSLAAN DIE REUS, GOLIAT.

Weens ongehoorsaamheid is Saul verwerp as koning. Samuel, die profeet, priester en rigter, het op die bevel van die Here na Bethlehem gegaan waar Isai, wat agt seuns gehad het, gewoon het. Dawid, die jongste, 'n skaapherder, is op Gods bevel tot koning gesalf. Hy was 'n rooierige seun, met mooi oë en 'n mooi voorkoms. Op advies van Saul se dienaars het Saul vir Dawid laat haal om in sy diens te staan. Dawid se spel op die siter het verligting vir Saul gebring in sy terneergedruktheid weens die kwelling van 'n bose gees wat oor hom gekom het.

Daar het oorlog gekom tussen Israel en die Filistyne. 'n Baasvegter Filistyn, Goliat, 'n ontsaglike reus, het Israel uitgedaag om 'n man te stuur om teen hom te veg. As Goliat wen, dan is Israel die slawe van die Filistyne, en omgekeerd. Almal was vir Goliat bang, behalwe die jongman Dawid. Dawid het Goliat tegemoetgegaan met net sy slingervel en staf, in die Naam van die Here, en met sy eerste slingerskoot het Dawid vir Goliat voor die kop getref en gedood.

### DIE BOESEMVRIENDE, JONATAN EN DAWID.

In 1 Sam. 18-20 word vertel van die vriendskapsverbond tussen Jonatan en Dawid. Jonatan se liefde vir Dawid het vergoed vir die haat en jaloesie van Saul teen om. Na Jonatan se dood het Dawid in sy klaaglied oor hom gesê: *Jonatan, jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van vroue*.

**VRAE**

1. Wie se seun was Dawid?
2. Hoe het hy gelyk? Tot watter hoe amp is hy gesalf?
3. Watter talent van Dawid was oorsaak dat hy in diens van Saul geplaas is?
4. Vertel van die geveg tussen Goliat en Dawid.
5. Wie was Jonatan en watter verhouding het tussen Jonatan en Dawid bestaan?

## BYBELLES 35: DAWID 'N VOORTVLUGTIGE

Lees gedurende die week: 1 Sam. 21-25.

DAWID VLUG VIR SAUL. Hoewel Dawid die skoonseun van Saul was, moes hy vlug omdat Saul hom wou doodmaak weens haat wat uit jaloesie gebore is. Dawid het in Nob aangekom, wat ongeveer 12 myl van Jerusalem af was. Aan Dawid en sy verhongerde manskappe is deur die priester, Abimeleg, toonbrode gegee, om te eet onder die besondere omstandighede. Dawid was sonder swaard, en die priester het die swaard van Goliat aan Dawid gegee. Later het Dawid in die land van die Filistyne, in Gat, beland. Hulle het hom herken, maar deurdat Dawid gemaak het asof hy kranksinnig is, het hulle Dawid laat gaan. Toe vlug Dawid na die spelonk van Adullam, waar ongeveer 400 man, insluitende 'n aantal familielede, hulle by Dawid aangesluit het.

Toe Dawid hoor dat die Filistyne Kehila, 'n versterkte stad (van die stam van Juda) plunder, het hy met omtrent 600 volgelinge die Filistyne gaan verslaan. Saul het gemeen hy sou Dawid in Kehila vaskeer, maar Dawid het uit Kehila ontsnap. Dawid vlug toe na die bergvestings van Engedi, in die spelonk. Dawid en sy manskappe was agter in die spelonk, terwyl Saul voor in die spelonk was. Saul het homself ontlas. Daar het Saul sy voete bedek. Dawid het stilletjies agter uit die spelonk gekom en 'n slip van die mantel van Saul afgesny. Daarna het Saul uit die spelonk uitgegaan en ook Dawid. Buitekant die spelonk roep Dawid toe op eerbiedige wyse na Saul en sê dat hy geen kwade gevoel teen hom het nie. Hy kon Saul doodgemaak het, maar het dit nie gedoen nie.

Dawid en sy manskappe is toe in die rigting van Karmel waar 'n ryk maar baie norse, dranksugtige veeboer, Nabal, weier om hom van voedsel te voorsien, hoewel Dawid se manne vriendelik was teenoor Nabal se veewagters. Dawid, met ongeveer 400 man, was op pad om Nabal te straf, maar Nabal se verstandige vrou, Abigail, het Dawid tegemoet gegaan met voldoende voedsel, en verskoning

gevra vir die onbeskoftheid van haar man. Na Nabal se skielike dood kort daarna is Dawid met Abigail getroud.

**VRAE**

1. Noem die verskillende plekke waar die voortvlugtige Dawid aangekom het.
2. Wat het in Nob plaasgevind?
3. Wat het in die Filistynse stad, Gat, plaasgevind?
4. Wat het plaasgevind in die spelonk van Engedi?
5. Waarom wou Dawid vir Nabal kom straf, en wie het die straf afgeweer?

## BYBELLES 36: SAUL SE DOOD

Lees gedurende die week: 1 Sam. 26; 28; 31; 2 Sam. 1-2.

### DAWID SPAAR WEER SAUL SE LEWE. SAUL RAADPLEEG DIE TOWERHEKS VAN ENDOR.

Die Sifiete het aan Saul gesê dat Dawid in die woestyn Sif is. Saul agtervolg hom toe daarheen. Dawid en sy verkenners het opgelet waar Saul en sy leërowerste, Abner, gaan slaap het. Dawid met Abisai het stilletjies in die nag gekom en Saul se spies en waterkruik geneem. 'n Hele end daarvandaan roep Dawid toe na Saul se leërowerste, Abner, en wys die goed wat geneem is toe hulle aan die slaap was! Hy kon Saul in sy slaap gedood het, maar het dit nie gedoen nie. Die Filistyne het hulle klaargemaak om weer teen Israel te veg. Samuel was toe al dood. Saul het na die Here geroep om raad, maar God het Saul nie geantwoord nie. Saul raadpleeg toe 'n vrou, 'n dodebesweerster in Endor, hoewel hy vroeër dodebesweersters en waarsêers in Israel uitgeroei het. Hierdie soort mense se praktyk was 'n gruwel in Gods oog. Die dodebesweerster sien toe 'n ou man wat soos Samuel lyk. Die Here het seker die gees van Samuel toegelaat om daar te verskyn onder die besondere omstandighede, want die geestelike gedaante van Samuel het aan Saul bevestig dat God hom verwerp het en aan Dawid die koningskap gegee het; verder, dat die Filistyne die oorwinning sou behaal en dat Saul en sy seuns die volgende dag gedood sou word.

### DIE FILISTYNE VERSLAAN ISRAEL. DOOD VAN SAUL EN SY SEUNS.

Die Filistyne het Israel inderdaad verslaan. Saul en sy seuns het gevlug, maar is ingehaal op die gebergte Gilboa en het daar omgekom. Saul het in sy eie swaard geval en so gesterf.

### DAWID SE KLAAGLIED OOR SAUL EN JONATAN

Die groothartige Dawid het 'n treffende klaaglied geskryf oor Saul, sy vyand; ook oor Jonatan, sy getroue vriend. Na die dood van Saul is Dawid aanvanklik net deur die stam van Juda as koning erken, oor wie hy sewe en 'n half jaar in Hebron regeer het. Isboset, die seun van Saul het oor die ander stamme (Israel) twee jaar lank regeer.

**VRAE**

1. Waar het Dawid Saul se lewe 'n tweede keer gespaar?
2. Wat is aan Saul bekend gemaak toe die gedaante van Samuel aan hom verskyn het?
3. Waar en hoe het Saul en sy seuns omgekom?
4. Watter groothartige daad het Dawid gedoen na die dood van Saul en Jonatan?

## BYBELLES 37: AL DIE STAMME ERKEN DAWID AS KONING

Lees gedurende die week: 2 Sam. 3; 5; 6; 9.

### DAWID WORD UITEINDELIK DEUR AL DIE STAMME AS KONING ERKEN

Dawid het 'n afkeer gehad van iets wat gemeen was. Daarom was hy diep bedroef oor die moord op die leërowerste van die huis van Saul, Abner, deur sy krygsmanne Joab en Abisai, asook oor die moord op Isboset, wat twee jaar lank regeer het oor die elf stamme.

Die sluipmoordenaars van Isboset is dadelik op Dawid se bevel doodgemaak. Na hierdie gebeure het al die stamme Dawid as koning erken. Dawid het toe verhuis na Jerusalem. Hy was 30 jaar oud toe hy koning geword het. Dawid het altesaam 40 en 'n half jaar regeer, sewe en 'n half jaar in Hebron, en 33 jaar in Jerusalem oor die hele volk.

### DAWID WIL DIE VERBONDSARK NA JERUSALEM BRING. USSA WORD EGTER SKIELIK GEDOOD EN DIE VERVOER VAN DIE VERBONDSARK WORD DRIE MAANDE UITGESTEL.

Ussa het doodgeval omdat hy aan die ark geraak het met sy hand. Die verbondsark is vervoer op 'n wa, getrek deur osse. Toe daar gevaar was dat die ark sou val, het Ussa met sy hand gekeer. Daarom is hy deur die Here gedood. Volgens God se bevel moes die verbondsark gedra word deur Levitiese priesters met houte wat

deur ringe aan die kante van die verbondsark gesteek is. Na drie maande is die verbondsark na Jerusalem vervoer volgens die voorskrifte van die Here. Alles het toe voorspoedig gegaan, met groot vreugdebetoon.

**DAWID SE GOEDGESINDE DAAD TEENOOR MEFIBOSET, 'N SEUN VAN JONATAN.**
Hierdie mooi verhaal van hoe Dawid 'n seun van Jonatan, wat gebreklik was, lam was aan albei sy voete, altyddeur aan sy tafel laat eet het as 'n koningseun, word vertel in 2 Sam. 9. Lees die mooi verhaal.

**VRAE**

1. Hoe lank het Dawid oor Juda regeer, en waar?
2. Hoe lank het Dawid oor al die stamme regeer, en waar?
3. Waarom is Ussa oombliklik gedood toe die verbondsark op 'n nuwe wa vervoer is?
4. Hoe moes die verbondsark volgens goddelike voorskrif vervoer word?
5. Wie was Mefiboset, en hoe het Dawid sy goedgesindheid teenoor hom geopenbaar?

## BYBELLES 38: DAWID VAL IN SONDE. SY OPREGTE BEROU

Lees gedurende die week: 2 Sam. 10-12; 15.

**DAWID PLEEG OWERSPEL EN MOORD.**
In 2 Sam. 11 word vertel van hierdie groot sonde van Dawid, wat anders so voortreflik en goed was. Telkens het hy Saul se lewe gespaar. Hy het diep berou gekry toe Abner, die leërowerste van die huis van Saul, vermoor is deur sy krygsmanne. Hy het die sluipmoordenaars wat sy teenstander (koning Isboset, die seun van Saul) vermoor het met die dood gestraf. Maar nou pleeg Dawid owerspel met die vrou van 'n getroue onderdaan, Uria. Boonop is Uria op die voorpunt van die hewigste geveg geplaas, op Dawid se bevel, sodat hy in die slag kon sneuwel. Dit gebeur toe, en Dawid neem Uria se vrou, Batseba vir homself. Dit is 'n waarskuwing want dit het met Dawid gebeur en kan met enige mens gebeur wat 'n sondige begeerte in sy lewe plek gee en koester.

DAWID BELY SY SONDE EN SY STRAF WORD AANGEKONDIG. Wat Dawid gedoen het, was verkeerd in die oë van die Here. Daarom het die Here die profeet Natan na Dawid toe gestuur. Natan het 'n gelykenis uitgespreek voor Dawid: *Daar was 'n ryk man wat besoek ontvang het. Hy wou egter nie sy eie*

*vee slag nie, maar het die enigste ooilammetjie van 'n arme geneem. Wat moet met so* 'n *man gedoen word? vra die profeet. Dawid antwoord: Hy moet gedood word en boonop viervoudig vergoeding doen! U is die man sê die profeet aan Dawid, u wat Uria se vrou gevat het en hom gedood het!*

Toe kondig Natan God se straf oor Dawid aan: *God sal uit sy huis onheil oor hom verwek en ander strawwe sou volg. Ek het gesondig teen die Here het Dawid uitgeroep.* God het Dawid vergewe, maar die gevolge van sy sonde sou hom tref.

### OPSTAND VAN ABSALOM, DAWID SE SEUN. VLUG VAN DAWID

Hierdie verhaal word vertel in 2 Sam 15. Deur vleiery het Absalom baie mense afvallig van sy vader Dawid gemaak en na homself getrek. Spoedig het die onheil uit Dawid se huis hom getref as gevolg van sy sonde. Absalom wou Dawid onttroon. Dawid moes vlug, saam met diegene wat getrou by hom gestaan het. Baie trane is deur die volk en veral ook deur Dawid gestort toe hulle gevlug het na die woestyn. Die koning het soos 'n gebroke boeteling, met bedekte hoof, kaalvoet en al huilende gevlug. Die verraad van 'n seun en van onderdane wat vroeër getrou was, het hom diep gegrief maar hy het besef dat dit die gevolg van sy sonde was. Dawid se boetelied in Psalm 51 handel oor sy egbreuk en sy belydenis van die sonde. In Psalm 32 skryf Dawid oor die vreugde van vergifnis wat op ware berou volg.

**VRAE**

1. Watter gebod van die Tien Gebooie het Dawid oortree?
2. Watter plan het Dawid gemaak om Uria te laat sneuwel?
3. Watter gelykenis het Natan aan Dawid voorgedra, en met watter doel het hy dit gedoen?
4. Watter straf is aan Dawid aangekondig en in watter woorde het hy skuld beken?
5. Wat was Dawid se gemoedstoestand toe hy vir Absalom gevlug het?
6. Watter verband is daar tussen die egbreuk van Dawid en Psalm 51 en Ps. 32?

## BYBELLES 39: SALOMO

Lees gedurende die week: 1 Konings 1-4.

## SALOMO VOLG DAWID OP. SY DROOMGESIG IN GIBEON. HY VRA WYSHEID.

Koning Dawid was oud en swak; reeds sowat 69 jaar. Hy moes in die bed bly. Dawid se seun Adonia, 'n jonger broer van Absalom, 'n man van mooi gestalte, het probeer om koning te word. Sy plan het misluk en Salomo is aangewys as die wettige opvolger van Dawid, met goedkeuring van die Here. Voor sy dood het Dawid sy seun, Salomo, as die nuwe koning vermaan om te wandel in die weë van die Here en om die verordeninge van God, soos opgeteken deur Moses, te onderhou. Dan sou hy voorspoedig wees.

Een van Salomo se eerste dade word vermeld in 1 Kon. 3:4. Daar word gespreek van 'n menigte brandoffers wat hy aan die Here geoffer het in Gibeon. Gibeon was toe die middelpunt van die godsdiens, omdat die ou tabernakel in die tyd in Gibeon gestaan het (1 Kronieke 16:37-40). Voor daardie tyd was die tabernakel in Silo opgerig (Josua 18:1).

Dieselfde nag het God aan Salomo verskyn en gesê: *Begeer wat Ek jou moet gee*. Hy het nie rykdom of 'n lang lewe begeer nie, maar wysheid vir sy werk. Dit was 'n goeie begeerte, en God het hom groot wysheid gegee. Sy wysheid is geopenbaar toe twee vroue stry gekry het oor 'n kind. Een vrou het gesê dat die ander vrou haar dooie kind stilletjies in die nag omgeruil het vir haar lewendige kind. Toe sê die koning: *sny die lewendige kind middeldeur, en gee die helfte aan elkeen van die vroue!* Die een vrou het gesê: *goed, sny deur; maar die ander vrou het gesê: nee, dan maar liewer die kind aan die ander vrou gee.* Toe sê die koning: *hierdie laasgenoemde vrou is die ware moeder van die kind.* Van orals, ook van vêr, het mense gekom om na die wysheid van Salomo te luister en om aan hom vrae te stel.

Die boeke Spreuke, Prediker en Hooglied van Salomo is van hierdie wyse koning afkomstlg. In Psalm 72 spreek Dawid van die heerlikheid van die van Salomo, wat 'n beeld is van die ryk van die Messias, Jesus Christus, die Een wat groter is as Salomo.

**VRAE**

1. Watter vermaning het Dawid aan Salomo gegee voor sy dood?
2. Wat was een van Salomo se eerste godsdienstige dade, en waarom het Salomo daarvoor na Gibeon gegaan?
3. Wat het Salomo in sy droomgesig in Gibeon begeer van God?
4. Watter voorval het die wysheid van Salomo aan die lig gebring?
5. Watter Bybelboeke is van Salomo afkomstig?

## BYBELLES 40: JOB WORD IN SWARE BEPROEWING GEBRING

Lees gedurende die week: Job 1-6.

### JOB WORD SWAAR BEPROEF.

Job was 'n werklike persoon. (Eseg. 14:14; Jakobus 5:10), wat gewoon het in die land Us, in die Ooste, 'n landstreek in daardie dele waarvandaan Abraham oorspronklik gekom het. (Elihu wat met Job geredeneer het (32:2) was moontlik 'n familielid van Abraham). Die gedagte is dat Job geleef het in die tyd van Isak, nog voor Moses. Dus iemand uit die oudheid. Hy was godvresend en het die kwaad vermy. Hy was baie ryk. Hy was die vader van sewe seuns en drie dogters. Satan het Job by God aangekla as 'n selfsugtige persoon, wat die Here dien net vir tydelike voordeel. Toe het God toegelaat dat Job al sy rykdom verloor en ook sy kinders. Job het hom geduldig onderwerp aan hierdie beproewing.

Toe sê Satan: *As Job se liggaam aangetas word, sal hy God vloek*. Toe laat God Satan toe om 'n vreeslike siekte oor Job te bring. Bose swere. Sy vrou vra toe vir Job: *Volhard jy nog om God te dien*? Job se antwoord was: *Sal ons dan net die goeie van God aanneem, en nie ook die slegte nie*? Job is besoek deur sy drie vriende, Elifas, Bildad en Sofar. So vreeslik was Job se siekte dat hulle hom nie herken het nie. Hulle het geween en het by hom op die grond gaan sit. In sy smarte het Job gewens dat hy nooit gebore is nie. Dit was maar menslik om so te spreek.

### JOB SE LYDING WAS NIE DIE GEVOLG VAN SONDE IN HOM NIE.

Die drie vriende van Job het dit goed bedoel met hul besoek aan hom, maar hul oordeel oor die oorsaak van die lyding van Job was verkeerd. Elifas het gesê dat geen onskuldige man ooit vergaan het nie, en dat dit die goddelose mense is wat ly vanweë hul sonde (4:7-11).

In hoofstuk 5:1-8 sê Elifas verder dat die wat onreg doen altyd gestraf word, hoewel hulle vir 'n tyd skynbaar voorspoedig is. Hierdeur het hulle duidelik te kenne gegee dat dit sonde in Job was wat oorsaak is van sy rampe. Job ontken dit en sê: *toon my waarin ek gesondig het, as julle kan, en ek sal my sonde bely.*

Hier leer ons die groot les dat siekte en lyding nie altyd die oorsaak van bepaalde sondes is nie, maar soms deur God toegelaat word om ons geloof en volharding te toets, soos ook duidelik blyk in Job 1 en 2. Daar getuig God self van Job se vroomheid en opregtheid.

**VRAE**

1. Noem die spesifieke gedeelte in Esegiël en Jakobus waar van Job gepraat word.

2. Ongeveer wanneer het Job geleef, en waar?
3. Hoe groot was sy huisgesin en sy besittings?
4. Op watter aanklag van Satan het God toegelaat dat Job sy kinders en sy goed verloor het? En ook sy gesondheid?
5. Wat was Job se antwoord toe sy vrou aan hom sê: Volhard jy nog om God te dien?
6. Watter verkeerde gedagtes was daar by die vriende van Job oor die oorsaak van sy beproewings?

## BYBELLES 42: DIE KOMS VAN JESUS CHRISTUS VOORSPEL

Lees gedurende die week: Gen. 3:1-15; Jes. 7:1-14; 9:1-6; 11:1-9; Luk.1:5-25, 57-66; Matt. 3:1-12; Joh. 1:15-34, Matt. 11:1-15, 14:1-13.

### DIE BELOFTE VAN ’N SALIGMAKER

(Gen. 3:1-15; Jes. 7:1-14; 9:1-6; 11:1-9). *Jesus Christus* is die middelpunt van die Nuwe Testament. As Christus nie gebore was nie, sou daar geen Nuwe Testament gewees het nie. Eeue voor die geboorte van Christus is daar voorspel dat Hy sou kom. In Gen. 3:15 vind ons die eerste belofte van ’n Saligmaker. God die Vader het hierdie belofte gemaak net na die sondeval van Adam en Eva. God het gesê dat Hy vyandskap stel tussen die slang (die instrument wat Satan gebruik het) en die vrou, en tussen hulle saad, en dat die saad van die vrou, nl. *Jesus Christus* (Gal. 4:4), eenmaal die kop van die slang sal vermorsel.

In die loop van die jare is hierdie belofte van ’n Saligmaker telkens herhaal. Veral die profeet Jesaja het duidelike voorspellings gedoen omtrent die Verlosser. In Jes. 7:1-15 word gesê dat die Verlosser uit ’n maagd gebore sal word, en dat dit ’n wonderwerk van God sal wees. In Jes. 9:1-6 word gesê dat die koms van die Verlosser soos ’n lig in die duisternis sal wees, en die name waarby Hy genoem word wys dat Hy niemand minder as God is nie. Hy sal genoem word: *Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors.* In Jes. 11:1-9 sien ons *dat Hy die volheid van die Heilige Gees sal hê; dat sy koninkryk een van geregtigheid sal wees, en dat sy regering vredevol en voorspoedig sal wees.*

### DIE VOORLOPER VAN DIE SALIGMAKER, NL. JOHANNES DIE DOPER

(Luk. 1:5-25, 57-66). — Hierdie Johannes was ’n kind van belofte. Sagaria, ’n sekere priester, het om ’n kind gebid. Hy en sy vrou, Elizabeth, was reeds ou mense. Die engel Gabriël het aan Sagaria kom bekendmaak dat sy vrou ’n kind sou baar. Die kind is toe gebore en hy is Johannes genoem. Die naam Johannes

beteken *'n gawe van God*. Johannes is streng opgevoed as 'n nasireër, d.w.s. hy moes geen sterk drank drink nie. Van kleins af sou hierdie kind vervul wees met die Heilige Gees. Dit bewys dat God vir die kind 'n besondere werk gehad het. Van kleins af het die seën van God op hom gerus.

## JOHANNES SE PREDIKING EN GETUIENIS AANGAANDE CHRISTUS JESUS — BY DIE JORDAAN (MATT. 3:1-12; JOH. 1:15-34).

Toe Johannes groot was, het hy sy werk begin. Nie in dorpe of stede nie, maar in die woestyn van Judéa begin hy werk. Sy kleed was van kameelhare, en om sy heupe het hy 'n leergordel gedra. Sprinkane en wilde heuning was sy kos. Deurdat daar gedurende 400 jaar geen profeet in Israel opgestaan het nie, was die mense baie bly toe daar weer 'n profeet van God opgestaan het, nl. Johannes. Daarom het die mense na die woestyn gestroom om sy boodskap te hoor.

Hy was 'n baie ernstige prediker en het die mense tot bekering vermaan. Omdat hy mense gedoop het, is hy Johannes die Doper genoem. Sy doop word genoem die doop van *bekering*. Nadat mense hul sondes bely het, het Johannes hulle gedoop. Johannes wat kort voor die Here Jesus gebore is, was *die voorloper of wegbereider van Jesus*. Jesaja het dit voorspel (Matt. 3:3). Johannes was die man wat Jesus moes voorstel aan die mensdom. Johannes was oorkant die Jordaan besig, naby die rivier, waar hy mense gedoop het. Toe hy die Here Jesus daar sien, het hy uitgeroep: *Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.*

Sommige mense het gemeen dat Johannes miskien die beloofde Verlosser is, maar hy het gesê: *Nee, nie ek nie, maar Jesus Christus*. Op die versoek van Jesus het Johannes Hom gedoop, hoewel Johannes dit eers nie wou doen nie.

## JOHANNES SE VERDERE GESKIEDENIS (MATT. 11:1-15; 14:1-13)

Later is Johannes in die gevangenis gesit deur Herodes, die viervors, omdat hy sonde in sy lewe bestraf het. Op bevel van hierdie Herodes is Johannes toe onthoof. Dit het plaasgevind in Galiléa.

### VRAE

1. Noem 4 plekke in die Ou Testament waar van 'n beloofde Verlosser gespreek word.
2. Wie se kind was Johannes en hoe is hy opgevoed?
3. Waar het hy gepreek en waarom het die mense in groot getalle na hom gegaan?
4. Wat het Johannes van Christus gesê toe Hy Hom sien?
5. Wat was Johannes se einde?

## BYBELLES 43 DIE GEBOORTE VAN JESUS – SY JEUG.

Lees gedurende die week: Matt. 1:1-23; 1:26-38; 2:1-20, 21-40; Matt 2:1-12, 13-23; Luk. 2:41-52

### DIE GEBOORTE VAN JESUS CHRISTUS IN BETHLEHEM (MATT. 1:1-23; LUK. 1:26-38; 2:1-20)

Die geboorte van die Verlosser is die belangrikste geboorte wat ooit plaasgevind het. Die engel Gabriël het aan die jong vrou Maria gesê dat sy die Verlosser sou baar. Sy geboorte sou op bonatuurlike wyse bewerkstellig word deur die Heilige Gees. Josef was tevrede toe aan hom verduidelik is wat met Maria gebeur het. Hy moes die Kindjie Jesus noem, wat Saligmaker beteken. Josef was uit die geslag van Dawid. Maria ook (Rom. 1:3).

As gevolg van 'n volkstelling is Jesus in Bethlehem gebore, in 'n stal, en in 'n krip neergelê. Dit was in die nag dat hy (*die Lig van die wêreld*) gebore is. Die goeie tyding van groot blydskap is deur 'n engel aan herders wat in daardie landstreek hul skape opgepas het, gebring. Skielik het 'n groot engelekoor God geprys deur te sing: *Eer aan God in die hoogste hemele*. Die Herders het gehaas na Bethlehem, die Kindjie gesien, en vol blydskap teruggekeer na hul skape. Toe die Kindjie 8 dae oud was, is Hy besny en Jesus genoem.

### JESUS SE VOORSTELLING IN DIE TEMPEL IN JERUSALEM. TWEE OU MENSE SIEN HOM EN IS BLY (LUK. 2:21-40).

Veertig dae later is die Kindjie (volgens die Wet) na die tempel in Jerusalem geneem en aan God gewy. Vir rykes was die offerande by so 'n geleentheid 'n lam, maar omdat die Kindjie se ouers arm was, is twee jong duiwe gebruik. Toe die vrome ou Simeon die Kindjie sien, het hy Hom in sy arms geneem, aan sy hart gedruk en gesê: *Here, laat my nou maar sterf, want ek het die Verlosser gesien*. Die Heilige Gees het vroeër aan Simeon geopenbaar dat hy voor sy dood die Verlosser sou sien.

Toe die ou moeder Anna, 'n weduwee van oor die tagtig jaar die Kindjie sien, het sy haar ook verbly, en van Hom gepraat met almal in Jerusalem wat die Verlosser verwag het.

### WYSE MANNE KOM AAN IN JERUSALEM. DIE KINDERMOORD. DIE VLUG NA EGIPTE, EN TERUGKEER (MATT. 2:1-12, 13-23).

Wyse manne het in die Ooste 'n besondere ster gesien. Dit was vir hulle 'n teken dat die Messias gebore is. In Jerusalem aangekom, doen hulle navraag. Herodes was ontsteld. Weer het die ster verskyn en die wyse manne na Bethlehem gelei.

Hulle was verheug en het hulde aan die Kindjie gebring. Hulle het egter met 'n ander pad teruggegaan na hul land, en nie na Herodes teruggekeer nie. Toe beveel Herodes dat alle seuntjies van twee jaar en jonger doodgemaak moes word. Josef is egter deur 'n engel beveel om met die Kindjie en sy moeder na Egipte te vlug. Later het hy teruggekeer en in Nasaret gaan woon. Daarom is Jesus ook Nasaréner genoem.

### DIE TWAALF-JARIGE JESUS IN JERUSALEM (LUK. 2:41-52).

Een gebeurtenis in die vroeë jeug van die Wonderkind word vertel in Luk. 2:41-52. Toe Hy 12 jaar oud was, is die Kind saam met sy ouers na Jerusalem vir die Paasfees. Op hulle terugreis, na 'n dagreis vind die ouers uit dat die Kind nie onder die terugkerendes is nie. Hulle het eers gemeen Hy is maar êrens onder die mense. Hulle is haastig terug na Jerusalem. Na drie dae kry hulle die Kind in die tempel, waar Hy besig was om aan die leraars vrae te stel. Die Wonderkind was op die regte plek (in die tempel), in die egte geselskap (onder die leraars) besig met die regte werk (Bybelstudie).

**VRAE**

1. Watter Naam moes Josef aan die Kindjie wat gebore sou word. Gee en wat beteken dié Naam?
2. Waar is die Kindjie gebore, en noem sommige dinge wat op dié nag van sy geboorte plaasgevind het?
3. Vertel van sy besnydenis en later sy voorstelling in die tempel.
4. Vertel van Simeon en Anna, en die wyse manne.
5. Wat het gebeur toe Jesus 12 jaar oud was?

## BYBELLES 44: VOORBEREIDING EN BEGIN VAN JESUS SE OPENBARE BEDIENING

Lees gedurende die week: Matt. 3:13-17; Joh. 1:15-34; Matt. 4:1-13, Joh. 1:35, 52; 2:1-11, 2:12-25, 4:1-3, Matt 4:12-25, 10:2-4; Luk 6:12 -16

### DIE DOOP VAN JESUS — IN DIE JORDAAN. SY VERSOEKING IN DIE WOESTYN – WAARSKYNLIK WOESTYN VAN JUDEA (MATT. 3:13-17; JOH.1:15-43 ?; MATT 4.1-13; LUK 4:1-13.)

Jesus is deur Johannes die Doper gedoop. Uit 'n gevoel van onwaardigheid het Johannes teruggedeins toe Jesus na hom gekom het om gedoop te word, maar hy het toegestem omdat die Here dit versoek het *ten einde alle geregtigheid te vervul.*

Nadat Jesus gedoop is, het die Heilige Gees, soos 'n duif, in sy volheid op Hom neergedaal; en 'n stem uit die hemel het gesê: *U is my geliefde Seun*. Johannes die Doper het toe daar van Christus getuig: *Daar is die Lam van God.*

Na sy doop is Christus na die woestyn (in Judéa) om versoek te word deur Satan vir 40 dae en 40 nagte. Al Satan se versoekings is afgewys met antwoorde deur Christus uit Gods Woord.

## JESUS SE EERSTE DISSIPELS. EERSTE WONDERWERK IN KANA. HY GAAN NA KAPERNAUM. OOK NA JERUSALEM. TERUG NA GALILÉA (JOH. 1:35-52; 2:1-11; 2:12; 4:1-3)

Na die versoeking het Andreas en sy broer, Simon Petrus, met Jesus kennis gemaak naby die Jordaan. Die volgende dag (Joh. 1:44) het Jesus na Galilea vertrek. Op weg daarheen het Filippus en Natanael tot hulle blydskap met Jesus kennis gemaak. Te Kana in Galilea het die Here sy eerste wonderwerk gedoen deur op 'n bruilof water in wyn te verander toe die mense in verleentheid was. Daarna is die Here na Kapernaum, Saam met sy moeder, broers en dissipels. Aangesien die Paasfees naby was, het die Here opgegaan na Jerusalem in Judea vir die viering (Joh. 2:12-13)

## JESUS BEGIN SY OPENBARE WERK IN GALILEA. SY 12 APOSTELS (MATT. 4:12-25, 10:2-4, LUK. 6:12-16). NA SY KORT BESOEK AAN JERUSALEM IS JESUS TERUG NA GALILEA.

Hy het deur Samaria daarheen gegaan, en dis toe dat Hy met die Samaritaanse vrou gepraat het en sy en ander Samaritane tot bekering gekom het (Joh. 4:12-42).

In Galilea aangekom, het die Here voortaan in Kapernaum gaan woon (Matt. 4:13). Toe begin die Here sy openbare werk in Galilea in alle erns.

*Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom* was sy groot boodskap daar. Toe het die Here die broers Petrus en Andreas, en ook die broers Jakobus en Johannes (die seuns van Sebedeus) geroep om Hom te volg. Groot skares het na die Here gestroom, van orals af in Palestina.

Later het die Here uit sy volgelinge 12 apostels gekies, na 'n nag van gebed.

### VRAE

1. Waarom is Jesus gedoop, en wat het gebeur by sy doop?
2. Vertel van die versoeking van Jesus deur Satan.
3. Noem vier van die eerste dissipels van Jesus.
4. Waarom het die Here na Jerusalem gegaan en wat het daar plaasgevind gedurende sy kort besoek?

5. Watter groot boodskap het Jesus in Galilea gebring?
6. Noem die name van sy 12 apostels.

## BYBELLES 45: DIE BERGPREDIKASIE NABY KAPERNAUM

Lees gedurende die week: Matt. 5; 6;7

### WAT BEOOG DIE HERE JESUS MET DIE BERGPREDIKASIE?

Hierdie belangrike onderwysing van die Here is uitgespreek naby Kapernaum in Galilea. In Galilea was die groot boodskap van die Here *die Koninkryk van die hemele*. In die bergpredikasie (so genoem omdat die Here op 'n berg of heuwel hierdie rede gehou het) handel die Meester oor die beginsels van die koninkryk van God en die eise wat dit vir die mens stel.

Die inhoud van Matt. 5. In die 9 saligsprekings sê die Here *hoe die mens gelukkig kan wees*. Die mens moet sy vreugde, in die regte gesindheid, in *die Here*, en in *die dinge van die Here* soek. Gelukkig is *die mens wat hom onwaardig voel, wat treur (oor sy sonde)*, *wat sagmoedig* is, *wat dors na God*, *wat barmhartig* is, wat *rein van hart* is, wat *vredeliewend* is, *wat ly vir Gods saak* (5:1-12). Die lewe van die Christen moet wees *soos sout wat kos vars hou*; *soos lig wat duisternis* verjaag (5:13-16). Ander belangrike sake word genoem in die res van die hoofstuk (5:17-48), soos die volgende:

Die Here bou voort op die Ou Testament en Sy sedelike vereistes wat gehoorsaam moet word; ware godsvrug is 'n saak van die hart; tussen mens en die mens moet daar vrede wees; die gevaar van verleiding deur die oog; heiligheid van die huwelik; die mens moet opreg meen wat hy sê, die mens moet hulpvaardig wees; sy vyand selfs liefhê en vir hom bid.

### DIE INHOUD VAN MATT. 6

Hier volg 'n kort opsomming van Matt. 6. *Deur sy liefdadigheid moet die mens Gods eer soek, en nie om deur mense gesien te word* nie (1-4).

Die mens moet ook *nie bid om gesien te word nie*, maar binnekamer toe gaan om gemeenskap met God te hê. Die Here gee ons die *Onse Vader-gebed* as 'n model-gebed. Daarin spreek ons tot God as Vader wat hoog verhewe is, en vra dat Sy saak voorrang sal hê op aarde; daarin bid ons om ons daaglikse brood; ook om vergifnis en om self vergewensgesind te wees en om bewaring teen die Satan, omdat God magtig is om dit te doen. (6:5-15) Verder, diens aan God moet *bereidwillig en blymoedig* gedoen word (6:16-18).

Hierna vermaan die Here ons om *skatte in die hemel* bymekaar te maak, waar dit veilig is; en nie die liefde tot aardse besittings tussen God en ons te laat staan nie, omdat niemand twee here kan dien nie.

Die Christen mag hom *nie oor die tydelike dinge kwel nie*, omdat God, ons hemelse Vader, sal sorg. Ons moet eers *die koninkryk van God soek: Gods saak, Gods eer, Sy verheerliking*. Dit is hoofsaak, sê die Here, dan sal die Here in ons tydelike behoeftes voorsien (19-34)

### DIE INHOUD VAN MATT. 7

Die Here waarsku teen ’n *eiegeregtige, haastige veroordeling van ’n medemens* (7:1-5); die mens moet ook *versigtig wees om wat heilig is nie te verontheilig nie* (vers 6). Weer beklemtoon die Here die *noodsaaklikheid van die gebed*: *Bid, soek, klop*, sê Hy, want die bidder sal nie tevergeefs bid nie (7-11). Daarna gee die Here hierdie gulde reël: *Doen aan ’n medemens, soos jy wil dat hy aan jou moet doen* (12).

Hierna vermaan die Here sy volgelinge om *die nou pad na die hemel te bewandel*, en om *op te pas vir valse profete*, wat met skoonklinkende woorde kom, maar wie se leer soos ’n slegte boom, weldra slegte vrugte dra, en oor wie Gods oordeel sal kom (13-20). Net die opregte dissipel van die Here sal gered word, nie hy wat sê: *Here, Here* nie; maar wat Gods wil doen. Daardie dissipel is soos ’n wyse mens, *wat sy huis op ’n rots bou* en wat staande sal bly, al waai woeste storms (21-29).

**VRAE**

1. Wat het die Here met die bergrede beoog?
2. Noem die nege saligsprekings.
3. Watter vereistes stel die Here aan ons lewe as Hy sê dat die Christen soos sout en lig moet wees?
4. Noem die hoofpunte in die Onse Vader-gebed.
5. Waar moet die Christen sy skatte versamel en waarom?
6. Watter vermaning gee die Here in Matt. 6:33?
7. Waarmee vergelyk die Here ’n dissipel wat Gods wil doen?

## BYBELLES 46: DIE HERE SE GESPREK MET NIKODEMUS – IN JERUSALEM

Lees gedurende die week: Joh. 3.

## NIKODEMUS HET JESUS IN DIE NAG GAAN BESOEK.

Die gesprek van die Here met Nikodemus het in Jerusalem plaasgevind. Wie was Nikodemus? Hy was 'n Fariseër en lid van die Joodse Raad; 'n leraar. Dus 'n fatsoenlike man wat hoog aangeskryf gestaan het onder die Jode. Hy is diep getref deur die woorde en wonderwerke van die Here. Omdat Nikodemus bang was om openlik in die dag met Jesus te gaan praat, het hy stilletjies in die nag gegaan. Nikodemus het onrustig oor sy eie geestelike toestand gevoel. Hy het na voorligting verlang. Hy het gegaan na die Persoon (Jesus) wat hom kon help.

## DIE HERE LEER NIKODEMUS WAT NODIG IS OM GODS KONINKRYK IN TE GAAN.

Toe Nikodemus by Jesus kom, het hy verklaar dat hy glo dat Hy van God kom en dat God met Hom is. Dadelik het die Here begin met die onderrig wat Nikodemus nodig het. Hy het gesê, *dat die mens weer gebore moet word, anders kan hy nie die koninkryk van God sien nie*. M.a.w. *sonder die wedergeboorte kan die mens nie die geestelike dinge verstaan en daaruit geestelike voordeel trek nie.* Verbaas vra Nikodemus, hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Die Here het nie van die natuurlike- nie, maar van die geestelike geboorte gepraat wat deur die Heilige Gees geskied. Daarsonder kan die mens ook nie in die koninkryk van God ingaan nie.

Nikodemus bly nou stil en luister na Jesus, wat sê: om geestelike dinge te verstaan, moet die mens deur die Heilige Gees weergebore word. Daarsonder bly die mens vleeslik, verstaan nie die geestelike dinge nie, en is buitekant die koninkryk van God; Daarom, so sê die Here, moet die mens weer gebore word, en wel deur Heilige Gees. Hierdie werk van *wedergeboorte*, sê die Here, is 'n wonderwerk wat die mens nie met sy verstand kan begryp nie.

*Hoe kan hierdie dinge gebeur*? vra Nikodemus. 'n Belangrike vraag wat die Here beantwoord deur te sê dat dit *deur die geloof* geskied, maar die geloofsoog moet op Jesus as die Verlosser gerig wees. Soos die slang in die woestyn op 'n paal verhoog is, net so moet Jesus verhoog word aan die kruis. Elkeen wat gelowig op Hom sien, word weer gebore, en gaan nie verlore nie. Die bron van hierdie verlossing deur geloof in Christus, is die liefde van God vir die wêreld (Joh. 3:16-17). *Die wat in Christus glo, word gered, en nie veroordeel nie, maar die wat nie glo nie, gaan verlore*. So het Christus gesê in Joh. 7.50-52

### NIKODEMUS HET DIE LEER VAN CHRISTUS AANGENEEM.

In Joh. sien ons dat Nikodemus nie saamgestem het met die veroordeling van Jesus deur die Fariseërs nie. In Joh. 19:39-42 sien ons dat Nikodemus saam met Josef van Arimathea openlik deelgeneem het aan die begrafnis van Jesus. Die liefdevolle arbeid van die Here aan Nikodemus was dus nie tevergeefs nie.

**VRAE**

1. Wie was Nikodemus?
2. Waarom het hy na Jesus gegaan?
3. Wat het die Here gesê van iemand wat nie weer gebore is nie?
4. Wat is die wedergeboorte en hoe kan dit in die lewe van die mens geskied?
5. Wat word van die mens wat nie in Christus glo nie?
6. Watter bewys kan u lewer dat Nikodemus die leer van Christus aangeneem het?

## BYBELLES 47: SENDING VAN DIE TWAALF APOSTELS IN GALILEA

Lees gedurende die week: Matt. 9:35, 11:1; Mark. 6:7-13; Luk 9:1-6.

### DIE HERE BEKLEE SY APOSTELS MET GESAG – STUUR HULLE UIT MET 'N BOODSKAP EN OPDRAG TOT KRAGTIGE DADE.

Die Here het sy 12 apostels na Hom geroep en hulle met gesag oor onreine geeste beklee, om hulle uit te dryf, en om elke siekte en kwaal te genees. Die Here het hulle uitgestuur na die Jode (in Galilea). Hulle moes nie na die heidene gaan nie, ook nie na die Samaritane nie. Hulle moes gaan preek en sê: *Die koninkryk van die hemele het naby gekom* dieselfde groot boodskap wat Christus in Galilea gebring het. Hulle moes ook siekes gesond maak, melaatses reinig, dooies opwek duiwels uitdryf (Matt. 10:1-8).

### DIE APOSTELS IS BEVEEL HOE OM OP TE TREE OP HULLE SENDINGREIS (MATT. 10:9-15)

Hulle moes *geen goud, silwer of koper* saamneem nie; *geen reissak met voedsel daarin*, want die arbeider is sy voedsel werd; ook *nie twee kledingstukke, of skoene of 'n stok* saamneem nie. Daar sou diegene wees wat hulle voedsel sou gee. Andere egter sou hulle nie ontvang nie. Op die sulkes sou swaar straf kom op die oordeelsdag.

## DIE HERE VOORSPEL VERVOLGING VIR DIE APOSTELS. HULLE MOES EGTER GETROU BLY (MATT .10:16-33).

Hulle sou soos *skape onder wolwe* wees. Hulle moes dus *versigtig en opreg* wees. Hulle sou *oorgelewer word aan regbanke*, voor goewerneurs en konings gebring word terwille van Christus. Wanneer hulle in verhoor geneem word, *sou die Heilige Gees hulle leer* wat om te antwoord – ook in sinagoges sou hulle soms geslaan word. Ja, *hulle sou gehaat word* ter wille van Christus, en sou soms moes vlug van een stad na 'n ander Hulle moes egter nooit tou opgooi nie, maar *volhard tot die end toe*.

Hulle moes onthou dat Christus, hul Meester, ook vervolg word, en uitgeskel word vir Beëlsebul. Hulle, as Sy leerlinge en volgelinge, moes dus ook lyding en vervolging verwag Hulle moet egter nooit die saak van die Meester verraai ter wille van hul persoonlike veiligheid nie. Hulle moenie die vyande vrees nie, selfs nie eens die dood nie

God is die een wat gevrees moet word, wat nadat Hy gedood het die siel en die liggaam in die hel kon werp. So noukeurig let die Vader op sy kinders dat selfs die hare van hul hoof getel is. Sonder sy wil sal dus niks gebeur nie.

As iemand Christus bely voor die mense, sal hy daardie persoon ook bely voor sy Vader. As iemand Christus egter verloën, sal Hy daardie persoon ook verloën voor Sy Vader.

## DAAR SAL VERDEELDHEID KOM AS GEVOLG VAN HUL PREDIKING (MATT. 10:34-39)

As gevolg van die prediking sal daar soms verdeeldheid kom in huisgesinne. Daar sal diegene wees wat nie sal glo nie, terwyl andere in dieselfde huisgesin wel glo. Dit sal wrywing onder die huisgenote veroorsaak. Dit is wat Christus bedoel as Hy sê dat Hy nie gekom het om vrede te bring nie, maar die swaard.

Ook dat Hy gekom het om tweedrag te verwek, omdat in dieselfde huisgesin gelowiges en ongelowiges saam is. Wie vader of moeder egter bokant Christus liefhet (*en daarom afstand doen van sy geloof*) is Christus nie waardig nie.

## BESONDERE LOON IS TOEGESÊ AAN DIEGENE WAT GODS DIENSKNEGTE HELP (MATT. 10:40-42).

Christus vereenselwig Hom so met sy diensknegte dat Hy gesê het: *Die wat hulle ontvang, ontvang Hom.* Selfs die kleinste liefdesdaad soos die gee van 'n beker koue water aan 'n dissipel, sal nie onbeloond bly nie. Onderwyl die apostels afwesig was en besig met hul prediking, het Jesus weggegaan om te leer en te preek in verskillende stede (Matt. 11;1).

**VRAE**

1. Noem die name van die 12 apostels, en sê met watter gesag die Here hulle beklee het.
2. Watter besondere boodskap moes die apostels gaan verkondig?
3. Hoe moes hulle optree op hul preekstoel?
4. Wat het die Here vir die apostels voorspel, en hoe moes hulle hulself onder dit alles gedra?

## BYBELLES 48: DIE GODSLASTERING VAN DIE FARISEËRS IN KAPERNAUM

Lees gedurende die week: Matt 12:22-37. Mark. Luk. 11:14--28.

### DIE FARISEËRS SPREEK TEEN JESUS.

Wat het aanleiding gegee tot die gruwelike Godslastering van die Fariseërs teen die heilige Seun van God, Jesus Christus? Jesus het 'n duiwelbesetene wat stom en blind was, gesond gemaak, sodat die blinde en stomme kon praat en sien. Die menigte wat die wonderwerk aanskou het, was verbaas, en het gesê: *Is Hy (Jesus) nie miskien die seun van Dawid, die langverwagte beloofde Messias nie?* Die eiegeregtige *Fariseërs was met haat vervul teenoor Jesus.* Dit is daarom dat hulle, byna rasend van woede, gesê het: *Hy dryf die duiwels nie anders uit nie, as deur Beëlsebul, die owerste van duiwels!*

### DIE HERE BEANTWOORD DIE GODSLASTERING VAN DIE FARISEËRS.

Jesus beantwoord die godslasterlike woede van die Fariseërs deur hulle te wys op hul onlogiese redenering: *'n Koninkryk wat teen homself verdeeld is, kan nie bestaan nie; ook nie 'n stad of huis wat teen homself verdeeld is nie. Hoe kan die koninkryk van Satan dan bestaan as hy teen Homself verdeeld is, as een duiwel die ander een uitdryf*? So sê die Here, en dan voeg Hy daarby: *As Ek deur Beëlsebul die duiwels uitdryf, deur wie dryf julle seuns hulle uit?*

Die verwoede, onlogiese Fariseërs kon nie op hierdie wyse redenering van Jesus antwoord nie. Hulle het dus deur hul eie woorde veroordeel gestaan.

### DIE FARISEËRS HET DIE ONVERGEEFLIKE SONDE BEGAAN - DIE LASTERING TEEN DIE HEILIGE GEES

Die Fariseërs het teen hul beterwete gepraat. Deur haat teen Christus het hulle Hom moedswillig belaster. Hulle het goed geweet dat hulle verkeerd gedoen het, maar aangevuur deur haat, het hulle godslasterlik teen Christus gepraat.

Aangesien Christus deur die Gees van God die duiwels uitdryf, is hierdie godslasterlike optrede van die Fariseërs niks minder nie as lastering teen die Heilige Gees. Dit is die onvergeeflike sonde. Hierdie sonde word begaan wanneer die mens hom moedswillig verhard en hom tot sy dood teen God verset. Hierdie sonde word nie vergewe nie, nie in hierdie eeu nie en ook in die toekomende nie, sê Christus. Dit is die sonde tot die dood, waarvoor nie gebid word nie, soos Johannes sê (1 Joh. 5:16). *Daarom, soos die Heilige Gees spreek: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie* (Hebr. 3:8). Die sonde van die Fariseërs was gebore uit 'n onrein hart, sê Jesus (33-37). Hoe noodsaaklik is dus 'n rein hart, want daaruit is die oorspronge van die lewe (Spr. 4:23). *Skep vir my 'n rein hart, o God* (Ps. 51:12). *Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien* (Matt. 5:8).

**VRAE**

1. Wat was die onmiddellike aanleiding tot die godslastering van die Fariseërs?
2. Hoe het die Here die godslastering beantwoord?
3. Wat is die onvergeeflike sonde teen die Heilige Gees?
4. Sê iets oor die belangrikheid van 'n rein hart.

## BYBELLES 49: DIE BELYDENIS VAN PETRUS IN CESAREA-FILIPPI

Lees gedurende die week: Matt. 16:13-28; Mark. 8:27-33; Luk 9:18-22.

### WAT IS DIE BELYDENIS VAN PETRUS?

Nadat Jesus sy werk in Galilea afgesluit het, het Hy Hom vir 'n rukkie afgesonder saam met sy apostels, soos ons in 'n vorige les gesien het. Sy doel was om hulle verder op te lei vir hul werk. Die Here was in die streke van Cesarea-Filippi, vêr buitekant die grense van Galilea. Die Here vra toe: *Wie sê die mense is Ek*? Die dissipels antwoord: *Sommige meen U is Johannes die doper wat opgestaan het. Andere, dat U Elia of een van die profete is.* Die Here het nie die vraag aan die dissipels gestel omtrent andere se opinie omtrent Hom, omdat Hy daaromtrent onkundig was nie. Hy, tog, het self geweet wat in die mens is. Maar die Here wou die geleentheid skep vir die dissipels om hulle belydenis van Hom af te lei, om hulle te versterk en te bemoedig.

Toe sê die Here aan die dissipels: *Maar julle, wie sê julle is Ek*? Toe antwoord Petrus: *U is die Christus, die Seun van die lewende God. Dit is die belydenis van*

*Petrus, nl. dat Jesus die waaragtige Seun van God is. Die Vader het dit aan Petrus geopenbaar, sê Jesus: Dit is op hierdie Rots van die waaragtige Godheid van Christus dat Christus sy gemeente bou, en daarom is sy gemeente van gelowiges vir ewig veilig. Die groot belydenis van Petrus was 'n hoogtepunt in die kennis van die dissipels aangaande Christus, nl. dat hul Meester waarlik God is. Dit sou hulle sterk in hul stryd en werk wat verder voorgelê het.*

### WATTER ONDERRIG HET GEVOLG OP PETRUS SE GROOT BELYDENIS?

*Van toe af het Christus aan sy dissipels verduidelik dat Hy na Jerusalem moes gaan en daar ly, gekruisig word en op die derde dag opstaan. Maar hiervan wou Petrus nie hoor nie, omdat hy toe nog nie verstaan het dat Christus alleen deur te ly en te sterf, ons kan red, soos ook Hebr. 9:22 sê. Nadat Christus vir Petrus berispe het, het Hy gesê dat sy volgelinge ook hul kruis moet opneem en Hom volg* (Matt. 16: 24 28).

**VRAE**

1. Wat was die groot belydenis van Petrus, en wie het dit aan Petrus geopenbaar?
2. Wat het die Here vir die dissipels gesê na Petrus se belydenis, en waarteen Petrus beswaar gemaak het?
3. Watter eis stel die Here aan al sy dissipels?

## BYBELLES 50: DIE VERHEERLIKING OP DIE BERG IN GALILEA

Lees gedurende die week: Matt. 17:1-13; Mark 9:2-13, Luk 9:28-36.

### JESUS WORD VERHEERLIK OP DIE BERG

Dit het gevolg kort na die belydenis van Petrus dat Jesus, die Christus, die Seun van die lewende God is. Die Here was op 'n hoë berg net met Petrus, Jakobus en Johannes. Skielik het Christus voor hulle van gedaante verander. *Sy gesig het geblink soos die son. Sy klere het wit geword soos die lig. Moses en Elia het daar verskyn en met die Here gepraat. Die drie dissipels het Moses en Elia gesien*. Terwyl Petrus nog praat oor die maak van drie hutte: *een vir Jesus, een vir Moses en een vir Elia*, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens. 'n Stem het uit die wolk gekom wat sê *Dit is my geliefde Seun, luister na Hom. Die drie dissipels het op hul aangesig geval en was baie bevrees*. Toe Jesus hulle gerusstel en aanraak, maak hulle hul oë oop, en sien niemand meer nie, behalwe Jesus. Hy lyk toe soos Hy voor die verheerliking gelyk het.

### DIE HEMELSE BESOEKERS WAT BY JESUS WAS.

Dit was Moses en Elia wat met Jesus gepraat het. Moses het eeue tevore op die top van Pisga gesterf. Sy verskyning is 'n duidelike bewys dat die mens na die dood van sy liggaam, voortleef. Na sy dood word Moses nog Moses genoem. Hoe verkeerd is dit dus van sommige groepe en andere wat sê dat die gestorwe mens nie voortbestaan nie. Die gestorwe gelowige is in die hemel. Elia het lewendig hemel toe gevaar, en hy en Moses was saam met Christus.

En waaroor het hulle gepraat? Hulle het gepraat oor die versoeningsdood wat Christus moes sterf (Luk. 9:31) 'n saak so belangrik dat hemelinge gekom het om daaroor met die Jesus (die Lam van God) te praat.

Hoe verkeerd was Petrus dus toe hy eers beswaar gemaak het toe hy hoor dat Christus sou ly en sterf. Die Seun van God moes as die Lam van God sterf vir die sonde van die wêreld. So alleen kon Hy die sonde van die wêreld wegneem.

### DIE BETEKENIS VAN DIE VERHEERLIKING.

Aan Petrus is deur die Vader geopenbaar dat Jesus inderdaad die Seun van God is. Tot dusvêr, egter, het die dissipels Jesus nog net in die nederige gestalte van 'n dienskneg gesien. Nou, op die berg, sien drie van die dissipels iets van die onbeskryflike heerlikheid van Christus. Die skielike uitstraling van die heerlikheid van Christus het hulle op hul aangesig laat val. Dit het gedien tot hulle versterking. Na sy opstanding moes hulle dit aan andere vertel, maar nie voor die gebeurtenis nie. Die tydelike verheerliking van Jesus was ook 'n herinnering dat die lyding en die kruisdood (waaroor die twee hemelinge met Jesus gespreek het) sou uitloop op ewige verheerliking van Christus en Sy gelowiges. So het Christus self gesê: *Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie*?" (Luk. 24:26). Na lyding volg die heerlikheid.

**VRAE**

1. Vertel van die verheerliking van die Here op 'n berg.
2. Watter dissipels was saam met die Here daar?
3. Wie was die hemelse besoekers en waaroor het hulle met Jesus gepraat?
4. Wat bewys die verskyning van Moses, wat eeue tevore na die liggaam gesterf het?
5. Sê iets oor die betekenis van die verheerliking.

## BYBELLES 51: GESPREK VAN JESUS OOR DIE BROOD VAN DIE LEWE

Lees gedurende die week: Joh.6:22-59

## WAT HET AANLEIDING GEGEE TOT HIERDIE GESPREK OOR DIE BROOD VAN DIE LEWE?

Die Here het na die oorkant (noord-oos) van die meer van Galilea gegaan met sy dissipels. ’n Menigte het die Here daarheen gevolg. Daar het die Here die garsbroodjies en twee vissies van ’n seun vermeerder sodat almal geëet het. Teen die aand is die dissipels weg met ’n skuit op reis na Kapernaum. In daardie onstuimige nag het Jesus na die skuit van die sukkelende dissipels geloop op die water. Toe die skare op die volgende dag na Kapernaum gaan, op soek na Jesus, het Hy aan hulle gesê moenie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat bly tot in die ewige lewe.

## JESUS IS DIE BROOD VAN DIE LEWE.

Toe het die Jesus aan die skare gesê dat Hy self die brood van die lewe is. *Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee*. So het die Here gesê: *Die manna wat op die reis van Israel na Kanaän geval het, was ’n beeld van Christus, wat die ware hemelse manna is vir die gelowiges.*

## HOE EET DIE MENS VAN CHRISTUS WAT DIE LEWENDE BROOD IS?

Christus het gesê dat die mens van Hom, die lewende brood, moet eet ten einde die ewige lewe te hê. *Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe*, het die Here gesê *want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank.*

Toe ontstaan daar redenering en twis, want sommige het gesê: *Hoe kan ons sy vlees eet?*

Die antwoord is: *die gelowige eet van Christus deur die mond van geloof, deur Hom met die geloof aan te neem*. So eet hy nie letterlik die vlees van Christus nie, maar die geestelike spys in Christus wat vir hom die brood van die lewe is en wat aan hom die ewige lewe gee.

Toe sommige van Christus se volgelinge Hom verlaat, het Hy vir sy apostels gevra: *Wil julle nie ook weggaan nie?* Petrus se antwoord was: *Nee, Here, U het die woorde van die ewige lewe. En ons glo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God*. Hoewel Judas niks gesê het nie, het die Here geweet dat hy nie saamstem nie. Daarom het Christus gesê wat daar in Joh. staan, *dat Judas ’n duiwel is.*

**VRAE**

1. Wat het aanleiding gegee tot die gesprek oor die brood van die lewe?
2. Wie is die brood van die lewe?
3. Hoe eet iemand van die brood van die lewe?
4. Watter geseënde gevolge is daar vir diegene wat van die brood van die lewe eet?

## BYBELLES 52: DIE VERNAAMSTE IN DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE

Lees gedurende die week: Matt. 18:1-14; 19:13-15; Mark. 9:33-37; 10:13-16, Luk 9:46-48.

### 'N KIND EN DIE WAT DIE GESINDHEID VAN 'N KIND HET, IS DIE VERNAAMSTE IN DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE (MATT. 18:1-5).

Die koninkryk van die hemele is die groot boodskap wat Jesus verkondig het. Dit het die mense aangegryp. Die dissipels het soms onder mekaar gestry oor die vraag *wie die grootste in die koninkryk is*. Hulle het na Jesus gekom met die vraag: *Wie is tog die grootste (vernaamste) in die koninkryk van die hemele?" Die Here roep toe 'n kindjie na Hom en plaas die kind in hul midde. Toe sê Hy: Elkeen wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele?*

Wat 'n hoë dunk het die Here van 'n kindjie en van dié wat die gesindheid van 'n kind het! As iemand 'n kind in Christus se Naam ontvang, dan beskou die Here dit as 'n daad wat aan Hom bewys word.

### DAAROM MAG GEEN STRUIKELBLOK IN DIE PAD VAN 'N KIND GEPLAAS WORD NIE, EN MAG HY OOK NIE VERAG WORD NIE (MATT. 18:6-10)

'n Ouer mens kan deur 'n slegte voorbeeld die oorsaak wees dat 'n kind tot 'n val kom. Die Here noem die hand (wat verkeerde dinge doen); die voet (wat verkeerde paaie loop) die oog (wat na verkeerde dinge kyk) – dinge in die lewe van 'n grootmens wat 'n kind kan laat struikel. Daarom moet die groot mens sulke verkeerdhede in sy lewe laat staan. *Dié wat 'n kind tot struikeling bring word deur die Here bedreig met die helse vuur! Vir so 'n mens sê die Here sou dit beter gewees het as hy vroeër liewer met 'n meulsteen aan sy nek gesink het in die diep see.* Geen kind mag verag word nie. Hulle word so hooggeag deur God dat Hy engele uitstuur om hulle op te pas.

### ’N VERLORE KIND MOET OPGESOEK WORD SOOS ’N VERLORE LAMMETJIE (MATT. 18:11-14)

Dit sê die Here in verse 11-14. Die afgedwaalde kindjie moet soos ’n lammetjie wat afgedwaal het gesoek word en na Jesus toe gebring word. Hy noem die kinders sy lammers. Nie eens een mag verlore gaan nie. Groot is die liefde van die Here vir kinders. Daarom moet ouers en grootmense toesien dat hulle die regte voorbeeld aan kinders stel.

**VRAE**

1. Watter antwoord het die Here gegee toe die dissipels Hom gevra het wie die vernaamste in die koninkryk van die hemele is?
2. Wat het die Here gesê van iemand wat ’n kind in sy Naam ontvang?
3. Hoe word struikelblokke in die pad van ’n kind geplaas?
4. Watter oordeel sal kom oor diegene wat ’n kind in sy geestelike lewe benadeel?
5. Wat het die Here omtrent ’n lam wat afgedwaal het gesê?
6. En op wie het die Here dit toegepas?

## BYBELLES 53: DIE PROFETIESE REDE OP DIE OLYFBERG

Lees gedurende die week: Matt. 24; 25; Mark. 13; Luk. 21:5-36.

### CHRISTUS PRAAT OOR SY WEDERKOMS IN DIE PROFETIESE REDE.

Die profetiese rede van die Here is uitgespreek kort voor sy gevangeneming en kruisdood. Na die ernstige strafrede van die Here teen die skrifgeleerdes en Fariseërs, het die Here met sy dissipels na die Olyfberg gegaan. Daar het sy dissipels vir Hom gevra: *Wat is die teken van u wederkoms en van die voleinding van die* wêreld? In sy profetiese rede spreek die Here dan oor sy wederkoms. Wat is sy wederkoms? Die Here sou sterf aan die kruis, na drie dae opstaan, 40 dae daarna na die hemel teruggaan, maar Hy sou weer eenmaal terugkeer na die aarde op die wolke van die hemel, met groot krag en heerlikheid. Dit is die wederkoms.

### DIE HERE HET SEKERE TEKENS GENOEM WAT SY WEDERKOMS SOU VOORAFGAAN.

Die dissipels het Hom gevra: *Wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld*. Die Here het verskillende tekens genoem wat Sy wederkoms sal voorafgaan. Hy het ook daarby gesê dat as die tekens een maal gesien word, dan sou die mense weet dat sy wederkoms naby is.

Ons noem nou sommige van die tekens wat die Here genoem het:

1) Daar sal baie misleiers en bedrieërs en valse profete opstaan, wat sal voorgee dat hulle die Christus is.
2) Daar sal oorloë en gerugte van oorloë wees, en nasies sal teen mekaar opstaan en oorlog maak.
3) Daar sal ook hongersnode, pessiektes en aardbewings op verskillende plekke wees.
4) Die gelowiges sal gehaat vervolg en verdruk word.
5) Daar sal 'n toename van ongeregtigheid wees.

Dit is sommige van die tekens wat die Here genoem het. *So weet julle ook wanneer julle hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur*, het die Here gesê.

### DIE PLIG VAN DIE CHRISTEN TEENOOR DIE WAARHEID VAN DIE WEDERKOMS.

Die Christen weet nie watter uur die Here sal kom nie. Dit is nie geopenbaar nie. Net so min as wat die uur van die sondvloed geopenbaar was in die tyd van Noag.

Daarom moet die Christen getrou werk vir die Here, en hy moet *waak en bid, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.* Hy moet eg en opreg wees in sy godsdiens, anders sal sy lamp doodgaan soos die van die dwase maagde, wat sonder olie was. Hy moet werk en nie lui wees soos die man wat net een talent ontvang het, en geoordeel is omdat hy nie met sy talent gewerk het nie. By die wederkoms sal die groot skeiding kom: die regverdiges sal weggaan in die ewige lewe, maar die onregverdiges in die ewige straf.

**VRAE**

1. Verduidelik kortliks wat die wederkoms is.
2. Noem vyf tekens wat die Here gesê het Sy wederkoms sal voorafgaan.
3. Wat is die Christen se plig terwyl hy wag op die wederkoms van Christus?

## BYBELLES 54: DIE SAAIER – UITGESPREEK IN KAPERNAUM

Lees gedurende die week: Matt. 13:1-23; Mark. 4:1-20; Luk. 8:4-15.

## DIE SAAD VAL OP VIER VERSKILLENDE PLEKKE. NET EEN KWART DAARVAN LEWER OPBRENGS.

Die saaier het gaan saai. Die saad het op vier verskillende plekke geval: Een deel het langs die pad geval en oop gelê. Die voëls het dit opgepik. 'n Ander deel het op rotsagtige plekke geval met min grond. Dit het gou opgekom, maar die son het dit verskroei, omdat die grond vlak was. 'n Ander deel het tussen die dorings geval maar die dorings het dit doodgegroei. 'n Ander deel het in goeie diep aarde geval en goed opgelewer die een honderd-, die ander sestig-, die ander dertigvoudig. Al die saad was goed, maar net die saad wat in goeie grond geval het, het sy opbrengs gelewer.

## DIE HERE LÊ DIE GELYKENIS UIT.

Die saad wat gesaai word, is die Woord van die Here wat gepreek word aan die mense. Die saaiers is diegene wat deur die Here gestuur word om die evangelie van sy genade te gaan verkondig aan die mensdom. Die saailand is die harte en lewens van die mense, aan wie die evangelie gepreek word. Die verskillende soorte plekke waar die gesaaide saad val, is 'n beeld van die manier waarop die mense die evangelie hoor en wat hulle daarmee doen. Die saad wat langs die pad val en deur die voëls gou opgepik word. Dis 'n beeld van die mense wat die Evangelie onoplettend aanhoor en glad nie moeite doen om dit te verstaan nie. Sommer gou vergeet hulle dit. Dis hulle wat Satan toelaat om soos 'n roofvoël die saad van die evangelie op te pik.

Die saad wat op rotsagtige plekke val, wat gou opkom maar net so gou verskroei as die son opkom. Dis 'n beeld van die mense wat behae skep in die verkondiging van die Evangelie, en wat dit met blydskap aanneem. Dis egter net vir 'n kort tydjie want as hulle die minste vervolging terwille van die evangelie moet verduur laat hulle dit vaar. Waarom? Hulle is oppervlakkig, hulle het geen diepte nie. Hulle is soos die rotsagtige plek, waar die grond maar effentjies bo-op lê; Daarom kan die saad nie behoorlik wortel skiet nie.

Die saad wat in die dorings val, word deur die dorings doodgegroei. Dis 'n beeld van die mense wat so baie dinge in hul lewe toelaat dat hulle aandag heeltemal van die evangelie afgetrek word. As hulle uit die kerk kom, begin dink hulle dadelik aan die sorge van die lewe en hoe hulle kan handel dryf en geld maak. Hierdie dinge is soos dorings wat die Duiwel saai om die evangelie dood te groei in die hart.

Die saad wat in diep, goeie aarde val. Dis 'n beeld van die mense wat die evangelie hoor, dit is soos om 'n skat weg te bêre in hul geheue en hart, daaroor na te dink en God te bid dat dit hulle tot seën mag wees. Vir hulle volg daar groot seën hier en hiernamaals.

**VRAE**

1. Noem die verskillende plekke waarop die gesaaides saad val.
2. Watter plek is die enigste wat 'n opbrengs gelewer het en waarom het die ander drie plekke geen opbrengs gelewer nie?
3. Wat is die saad? Wie is die saaiers? Wie is die saailand?
4. Van wie is die saad wat langs die pad val 'n beeld?
5. En wat op rotsagtige plekke val?
6. En wat die dorings val?
7. En wat op goeie grond val?

## BYBELLES 55: DRIE OPWEKKINGS UIT DIE DOOD

Lees gedurende die week: Luk. 7: 11-17; Matt. 9:18-26; Mark. 5:22-24, 35-43; Luk. 8:41-42, 35-43, 49-56; Joh. 11:1-44

### DIE JONGMAN IN NAIN (LUK. 7.11-17)

Nain is 'n dorpie in Galilea. Daar het die eerste opwekking van iemand uit die dood deur Jesus plaasgevind. Die jongman was die enigste seun van 'n weduwee. Die mense was op weg om die seun te begrawe. Die Here het nadergegaan om die lyk aan te raak. Die draers het stilgestaan. Toe Jesus sê: *Jongman, Ek sê vir jou, staan op, het hy dadelik regop gesit en begin praat. Vrees het almal aangegryp en hulle het God verheerlik. Hulle het uitgeroep: 'n Groot profeet het onder ons opgestaan; en: God het sy volk besoek. Die gerugte van hierdie gebeurtenis het orals bekend geword.*

### DIE DOGTERTJIE VAN JAÏRUS IN KAPERNAUM (MATT. 9: 18-26; MARK. 5:22-24, 35-43; LUK. 8:41-42, 49-56).

Die dogtertjie was 12 jaar oud, die kind van een van die owerstes van die sinagoge. Hy het die Here gesmeek om tog gou te kom om sy sterwende dogtertjie te red. Die Here is dadelik daarheen, maar oponthoud het gekom toe die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, die Here aangeraak het.

Intussen is die dogtertjie dood; maar toe Jesus by die huis van Jaïrus kom, het Hy die dogtertjie se hand gegryp en gesê: *Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op*! Dadelik het sy opgestaan en begin rondloop.

### DIE OPWEKKING VAN LASARUS IN BETANIË, NABY JERUSALEM (JOH. 11:1-44).

Lasarus en sy twee susters het in Betanië naby Jerusalem gebly. Die Here het dikwels daar in Betanië by Lasarus en sy twee susters, Martha en Maria tuisgegaan. Toe die Here in Betanië aangekom het, was Lasarus al vier dae dood en begrawe. Die lyk het al begin ontbind. Nadat die steen van die opening van die graf weggeneem is, en die Here gebid het, het Hy Lasarus opgewek.

Hoe groot was die almag van Christus, die Vors van die lewe. Hy het 'n kind, 'n jongmens en 'n groot mens opgewek uit die dood. Dis 'n aanduiding dat die Here al sy gelowiges, watter ouderdom hulle ook al mag wees, eendag sal opwek, soos Hy beloof het.

**VRAE**

1. Vertel van die opwekking van die jongman van Nain.
2. Vertel van die opwekking van die 12-jarige dogtertjie van Jaïrus.
3. Vertel van die opwekking van Lasarus.

## BYBELLES 56: DIE FARISEËR, DIE TOLLENAAR EN DIE VERLORE SEUN

Lees Luk 18:9-14

### DIE EIEGEREGTIGE FARISEËR BID VERKEERD EN KRY NIE GENADE NIE.

Omdat sommige mense meen dat hulle beter as andere is en op hulle neersien, het die Here hierdie gelykenis vertel. 'n Fariseër en 'n tollenaar het na die tempel gegaan om te bid. Die Fariseër bid egter verkeerd. Hy vra niks van God nie, maar dank net dat hy nie so sleg soos ander mense is nie! Hy roem op goeie dade en gereelde bydraes. Dié gebed het God nie behaag nie.

Die tollenaar voel onwaardig en bely sy sondes. Hy word verhoor. Die tollenaar voel sy onwaardigheid; so verslae van gees is hy, dat hy selfs nie opkyk na die hemel nie. Met die hand op sy bors sê hy: *O God, wees my sondaar genadig*. Hy het die regte gesindheid. Hy bely sy sondes. Hy het hom voor God verneder. Daarom ook word sy gebed verhoor. Hy verkry vergifnis. Die tollenaar se gebed was kort, maar dit was op die punt af. Hy voel sy sondes, vra vergifnis en verkry vergifnis. Daarom het hy geregverdig, as 'n begenadigde sondaar na sy huis teruggegaan.

Die Here Jesus het gesê: *Elkeen wat homself verhoog, sal verneder word*. Dit het die Fariseër gedoen. *Hy wat homself egter verneder, sal verhoog word*. Dit is wat die tollenaar gedoen het. Daarom het God hom aangeneem.

**VRAE**

1. Wat was verkeerd met die gebed van die Fariseër?
2. Wat het die tollenaar gevra wat die Fariseër nie gevra het nie?
3. Wat het die Here gesê van diegene wat hulleself verhoog en hulleself verneder?

## DIE GELYKENIS VAN DIE VERLORE SEUN

Lees gedurende die week: Luk 15: 11-32

### JESUS HET GEKOM OM VERLORENES OP TE SOEK.

Daarom ook het die Here na tollenaars en sondaars gegaan. Die Fariseërs en skrifgeleerdes het gekla omdat Jesus sondaars ontvang het en vriendelik teenoor hulle was. Toe sê die Here: *'n Man is baie bly as hy sy een verlore skaap vind. 'n Vrou is bly as sy haar verlore geldstuk vind. So, so sê die Here, is daar blydskap in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer*. Bekering van 'n sondaar is dus groot nuus in die hemel. Toe vertel die Here die gelykenis van die verlore seun:

### DIE SEUN HET BESLUIT OM VAN SY HUIS WEG TE GAAN.

Op die seun se versoek gee die vader aan hom die deel van die eiendom waarop hy aanspraak maak. Hy gaan toe vêr weg, en verkwis alles deur losbandig te lewe. Hy sit toe sonder kos en verhuur homself as vark-oppasser. Hy is so honger dat hy verlang om sy maag te vul met die kos wat die varke eet, maar hy kry niks nie, want die varke eet alles voor hom weg. So sleg het dit met die seun gegaan.

### HY KRY SPYT EN KEER TERUG NA DIE HUIS VAN SY VADER.

In sy groot nood dink die verlore seun aan sy vader. Hy vergaan in die vêr land van honger, terwyl daar volop brood is by sy vader. Hy besluit om terug huis toe te gaan! Wat sal hy aan sy vader sê? Hy sal skuld bely en sê dat hy nie meer werd is om 'n seun genoem te word nie. Hy sal vra om soos 'n huurling vir sy vader te werk. Hy het opgestaan en na sy vader gegaan.

### *SY VADER VERWELKOM HOM TERUG AS 'N GELIEFDE KIND*, EN IS BLY OOR SY TERUGKEER.

In die verte sien die vader sy terugkerende kind. Sy hart spring op van vreugde. Hy hardloop die verlore seun tegemoet en soen hom hartlik. Die seun bely sy skuld en sê dat hy gewillig is om vir sy vader as 'n huurling te werk. Die vader verwyt die teruggekeerde kind glad nie. Hy verwelkom om terug as 'n geliefde kind. Hy gee bevel dat hy met die beste klere geklee moet word. 'n Ring moet aan sy hand gesit word en skoene moet aan hom gegee word. Die vetgemaakte kalf moet geslag word, en laat ons eet en vrolik wees, sê die vader.

### *DIE OUER BROER WAS KWAAD EN ONTEVREDE*.

Waarom? Omdat die teruggekeerde jonger broer wat so verbrou het, dadelik volkome as kind herstel word en dadelik deel in die heerlikheid van die huis van die Vader. Die vader het die ouer broer egter gewys op sy verkeerde gesindheid. Hierdie gelykenis leer ons hoe groot God se genade is teenoor 'n sondaar (sondares) wat met berou terugkeer tot God.

**VRAE**

1. Wat is die doel van Christus se koms?
2. Watter verkeerde besluit het die jongste kind geneem?
3. Hoe het dit met hom gegaan in die ver land en wat het hy toe besluit?
4. Hoe is hy terug verwelkom?

## BYBELLES 57: DIE RYK MAN EN LASARUS

Lees gedurende die week: Luk. 16:19-31.

### DIE SUINIGE RYK MAN HET NIE NA DIE ARME LASARUS OMGESIEN NIE.

Die ryk man was met duur klere geklee, en hy het elke dag vrolik en weelderig gelewe. Hy was dus 'n man wat net vir plesier geleef het: mooi aantrek, lekker eet, lekker drink. Hy het volle gebruik gemaak van alles wat die wêreld hom kon gee. Dit en dit alleen was sy ideaal. Voor die poort van sy pragtige woning het 'n bedelaar gelê wat vol swere was. Sy naam was Lasarus. Die uitgehongerde Lasarus het verlang na die krummels wat van die ryk man se tafel geval het, maar hy het dit nie eens gekry nie. Lasarus was so swak en hulpeloos dat die honde sy swere gelek het. Hy het nie die krag gehad om die diere weg te jaag nie.

Die ryk man was so besig met sy planne vir die daaglikse bevrediging van sy dors na plesier dat hy nie vir ’n oomblik omgesien het na die nood en ellende van die bedelaar aan sy poort nie. Hy het net aan homself gedink. Net vir homself geleef. Niks vir ’n behoeftige medemens omgegee nie. Al het hy ook voor sy deur gelê en ver gaan van honger en krankheid. Selfsug het hom vir die nood van andere blind gemaak.

## BEIDE STERF EN ONS SIEN HULLE OP VERSKILLENDE PLEKKE IN DIE EWIGHEID

Die bedelaar, Lasarus, sterf, en die engele dra hom na die boesem van Abraham. Die ryk man sterf ook. In die doderyk is hy in die plek van pyniging en ly smarte. Van ver af sien hy Lasarus aan die boesem van Abraham. Die ryk man roep toe na Abraham en vra dat hy Lasarus sal stuur om met ’n druppel water sy tong te verkoel, omdat hy smarte in die vlam van die verderf ly. Abraham antwoord: Onthou dat jy in jou lewe op aarde dit volop gehad het, terwyl Lasarus baie swaar gekry het. Nou word Lasarus vertroos en jy ly smarte. Benewens dit, tussen julle en ons is daar ’n groot kloof gevestig, sodat julle en ons nie bymekaar kan kom nie. Toe sê die ryk man aan Abraham: Stuur dan tog iemand om my vyf broers op aarde te waarsku, sodat hulle nie in hierdie plek van pyniging kom nie. Abraham se antwoord was: Hulle het die Bybel, laat hulle daarna luister. As hulle nie daarna luister nie, sal hulle nie luister nie al sou iemand uit die dode opstaan.

## WAT LEER ONS UIT HIERDIE VERTELLING VAN DIE HERE?

1) Dat ’n mens na sy dood voortlewe, òf in die hemel òf in die hel.
2) Die mens onthou wat op aarde plaasgevind het,
3) Die kind van God word vertroos, terwyl die wat in verlorenheid gesterf het, smarte ly.
4) Aan die toestand van die verlorenes kan niks verander word nie. Soos die dood ons vind, lewer hy ons oor. Daarom moet ons nou, in hierdie lewe, vrede met God maak.
5) Daar is sekere mense wat ander wil wys maak dat die mens dood bly of in onbewustheid bly tot op die dag van die opstanding, en dat hy eers dán sy vertroosting sal ontvang in die hemel, of gestraf word. Hierdie vertelling van die Here bewys dat hulle verkeerd is. Die gestorwe mens leef dadelik voort in ’n bewuste toestand, nog voor sy eindelike opstanding.

**VRAE**

1. Hoe het die ryk man op aarde geleef en wat was die toestand van Lasarus?
2. Vergelyk die toestand van die ryk man en Lasarus na die dood van hul liggaam,
3. Watter versoeke het die ryk man tot vader Abraham gerig en waaraan nie voldoen kon word nie?
4. Watter belangrike lesse leer ons uit hierdie vertelling van Jesus?

## BYBELLES 58: TWEE EN TWINTIG ANDER GELYKENISSE VAN JESUS.

Lees gedurende die week die Bybelgedeeltes wat tussen hakies agter die onderstaande gelykenis aangegee word.

*DIE ONKRUID* (Matt. 13:24-30) — Kapernaum. Die onkruid deur ’n vyand in die nag gesaai, stel voor die bose werk van Satan. Aan die einde, soos by ’n oes, word die regverdiges egter vir ewig geskei van die onregverdiges.

*DIE MOSTERDSAAD* (Matt. 13:31-32) —- Kapernaum. Die mosterdsaad is die kleinste van alle soorte saad. Dit bring nietemin ’n groot boom voort. So sal die koninkryk van God ook eenmaal groot word en uitbrei.

*DIE SUURDEEG* (Matt. 13:33) — Kapernaum. Suurdeeg werk dwarsdeur die meel waarin dit geplaas word. Dis ’n beeld van die wyse waarop die koninkryk van God sal deurwerk en eindelik oorwin.

*DIE VERBORGE SKAT* (Matt. 13:44) — Kapernaum. Die skat word ontdek in ’n saailand. Die ontdekker is baie bly. Dis ’n beeld van die vreugde wat iemand ondervind wanneer hy in die koninkryk van God ingaan en die groot waarde daarvan besef.

*DIE KOSBARE PÊREL* (Matt. 13:46) — Kapernaum. Die kenner van die waarde van pêrels offer alles op om ’n kosbare pêrel in hande te kry. So heg iemand oneindige waarde aan die Koninkryk van God as sy oë daarvoor oopgaan.

*DIE VISNET* (Matt. 13:47-50) — Kapernaum. Die goeie visse in die visnet word gehou. Die slegtes word weggegooi. Dis 'n beeld van die skeiding tussen Gods kinders en die volgelinge van Satan aan die einde van die wêreld.

*DIE SKULDENAARS* (Luk. 7:36-50) — Galiléa. Die wat vergifnis van groot sondes ontvang, het die Here baie lief.

*DIE ONBARMHARTIGE DIENSKNEG* (Matt. 18:23-35) — Kapernaum. Die dienskneg wat kwytskelding van sy skuld verkry het, het self nie teenoor sy skuldenaar barmhartigheid betoon nie. Hy word dus swaar gestraf.

*DIE VERLORE SKAAP* (Luk. 15:3-7). Die verlore penning (Luk. 15:8-10) — Peréa. Soos daar blydskap is omdat die verlore skaap gevind is, en ook omdat die verlore penning gevind is, so is daar blydskap in die hemel een sondaar wat tot bekering kom.

*DIE ONREGVERDIGE BESTUURDER* (Luk. 16.1-13) — Peréa. As iemand nie getrou is ten opsigte van 'n medemens se goed nie, sal hy ook nie aan God getrou wees nie.

*DIE ONREGVERDIGE REGTER* (Luk. 18:1-8) — Peréa. As 'n harde, onregverdige regter eindelik die begeerte van 'n lastige persoon skenk, hoeveel te meer sal die liefdevolle God nie die gebed van sy kinders verhoor nie!

*DIE ARBEIDERS IN DIE WINGERD* (Matt. 20:1-16) — Peréa. Hoewel hulle op verskillende tye gehuur is, ontvang die arbeiders dieselfde loon. God deel uit soos Hy wil.

*DIE PONDE OM HANDEL MEE TE DRYF* (Luk. 19:11-27) – Peréa. Die pond is 'n beeld van ons talente. Die een wat nie werk met sy talent nie (al is dit net één wat hy het), sal swaar rekenskap aan die Here moet gee.

*DIE GOEIE HERDER* (Joh. 10:1-28). Jesus is die goeie Herder wat sy lewe afgelê het vir sy skape.

*DIE TWEE SEUNS* (Matt. 21: 28-32) — Jerusalem. Die een seun het vir sy vader gesê: Nee, ek gaan nie werk nie, maar het tog gegaan omdat hy sleg gevoel het. Die ander een het gesê: Ja, ek sal gaan werk, maar het nie gegaan nie. Die eerste seun dra die goedkeuring van die Here weg.

*DIE ONEERLIKE LANDBOUERS* (Matt. 21:33-46) — Jerusalem. ’n Beeld van die Joodse godsdienstige leiers wat Jesus ten onregte verwerp en gedood het.

*DIE GROOT BRUILOF* (Matt. 22:1-14) Jerusalem. — Niemand kan sonder ’n bruilofskleed (van geregtigheid) gemeenskap met God hê nie.

*DIE VYF VERSTANDIGE EN DIE VYF ONVERSTANDIGE MAAGDE* (Matt. 25:1-13) —Olyfberg. Die verstandiges (met olie in hul lampe) is ’n beeld van ware weergebore kinders van God. Die andere is ’n beeld van skyngelowiges wat verlore gaan.

*DIE TALENTE* (Matt. 25: 14-30) — Olyfberg. Soos met die ponde gewoeker moet word, so moet met die talente gewoeker word. Ander talente moet gewin word, anders volg daar oordeel.

*DIE SKAPE EN DIE BOKKE* (Matt. 25:31-46) — Olyfberg. Hulle word geskei. So sal die skape (Christene) van die bokke (ongelowiges) geskei word aan die einde.

*DIE WARE WYNSTOK* (Joh. 15:1-8) — op Weg na Getsémane. Jesus is die ware Wynstok. Die Christen is in Jesus ingeënt, en dit stel hom in staat om vrugte van geregtigheid te dra.

**VRAE**

Verklaar die volgende gelykenisse:

1. Die onkruid
2. Die mosterdsaad
3. Die kosbare pêrel; die verlore skaap
4. Die goeie Herder
5. Die groot bruilof
6. Die vyf verstandige en die vyf onverstandige maagde
7. Die talente
8. Die skape en die bokke

## BYBELLES 59: WONDERWERKE IN DIE RYK VAN DIE NATUUR

### WATER IN WYN VERANDER — IN KANA (GALILÉA).
### STORM OP DIE MEER VAN GALILÉA GESTIL

Lees gedurende die week: Joh. 2:1-11; Matt. 8:23-27; Mark. 4:35-41; Luk. 8:22-25

WATER IN WYN VERANDER: Joh. 2:1-11. Dit is die eerste wonderwerk van Jesus. In Kana in Galilea. Dis in daardie provinsie wat die Here gebly het - eers in Nasaret, daarna in Kapernaum. Beide dorpe het in Galiléa gelê. Die Here het die eerste in Galilea met Sy werk begin. Daar was 'n bruilof in Kana. Die Here Jesus en sy dissipels is ook na die bruilof genooi. Hy het dit aangeneem en daarheen gegaan. Maria, die moeder van Jesus, was ook daar, Die Here het Hom nie afgeskei van die lewe nie, maar net waar hy gegaan het, het Hy die lig versprei en mense gehelp.

Die teenwoordigheid van die Here op 'n bruilof laat ons sien dat Hy ook die huwelik as iets heilig beskou het. Op hierdie bruilof in Kana het die Here sy eerste wonderwerk verrig. Die wonderwerke van die Here is gebore uit omstandighede of behoeftes. Wyn is bedien op die huwelik, maar daar was 'n tekort aan wyn.

Die moeder van die Here het die verleentheid van die mense aan Jesus gaan vertel. Die Here het die water in wyn verander om die mense uit 'n verleentheid te help. Die moeder van die Here het aan die dienaars gesê om te doen net wat Jesus hulle beveel. Hulle maak toe so. Die water is in wyn verander. Die Here het hulle toe gesê om uit te skep en dit na die hoofdienaar van die bruilof te bring. Die hoofdienaar was verbaas oor die wonderlike goeie gehalte van die wyn.

### DEUR DIE WONDERWERK HET DIE HEERLIKHEID
### VAN DIE HERE TOT OPENBARING GEKOM.

Alles in 'n oomblik. Dit was 'n groot wonderwerk wat gebeur het. Opmerkings is gemaak oor die uitstekende gehalte van die wyn. Die mens kan ook wyn maak. Hoe lank egter neem dit die mens om dit te doen! Hy moet eers die druif kweek. Dan moet dit gepars word, sodat dit kan fermenteer en so tot wyn verander word. Daar moet lank gewag word voordat daardie wyn 'n goeie gehalte bereik. Die mens werk maak wyn deur sekere middele en 'n proses, en dit neem lank om dit te doen. Jesus, egter, het die water het onmiddellik in wyn verander. Dit het die mense aangegryp. So het die krag en heerlikheid van Christus tot openbaring gekom. As gevolg daarvan het sy dissipels in Hom geglo.

### STORM OP DIE MEER VAN GALILÉA GESTIL (MATT 8: 23-27. MARK.4:35-41, LUK 8:22-25).

GROOT STORM - Jesus en sy dissipels was op die meer van Galiléa, welbekend vir sy skielike storms wat daarop kan ontstaan. Die Here was op weg na die oorkant van die meer, die land van die Gadaréners. Die Here het daarheen geseil om ’n besetene van Gerasa te gaan gesond maak. Net na daardie werk van genade het die Here teruggekeer. ’n Storm het skielik ontstaan toe Jesus en die dissipels in hul skuitjie op weg was na die oorkant, na die land van die Geraseners. Die dissipels was baie bang. *Here, red ons, ons vergaan*, het die dissipels uitgeroep. Die Here was aan die slaap op die skuit. Hy is wakker gemaak. *Waarom is julle bang, kleingelowiges?* het die Here aan die dissipels gesê. As ’n mens se geloof klein is, dan is hy bang. Vertroue op die Here maak ’n mens kalm, al woed daar ook ’n storm.

GROOT STILTE. Jesus het tot die winde en tot die see gespreek. Hy het die stormwind bestraf en ook die onstuimige see. Die wind en die see het gehoorsaam. Die wind het gaan lê en die see het bedaar en daar het ’n groot stilte gekom. Alles het geskied op die magswoord van die Here. Die dissipels was verwonderd.

**VRAE**

1. Waar het die eerste wonderwerk van die Here plaasgevind? Wat was dié wonderwerk?
2. Wat het die hoofdienaar gesê toe die wyn wat Jesus gemaak het na hom gebring is?
3. Wat het tot openbaring gekom as gevolg van hierdie wonderwerk?
4. Hoe verskil die verandering van water in wyn deur Jesus van die metode wat die mens gebruik om wyn te maak?
5. Waarom het die dissipels uitgeroep: Here, red ons, ons vergaan?
6. Wat het die Here hierop geantwoord?
7. Hoe is die groot stilte veroorsaak?
8. Wat het die dissipels gesê nadat die stilte gekom het?

## BYBELLES 60: DIE HERE IN BETANIË GESALF. SY INTOG IN JERUSALEM

Lees gedurende die week: Joh. 12:1, 11

## DIE MAALTYD IN BETANIË.

Ons kom nou by die laaste weke van die aardse lewe van Jesus op aarde. Die Here is in Betanië saam met sy dissipels naby Jerusalem. ’n Maaltyd word vir Hom berei, nie in die huis van Martha, Maria en Lasarus nie, maar in die woning van Simon, die melaatse, wat vroeër deur die Here genees is (Matt. 26:6). Een van die gaste was Lasarus, wat deur die Here uit die dood opgewek is. Die hulpvaardige Martha het bedien. Dit moes aangenaam gewees het vir die Here om saam met sy vriende te verkeer. Hoe anders was dit in Betanië as Jerusalem. ’n Maaltyd herinner ons aan aangename gemeenskap tussen Jesus en sy vriende. Hierdie maaltyd het volgens berekening op die Saterdag plaasgevind.

## DIE SALWING VAN JESUS EN DIE BETEKENIS DAARVAN.

Maria het by die maaltyd die voete van Jesus gesalf. Ons vind Maria altyd aan die voete van die Here. Maria het haar beste aan Jesus bestee. Haar kosbare nardussalf. Liefde gee altyd die beste.

Judas, die gierigaard onder die dissipels, het Maria teëgegaan: *Waarom is die salf nie duur verkoop en die opbrengs aan die armes gegee nie*? Judas was nie besorg oor die armes nie, maar wou die opbrengs vir homself neem. Geld was sy afgod. *Laat haar staan*, het Jesus gesê, en bygevoeg: *Sy het dit bewaar vir die dag van my begrafnis*. Die Here bring die salwing in verband met sy naderende dood en begrafnis. Soos die reuk van die salf die huis vervul het, so sal die dood van Christus die wêreld vervul met die lieflike geur van die evangelie.

## DIE INTOG IN JERUSALEM.

Dit het op die volgende dag geskied. Onder groot gejuig het die Here op ’n jong esel openlik Jerusalem binne gery. Daardeur het Hy aan Israel en aan die wêreld getuig dat Hy inderdaad die nederige, beloofde Messias-Koning is soos die profete voorspel het (Sag. 9:9). Die hulde wat aan Christus bewys is, het die vyande van die Here met woede vervul (Joh. 12:19).

**VRAE**

1. Wie was teenwoordig by die maaltyd in Betanië?
2. Waarom sou u sê was die maaltyd tot versterking vir die Meester?
3. Wie het die salwing gedoen en wat is die geestelike betekenis van die salwing?
4. Wat was die betekenis van die intog in Jerusalem op ’n esel?
5. Watter profeet het dit voorspel?

## BYBELLES 61: INSTELLING VAN DIE NAGMAAL

Lees gedurende die week: (Matt. 26:17-20, Joh. 13:1-30, Matt. 26:20-30, Joh. 14; 15; 16; 17.

### DIE PAASFEES. *(MATT. 26:17-20)*

Die Paasfees herinner aan die verlossing van Israel uit Egipte, die land van slawerny (Sien Ex. 12). Die Here het gereeld die Paasfees saam met sy dissipels gevier. Hierdie sou die laaste viering wees. Die Here was saam met sy 12 dissipels in 'n oppersaal in Jerusalem. Die Here het bevel gegee dat alles in gereedheid gebring moes word. Dit is gedoen. Die geslagte lam was die middelpunt van die Pasga. In die oppersaal is die Pasga saam met die dissipels geëet. Dit was Donderdagaand.

### JESUS WAS DIE VOETE VAN SY DISSIPELS (JOH. 13:1-20).

Die Here het van die maaltyd opgestaan en die voete van die dissipels begin was en afdroog. Petrus het onwaardig gevoel om sy voete deur Jesus te laat was. Hy het egter ingewillig toe hy verneem dat die voetwassing 'n diepe geestelike betekenis het, want Christus het gesê: *As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie*. Benewens dit, wys die voetwassing ons op die nederigheid van Jesus, en dat dit die plig is van Christene om mekaar te dien.

### VOORSPELLING VAN DIE VERRAAD (JOH. 13:21-30).

Die Here was diep ontsteld in sy gees omdat een van die dissipels Hom sou verlaat. *Wie kan dit tog wees?* het die dissipels gevra. Op Johannes se vraag het Jesus geantwoord: *Dit is die een aan wie Ek die stukkie sal gee as Ek dit ingedoop het*. Toe Judas die stukkie uit Jesus se hand geneem het, het die Satan in hom ingevaar. Dadelik is Judas uit die kamer na die vyande met wie hy die verraad gereël het.

### INSTELLING VAN DIE NAGMAAL (MATT. 26:20-30).

Toe stel die Here die nagmaal in. Toe Hy die brood neem het Hy gesê: *Dit is my liggaam.* Van die beker met wyn het Hy gesê: *Dit is my bloed*. So is Christus die vervulling van die Paasfees, omdat Hy self die ware Lam van God is (Joh. 1:29). Christus is inderdaad ons Pasga. Die Paaslam was dus 'n heenwysing na Jesus, die Lam van God.

### TROOSWOORDE AAN DIE DISSIPELS (JOH. 14, 15, 16).

In die oppersaal is Joh. 14 uitgespreek. *Laat julle hart nie ontsteld word nie, glo in God, glo ook in My, het die Here Jesus gesê*. Johannes 15 en 16 is uitgespreek onderwyl die Here met sy dissipels op weg na Getsemane was.

### DIE HOËPRIESTERLIKE GEBED VAN DIE JESUS CHRISTUS (JOH. 17).

Hierdie wonderlike gebed is uitgespreek kort voor die Here met sy 11 oorblywende dissipels Getsemane bereik het. In hierdie gebed het die Here vir alle gelowiges van alle tye gebid, en ook gesê dat Judas verlore is.

**VRAE**

1. Wat is die Paasfees?
2. Wat is die betekenis van die voetwassing?
3. Watter dissipel het eerste geweet dat Judas die verraaier was?
4. Wat het die Here van die brood en die beker gesê by die instelling van die nagmaal?
5. Waar vind ons die boodskappe van Christus wat uitgespreek is nadat die oppersaal verlaat is en voordat Getsemane bereik is?

## BYBELLES 62: DIE HERE IN GETSEMANE

Lees gedurende die week: Matt. 26:31-35; Luk. 22:31-34; Matt. 26:36-46; Luk. 22:39-46; Matt. 26:47-56; Luk 22:47-53

### PETRUS WORD GEWAARSKU (MATT. 26:31-35; LUK. 22:31-34)

Die Here het voorspel dat al sy dissipels aan Hom in daardie Getsemane nag aanstoot sou neem. Soos ons weet was Judas reeds by die vyande wat hom met geld omgekoop het. Petrus het selfversekerd gevoel en gesê dat hy sy lewe vir die Here sou aflê. Petrus sou die Here egter daardie nag driemaal verloën voordat die haan gekraai het. So het Jesus gesê. Christus het geweet van die verwoede aanval wat Satan op die dissipels sou maak. Hy het in besonder vir Petrus gebid, dat sy geloof nie sal ophou nie. Geloof is die band wat die Christen aan Christus verbind.

### DIE STRYD IN GETSEMANE (MATT. 26:36-46; LUK. 22:39-46).

*Getsemane* beteken olywe-pers, ’n herinnering aan die stryd wat Christus daar sou deurmaak. Christus was tot die dood toe bedroef. Hy het die droefheid van die wêreld op Hom geneem. Al die ellende denkbaar was in die beker uitgedruk wat Christus daar moes drink. Hy het ernstig gebid, so ernstig dat sy sweet soos groot bloeddruppels geword het dat die lydensbeker by Hom mag verbygaan, as dit moontlik was. Dit was egter nie moontlik nie. Hy moes dit drink om ons te verlos. Hy was gewillig, want Hy het gesê: *Nie soos Ek wil nie, maar soos U*

*wil.* Niemand het die Here bygestaan nie. Terwyl Hy gestry het, het die dissipels geslaap!

*DIE HERE WORD GEVANGE GENEEM* **(MATT. 22:47-56; LUK. 22:47-53)**
Judas het geweet waar Jesus die nag sou wees. Onder sy geleide het ’n groot menigte, gewapen met swaarde en stokke, in Getsemane aangekom om die Here gevange te neem. Dit was laat en donker. Daarom het Judas aan die vyande gesê: *Die een wat ek sal soen, dit is Hy, gryp Hom*. Die vyande moes dus goed kyk wie Judas soen, sodat hulle nie die verkeerde persoon gevange neem nie. Petrus was so verontwaardig dat hy die dienskneg van die hoëpriester (Malchus) se oor afgekap het met sy swaard. Jesus het Malchus se oor egter gesond gemaak. Hy het Petrus beveel om sy swaard in sy skede terug te plaas. Jesus Christus kon Sy gevangeneming verhoed het maar Hy wou dit nie doen nie. Hy kon ons alleen verlos as Hy gewillig sou wees om tot die uiterste toe vir ons te ly. Hiertoe was Hy gewillig.

**VRAE**

1. Watter waarskuwing het die Here tot Petrus gerig?
2. Wat het die Here vir Petrus in die gebed gevra?
3. Aan wie se wil het Christus Hom Getsemane onderwerp?
4. Wat het die dissipels gedoen onderwyl Christus gestry het?
5. Wat het plaasgevind by die gevangeneming van Christus?

## BYBELLES 63: DIE HERE VOOR DIE JOODSE RAAD

Lees gedurende die week: Joh. 18:12-24, Matt. 26:57-68, 26:69-75; 27:1-10; Hand. 1:16-20

### EERS VOOR ANNAS (JOH. 18:12-24).
Dit was Donderdagnag. Nadat die Jesus gevange geneem is, is Hy eers na Annas geneem. Annas was vroeër hoëpriester. Die wettige hoëpriester daardie jaar was Kajafas, die skoonseun van Annas. Annas was egter ’n invloedryke man en ’n vername lid van die Joodse Raad (die Sanhedrin). Alhoewel Annas nie die wettige hoëpriester was nie, is hy tog deur die Jode Hoëpriester genoem. Eintlik was dit onreëlmatig dat Jesus na Annas geneem is. Annas was daarop uit om Jesus te laat erken dat Hy in die geheim ’n godsdienstige beweging gestig het. Daarom het Jesus geantwoord: *In die geheim het ek niks gespreek nie*. Annas het Jesus toe geboeid na Kajafas, die hoëpriester gestuur.

## JESUS VOOR KAJAFAS, DIE HOËPRIESTER (MATT. 26:57-68).

Dit was nog nag toe Jesus na Kajafas gestuur is. 'n Nagtelike verhoor was eintlik onwettig. Die Joodse Raad was teenwoordig. Hoewel gebruik gemaak is van valse getuies teen die Here, het hulle niks strafbaar gevind nie. Teenoor die valse getuies het Christus geswyg, omdat die Joodse Raad bevooroordeeld was en nie regverdigheid wou laat geskied nie. Hulle wou Hom doodmaak omdat sy leer gunstige weerklank by die volk gevind het. *Die hele wêreld loop agter Hom aan*, is gesê (Joh. 12:19). Op Kajafas se vraag aan Jesus of Hy die Christus, die Seun van God is, het Hy gesê: *Ja.* Toe sê die Raad: *Hy is die dood skuldig*, omdat hulle te blind was om in te sien dat Hy waarlik die Seun van God, die Christus, was.

Vreeslike tonele het gevolg: *In sy heilige aangesig is gespuug; Hy is met vuiste en stokke geslaan en bespot.*

JESUS DEUR PETRUS VERLOËN (Matt. 26:69-75).

Soos Jesus voorspel het, het gebeur. Driemaal het Petrus Jesus verloën voordat die haan gekraai het. Mensevrees het Petrus hiertoe gebring. Toe die haan kraai het Petrus aan die woorde van Christus gedink. Die enigste ligpunt in hierdie donkere voorval is die trane van berou wat Petrus gestort het. Daardie nag was stellig sy donkerste op aarde.

DIE SELFMOORD VAN JUDAS (Matt. 27:1-10; Hand. 1:16-20)

*Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verraai* het Judas uitgeroep. In sy diepe wanhoop het Judas homself opgehang, en ons lees dat hy vooroor geval en oopgebars het, en al sy ingewande het uitgestort. (Hand. 1:18). Die loon van die sonde is die dood. Dwaas is die mens wat sy oor aan die Satan leen. Judas se boesemsonde van geldgierigheid het soos 'n vuur geword wat hom eindelik verteer het, gevolg deur die verlies van sy siel.

**VRAE**

1. Wie was Annas? Watter strikvraag het hy vir Jesus gestel?
2. Wie was Kajafas?
3. Watter erkenning deur Jesus het die Joodse Raad laat sê: " Hy is die dood skuldig?"
4. Toon aan dat Jesus nie 'n regverdige verhoor gehad het nie.
5. Waaraan het die gekraai van die haan Petrus laat dink en wat het daarna gebeur?
6. Vertel van Judas se vreeslike einde.

## BYBELLES 64: DIE KRUISIGING EN BEGRAFNIS VAN DIE HERE

Lees gedurende die week: Luk. 23:26-32; Matt. 27:32-56; Mark. 15:21-41. Luk. 23.33-49; Joh. 19:17-37; Matt. 27:57-66; Luk. 23:50-56; Joh. 19:38-42

### DIE HERE OP WEG NA GOLGOTA. SIMON VAN CIRENE (LUK. 23:22) EN DIE DOGTERS VAN JERUSALEM (LUK. 23:27-32).

Simon van Cirene is gedwing om die kruis van Jesus te dra. Cirene is in Noord-Afrika. Dus het 'n Afrikaan Jesus gehelp in sy nood. Die Here was liggaamlik verswak deur die vermoeienis en bloedverlies as gevolg van die wrede geseling.

Vroue, die *Dogters van Jerusalem*, het die Here beween en bejammer, maar gedagtig aan die oordele van God wat sou volg, het die Here gesê: *Ween oor julleself en oor julle kinders."*

### JESUS GEKRUISIG (MATT. 27:32-56; MARK. 15:21-41; LUK. 23:33-49; JOH. 19:17-37)

Op die heuwel van Golgota is Jesus aan 'n kruis vasgespyker tussen twee kwaaddoeners, een aan die regter- en een aan die linkerkant. Bokant sy hoof het hulle sy beskuldiging geplaat DIT IS JESUS, DIE KONING VAN DIE JODE. Jesus het die verdowingsmiddel (asyn met gal gemeng) geweier. Die soldate wat Hom gekruisig het, het sy klere onder mekaar verdeel deur die lot te werp.

Sewe maal het Jesus aan die kruis gespreek. In sy eerste kruiswoord, bid Hy om vergifnis vir sy vyande: *Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie* (Luk. 23:34).

In sy tweede kruiswoord word 'n boetvaardige kruiseling aan sy sy van die verderf verlos: *Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy met My in die paradys wees* (Luk. 23:34).

In sy derde Kruiswoord dra Hy die van versorging van sy aardse moeder op aan 'n getroue dissipel: *Vrou, daar is u seun. Seun daar is jou moeder* (Joh. 19:26, 27).

Om 12-uur het duisternis oor die aarde gekom. 'n Beeld van die buitenste duisternis van algehele verlating. Daarom sê Hy in sy vierde kruiswoord: *My God, my God, waarom het U My verlaat*? (Matt. 27:46).

*Ek het dors* (Joh. 19:28) was die vyfde kruiswoord, omdat min vog ná die bloedvloeiing in die hittige son in sy liggaam oorgebly het.

In die sesde kruiswoord getuig die sterwende Verlosser dat sy verlossingswerk voltooi is deur te sê: *Dit is volbring* (Joh. 19:30).

Eindelik, sterwend, sê die Here in die sewende kruiswoord: *Vader, in U hande gee Ek my gees oor* (Luk. 23:46). In die ses ure van Jesus aan die kruis was saamgepers 'n onbeskryflike lyding omdat Hy as Verlosser die straf van die wêreld gedra het.

DIE BEGRAFNIS VAN JESUS (Matt. 27:57-66; Luk. 23:50-56; Joh. 19:38-42).

In 'n nuwe graf, in 'n tuin, is die liggaam van die Here begrawe, op 'n Vrydagnamiddag. Op dieselfde namiddag is duisende paaslammers geslag. Weinig het die mense geweet dat Jesus, die ware Paaslam, die Lam van God is wat die sonde van die wêreld wegneem. Die begrafnis is waargeneem deur Josef van Arimathea en Nikodemus van Jerusalem. Die vyande het self die grafsteen verseël in teenwoordigheid van 'n wag wat die graf bewaak het.

**VRAE**

1. Wie was Simon van Cirene, en watter goeie daad het hy gedoen?
2. Wat het sekere dogters van Jerusalem gedoen, en wat het die Here daarop gesê?
3. Wat is die sewe kruiswoorde, en sê kortliks iets oor elkeen.
4. Wie het die begrafnis van die gestorwe Jesus waargeneem?

## BYBELLES 65: DIE HERE STAAN OP UIT DIE DOOD. SY TIEN VERSKYNINGS

Joh. 20:11-18; Matt. 28:1-10; Luk. 24:13-35; Joh. 20:19-31; 21:1-25; 1 Kor. 15:1-20; Hand. 1:1-14

### DIE SEKERHEID VAN DIE OPSTANDING VAN DIE HERE UIT DIE DOOD.

Omtrent die sekerheid van die opstanding kan daar nie die minste twyfel wees nie. Die Here was waarlik dood. Hy is begrawe. Die graf is verseël en bewaak deur 'n Romeinse wag. En tog was die graf leeg op die derde dag. Waar was die liggaam? Die dissipels het dit nie gehad nie. Die vyande het ook nie die liggaam gehad nie, anders sou hulle dit gewys het toe die dissipels getuig het van die opstanding.

### DIE VERSKYNING OP DIE OPSTANDINGSDAG

Die graf was leeg omdat Jesus waarlik opgestaan het. Die Here Jesus Christus het eerste aan 'n vrou verskyn – Maria Magdalena (Joh. 20:11) Daarna aan sekere Galilese vroue (Matt. 28:1-10). ook aan Simon Petrus (Luk. 24:34). Aan die Emmausgangers (Luk. 24:13-35). Daarom ook het hulle terug na Jerusalem gehaas om die goeie nuus te gaan vertel. Ook het Jesus verskyn aan tien van sy dissipels, toe Thomas afwesig was (Joh. 10:19-25). Hy het dus op die opstandingsdag aan verskillende mense en groepe van mense verskyn. As 'n mens die verhale lees, is dit onmoontlik om te twyfel aan die waarheid van 'n lewende Christus. Die storie wat die Jode versprei het, naamlik dat die apostels die liggaam van Jesus weggeneem het toe die Romeinse wag geslaap het, is belaglik. Is dit moontlik dat aan 'n verseëlde grafsteen getimmer en geslaan kon word sonder dat een of meer van die lede van die Romeinse wag wakker geword het?

### LATERE VERSKYNINGS VAN DIE OPGESTANE HERE

Hierdie verskynings is versprei oor 'n tyd, en dit maak die getuienis vir die waarheid van die opstanding nog sterker. Let op die volgende vyf latere verskynings: Aan die dissipels, saam met Thomas (Joh. 20:26-31). Verbaas het Thomas uitgeroep: *My Here en my God*! By die see van Galilea het die Here aan twee van sy dissipels andermaal verskyn (Joh. 21:1-25). By 'n latere geleentheid het Hy verskyn aan meer as 500 dissipels wat bymekaar was (1 Kor. 15:6). Ook aan Jakobus (1 Kor. 15:7). Eindelik ook aan al sy dissipels by die hemelvaart (Hand. 1:1-14). Jesus het waarlik opgestaan! Die lange geskiedenis van die Christendom bevestig dit.

**VRAE**

1. Sê waarom u glo dat Christus opgestaan het.
2. Noem die verskynings op die opstandingsdag.
3. Noem die latere vyf verskynings van die Here.

## BYBELLES 66: DIE HEMELVAART. UITSTORTING VAN DIE HEILIGE GEES

Lees gedurende die week: Hand. 1 en 2.

### DIE HEMELVAART.

Veertig dae na die opstanding van die Here het Hy opgevaar na die hemel. Gedurende daardie 40 dae het die Here telkens aan sy dissipels verskyn en gepraat oor die dinge van die koninkryk van God en die werk wat hulle, en na hulle alle

Christene, moes doen. Van 'n plek naby Betanië (naby Jerusalem), het die Here opgevaar, terwyl Hy sy dissipels geseën het (Luk. 24:50-51). Die dissipels het Jesus sien opvaar. Twee hemelse persone het die dissipels getroos deur te sê dat die Here eenmaal net so sigbaar sal terugkeer na die aarde. Die hemelvaart gee ons sekerheid dat die hemel 'n werklike, letterlike plek is. Die Christen word vermaan om die dinge wat daarbo is te bedink, daar waar Christus aan die regterhand van God sit (Kol. 3:1-2).

### MATTHIAS GEKIES TOT APOSTEL.

Judas het as gevolg van sy verraad uit die dissipelgroep geval. lemand moes in sy plek gekies word. Hulle moes tussen Josef Barsabas en Matthias kies. Daar is geloot. Die lot het op Matthias geval. Saam met die ander 11 apostels het Matthias volhard in die werk van prediking en voorbidding (Hand. 6:2-4).

### UITSTORTING VAN DIE HEILIGE GEES.

Die Here het duidelik gesê dat die Heilige Gees oor die apostels sou kom; dat hulle krag sou ontvang en dat hulle orals tot aan die uiterste van die aarde vir die Here moes getuig. In 'n oppersaal in Jerusalem het die apostels saam met ander gelowiges (omtrent 120 altesaam) saamgekom vir volhardende gebed. Tien dae na die hemelvaart het die Heilige Gees neergedaal. 'n Geluid is skielik soos van 'n geweldige rukwind gehoor. Verdeelde tonge soos van vuur het op al die gelowiges gaan sit, en almal is vervul met die Heilige Gees. Nie alleen die apostels nie, maar ook die ander gelowiges. Daar was baie mense uit verskillende lande in Jerusalem saam. Die tale waarin die Geesvervulde gelowiges op die Pinksterdag gespreek het, was verstaanbare tale, die tale van die mense wat teenwoordig was (Hand. 2:11-12). Dit was 'n besondere wonder op Pinksterdag, sodat die mense die "groot dade van God," soos uitgespreek deur die Geesvervulde gelowiges, kon verstaan. Petrus het aan die verbaasde menigte verduidelik dat die koms van die Heilige Gees 'n vervulling is van wat deur die profeet Joël gespreek is. Op die Pinksterdag het daar sowat 3,000 mense tot bekering gekom. Hulle het volhard in vier noodsaaklike opsigte: 1) In die leer van die apostels (soos vervat in die Bybel); 2) in die gemeenskap (bywoning) van die byeenkomste die dienste; 3) die breking van die brood (die nagmaal); 4) en in die gebede.

**VRAE**

1. Hoe het die hemelvaart plaasgevind?
2. Watter belofte is by die hemelvaart deur die twee hemelinge gemaak?
3. Wie is gekies in die plek van Judas?
4. Hoe het die uitstorting van die Heilige Gees gebeur?

5. In watter vier dinge het die bekeerlinge volhard?

## BYBELLES 67: DIE BEDRYWIGHEID VAN PETRUS EN JOHANNES

Lees gedurende die week: Hand. 3 tot 8

### DIE WONDERDADIGE GENESING VAN 'N KREUPEL-GEBORE MAN IN JERUSALEM (HAND. 3-4:1-31).

Na die koms van die Heilige Gees is die Christene met moed, krag en ywer vervul. Petrus en Johannes was op weg na die tempel vir gebed. 'n Kreupel-gebore man het by die tempelpoort gesit en 'n aalmoes van Petrus en Johannes gevra. Toe sê Petrus aan hom: *In die Naam van Jesus Christus, die Nasarener, staan op en loop*. Petrus gryp toe die man by die hand, en dadelik het sy voete en enkels sterk geword. Vol van vreugde het die man saam met die twee apostels in die tempel ingegaan. Groot was die verbasing van die mense oor wat gebeur het! Petrus het dapper vir Christus getuig en verklaar dat die wonderwerk deur geloof in die Naam van Christus geskied het. Toe Petrus en Johannes voor die Joodse Raad verskyn het (onder wie Annas en Kajafas was) en aan hulle gevra is: *Deur watter mag en deur watter naam het julle dit gedoen*? het hulle geantwoord dat dit *deur die Naam van Jesus gedoen is, die Jesus wat hulle gekruisig het!* Die Joodse Raad het hulle verbied om verder in die Naam van Jesus te spreek. Die apostels het geantwoord dat hulle God meer gehoorsaam moet wees as die mens. Hulle sou dus nie swyg nie.

### VERDERE GEBEURTENISSE:

1) In Hand. 4:32-5:16 word vertel van die egpaar, Ananias en Saffira, wat skielik gesterf het weens bedrog. Hulle was oneerlike lede van die vroeëre Christelike Kerk. Reeds aan die begin het die Here die Kerk laat sien dat Hy 'n afkeer het van geveinsdheid en onopregtheid.
2) In Hand. 6:1-7 lees ons dat die diakenamp ingestel is om regverdige uitdeling onder die armes te verseker.
3) In Hand 6:8-7 word vertel van die dappere getuienis van die diaken Stefanus aangaande Christus voor die Joodse Raad. Stefanus is doodgegooi met klippe. Toe hy sterf het hy gesê: *Here Jesus, ontvang my gees,* en gebid vir sy moordenaars. Saulus het die teregstelling van Stefanus gesien.

4) In Hand 8:1-25 lees ons van die suksesvolle verkondiging van die evangelie in Samaria deur die diaken Filippus. ’n Wyle later het Petrus en Johannes daarheen gegaan om te help.

Toe ’n sekere towenaar, Simon, sien dat die gelowiges die Heilige Gees ontvang deur die handoplegging van die apostels, het hy hulle geld aangebied om hom ook die mag te gee, sodat elkeen wat hy die hande oplê die Heilige Gees kan ontvang. Petrus het hom bestraf met hierdie woorde: *Mag jou geld saam met jou vergaan … Bekeer jou dan van hierdie boosheid.*

Hand 8:26-40 vertel hoe dat die diaken Filippus aan die heilbegerige hofdienaar van Ethiopië die evangelie verduidelik het en hom na Jesus gelei het.

**VRAE**

1. Vertel van die genesing van ’n kreupelgebore man in Jerusalem en wat daarna gebeur het.
2. Waarom is Ananias en Saffira met die dood gestraf?
3. Hoe het Stefanus aan sy einde gekom en waarom?
4. Hoe en waarom is Simon die towenaar deur Petrus bestraf?
5. Vertel kortliks van Filippus se aanraking met die hofdienaar van Ethiopië.

## BYBELLES 68: BEKERING VAN SAULUS. PETRUS SE WEDERVARINGE

Lees gedurende die week: Hand. 9-12.

### DIE BEKERING VAN SAULUS (HAND. 9:1-31).

Saulus, die ywerige vervolger van die Christene, het op die Damaskus-pad tot bekering gekom. Christus het skielik aan hom verskyn en gevra: *Saul, Saul, waarom vervolg jy My?* Die helder lig het Saulus tydelik verblind – vir drie dae. Toe hy weer siende geword het, het hy die mensdom gesien deur die oë van ’n Christen. Christus het hom geroep tot die groot werk van evangelieprediking. Dadelik het Saulus Christus in die sinagoges begin verkondig, dat Hy die Seun van God is. Hy het teenstand gekry, maar later veilig in Jerusalem aangekom. Dit was ’n belangrike bekering. Van alle skrywers het Saulus (later Paulus genoem) die grootste deel van die Nuwe Testament geskryf. Die vroeëre vervolger van Christus het sy getrouste volgeling geword tot die dood toe.

### WONDERWERKE DEUR PETRUS (HAND. 9:32-43).

Petrus het in Lidda gekom. Daar het hy vir Enéas, wat agt jaar bedlêend en verlam was, gesond gemaak. *Enéas, Jesus Christus maak jou gesond,* het Petrus aan hom gesê. Petrus het ook in Joppe ('n entjie van Lidda) die ontslape Christen, Dorkas, opgewek. Sy was 'n gelowige wat klere gemaak het vir arm weduwees. Hoe bly was hulle om die werksame Dorkas weer by hulle te hê!

### DIE HEILBEGERIGE CORNELIUS IN CESARÉA (HAND. 10-11).

Cornelius was 'n Romein, Hy het verlang om vrede met God te hê. God het dit beskik dat Petrus na Cesaréa gegaan het om die weg van die saligheid aan Cornelius en andere wat by hom was, te verduidelik. Vroeër het die Jode gemeen dat die evangelie net vir die Jode is en vir die heidene wat die besnydenis ontvang het en soos Jode lewe. Voortaan moes die Hebreeuse Christene verstaan dat die evangelie vir alle nasies in die wêreld is: Jode en nie-Jode. Die evangelie het dus 'n wêreldwye bestemming.

### PETRUS UIT DIE GEVANGENIS VERLOS (HAND. 12).

Petrus is in die gevangenis geplaas nadat Herodes die apostel Jakobus gedood het. Deur die aanhoudende gebed van die gelowiges is Petrus egter deur engel uit die gevangenis gelei nadat deure en poorte vanself oopgegaan het. Hoe kragtig is die gebed van 'n gelowige. Kort daarna is Herodes aan 'n ernstige siekte dood. En die evangelie-verkondiging het van krag tot krag gegaan.

**VRAE**

1. Waar en onder watter omstandighede het Saulus tot bekering gekom?
2. Watter wonderwerke het Petrus in Lidda en Joppe gedoen?
3. Hoe het dit gebeur dat Petrus na Cornelius in Cesaréa gegaan het en die evangelie aan hom en sy vriende gebring het?
4. Watter Ies het die Hebreeuse Christene uit daardie voorval geleer'?
5. Hoe is Petrus uit die gevangenis in Jerusalem gered?

## BYBELLES 69: EERSTE SENDINGREIS VAN PAULUS

Lees gedurende die week: Hand. 13:1-15:34

## DIE PLEKKE WAT BESOEK IS OP DIE EERSTE SENDINGREIS (HAND. 13-14).

’n Baie, baie belangrike mylpaal is bereik toe die Heilige Gees Barnabas en Saulus (later in Pafos op Ciprus is Saulus Paulus genoem) gekies het as die eerste buitelandse sendelinge. Hulle het Johannes Markus (die skrywer van die Markus-evangelie) saamgeneem as helper. Markus was ’n neef van Barnabas.

1) Die sendelinge het van Antiochië (in Sirië) vertrek na die eiland Ciprus. In die stad Salamis (op Ciprus) het hulle die evangelie in die sinagoges van die Jode verkondig. Daarna in Pafos, waar die towenaar, Bar-Jesus, die goewerneur Sergius Paulus, wat aandagtig geluister het na die prediking, afkerig wou maak van die geloof.
2) Van Ciprus het die sendelinge geseil na Klein Asië. By Perge aangekom het Johannes Markus hulle verlaat en na Jerusalem teruggekeer. Verder noord het die sendelinge by Antiochië (in Klein Asië) aangekom. Paulus het met krag in die sinagoge gepreek. Die Jode en Jode-genote het geglo. Die heidene het versoek dat die evangelie tot hulle op die volgende sabbat gebring sou word. Groot was die opkoms. *Die ongelowige Jode het die sendelinge teëgestaan en met lasterlike woorde teengespreek.* Paulus het toe besluit om hom voortaan meer tot die heidene te wend. Vervolging het gevolg.
3) Hierna is die sendelinge na Ikonium en het daar gepreek. Jode sowel as Grieke het gelowig geword. Ongelowige aanhitsers was egter die oorsaak dat daar vervolging teen die sendelinge gekom het.
4) Hulle is toe na die stede van Listre en Derbe (in Likaonië in Klein Asië). In Listre het Paulus ’n kreupel-gebore man wat nooit geloop het nie, skielik gesond gemaak. Die heidene van Likaonië was verbaas. Hulle het gemeen dat die sendelinge gode was wat in menslike gedaante verskyn het. Paulus het aan hulle gesê: *Ons is net sulke mense soos julle*! Toe aanhitsers van Antiochië en Ikonium daar aangekom het, is Paulus aangeval en so erg beseer dat mense gedink het dat hy dood was.
5) Die sendelinge het al op hul ou spoor teruggereis na Antiochië (in Sirië), en orals die bekeerlinge aangemoedig om standvastig te bly. Toe hulle in Antiochië aangekom het (vanwaar hulle uitgestuur is), het hulle verslag gedoen van wat plaasgevind het op hul sendingreis.
6) Op die groot vergadering (Hand. 15:1-34) wat ’n later in Jerusalem gehou is, soms die eerste Sinode genoem, is besluit dat Christene wat vroeër heidene was nie die Joodse seremoniële wette hoef te onderhou nie. Dit was nie nodig vir ’n mens se saligheid nie omdat Christus die vervulling is van die wet. Net van

vier dinge moes hulle hulle weerhou (genoem in Hand. 15:20), soos dit elke Christen betaam.

**VRAE**

1. Sê op watter plekke Barnabas en Paulus op hul eerste sendingreis besoek het, en sê kortliks wat op elke plek plaasgevind het
2. Wat is besluit op die vergadering in Jerusalem en waarom is dit so besluit?

## BYBELLES 70: KORT INLEIDING TOT DIE BRIEWE VAN PAULUS

Lees gedurende die week: 1 en 2 Tessalonisense en Filemon.

### PAULUS SE 13 SENDBRIEWE.

Dertien sendbriewe is onder Paulus se naam geskrywe. Die mooi boek Hebreërs is nie onder Paulus se naam nie. *Die Briewe is geskrywe onder die leiding van die Heilige Gees.* Paulus, die bekwame, toegewyde dienskneg van die Here het die grootste deel van die Nuwe Testament geskrywe. Ons noem nou die Briewe in die orde waarin hulle in alle waarskynlikheid geskrywe is.

1 Tessalonisense - Paulus het hierdie Brief geskryf om die mense daar in te lig oor die wederkoms van die Here en die lot van die ontslape gelowiges Hulle het gemeen dat die Here sommer gou-gou sou kom. Paulus het egter geleer dat niemand presies weet wanneer die koms sou wees nie.

2 Tessalonisense - In hierdie brief skryf Paulus verder verduidelikend oor die wederkoms. Hierin spreek Paulus ook oor die komende Antichris.

Galasiërs - In hierdie brief bestry Paulus die poging van sekere Joodse Christene wat wou gehad het dat nie-Joodse Christene soos Jode moes leef en ook besny moes word, en so die *leer van die vrye genade* in gevaar stel. Daardie mense is Judaïste genoem.

1 Korintiërs - Hierin word allerlei gemeentelike probleme behandel. Paulus veroordeel o.a. verdeeldheid *en twis onder Christene, en veral ook onsedelike gedrag.*

2 Korintiërs - Paulus verbly hom oor die gunstige uitwerking wat sy eerste Brief gehad het. *Ook verdedig hy sy gesag as apostel teenoor die wat dit probeer ondermyn het.*

Romeine - Hierdie Brief is geskryf aan die Christene in Rome. Paulus het die brief gedikteer aan Tersius wat dit as sy sekretaris geskryf het (Rom. 16:22) *Die leer dat die mens geregverdig word alleen deur die geloof, uit genade word hierin duidelik gestel.* Ook dat die Christen nie die speelbal van die sonde mag wees nie, en dat daar deur Christus oorwinning is.

## VIER BRIEWE UIT DIE GEVANGENIS IN ROME GESKRYF

Filippense, Filemon, Kolossense en Efesiërs.

Filippense is geskryf om dankie te sê vir 'n bydrae wat die gemeente van Filippi aan Paulus gestuur het deur Epafroditos (4:18). Die grondtoon van hierdie brief is blydskap in die Here.

In Filemon pleit Paulus in belang van 'n slaaf, Onesimus, wat van sy baas Filemon af weggeloop het, maar wat onder Paulus tot bekering gekom het in Rome.

In Kolossense bestry Paulus die *dwaalleringe van die Gnostieke wat die waaragtige Godheid en die waaragtige mensheid van Christus bestry het*. Paulus se antwoord is: *In Christus woon al die volheid van God liggaamlik (2:9), en Christus het deur sy bloedstorting aan die kruis verlossing en vrede gegee (1:20).*

In Efesiërs leer Paulus dat die verlostes, (die Kerk) die liggaam van Christus is en dat Hy die Hoof is van Sy kerk.

## DIE DRIE PASTORALE BRIEWE

Hulle is: 1 Timoteus, Titus en 2 Timoteus. Timoteus en Titus was leraars (pastore) en daarom heet hierdie briewe Pastorale Briewe.

In Titus (wat geskryf was aan Titus wat werksaam was op die eiland Kreta) sê Paulus wat ooreenkom met die eerste Brief aan Timoteus. Die mense van Kreta was moeilike mense, maar *Titus moes vasstaan en hulle vermaan, bestraf en onderrig* (1:12-13).

In 1 Timoteus beklemtoon Paulus o.a. die plig van voorbidding vir alle mense. Ook dat leraars, ouderlinge en diaken hoogstaande, toegewyde manne moet wees. Hy voorspel ook dat daar in die laaste dae afval van die geloof sal wees.

2 Timoteus was Paulus se laaste brief. Hy vermaan Timoteus om standvastig te wees in die geloof en getrou te wees in sy leraarswerk. Weer voorspel Paulus dat daar swaar tye sal kom in die laaste dae. Paulus spreek ook van sy naderende

dood: Hy het die goeie stryd van die geloof gestry, en hy is seker van sy kroon van geregtigheid hiernamaals.

**VRAE**

1. Noem die sendbriewe van Paulus en sê in 'n paar woorde iets oor elkeen van die 13 sendbriewe.

## BYBELLES 71: KORT INLEIDING TOT DIE SEWE ALGEMENE SENDBRIEWE EN OPENBARING

Lees gedurende die week: Jak. 1:1, Pet. 1; 2 Pet. 1; 1 Joh. 1; 2 Joh. 3; Judas; Openb. 1-3.

### DIE SEWE ALGEMENE SENDBRIEWE.

Hierdie sendbriewe word genoem na die name van die skrywers. Die briewe van Paulus daarenteen is genoem na die gemeente of persone aan wie hulle gerig is. Net die derde sendbrief van Johannes is aan 'n bepaalde persoon gerig (Gajus).

Die inhoud van die Briewe is bedoel om algemeen gelees te word in alle gemeentes, en sluit ook in 3 Joh., wat soos 2 Joh. nadruk op dieselfde saak lê, nl. Waarheid.

Jakobus – Die skrywer van hierdie sendbrief was 'n broer van die Here Jesus. Hy was 'n vooraanstaande leier in die gemeente in Jerusalem. Sy sendbrief is gerig aan die 12 stamme van Israel wat versprei was in die wêreld. Hy was voorsitter van die belangrike vergadering waarvan ons lees in Hand. 15, toe 'n besluit geneem is aangaande die heidene wat die Christendom aangeneem het. Hierdie brief is volgens berekening ongeveer in die jaar 46 na Christus of vroeër geskryf. Die brief lê nadruk op die praktiese uitlewing van 'n mens se godsdiens. 'n Christen moet 'n dader van die woord wees, Nie net 'n hoorder nie, sê Jakobus. 'n Ware geloof moet uitloop op goeie werke. Die Christen moet sy tong beheers. Dis 'n brief wat elke Christen dikwels behoort te lees.

### 1 PETRUS: GESKRYF ONGEVEER IN DIE JAAR 63.

Die skrywer is die apostel Petrus. Die Brief is gerig aan Joodse (en nie-Joodse) Christene wat verstrooid was in 5 provinsies in Klein Asië. Soos die Brief van Jakobus plaas ook hierdie brief nadruk op die praktiese lewe van die Christen:

Die Christen is geroep om heilig te wees en heilig te lewe. Alle boosheid en bedrog moet afgelê word. Sy lewe moet eerbaar wees onder die heidene. Hy moet moedig en getrou wees te midde van vervolgings. Hy moet nugter en waaksaam

wees omdat Satan soos 'n leeu rondgaan en soek wie hy kan verslind. Ook hierdie brief behoort dikwels gelees te word.

2 Petrus: Dit is Petrus se tweede brief. Dit is gerig aan dieselfde lesers as die eerste brief, (3:1) Dit is geskryf kort voor Petrus se dood (1:14). Waarom het hy die brief geskryf? Omdat valse leraars opgetree het om Christene te verlei. Skrikwekkend is die beskrywing van die valse leraars deur Petrus in hoofstuk 2. 'n Verkeerde leer gee aanleiding tot 'n verkeerde lewe. Petrus eindig die brief deur te wys op die sekerheid van die wederkoms van Christus, en die heerlikheid wat daarop sal volg. *Die nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon (3:13).* Dit moet die Christen aanspoor tot 'n heilige lewe (3: 11). Die brief is waarskynlik geskryf in die jaar 64.

*DIE DRIE SENDBRIEWE VAN JOHANNES*:

Hulle is 1 Johannes, 2 Johannes en 3 Johannes, waarskynlik geskryf tussen die jare 90 en 92 na Christus. Johannes, die apostel, is die skrywer van hierdie drie sendbriewe.

1 Johannes - In die Evangelie wat Johannes se naam dra lê hy nadruk op die Godheid van Christus. In hierdie sendbrief lê Johannes nadruk op die feit dat Christus ook mens geword het Die Christen word vermaan om heilig te lewe en om nie die wêreld lief te hê nie of die dinge wat in die wêreld is nie. Hy waarsku ook teen die verleiding deur Antichriste wat daar is en wat sal kom, en ook teen *valse leraars* wat sal sê dat Jesus Christus nie in die vlees gekom het nie. God is liefde, en die wat sê dat hulle God lief het, moet dit bewys deur ook hulle medemens lief te hê.

2 Joh. en 3 Joh. - Die leser van 2 Joh. sal opmerk dat hy telkens die woord *waarheid* gebruik. Die waarheid wat hy beklemtoon is die waarheid soos dit in Christus Jesus is. Daarteenoor staan die leuen, die onwaarheid, wat deur Satan en sy handlangers as verleidingsmiddel gebruik word. *Wees op julle hoede*, sê 2 Joh. vers 7.

In 3 Johannes word eweneens nadruk gelê op die waarheid wat die Christen moet liefhê en waarin hy moet wandel (vers I en vers 3). In hierdie kort sendbrief word die woord *waarheid* sowat 6 maal gebruik. Dit laat ons sien hoe swaar hierdie saak op die hart van Johannes gelê het.

*Judas* - Die skrywer noem homself die broer van Jakobus. Aangesien Jakobus 'n broer van Jesus Christus was, was ook Judas 'n broer van Jesus. Die sendbrief toon heelwat ooreenkoms met die tweede sendbrief van Petrus. Ook Judas beskryf die goddelose, valse leraars wat die Christene van die geloof wil afbring. Hy vermaan die Christene om te stry vir die geloof (vers 3). Dis baie waarskynlik dat hierdie sendbrief n.a.v. 2 Petrus geskryf is. In daardie geval is die datum van die

brief waarskynlik die jaar 70. In sy slotwoorde sê Judas dat God magtig is om sy kinders vir struikeling te bewaar (vers 24). Besonder mooi is die lofsang waarmee hierdie kort sendbrief van Judas sluit: *Aan die alleenwyse God, onse Verlosser, kom toe die heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid! Amen."*

## DIE BOEK OPENBARING – *GESKRYF ONGEVEER IN DIE JAAR 95 NA CHRISTUS*

Die skrywer - In vers 1 sien ons dat hierdie boek as die Openbaring van Jesus Christus is. Die Here het die openbaring wat God aan Hom gegee het, aan Johannes geopenbaar. Johannes het die boodskap toe te boek gestel.

Hierdie Johannes is dieselfde persoon wat die Evangelie van Johannes die sendbrief van Johannes (1, 2 en 3 Johannes) geskrywe het. Hy het dus 'n groot gedeelte van die Bybel geskryf. Johannes was die jongste apostel van Jesus Christus, en hy het die langste van almal geleef. Dit word bereken dat Johannes tot ongeveer die jaar 100 geleef het. Hy was die Apostel van die liefde. Dit word vertel dat Johannes op sy ou dag dikwels gesê het*: Kinders, julle moet mekaar liefhê*. Toe aan hom gevra is waarom hy die woorde so dikwels herhaal, was sy antwoord: *Dit is wat die Here altyd aan ons gesê het*.

## WAAR WAS JOHANNES TOE HIERDIE BOODSKAP AAN HOM GEOPENBAAR IS?

Hy was op die eiland Patmos aan die weskus van Klein Asië in die Egeïese see. Daarheen is hy verban omdat hy 'n Christen was. Die boodskap van die Boek is aan hom geopenbaar op 'n Sondag. Daar het Johannes o.a. 'n wonderlike gesig gehad van die verheerlikte Christus (1:10-18).

## DIE BOODSKAP VAN CHRISTUS AAN SEWE GEMEENTES IN KLEIN ASIË

Die sewe gemeentes word genoem in Openb. 2-3. Die Here het beveel dat aan elkeen die leraars van die sewe gemeentes geskryf moes word. Deur hulle moet die boodskap aan die verskillende gemeentes oorgedra word. Die Here weet alles omtrent elke gemeente, want Hy is teenwoordig in elke gemeente. Hy sien wat goed is in 'n gemeente, maar ook wat verkeerd is. Wat goed is dra sy goedkeuring weg, wat kwaad is, word deur Hom bestraf.

Brief aan Efese. Die Here bestraf hierdie gemeente omdat sy haar eerste liefde verlaat het.

Brief aan Smirna: Ten spyte van huigelary en geestelike agteruitgang in Smirna, was daar baie wat getrou aan die Here was. Vervolging sou kom, maar die Here vermaan sy kinders om getrou te wees tot die dood toe.

Brief aan Pergamum. Groot was die geestelike verval. In Pergamum het die Satan sy troon gehad en heerskappy uitgeoefen. Daar was ook valse leraars. Andere het 'n sedelose lewe gevoer (die Nikolaïete, vers 15). Bekeer jou, het die Here aan die gemeente gesê.

Brief aan Tiatira. Baie Christene is verlei deur valse leer. Satan was daar baie bedrywig. Tog was daar ook diegene wat ten spyte van die afval, die Here welgevallig was.

Brief aan Sardis. - Die gemeente het die reputasie gehad dat sy geestelik lewend is, maar in die oog van Christus was sy geestelik dood. Ook in daardie afvallige gemeente was daar darem enkele persone wat getrou was aan die Here.

Brief aan Filadelfia. In Filadelfia was daar baie getroues wat vasgehou het aan die Here. Die Here bemoedig hulle met hierdie woorde*: Kyk, Ek kom gou. Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.*

Brief aan Laodisea - Treurig was dit in hierdie gemeente gesteld. Sy was nie koud nie en ook nie warm nie. Daarom dreig die Here om haar uit sy mond te spu. Sy het baie van haarself gedink, maar die Here sê dat sy ellendig, arm en blind en nakend is.

Verder in die boek volg verskillende taferele, soos die opening van sewe seëls; die blaas van sewe basuine; die sewe skale (of die laaste plae), en groot skrikwekkende gebeurtenisse wat in verband met die dinge staan.

By die voleinding kom Christus en Hy oorwin al sy vyande. Eindelik is daar 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, en het die verlostes toegang tot die water van die lewe en die boom van die lewe.

Die boek Openbaring teken vir ons die finale oorwinning van Christus Jesus oor al Sy vyande, en die oorwinning van die koninkryk van God oor die koninkryk van Satan

Die laaste Bybelboek dien homself aan as openbaring of apokalips, 1:1 en tegelyk as profesie, 1:3; 22:7, 10, 18 19. Daarom noem ons dit 'n profeties-apokaliptiese geskrif en dui ons daarmee sy besondere karakter aan as onderskeie van die ander boeke van die Nuwe Testament.

**VRAE**

1. Sê in ‹n paar woorde iets oor elkeen van die sewe sendbriewe.
2. In watter twee sendbriewe word die "waarheid" beklemtoon?
3. In watter sendbrief word dat die Here die gelowiges van struikelinge sal bewaar?
4. Sê kortliks wat die boodskap van die Here aan elkeen van die sewe gemeentes is.

5. Watter groot bemoedigende boodskap bring die boek Openbaring aan ons?

## BYBELLES 72: DIE BOEK OPENBARING – VERVOLG

(Verwysing: Die Bybel met verklarende aantekeninge. Protestantse Uitgewers, Kaapstad 1959)

### DIE LAASTE BYBELBOEK DUI HOMSELF AAN AS 'N OPENBARING OF APOKALIPS, 1:1 EN TEGELYK AS PROFESIE, 1:3; 22:7,10, 18, 19.

Daarom noem ons dit 'n profeties-apokaliptiese geskrif, en dui daarmee sy besondere karakter aan as onderskeie van die ander boeke van die Nuwe Testament. Die profesie spreek in terme van gebeurtenisse of beelde uit eie tyd en omgewing; die apokaliptiek spreek die taal van drome en gesigte, en maak by voorkeur gebruik van beeldspraak; aan gestaltes uit die mensewêreld en die diereryk, aan verskynsels in die natuur, aan kleure, getalle en meetkundige figure gee dit simboliese betekenis.

### AS PROFETIES-APOKALIPTIESE GESKRIF SLUIT OPENBARING NOU AAN EN PUT DIT RYKLIK UIT VERWANTE BOEKE VAN DIE OU TESTAMENT

Boeke soos Daniël, Esegiël, Sagaria en dele van Jesaja, 24-27, en Joël. Maar die uitsprake in die Ou testament wat betrekking het op die koms van Christus op die aarde, word in Openbaring vertolk in hulle wêreldwye strekking en gerig op die wederkoms van Christus in heerlikheid op wolke. Die goddelike heilsplan word in sy universaliteit ontvou, en daarin neem Jesus Christus die allesbeheersende plek in.

### DIE OORSPRONG EN GESAG VAN DIE BOEK.

Die boek het sy oorsprong in God self. Hy het dit aan Jesus Christus gegee, wat dit op Sy beurt deur Sy engele aan Sy dienskneg Johannes te kenne gegee het (1:1). Daarom is die inhoud waaragtige Woord van God en getuienis van Jesus Christus, 1:2 Daaruit volg nie alleen dat die boek van goddelike gesag is nie, maar ook dat dit die voortsetting en afsluiting is van die openbaring wat die Here in die Ou Testament en in die Nuwe Testament gegee het. Gevolglik mag die verklaring van die beeldspraak en simbole in Openbaring nie willekeurig geskied nie, maar altyd in gebondenheid aan wat elders in die Skrif voorkom.

### NA SY VORM IS OPENBARING 'N BRIEF GERIG AAN DIE SEWE GEMEENTES IN ASIË MAAR BEDOEL VIR DIE KERK VAN CHRISTUS IN ALLE EEUE.

Die geheel is 'n digwerk, kunstig opgebou volgens 'n merkwaardige skema waarin sekere getalle, veral die sewetal, die grondstruktuur vorm, bv. sewe gemeentes, sewe briewe, sewe seëls, sewe basuine, sewe skale, sewe plae. Ook in 'n aantal besonderhede kom die getal 7 voor, en daarbenewens die getalle 3, 4, 10, 12, of veelvoude daarvan. Hierdie getalleskema moet by die lees van Openbaring in gedagte gehou word.

### DIE DOEL VAN DIE BOEK IS OM DIE VERVOLGDE KERK TE VERTROOS DEUR DIE TRIOMF VAN CHRISTUS EN SY EVANGELIE EN DIE AANBREEK VAN DIE VOLLE GELUKSALIGHEID VIR DIE GELOWIGES TE BESKRYF.

Die inhoud gaan oor die dinge wat is sowel as die wat gaan gebeur (1:19). Die sentrale en alles bepalende gedagte bly: Die Here kom. Daarmee word nie net Sy uiteindelike wederkoms op die wolke bedoel nie maar die hele wêreldgeskiedenis. Alles wat van die geboorte van Jesus af plaasvind, word gesien as voorbereiding vir Sy verskyning in heerlikheid vir die laaste oordeel.

### DIE LOOP VAN DIE GESKIEDENIS WORD EGTER NIE IN 'N ONGEBROKE LYN GETEKEN NIE, MAAR WORD MEERMALE OORSKOU

Telkens word dit vanuit 'n ander gesigspunt beskou, en elke keer word dit ietwat verder deurgevoer, totdat eindelik die aanbreek van die voleinding en die glorieryke oorwinning van Christus aangekondig word.

### DIE SIMBOLIESE GETALLE KAN SOOS VOLG VERDUIDELIK WORD:

Die getal 7 druk volheid of volkomenheid uit, daarby is dit die som van 3, die getal van die Drie-eenheid, plus 4, die getal van die skepping of mensheid, en stel die uitdrukking van die Lam se heerskappy oor die hele skepping voor, vgl. Matt. 11:27; 28:18. Bv. die sewe Geeste met sewe oë - Uitdrukking van die volkome alwetendheid ten opsigte van alle dinge; Die sewe Geeste van God is die Heilige Gees in die volheid van Sy gawes en werkinge ten opsigte van die hele skepping, Jesus die Lam van God wat waardig is om die Boek oop te maak. Openb. 6:7 en daarmee Gods raadsplan in vervulling laat gaan.

**VRAE**

1. Watse soort boek is Openbaring?
2. Wat is die doel van die boek Openbaring?
3. Wat beteken die getalle in Openbaring?
4. Van wanneer tot wanneer strek die eindtyd volgens Openbaring?
5. Wie is die skrywer van die boek Openbaring?
6. Waaruit is baie van die beelde geneem soos bv. die kandelaars, basuine, ens?
7. Wat is die klimaks van die boek Openbaring?

# GELOOFSLEER

## GELOOFSLES 1: INLEIDING – DIE BYBEL EN ONS BELYDENISSKRIFTE

As iemand sou vra wat leer jul kerk omtrent die hou van Saterdag of Sondag as rusdag, of enige sodanige vraag aan julle sou stel, dan sou die beste antwoord wees: *Kom ons kyk wat staan in die Bybel en die Belydenisskrifte van my kerk*. Die eerste Artikel van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk lui dan ook soos volg: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met Gods Woord bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619; naamlik, *die Heidelbergse Kategismus*, *die sewe-en-dertig Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Vyf Dordtse Leerreëls*. Hier word vir ons duidelik gesê dat daar drie Belydenisskrifte is en hulle name is: die Heidelbergse Kategismus, die Sewe-en-dertig Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Vyf Dordtse Leerreëls.

### WAT IS ’N BELYDENISSKRIF?

’n Belydenisskrif is ’n geskrif of geskrewe uiteensetting waarin ’n kerk beskryf en verklaar wat hy glo volgens die Bybel. Julle moet egter daar goed op let dat so ’n geskrif eers ’n belydenisskrif genoem word wanneer ’n kerk as geheel dit op sy wettige sinodale vergadering aangeneem het as uitdrukking van die geloof van al sy lidmate. Die kerk wat so ’n belydenis aangeneem het, word ’n Belydeniskerk genoem. Ons kerk is ’n Belydeniskerk. Weer sien ons, as iemand julle vra: *wat glo jul kerk of waarin kan ek lees wat julle en jul kerk glo, dan sal die regte antwoord wees dat hy moet lees wat in die Belydenisskrifte of Formuliere van Enigheid geskryf is.* As julle ooit self eendag in twyfel is wat die leer van jul kerk is, d.w.s. wat hy glo en wat julle as lidmate van die kerk glo, lees dan wat in die Belydenisskrifte staan.

### WAT IS DIE VERHOUDING VAN DIE BELYDENISSKRIFTE TOT DIE BYBEL?

Daar is ’n populêre, maar verkeerde opvatting dat die Belydenisskrifte geen verband het met die Bybel nie, asof hulle los en apart langs die Bybel staan, die gedagtes van teoloë en sinodes bevat wat hulle nou maar na eie goeddunke neergeskryf het. *Nee, die Formuliere van Enigheid wortel in en stam uit die Bybel.*

Daarin is beskrywe, soos bogenoemde wetboeke dit uitdruk, die leer wat die kerk in ooreenstemming met die Bybel bely. In die Bybel lê die geloofswaarhede sonder orde versprei in woord en in handeling, in geskiedenis en in lofsang, in profesie en gelykenis. In die belydenis word hierdie waarhede gesistematiseer en in logiese orde neergeskryf. Geen ding mag in die belydenis verkondig word wat nie volgens die Bybel is nie. Ons neem ook aan dat in ons Belydenisstukke niks is wat nie Bybels is nie. By die behandeling van ons lesse sal julle gedurig sien hoe die Belydenisstukke vir ons net leer wat in die Bybel staan.

## WAT IS DIE NUT DAARVAN OM BELYDENISSKRIFTE TE HÊ?

Waarom kan die dinge wat ons glo nie maar net uit die Bybel verduidelik word nie? Waarom moet die samevatting of uitdrukking daarvan in die Belydenisskrifte ook help met die verduideliking? Wat is die nut daarvan?

## LAAT ONS NET DRIE DINGE NOEM:

1. **Dit voorsien die lidmaat van 'n duidelike en kort uitleg en samevatting van die geloofswaarhede in die Bybel**. Ongelukkig is dit so dat baie mense die Bybel verskillend en ook verkeerd uitlê. Dit is ook nie 'n maklike werk nie. Maar die uitleg van ons belydenisskrifte is, sover as 'n mens kan oordeel, juis en reg, en stem ooreen met die Bybel in sy geheel. Sê nou iemand vra jou wat glo jy omtrent die nagmaal? Jy sal miskien nie weet wat om te antwoord nie. Jy kan miskien sê: "kom ons soek in die Bybel", en dan kan jy 'n paar tekste noem en op jou manier uitlê. Maar, jy is nie seker of jou uitleg reg is nie. Jy mag miskien die een ding sê en jou maat weer iets anders. Die beste is dan om te vra wat sê die Belydenisstukke daaroor.

2. **Dit help om allerlei dwaling te weerspreek**. Daar is vandag baie mense wat sê dat mens groot gedoop moet word. Sommige sê dat Saterdag i.p.v. Sondag as die rusdag gevier moet word. Ander sê dat Jesus Christus nie God was nie maar net 'n mens, ens. Dit kan daartoe lei dat lidmate verwar word en selfs van die geloof verval, en daarom is dit baie belangrik om dwaalleer uit te wys waar ons dit herken.

Nie omdat ons die kerk of denominasie veroordeel nie maar om ons lidmate in die waarheid van die Woord te begelei. Die Woord is die basis waarop dwaalleringe beoordeel word. Dit is waarom Belydenisskrifte daargestel word. Aan mense wat die waarheid van die Woord aantas deur uitsprake wat nie in ooreenstemming met die hele Skrif is nie kan die leer van ons kerk soos dit in die Belydenisstukke staan, voorgehou en verdedig word. Paulus verduidelik die erns van die ware leer van die Bybel in 2 Kor. 2:1-4 *Ek waak oor julle met 'n ywer*

*wat van God kom, want julle is soos 'n jongmeisie wat ek aan een man toegesê het as sy bruid en wat ek vlekkeloos na hom toe wil bring. Die man is Christus. Maar ek is bang dat julle gedagtes weggelei sal word van die onverdeelde en suiwere toewyding aan Christus net soos Eva verlei is deur die listigheid van die slang. Ek sê dit omdat julle so maklik daarmee genoë neem as iemand 'n ander Jesus kom verkondig as wat ons verkondig het en julle neem net so maklik 'n ander gees en 'n ander evangelie aan as die wat julle van ons ontvang het.*

Dit is belangrik om daarop te let dat ons weet dat binne elke Christelike geloofsgroepering daar ware kinders van die Here is en daarom word die verskille in liefde uitgewys sonder om die wat ander oortuigings het aan te val of te veroordeel omdat hulle van ons verskil. God alleen is beoordelaar van die hart.

3. **Dit bewaar die eenheid van geloof in die Kerk**. As elkeen maar net glo soos hy goed dink, dan sal daar groot verwarring, groot oppervlakkigheid, stryd en twis wees. Dit sou glad nie moontlik wees om orde en eenheid in die kerk te bewaar nie. En alles moet volgens die Woord van God met orde geskied, *want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges*. (1 Kor. 14:33). Om God met 'n volkome hart te dien is dit nodig dat daar eensgesindheid in sy kerk sal wees en die eensgesindheid is maar net moontlik as almal van dieselfde kerk dieselfde belydenis het.

## HOE HET ONS BELYDENISSKRIFTE ONTSTAAN?

Ons Belydenisskrifte het, geskiedkundig gesien, hul ontstaan aan verskillende omstandighede te danke. In die geval van die Nederlandse Geloofsbelydenis was dit die verlange van die opsteller om lasterlike aansprake af te weer, in die geval van die Heidelbergse Kategismus wou die opstellers eensgesindheid probeer verkry, en in die geval van die Dordtse Leerreëls wou hulle uitdrukking gee aan die geloof van eendersdenkendes teenoor andersdenkendes.

### Die Nederlandse Geloofsbelydenis

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is in 1561 hoofsaaklik deur Guido de Brès opgestel. Hy was 'n man met 'n veelbewoë lewe wat veel gely het onder laster en maar gedurig vir sy geloofsoortuiging moes vlug. Ter wille van die geloof is hy dan ook eindelik op 31 Mei 1567 in Valenciennes gehang. Op die Nasionale Sinode te Dordrecht, 1618-1619, is hierdie stuk saam met die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls tot belydenisstukke van die Kerk verhef.

### Die Heidelbergse Kategismus

Die Heidelbergse Kategismus weer het sy ontstaan te danke aan die begeerte van die vrome koning Frederik III wat in die Provinsie die Paltz, Duitsland regeer het, om die twisvrae en stryd tussen die Lutherane en die Calviniste by te lê. Hy wou 'n vaste leidraad aan evangeliedienaars en onderwysers gee, sodat hulle nie willekeurig nuwe dinge wat met die Woord van God in stryd is, sou leer nie. Met hierdie doel het hy twee godgeleerdes, nl. Zacharias Ursinus en Casper Olevianus, van die hoofstad Heidelberg gelas om 'n kategismus op te stel. Dit is in 1563 opgestel.

**Die Dordtse Leerreëls.**

Die vyf Dordtse leerreëls is nie net soos die vorige twee op die Sinode Dordrecht tot belydenis verhef nie, maar is ook werklik daar opgestel. Aanleidend daartoe was die drang om uitdrukking aan die gemeenskaplike geloof te gee teenoor andersdenkendes. 'n Sekere Jacobus Arminius, predikant te Amsterdam, het hom nl. uitgespreek teen sekere leerstukke van die kerk, onder andere die leer van die *uitverkiesing*. Hy was heftig teengestaan deur Franciscus Gomarus. Hulle albei het ondersteuning gehad en daar het twee strydende partye ontstaan. Van 1603 het die geskil voortgeduur totdat die Arminiane hul saak op die Sinode voorgelê het. Die Sinode het gevind dat hul beskouinge in stryd met die Woord van God is, het dit verwerp en uitdrukking aan hul geloof gegee deur die vyf Dordtse Leerreëls daarteen op te stel.

**Die Kort Begrip.**

Die Kort Begrip het reeds in die jare 1618, 1619, toe ons Belydenisskrifte deur die Sinode van Dordrecht vasgelê is, bestaan. Dit is egter nie tot belydenisskrif van ons kerk verhef nie. Die Kerkraad van Middelburg in Holland het naamlik, om iets korter te hê as die Kategismus, in die jaar 1608 aan sy predikante opdrag gegee om 'n kort begrip van die Heidelbergse Kategismus te ontwerp. Die predikant Hermanus Faukelius was hoofsaaklik verantwoordelik vir die werk. Dit was dieselfde jaar gereed en die kerkraad het besluit: *dat die bedienaars van die Woord hul sover moontlik daaraan sou hou by die eksaminering van lidmate*.

Die Kort Begrip sluit hom baie nou aan by die Heidelbergse Kategismus, behalwe dat dit die Tien Gebooie onder die stuk van die sonde, en nie onder die stuk van die dankbaarheid nie, soos die Kategismus dit doen, behandel. In die lesse wat volg, word bo-aan eers die vrae en antwoorde uit die Kort Begrip aangegee en dan die uit die Heidelbergse Kategismus. Die volgorde van die Kort

Begrip word deurgaans gevolg. Waar dit nodig is om aan te vul of te verduidelik, word ook die passende dele uit die ander Belydenisskrifte aangehaal.

### WAT IS DIE VERHOUDING VAN DIE KATKISASIEBOEK TOT DIE BYBEL EN DIE BELYDENISSKRIFTE?

In ’n katkisasieboek van ons kerk mag daar ook niks staan omtrent die dinge wat ons glo wat nie ooreenstem met die leer van die Bybel en soos uitgedruk in die Belydenisskrifte van ons kerk nie. In hierdie katkisasieboek sal daar dinge uit die Bybel en soos uitgedruk in ons Belydenisskrifte verduidelik word.

**VRAE**

1. Noem die name van die drie belydenisskrifte van ons kerk.
2. Hoe word die drie saam genoem?
3. Wat is ’n belydenisskrif?
4. Wat is die verband tussen die belydenisskrifte en die Bybel?
5. Wat is die verhouding van die katkisasieboek tot die Bybel en die belydenisskrifte?
6. Wat is die nut daarvan om belydenisskrifte te hê?
7. Wat is die geskiedenis van die Nederlandse Geloofsbelydenis?
8. Van die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls?
9. Is die Kort Begrip een van ons belydenisskrifte?

## GELOOFSLES 2: DIE INHOUD: SONDE, VERLOSSING EN DANKBAARHEID

**Kort Begrip.**

VR. 1 *Hoeveel dinge is vir jou nodig om te weet sodat jy volkome getroos salig kan lewe en sterwe?*

ANTW. *Drie dinge. Ten eerste: hoe groot my sondes en ellende is. Ten tweede: hoe ek van al my sondes en ellende verlos kan word. Ten derde, hoe ek God vir so ’n verlossing dankbaar moet wees.*

**Heidelbergse Kategismus.**

VR. 1 *Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?*

ANTW. *Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort, wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het en my so bewaar dat sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my hoof kan val nie, ja ook, dat alles vir my tot my saligheid moet dien; daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.*

VR.2 *Hoeveel dinge is daar vir jou nodig om te weet, sodat jy volkome getroos, salig kan lewe en sterwe?*

ANTW. *Drie dinge. Ten eerste: Hoe groot my sondes en ellende is. Ten tweede: Hoe ek van al my sondes en ellende verlos kan word. En ten derde: Hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees.*

Julle het baie boeke kennis van baie verskillende rigtings. Dink maar bv. aan jul skoolboeke en inligting op die internet, ens. Maar daar is een soort kennis wat bo alle ander uitstaan en nodig is om te weet en dit is die *Saligmakende kennis*. Van daardie wonderlike kennis moet hier gepraat word.

## DIE WONDERLIKE SALIGMAKENDE KENNIS.

Die vraag van die Kort Begrip en Heidelbergse Kategismus lui soos volg: *Hoeveel dinge is vir jou nodig om te weet, sodat jy volkome getroos, salig kan lewe en sterwe?* Daar word dus hier gepraat van 'n kennis, wat, as ons dit weet of het, ons volkome getroos, salig, gelukkig kan lewe en sterwe. Is dit nie 'n wonderlike kennis nie?

Dit is dus in die eerste plek 'n kennis wat die mens vertroos. Die arme mens het so baie troos nodig en daar is min dinge wat troos bring. Daar is waarlik net een troos vir die mens en dit is dat hy 'n kind is van God en deur 'n kind van Hom te wees, ontvang hy sekere weldade van Hom soos dat sy sondeskuld betaal is, die heerskappy van die duiwel oor hom gebreek is en God hom die ewige geluksalige lewe hier en in die hiernamaals skenk.

Lees hier die eerste vraag en antwoord van die Heidelbergse Kategismus. 'n Wonderlike kennis moet dit wees wat vir ons hierdie troos bring. Dit is 'n kennis wat hom salig laat lewe. Die woord salig beteken gelukkig. Daardie kennis sal dus vir hom geluk, blydskap en vrede in hierdie lewe bring. Hoe baie is daar tog nie wat geluk in hierdie lewe soek nie. In baie dinge soek hulle dit. Maar kry hulle dit? Nee! Omdat hulle nie daardie wonderlike kennis het wat gelukkig maak nie.

Dit is 'n kennis wat hom salig sal laat sterwe. Die besit van daardie kennis vernietig dus selfs die verskrikking van die dood. Die dood het geen angel meer en die graf geen oorwinning nie.

As daardie kennis dan so wonderlik is, dan behoort elkeen dit te verkry.

## WAAR KRY ONS DAARDIE KENNIS?

Daardie kennis kry ons nêrens anders nie as in die Bybel nie, en in die uitleg daarvan in ons Belydenisstukke. Dit is dus vir ons nodig om 'n baie deeglike studie van die Bybel en ons kerk se Belydenisstukke te maak.

## WAT IS DIE INHOUD VAN DAARDIE KENNIS?

As ons die Bybel en Belydenisstukke noukeurig nagaan, sal ons vind dat hulle ons veral van drie dinge vertel:

Eerstens: *Hoe groot my sondes en ellende is*.
Tweedens: *Hoe ek van al my sondes en ellende verlos kan word.*
Derdens: *hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees*.

Daar is dus drie groot onderwerpe: sonde, verlossing, dankbaarheid. Lees bv. in die Bybel Rom. 7:24,25. *Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here.* Lees ook Ps. 130:3, 4, 5; Hos. 14:3; Ef. 5:8; ens. Dit is die boodskap van die hele Bybel. In die geskiedenisdele, in die poësie, in die spreuke, in die profesieë, in die sendbriewe, oral kom hierdie drie gedagtes of onderdele daarvan in een of ander vorm te voorskyn. Net so wat die Belydenisskrifte betref. Die Heidelbergse Kategismus bv. is in drie groot dele verdeel:

11 vrae behandel ons *sonde en ellende*;
74 vrae handel oor *ons verlossing deur Jesus Christus*;
44 vrae handel oor *ons dankbaarheid* vir so 'n verlossing.

Die Kort Begrip is ook in hierdie drie dele verdeel. Vir 'n geruime tyd sal ons besig wees om kennis op te doen omtrent hierdie drie dinge. Laat ons hulle noukeurig beskryf:

TEN EERSTE: *HOE GROOT MY SONDES EN ELLENDE IS*: Weet ons hoe groot ons sondes en ellende is? Ons sal beef as ons dit weet. As ons bv. dink aan ons erfsonde, die neiging tot die kwaad, wat ons oorgeërf het, ons werklike daaglikse sondes deur gedagtes, woorde en dade, die skuld wat ons by God het vir ons sondes en die besmetting van ons liggaam en siel deur die sondes, en dan die tydelike en ewige ellende waarin ons sondes ons dompel. Dit alles moet ons bring tot *selfkennis, selfontdekking* en ons moet soos die verlore seun daartoe kom om te

bely: *Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie* (Luk. 15: 18, 19).

TWEEDENS: HOE *EK VAN AL MY SONDES EN ELLENDE KAN VERLOS WORD*. Om 'n beeld te gebruik. As iemand weet hy is siek, dodelik siek, dan verlang hy en soek hy na genesing en na die beste geneesheer, en vra hy hom uit wat hy moet doen en hoe hy moet maak om gesond te word. Net so met die sondaar; hy wil weet hoe hy deur die geliefde geneesheer Jesus Christus genees kan word (Hand. 16: 30, 31). Hierdie saak is uiters belangrik – geen wonder dus dat die grootste deel van die Heidelbergse Kategismus daaraan gewy word nie.

DERDENS: *HOE EK GOD VIR SO 'n VERLOSSING SAL DANKBAAR WEES*: Die dankbaarste mens is seker hy wat aan 'n dodelike siekte gely het en daarvan genees is. Hy weet nie wat om vir daardie geneesheer te doen van dankbaarheid nie. (Ps. 116: 1, 8, 9). Die dodelikste siekte waaraan die mens kan ly, is die sonde, want dit verwoes en maak beide liggaam en siel dood. Die derde deel van die Kort Begrip en die Kategismus leer die mens dus waarom hy dankbaarheid moet betoon, hoe hy dit kan betoon en wat sy gesindheid daarby behoort te wees.

## DIE REGTE GEBRUIK VAN DIE WONDERLIKE KENNIS.

Daar is 'n kennis van die verstand en 'n kennis van die hart. Met die verstand kan 'n mens baie en miskien baie in diepte weet, maar daar is geen aanvaarding daarvan deur die gemoed en geloof in die hart nie. Dit is die soort kennis wat Judas gehad het en wat nogtans sy Meester verraai het. Omdat Judas drie jaar lank die geleentheid gehad het om persoonlik met die Here om te gaan, het hy seker baie meer van Jesus geweet en gesien as wat ons kan weet, maar daardie kennis het nie sy hart geraak en verander nie, dit het nie liefde en geloof gewek nie. Bloot verstandelike kennis is die soort van kennis wat die duiwel ook het. Hy weet baie meer van God en van die Bybel as wat ons daarvan weet en nogtans haat hy God en sy skepsel.

Verstandelike kennis van die Woord, die Kort Begrip en die Kategismus, behoort altyd verenig te wees met kennis deur die hart. Die kennis wat ons kry uit die Bybel, die Kort Begrip en Kategismus moet in ons geloof, vertroue, ootmoed, liefde, dankbaarheid wek vir die voorwerp waarom die kennis gaan, nl. vir die Drieënige God. Ons moet daardie kennis so ter harte neem, op onsself toepas en op onse God toespits dat dit ons hele lewe verander.

Laat u kennis altyd verenig wees met die geloof.

**VRAE**

1. Waarom noem jy die kennis waarvan die vrae in die Kort Begrip en die Heidelbergse Kategismus praat, wonderlik?
2. Waar kan jy daardie kennis kry?
3. Noem die drie woorde wat daardie kennis opsom.
4. In hoeveel dele word die Kort Begrip en die Heidelbergse Kategismus verdeel?
5. Wat is die onderwerp van elke deel?
6. Is 'n kennis soos die van Judas en die Duiwel genoeg?
7. Wat moet daarby kom?

# EERSTE DEEL: OOR DIE MENS SE ELLENDE

## GELOOFSLES 3: DIE KENNIS VAN DIE SONDE.

**KORT BEGRIP.**
VR. 2 *Waaruit ken jy jou ellende?*

ANTW. *Uit die Wet van God. (Rom. 3:20). Want deur die wet is die kennis van sonde*.

VR. 3 *Wat het God jou in sy Wet beveel?*

ANTW. *Dit het Hy vir ons skriftelik saamgevat in die Tien Gebooie wat soos volg lui (Ex. 20 en Deut. 5): "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het."*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**
VR. 3 *Waaruit ken jy jou ellende?*

ANTW. *Uit die wet van God*.

VR. 92 *Hoe lui die wet van die Here?*

ANTW. *God het al hierdie woorde gespreek,* ens. (Ex. 20:1-17), (Deut. 5:6-21): *Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het,* ens.

In verlede Sondag se les het ons geleer hoe dat ons veral met drie groot leerstukke besig is, nl. sonde en ellende, verlossing en dankbaarheid. Vandag begin ons met die eerste les oor die eerste leerstuk en ons moet probeer om 'n antwoord te kry op die vraag: *Waaruit ken jy jou ellende? Hoe weet jy wat sonde is?*

Eendag sê 'n seun vir sy maat: *Aag wat, om te vloek is nie sonde nie*. Uit hierdie gesegde is dit baie duidelik dat die seun nie 'n besef gehad het van wat sonde is nie. Nou, hoe weet ons wat is sonde?

Daar is mense wat vra*: Wat sal die mense sê as ek dit of dat doen? Of wat sal die publieke opinie wees oor hierdie daad? Wat sal my vriende sê of hulle vra wat sê die*

*geskiedenis, wat het in die verlede gebeur na so of so* 'n *daad?* Ook raadpleeg hulle hul gewete. Al hierdie persone en dinge is maar swak raadgewers. Ook die gewete is onbetroubaar as dit nie opgeskerp is deur die gebooie van God en verlig is deur sy Heilige Gees nie.

## WAT SÊ DIE BYBEL?

As 'n mens oor so 'n vraag in twyfel is, moet jy reguit na die Bybel toe gaan. Die Bybel alleen kan met gesag praat en het die laaste sê oor hierdie saak. Ons vind die antwoord in Rom. 3:20: *want deur die wet is die kennis van sonde*. Die wet waarvan hier gepraat word, is nie 'n wet van die landsowerhede nie maar die wet van God in die Bybel.

## GELD DIE TIEN GEBOOIE NOG VIR ONS AS NUWE TESTAMENTIESE GELOWIGES

Jesus antwoord hierdie vraag self in Matt 5:17: *Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan, as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is.*

Die wet is die Christen se *Tugmeester* na Christus toe.

## WAT SÊ DIE KATEGISMUS?

Beide die Kort Begrip en die Heidelbergse Kategismus gee dieselfde antwoord as die Bybel, nl. *uit die Wet van God*. Dit is ook nie vreemd dat hulle dieselfde antwoord gee nie, want daar staan niks en daar mag niks in hulle staan wat nie volgens die Bybel is nie.

## WAAR KRY ONS HIERDIE WET IN DIE BYBEL?

Die Wet waarvan hier gepraat word, is die Tien Gebooie wat ons in Ex. 20:1-17 en Deut. 5:6-21 vind. Dit word ook genoem die Sedelike Wet omdat dit te doen het met 'n mens se gedrag teenoor jou God, teenoor jou naaste en teenoor jouself. Daar is ook nog ander wette in die Bybel. Daar is die seremoniële wette wat ons veral vind in Numeri en Deuteronomium en o.a. te doen het met die offerandes. Hierdie seremoniële wette het heengewys na, en is vervul in Christus en geld as sodanig nie meer vandag nie. Dan is daar ook die burgerlike of staatswette wat ons veral ook vind in genoemde twee Bybelboeke. Hulle het betrekking gehad op die lands- en volksomstandighede van daardie tyd. Maar die Wet waardeur ons 'n kennis van die sonde kry, is die Tien Gebooie.

## HOE ONTDEK DIE WET VIR ONS DIE SONDE?

Die wet doen twee dinge: hy ontdek die sonde en hy dreig met straf. Ons sê dus hy het 'n *ontdekkende en straffende krag*. Die laaste word behandel in les 20, oor die eerste praat ons nou. Die wet word met verskillende dinge vergelyk. *Dit is soos 'n maatstok waarmee gemeet word*. Dit laat ons baie gou ontdek of 'n ding te kort of te lank of te smal of skeef is. Net so sê die Wet van God vir ons dáár skiet jy kort; dáár pas dit nie; dáár is jou verhouding teenoor God of medemens heeltemal verkeerd. Dit word ook vergelyk met 'n *spieël*. In 'n spieël ontdek jy hoe jy lyk, of jy vuil is of skoon, ens.

Daar is egter mense wat hierdie maatstok en spieël het, maar hulself nie daarmee kan of wil meet of hulself nie daarin kan en sien nie. Hul is blind en hul hande onkundig. Om hulle in staat te stel om te meet en te sien, gee die Here Sy Heilige Gees wat die hande deur sy krag vaardig maak en die oë deur sy lig laat sien. Die Wet van God, met die krag en lig van die Heilige Gees, ontdek ons ons sondes en ellende.

## SONDE EN ELLENDE.

Sonde veronderstel 'n verkeerde gesindheid van liefdeloosheid, ongehoorsaamheid, opstand, vyandskap, haat teenoor God. Hierdie saak, nl. die van die sonde word in lesse 15 tot 19 behandel.

In die vraag van die Kort Begrip en Kategismus word die woord ellende gebruik. Dit is 'n sterker en omvangryker woord as sonde. Dit sluit die gevolge van die sonde in. Dit sal egter in les 17 bespreek word.

## JOU ELLENDE.

Die vraag word aan elkeen van ons persoonlik gestel: *Waaruit ken jy jou ellende?* Nie die van jou vriend of vriendin nie, jou eie. Gaan sit en dink na. Gebruik die Wet van God as 'n maatstok en spieël vir jou lewe. En mag dit jou bring tot sondebesef en berou, tot geloof in vergifnis van sondes deur jou Verlosser, Jesus Christus.

**VRAE**

1. Is mens soms in twyfel oor wat sonde is?
2. Waarom is mense soms in twyfel oor wat sonde is?
3. Wat alles word geraadpleeg om uit te vind wat sonde is?
4. Watter bron behoort geraadpleeg te word?
5. Waar vind ons die Wet van God?
6. Watter ander soorte wette is daar in die Bybel buiten die Tien Gebooie?
7. Waarmee kan ons die Wet vergelyk?

8. Hoe help die Heilige Gees die sonde ontdek?
9. Geld die wet van Moses nog in die Nuwe Testament?
10. Watter waarde het die wet van Moses in die moderne tyd?

## GELOOFSLES 4: DIE EERSTE GEBOD – DIE VERBOD VAN AFGODERY.

*Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie*.

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 94 Wat *gebied God in die eerste gebod?*

ANTW. *Dat ek, so dierbaar as my die saligheid van my siel is, alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van die heiliges of van ander skepsele moet vermy en dit ontvlug, en die enige ware God reg moet leer ken, Hom alleen moet vertrou, in alle ootmoedigheid en lydsaamheid my aan Hom alleen moet onderwerp, van Hom alleen alles wat goed is, moet verwag, Hom van ganser harte moet liefhê vrees en eer, sodat ek eerder van alle skepsele sal afsien en die laat vaar eerder as dat ek in die allerminste teen Sy wil sal handel.*

VR. 95 *Wat is afgodery?*

ANTW. *Afgodery is, om in die plek van die enige ware God wat in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom, iets anders te versin of te hê waarop die mens sy vertroue stel.*

Ons het in die vorige les gesien hoe die Tien Gebooie vir ons sê wat sonde is. In die volgende tien lesse word die gebooie een vir een behandel. In hierdie les word die eerste gebod, die gebod teen afgodery, bespreek. Ons moet let op die onderskeid tussen die eerste en die tweede gebod. Die eerste gebod is gemik teen afgodery d.w.s. om iets of iemand in die plek of naas God te stel en dit te vereer en ons vertroue op te stel. Die tweede gebod is gemik teen die beeldediens d.w.s. om die ware God voor te stel deur ’n beeld en Hom deur middel van die beeld te dien. Dit het te doen met die manier waarop God gedien word.

Elke gebod het ook twee kante. Aan die een kant verbied hy sekere dinge wat ons nie mag doen nie en aan die ander kant gebied hy sekere dinge wat ons moet doen.

Die Kort Begrip het nie vrae en antwoorde op die gebooie nie, daarom word die vrae en antwoorde van die Heidelbergse Kategismus behandel. Hulle is besonder mooi en raak.

Wat is die dinge wat God in die eerste gebod verbied?

## ALLE AFGODERY.

Wat is afgodery? Die antwoord van die Heidelbergse Kategismus is: *Om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het of naas Hom, iets anders te versin of te hê waarop die mens sy vertroue stel.*

Ons lees van sulke heidense afgode in die Bybel: Baäl (1 Kon. 18:21, Astarte (Rigt. 2:13,14), Kamos (1 Kon. 11:7), Dagon (Rigt. 16:23), Diana (Hand.19:17) Jupiter (Hand. 14:12,13), Mercurius (Hand. 14:12,13). Hulle is deur mense versin, uitgedink en gemaak. Daar is maar net een God; daarom noem die Bybel hulle dan ook vreemde gode, drekgode, verfoeisels, ydelhede, nietighede. Die mens mag hierdie nietighede van hout, klip, yster, silwer of goud nie vereer, dien of sy vertroue bied nie. Maar daar is ander gruwelike sondes wat familie is van afgodery en dus ook verbied word.

**Towery**. Dit is 'n sonde waaraan lede van elke volk hul skuldig maak of gemaak het. Wat is dit? Dit bestaan hierin dat die towenaar aan homself bonatuurlike kragte toe-eien, wat alleen in die mag van God is. God alleen kan reën gee. Die towenaar wil God naboots en ook reën maak; God alleen bewaar ons as ons op reis en in gevaar is. Die towenaar wil dit deur sy kunsies ook doen; God alleen gee die lewe en weer siektes af, die towenaar wil dit deur sy wierook en stukkies hare doen; God alleen kan ongeneeslike siektes gesond maak. Die toordokter soek na begrawe stukkies been of 'n vergane muis, paddas of hare. *Towery is dus 'n nabootsing van die almag van God*. Onder towery val ook wat as goëlery bekend staan. Dit neem verskillende vorms aan: Allerhande verskynsels en kenmerkend is dat dit altyd die element van wraak het. In hierdie verband moet ook gewaarsku word teen die spiritisme of praat met geeste van afgestorwenes.

**Waarsêery**: In hierdie sonde wil die bedrywers daarvan soos God wees en hulle in sy plek stel deur die toekoms te voorspel. Hulle probeer die alwetendheid van God naboots. Hulle gebruik verskillende middels, soos die posisie van die sterre, die figure in die teekoppie, die voumerke op die handpalm, dolosse, Tarot-kaarte, ens. Fortuinvertellers het oor baie persone ongeluk gebring. Die Skrif spreek hom ook baie sterk teen hulle uit.

**Bygeloof.** Dit beteken dat by die ware geloof daar ook ’n valse geloof is. Bygeloof is die valse geloof waardeur aan natuurlike dinge bonatuurlike krag toegeskryf word. Die bygelowige glo bv. dat deur sekere woorde te gebruik, ongeluk afgeweer kan word, dat ’n perdeskoen geluk bring, dat as ’n mens ’n soutpotjie omgooi jy ongelukkig sal wees, dat as jy ’n spieël breek, die ongeluk jou sewe jaar lank volg, dat as jy ’n “charm” dra, jy daardeur geseën sal word. Hierdie dinge is niks anders as iets in plek van God of naas Hom stel nie.

## DIE AANROEPING VAN HEILIGES OF ANDER SKEPSELS.

Hierdie mense vereer die afgestorwe heiliges met godsdienstige eer en roep hulle hulp in. Hul wil hul saak probeer goedpraat deur te sê dat daar ’n onderskeid is tussen aanbidding wat God alleen toekom en verering wat aan die heiliges bewys word. Maar hierdie onderskeid bestaan net in woorde. Wat meer is, hulle skuif die heiliges tussen God en hulself in deurdat hulle hulle versoek om hulp by God in te roep. Die Maria-verering en -aanbidding het niks anders as afgodery geword nie. Maria was seker die voortreflikste en gelukkigste vrou wat daar geleef het, maar ten spyte daarvan bly sy nog maar ’n mens en mag sy nie naas Christus of selfs bokant Hom vereer en aanbid word nie. Al bogenoemde sondes, afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, die roeping van afgestorwe heiliges, ens. moet vermy en ontvlug word weens die gevaar dat hulle my die saligheid van my siel kan laat mis. Want God dreig in sy Woord diegene wat hierdie dinge bedryf met verbanning, uitroeiing en die doodstraf.

Maar aan die ander kant, wat is die dinge wat God in die eerste gebod gebied? Ons moet nie alleen hierdie sondes vermy en ontvlug nie, maar ons moet ook God leer ken soos Hy Hom duidelik in die Bybel openbaar het Ons moet op niks anders as God vertrou nie – nie op afgode, die mens op sy geld, sy liggaamskrag, sy invloed, ouers of familie nie. Ons moet ons in ootmoedigheid en lydsaamheid aan sy wil onderwerp wat ons ook al in die lewe mag oorkom. Van Hom alleen moet ons alles wat goed is verwag en nie van mense nie. En bowenal moet ons Hom met ons hele hart liefhê.

## IS DAAR AFGODE IN JUL LEWE?

Luister! Ons aanbid dikwels onsself en maak onsself tot ’n afgod. Ouers kan van hul kinders afgode maak en kinders van hul ouers. lemand anders aanbid die kuns, ’n ander die wetenskap en nog een sy invloed. Mense maak van hul geld, hul tabak, hul drank, hul kos (vgl. Filip. 3:19) ’n afgod. Van duisend dinge, ja van alles, selfs van die nuttigste en dierbaarste dinge kan ons afgode maak. Met die verloop van tyd het die name van die afgode verander, maar die saak nie.

**VRAE**

1. Wat is die verskil tussen die eerste en die tweede gebod?
2. Hoeveel kante is daar aan elke gebod? Noem hulle.
3. Noem 'n paar dinge wat God in die eerste gebod verbied.
4. Noem 'n paar wat Hy gebied.
5. Wat is afgodery?
6. Waarom is towery sonde?
7. Wat probeer die waarsêer doen?
8. Is daar afgode in jou lewe?

## GELOOFSLES 5: DIE TWEEDE GEBOD – DIE VERBOD OP BEELDEDIENS.

### DIE TWEEDE GEBOD

*Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die water onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie want Ek, die HERE jou God is 'n jaloerse God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, en aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 96 *Wat eis God in die tweede gebod?*

ANTW. *Dat ons van God nooit enige afbeelding mag maak nie en Hom op geen ander manier mag vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie*.

VR. 97 *Mag ons dan glad nie beelde maak nie?*

ANTW. *God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie. Die skepsele mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons hulle beeltenis sal maak om dit te vereer of God daardeur te dien.*

VR. 98 *Maar sou ons die beelde in die kerke, as* boeke van die leke *nie mag toelaat nie?*

ANTW. *Nee; want ons moet nie wyser wees as God nie, wat sy Christene nie deur stomme beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord wil laat onderrig*.

Die eerste gebod is ’n gebod teen afgodery, die tweede teen beeldediens. Die eerste gebod sê vir ons dat niks of niemand in die plek van of naas God gedien moet word nie. Dit sê dus vir ons wie gedien moet word. Die tweede vertel vir ons van die manier waarop God gedien moet word, nl. nie deur beelde nie, dit vertel dus vir ons hoe God gedien moet word.

Baie meen dat hul gedagtes beter op God gevestig word as hulle dit deur middel van ’n beeld doen. Hulle kyk na die beeld en verbeel hulle hul sien God. Dit is hierdie manier van aanbidding wat God in die tweede gebod verbied.

Let op die volgende uitdrukkinge: ’n Gesnede beeld is ’n beeld wat uit klip of uit hout, ens. uitgekap of uitgesny is en waardeur God aanbid word. ’n Gelykenis is ’n afbeelding van God in hout of klip, ens. Die heidene het afbeeldinge gemaak van voorwerpe in die hemel, bv. die son, maan of sterre, van dinge op die aarde, bv. mense en diere, van dinge in die waters ens., bv. van visse, en God deur daardie beelde aanbid. Die aanbidding van God deur al hierdie dinge word verbied. In die uitleg van die Heidelbergse Kategismus word vir ons gesê: *wat nie verbied word nie, wat verbied word, en wat gebied word.*

## WAT WORD NIE VERBIED NIE?

*Die skepsels mag wel afgebeeld word* (VR. 97). Deur skepsels word hier bedoel alles wat God geskape het. Ons mag dus beelde en skilderye van dinge, diere of mense maak of foto’s van hulle neem solank as ons dit nie vereer en aanbid nie. God verbied dus nie die maak van alle beelde en skilderye en die neem van foto’s nie, maar wel dat ons geen afbeelding van Hom mag maak nie. Ons lees in Ex. 31 dat Besaleël en Oholiab snywerk uit hout, edelgesteente en metaal moes maak vir die tabernakel. Ook weet ons dat op die versoendeksel daar engele was. Daar was ook beelde van beeste waarop die bronssee gerus het en leeubeelde. Nêrens is hierdie dinge verbied nie. Die skilder- en beeldhou- en boetseerkuns is nie uit die bose nie, maar is net soos die musiekkuns ’n gawe wat waardeer en ontwikkel moet word.

## MAAR WAT WORD DAN IN DIE TWEEDE GEBOD VERBIED?

*Ons mag van God nooit enige afbeelding maak nie* (Vr. 96). Dit is wat die kinders van Israel aan die voet van Horeb (Ex. 32) gedoen het. Hulle wou God deur die goue kalf vereer. Dit was dus in ’n eintlike sin nie ’n afgod wat in die plek van God gestel is nie, maar ’n middel ter verering van Hom. Dit is dieselfde wat Jerobeam, die seun van Nebat, later gedoen het deur goue kalwers by Dan en

Betel te laat oprig (1 Kon. 12) Hy wou nie die diens van Jehova verlaat nie, maar wou Hom op 'n ander manier as wat in Jerusalem gedoen was, deur middel van die kalwers vereer. God was hieroor vertoorn, selfs sodanig dat Hy vanweë hierdie kalwerdiens die tien stamme verwerp het. *Van God mag geen afbeelding gemaak word nie, nòg in metaal, klip, hout, klei, ens., nòg deur 'n portret of skildery of in die gedagte of verbeelding van die mens.*

Mag Christus afgebeeld word? Hy was beide God en mens. Daarom moet ons toestem dat Hy na sy menslike natuur kan en mag afgebeeld word. Maar laat ons onthou dat daar nooit 'n portret van Hom geneem of 'n skildery gemaak is nie sodat ons nie 'n ware beeld van Hom na sy menslike natuur kan hê nie. Daar is dan ook geen skildery van Christus wat ooit in sy geheel kan bevredig nie. Hier moet gewaarsku word teen prente wat dikwels in die huise van Protestante aangetref word. Ons mag die afbeelding van mense en dinge nie vereer of God daardeur dien nie (Vr. 97). In sekere kerke is baie beelde van Maria, die moeder van die Here Jesus, van die apostels, van sogenaamde heilige mense wat aan die kerk behoort het en ook het hulle daar kruise en sogenaamde oorblyfsels van dinge uit die tyd van die Here en apostels, soos stukkies van die kruis, die sweetdoek wat op die gesig van die Here graf gelê het, hare, kopbene, ens. Hierdie oorblyfsels is vervals en nie eg nie. Maar aan al hierdie beelde en dinge word eer bewys en God deur middel van hulle aanbid. Hulle buig bv. voor die beelde van Maria en die apostels en voor die kruis. *Al hierdie dinge word deur die tweede gebod verbied.*

Ons mag nie by die onderrig beelde van Maria, die apostels en heiliges gebruik nie (Vr. 98). Dit is algemeen dat in die Sondagskool en katkisasieklas prente van die Here Jesus, Maria, die apostels en ander gebruik word om die les aanskoulik voor te stel. Ook word daar landkaarte, tekeninge en modelle gebruik om die land, stede, geboue, ens. voor te stel. Dit is nie verkeerd nie, maar die gebruik van beelde van persone word uitdruklik deur die kategismus afgekeur. Dit word gedoen omdat die gebruik daarvan maklik kan lei tot verering en aanbidding.

## OP WATTER MANIER DAN MOET GOD GEDIEN EN AANBID WORD?

As ons Hom nie deur middel van beelde en uiterlikhede mag dien nie, hoe dan? Die antwoord word gegee op VR.96, nl. *dat ons Hom op geen ander manier mag vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie.* Wat het Hy in sy Woord beveel? Die antwoord vind ons in die woorde van ons Here aan die Samaritaanse vrou. Joh. 4:24. *God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.* Hier word gewaarsku teen 'n uiterlike godsdiens sonder inwendige toewyding en waaragtigheid van die hart.

Ons uiterlike godsdiens, die sing van Psalms en Gesange, die aanroep van sy Naam, die aanhoor van sy Woord, die gaan na hierdie of daardie kerk is goed en reg, maar dit kan Hom nie behaag as ons hart nie daarin is nie. *Die uitwendige vorm en die inwendige toewyding van die hart moet saamgaan. Geen vormgodsdiens waarin daar nie gees en waarheid is nie, is Hom welgevallig nie.* Die sekere Kerk maak veel van die uiterlike vorm en daarom gebruik hulle beelde. Christus sê aan die Samaritaanse vrou dat nie die uiterlike omstandighede hoofsaak is by die aanbidding van God nie maar die gesindheid, toewyding en opregtheid van die hart. Ons moet God nie in die uiterlike vorm van ’n beeld of in die vorm van die godsdiens aanbid nie *maar met ons hele hart, ons hele siel en ons hele krag* (Matt. 22:37; Mark. 12:30) Onderhou julle hierdie gebod?

Laat ons daarop let dat hierdie gebod ’n dreigement en ’n belofte het. ’n Dreigement dat God die misdaad, die verbreking van hierdie gebod, van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat Hom haat. Aan die anderkant is daar ook ’n lieflike belofte: *Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.*

**VRAE**

1. Mag beelde en tekeninge ens. van mense en diere gemaak word? Wat sê die Bybel hiervan?
2. Mag daar enige afbeelding van God gemaak word?
3. Mag ons die afbeelding van mense vereer of aanbid?
4. Op watter manier moet God gedien en aanbid word?
5. Sê die deel van die gebod op wat ’n dreigement en belofte bevat.

## GELOOFSLES 6: DIE DERDE GEBOD – GEBRUIK EN MISBRUIK VAN DIE HERE SE NAAM.

### *DIE DERDE GEBOD*

*Jy mag die Naam van die HERE jou GOD nie misbruik nie, want die HERE sal die een wat sy NAAM misbruik, nie ongestraf laat bly nie.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 99 *Wat eis die derde gebod?*

ANTW. *Dat ons nie alleen deur te vloek of deur ’n valse eed nie, maar ook deur onnodig te sweer die Naam van God nie moet laster of misbruik nie; en dat ons ook deur te swyg of dit toe te laat aan sodanige verskriklike sondes geen deel moet hê nie;*

*kortom, dat ons die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied moet gebruik nie, sodat Hy deur ons reg bely, aangeroep en in al ons woorde en werke geprys word.*

VR. 100 *Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek, dat God Hom ook oor diegene vertoorn wat dit nie teenstaan nie?*

ANTW. *Ja seker, want daar is geen groter sonde of een wat God meer vertoorn as die lastering van sy Naam; daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf.*

VR. 101 *Maar mag ons ook Godsalig by die Naam van God 'n eed sweer?*

ANTW. *Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis, of anders die nood dit vorder om trou en waarheid daardeur te bevestig, en dit tot eer van God en tot heil van die naaste; want om so 'n eed te sweer is in die Woord Van God gegrond en daarom ook deur die heiliges in die Ou en Nuwe Verbond reg gebruik.*

VR. 102 *Mag 'n mens ook by die heiliges of by enige ander skepsele 'n eed sweer?*

ANTW. *Nee want as ons 'n regte eed sweer beteken dit dat ons God aanroep om as die enigste kenner van die hart vir die waarheid getuienis te gee, en my te straf as ek vals sweer en eer wat aan geen skepsel toekom nie.*

*'n Naam is baie meer as net die hoorbare klank*. Dit is een van ons kosbaarste besittings. Ons kry altyd seer as iemand dit verkeerd uitspreek, skryf of daarmee spot, want dit hang saam met ons eer, ons waardigheid, ons ganse persoon. Dit is 'n onderskeidingsteken wat ons van ander onderskei. Dit is 'n kenteken wat ons karakter en persoonlikheid vir ander voor die gees roep. So is ook die Naam van die Here. *Dit staan gelyk aan die ganse openbaring van God van Homself in al sy eienskappe, werke en dade.*

In die Bybel vind ons verskillende name vir God. Die eerste is Hebreeus *Elohim*, wat in Afrikaans vertaal is deur God (vgl. Gen. 1: l), Hierdie naam kom van 'n woord wat sterk, magtig beteken. Dan vind die naam *Jehova* (vgl. Ex. 3:13,14; 20:7). Dit is sy verbondsnaam wat Hyself aan Moses uit die doringbos verklaar het. Hierdie naam word vertaal deur HERE en beteken die ewige, onveranderlike, troue Verbondsgod. Dan is daar ook nog 'n derde naam, *Adonai*, wat in Afrikaans met 'n hoofletter en klein lettertjies geskryf word, nl. Here. (1953 vertaling)

Dan is daar ook die verskillende name van die Here Jesus. Ons mag sy naam nie ydellik gebruik nie. Dit beteken ligvaardig, onbesonne, roekeloos, vals, ens.

Mag ons dan nooit die naam Jehova of HERE gebruik nie? Dit is wat die Jode doen, dit is soos hulle die gebod verstaan; Daarom as hulle lees en hulle kom by die naam Jehova, spreek hulle dit nie uit nie, maar voeg 'n ander naam in bv. Adonai. Dit is nie die betekenis van die gebod nie. Ons mag wel sy Naam gebruik, maar nooit ydellik nie.

## WAT WORD DEUR HIERDIE GEBOD VERBIED?

Daar word vyf dinge deur hierdie gebod verbied: (a) om te vloek, (b) om 'n valse eed te neem, (c) om onnodig te sweer en (d) om te swyg en toe te sien dat die Naam van God ydellik gebruik word, (e) om by die naam van enigiets of iemand anders te sweer.

## OM TE VLOEK.

Dit word op verskillende maniere gedoen.

1. Vereers is daar mense wat uit die boosheid van hul hart God vloek, belaglik maak en belaster. Dit is wat die seun van Selomit gedoen het (Lev. 24:10:16). *Hy het die NAAM van God gelaster* en daarom het God beveel dat hy buitekant die laer gebring en gestenig moet word.
2. Dan is daar ander wat hulself of hul naaste *in die naam van God vervloek*. Dit het meer as veertig Jode uit haat gedoen toe hulle Paulus wou doodmaak (Hand. 23: 12, 13). Dit het Petrus uit vrees gedoen in die saal van die hoëpriester (Matt. 26:74) Dit het Job gedoen uit ongeduld (Job 3). Dit het Simeï en Goliat gedoen toe hulle Dawid vervloek het.
3. Dan is daar weer persone wat die *Naam van God as 'n stopwoord gebruik*. Hulle doen dit uit gewoonte, in hul drif of as hulle geskrik het. Baie doen dit om indruk te maak.
4. Verder moet genoem word *bastervloeke* waar bv. die laaste deel van die Naam van die Here Jesus weggelaat word soos in Jislike. (Jesus *like*)
5. Deur die Naam van God in die gebed of in gesprekke te veel of onnadenkend te besig, word dit ook ydellik gebruik.
6. Dan is daar nog gewone vloeke of kru taal, afgesien van die gebruik van die naam van die Here, waar bv. 'n saak uit die skepping van God gebruik word as 'n stopwoord, bv. bliksem, donder. Hierby moet ook gevoeg word gewone woorde wat in hul verband 'n slegte of suggestiewe betekenis kry, of woordklanke waaraan die gebruik die betekenis van 'n vloek geheg het. Dit pas nie by 'n Christen nie en 'n Christen word uit sy woorde geken Matt. 7:18: 'n *Goeie boom kan tog nie slegte vrugte dra nie, en* 'n *slegte boom nie goeie vrugte nie.*

## OM ’N VALSE EED TE NEEM

As jy ’n eed neem, dan roep jy God tot getuie dat wat jy sê waar is of dat jy sal uitvoer wat jy belowe. Wat hier verbied word, is meineed, d.w.s. wanneer God valslik as Getuie ingeroep word om te bevestig dat wat gesê of belowe word, die waarheid is of uitgevoer sal word, terwyl dit nie die geval is nie. Hierteen waarsku God in Lev. 19:12. En julle mag nie vals *sweer by my Naam en so die Naam van jou God ontheilig nie. Ek is die HERE*. Net soos daar binne en buite die hof nie vals gesweer moet word nie, so moet ook geloftes, wat aan God en die medemens gedoen is nie verbreek word nie. Deut. 23:21 – *As jy aan die Here jou gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; want die Here jou God sal dit sekerlik van jou eis, en dit sal sonde in jou word.*

## OM ONNODIGE EDE TE NEEM.

Dit is nie verkeerd om ’n eed, waar dit pas, af te lê nie. Dit word nie verbied nie. Dit mag gedoen word in die hof waar die owerheid dit van ons van die waarheid (vergelyk die antwoord op Vr. 101, of waar iemand ’n amp aanvaar en beloof om sy pligte getrou uit te voer). Maar ’n Christen moet uiters versigtig wees dat hy dit nie onnodig doen nie. Dit is geen kleinigheid nie en ’n gewigtige saak. Daar mag nie somaar vir elke nietigheid of sake van min belang ’n eed afgelê word nie. Baie mense is roekeloos in hierdie opsig en sê alte maklik: “Daarop kan ek ’n eed aflê” of “Die Here kan my hoor.” Veral die laaste is niks anders as ’n eed nie. God word as getuie ingeroep. Op hierdie manier word die eed deur die veelvuldige gebruik verlaag en waardeloos gemaak. Mense wat dit doen, se woord is gewoonlik ook nie veel werd nie. Matt 5:37 – *Laat julle ja, eenvoudig ja wees en julle nee nee. Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose.*

## OM TE SWYG AS DIE NAAM VAN GOD GELASTER WORD DEUR TE VLOEK EN VALSLIK EN ONNODIG TE SWEER.

As ons stilbly en toesien dat Sy Naam gelaster word dan is ons medepligtig net soos die persoon wat saam met die dief eet van die gesteelde skaap. Dit is die plig van almal wat met gesag beklee is, om toe te sien dat sy Naam nie ydellik gebruik word nie. In die gesin moet die ouers dit vir die kinders leer en aan almal in die huis. Deur dit ongestraf toe te laat, word ons net so skuldig.

## OM BY DIE NAAM VAN ENIGIETS OF IEMAND ANDERS TE SWEER AS DIE VAN GOD. (VGL. VR. 102).

Die heidene het by mense en selfs by lewelose dinge gesweer. Hierin het die Jode hulle nagevolg sodat God hulle dit verwyt het. Jer. 5:7 – *Waarom sou Ek jou vergewe? Jou kinders het My verlaat en gesweer by dit wat geen God is nie*. In die dae

van die Here Jesus het die Jode gesweer *by die tempel, by Jerusalem, by die hemel*, ens. Een van die kerke het hierdie sonde oorgeneem en sweer by Maria, engele, heiliges en lewelose dinge soos die kruis en relikweë. Tereg sê die Kategismus dat die eer om oor die waarheid as Getuie en Regter op te tree, geen skepsel toekom nie. *Die eed is 'n godsdienstige daad en die voorwerp van alle godsdienstige dade kan maar net God alleen wees en nie die mens nie*. In die eed word alwetendheid en almag toegeken aan hom wat ingeroep word om die waarheid mede te bevestig en hierdie eienskappe mag aan geen skepsel toegeken word nie.

*Wat word nou aan die ander kant deur hierdie gebod gebied*? (vgl. die antwoord op vr. 99). Dit word van ons verwag om die Naam van God nie anders as met vrees en eerbied te gebruik nie; om Hom reg te bely d.w.s. ons mag ons nie vir Hom skaam nie; om Hom aan te roep, dit is ons voorreg en doen ons dit?

Om Hom in al ons woorde en werke te prys. Ons medemense moet God in ons woorde hoor en in ons dade sien. *Ons ganse lewe moet 'n gedurige loflied tot sy eer wees*. Ook hierdie gebod word beklemtoon deur 'n dreigement. Want die Here sal die een wat Sy naam ydellik gebruik nie ongestraf laat bly nie.

**VRAE**

1. Wat roep iemand se naam ons voor die gees?
2. Noem 'n paar van die name van God.
3. Noem 'n paar maniere waarop gevloek word.
4. Wie word tot getuie ingeroep as iemand 'n eed aflê?
5. Waarom is dit sonde om stil te bly as die Naam van God gelaster word?
6. By wat alles het die heidene en Jode gesweer?

## GELOOFSLES 7: DIE VIERDE GEBOD – DIE HEILIGING VAN DIE DAG VAN DIE HERE

### DIE VIERDE GEBOD

*Dink aan die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou GOD; dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee, of jou vreemdeling, wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus, Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR.103 Wat *gebied God in die vierde gebod?*

ANTW. *Eerstens, dat die kerkdiens of die predik-amp en die Sondagskole onderhou moet word en dat ek, veral op die sabbat, dit is op die rusdag, met die gemeente van God ywerig moet opkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, God die Here openlik aan te roep en aan die armes Christelike liefdegawes te bring; ten tweede, dat ek al die dae van my lewe van my bose werke moet rus, die Here deur sy Gees in my moet laat werk en so die ewige sabbat in hierdie lewe moet begin.*

Die naam Sabbat kom van 'n Hebreeuse woord wat rus beteken. God het van sy werk aan die skepping op die sewende dag gerus en dit is Sabbat genoem.

Die Christene vier nie die sewende dag as hul rusdag nie, maar wel die eerste dag van die week *omdat Christus op daardie dag uit die dode opgestaan het*. Dit is die gebruik in die Christelike kerk van die begin af gewees. Eers is die sewende dag ook gevier, maar later net die eerste. In Luk 6:5 sê Jesus: *Die Seun van die mens is Here oor die sabbat.*

## DIE STRYDVRAAG OOR DIE EERSTE OF DIE SEWENDE DAG IN DIE VIERING VAN DIE SABBAT.

Die ou Testamentiese *Sabbat*, 'n Ou Testamentiese verbondsteken, is vervul in die opstanding van Jesus Christus. Daarom is die Saterdagviering van die Sabbat verander na Sondag, die dag waarop Jesus uit die dood opgestaan het.

Die Ou Testamentiese vieringe van spesiale dae soos o.a. die Sabbat en Pasga en ook ander speisale dae was 'n skaduwee of heenwysing na die vervulling daarvan deur Jesus Christus. Paulus praat hiervan in Gal 4:9 - *Maar noudat julle Hom leer ken het, of liewer, noudat Hy julle ken, hoe val julle dan nou weer terug na daardie minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls? Wil julle van voor af weer slawe daarvan wees? Julle hou aan om besondere dae en maande, feesgeleenthede en jare te vier. Ek vrees my harde werk aan julle was dalk tevergeefs.*

Die *betekenis* van die Sondag is egter dieselfde as die van die Sabbat. Hierdie dag, sê die gebod, moet geheilig word. Die woord heilig beteken *afsonder*, d.w.s. *onderskeie wees van die dae van die week en aan God toegewy tot sy eer en verheerliking*. Die heiliging van die rusdag sluit nie net enkeles of die hoofde van huisgesinne in nie, maar almal: jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.

## HOE MOET HIERDIE DAG GEHEILIG WORD?

Daar is sekere dinge wat die gebod ons gebied. Om te rus van ons arbeid. Exodus: 31:15 - *Ses dae kan daar gewerk word, maar die sewende dag is vir hom* 'n *rusdag wat gewy is aan My, die Here.* Sondag moet ons nie besig wees met ons daaglikse werk nie maar met die dinge van die Here. Die grondslag en rede hiervoor is omdat God beveel het, en dit vir ons gedemonstreer het in die Skeppingsverhaal. *Want*

*in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus.* Soos God gedoen het, so moet die mens ook doen. Op die Sondag word dan ook gedink aan die wonderlike skepping van God en veral aan sy herskepping deur Christus Jesus.

Ons Here Jesus het ons geleer dat werke van barmhartigheid en werke van noodsaaklikheid op Sondag gedoen mag word. So het Hy bv. op die Sabbat siekes gesond gemaak (Matt. 12:9-14; Luk. 13:10-17), en het sy dissipels op die Sabbat are gepluk omdat hulle geen ander kos gehad het nie (Matt. 12:1-8). Omtrent hierdie twee uitsonderinge moet ons ’n geheiligde gewete hê, sodat ons dit nie misbruik nie.

Die rus van die Sondag beteken egter nie niks doen nie. Dan veral moet my gedagtes en dade by God wees om Hom te verheerlik. Die Kategismus noem ook nog die volgende:

**OM DIE KERKDIENS EN DIE SONDAGSKOLE TE ONDERHOU**.

Orals waar Christene is, behoort daar gemeentes gestig te word waar ’n kerkdiens deur ’n leraar gehou kan word. Die openbare kerkdienste moet gereeld gehou word en nie maar na willekeur afgestel word nie. As lede vêr woon en nie gereeld die kerk kan bereik nie, moet hulle self sorg dat hulle bv. ’n erediens oor die internet luister. Die predikante amp en die opleiding daarvan moet onderhou word en mense moet opgelei word om die Evangelie uit te dra na die wêreld. Dit sluit ook in om die opdrag van God ten opsigte van opleiding van ons kinders d.m.v. kategetiese onderwys in stand te hou (Matt. 28), naamlik: *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels, doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

**OM KERK TOE TE GAAN.**

Ja, ons moet saam met die gemeente van God ywerig bymekaar kom om

1. die Woord van God te hoor, soos dit deur die leraar gelees en verkondig word;
2. die sakramente te gebruik, en nie soos sommige dit te verwaarloos nie;
3. God die Here openlik aan te roep, d.w.s. deur ons teenwoordigheid, belydenis en deelname aan die gebed en gesang;
4. En om aan God ons bydraes te bring vir die sorg van behoeftiges en kerklike werk. Ons mag nie dink dat die gee van kollektes iets bykomstigs is nie, dit is deel van die verheerliking van God.

**OM ELKE DAG VAN MY LEWE AAN GOD TE WY.**
Jak 2:14 - *Wat help dit my broers as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?* (vers 17). So gaan dit ook met die geloof: *as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.*

Jak. 2:22 - *Jy sien dus dat sy geloof met dade gepaard gegaan het en dat dit eers deur dade volkome geword het.*

**VRAE**

1. Wat beteken die naam Sabbat?
2. Waarom hou die Christene die eerste dag van die week as hul Sabbat?
3. Wat beteken die woord geheilig?
4. Wie sluit die heiliging van die Sondag almal in?
5. Noem 'n paar dinge waardeur die Sondag geheilig word.
6. Waarom woon ons die openbare eredienste by?
7. Waarom mag ons nie vroom wees net op Sondag nie en God die ander dae vergeet nie?
8. Wat word deur hierdie gebod verbied?

## GELOOFSLES 8: DIE VYFDE GEBOD – EERBIED TEENOOR OUERS EN MEERDERES

*Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou GOD aan jou gee.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**
VR.104 *Wat wil God in die vyfde gebod hê?*

ANTW. *Dat ek my vader en my moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou moet bewys en my aan hulle goeie leer en straf met gepaste gehoorsaamheid moet onderwerp en dat ek ook met hulle swakheid en gebreke geduld moet hê aangesien dit God behaag om ons deur hulle hand te regeer.*

In les 14 sal ons sien hoe die Tien Gebooie in twee tafels of dele val. Die eerste wys op ons pligte teenoor God en die tweede leer ons wat ons aan ons medemens verskuldig is. Vandag begin ons met die tweede tafel.

## EERBIED

Ons let vereers daarop wat hierdie gebod gebied. Dat ek aan my vader en moeder en aan almal wat die Here oor my gestel het eerbied moet bewys. Hulle is deur God beklee met gesag oor my en ek is nie hul gelyke nie. Aan hulle is ek agting, respek en eerbied verskuldig. Rom. 13 sê: *Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God. Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God.* Praat ek hulle teë? Is my hele houding, die toon van my stem, die manier waarop ek iets hanteer as ek dit vir hulle aangee, waarop ek na hulle kyk, bowenal die gesindheid van my hart, dié van eerbied?

Soms vra kinders wanneer hulle ouers dinge doen wat verkeerd is of hulle dan nog gehoorsaam moet wees? Maar dit is belangrik dat kinders die rol wat God aan hulle as ouers toegeken het, sal respekteer al is die ouers nie getrou in die uitvoering van die rol nie. Hulle bly jou ouers wat God oor jou gestel het. Die groot saak is dat ook jou ouers en jyself aan God getrou moet wees. *Die uiteindelike gesag berus dan by God. Wanneer ouers dinge doen in stryd met wat God gebied, moet ons aan God gehoorsaam wees.*

## LIEFDE.

’n Liefdelose eerbied is onvanpas tussen ouer en kind. Daar is ’n band van liefde. Al lyk dit soms nie so vir ’n kind nie sal hy nooit besef hoe sterk die band is voordat hy nie eendag self ’n ouer is nie. God se Woord is vol van die liefde van ouers vir hul kinders. Ons dink aan ou vader Jakob. Onbeskryflik diep was die smart van sy hart toe hy op die woord van sy eie kinders laat glo is dat Josef dood is. En later, jare daarna, toe hy Josef ontmoet het, lees ons in Gen. 46:29, dat ou vader Jakob om Josef se hals geval het en lank aan sy hals geween het.

Ons dink ook aan Dawid se liefde vir Absalom, sy opstandige seun. Toe David die berig van Absalom se dood op die slagveld ontvang, het hy in trane uitgebars en in diepe ontroering gehuil met die woorde*: My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun!* (2 Sam. 18:33).

Dit is die liefde van ’n ouer. Ondeurgrondelik. En nou word van elke kind verwag om sy ouer in liefde te eer. Dis ’n tere band! Hoe sterk is ons liefde vir hulle? Bewys ons dit in ons liefdediens as hulle gesond en sterk is? Bewys ons dit drie maal meer as hulle swak en afgeleef en moontlik behoeftig is?

Getrouheid, daadwerklike en blymoedige gehoorsaamheid in die daaglikse pligte, nie omdat ons as hul ondergeskiktes daartoe gedwing word nie, maar omdat ons hul liefde vir ons erken en waardeer.

**ONDERDANIGHEID EN GEHOORSAAMHEID.**
Dit is baie kenmerkend van hedendaagse kinders om te weier om hulle aan gesag van ouers en onderwysers te onderwerp. Die rede waarom kinders gehoorsaam moet wees, is omdat die ouer baie meer jare se ondervinding het en weet van die afdraaipaadjies van die lewe en hulle kinders wil beskerm teen swaarkry. Kinders verbeel hulle dikwels hulle weet beter. Die ouer is outyds en met dolle vaart volg die kinders ’n skaduwee. En wat is die einde daarvan?

*Eer jou vader en jou moeder, dat dit met jou goed mag gaan*, so sê die gebod in Deut. 5:16. Daarom, onderwerp jou met gepaste gehoorsaamheid aan hulle opvoeding en ook aan straf – dissipline is goed vir die vorming van jou karakter. Dink aan die seuns van Eli wat nooit gestraf is nie. En let op hul einde!

**GEDULD MET HUL SWAKHEDE EN GEBREKE.**
Dank God as jy verstandige, voorbeeldige ouers het, maar al is jou vader ’n dronkaard, tog is hy jou vader. Daar is ander menslike swakhede soos ’n slegte humeur, swak senuwees, een of ander liggaamsgebrek. Met al hierdie dinge moet ’n kind geduld beoefen en hy mag nie daarmee spot nie. Hy moenie vergeet wat sy ouer vir hom gedoen het nie, hy moet waak oor sy ouer se eer en hul swakhede geduldig dra en verdra. Dink aan die vloek wat op Gam, wat met sy vader, Noag, gespot het, gerus het.

Dit alles moet gedoen word uit die regte beweegrede, naamlik aangesien dit God behaag om ons deur hul hand te regeer. Dit is ons ouers in die eerste plek, en dan ook ander persone wat in die kerk en die staat oor ons gestel is. Die huisgesin is ’n klein koninkryk en is die eerste instelling van die Here. Die kind wat op die regte wyse tuis opgelei word en wat die verskuldigde eerbied en gehoorsaamheid aan sy ouers gee, dra daardie gees van die huisgesin oor na die skool, na die kerk, na die staat en die samelewing. Maar meer as dit, dit is die eerste stap tot ware onderdanigheid en eerbied aan die Here God, die hemelse Vader. ’n Kind mag miskien meer geleerdheid, of talente, of rykdom as sy ouers besit, of hy mag ’n hoër posisie beklee, tog moet hy sy ouers eer en aan hulle onderdanig wees. Dink in hierdie verband aan die Seun van God, wat aan Sy moeder Maria en aan Josef onderdanig was, al het Hy oneindig hoër gestaan (sien Luk. 2:51).

**WAT WORD DEUR HIERDIE GEBOD AAN DIE ANDER KANT VERBIED?**
Die gebod verbied aan die ander kant alle oneerbiedigheid, haat, veragting, ongehoorsaamheid, nukkerigheid, parmantigheid, onvriendelike woorde of dade, ondankbaarheid teenoor ons ouers.

*Hierdie gebod het 'n pragtige belofte vir die wat dit hou*. Paulus wys ons daarop dat dit die eerste gebod is met 'n belofte (Ef. 6:2). In Deut. 5:16 is die belofte effens meer uitgebrei: *dat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat die Here jou God aan jou gee.* Die betekenis is duidelik. Ongehoorsaamheid sal ons dae verkort. Ons dink aan Eli se seuns en aan Absalom as voorbeelde in die Bybel Ons kan hieruit egter nie aflei dat elke gehoorsame kind op aarde 'n lang lewe sal hê nie maar dat die seën van die Here op sy lewe sal rus.

**VRAE**

1. Val die vyfde gebod onder die eerste of tweede tafel?
2. Wat is die onderskeid tussen die twee tafels?
3. Hoe kan ek liefde aan my ouers bewys? En getrouheid? En onderdanigheid en gehoorsaamheid? En geduld?
4. Waarom moet jy ook gehoorsaam wees aan jou meerderes?
5. Wie val almal hieronder?
6. Noem voorbeelde van kinders wie se lewe verkort is weens oortreding, van hierdie gebod.

## GELOOFSLES 9: DIE SESDE GEBOD – MOORD.

*Jy mag nie doodslaan nie*.

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 105 *Wat eis God in die sesde gebod?*

ANTW. *Dat ek my naaste nie met gedagtes, en ook nie met woorde of enige gebaar en nog minder met die daad, deur myself of deur ander mag onteer, haat, wond of doodmaak nie, maar dat ek alle wraakgierigheid moet aflê. Ook myself nie mag wond of moedswillig in enige gevaar begewe nie, daarom dra die owerheid ook die swaard om die doodslag te weer.*

VR. 106 *Maar dit lyk tog of hierdie gebod net van doodslaan spreek.*

ANTW. *Deur doodslag te verbied, leer God ons dat Hy die wortel van die doodslag soos nyd, haat, toorn en wraakgierigheid, en dit alles vir 'n doodslag beskou.*

VR. 107 *Maar is dit genoeg dat ons, soos tevore gesê is, ons naaste nie mag doodmaak nie?*

ANTW. *Nee, want terwyl God nyd, haat en toorn verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself, en geduld, vrede, sagmoedigheid barmhartigheid en alle vriendelikheid moet bewys, sy skade soveel as wat in ons vermoë is, moet afkeer en ook aan ons vyande moet goeddoen*.

In hierdie tyd van haat, nyd, wraakgierigheid en moord moet deeglik gelet word op die gebod. Jy mag nie doodslaan nie. Dit is een van die kortste, maar een van die betekenisvolste. Laat ons vir eers let op wat God verbied.

**DIE VERBORGE GESINDHEDE VAN DIE HART VAN NYD, HAAT, TOORN, EN WRAAKGIERIGHEIDE:**

Dit is duidelik veral uit die antwoord op vraag 106. Hierdie gebod verbied nie net die openbare dade van doodslag nie, maar ook die verborge wortels daarvan. Hier word vier genoem: nyd, haat, toorn en wraakgierigheid. As ons die akker van die hart wil skoonmaak, moet ons nie net die vuilgoed bo-op afsny nie, maar ook die wortels uittrek. Dit is hulle waaruit die sondige dade ontwikkel.

NYD - 'n Nydige mens is vervul met 'n afguns en gun sy medemens niks goeds nie. Hy kan nie verdra dat die medemens welvarend is en meer het as hyself nie. Kain het Abel beny (Gen. 4:8) en Josef se broers was jaloers op hom (Gen. 37). In albei gevalle het dit wrange vrugte tot gevolg.

HAAT - is 'n bestendige afkeer teenoor ons naaste. Ons wil hom nie sien nie, kan hom nie uitstaan nie en wil nie naby hom wees nie, selfs nie eens in die kerk nie.

TOORN - is die opwelling van drif teenoor die naaste. Dit kan voortkom uit 'n lang gekoesterde nyd en haat.

WRAAKGIERIGHEID - is die gesindheid wat daarna soek om kwaad met kwaad te vergeld. Die wraakgierige wil enige ding wat teen hom gedoen is wreek. Hy bly dag en nag tob oor maniere om die ander persoon terug te kry. Hierdie slegte gesindheid word deur God verbied in die Bybel. Lees wat in Matt. 5:22; Gal. 5:19:21; en 1 Joh. 3:15 staan.

**DIE OPENBARE DADE VAN MOORD, EN SELFMOORD ENS.**

Die antwoord op vraag 105 sê dat ek my naaste nie met gedagtes, en ook nie met woorde of enige gebaar en nog minder met die daad, deur myself of deur ’n ander, mag onteer, haat of wond of doodmaak nie.

MOORD EN SELFMOORD - is die kwaad in sy ergste en laagste vorm. Maar daar is ander voorlopige dade wat dieselfde kenmerke as moord en selfmoord het.

WOORDE - is dikwels soos messe en dolke. Hulle kwets, maak seer, maak dood. Veral woorde wat verkleineer, spot en veronreg. Met gebare kan iemand dreigende, spottende en veragtelike bewegings maak, nie net met die gesig en hande nie, maar ook met die ander liggaamsdele. Ons dink aan gesigte trek, tong uitsteek, ander bespotlik napraat en namaak en met gebreke en gebreklikes te spot.

ONTERING VAN IEMAND - is iets gruweliks en word gepleeg deur suggestiewe woorde of grappies of om iemand onbehoorlik te betas of te molesteer. Daardeur iemand anders se lewe soms totaal geruïneer. Ook boelie gedrag word hierby ingesluit.

VERWONDING - sluit bakleiery in en wreedheid teenoor mens en dier. Ons mag nie ’n dier terg of onnodig verwond nie, nog minder ’n kind of medemens.

MEDEPLIGTIGHEID - Moord word op baie maniere gepleeg. Om ’n moordenaar te help of aan te moedig is ook moord. Pogings tot moord val ook hieronder, soos bv. die geval van Saul teenoor Dawid. Gewone moord sluit in deur gif, of ’n vuurwapen, of ’n mes, of deur iemand opsetlik te verongeluk ens.

In ’n wettige oorlog, veral in ’n defensiewe oorlog, mag ’n mens die vyand bestry en selfs doodmaak. Maar oorlog moet sover moontlik vermy word.

Al bogenoemde dade kan deur myself of deur ’n ander gedoen word. Ek kan persoonlik iemand deur woorde kwets, hom onteer, wond en doodmaak, maar ek kan ook ander aanpor, gebruik of huur. Dawid het dit gedoen met Uria. Isebel met Nabot. Die Jode met die Here Jesus. Dit is nog groter sonde want ons laat ’n ander sondig en verskans onsself agter ’n verskriklike huigelary.

SELFMOORD - Ook myself, sê die Kategismus, mag ek nie wond of moedswillig in enige gevaar begewe nie.

SELFVERMINKING moet streng veroordeel word, behalwe wanneer dit om geneeskundige redes gedoen word soos byvoorbeeld om 'n liggaamsdeel te amputeer. Ons mag onsself ook nie moedswillig in gevaar begewe nie, soos bv. met gewere speel, roekeloos met 'n motor ry, verwaarlosing van voorsorgmaatreëls vir aansteeklike siektes, en ander onmatigheid, ens.

NIEMAND MAG SY HAND AAN SY EIE LEWE SLAAN NIE - Niemand mag God vooruit loop nie. Hy alleen gee die lewe en Hy alleen mag dit neem. Sommige mense is moontlik geestesversteurd as hulle die daad pleeg, maar in die Bybel is dit net onbekeerdes wat dit doen, soos bv. Saul, Agitofel en Judas.

**DIE STRAF OP MOORD EN SELFMOORD**.

Die owerheid dra die swaard om die doodslag te wreek. Hierdie woorde beteken dat net die owerheid moord kan wreek en straf en nie die eerste en die beste persoon, of hy nou 'n familielid, vriend of belanghebbende is nie. Maar moord moet gestraf word. Die Bybel sê dit moet met die doodstraf gestraf word. Gen. 9:6. *Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur mense vergiet word.* Natuurlik maak die Bybel en ook die owerheid 'n onderskeid tussen moord en mansslag. Die eerste is 'n voorbedagte daad, die ander 'n ongeluks- of onverskilligheidsdaad.

**WAT WORD GEBIED DEUR HIERDIE GEBOD?**

DIE REGTE GESINDHEDE TEENOOR DIE NAASTE.

Ons moet ons naaste liefhê soos onsself. Ons moet sy welsyn en lewe vir hom net so liefhê en begeer en bevorder as vir onsself. Ons moet geduld beoefen teenoor ons ouers, kinders, bediendes, onderwysers, leerlinge, base en onderhoriges, al word ons onregverdig behandel. Ons moet die vrede bewaar vir sovêr dit moontlik is sê die apostel, en die Here spreek die vredemaker salig (Matt 5:9). Sagmoedigheid, barmhartigheid en vriendelikheid moet aan die naaste bewys word. En bowenal moet ons alles in ons vermoë doen om skade wat hy kan ly, af te weer en selfs aan vyande moet ons goeddoen (Rom. 12:20).

**VRAE**

1. Noem 'n paar van die verborge wortels van moord.
2. Hoe kan my woord en gebare ook moord pleeg?
3. Waarom is dit so 'n sonde om iemand anders te gebruik om hierdie dinge te doen?
4. Waarom mag ek nie my hand aan my eie lewe slaan nie?
5. Wie alleen mag moord straf?
6. Noem 'n paar van die regte gesindhede teenoor die naaste.

## GELOOFSLES 10: DIE SEWENDE GEBOD – DIE HUWELIK, EGBREUK, REINHEID.

*Jy mag nie egbreuk pleeg nie.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 108 *Wat leer die sewende gebod ons?*

ANTW. *Dat alle onkuisheid deur God vervloek is en dat ons daarom van harte vyande daarvan moet wees en kuis moet lewe.*

VR. 109 *Verbied God in hierdie gebod nie meer as egbreuk en dergelike dinge nie?*

ANTW. *Omdat ons liggaam en siele tempels is van die Heilige Gees, daarom wil Hy dat ons al twee suiwer en heilig moet bewaar; daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei:*

Vandag behandel ons ’n onderwerp waarin elkeen belang behoort te stel, nl. die huwelik en reinheid van siel en liggaam.

### WAT IS DIE HUWELIK?

Die woord eg beteken huwelik. Dit is deur God self in die Paradys ingestel. Hy het die eerste mensepaar as man en vrou geskape (Gen. 1:27; 2:20-24), en die vrou asof met sy eie hand na die man gebring.

*Die huwelik is dus ’n goddelike en geen menslike instelling nie, dit is* ’n *geoorloofde en heilige verbintenis tussen* ’n *man en* ’n *vrou (Heilige Verbond).* Volgens sy verordening moet die getroudes mekaar ook tot hulp wees (Gen. 2:18) en moet daar kinders uit die huwelik gebore word. Hierdie verbintenis is tussen een man en een vrou. Dit rus verder op wedersydse getrouheid en liefde vir mekaar, So is dit die geval dat die man sy vader en moeder sal verlaat en sy vrou aanhang, en omgekeerd (Gen. 2:24). Weens sy oorsprong en aard is dit dan ook reg en noodsaaklik dat die huwelik in die kerk voltrek sal word en nie voor die magistraat nie.

Die huwelik is nie ’n gewone ooreenkoms tussen twee mense nie maar ’n verbond. By ’n gewone ooreenkoms moet al twee hulle beloftes nakom anders word die ooreenkoms verbreek. Die huwelik verskil hiermee in dat die huweliksbeloftes gesluit word vir alle tye, goed of sleg en in elke omstandigheid wat op die pad kan kom en dus onbreekbaar is. Die Bybel praat daarvan dat egbreuk geweld is (Mal. 2:6). *Egbreuk is niks anders as geweld nie, sê die Here die Almagtige.*

## MET WIE MOET EK TROU?

Die Here het die mens so geskape dat hy graag wil trou, maar dit is n verbintenis wat baie versigtig aangegaan moet word. Jongmense moet baie mooi dink voordat hulle trou.

Omdat trou vir lewenslank is, moet die persoon baie goed geken word voordat die besluit geneem word. Sy aantreklike maniere en mooi voorkoms bekoor dikwels, maar wat is daar meer? ’n Mens ken nie ’n ander mens tensy jy sy familie en alles van hom weet nie. Mense kan vir ’n tyd voorgee om ’n baie liefdevolle en goeie mens te wees, maar baie keer verander hulle direk na die voltrekking van die huwelik in die teenoorgestelde.

Omdat geloof die basiese rigtinggewer van ’n mens se lewe is, moet mens nie met iemand van ’n ander geloof trou nie. Die Bybel sê duidelik: *Moenie in dieselfde juk trek met ongelowiges nie* (2 Kor. 6:14). Watter vooruitsig op geluk is daar as die een ’n wêreldling en die ander ’n Christen is? Godsdiensverskille kan twee mense se huwelik op die rotse laat beland of daartoe lei dat een sy geloof moet prysgee ter wille van die ander met rampspoedige gevolge, ook vir die kinders van so ’n egpaar.

Dit is belangrik om met iemand te trou wat jou kultuur, godsdiens en verstandelike peil deel. Daarom is *kruiskulturele huwelike* ’n resep vir moeilikheid en ongelukkigheid. Die familie en vriende van die spesifieke persoon word deel van die uitgebreide gesin en kan baie probleme veroorsaak as gevolg van al die verskille, al is die huweliksmaat baie aanvaarbaar. Sulke huwelike lei in die meeste gevalle, tot vervreemding en tot baie aanpassingsprobleme vir al die partye wat betrokke is.

Omdat ouers die belange van kinders op die hart dra is dit belangrik om ouers te ken in die keuse van ’n huweliksmaat. Om in die geheim te trou sonder medewete van jou ouers en vriende is moeilikheid soek. Vermy alles wat daartoe aanleiding kan gee.

Dit is baie belangrik om jou ouers se toestemming te kry voordat jy trou. Die huwelik is ’n gewigtige en ingrypende besluit en die Here se seën rus op kinders wat hulle ouers ken in hierdie sake. Wanneer probleme opduik, is ouers gewoonlik die mense wat hulp verleen aan die paartjie. As hulle nie toestemming gegee het vir die huwelik nie, kan die kind nie op hulle hulp en ondersteuning in moeilike tye staatmaak nie.

## IS DAAR GRONDE VIR EGSKEIDING?

*Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie* (Matt. 19:9), maar weens die hardheid van die mens se hart laat die Bybel twee gronde van egskeidings toe. Die een is owerspel (Matt. 19:9) en die ander kwaadwillige verlating (1 Kor. 7:15). In

hierdie gevalle wil dit ook nie sê dat die huwelik móét ontbind word nie, maar dan mag dit (1 Kor. 7:10-15).

## WAT ALLES EN WIE VAL ONDER HIERDIE GEBOD?

Die antwoord op vraag 108 sê dat alle onkuisheid deur God vervloek is (Deut. 27:20; Num. 5; Gen. 38:10). Dit omvat alle geheime onreinheid van die hart en alle onsedelikheid van die daad. Die huwelikstaat is deur God ingestel en is geheilig en byna alles wat die Kategismus verder sê is om die onskendbaarheid en heiligheid van die huwelik te beskerm. Verder word almal, getroudes en ongetroudes, die wat in die huwelikstaat is of daarbuite, in hierdie gebod ingesluit.

## WAT DAN WORD ALLES DEUR DIE GEBOD VERBIED? DIE GEHEIME ONREINHEID VAN DIE HART.

Let op die antwoord van vraag 109. Hier word genoem ‘luste’. Dit is neigings en begeertes tot onkuisheid. Hulle ontstaan as ons aan onreine gedagtes en begeerlikhede toegee (Matt. 5:28). Hier speel pornografie ’n ontsettende groot rol in die vernietiging van huwelike en buite egtelike verhoudings. Onreine gedagtes is meesal die voorlopers van onreine dade. Daarom sê Spr. 4:23 - *Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.*

Die beste middels teen sulke gedagtes is om te werk, te waak, te bid en die Bybel te lees. Onkuise gebare teen wie ook al en met watter liggaamsdeel ook al. Spr. 6:12,13,14a - *’n Dwaas is hy wat met sy oë knik, met sy voete beduie, met sy vingers tekens gee, in wie se hart valse streke is.*

Onkuise woorde en gebare is nie eens meer geheim nie. Dit word al erger, en hulle grens al aan onkuise dade. Onder woorde val vuil stories, suggesties, grappe, liedjies, sinspelinge en opsetlike dubbelsinnighede.

## DADE VAN ONSEDELIKHEID

Alles word hier ingesluit, van watter aard of watter leeftyd ook al, voor die huwelik of in die huwelik, in die geheim gepleeg of in geselskap van ander.

## ALLES WAT DIE MENS DAARTOE KAN VERLEI.

Daar is dinge en omstandighede wat aanleiding kan gee tot onkuisheid. Selfs dit word verbied. Hier moet genoem word onkuise kleredrag, pornografiese video’s, selfoonpornografie, speletjies, alkohol, sosiale klubs, saamslaap. Ook Dawid het in die versoeking geval deur in ledigheid te verval en vir Batseba op die dak sien bad het. Dit het tot soveel hartseer en die dood van sy kind gelei. Hy sê in Ps. 51:9 *Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees,*

en in vers 12 *Skep vir my* 'n *rein hart o God, vernuwe my gees.* So verskriklik vuil het Dawid gevoel na aanleiding van sy buite egtelike verhouding met Batseba.

**WAT GEBIED DIE DIE SEWENDE GEBOD?**

Aan die ander kant word ons gebied om 'n rein en heilige lewe te lei (Antw. op Vr. 108), en ons liggaam en siel al twee suiwer en heilig te bewaar. (Antw. op Vr. 109). Die redes wat hiervoor aangegee word, is tweevoudig. Omdat alle onkuisheid deur God vervloek is. Lees 1 Kor. 6:9,10; Kol 3:5-7 en Hebr. 13:4. Omdat ons liggaam en siele tempels van die Heilige Gees is. Lees 1 Kor. 6:18,19,20.

**VRAE**

1. Wie het die huwelik ingestel?
2. Is veelwywery geoorloof?
3. Waarom nie?
4. Met wie moet ek nie trou nie?
5. Noem 'n paar geheime onkuise sondes van die hart. Watter dinge kan 'n mens verlei tot onkuisheid?
6. Wat is die redes waarom ons rein moet lewe?

## GELOOFSLES 11: DIE AGSTE GEBOD – DIEFSTAL EN ONEERLIKHEID.

*Jy mag nie steel nie.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 110 *Wat verbied God in die agste gebod?*

ANTW. *God verbied nie alleen diefstal en roof wat die owerheid straf nie, maar Hy noem ook diewery, alle bose dade en listige planne waarmee ons dink om die goed van ons naaste onsself toe te eien met geweld of deur die skyn van reg, soos met valse mate, meters, munt, ware, woeker of deur enige middel wat God verbied; daarby ook alle gierigheid, alle misbruik en verkwisting van sy gawes.*

VR. 111 Maar *wat gebied God jou in hierdie gebod?*

ANTW. *Dat ek die belange van my naaste, waar ek kan en mag, moet bevorder; met hom so moet handel soos ek wens dat die mense met my moet handel; daarby ook dat ek getrou moet arbei, sodat ek die behoeftiges kan help.*

Hierdie gebod gaan uit van die standpunt dat God die Eienaar en Besitter van alles op aarde is. Ps. 24:1: *Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon.* Hy laat genadiglik toe dat die mens daarvan iets mag hê. In die ware sin van die woord is ons geen besitters nie, maar rentmeesters van God. Aan Hom moet ons verantwoording doen van die gebruik van ons besittings.

Hierdie gebod gaan ook uit van die standpunt dat dit goed en reg is vir die mens om elkeen iets te besit. Eiendom en grond behoort nie in eerste instansie aan die gemeenskap of staat nie, maar aan die individu. Die eie privaatbesit word in die Bybel gehuldig (Gen. 1:28:29; Josua 14:12-14; Ps. 115:16). Maar God verbied wat nie ons s'n is nie.

Daar is baie soorte en maniere van diefstal. Laat ons let op wat alles verbied word.

## DIEFSTAL EN ROOF WAT DIE OWERHEID STRAF

Hier het ons die bekendste oortreding van die gebod, bv. diefstal van vee en van geld, roof van 'n bank deur die bedreiging met wapens ens. So 'n dief word opgespoor, verhoor en deur die owerheid gestraf. Die koerante is ongelukkig vol daarvan.

Bose dade en listige planne om die goed van ons naaste vir onsself toe te eien. Die mens wil nie graag bekend staan as 'n dief nie, daarom dink sy bose hart planne uit om dit skelm te doen. Watter mooi name hy ook al aan sy planne mag gee, die Bybel noem dit nog altyd diewery. 'n Paar van die planne moet genoem word.

DIE BEPLANNING VAN GEWELD - Rykes en magtiges gebruik hul mag in die onderdrukking van armes en swakkes. Hulle het die mag in hande en maak soos hulle wil. Groot nasies doen baie lelike dinge onder die dekmantel van reg.

DIE SKYN VAN REG (Agteraf) - Die dief doen hom voor as 'n eerlike man maar die slagoffer weet daar niks van nie. Hy doen dit deur bv. in die handel gebruik te maak van *valse gewigte*, *'n meet instrument wat te kort is, minderwaardige ware (materiaal) te verkoop vir goeie, valse muntstukke in omloop te bring en woekerwins, d.i. te onredelike hoë rente te vra, veral as iemand in verleentheid is.*

ANDER PLANNE OF MIDDELE WAT GOD VERBIED - Hulle is baie: *Oneerlike administrasie van geld, onjuiste opgawes in die inkomstebelastingvorm, dagdiewery, alle loterye, al is die opbrengs bedoel vir liefdadigheid, en alle dobbelary, omkopery, die opkoop en vashou van 'n produkte om wins uit mens se verleentheid*

*te maak, die weerhouding van loon aan bediendes, opgehoopte winkelskuld, die nie-betaling van huurgelde, die nie-terugbesorging van 'n geleende boek of 'n ander artikel, oneerlike advertensies, weddenskappe.* Verder word verbied:

**ALLE GIERIGHEID**

Dit is die wortel van alle euwels (1 Tim. 6:10). 'n Gierigaard ontsien nie om oneerlike middele te gebruik om geld in die hande te kry nie en as hy dit het, wil hy dit behou ten alle koste. Hy laat sy vrou en kinders honger ly en het 'n toe hand vir die arme en sy kerk. Volgens die Skrif kom die gierigaard nie in die koninkryk van God nie (1 Kor. 6:10).

**ALLE MISBRUIK EN VERKWISTING.**

Dit is die ander kant van die saak. Ons mag nie gierig wees nie, maar ons mag ons besittings nie misbruik om goddelose dinge daarmee te doen nie of dit verkwis deur te weelderig te lewe, te veel uit te gee aan kos en klere, onnodige dinge te koop, hoër te lewe as ons inkomste net om in pas te wees met die bure nie. Onthou: *ons is rentmeesters van God*.

'n Hele vraag in die Kategismus word gewy aan wat gebied word. Veral drie dinge word genoem.

**EK MOET DIE BELANGE VAN MY NAASTE BEVORDER.**

In Deut. 22: -4 word dit duidelik gebied. As ek bv. 'n dier van ander sien ronddwaal, moet ek dit terugbring. As hy 'n kleed verloor het en ek dit vind, moet ek dit oppas en terugbesorg. Lees ook Fil. 2:4.

**EK MOET MET HOM SO HANDEL SOOS EK SOU WENS DAT DIE MENSE MET MY MOET HANDEL.**

Hierdie woorde is letterlik geneem uit Matt. 7:12. Let daarop, dat ek iemand nie moet behandel soos hy my behandel het nie maar soos wat ek sou wou hê dat hy my moet behandel. Matt 7: *Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop die neerkom in die wet en die profete*.

**EK MOET GETROU ARBEI SODAT EK DIE BEHOEFTIGES KAN HELP.**

Arbeid is ons plig nie net vir die voorsiening in ons eie behoeftes maar ook in die van die behoeftiges wat in hul eie onderhoud nie kan voorsien nie. Hier is van toepassing wat staan in Ef. 4:28. *Laat die een wat steel nie meer steel nie, maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets het om mee te deel aan die een wat gebrek het.*

**VRAE**

1. Wie is die Eienaar van alles?
2. Wat se soort besitters is ons?
3. Behoort eiendomme in die eerste plek aan die staat of die individu?
4. Wat sê die Kommunisme van privaatbesit? Noem ’n paar listige planne om ander se eiendomme vir myself toe te eien.
5. Noem op wat in hierdie gebod gebied word.

## GELOOFSLES 12: DIE NEGENDE GEBOD – VALSE GETUIENIS, LASTER EN KWAADSPREEK.

*Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR.112 *Wat wil die negende gebod hê?*

Antwoord. *Dat ek teen niemand valse getuienis mag aflê nie, niemand se woorde mag verdraai nie, geen kwaadspreker of lasteraar mag wees nie, niemand ligvaardig en onverhoord mag oordeel of help veroordeel nie, maar alle lieg en bedrieg as die eie werke van die duiwel moet vermy, dat ek die toorn van God op my wil laai; so ook, dat ek in die gereg en alle ander handelinge die waarheid moet liefhê, opreg spreek en bely; ook my naaste se eer en goeie naam na my vermoë verdedig en bevorder.*

Die agste gebod mik op die beskerming van ’n mens se besittings, maar daar is iets baie dierbaarder as besittings, nl. ’n mens se goeie naam en karakter. Die negende gebod het ten doel om dit te beskerm. Dit het betrekking op die leuen en op die bevordering van die waarheid. Dit het te doen met die slegte en goeie gebruik van die tong. Lees Jak. 3. Duidelik word die volgende verbied:

### OM VALSE GETUIENIS TEEN IEMAND AF TE LÊ.

Om getuienis af te lê is nie verbied nie en is dikwels noodsaaklik, maar wel valse, onware getuienis in die hof of in ander omstandighede. In die hof sou dit beteken *meineed*. Dit is reeds behandel in les 6. Dikwels is ons geroepe om ook in ander omstandighede getuienis omtrent iemand af te lê, bv. deur ’n getuigskrif uit te reik; deur op private navrae van besighede of onderwyshoofde te antwoord; deur, waar iemand in die private lewe beskuldig word, ter wille van sy karakter getuienis omtrent hom af te lê. Alles wat ons sê moet die waarheid wees en niks leuenagtigs bevat nie (Spr. 19:5).

**OM NIEMAND SE WOORDE TE VERDRAAI NIE.**

Ons verdraai iemand se woorde deur iets weg te laat van wat hy gesê het, deur iets by te voeg, deur sy woorde op ’n ander toon na te sê of deur dit in ’n verkeerde verband te gebruik. As ons iets aanhaal wat iemand gesê het moet dit volkome juis, en op dieselfde manier wat hy dit gebruik het, gedoen word (Spr. 12:22).

**OM ’N KWAADSPREKER OF LASTERAAR TE WEES.**

Die kwaadspreker of skindertong praat altyd agter iemand se rug, en hy meng die leuen so met ’n bietjie waarheid, dat dit aantreklik is en aanneemlik lyk. Dit word alte dikwels op sosiale byeenkomste gedoen onder die skyn van vriendskap en om te vermaak. Die lasteraar sê en skryf opsetlike onwaarhede om met ’n doel te benadeel. Dit is dikwels moeilik om die oorsprong van skinderpraatjies en laster na te spoor. Om dit dood te swyg en dood te bid, is die beste (Matt. 5:44).

**OM IEMAND LIGVAARDIG EN ONVERHOORD TE OORDEEL OF TE HELP VEROORDEEL.**

Iemand mag nooit onverhoord, sonder dat hy ’n kans gehad het om hom te verdedig, of ligvaardig, d.w.s. op ongenoegsame getuienis, geoordeel word nie. Dit mag nie, of dit nou in die hof is, of in die kerkraad, of in ’n ander vergadering, of in die daaglikse lewe. ’n Gerug of vermoede is geen gronde vir veroordeling nie (Joh. 7:24).

**OM OP ANDER MANIERE TE LIEG EN TE BEDRIEG**.

Al die besondere gevalle kan nie genoem word nie. Daarom word daar gepraat van alle lieg en bedrieg. Of dit nou is in die besigheid, die politiek, deur vleiery en voorgee, diplomatieke of ander leuens, soos noodleuens en dubbelsinnighede waar een ding gesê en ’n ander bedoel word. Dit alles word verbied. Die rede waarom dit nie mag nie, is omdat dit alles die werke van die duiwel is. Van die begin af het hy gelieg en bedrieg deur Eva te verlei. *Hy is die vader van alle leuens.* Joh. 8: 44 - *Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af* ’n *moordenaar En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is* ’n *leuenaar en die vader van die leuen*. Onthou, geen lasteraar sal die Koninkryk van God sien nie (Ps. 5:7; 1 Kor. 6:10; 2 Tim. 3:2; Openb. 21:8,27).

**LAAT ONS NOU NA DIE KEERSY KYK EN VRA WAT GOD IN HIERDIE GEBOD GEBIED.**

**OM IN DIE HOF EN IN ALLE OMSTANDIGHEDE DIE WAARHEID TE PRAAT.**

Ek moet dit liefhê en, omdat ek dit liefhet, opreg spreek en bely. In die hof moet regters, aanklaers, beskuldigdes, advokate en prokureurs die waarheid liefhê. In alle ander omstandighede, of dit kontrakte of beloftes maak is ens., moet dit eerlik wees. Dit wil nou nie sê dat ek alles omtrent myself en my naaste ongevraagd en onbesonne aan almal moet uitblaker nie. Al is dit die waarheid. Dan is ek praatsiek, bemoeisiek en ’n onrusstoker. Dit is onnodig. Die liefde bedek ’n menigte van sondes (1 Petr. 4:8) en ons moet ook bid: *Here sit ’n wag voor my mond en bewaar die deur van my lippe* (Ps. 141:3).

**OM MY NAASTE SE EER EN GOEIE NAAM NA MY VERMOË TE BEVORDER EN TE VERDEDIG**.

Ek moet nie net geen leuenagtige dinge omtrent hom sê en glo nie, maar in sy eer en goeie naam belangstel en dit bevorder. Ek moet die kwaadpraters die mond stop en sy eer verdedig.

**VRAE**

1. Noem ’n paar dinge wat deur die gebod verbied word.
2. Hoe kan ek iemand se woorde verdraai?
3. Hoedanig is die handelwyse van die skindertong en lasteraar?
4. Wanneer word iemand onverhoord en ligtelik veroordeel?
5. Is daar nog ander maniere om met die tong te lieg en te bedrieg?

## GELOOFSLES 13: DIE TIENDE GEBOD – SONDIGE BEGEERTES

*Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS

VR. 113 *Wat eis die tiende gebod van ons?*

*ANTW. Dat ook die geringste lus of gedagtes teen enige gebod van God nooit in ons hart mag opkom nie maar dat ons van alle sondes altyd van ganser harte vyande moet wees en in alle geregtigheid behae moet hê.*

Ons het nou gekom tot die tiende en laaste gebod. Die tiende gebod is ’n gebod nie teen die een of ander uiterlike nie maar teen verborge, slegte begeertes en gedagtes. In hierdie gebod spreek God nie van uiterlike waarneembare dade van die mens nie maar van die innerlike gesindheid van die hart. In hierdie gebod kom die geestelike aard van die wet duideliker uit as in enigeen van die ander.

Hierdie gebod het in die eerste plek te doen met die tweede tafel van die wet nl. die wat betrekking het op die naaste maar volgens die kategismus is slegte begeertes ook die oorsaak waarom al die gebooie, ook die van die eerste tafel, oortree word. Dit is ’n samevatting van die sonde wat die verbreking van almal ten grondslag lê. In die gebod word ’n aantal dinge genoem wat ons nie mag begeer nie: *Ons naaste se huis, vrou, dienskneg, diensmaagd, os, esel, of iets anders*. Hierdie dinge dien maar as voorbeeld van ’n lys wat tien maal verdubbel kan word.

## NIE ALLE BEGEERTES IS SONDE NIE.

Maar laat ons goed onderskei. Nie alle begeertes is sonde nie. Dit is nie verkeerd om kos of water te begeer, om te wil lewe, om gesond te wees, om gelukkig te wees, om vooruit te kom, om iets te besit nie, om ’n goeie betrekking te beklee, om God te ken en met hom gemeenskap te beoefen in die binnekamer of in sy huis nie (Ps. 42:3). Daardie begeertes wat God in sy gebooie vir ons verbied het, is egter verkeerd, bv. ons naaste se vrou (7de), sy besittings (8ste) ens. Sonde oor die algemeen is daardie begeerte wat ten koste van God en die naaste teen hul wil of belang vervul word, en uit die bose wortel van hebsug en afguns spruit.

## WAT WORD DAN IN HIERDIE GEBOD VERBIED?

Die geringste lus of gedagtes teen enige Gebod van God. Die woord lus beteken begeerte. Ons ervaar liggaamlike en geestelike gewaarwordinge bv. droefheid, blydskap, ambisie. Hulle mag onskuldig wees maar sodra hulle begeertes word om die gebooie van God te oortree, dan is dit sonde. Begeertes word gewoonlik ontwikkel en voortgedra deur gedagtes. Hierdie dinge is nog verborge, maar laat ons waak daarteen want, saai ’n begeerte, maai ’n gedagte; saai ’n gedagte, maai ’n daad; saai ’n daad, maai ’n gewoonte; saai ’n gewoonte, maai ’n karakter; saai ’n karakter, maai die ewigheid. Jak 1:14 sê: *Maar* ’n *mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.*

**DAT SLEGTE BEGEERTES EN GEDAGTES NOOIT IN ONS HART MAG OPKOM NIE.**

Sommige sê dit is nie verkeerd as slegte begeertes, vanself sonder dat ons daarna soek, by ons opkom nie. Ons kan dit nie help nie. Die kategismus sê *nee*, ook die opkom daarvan, al is dit vanself sonder dat ons dit wil, is sonde. Dit wys ons net die diepe verdorwenheid van die natuur van die gevalle mens en die ontsettende mag en omvang van die sonde. Ons mag ons nie daaraan troos deur te sê: *ek gee nie toe aan die begeertes wat by my opkom nie*. Selfs die opkom daarvan is sonde. Hier word gepraat van opkom in ons hart. Dit beteken in ons bewussyn. Die Here Jesus wys op die hart as die bron van alle slegte begeertes. *Want van binne, uit die hart van die mens kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid* (Mark. 7:21, 22). In hierdie kort antwoord van die Kategismus word ons veral ook twee dinge gebied:

**DAT ONS VAN ALLE SONDES ALTYD VAN GANSER HARTE VYANDE MOET WEES.**

Vyandskap teen God en die naaste, word deur God oral in die Bybel verbied, maar vyandskap teen die sonde word aangemoedig en beveel. Hoe baie maal speel ons tog nie met die sonde as met die beste vriend en maat nie. Ons troetel en koester dit soos 'n giftige slang in ons arms totdat dit ons dodelik pik. Sonde moet ons vyand wees.

Dat ons in alle geregtigheid behae moet hê. Hoe vêr is ons tog nie hiervandaan nie!

**DIE GEBOD IS SKERP GESTEL.**

Laat ons daarop let dat die uitleg van die gebod in die antwoord op vraag 113 baie skerp gestel is om ons die afskuwelike sonde van slegte begeertes en gedagtes duidelik voor te hou.

Die antwoord is oral in die oortreffende trap. Tel die woorde wat in die oortreffende trap is: *geringste lus, enige gebod, nooit in ons hart, van alle sondes afsien, van ganser harte, in alle geregtigheid*. Nie minder as ses nie. Hoe vêr skiet ons tog nie tekort nie.

**VRAE**

1. Is die tiende gebod gemik teen die uiterlike daad of (die verborge slegte begeertes van die hart?
2. Het dit betrekking net op die eerste tafel van die Wet?
3. Watter begeertes is sonde en watter nie?

4. Wat word verbied deur hierdie gebod?
5. Wat word gebied?
6. Waarom sê ons die gebod is skerp gestel?
7. Is daar slegte begeertes en gedagtes in jou hart?

## GELOOFSLES 14: VERDELING EN HOOFINHOUD VAN DIE TIEN GEBOOIE

**KORT BEGRIP**.

VR. 4 *Hoe word die Tien Gebooie verdeel?*

ANTW. *In twee Tafels*

VR. 5 *Wat is die hoofinhoud van wat God jou gebied in die vier gebooie van die eerste Tafel?*

ANTW. *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod* (Matt. 22:37, 38).

VR. 6 *Wat is die hoofinhoud van wat God jou gebied in die sy gebooie van die tweede Tafel?*

ANTW. *Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete* (Matt. 22:39, 40).

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**
VR. 93 *Hoe word hierdie tien gebooie verdeel?*

ANTW. *In twee tafels, waarvan die eerste leer hoe ons teenoor God ons moet gedra; die ander, wat ons aan ons naaste verskuldig is.*

VR. 4 *Wat eis die wet van God van ons?*

ANTW. *Dit leer Christus ons in hoofsaak, Matt. 22:37-40. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.*

Vandag gaan ons ons besig hou met die vrae, hoe word die Tien Gebooie verdeel en wat is die hoofinhoud daarvan?

## DIE VERDELING VAN DIE TIEN GEBOOIE.

Ons het gemerk dat daar ’n groot verskil is tussen die eerste vier gebooie en die laaste ses. *Die eerste vier het hoofsaaklik te doen met God en die laaste ses met die medemens*. Die gebooie word dan ook in twee groot dele verdeel. Hierdie twee groot dele word tafels genoem, omdat God op die berg die gebooie op twee stukke plat klip of tafels geskryf het. Lees Ex. 32:15,16. *En Moses het omgedraai en van die berg afgeklim, met die twee tafels van die Getuienis in sy hand; hulle was op die een en op die ander kant beskrywe. En die tafels was die werk van God. Die skrif was ook die skrif van God in die tafels gegraveer.*

Op die eerste tafel staan pligte teenoor God beskrywe en op die tweede ons pligte teenoor ons naaste en onsself. Maar hoeveel gebooie is op die eerste en hoeveel op die tweede? Die gebooie word deur verskillende kerke verskillend ingedeel, Ons sê op die eerste tafel is daar vier en op die tweede ses gebooie.

## DIE HOOFINHOUD VAN DIE TIEN GEBOOIE.

Toe die wetgeleerde die Here gevra het wat die groot gebod in die wet is (Matt. 22:35-40), het die Here die inhoud van al die gebooie kortliks opgesom en geantwoord: *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel, en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê.*

LIEFDE: Die Here wou hom laat verstaan dat die grootste eis van die wet liefde is teenoor God en die naaste. As ons God en die naaste volkome liefhet, dan sal ons nie die gebooie oortree nie. As die regte gesindheid van liefde in ons hart is, dan sal ons nie lus hê om die gebooie te oortree nie, maar net om hulle te hou. As ons God en die naaste volkome liefhet, dan sal ons bv. Sy Naam nooit misbruik nie, Sy Sabbat nooit ontheilig nie of nooit die naaste besteel of moor nie. Aan die ander kant is die liefdeloosheid en die haat in die hart van die mens die grondoorsaak vir die verbreking van die wet van God.

WAT IS LIEFDE? Dit is hoogagting, waardering, verbinding, vereniging, gemeenskap. Dit is nie ’n sieklike stemming van die gemoed nie, maar ’n beginsel wat die mens beheers. Dit is ’n krag wat God van bo af instort (Rom. 5:5) en wat hom voortdryf tot die voorwerp van sy liefde en hom in die diens van sy God en medemens gelukkig laat voel. 1 Joh. 4:10 - *Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te*

*stuur as versoening vir ons sondes*. 1 Joh. 4:18 - *Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.*

LIEFDE TOT GOD: Die eis van die wet is dat die liefde tot God volkome liefde moet wees - met jou hele hart en verstand. Dit sluit die hele mens in, neem die hele mens in beslag en vorm die dryfkrag vir sy gedagtes, woorde en werksaamhede.

LIEFDE VIR DIE NAASTE: Die Here sê jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Die maatstaf waarmee die liefde tot die naaste dus gemeet moet word, is die liefde wat ons vir onsself het. (Die natuurlike mens het altyd homself lief en daarom sal hy altyd dink aan wat vir homself die beste is. Daarom word hierdie beeld gebruik wanneer Jesus se jy moet jou naaste liefhê soos jouself.) Die ware liefde dink altyd die teenoorgestelde, naamlik aan wat die beste is vir die naaste. Daarom het God gesê ons moet ons naaste liefhê soos onsself. Dit stem ooreen met wat die Here in Matt. 7:12 sê: *Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen net so moet julle aan hulle ook doen.* Selfliefde moet nie verwar word met selfaanvaarding nie. Lg. is noodsaaklik om ander mense met hulle foute te kan aanvaar en lief te hê, maar selfliefde of selfsug, waar eie belange altyd eerste is ten koste van die van my naaste, is nie liefde nie. Goddelike liefde dink altyd eerste aan die ander se belange.

**VRAE**

1. Waarom praat ons van die tafels van die Wet?
2. Hoe verdeel ons die gebooie?
3. Hoe het die Here Jesus die Tien Gebooie opgesom?
4. Waarmee het die eerste tafel te doen?
5. En die tweede?
6. Wat is liefde?
7. Wat beteken volkome liefde teenoor God?
8. Is selfaanvaarding nodig en reg?
9. Wat is die maatstaf waarmee ons ons liefde vir ons naaste moet meet.

## GELOOFSLES 15: ONS ONVERMOË OM DIE WIL VAN GOD TE DOEN

**KORT BEGRIP.**
VR. 8 *Kan jy dit alles volkome onderhou?*

ANTW. *Nee want ek is van nature geneig om (a) God en (b) my naaste te haat en die gebooie van God met gedagtes, Woorde en werke te oortree.*

(a) Rom. 8:7. *Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.*
(b) Tit. 3:3. *Want ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam, op 'n dwaalweg, verslaaf aan allerhande begeerlikhede en singenot, ons het in boosheid en afguns gelewe; ons was haatlik en het mekaar gehaat.*

**DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**
VR. 5 *Kan jy dit alles ten volle onderhou? Nee, want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat.*

Ons het in verlede Sondag se les gesien hoe dit op die gesindheid van liefde in die mens se hart aankom of hy die gebooie kan onderhou. Hoe dink julle, is ons in staat om daardie gebooie te onderhou? Sommige van ons meen ja en ander nee, terwyl daar is wat onbeslis is oor die saak. Laat ons op verskillende dinge let en so probeer uitvind.

**DIE VERPLIGTING VAN DIE MENS OM DIE WET VOLKOME TE HOU.**
God het die mens so geskape dat hy in staat was om die wet volkome en ten volle te onderhou. Adam en Eva kon voor die sondeval dit volkome doen. Die Wet was in hul hart geskrywe. Dit was hul natuur. En as Adam en Eva dit na die sondeval nie meer kon doen nie, dan is dit hul eie skuld en neem dit geensins die verpligting van hulle af weg nie. Hulle het self gekies om die sonde te doen en sodoende die goeie wil om die wet volkome te hou, vernietig. Hulle kan God nie daarvoor blameer of sê dat sy eise te streng is nie.

**WAT DIT BETEKEN OM DIE WET VOLKOME TE HOU.**
Om die wet volkome te onderhou is geen maklike saak nie. Die saak is nie so eenvoudig soos die ryk jong man gedink het nie (Luk 18:18-30) Laat ons op 'n paar dinge let:

## OM DIE WET VOLKOME TE HOU, BETEKEN NIE NET DIE UITWENDIGE LETTER OF DAAD NIE, MAAR VOLKOME NA SY TOTALE OMVANG EN DIEPE GEESTELIKE BETEKENIS.

Dit is nie net uitwendige dade wat tel nie, soos die ryk jong man gemeen het toe hy gesê het: *Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af*, maar die inwendige geestelike gesindheid van die hart. Daardie gesindheid is liefde teenoor God en die naaste en as dit nie daar is nie, dan beteken die uitwendige dade niks nie, dan is dit huigelary. Daardie gesindheid moet teenwoordig wees in ons gedagtes, woorde en werke. 'n Maklike saak is dit seker nie.

## *OM DIE WET VOLKOME TE ONDERHOU, BETEKEN DAT BEIDE WAT VERBIED EN GEBIED WORD, OF ANDERS UITGEDRUK, DIE NEGATIEWE EN POSITIEWE INHOUD VAN DIE WET NAGEKOM MOET WORD.*

Al die gebooie buiten een, nl. die vyfde, word in die negatiewe vorm gegee, d.w.s. hulle sê wat ons nie moet doen nie. Om elke gebod na sy volle betekenis te onderhou moet ons ook vra wat wil God ons daarin gebied en nie net alleen verbied nie en omgekeerd. Ons moet die gebooie in beide hul negatiewe en positiewe betekenis onderhou Laat ons bv. die agtste gebod neem: *Jy mag nie steel nie*. Dit is negatief - die positiewe kant is dan om die besittings van ons medemens te bewaar en te beskerm.

## *OM DIE WET VOLKOME TE ONDERHOU, BETEKEN OOK DAT NIE NET DIE DING WAT DEUR DIE GEBOD GENOEM WORD IN AANMERKING KOM NIE, MAAR AL DIE ANDER WAT DAARAAN VERWANT IS.*

In elke gebod word daar gewoonlik net een of 'n paar dinge genoem. Maar daardie een is net een uit 'n soort wat verbied of gebied word. *Ons moet by die onderhouding van die wet nie net by daardie een ding bly nie, maar by almal van die soort*. In die eerste gebod, bv. word net van ander gode d.w.s. van afgodery gepraat, maar daar is nog baie ander dinge van dieselfde soort soos bv. towery, waarsêery, bygeloof, die aanroeping van heiliges ens. wat vermy moet word. Die onderhouding van die wet is geen maklike saak nie.

## **WAAROM DIE MENS DIT NIE KAN DOEN NIE.**

Afgesien van die feit dat die eise van die wet baie streng is, is daar nog 'n ander rede waarom die mens die Wet nie volkome kan hou nie:

*OMDAT HY VAN NATURE GENEIG IS OM GOD EN SY NAASTE TE HAAT EN DIE GEBOOIE VAN GOD MET GEDAGTES, WOORDE EN WERKE TE OORTREE.*

Adam en Eva het gekies om sonde te doen. Deur die sondeval is die Wet wat in hulle hart geskryf was, verduister en uitgewis behalwe klein oorblyfseltjies. Waar dit vantevore hulle hul aard en natuur was om die Wet te onderhou, het die verbreking daarvan nou hul natuur geword. Hul wil, hul neiging, hul gesindheid het nou aan daardie kant te gestaan gekom om God te haat.

Al sou ons al ons kragte inspan, al sou ons al ons tyd gebruik, al sou al ons besittings gee, al sou ons die taal van engele spreek, sou ons die Wet nie volkome kan onderhou nie, want ons is van nature geneig om God en die medemens te haat. Te haat! Om te haat beteken 'n afkeer te kry in iemand, hom tee te staan, die wens te koester dat hy vernietig sal word. Dit is diep vernederend vir die mens om dit aan te hoor, maar dit is waar. Dit is volkome volgens die Skrif. Lees Rom. 1:28-32. Die sondes wat hier genoem word, is soos 'n perdebynes. Daar kom altyd meer uit en die giftige angel van elke volgende is skerper as die vorige. Lees Rom. 8:7 *Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is, want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. Lees ook Titus 3: 3: Want ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam, op 'n dwaalweg, verslaaf aan allerhande begeerlikhede en singenot; ons het in boosheid en afguns gelewe; ons was haatlik en het mekaar gehaat.* Die Bybel sê baie duidelik vir ons dat die haat besit geneem het van ons hart. God en die medemens te haat! Dit is volgens die ondervinding. Sover het alle geslagte te alle tye die stempel van waarheid op hierdie uitspraak gedruk. Hulle het God gelaster, sy naam ontheilig, die naaste uitgebuit, en onderdruk. Veral in hierdie dae waarin ons lewe is die haat en vyandskap teen God en die naaste hemeltergend. In dae van voorspoed kom hierdie sonde nie so duidelik na vore nie, maar in teëspoed gebeur dit dat teen God gemurmureer en sy Naam gelaster en gevloek word. Net so met die naaste. In mooiweerdae is alles reg. Maar as dit moeilik word en die naaste in ons pad kom, dan haat ons hom, wil ons hom uit die weg ruim en hom vernietig. Die Bybel, Kategismus en ondervinding is in volkome ooreenstemming op hierdie punt.

Wat sê dit alles vir ons? As die mens aan homself en sy natuur oorgelaat sou word, dan sou die bose natuur al vaster in hom word en hy uiteindelik in die verdoemenis beland. As God nie deur Sy Woord en Gees sou ingryp en die wedergeboorte en bekering in die hart werk nie, dan sou alles hopeloos tevergeefs wees. Voel u die werking van die Gees in u hart?

**VRAE**

1. Kon die mens voor die sondeval die gebooie van God volkome hou?

2. Wie se skuld is dit dat hy geval het?
3. Is hy van die val onthef van die verpligtinge om dit te hou?
4. Wat word bedoel deur die geestelike betekenis van die wet?
5. Wat word bedoel deur die negatiewe en positiewe sy van die wet?
6. Verskillende gebooie noem voorbeelde van dinge wat verbied word, word nog meer bedoel as wat genoem word?
7. Waarom kan die mens die wet nie hou nie?
8. Hoe kan hy in staat gestel word om dit te onderhou?

## GELOOFSLES 16: DIE BEELD VAN GOD EN DIE OORSPRONG VAN DIE SONDE

### KORT BEGRIP

VR. 1 Het *God jou so boos en verdorwe van nature geskape?*

ANTW. *Nee maar Hy het my goed en (a) na sy beeld geskape, (b) in ware kennis van God, (c) geregtigheid en heiligheid.*

a) Gen. 1:27 - *En God het die mens geskape na sy beeld*
b) Kol. 3:10 - *Omdat julle met die nuwe mens julle beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper*
c) Efes. 4:24 - *En julle met die nuwe mens moet beklee, wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.*

VR. 9 *Vanwaar kom dan die verdorwenheid wat in jou is?*

ANTW. *Uit die val en die ongehoorsaamheid van Adam en Eva in die Paradys b) waar ons natuur so verdorwe is dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.*

a) Rom. 5:19 - *Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars getel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Een baie tot regverdiges gestel word.*
b) Ps. 51:7 - *Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.*

VR. 10 *Watter ongehoorsaamheid was dit?*

ANTW. *Dat hulle geëet het van die vrug van die Boom wat God hul verbied het.*

Gen. 3:6 - *En sy neem van sy vrugte en eet, en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.*

## HEIDELBERGSE KATEGISMUS

VR. 6 *Het God dan die mens so boos en verkeerd geskape?*

ANTW. *Nee, maar God het God die mens goed en na sy ewebeeld geskape, dit is, in ware regverdigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kan ken, Hom van harte kan liefhê, en Hom in die ewige saligheid kan lewe om Hom te loof en te prys.*

VR. 7 *Waar kom die verdorwe aard van die mens dan vandaan?*

ANTW. *Uit die val en die ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers Adam en Eva, in die Paradys waar ons natuur so verdorwe is, dat ons almal in sondes ontvang en gebore word.*

In die vorige les het ons, tot ons skande gesien, dat die mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat en heeltemal onbekwaam is, weens sy sonde, om die gebooie volkome te hou. Maar hoe het die mens dan so sleg geword? Wie se skuld is dit. Dit is baie noodsaaklik dat ons die persoon sal vind wat skuld het vir die ontsettende ellende veroorsaak deur die sonde. Daar is seker geen onbarmhartiger verwoester as die sonde nie. Dit verwoes die mens se liggaam, breek huisgesinne op, bring haat, jaloesie en onvrede tussen bure, dit jaag ganse volke in die oorlog, dit dryf die mens om sy God en Skepper te vloek en uit te skel. Wie is die oorsaak vir die mens se sonde en ellende? Dit is ons probleem waarop ons 'n antwoord moet vind.

## IS GOD OORSAAK VAN DIE SONDE?

Hierdie vraag klink vir ons hard en pynlik in die ore, want ons gewete sê dadelik vir ons dat die mens, as hy self verbrou het, maar alte graag die skuld op 'n ander en selfs op God wil laai. Die natuurlike mens redeneer en sê: *ek is deur God geskape*, daarom moet ek die verskriklike foute wat in my is, by Hom soek. Die opstellers van die Kort Begrip en Kategismus en ons wil hierdie beskuldigings reguit in die oë kyk, daarom die vraag: Het God die mens dan so boos en verkeerd geskape?

Watter antwoorde gee die Bybel hierop? Ons onthou uit Genesis dat God op die sesde dag die mens geskape het. Lees Gen. 1:31 wat God van die mens sê toe Hy hom klaar gemaak het: *Toe sien God al wat Hy gemaak het en dit was baie goed.*

Maar nog meer: *God het die mens onderskei bokant alle ander wesens, selfs bokant die engele. Hy het hom gemaak na Sy ewebeeld*. Lees Gen. 1:26; Efes. 4:24;

Kol. 3:10. God self is heilig, regverdig, goed en vol kennis volgens sy Woord en daar is geen sonde in Hom nie; daarom was die mens wat na sy beeld geskape is, ook sonder sonde.

## NEE, DIE MENS IS GESKAPE NA DIE BEELD VAN GOD.

Die Kort Begrip vat hierdie waarheid uit die Bybel baie mooi saam. Lees die antwoord op vraag 7. Daar is eers 'n besliste *nee*. Dit is asof die mens wat die wedergeboorte in die hart het, wil sê: Ver daarvandaan, beslis *nee*. God is nie skuldig nie. My gewete sê dit ook aan my. Inteendeel, Hy het die mens goed geskape. Verder word daar op die voetspoor van die Bybel gesê dat die mens geskape is na die beeld van God en hy noem veral drie karaktereienskappe van die beeld op: *kennis, geregtigheid en heiligheid*.

Wat beteken dit om na *die beeld van God* geskape te wees? Het dit 'n liggaamlike betekenis? Stellig nie. Dit beteken nie dat God 'n liggaam het soos ons met hande, oë en voete nie. Dit moet geestelik verstaan word. Volgens Kol. 3:10 *het die mens 'n kennis gehad wat soos die van God was.* Dit beteken nie dat sy kennis soveel of so omvangryk as die van God was nie alhoewel dit sekerlik geen geringe kennis moes gewees het nie maar dat hy in sy kennis volkome vry van alle dwaling was. Wat hy geken het, het hy korrek geken en nie soos ons wat maar ten dele halwe waarhede ken nie. Daarby het hy 'n ware kennis van God gehad. Die mens was soos God geskape in ware geregtigheid (Efes. 4:24). Daar was nie die geringste ongeregtigheid of sonde in hom nie. Hierdie geregtigheid was hom ingeskape, dit was sy eie, deel van sy natuur. Hy was in alle opsigte soos hy volgens die wet moes gewees het. Soos God nie sonde gehad het nie, so was hy ook in daardie toestand sonder sonde. Hy kon die tien gebooie, as hul daar was, volkome hou. Hy was ook die *beelddraer van God in ware heiligheid* (Efes. 4:24). Hy was nie besmet of besoedel met sonde nie. Daar was nie die minste onsuiwerheid of onreinheid van die sonde in hom nie. Hy was heilig in sy gewaarwordinge, woorde en dade, en hy kon God van harte liefhê en met Hom in die ewige saligheid lewe en Hom daar loof en prys. Ons sien dus baie duidelik dat volgens die Bybel en Kategismus ons die skuld vir die mense se sonde nie op God kan laai nie. Wie is dit dan?

## IS DIE MENS DIE OORSAAK?

Daar is nog 'n ander persoon by hierdie saak betrokke, nl. die mens, is hy self miskien verantwoordelik vir sy ellende? Wat sê die Bybel? Laat ons teruggaan na Gen. 3:1-13. Laat die klas die gedeelte lees. Die proses van verleiding en ongehoorsaamheid was as volg;

a) Ons sien eers hoe die vrou stilgestaan en geluister het na die verleier; dan,
b) hoe sy goed self geweet het wat die gebod van God was (verse 2 en 3); dan,
c) hoe, volgens vers 6, daar twyfel omtrent die goeie bedoelinge van God in haar hart gekom het; Sy het God se woord bevraagteken, en
d) hoe sy van die vrugte geneem en geëet het, en eindelik
e) hoe sy ook aan haar man gegee en hy geëet het. Self het hulle die daad gedoen wat hulle in ellende gestort het. (Lees Rom. 5:12.)

**JA, WEENS SY VAL EN ONGEHOORSAAMHEID.**

Die Kort Begrip bevestig weer die waarheid uit die Bybel. Lees die antwoord op vraag 9: *uit die val en ongehoorsaamheid van Adam en Eva,* ens. Ons hoor daar van die val van die mens. Die mens het baie hoog gestaan as beelddraer van God. God het hom baie hoog geplaas. Maar deur sy eie skuld het hy homself in die diepte gestort en sy nakomelinge saamgesleep en so oor hulle ook ’n verskriklike ellende gebring.

Dit was deur sy eie ongehoorsaamheid aan die gebod van God, die gebod wat God aan die mens gegee het om nie van die boom van kennis van goed en kwaad (Gen. 2: 16, 17) te eet nie. Dit word die proefgebod genoem. God wou die mens op die proef stel om te sien of hy uit liefde aan God se gebod gehoorsaam sou wees.

Die mens kon self kies of hy aan God gehoorsaam wou wees of nie. Hy het gekies om ongehoorsaam te wees. Hy het self sy vernedering en ellende en die dood gekies. Hy kan nie met die beskuldigende vinger na God wys nie, maar het homself te blameer. Hy het die vrye keuse gehad om God te gehoorsaam en te leef, maar hy wou nie.

**VRAE**

1. Waarom, sê jy, is God nie die oorsaak van die sonde nie?
2. Watter drie karaktereienskappe van die beeld van God het ook die mens gehad?
3. Hoedanig was die kennis van die mens voor die val? En sy geregtigheid? En sy heiligheid?
4. Waarom, sê jy, is die mens die oorsaak van sy ellende?
5. Watter gebod word die proefgebod genoem?

## GELOOFSLES 17: DIE ERFSONDE.

**KORT BEGRIP.**
VR. 7 *Gaan die ongehoorsaamheid van Adam ons dan aan?*

ANTW. *Ja, sekerlik, want hy is ons almal se vader en deur hom het ons almal gesondig. Rom. 5:12 - Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**
VR. 7 *Waar kom die verdorwe aard van die mens dan vandaan?*

ANTW. *Uit die val en die ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, Adam en Eva, in die Paradys waar ons natuur so verdorwe is, dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.*

In les 16 het ons gesien dat die mens na God se beeld geskape is in *ware kennis, geregtigheid en heiligheid.* In hom was geen sonde nie, selfs geen kiem van sonde, geen sondige neiging of begeerlikheid nie. Hierdie staat van heiligheid het egter nie lank geduur nie. Die duiwel het die saadkorrels van sonde in Adam en Eva se hart gelê en dit was soos 'n kiem wat hul hele natuur deurtrek, besoedel en bederf het.

### WAT SÊ DIE BYBEL? HET ONS ONS BEDORWE NATUUR VAN ADAM EN EVA OORGEËRF?

Ons weet dat die natuur van Adam en Eva verdorwe geword het; maar het ons nou iets daarmee te doen – gaan Adam en Eva se sonde ons aan? Hierop antwoord die Bybel dat dit ons wel aangaan, dat die nageslag van Adam, 'n sondige natuur van hom oorgeëerf het.

As 'n stuk grond absoluut vry is van alle kieme van onkruid dan sal hy skoon bly, maar as die kieme daarin gelê word dan is die grond vuil en sal hy deur die vermenigvuldiging van die kieme vuil bly.

### SO IS DEUR DIE KIEME WAT DIE DUIWEL IN ADAM EN EVA SE HART GELÊ HET, DIE MENSLIKE NATUUR BESOEDEL EN DIE NATUUR WAT ONS OORGEËRF HET, IS DUS 'N BESOEDELDE.

Dit was nie lank nie of dit het duidelik geword dat die natuur van Adam se nageslag bederf was. Die eerste verhaal na Adam se val is die treurige geskiedenis van Kain wat ons in Gen. 4. lees. Eers het Kain kwaad geword, hy was jaloers

op sy broer. Toe kom die Here en waarsku hom deur te sê: *Die sonde lê en loer voor die deur en sy begeerte is na jou, maar jy moet daaroor heers.* Hierop het Kain geen ag geslaan nie. Hy het die sonde aangemoedig en sy toorn het uitgeloop op ’n moord. Wat leer ons hieruit? Dat Kain ’n sondige natuur van Adam en Eva oorgeëërf het. En so is die kieme van die sonde voortgeplant van geslag tot geslag en moet ons in Gen. 6:5 lees dat die Here gesien het dat die boosheid van die mens groot was en al die versinsels van sy hart, wat uit God se skeppende hande so suiwer, so skoon gekom het, totaal boos was en ingeneem is deur die onkruid van die sonde.

Hierop sinspeel die apostel Paulus, veral in Rom. 5. In die 12de vers sê hy *dat die sonde deur een mens in die wêreld gekom het en algemeen geword het.* In vs. 18 sê hy *dat dit deur een misdaad is, nl. die van Adam, dat veroordeling oor alle mense gekom het,* en in vs. 19 *dat deur die ongehoorsaamheid van een mens baie tot sondaar gestel is.* Dit is presies net wat die Here Jesus bedoel het toe Hy aan Nikodemus gesê het: *Wat uit die vlees gebore is, dit is vlees* (Joh. 3:6).

## WAT IS DIE LEER VAN ONS KERK OOR HIERDIE SAAK?

Die Kort Begrip vra in vraag 11: *Gaan die ongehoorsaamheid van Adam ons dan aan?* Antwoord: *Ja, sekerlik, want hy is ons almal se vader, en deur hom het ons almal gesondig*. Dawid bv. was ’n besonder toegewyde man, ’n man na God se hart, soos die Bybel herhaaldelik van hom sê. Tog het ook hy die sonde in sy hart as ’n erfenis, waaroor hy hom diep moes bekommer en waarteen hy gedurig moes stry, ontvang. Daarom moes hy ook erken in Ps. 51:7*: Kyk in ongeregtigheid is ek gebore en in sonde het my moeder my ontvang.* Ons moet hier ook let op die woord almal. Ons het almal in hom (Adam) gesondig. Dit beteken dat die sonde deur oorplanting na alle mense in alle geslagte deurgedring het. Nie net sommige mense nie, maar almal. Dit beteken die sonde het algemeen geword. Niemand is daarsonder nie.

## WATTER GEVOLGTREKKING MOET ONS HIERUIT MAAK?

1. Dat ons eie hart bedorwe is, ons eie natuur boos is, ons geneig is om god en ons medemens te haat.
2. Hierdie boosheid is nie uit die omstandighede van die lewe nie, en is ook nie daar weens die slegte voorbeelde wat ons rondom ons sien nie; nee, hierdie boosheid is iets wat ons eie is, dit is ’n aangebore natuur, iets wat ons van ons eerste voorouers oorgeëërf het. Die sonde van Adam het die menslike natuur so vergiftig dat alle mense in sonde ontvang en gebore word. Soos ons Nederlandse Geloofsbelydenis sê Hierdie

erfsonde is soos opborrelende water uit 'n besmette fontein (Die Nederlandse Geloofsbelydenis. Art. 15).

**WAT STAAN ONS DAN TE DOEN?**
ONS MOET HIERDIE VERDORWENHEID IN ONS ERKEN.
Dit sal nie help om ons daarvoor te verontskuldig nie. Dit is nie alleen die Woord van God wat ons op die boosheid van die menslike natuur wys nie, ons eie ondervinding bevestig dit. Ons merk dat dit nie nodig is om 'n kind te leer kwaad doen nie: hy is vanself geneig om dit te doen. Boosaardigheid en ook wreedheid word so dikwels selfs in klein kinders, voor hulle nog slegte voorbeelde rondom hulle kan bespeur, opgemerk. Maar waarom sal ons na andere kyk? Is dit nie genoeg vir jou om in jou eie hart te kyk nie? Is daardie hart van jou nie baie vuil nie? Lees 1 Joh. 1:8: *As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie.*

**VRAE**

1. Watter groot sonde het met die kinders van Adam plaasgevind?
2. Wat sê dit vir ons van die erflikheid van die sonde?
3. Wat sê Dawid in Ps. 51?
4. Kan jy uit jou eie ervaring vertel hoe jy gesien of ondervind het dat 'n klein kindjie ook reeds sondige neigings het?

## GELOOFSLES 18: DIE ALGEHELE VERDORWENHEID VAN DIE MENS.

**KORT BEGRIP.**
VR. 12 *So is ons dan uit onsself onbekwaam tot enige goed en geneig alle kwaad?*

*ANTW. Ja, tensy ons deur die Gees van God wedergebore word.* Joh. 3:3. *Voorwaar, voorwaar, ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**
VR. 8 *Maar is ons so bedorwe dat ons heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad?*

ANTW. *Ja, tensy ons deur die Gees van God wedergebore word.*

In die vorige les het ons gesien hoe die sonde deur oorplanting alle mense sonder uitsondering besmet het. Vandag sal ons kyk na hoe erg daardie besmetting is. Op die vraag: *So is ons dan uit onsself onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad,* word volmondig "Ja" geantwoord. Dit is 'n diepe erkenning en laat ons ons hoofde in diepe ootmoed en skaamte buig. Laat ons nagaan wat hierdie erkenning, wat gedoen is op die getuienis van die Woord van God, beteken.

**UIT ONSSELF ONBEKWAAM TOT ENIGE GOED.**

Laat ons eers kyk na wat dit nie beteken nie. Daardeur wil nie gesê word dat die mens in 'n duiwel verander het nie. Daar word verskillende dinge onder onwedergebore mense gevind wat ook goed genoem word, soos bv. 'n mate van kennis, selfs by alle heidenvolke, van 'n opperwese, uiterlike geregtigheid, betaamlikheid, en uitwendige godsdiens selfs. Die Dordtse Leerreëls beskryf dit soos volg: *Daar het wel na die val in die mens nog enkele straaltjies van die lig van die natuur oorgebly waardeur hy enige kennis behou van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen wat betaamlik en onbetaamlik is, terwyl hy ook strewe na deug en uiterlike tug*. (Die Dordtse Leerreëls, hoofstukke 3 en 4).

Maar die uitdrukking, onbekwaam tot enige goed, beteken wel dat daardie goeie dinge, daardie enkele ligstraaltjies wat oorgebly het, nie genoegsame waarde het in die oog van God nie. Want die onwedergebore mens doen daardie dinge, nie omdat hy God en sy medemens liefhet nie, maar uit eie belang. *Hy doen dit nie om God te eer en te verheerlik nie, maar uit selfsug.*

Dit beteken ook verder dat die mens hom nie uit homself tot God sal en kan bekeer nie. As God in sy ewige liefde nie van sy kant hom soek, wederbaar en verander nie, sal hy dit nie uit homself doen nie, want hy het dit nie in hom nie.

**EN GENEIG TOT ALLE KWAAD.**

Dit beteken nie dat elke mens alle sondes doen nie, of bedrewe is in alle sondes nie, maar dat die geneigdheid, die aanleg by elke mens tot alle sondes aanwesig is. As die geleentheid gunstig is, en die genade van God dit nie verhoed nie, kan elkeen in alle sondes val. Die neiging van sy wil is na die kwade toe. Hy het nie vanself, as God dit nie in hom plant nie, 'n neiging of wil na die goeie nie. Om 'n beeld te gebruik – 'n lamp wat in 'n kamer hang, bly wel hang, maar sy neiging is tog gedurig om te val, en as die draad hom nie hou nie, dan val hy dadelik, al het hy ook jare bly hang. Wat hierbo gesê is, stem ooreen met die uitsprake van die Bybel. Lees wat staan in Gen. 6:5; 8:21; Job 14:4; 15:14,16,35. Dit is en bly die natuurlike toestand van die onwedergebore mens.

**TENSY ONS DEUR DIE GEES VAN GOD WEDERGEBORE WORD.**
Hoe wonderlik is dit om te weet dat daar ’n ligte sy aan hierdie donker wolk van die algehele verdorwenheid van die mens kan wees. Die lig word deur God gebring. By ons is net duisternis. Hy is Lig en bring die lig, omdat Hy ons liefhet (Joh. 1:4,5). Ons kan onsself nie verander en Hom liefhê nie. Hy verander ons en werk die liefde in ons hart. Deur Sy Gees wederbaar Hy ons tot ’n nuwe mens. Luister hoe die Dordtse Leerreëls hierdie werk van die Gees en die wedergeboorte beskryf. Niemand kan dit beter en eenvoudiger doen nie. (Die Dordtse Leerreëls, hoofstukke 3 en 4:4,11,12*). Hy, die Heilige Gees, open die hart wat gesluit is; Hy vermurf wat hard is. Hy besny wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe hoedanighede in en maak dat die wil wat dood was, lewend word; wat boos was, goed word; nie wou nie, nou inderdaad wil; wat ongehoorsaam was, gehoorsaam word; Hy beweeg en versterk die wil, sodat dit soos ’n goeie boom vrugte van goeie werke kan voortbring.*

Dit is die wedergeboorte, die vernuwing, nuwe skepping, opwekking uit die dode en lewendmaking waarvan so heerlik in die Skrif gespreek word, wat God, sonder ons toedoen, in ons werk.

**VRAE**

1. Het die enkele straaltjies van lig wat in die mens se natuur oorgebly het enige waarde vir God?
2. Waarom het dit nie genoegsame waarde nie?
3. Kan die onwedergebore mens homself tot God bekeer?
4. Is die wil van die onwedergeborene vry om goed te doen?
5. Beskryf ’n onwedergebore mens.
6. Beskryf ook ’n wedergebore mens.

## GELOOFSLES 19: ERFSONDE EN WERKLIKE SONDES.

**KORT BEGRIP.**
VR. 7 *Kan jy dit alles volkome onderhou?*

ANTW. *Nee, want ek is van nature geneig om (a) God en (b) my naaste te haat en die gebooie van God met gedagtes, woorde en werke te oortree.*
(a) Rom. 8:7 - *Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.*
(b) Tit. 3:3 - *Want ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam, op ’n dwaalweg, verslaaf aan allerhande begeerlikhede en sinsgenot; ons het in boosheid en afguns gelewe; ons was haatlik en het mekaar gehaat.*

## HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 9 *Wil God die ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?*

ANTW. *Nee, sekerlik nie, maar Hy vertoorn Hom verskriklik oor die aangebore sowel as die werklike sondes en wil dit deur 'n regverdige oordeel tydelik en ewiglik straf soos Hy gesê het: Vervloek is elkeen wat nie bly in wat geskrywe is in die boek van die wet om dit te doen nie.*

Bostaande vraag 7 uit die Kort Begrip is reeds behandel in les 15 maar hier moet 'n punt daarin weer behandel word met die oog op bostaande onderwerp nl. erfsonde en werklike sondes.

In die antwoord op die vraag word gesê dat ek van natuur geneig is om God en my naaste te haat en ook dat ek die gebooie van God met gedagtes, woorde en werke oortree. Hier word dus onderskei tussen twee sondes, d.w.s. sonde waartoe my natuur my neig - soos ons in 'n vorige les gesien het, word erfsonde genoem - en sonde met gedagtes woorde en werke.

Die Heidelbergse Kategismus onderskei ook in die antwoord op vraag 10 (hierdie vraag en antwoord word in die volgende les volledig behandel) tussen aangebore sonde en werklike sondes. Aangebore sonde is natuurlike erfsonde en werklike sondes is dieselfde as wat deur die Kort Begrip sondes met gedagtes, woorde en werke genoem word.

## WAT IS NOU DIE ONDERSKEID TUSSEN ERFSONDE, EN WERKLIKE SONDE?

Ons het in 'n vorige les gesien hoe die neiging om sonde te doen, voortgeplant is deur Adam in die natuur van sy kinders en op almal in al die nageslagte na hulle. Elkeen ontvang dit as 'n erfenis van die vorige geslag wat sy hele persoonlikheid, liggaam, verstand en siel, besmet. Die pasgebore kind besit daardie erfenis. Maar let daarop 'n pasgebore kind het nog nie werklike sondes nie. Hy het nog nie gedagtes, woorde en werke nie. Daarom sien ons 'n pasgebore kind het erfsonde, maar hy het nie werklike sondes nie. Eers wanneer hy kan dink, praat en handel dan sal hy ook werklike sondes doen.

Erfsonde het hy reeds by die geboorte; werklike sondes sal hy nog doen. 'n Sondige natuur het hy reeds en daaruit sal binnekort allerlei verkeerde dinge voortkom. Erfsonde kleef hom altyd aan; met werklike sondes sal hy nie altyd besig wees nie. Die erfsonde gee hom 'n liggaams- en sielsingesteldheid om te kan en te wil sonde doen. Die werklike sondes sal hy doen as die geleentheid en versoeking daar is. Werklike sondes word ook genoem sondes van die daad en daar is baie soorte van hulle.

**SOORTE VAN WERKLIKE SONDES.**

Verskillende teoloë het die werklike sondes verskillend ingedeel. Die Kort Begrip praat van *sondes van gedagtes, woorde en werke.* Ander praat van *sondes teen God, die naaste en onsself*. Ander van sondes van *bedryf en versuim*, en hulle bedoel dat ons in ons werk en ons lewe, selfs die vir die Here, sonde doen terwyl daar mense is wat deur hul versuim om iets te doen, sondig. Ander praat van *sondes deur onkunde, swakheid en die boosheid van die hart*. Ander van *verborge en openbare sondes*. Ander van *swaarder en ligter sondes en* van *doodsondes en vergeeflike sondes*. Dit alles wys ons net die verskriklike omvang van die sonde. Die Hervormers het hierdie onderskeiding van sondes verwerp *omdat alle sondes, ook die kleinste en geringste, in die oog van God, die straf van die dood verdien en omdat daar vergifnis vir alle sondes is* (1 Joh. 1:7) *buiten vir een, nl. die sonde teen die Heilige Gees.* Hieroor iets meer.

**DIE SONDE TEEN DIE HEILIGE GEES.**

Baie gelowiges kwel hulle daaroor of hulle nie die sonde teen die Heilige Gees gepleeg het nie. Hierdie kwelling het geen grond vir bestaan nie. Hierdie sonde is 'n heel besondere wat vir ons in Matt. 12:22-32 beskryf word. Laat ons let op wat daar gebeur het. Die Fariseërs het ten spyte van alle bewyse, van alles wat hulle gesien het, van wat die skare gesien het, van wat hul gesonde verstand vir hulle gesê het, van wat die Heilige Gees in hul harte getuig het, van wat hul gewete vir hulle gesê het, die werk van die Here Jesus toegeskryf aan die duiwel, Beëlsebul. Hulle het teen hul beterwete gesê: *Hy dryf die duiwels uit nie anders as deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels nie.* Die sonde teen die Heilige Gees word dus gepleeg as iemand wel bewus van alle feite, *moedswillig en opsetlik die verlossing deur Jesus Christus volhardend tot die dag van sy dood, verwerp en dit aan die werking van die Satan toeskryf.*

Die kwelling by gelowiges het geen grond vir bestaan nie, omdat die feit dat hulle hul kwel of hulle nie die sonde begaan het nie, bewys is dat dit nie die geval is nie. Dit is ook 'n feit dat baie gelowiges 'n verkeerde begrip het van die sonde teen die Heilige Gees. Nie elke sonde en selfs nie eens die swaar of groot sondes is dit nie, maar net die een besondere sonde wat hierbo beskryf is.

**VRAE**

1. Wat is erfsonde?
2. Wat is die verskil tussen erfsonde en werklike sondes?
3. Wat is ’n ander naam vir werklike sondes?
4. Noem verskillende soorte werklike sondes op.
5. Waarom is die indeling van doodsondes en vergeeflike sondes verkeerd?
6. Vertel die geskiedenis van wat plaasgevind het in Matt. 12:22-32.
7. Wat is die sonde teen die Heilige Gees?
8. Hoe weet ’n mens dat jy nie die sonde teen die Heilige Gees begaan het nie?

## GELOOFSLES 20: DIE STRAF OP DIE SONDE.

**KORT BEGRIP.**
VR. *13 Wil God sulke ongehoorsaamheid en verdorwenheid ongestraf laat?*

ANTW. *Nee, maar volgens sy regverdige oordeel wil Hy dit tydelik en ewiglik straf soos daar geskrywe staan in* Gal. 3:10. *Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie!*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**
VR. 10 *Wil God die ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?*

ANTW. *Nee, sekerlik nie; maar Hy vertoorn Hom verskriklik oor die aangebore sowel as die werklike sondes en wil dit deur ’n regverdige oordeel tydelik en ewiglik straf; soos Hy gesê het: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskrywe is in die boek van die wet om dit te doen nie.*

VR. 11 *Is God dan nie ook barmhartig nie?*

ANTW. *Ja, God is wel barmhartig, maar Hy is ook regverdig; daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God begaan is, ook met die hoogste, dit is, met die ewige straf aan liggaam en siel gestraf moet word.*

VR. 9 *Doen God die mens dan geen onreg nie dat Hy in sy wet van hom eis wat hy nie kan doen nie?*

ANTW. *Nee, want God het die mens so geskape dat hy dit kon doen maar die mens het homself en al sy nakomelinge deur die ingewing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.*

Ons het sover verskillende feite omtrent die sonde behandel. Laat ons hulle opnoem:

1. God het die mense oorspronklik nie boos en bedorwe van natuur geskape nie, maar goed en na sy beeld, d.i. in ware kennis van God, geregtigheid en heiligheid.
2. Maar Adam en Eva was ongehoorsaam en het in die sonde geval deur die proefgebod in die Paradys te oortree.
3. Deur oorerwing het die sonde van Adam en Eva na alle mense in geslagte en in die menslike natuur deurgedring.
4. Die menslike natuur het bedorwe geraak, sodat dit uit homself onbekwaam tot goed en geneig tot alle kwaad is.
5. Die mens het nie net alleen 'n aangebore sondige natuur as erfenis nie, maar doen ook daaglikse werklike sondes van verskillende soorte. Dit is die verskriklike toestand waarin hy van God verval het.

Nou kom die vraag: Wil God sulke ongehoorsaamheid verdorwenheid ongestraf laat? En die antwoord is 'n besliste nee deur beide die Kort Begrip (vr. 13) en die Kategismus (vr. 10). Daarom let ons nou op die straf op die sonde.

## DIE STRAF OP DIE SONDE.

God vertoorn Hom verskriklik oor die sonde. Hierdie toorn is nie 'n woeste, onbeteuelde, sondige hartstog nie, maar 'n allerheiligste afkeer van die sonde. Sy toorn strek oor sowel aangebore as die werklike sondes. Sowel die vuil bron as die vuil water. Hy wil hierdie sondes tydelik en ewiglik straf. Laat ons hierdie tydelike en ewige strawwe opnoem:

1. DAAR IS VEREERS SKULD. Deur te sondig het hy teenoor God in die skuld geraak. En elke dag word die skuld nog groter deur meer sondes. Sy skuld verander die verhouding waarin hy teenoor God staan. Dit maak hom vreemd vir God, en dit wek by hom skuldbesef. En hoe verskriklik kan skuldbesef nie wees nie. Dit kan 'n wroeging word wat aan liggaam en siel knaag.
2. DIE TWEEDE STRAF OP DIE SONDE IS SONDESMET OF ONREINHEID. Dit is soos 'n sweer wat onaangenaam is en die res van die liggaam, en alles waarmee dit in aanraking kom, besmet en onaantreklik maak. Dit sprei steeds weer van een persoon na 'n ganse

gemeenskap en van een geslag na die ander. Hierby moet gevoeg word die sondegebondenheid van die arme mens. Hy kry die sonde lief en word 'n magtelose slagoffer in die greep van die sonde wat hom as sy dienaar en slaaf gebruik, tensy hy verlos word.

3. DAN IS DAAR, DERDENS, LYDING. Die natuur het gely, want na die sondeval was die aarde vervloek en het dit dorings en distels voortgebring (Gen. 3:18). Dier en mens het gely. Dink maar hoe die diere die een op die ander teer. Die vrou sou met moeite kinders baar (Gen. 3:16) en die werk van die man sou baie swaarder wees, in die sweet van sy aangesig sou hy sy brood eet (Gen. 3:19). Dink ook maar aan al die honger, kommer, siekte en lyding van die mense.
4. DAAROP VOLG IN DIE VIERDE PLEK DIE LIGGAAMLIKE DOOD. Stof is hy en tot stof sou hy terugkeer (Gen. 3:19). As hy nie gesondig het nie, sou selfs sy liggaam altyd geleef het. Nou sou sy liggaam sterwe.
5. DAN IS DAAR EINDELIK DIE EWIGE STRAF IN DIE HEL, OOK GENOEM DIE GEESTELIKE DOOD, waar alle goedertierenheid en genade van God sal ontbreek*, waar hul wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie* (Mark. 9:44). Dit duur in ewigheid.

Die Kategismus vra dan nog twee verdere vrae i.v.m. die straf op die sonde wat kortliks behandel moet word*:*

## IS GOD DAN NIE OOK BARMHARTIG NIE? (VR 11)

Daar is mense wat beweer dat die barmhartigheid en liefde van God so groot is dat Hy alles en almal sal vergewe, die mens nie sal straf nie en almal hemel toe sal gaan.

GOD IS LIEFDE, MAAR HY IS OOK REGVERDIG. HY HANDHAAF DIE REG. As Hy dit nie sou doen nie, en die mens op gesag van God dit nie sou doen nie, sou daar 'n verskriklike toestand van onreg op die aarde ontstaan. 'n Toestand wat 'n ondraaglike hel sou wees. Laat ons onthou God het 'n verbond met Adam gesluit, alhoewel Adam nie sy gelyke was nie.

HIERDIE VERBOND WORD DIE WERKVERBOND GENOEM, OMDAT GOD HOM AAN ADAM VERBIND HET OM HOM DIE EWIGE LEWE EN SALIGHEID TE SKENK INDIEN HY GETROU EN GEHOORSAAM AAN GOD SOU bly. Dit was as Adam sou doen wat God gebied, d.w.s. aan Hom getrou sou wees en gehoorsaam aan sy gebooie bly, sou hy vir ewig lewe en altyd gelukkig in die Paradys wees. Dit was 'n voorwaardelike verbond (Gen. 2:16, 17; 3:23).

MAAR ADAM HET SELF DIE ONTROU EN ONGEHOORSAAMHEID GEKIES EN DIE PROEFGEBOD OORTREE. Die mens het in opstand teen die allerhoogste majesteit van God gekom. Wanneer 'n burger in opstand kom teen sy eie majesteit, sy eie aardse owerheid kom dan maak hy hom skuldig aan hoogverraad en niemand beskou dit as onregverdig as hy tot die dood of lewenslange verbanning veroordeel word nie. Nee, dit is reg, want ons almal beskou sodanige verraad laag, gemeen en die lot van die renegaat of verraaier. En mag daar dan nie reg by die Regeerder van hemel en aarde wees nie?

**DOEN GOD DIE MENS DAN GEEN ONREG NIE DAT HY IN SY WET VAN HOM EIS WAT HY NIE KAN DOEN NIE? (VR. 9).**

Is die straf daarom regverdig as hy die wet verbreek? God het die mens oorspronklik so geskape dat hy Sy wet kon hou. Hy het hom geskape na sy beeld en sy gelykenis. Hy was heilig en goed, met 'n wil om goed te doen en met die vermoë om heilig en sondeloos te lewe.

Met reg kon die Here van die mens as sy skepsel gehoorsaamheid en liefde eis. Maar die mens het self verkies om homself en al sy nakomelinge deur die ingewing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid in die ellende te dompel. Dit is sy eie skuld. Hy het die straf self op hom gelaai. God doen die mens dus geen onreg aan om van hom te eis om sy wet te hou en om hom te straf as hy dit verbreek nie. God is regverdig en die straf is regverdig. Die mens verdien dit deur sy eie toedoen

**VRAE**

1. Noem 'n paar feite omtrent die sonde op wat in die vorige lesse behandel is.
2. Hoe word die sonde deur God gestraf?
3. Noem die strawwe op.
4. Waarom, sê jy, sal alle mense nie hemel toe gaan nie?

# TWEEDE DEEL: DIE MENS SE VERLOSSING UIT SY ELLENDE

## GELOOFSLES 21: DIE BEHOEFTE AAN 'N MIDDELAAR – SY PERSOON.

### KORT BEGRIP.

VR. 14 Hoe *kan jy hierdie straf ontkom en weer genade ontvang?*

ANTW. Deur *so 'n Middelaar wat tegelyk waaragtig God en 'n waaragtig regverdige mens is.*

VR. 15 *Wie is die Middelaar? Onse Here Jesus Christus (b) wat in een persoon waaragtig God en (c) 'n waaragtig regverdige Mens is. (a) 1 Tim. 2:5. Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus. (b) Joh. 1:14. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon. 1 Tim. 3:16. God is geopenbaar in die vlees. (c) 1 Joh. 3:5. En geen sonde is in Hom nie*.

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 15 *Hoedanige middelaar en verlosser moet ons dan soek?*

ANTW. *So een wat 'n waaragtige en regverdige mens is, en nogtans ook sterker as alle skepsele, dit is, wat ook tegelykertyd waaragtig God is.*

VR. 16 *Waarom moet hy 'n waaragtige en regverdige mens wees?*

ANTW. *Omdat die regverdigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal; en omdat 'n mens wat self sondaar is, nie vir ander kan betaal nie.*

VR. 17 *Waarom moet hy tegelykertyd waaragtig God wees?*

ANTW. *Om uit die krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid te kan dra en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee.*

VR. 18 *Maar wie is hierdie middelaar wat tegelykertyd waaragtige God en 'n waaragtig regverdige mens is?*

ANTW. *Onse Here Jesus Christus wat deur God aan ons geskenk is tot wysheid, regverdigheid, heiligmaking en verlossing.*

VR. 19 *Waaruit weet jy dit?*

ANTW. *Uit die heilige Evangelie wat God self eers in die Paradys geopenbaar het en daarna deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offerandes en ander seremonies van die Wet vooraf laat afbeeld het en eindelik deur sy eniggebore Seun vervul het.*

In die laaste vyf lesse het ons 'n beskrywing van die sonde gehad. Ons het sy omvang en diep skadelike aard in sy verwoestingswerk nagegaan. Veral in die laaste les het ons besef dat God die sonde nie ongestraf laat nie maar ons erfsondes en werklike sondes deur 'n regverdige oordeel tydelik en ewiglik wil straf. Dit het ons tot skulderkentenis en skuldbesef gebring.

Voordat die verlore seun nie erken: *Vader ek het gesondig teen die hemel en voor u*, kan hy ook nie hoor: *Bring die beste kleed en trek hom dit aan en gee 'n ring vir sy hand en skoene vir sy voete*. Eienaardig is dit ook dat die verbondskind, die wedergeborene, wat reeds vergifnis vir sy sonde ontvang het, hierdie dinge die beste besef en die diepste voel.

Maar is daar 'n behoefte aan verlossing ook by die onwedergeborene? Verlang hy daarna? Die onwedergeborene mens kan nooit gelukkig in sy sondestaat wees nie. Hy sug gedurig daaronder alhoewel hy nie weet waarom en wat hy eintlik wil hê nie.

In die 14de artikel van die Ned. Geloofsbelydenis lees ons ook dat van die uitnemende gawes wat die mens van God ontvang het, met die sondeval klein oorblyfsels oorgehou het. Nou wil sommige dit so uitlê dat die onwedergebore mens uit homself na verlossing verlang en dat hy uit homself na God kom sonder dat hy geroep is Nee, nooit sal hy self na God kom as God nie die verlange en begeerte daartoe in sy hart deur die Heilige Gees werk nie. Daardie versugtinge is te doelloos en daardie klein oorblyfsels moet eers deur die Gees van God wakker gemaak word voordat die ware verlange na verlossing ontstaan.

## IS DIE ONWEDERGEBORENE VERLOSBAAR?

Bestaan die moontlikheid van verlossing vir hom? Is hy verlosbaar? Ja, hy kan verlos word. Dit is egter anders met die gevalle engele. Daar is nêrens enige sprake in die Bybel dat ook hulle verlosbaar is nie (vgl. Matt. 25:41). Hulle het

hoër as die mens gestaan en daarom dieper geval en ondergaan swaarder straf. In die onmiddellike teenwoordigheid van God het hulle gesondig en dit uit eie beweging, sonder dat 'n mag van buite hul val bewerk het; daarom vir hulle geen verlossing nie. Hulle is totaal verlore en het duiwels geword.

Met die mens is dit anders. Onmiddellik na sy val ontvang die mens reeds die belofte dat iemand uit sy nageslag eenmaal die kop van die slang sal vermorsel. Die ganse Bybel is 'n getuie van die bemoeiing van God met die mens en die moontlikheid van sy verlossing. In 50 vrae behandel die Kort Begrip die leerstuk van die verlossing. Dit wys hoe groot waarde daaraan geheg word.

As hy nou verlosbaar is, hoe kan hy verlos word en vry kom van daardie tydelike en ewige straf? Dit word behandel in die 14de vraag en antwoord van die Kort Begrip. Hoe kan jy daardie straf ontkom, en weer genade ontvang, d.w.s. verlos word?

Die antwoord is: *Deur so 'n Middelaar wat tegelyk waaragtig God en* 'n *waaragtig regverdige mens is.*

Vir die eerste maal gebruik die Kort Begrip die uitdrukking, *Middelaar*, terwyl die Kategismus ook in vraag 15 vir die eerste maal praat van *Middelaar* en *Verlosser*. Middelaar beteken tussenpersoon, 'n persoon wat hom stel tussen twee teenoor mekaar vyandige persone of partye met die doel om hulle na mekaar te bring, met mekaar te versoen en te verenig. Ook in ons geval is daar twee partye: *die skuldige, armoedige mens en die heilige, regverdige God*. Om versoening tussen hierdie twee genoemde partye teweeg te bring moet die middelaar ook verlosser wees, d.i. hy moet kan vrykoop. Die een party nl. die skuldige mens, het niks om te bring om hom met die ander party nl. God, te versoen nie; daarom moet die middelaar hier, as hy wil slaag, meer as middelaar wees, nl. ook 'n losser wat die skuld van die skuldige party kan betaal om te voldoen aan die geregtigheid van God. In bostaande antwoord word ook vir ons gesê wat die kenmerke van die Middelaar moet wees. Daar word drie genoem. Laat ons hulle nagaan.

## WAT MOET DIE KENMERKE VAN DIE MIDDELAAR EN VERLOSSER WEES?

HY MOET WAARAGTIG GOD WEES - Dit is wat die Kort Begrip sê. Die Kategismus in sy antwoord op vraag 15 *dat dit so een moet wees wat* 'n *waaragtige en regverdige mens is en nogtans sterker as alle skepsels, dit is (iemand) wat ook tegelykertyd waaragtig God is.* Aan hom moet nie net die naam God toegevoeg word vanweë sy goeie karakter, waardigheid of amp nie, maar hy moet deelgenoot van die goddelike natuur wees.

Waarom moet Hy waaragtig God wees? Hierop antwoord die Kategismus op vraag 17*: Om uit krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan Sy*

*mensheid te kan dra.*'n Blote mens sou nooit alleen die las van die *heilige toorn van God teen die sonde* kon gedra het nie. Dit is ewig en oneindig in maat en duur. Geen mens is daarteen bestand nie. Geen blote mens kan dit ooit dra en alleen dra nie. Selfs nie al sou daar 'n sondelose, regverdige mens gevind word nie, want toe hy sondeloos was in die Paradys, het hy geval. Daarom moet die Middelaar sterker wees as alle mense, selfs sterker as 'n sondelose mens. Hy moet God self wees sodat die krag van sy godheid die menslike natuur kan ondersteun en help, dat hy nie onder die las verpletter word nie, maar dat hul tesame die toorn van God te bowe kan kom. Die mens moet dit ook in sy eie natuur dra. Die Godheid moet dit nie dra nie, maar ondersteun hom om dit te kan dra.

## HY MOET OOK WAARAGTIG MENS WEES:

Die Kort Begrip en die Kategismus sê *dat ons middelaar en verlosser waaragtig mens moet wees*. Hy moet nie 'n ander soort wese, bv. 'n engel, wees nie, maar 'n mens met liggaam en siel, deelgenoot van die menslike natuur.

Waarom waaragtig mens? Die antwoord van die Kategismus is duidelik*: Omdat die regverdigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal.* As God dit verlang, kan ons niks daar teen inbring nie. Hy eis en dit is klaar. Hy wil nie hê dat 'n ander as dié wat gesondig het, sal betaal nie. Daardie eis kom duidelik uit in Eseg. 18:4, *Dit is die mens wat sondig wat sal sterf*. 18:20 *Die mens wat sondig sal sterf*; Rom. 5:18 - *Soos baie deur die ongehoorsaamheid van die een mens sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens vrygespreek word*. Hebr. 2:14-17 - *Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy* 'n *barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen.* Dit is ook nie minder as reg nie.

Let daarop dat die uitdrukking *menslike natuur* hier gebruik word en nie mens nie. *Hier word nie aan 'n afsonderlike mens gedink nie, maar as hoof en verteenwoordiger van al sy nakomelinge. Deur sy sonde het die natuur van die ganse menslike geslag skuldig geword. Die Verlosser wat dus vir ons moet intree, doen dit ook nie net vir een mens nie, maar ook as hoof en verteenwoordiger van die ganse menslike geslag*. Afgesien van die eis van God dat die verlosser waaragtig mens moet wees, is daar ook van ons kant beskou 'n persoonlike rede daarvoor. lemand wat nie waaragtig mens is, nie self 'n liggaam het, nie self versoek kan word en aan al die swakhede van die menslike liggaam onderworpe is nie, kan nie medelye met ons moeilikhede en gebreke hê nie. Om dit te kan doen, moet hy in alles soos ons wees buiten die sonde.

## HY MOET REGVERDIG MENS WEES

Die Kort Begrip en die Kategismus noem hom dan ook 'n regverdige mens. Hy moet 'n mens wees in alles aan ons gelyk, uitgenome die sonde; iemand van ons geslag met ons vlees en bloed, maar sonder erfsonde, erfskuld, erfsmet en werklike sondes. Waarom regverdig mens? Die antwoord van die Kategismus verder op vraag 16 is ook duidelik: *Omdat 'n mens wat self sondaar is, nie vir ander kan betaal nie*. Dit kan u ook duidelik lees in Hebr. 7:26,27; Ps. 49:8 en 1 Petr. 3:18 - *Ook Christus het eenmaal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges om julle na God te bring*. lemand wat self arm is en skuld het, kan tog nie 'n ander se skuld betaal nie. 'n Blinde kan tog nie 'n blinde lei nie. Dit moet iemand wees wat dinge kan doen wat ons nie kan doen nie, wat meer besit en is as ons.

## MAAR WIE IS DIE MIDDELAAR?

Christus. Hy is die enigste wat aan bogenoemde kenmerke en eise voldoen. En ons weet dit uit die Bybel. Die Bybel verkondig Hom aan ons as waaragtige God. Lees Jes. 7:14; 9:5; Jer. 23:6. Ons sien daar dat hy Immanuel genoem word, d.i. God met ons, dat Hy die name dra van *Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors en DIE HERE ONS GEREGTIGHEID*. Baie duidelik is dit dat Hy niemand anders is as God self nie. Die Bybel verkondig Hom aan ons ook as waaragtig mens. Hy wys daarop in Luk. 1:26-38: 2:1-7, dat Jesus soos ander suigelinge gebore is. Sy geboorte is aan sy moeder aangekondig. Sy het Hom verwag. Hy het na Sy geboorte sy moeder geken en was van haar afhanklik en sy het Hom versorg. In alle opsigte dus was Hy mens. Die Bybel verkondig Hom aan ons as regverdige mens. Die mens wat sou kon regkry om vir die sonde te betaal, word in Hebr. 7:26 beskryf as 'n Hoëpriester wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskei van die sondaars is en wat hoër as die hemele geword het, d.w.s. iemand wat sonder sonde is.

**VRAE.**

1. Waarom is die "klein oorblyfsels" by die onwedergebore mens nie genoegsaam om hom na verlossing te laat verlang nie?
2. Waarom, dink jy, is die mens verlosbaar?
3. Wat beteken die woord Middelaar?
4. Wat moet die kenmerke van 'n Middelaar tussen God en die mens wees?
5. Waarom moet hy waaragtig God wees?
6. Waarom moet hy waaragtig mens wees?
7. Waarom moet hy regverdig mens wees?
8. Wie is daardie Middelaar?

9. Hoe weet jy dit?

## GELOOFSLES 22: WIE MY NIE KAN VERLOS NIE.

**KORT BEGRIP.**
VR. 16 *Kan die Engele nie ons Middelaars wees nie?*

ANTW. *Nee, want hulle is nie God en ook nie mense nie.* Hebr. 1:14. *Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?*

VR. 17 *Kan die heiliges nie ons Middelaars wees nie?*

ANTW. *Nee, want hulle het self gesondig en het nie anders as deur hierdie Middelaar salig geword nie.* Hand. 4:12. *En die verlossing is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**
VR. 13 *Maar kan ons deur onsself betaal?*

ANTW. *Nee, hoegenaamd nie, maar ons maak selfs die skuld nog daagliks meer.*

VR. 14 *Kan daar ook nêrens enige skepsel gevind word om vir ons te betaal nie?*

ANTW. *Nee, want ten eerste wil God die skuld wat die mens gemaak het, aan geen ander skepsel straf nie, ten tweede kan ook geen enkele skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsele daarvan verlos nie.*

God kan die sonde nie deur die vingers sien nie. Sonde moet gestraf word. Die geskonde reg moet herstel word deur vergelding. Op oortreding moet vergeldende straf volg. Daar moet voldoen word aan die geregtigheid van God. Die oortreder moet deur homself of deur ’n ander ten volle sy skuld betaal. In die vorige les het ons reeds die kenmerke van die persoon wat geskik is om te verlos of te betaal, behandel, nl. dat hy moet wees, waaragtig God, waaragtig mens en regverdig mens. Op hierdie belangrike saak moet ons weer vandag terugkom en nog ’n paar vrae beantwoord omtrent die Persoon wat kan verlos van of betaal vir ons skuld. Die eerste vraag is:

## KAN DIE ENGELE NIE ONS MIDDELAARS WEES NIE?

Hierdie saak word in die 16de vraag van die Kort Begrip behandel. Hulle was ook as sedelike wesens geskape vir wie die moontlikheid bestaan om òf te sondig, òf in die gehoorsaamheid van God staande te bly. ’n Groot deel het dan ook geval en duiwels geword, terwyl baie volhard en getrou gebly het.

## MAAR IS DAAR DAN NIE ONDER AL DIE RANGE EN STANDE VAN DIE GOEIE ENGELE, EEN WAT IN ONS PLEK KAN OPTREE NIE?

Die Bybel sê in die eerste plek in Gen. 3:17 en Eseg. 18:4 dat God die straf van die sonde wil tuis bring waar hy tuis hoort, nl. by die mens. Hy wil nie ’n skepsel buitekant die mensdom daarvoor verantwoordelik hou nie. Omdat Adam gesondig het, daarom sal hy en sy nakomelinge, en niemand anders nie, met moeite en in die sweet van hul aanskyn brood eet Die siel wat gesondig het, en nie ’n engel of ander wese nie, sal sterwe.

Die sonde wat die engele gepleeg het, wil God nie aan die mens straf nie, en ook omgekeerd. Engele het ook geen liggame nie. Hulle is net dienende geeste wat uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe (Hebr. 1:14).

Maar daar is ook nog ’n tweede rede waarom engele nie ons skuld kan betaal nie. Ons lees in Gods Woord in Job 4:17,18 dat niemand regverdig is voor God nie, selfs nie engele nie: *Sou ’n mens regverdig wees voor God? Of ’n man rein wees voor sy Maker? In sy dienaars stel Hy geen vertroue nie, en by sy engele ontdek Hy dwaling.* Of daardie persoon nou mens is of ’n ander skepsel soos ’n engel, hy sal die toorn van God teen die sonde nie kan dra nie, nie vir homself nie en glad nie vir ander nie. Die las van die ewige toorn van God is te groot daarvoor. Hierdie toorn van God is ’n ewige en oneindige toorn soos God ewig en oneindig is. Dit hou nooit op en dit het geen perke nie.

Baie mense neem aanstoot aan die uitdrukking: *toorn van God*. Dit sou dan nie te rym wees met die liefde en heiligheid van God nie. Hulle kritiek berus op ’n misverstand. Toorn beteken nie hier, soos by mense, wrewel en boosaardigheid nie. *Dit is ’n heilige toorn sonder die klewende sonde wat by die mens aanwesig is.*

## KAN DIE HEILIGES NIE ONS MIDDELAARS WEES NIE?

Daar is dwaalleringe wat daartoe lei dat daar van tyd tot tyd die een of ander ontslape verdienstelike persoon tot ’n heilige verklaar word deur ’n sekere kerk. Hierdie sogenaamde heiliges sou deur hulle verdienstelike werke die saligheid beërwe. Die heiliges, so word beweer, se verdienste is nie net vir hulle eie saligheid nodig nie, maar omdat hulle te veel gedoen het, kan dit selfs nou vir ander sondaars toegereken word. Hulle gee dan aan die ander uit hul oorvloed om die las van hul sonde te verlig. Hierdie leer is in direkte teëspraak met die Bybel en

die leer van ons kerk, soos u kan lees in Luk. 17:10; 1 Tim. 1:15; 1 Petr. 4:15. Daar word geleer dat dit onmoontlik is vir die Christene om in hierdie lewe tot 'n toestand van perfekte sondeloosheid te kom, om nie eens te praat van oortollige heiligheid wat op die kredietrekening van ander sondaars mag kom nie. Weer moet ons terugkom op die vraag:

## KAN DIE MENS HOMSELF VERLOS?

Besit die mens iets of goeie hoedanighede waarmee hy eiehandig die losprys kan betaal? Wat sê die Bybel hieroor? Lees Ps.130:3: *As U Here, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie kan bestaan?* Hieruit is dit duidelik dat as die Here die ongeregtighede soos 'n regter in gedagtenis hou, d.w.s. volle betalings daarvoor vra en straf na die grootheid van die oortreding niemand dit sal kan betaal nie. Lees Matt. 18:25: *En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word en sy vrou en sy kinders en alles wat hy gehad en dat betaal moet word.* Deur die *heer* hier word baie duidelik bedoel God in die hemel. Lees ook Job. 4:18, 19; 9:2; en Matt. 16:26.

## UIT AL HIERDIE TEKSTE IS DIT DUIDELIK DAT DIE MENS TE ARM VOOR GOD IS OM SELF SY SKULD TE BETAAL.

Die antwoord van die Kategismus is ook baie beslis: *Nee, hoegenaamd nie, maar ons maak self die skuld nog daagliks meer*. Dit is asof die Kategismus wil sê ons kan nie vandag nie, nie môre nie, en in der ewigheid nie. Nie deur boetedoening of berou nie, nie deur gebede of deur te vas nie, deur aalmoese of goeie werke nie, nie deur selfkastyding en selfs nie eens deur die ewige lyding en straf van die hel nie. Vêr daarvandaan dat ons iets sou kon afbetaal. Ons maak die skuld net nog daagliks meer.

Dit is soos 'n arm man wat sy skuld nie kan betaal nie en nog elke dag dieper in die skuld raak. Daar is niemand wat nie sonde doen nie, selfs nie eens die wedergeborene of die allerheiligste Christen nie. Die beste Christen het in hierdie lewe maar 'n klein ietsie van die volmaakte gehoorsaamheid wat God eis. Hy moet ook maar nog daagliks bid: *en vergewe ons ons skulde*. Daar is geen mens wat kan sê dat hy sy hart rein gesuiwer het en geen sonde doen nie. Daar kom nooit 'n tydperk in sy lewe dat hy geheel sonder sonde is nie.

## KAN DIE BLOED VAN DIERE DIT NIE DOEN NIE?

Daar bestaan 'n algemene gedagte by oningeligtes dat die offerbloed van die diere waarvan mens in die Ou Testament lees, die skuld van die offeraar betaal het. Dit is verkeerd. Diere-offerandes in die Ou Testament was net plaasvervangende voorbeelde om die verlossing in die Saligmaker wat sou kom vir diegene wat onder

die Ou Testament geleef het, af te beeld. Hulle het soos met vingers heengewys op Hom, die enigste offerande wat Homself in die volheid van die tye sou openbaar. Diegene wat in Ou Testamentiese tye gesterf het en salig geword het, het nie salig geword deur die verdienste van die offerbloed van skape en duiwe nie, maar ook deur die verdienste van die bloed van Jesus Christus.

Daarom is dit ook dat daar geen offerandes in die suiwer Protestantse Kerk is nie. Die volmaakte Offer het gekom, en die sinnebeelde van diere-offers wat destyds na Hom heengewys het, is nie meer nodig nie. Ons het Hom as ons enigste Middelaar.

**VRAE**

1. Noem die kenmerke van die middelaar op wat in die vorige les behandel is.
2. Waarom kan engele die mens nie verlos nie?
3. Waarom, sê jy, is daar geen heiliges nie?
4. Waarom kan die mens homself nie verlos nie?
5. Deur wie se verdienste het die gelowiges in die Ou Testament salig geword?

## GELOOFSLES 23: WORD AL DIE MENSE SALIG? BEPERKTE OF ALGEMENE VERSOENING.

### KORT BEGRIP.

VR. 18 *Sal alle mense dan ook deur die Middelaar Jesus salig word net soos hul almal deur Adam verdoem is?*

ANTW. *Nee, maar alleen hulle wat Hom met 'n opregte geloof aanneem, soos geskrywe staan (Joh. 3: 16): Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS

VR. 20 *Word alle mense dan weer deur Christus verlos soos hulle deur Adam verdoem is?*

ANTW. *Nee, maar alleen die wat in Hom deur 'n ware geloof ingelyf is.*

Dit is baie duidelik uit lesse 17, 18, 19 en 20 dat alle mense deur Adam verdoem geword is. Hy het op eie keuse in die sonde geval en daardeur is die natuur van almal en alle geslagte na hom sodanig bedorwe dat die mens geneig is om God en sy naaste te haat. As hoof van die ganse menslike geslag het hy almal met hom saam in die sonde getrek. Daaromtrent is vraag 18 van die Kort Begrip baie duidelik.

## SAL ALLE MENSE OP DIE AARDE DEUR DIE MIDDELAAR JESUS SALIG WORD?

Dit is wat die natuurlike mens alte graag wil hê. Hy verstaan nie dat God onder geen verpligting staan om die mens van die sonde te verlos nie, Die sondeval was die mens se eie skuld. God is nie die oorsaak van die sonde, sondetoestand en ongeloof van die mens nie. Hy verstaan ook nie dat God vrymagtig is om te doen soos Hy verkies nie. Hy is die soewereine God en het geen raadsman nodig nie. Hy handel volgens die raad van sy eie wil. Niemand kan vir Hom vra: wat doen u nie? (Ps. 115:13, Jes. 46:10; Dan. 4:35; Matt. 11:26, ens.)

Op bostaande vraag word dus geantwoord: Nee, asof geantwoord wil word:

## HET HULLE DAN ENIGE REG DAAROP?

Almal is deur Adam, skuldig, maar nie almal word, deur die vrymagtige raadsbesluit van God, deur die Middelaar Jesus salig nie. Dit is ’n feit wat uit die Bybel en die ondervinding baie duidelik is. Die Bybel laat geen twyfel oor die saak nie. Dink maar aan die kinders van Adam. Abel se offer word genadiglik aangesien, maar nie die van Kain nie (Gen. 4:4, 5).

In die 4de en 5de hoofstukke van Genesis loop twee soorte mense al uiteen: die kinders van die wêreld in die nakomelinge van Kain en die uitverkorenes in die nakomelinge van Set. Met die sondvloed word net agt siele behou en al die ander verwerp. Van die tweelingseuns Esau en Jakob word gesê: *Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat* (Mal. 1:2, 3; Rom. 9:13). Net Abraham en sy nageslag word uit almal geroep (Gen. 12). So praat hierdie feit ook uit baie ander plekke in heel die Ou en Nuwe Testament. Die ondervinding wys op dieselfde feit. Dink maar aan die miljoene heidene wat reeds gesterf het en nooit van onse Here Jesus gehoor het nie en aan die miljoene wat nog leef en niks van Hom weet nie.

In les 47 sal weer oor hierdie feit van die uitverkiesing gehandel word. Die feit dat nie alle mense deur Christus verlos word nie, is nie daaraan te wyte dat die offer wat Hy op Golgota gebring het, nie groot genoeg was nie, of dat die verlossende krag van sy bloed nie genoegsaam was vir die versoening van die

sondes van almal nie. Nee, nie dit nie. Die versoening is nie algemeen vir almal nie, maar beperk tot sommige, omdat God niks aan hom verskuldig is nie.

### AS ALMAL DAN NIE SALIG WORD NIE, WIE WORD DAN SALIG?

Hierop antwoord die Kort Begrip*: Alleen hulle wat Hom met 'n opregte geloof aanneem.* Daar is nou mense wat hierdie antwoord so opvat asof die geloof 'n voorwaarde is vir die saligheid, d.w.s. dat die Here God nie 'n mens salig maak of sal salig maak nie, tensy hy glo of sal glo. Nee, dit is oppervlakkig en net maar van buitekant af van die mens se kant af gesien. 'n Opregte geloof is nie 'n voorwaarde nie, maar die gevolg van die wedergeboorte wat God in iemand bewerk, en waardeur ons deel verkry aan die saligheid.

Laat ons 'n beeld gebruik: lemand drink 'n glas heerlike water. Dit is nie die glas wat sy dors les nie, maar die water. Die glas is maar 'n middel om die water mee te drink. So is ook die geloof 'n middel om die versoening van Christus vir onsself toe te eien.

In hierdie sin moet ons die lieflike teks in Joh. 3:16 verstaan: *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê*. Lees Joh. 1:12; 17:3 Ef. 2:8. Die geloof is ook 'n gawe van God.

Dit is God wat in die eerste plek die geloof in die hart van die onwedergeborene werk deur sy Woord en Heilige Gees. Die mens is aan die begin nie daarvan bewus dat God met hom genadiglik besig is nie, maar op 'n dag word hy bewus daarvan as hy 'n boodskap hoor en Jesus as sy persoonlike verlosser aanvaar. Sy bekering en geloof is dan die eerste sprietjie van die saad van die wedergeboorte wat God in sy lewe bewerk het. Die eerste oorsprong daarvan is uit God.

### GELOOF IS 'N GAWE VAN GOD

Die Dordtse Leerreëls sê dit baie duidelik in die eerste hoofstuk, afdeling 5: *Maar die geloof in Jesus Christus en die Saligheid deur Hom is 'n genadegawe van God soos geskrywe is: Want uit genade is julle gered, die geloof, en dit nie uit julleself nie dit is 'n gawe van God* (Ef. 2:8). Die saligheid is nie afhanklik gestel van die geloof van 'n arme mens nie maar van die genade van 'n barmhartige en almagtige God en die vrug van die werk van God in sy lewe.

**VRAE**

1. Vertel wat jy verstaan daardeur dat alle mense deur Adam verdoem is.
2. Waarom staan God onder geen verpligting om almal deur Christus salig te maak nie?

3. Noem voorbeelde uit die Bybel om aan te toon dat die versoening nie algemeen is nie, maar beperk.
4. Wat verstaan jy deur die uitdrukking 'die krag van die bloed van Christus is genoegsaam'?
5. Waarom is die geloof nie 'n voorwaarde nie, maar 'n middel tot saligheid?
6. Wie bewerk in die eerste plek die geloof in die hart?

## GELOOFSLES 24: WAT IS 'N OPREGTE GELOOF?

### KORT BEGRIP.

VR. 19 *Wat is 'n opregte geloof?*

ANTW. *Dis 'n bepaalde kennis van God en sy beloftes (a) soos vir ons in die Evangelie geopenbaar en (b) 'n hartlike vertroue dat al my sondes my om Christus wil vergewe is.*

a) Rom. 10:14. *En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie?*
(b) Gal. 2:16. *Selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS

VR. 21 *Wat is* 'n *ware geloof?*

ANTW. *Ware geloof is nie alleen 'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie, maar* 'n *vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade, alleen terwille van die verdienste van Christus.*

Uit verskeie tekste het ons op die vorige Sondag gesien dat al is die Here Jesus die algenoegsame Saligmaker van die hele wêreld, die hele wêreld tog nie salig word nie. Dit is alleen diegene wat die Here as Middelaar erken en Hom met 'n opregte geloof aanneem.

'n Opregte geloof word ook genoem saligmakende geloof. Dit word genoem om dit te onderskei van die tydelike geloof, wat volgens die gelykenis van die saaier net vir 'n tyd is. Die Woord van God word gehoor en met blydskap aangeneem, maar as vervolging en verdrukking kom, verdwyn dit weer. (Matt. 13:21; Mark. 4:17). Herodes is 'n voorbeeld hiervan (Mark. 6:20). Hierdie soort geloof word

ook genoem *skyngeloof*. Om dit verder te onderskei van die *historiese geloof*, wat alles in die Bybel as Waarheid aanneem, maar daar is geen kommer oor die sonde en geen erns om Christus as Saligmaker aan te neem nie (Matt.13:7,22). Koning Agrippa is 'n voorbeeld (Hand. 26:2-3, 26-29). En ook van die *Wonder geloof*, wat gevind word by mense wat net van God gebruik maak in dae van nood (Matt. 7:22, 23),

Die Kort Begrip en Kategismus sê dat die *saligmakende geloof* twee bestanddele het. Die eerste het te doen met kennis deur die verstand en die tweede met vertroue in die hart. Die eerste word soos volg beskryf:

## 'N BEPAALDE KENNIS VAN GOD EN SY BELOFTES VIR ONS IN DIE EVANGELIE GEOPENBAAR.

Van ons word nie verwag om blindelings in iets onbekends te glo nie. Dit is een van die baie punte waarin die Protestantse kerk van ander kerke verskil. Sommige ag dit nie noodsaaklik dat 'n mens kennis van God se Woord sal hê nie. 'n Tyd lank was die lede van 'n kerk selfs verbied om die Bybel te lees, en selfs nou moedig die kerk dit nie aan soos die Protestante nie. Vir sommige nie–Protestante kerke is dit genoeg (so leer hul kerk) om te sê: *Ek glo wat my kerk glo,* sonder dat hulle van daardie geloof kennis het.

Ons kerk sê: Nee, ons vra nie 'n blinde geloof nie. Hy wat glo, moet weet wat hy glo. Hy moet weet dat hy 'n sondaar is en veroordeel is. Hy moet weet dat God 'n Middelaar voorsien het in Christus Jesus. Hy moet weet wat Christus op aarde gesê en gedoen het vir sy saligheid.

Daarom vra Paulus in Rom. 10:14: *Hoe kan hulle in Hom glo, van wie hulle nie gehoor het nie?* Ons het gesien dat 'n opregte geloof tot die saligheid onontbeerlik is, en hier sien ons dat ons geen opregte geloof kan hê as ons met Gods Woord onbekend is nie. Daarom lê ons soveel klem op Bybelstudie; daarom ook sien ons so graag dat elke kind sy eie Bybel het en dit daagliks gebruik. Bo alles moet daar by ons wees 'n gewisse kennis van wat onse Saligmaker gedoen het om ons te red en *dat daar onder die mense geen ander Naam gegee is waardeur ons gered kan word nie* (Hand. 4:12). Natuurlik is die eis nie dat ons die hele Bybel van buite sal ken, of van elke teks en elke woord sal weet nie. So 'n kennis het geen mens nie. Ja, selfs hy wat sy Bybel die beste ken, leer nog elke dag daaruit nuwe dinge soos die Gees hom lei. Maar wat bedoel word, is dat ons soveel juiste en presiese kennis van die Bybel sal hê as moontlik. Ons moet dan liewer die Bybel self lees as boeke wat oor of aangaande die Bybel geskryf is.

Die tweede bestanddeel van 'n opregte geloof is**:**

## ’N HARTLIKE VERTROUE DAT AL MY SONDE MY OM CHRISTUS ONTWIL, VERGEWE IS.

Blote Bybelkennis is glad nie genoeg nie. Daar is baie mense op aarde wat hul Bybels ken en tog staan hulle buitekant die koninkryk van God. By die kennis moet daar wees ’n hartlike of ware vertroue dat ook aan my vergewing van sondes, geregtigheid en saligheid geskenk is. Wat beteken ’n ware vertroue in een of ander persoon? Dit beteken dat ek op daardie persoon volkome staat maak en myself aan hom volkome toevertrou. Laat ons ’n voorbeeld neem. ’n Mynskag is ’n gat wat in die aarde gegrawe is tot onder in die diepte van die myn. Sommige skagte is duisende meter diep. Bo-op die skag sien ons gewoonlik masjinerie. Ons sien wiele en dik, sterk staal kabels. As ons lank genoeg kyk, sal ons hysbakke sien wat deur die kabels opgetrek word. Hulle is vol van die erts waarin daar goud of diamante is. Somtyds ook klim daar mense in die bakke en kabels laat hulle dieper en dieper sak, een-, twee-, vyf-, sesduisend voet onder die oppervlakte van die aarde. Eendag kom daar twee mans. Die een sê terwyl hy aan die dik kabel vat: Ja hierdie kabel is sterk genoeg om my tot onder in die myn te dra. Maar ek sal darem nie inklim nie; ek sal myself aan hom nie toevertrou nie. Die ander een antwoord: Ek glo ook dat die kabel sterk genoeg is en daarom klim ek in en gaan af in die diepte. Hy maak so, en terwyl hy dieper en dieper sak, hang sy lewe aan daardie sterk kabel. Hy vertrou homself toe aan die kabel.

In die eerste geval is daar geen ware geloof nie, want daar is geen vertroue nie. In die tweede geval is daar die ware geloof.

Baie behandel die Here Jesus net soos die eerste man die kabel. Hulle glo so in die algemeen dat Jesus ’n magtige Verlosser is, maar nooit kom hulle tot die stap om hulself liggaam en siel en gees aan Jesus toe te vertrou nie. Hulle sê: *As ek in Hom glo en my sondes bely dan sal Hy my aanneem en my sondes uitdelg.* Sover is dit goed. Maar waarom doen hulle dit dan nie?

Waarom doen jy dit nie? Jy weet reeds dat jy ’n sondaar is en dat daar vir jou geen saligheid is anders as in die verdienste van Christus nie. Maar wat help dit dat jy glo dat Hy magtig is om ander te dra en ander te verlos?

Dit moet kom tot ’n persoonlike daad van geloof. Soos ons Kategismus sê *Die ware geloof is ’n vaste vertroue dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is*.

## WATTER SEËNINGE IS VERBIND AAN ’N OPREGTE GELOOF?

Die Kort Begrip en Kategismus noem:

(1) *VERGEWING VAN SONDES* - Dit is die eerste seëning van ’n ware geloof.

Oortuiging van sonde, en van ’n sondige toestand voor God, veroorsaak ’n gevoel van diepe ongelukkigheid. Ons weet self dat die sonde skeiding tussen ons en die Here maak; dit neem ons vrymoedigheid weg, en net soos Adam en Eva wil ons liewer wegkruip as om in die Here se oë te kyk.

Maar as ons die Here met ’n opregte geloof aanneem, dan sê die Here aan ons: *My seun, my dogter, hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe* (Matt. 9:2). Joh. 1:12 - *Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo het Hy die reg gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van* ’n *mens of die besluit van* ’n *man nie, maar God is hulle Vader.*

Hoe kan ek seker weet dat ek gered is, Hy sê dit in sy Woord so hierbo aangehaal (Joh. 1:12). En ook nie alleen omdat Hy dit belowe het nie, maar omdat die Here Jesus na die wêreld gekom het, sy kruisdood, sy offerbloed gegee het as die waarborg en ook die Heilige Gees aan ons geskenk het om ons daarvan te oortuig.

Die Heidelbergse Kategismus noem nog daarby ewige geregtigheid en saligheid.

(2*) EWIGE GEREGTIGHEID*. Dit hang saam met sondevergifnis, maar is nog iets anders. Christus dra my sondes aan die kruis. Hy neem dit van my weg, en in die plek daarvan gee Hy my Sy geregtigheid. Ons kan dit, ook op grond van Gods Woord, met ’n beeld ophelder. Die sondaar word voorgestel as iemand wat in vuil, bevlekte klere staan. Deur die soendood van die Here Jesus word nie alleen daardie vuil klere weggeneem nie, maar hy word beklee in die klere van Christus se geregtigheid. En van nou af reken die Vader hom as goed en regverdig ter wille van die verdienste van die Here Jesus. (Sien Ps. 132:9; Sag. 3:4, Openb. 3:18).

(3) *SALIGHEID* – Blydskap. Daardie blydskap wat ontstaan deur te weet dat ons sondes vergewe is en dat ons die ewige geregtigheid ontvang het (Ps. 32:1,2). Verder ook deur ’n rein gewete hier en in die lewe hierna, blydskap in die beoefening van die gemeenskap met God (Ps. 84:5, 6) en met ander gelowiges op aarde (Matt. 5:3) en ook in die hemel.

## WIE HET DIE SEËNINGE VIR ONS VERDIEN?

Al die seëninge is verbind aan ’n opregte geloof. Maar moet ons nou tot die gevolgtrekking kom dat die geloof ’n voorwaarde is om al hierdie dinge te verkry? Die geloof verdien niks nie. As ’n bedelaar sy hand uitsteek om ’n aalmoes te ontvang, verdien hy dit tog nie daarmee nie. Nou is die geloof niks anders nie as ’n hand wat uitgesteek word om God se gawe te ontvang nie. Die vergewing van sondes, geregtigheid en saligheid word aan die sondaar uit loutere genade en

alleen ter wille van die verdienste van Christus geskenk. Hy en Hy alleen het ons skuld gedra, die losprys betaal en alle geregtigheid vervul.

Nee, ons geloof verdien niks nie, dit is die verdienste van Jesus Christus. Geloof is maar net ’n middel.

### HOE WORD ’N OPREGTE GELOOF IN ONS HART GEWERK?

In die vorige les het ons gesien dat in die eerste plek God die geloof in die hart van die onwedergeborene werk, en dat dit ook ’n gawe van God is. Hy is die oorsprong daarvan. Maar hoe werk Hy dit in die hart? Die Kategismus sê dit is iets wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk. As ek die Bybel lees of dit in die prediking aanhoor, verkry ek kennis daarvan na die verstand; maar daarby verwerk, verander versag die Heilige Gees my hart, sodat ek daardie kennis van die Saligmaker, Christus aanneem en vertrou dat my al my sondes om Christus ontwil vergewe is.

**VRAE**

1. Hoe word ’n opregte geloof ook genoem?
2. Is daar ook ander soorte van geloof? Noem hulle.
3. Noem die twee bestanddele van ’n opregte geloof.
4. Wat sê ons? Waarom is blote Bybelkennis nie genoeg nie?
5. Watter seëninge is verbind aan ’n opregte geloof?
6. Hoe word ’n opregte geloof in die hart gewerk?

## GELOOFSLES 25: DIE HOOFINHOUD VAN DIE GELOOF – DIE TWAALF ARTIKELS.

**Kort Begrip**.

VR. 20 *Wat is die hoofinhoud van wat God ons in die Evangelie beloof en beveel het om te glo?*

ANTW. *Dis saamgevat in die Twaalf Artikels van die algemene Christelike geloof wat soos volg lui:*

*Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;*
*en in Jesus Christus sy eniggebore Seun, onse Here;*
*wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria.*

*wat gely het, onder Pontius Pilatus gekruisig, gestorwe en begrawe is en ter helle neergedaal het.*
*wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;*
*opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader.*
*vanwaar Hy sal kom om te oordeel, die lewende en die dode;*
*ek glo in die Heilige Gees;*
*ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges;*
*die vergewing van sondes;*
*die wederopstanding van die vlees; en 'n ewige lewe.*

## HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 22 *Wat is dan vir 'n Christen nodig om te glo?*

ANTW. *Alles wat ons in die Evangelie beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.*

VR. 24 *Hoe word hierdie artikels verdeel?*

ANTW. In drie dele; die eerste handel oor God die Vader en ons skepping, Die tweede, oor God die Seun en ons verlossing, die derde, oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Ons het laas stilgestaan by die twee bestanddele van die saligmakende geloof, nl. kennis en vertroue. Nou kom die natuurlike vraag by ons op: *Kennis waarvan? Vertroue waarop*? Wat is dan nodig vir die Christen om te glo? Of soos die Kort Begrip dit uitdruk: *Wat is die hoofinhoud wat ons God in die Evangelie beloof en beveel het om te glo?* Hierby staan ons vandag stil.

Die antwoord wat gegee word, is: Dis saamgevat in die Artikels van die Algemene Christelike geloof. 'n Paar vrae oor hierdie twaalf artikels moet beantwoord word.

## HOE HET DIE TWAALF ARTIKELS ONTSTAAN?

Duisende het in die vroeë Christelike Kerk, soos vandag nog, die vraag gestel: *Wat moet ek glo*? Nou is dit baie maklik om hierop te antwoord: Jy moet alles glo wat God ons in sy Woord geopenbaar het. Maar die Woord van God is 'n groot boek en dit is geen klein saak om met die inhoud daarvan kennis te maak nie. Ons kan wel aan iemand 'n Bybel gee, maar al sou hy dit deurlees, sal hy, sonder hulp, tog maar 'n flou besef hê van wat hy eintlik moet glo. In die dae van die apostels en gedurende die eerste eeue van die Christelike Kerk was die saak nog swaarder. Daar was geen gedrukte Bybel nie. Die Woord van God het bestaan

alleen uit geskrifte wat met die hand geskrywe was. Hier en daar, in die groter stede, was daar 'n Bybel of ten minste 'n deel van die Bybel, maar dit was nie toeganklik vir almal nie. Buitendien was daar baie wat nie kon lees nie, en ook was die Bybel in daardie dae nie in die volkstale van die mense vertaal nie; daar was alleen Hebreeuse (O.T.) Griekse en Latynse Bybels. Ons kan dus verstaan dat daar groot behoefte was om 'n maklike antwoord te vind op die vraag: *Wat moet ek as Christen eintlik glo?* By die aanneming en doop van mense wat besluit het om die heidense geloof vaarwel te sê en hulle by die Christelike Kerk te laat inlyf, moes die leer van die saligheid en die inhoud van Gods Woord aan hulle geleer en verduidelik word.

Na verloop van tyd het alle leraars en werkers groot behoefte gevoel aan 'n kort samevatting van die vernaamste leerstukke van Gods Woord. Die gevolg was dat die Twaalf Artikels van die Christelike geloof opgestel is.

### WAAROM DIE WOORD '*ALGEMEEN*' IN DIE NAAM?

Hierdie artikels word genoem: *Die Twaalf Artikels van die Algemene Christelike geloof omdat die Twaalf Artikels erken word deur nagenoeg elke Christelike Kerk.*

Hulle is soos twaalf pilare waarop die leer van die Kerk rus, terwyl hulle self almal op een fondament, nl. die Woord van God, rus. Al die lede van Jesus se Kerk op aarde neem hulle aan. En as 'n Jood of 'n Mohammedaan of 'n heiden jou sou vra: *Aan watter Kerk behoort jy*? Dan is die antwoord: *Aan die Christelike Kerk*. En as hulle verder vra: *Hoedanig is die Christelike Kerk*? Sê my kortliks wat glo julle?" Dan kan jy geen beter antwoord gee nie as om te sê: *Die geloof van die Christelike Kerk is soos volg: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde. En in Jesus Christus, ens.*

Behalwe die Twaalf Artikels het byna elke kerk ook nog ander belydenisskrifte. Hulle is die vrug van wat in die loop van die geskiedenis gebeur en hulle dien om die besondere aard en geloofsoortuiging van elke kerk uit te druk. So het ons kerk by die Twaalf Artikels nog die Heidelbergse, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Leerreëls van Dordt. En as iemand wil weet: *Wie en wat is die kerk waaraan jy behoort*?, dan is jou beskrywing dat dit die kerk is wat hom van ander kerke onderskei deur daardie drie formuliere.

### WAAROM DIE WOORD *ONGETWYFELDE* IN DIE NAAM?

Die Kategismus voeg in sy antwoord op vraag 22 nog 'n woord by in die naam, nl. "ongetwyfelde". Hierdie woord hoor ons ook Sondae van die kansel as ons opgeroep word om belydenis van ons geloof te doen. Dit beteken dat die dinge wat ons bely ontwyfelbaar waar en juis is. Dit stem ooreen met die Woord van

God, dit het na ons gekom uit die vroegste tye van die Christelike Kerk en dit word algemeen erken as die ongetwyfelde waarheid.

## WAAROM WORD DIT SOMS OOK GENOEM APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS?

Hierdie artikels dra ook die naam van die Apostoliese Geloofsbelydenis, omdat dit die gedagtes uit die tydperk van die apostels en kort daarna bevat – gedagtes wat aan die Heilige Skrif ontleen is. Mense dink verkeerdelik dat die twaalf apostels dit nie lank na die opstanding van die Here Jesus nie opgestel het. Elke apostel sou dan een artikel opgestel het. Maar uit die geskiedenis is dit duidelik *dat die belydenis in sy teenswoordige vorm die tyd van die apostels ontstaan het, en nie by een geleentheid of uit een persoon nie. In volledige vorm het dit seker nie voor die 5de eeu bestaan nie*. Dit is die uitkoms van korter en eenvoudiger belydenisse, wat geëis was van persone wat hulle by die Kerk wou aansluit. Sulke mense moes hulle natuurlik laat doop, maar vooraf moes hulle ’n geloofsbelydenis afê, en om hulle hierin te help, is die leer van die Woord van God in ’n geloofsbelydenis saamgevat.

Aan hierdie artikels lê ten grondslag die woorde van die instelling van die doop deur die Here Jesus in Matt. 28:19. *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om te onderhou alles wat Ek julle beveel het.* Die eerste maal, waarvan ons weet, dat belydenis afgelê is voor die doop, is deur die kamerling van Ethiopië. *En hy antwoord en sê Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is* (Hand. 8:36,37).

## HOE WORD DIE TWAALF ARTIKELS VERDEEL?

Op hierdie vraag antwoord die Kategismus*: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping (Art. 1); die tweede, oor God die Seun en ons verlossing (Arts. 2-7); die derde, oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking* (veral Arts. 8-10). Hierdie indeling stem dan ook ooreen met die indeling wat ons in Matt. 28:19 vind. Die volgende belangrike vraag bly oor:

## IS HIERDIE ARTIKELS MY PERSOONLIKE BELYDENIS?

Let daarop dat dit opgestel is in die eerste persoon: *Ek glo*. Hierdie woorde word herhaal in die 1ste, 8ste en 9de artikels en word veronderstel om voor elke artikel te staan.

Elkeen van julle behoort die Twaalf Artikels uit die kop te ken. Maar dis nog glad nie genoeg nie. Elkeen moet oor al die punte dink en bid. Van elke punt moet hy homself afvra: *Kan ek sê dat ek dit waarlik glo? Wat sluit dit in?*” Bv. God, Vader, Almagtige Skepper. Hierdie woorde kom voor in die eerste artikel en elke woord

kan ons aanleiding gee tot die diepste gedagtes en tot die ondersoekende vraag: *Glo ek dit? Glo ek in God? Glo ek dat Hy almagtig is? Die Skepper van die heelal is? Dat Hy my Vader is*? En Sondae in Gods huis, wanneer jy opstaan om saam met die prediker en die hele gemeente hierdie belydenis van jou geloof te doen, bid dan: *Here! Mag hierdie geloof van my 'n opregte geloof wees, 'n saligmakende geloof. Bewaar my dat daardie woorde nie sommer betekenislose klanke sal wees nie. Mag U Gees my nou in al sy waarheid lei.*

**VRAE**

1. Sê die Twaalf Artikels op. Wat kan jy vertel van die ontstaan van die Artikels?
2. Sedert wanneer is dit in sy finale vorm?
3. Waarom word hulle ook algemeen genoem?
4. Waarom word hulle ongetwyfeld genoem?
5. Waarom ook die benaming Apostoliese Geloofsbelydenis?
6. Wie het die eerste geloofsbelydenis, sover ons weet, afgelê?
7. Hoe word die Artikels verdeel?
8. Wat lê hieraan ten grondslag?
9. Is hierdie Artikels jou persoonlike belydenis?

## GELOOFSLES 26: DIE LEERSTUK VAN DIE DRIE-EENHEID.

**KORT BEGRIP.**

VR. 21 *As jy bely dat jy glo in God die Vader, die Seun en Die Heilige Gees, verstaan jy daarby drie Gode?*

ANTW. *Nee, geensins, want daar is maar net een enige en waaragtige God. Deut. 6:4. Hoor Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE.*

VR. 22 *Waarom noem jy dan drie: die Vader, die Seun en die Heilige Gees?*

*ANTW. Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het dat hierdie drie onderskeie Persone die enige en waaragtige God is; soos ons gedoop is in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees (Matt. 28:19).*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 25 *Aangesien daar maar 'n enige Goddelike wese is, waarom noem jy die Vader, die Seun en die Heilige Gees?*

ANTW. *Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het dat die drie onderskeie Persone die enige, waaragtige en ewige God is*.

In die vorige les is daarop gewys dat die Twaalf Artikels in drie groot dele verdeel word, wat onderskeidelik handel oor God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Voordat elke artikel nou afsonderlik in een of meer lesse behandel word, vind ons ’n vraag oor die leer omtrent God as Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie leerstuk word genoem: *Die leerstuk van die Drie-eenheid.*

Die vrae in beide die Kort Begrip en die Kategismus gaan uit van die veronderstelling dat daar ’n God is.

## MAAR WATTER BEWYSE HET ONS DAT DAAR ’N GOD IS?

### DIE NATUUR SÊ VIR ONS DAAR IS ’N GOD.

Die bestaan van die heelal, sy voortbeweging, die wet en orde daarin, die prag en skoonheid daarvan, alles wys soos met ’n vinger na ’n God toe. Dit is soos die Psalmdigter sê: *Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande* (Ps. 19:2). Daarom kan niemand, selfs die heiden, hom verontskuldig en sê: *Ek weet van geen God nie*. Die mens se eie natuur leer dat daar ’n God is. In elke mens, of hy nou ’n Christen of heiden is, leef die gedagte van ’n God. En in elke mens is daar ’n stem, die gewete genoem, wat vir hom sê: *dit mag jy doen en dit mag jy nie doen nie*.

### DIE BYBEL LEER VIR ONS DIE DUIDELIKSTE DAT DAAR ’N GOD IS.

Die Bybel doen egter geen moeite om te bewys dat daar ’n God is nie. Dit neem die bestaan van God as ’n onbetwyfelbare vanselfsprekendheid aan.

Die Bybel is ondenkbaar, onverstaanbaar en onverklaarbaar sonder ’n God. Van Genesis tot Openbaring word die hele Heilige Skrif gedra deur God. Alles deur Hom en ter wille van Hom.

Maar nou vra die Kort Begrip: *As jy bely dat jy glo in God die Vader, die Seun en die Heilige Gees, verstaan jy daarby dan drie Gode*? Hierop word geantwoord: *Nee geensins, want:*

## *DAAR IS MAAR EEN ENIGE WAARAGTIGE GOD.*

(a) DIE GESONDE VERSTAND VAN DIE MENS sê vir hom dat daar nie plek is vir ’n tweede en ’n derde nie. As dit so is, dan is hulle nie God nie. Die begrip God veronderstel iemand wat bokant alles en almal uitstaan en oor almal heers. Daar kan nie twee of meer gode wees elk met ’n eie persoonlikheid en wil nie; dit sou dan soos in die Griekse veel-godedom beteken verskil, stryd, oorlog en ’n minderwaardige betekenis van die begrip van God.

(b) DIE BYBEL LEER OOK BAIE DUIDELIK DAT DAAR MAAR EEN GOD BESTAAN

In die O.T. word die kinders van Israel dikwels gewaarsku teen veel-godedom (Deut. 6:4). Baie duidelik sê Moses hieroor: *Israel, die HERE onse God is 'n enige Here*. Die volk word dikwels deur hom vermaan teen die afgodery, vgl. Lev. 19.4; 26:1. Die ydelheid en nietigheid van afgodery word beskryf in Ps. 97:7; 115:1-8; 135:15-18 en Jes. 40:18-26. Baie duidelik sê die profeet in Jes. 44:6 en 45:5 dat daar maar een God is.

In die N.T. is die bewyse vir een Goddelike Wese nog sterker. Ons noem net twee: Joh. 17:3. *En dit is die ewige lewe dat hulle U ken. Die enige waaragtige God*. En 1 Kor. 8:4-6. Die hele Ou en Nuwe Testament is dwarsdeur monoteïsties, d.w.s. praat van een God, en nie politeïsties nie, d.w.s. praat nie van meer gode nie.

Die volgende vraag is baie natuurlik: *Waarom noem jy dan drie: die Vader, die Seun en die Heilige Gees?* Die antwoord hierop is in kort saamgevat:

## DIE WOORD OPENBAAR AAN ONS DRIE ONDERSKEIE PERSONE IN EEN GODDELIKE WESE.

*Die antwoord verwys ons nie terug na die vrye natuur daarbuite of na die natuur of verstand van die mens nie, maar na die Woord. Uit die heelal en die natuur van die mens is dit duidelik dat daar 'n God is, maar hulle sê ons niks van die verborgenheid van die Drie-eenheid nie, alhoewel daar persone is wat dit beweer.*

## DIE LEER OMTRENT DIE DRIE-EENHEID IS NIE SO DUIDELIK IN DIE OU AS IN DIE NUWE TESTAMENT NIE, MAAR TOG SO DUIDELIK DAT ALMAL DIT KAN VERSTAAN.

In Gen. 1:26 spreek God van Homself in die meervoud: *Laat ons mense maak na ons beeld, na Ons gelykenis*; so ook in Gen. 3:22 en 11:7. Daar is verskillende tekste in die O.T. wat wys dat God tussen Homself onderskei, bv. Gen. 19:24: *En die HERE het swawel en vuur oor Sodom laat reën van die HERE uit die Hemel*. PS. 45:8*: Daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle. Ps. 110:1. Die HERE het gesê vir my Here: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir U voete.* Hierdie tekste sê dat die een Here van die ander Here swawel en vuur oor Sodom laat reën het, dat die een Here met die ander Here gepraat het en dat die een God die ander God gesalf het.

## DAAR IS TEKSTE IN DIE O.T. WAAR DIE DRIE PERSONE IN DIE GODDELIKE WESE LANGS MEKAAR GENOEM WORD.

Ps. 33:6: *Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hul hele leër.* Lees ook Jes. 61:1; Hagg. 2:5, 6; Mal. 3:1. Afgesien van hierdie tekste is daar hele gedeeltes in die O.T. wat op drie persone in een wese wys, so was al drie bv. werksaam in die skepping. Gen. 1 en Joh. 1.

## DIE HELE NUWE TESTAMENT IS TRINITARIES.

*Trinitaries* beteken drie persone in een wese. Dit is nodig om net 'n paar tekste te noem. Soek op Matt. 28:19, en lees dit. Ook 2 Kor. 13:13; 1 Joh. 5:7. In die N.T. is dit ook nie net enkele tekste nie, maar hele gedeeltes daarop wys, Luk. 1:30-35 waar die engel Gabriël die geboorte van Jesus aankondig; Joh. 1, waar die vleeswording van die Woord beskryf word (Matt 3:13-17)

Die doop van Jesus; Hand 2:1-13, die uitstorting van die Heilige Gees. Die hele Bybel is trinitaries.

(c) Laat ons nou die gedagtes van hierdie gedeeltes uit die Bybel aan die hand van die Kategismus-vraag opsom:

## DAAR IS MAAR *EEN GODDELIKE WESE*, MAAR *DRIE PERSONE IN DIE EEN WESE WAT GENOEM WORD DIE VADER, DIE SEUN EN DIE HEILIGE GEES.*

Hierdie Drie is nie blote name vir God nie, maar Persone. God word as drie persone geken. Hierdie Drie is ook nie net openbaringsmomente van God nie, d.w.s. dat God Hom op die een tyd as God openbaar het, op 'n ander tyd as Seun en weer op 'n ander tyd as Heilige Gees nie, maar drie Persone. Elk het 'n selfstandige bestaan. Hulle is van mekaar onderskeie maar nie geskeie nie, die grenslyn mag nie uitgewis word nie. Die Kategismus sê ook baie duidelik dat die drie onderskeie Persone die enige, waaragtige, ewige God is. (Vgl. Joh. 5:32 en Joh. 14:16).

## DAT HULLE *VAN MEKAAR ONDERSKEIE IS*, IS DUIDELIK:

(1) *Wat hul name betref*. Die naam van die eerste Persoon in die Drie-eenheid is *Vader*; van die tweede, *Seun*, en van die derde, *Heilige Gees*. Die name wissel nooit met mekaar af nie. Die Vader word nie soms die Seun, en die Seun nie die Heilige Gees genoem nie, en omgekeerd.

(2) *Wat die orde van hul bestaan betref.* Daar word 'n vaste orde in die Bybel aangetref waarvolgens hulle genoem word. Die Vader eerste, die Seun tweede en die Heilige Gees derde. Dit is nie 'n tydsorde nie, maar 'n bestaansorde. Dit

beteken nie dat die Vader vir 'n tyd bestaan het en toe het die Seun gekom en daarna eers die Heilige Gees nie. Al drie persone bestaan saam van ewigheid af.

(3) *Wat hul werke aanbetref*. Die Skepping word veral toegeskryf aan die Vader, die Verlossing aan die Seun en die Heiligmaking aan die Heilige Gees. Daar moet egter nie gedink word dat God die Vader alleen werksaam was by die skepping, God die Seun alleen by die verlossing en God die Heilige Gees alleen die gemeente verlos en sondaars heilig maak nie. Hulle is onderskeie, maar nie geskeie van mekaar nie. Elkeen tree egter as Hoofpersoon of Hoofwerker op in die drie werksaamhede van die skepping, verlossing en heiligmaking. Die Vader het die heelal geskape deur die Seun en die Heilige Gees; die Seun is dit wat 'n volkome verlossing vir die mens teweegbring, en dit doen Hy uit die Vader deur die Heilige Gees; die Heilige Gees, gestuur deur die Vader en die Seun pas die verworwe verlossing op die sondaar toe, herskep, hernu, en heilig hom.

Dit moet steeds onthou word dat alhoewel hierdie Persone onderskeie van mekaar is, hulle nie geskeie van mekaar is nie; hulle is een in Wese. Dit moet nie opgevat word asof die goddelike Wese onder die drie persone so verdeel is dat elkeen 'n stuk daarvan het nie. Al drie het een onverdeelde goddelike Wese. Onthou dit is drie Persone in een Wese.

### *KAN EK DIT ALLES VERSTAAN*?

Hierdie diepsinnige leerstuk is meer 'n saak vir die geloof as vir die verstand, omdat die Bybel dit vir ons leer, daarom glo ons dit alhoewel ons nie alles verstaan nie. Nooit was daar iemand op aarde wat dit ten volle verstaan het nie. Ons moet saam met Job bely: *God is groot en ons begryp Hom nie. Ons kan Hom nie deurgrond nie*. Ons is sulke klein nietige wesentjies. As ons God volkome sou begryp dan sou Hy vir ons geen God meer wees nie. Daar is ongelowiges wat die leerstuk van die Drie-eenheid loën. Maar hulle het geen Bybelse bewyse daarvoor nie. As jy meer wil weet omtrent die leerstuk, lees dan artikels 8 en 9 van die *Nederlandse Geloofbelydenis*.

**VRAE**

1. Watter bewyse het jy dat daar 'n God is?
2. Waarom sê jy dat daar nie meer as een God is nie?
3. Noem 'n paar bewysplekke uit die O.T. op om te bewys dat daar maar een God is. En uit die N.T.
4. Wat verstaan jy deur die uitdrukking: Drie Persone in een Wese?
5. Waarom sê jy, is die Vader, Seun en Heilige Gees onderskeie van mekaar?

## GELOOFSLES 27: GOD DIE VADER – SY NAME, EIENSKAPPE, DADE EN WELDADE

**KORT BEGRIP.**

VR. 23 *Wat glo jy met hierdie woorde: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde"?*

ANTW. *Dat die ewige Vader van onse Here Jesus Christus wat*
*a) hemel en aarde b) uit niks geskape het en c) nog deur sy voorsienigheid hou d) ter wille van sy Seun Jesus Christus my God en my Vader is.*

*a) Gen. 1:1. In die begin het God die hemel en die aarde geskape.*
*b) Hebr. 11:3. Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die Woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.*
*c) Ps. 36:7. HERE, U behou mense en diere!*
*d) Gal. 3:26. Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 26 *Wat glo jy met hierdie woorde: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde?*

*ANTW. Dat die ewige Vader van onse Here Jesus Christus wat hemel en aarde, met alles wat daarin is, uit niks geskape het, wat ook deur sy ewige raad en voorsienigheid dit nog onderhou en regeer ter wille van sy Seun Jesus Christus my God en my Vader is, op wie ek so vertrou dat ek nie twyfel dat Hy my met alles wat nodig is vir liggaam en siel sal versorg en ook al die kwaad wat Hy oor my in hierdie jammerdal beskik, my ten beste bestuur, omdat Hy dit kan doen as 'n almagtige God en ook wil doen as 'n getroue Vader.*

Ons begin vandag met die eerste artikel van die Geloofsbelydenis. Die doel van hierdie les is om nader bekend te word met God die Vader, die eerste persoon in die Drie-eenheid. Vandag sal ons meer hoor van sy name, eienskappe en dade, en van die weldade wat elkeen van ons van Hom geniet omdat Hy so 'n God is. Die groot gedagtes in vandag se les is: NAME; EIENSKAPPE; DADE; WELDADE.

**GOD DIE VADER - SY NAME.**

'n Naam is iets persoonliks en heeltemal anders as 'n nommer. Bewys hiervoor is dat as 'n naam verkeerd geskryf of gebruik word, die draer van die naam altyd seer kry, want aan daardie naam is sy eer, sy waarde, sy persoonlikheid verbind.

Vroeër was die verband tussen naam en draer nog baie sterker as nou. Nou is baie name net betekenislose klanke, maar toe was dit 'n verklaring of openbaring van die karakter van die persoon wat dit ontvang het. Van baie name in die ou tyd word die betekenis aangegee en ook die rede waarom die draers hulle ontvang het, Eva, Gen. 3:20; Kain, Gen. 4:1; Set, Gen. 4:25; Noag, Gen. 5:29; Ismael, Gen. 16:11 ens. Dit was ook die geval met die name van God. Daar is 'n innige verband tussen God en Sy name, 'n verband wat deur God self daargestel is; Sy name beskryf veral aan ons die verhouding wat daar van sy kant is tot sy skepsel. Dit gee uitdrukking aan die eienskappe wat Hy aan sy skepsel in sy handelinge hom geopenbaar het.

In die Afrikaanse Bybel word die eerste Persoon in die Goddelike Drie-eenheid onder verskillende name geken, soos bv. *God, Here, Here en Vader*. Hierdie Afrikaanse name is op hul beurt die vertaling van verskillende Hebreeuse en Griekse name. Hier wil ons ons net bepaal by die naam Vader. Lees Efes. 3:14. *Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus*. En Gal. 3:26: *Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus*. In hierdie twee tekste sien ons, ook in baie ander, bv. Matt. 4:3,6; 8:29; Rom. 8:15,23; 9:4; Gal. 4:5; Efes. 1:5 ens., veral twee dinge.

(a) GOD IS VEREERS DIE EWIGE VADER VAN ONSE HERE JESUS CHRISTUS. Daar is geen tyd waarin God nie Vader en Jesus nie Seun was nie. Dit is nie die geval soos by mense waar iemand een tyd nie vader was en toe vader geword het nie. God is Vader van sy Seun van alle ewigheid tot ewigheid en het van alle ewigheid af sy Seun gegenereer.

(b) GOD IS, TWEEDENS, OM SY SEUN CHRISTUS ONTWIL, MY GOD EN MY VADER. Ja, ter wille van sy Seun Christus is Hy my God en my Vader en die van elke gelowige. Dink daaraan: God die almagtige, wat hemel en aarde geskape het en met alles wat daarin is steeds onderhou, God die oneindige, ewige, almagtige, algenoegsame, volsalige God, is my God en my Vader. Wat 'n wonderlike, heerlike waarheid. My Vader, ek 'n nietige wesentjie, 'n stoffie in die heelal, my Vader! En as Vader sorg Hy vir my en bewaar my soos geen aardse vader dit ooit kan doen nie. Ek, wat my deur my sondes teenoor God, soos die verlore seun, aan ongehoorsaamheid en opstand skuldig gemaak het, en wat ewig onder die toorn van God moes versmag het, ek is 'n kind van God en Hy is my Vader. Uit sy vrye wil het Hy Hom oor my ontferm, nie omdat ek dit verdien het nie, maar ter wille van sy Seun, wat deur sy gehoorsaamheid my aanneming tot kindskap en al die weldade daaraan verbonde, verwerf het.

## GOD DIE VADER - SY EIENSKAPPE.

Van al die eienskappe van God word hier net twee genoem, nl. sy almag en voorsienigheid. Daar word gewoonlik onderskei tussen die onmededeelbare en die mededeelbare eienskappe van God.

a) DEUR SY ONMEDEDEELBARE EIENSKAPPE word verstaan dit wat Hy alleen besit, wat in geen mens of skepsel voorkom nie en wat selfs aan niemand meegedeel kan word nie. Laat ons hulle noem: Hy is *onafhanklik* en word deur niks bepaal, bestuur of regeer, buiten deur Homself nie, vgl. Hand. 17:25; Rom. 11:36. Hy is onveranderlik, d.w.s. Hy bly ewig dieselfde. Lees Jak. 1:17 – Hy is almagtig en doen alles wat Hom behaag.

Dit beteken egter nie dat hy iets kan doen wat strydig is met sy karakter nie. Hy kan nie lieg nie. Hy kan nie sonde doen nie. Lees Num. 23:19 en Ps. 45:8. Ewig is Hy. Hy is bo alle tyd verhewe. Die tyd self is deur Hom geskape. Daar was nooit 'n oomblik waarin Hy nie bestaan het nie, vgl. Ps. 90:2. Hy is alomteenwoordig. Hy is nie aan tyd of plek verbonde nie. Self het Hy ook die ruimte gemaak, vgl. Ps. 139:7-12; Hand. 17:27,28 Hy is ook enig. Daar is niemand bokant Hom of naas Hom of wat met Hom vergelyk kan word nie. Hy alleen is wat Hy is, vgl. Deut. 6:4; Mark. 12:29 en Joh. 17:3.

b) DEUR SY MEDEDEELBARE EIENSKAPPE word verstaan deugde of eienskappe waarvan Hy aan die mens, deur Hom na sy beeld te skep, iets meegedeel het. Deur die eerste groep van eienskappe, nl. die onmededeelbare, is God afgeskeie van die mens; deur die tweede groep, of mededeelbare, is Hy verbonde aan die mens. Hierdie eienskappe is so talryk dat 'n volledige opsomming onmoontlik is. Laat ons 'n aantal opnoem: *wysheid*, 1 Kor. 3:28; *barmhartigheid, genade, lankmoedigheid, goedertierenheid*, Ps. 103:8; *heiligheid*, Jes. 6:3; *Voorsienigheid*, Gen. 22:8,14; *liefde*, Joh. 3:16; *geregtigheid,* Ps. 45:8; Job 34:10; *waaragtigheid,* Jer. 42:5 ens.

Wanneer ons aan een van die eienskappe van God dink, moet versigtig wees om nie daarin apart van sy ander eienskappe te dink en dit so uit verband te ruk en 'n skewe voorstelling daarvan te gee nie. Wanneer ons bv. aan die liefde van God dink, kan ons nie daaraan dink as afgeskeie van sy geregtigheid nie. Liefde sonder geregtigheid is onskriftuurlik en bepaald sondig of dit nou al is op die gebied van die huisgesin, die regspleging, die maatskappy, die staat of die godsdiens. God het bv. Die mens lief, maar Hy het eniggebore Seun gegee om aan Sy geregtigheid te voldoen voordat Hy die mens as kind kon aanneem.

**GOD DIE VADER - SY DADE**:
Ek glo in God - die Skepper van hemel en aarde. So lui 'n deel van die eerste artikel van die belydenis, en die verduideliking wat die Kort Begrip daaraan gee, is dat Hy hemel en aarde uit niks geskape het en deur sy voorsienigheid onderhou. Hieruit is die volgende duidelik.

a) DIE HEELAL IS NIE EWIG NIE. Dit het 'n begin gehad. God alleen is ewig. Almal wat ewigheid aan die wêreld toeskryf, verhef die wêreld tot 'n God. Ewigheid is 'n eienskap wat alleen aan God kan toegeskryf word. Dit word gewoonlik in die skeikunde gesê dat stof onvernietigbaar is; al breek dit op in sy elemente of kombineer dit om ander soorte stowwe te vorm, gaan dit nogtans nie tot niet nie. Dit is egter heeltemal iets anders as om te sê dat dit ewig is. Daardie wet van die onvernietigbaarheid is net die ander natuurwette by die skepping deur God daarin gelê. Daar was 'n tyd toe die heelal nie bestaan het nie. Die Bybel sê duidelik: *In die begin het God hemel en aarde geskape.*

b) GOD HET DIE HEELAL UIT NIKS GESKAPE. Dit is die uitdruklike leer Van die Bybel. Ja, die leer van die skepping neem so 'n vername plek in die Bybel in dat die persoon, wat dit nie glo nie, se verhouding tot God kan nie reg kan wees nie. Die naam van die eerste Bybelboek wys reeds daarop. Genesis beteken *geboorte* of *oorsprong*. Die Bybel begin met die leer van die skepping in Gen. 1:1 en eindig daarmee in Openb. 4:11; 10:6 en in Openb. 21:1 met die nuwe hemel en die nuwe aarde. Die betekenis van die woord *skep*, is so diep dat ons dit nie kan peil nie. Dit word gewoonlik gesê dat *skep* beteken iets uit niks maak nie. Hoe? Ons weet dit nie. Ons neem egter sy Woord aan waar Hy sê: *Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie*. Hebr. 11:3. Die dinge wat nie gesien kan word nie, beteken nie hier 'n sekere soort onsigbare stof nie, maar dat voor die bestaan van die en die heelal daar niks bestaan het nie, geen stof, geen skepsel, geen ruimte of plek nie. Eers met die skepping het die stof, hemel en aarde in wording getree. Voor die skepping was daar niks nie buiten die Drie-enige God alleen. Hy het genoeg gehad aan Homself en het Hom in Homself verlustig. Maar in sy vrymagtige en soewereine welbehae het Hy van ewigheid af besluit dat daar 'n wêreld naas Hom en buitekant Hom sou wees en sedert God sy raad ten uitvoer gebring het bestaan daar 'n wêreld met talle lewende en lewelose dinge.

Ons vra weer *hoe*? Hy het alles in geskep deur sy Woord en Gees. Daardie woord was nie 'n blote klank nie, maar sien op Christus vgl. Joh. 1:1-3, en Kol. 1:16. Volgens Gen. 1:2 het die Gees van God lewendwekkend en vrugbaarmakend

op die waters gesweef. God het dus ook *deur* die Heilige Gees geskape. Presies hoe alles plaasgevind het wat nie in Genesis 1 en 2 vermeld is nie, lê in die geheimenisse van God toegesluier.

(c) GOD HET HEMEL EN AARDE MET 'n DOEL GESKAPE. Hy doen niks sonder doel nie. Hy het hemel en aarde geskape tot die verheerliking van Sy grote Naam. Die hemele vertel sy eer, vgl. Ps. 19:2. Hy verheerlik Homself ook in Farao, Ex. 14:17, en in die blindgeborene, Joh. 9:1-4. Hy verleen alle weldade om sy Naam ontwil, Jes. 43:25. Lees ook Joh. 17:4 en Efes.e 1.

Hy het nie die verheerliking van sy Naam deur die skepping of die skepsel nodig nie. Hy is die algenoegsame, die volsalige, en geen skepping of skepsel kan Hom iets gee wat Hy nie het nie. *Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge*. (Rom. 11:36). Maar God wou dat sy deugde en volmaakthede in en deur die skepping sou uitstraal en skitter. Hy het alles gemaak ter wille van Homself, nie ter wille van die mens of iets anders nie. Om Sy eie glorie, heerlikheid en eer het Hy dit gedoen. Alhoewel die sonde in die wêreld ingetree het en baie dinge daardeur bederf is, sal God tog sy heerlike doel in die voleinding van alle dinge in die skepping bereik. Die voorsienigheid van God word in die volgende les behandel.

## GOD DIE VADER - DIE WELDADE WAT EK VAN HOM AS MY VADER GENIET.

Die *Heidelbergse Kategismus* noem nog verskillende weldade wat ons s'n is omdat God ook ons Vader is. Laat ons op die volgende let:

a) OP WIE EK SO VERTROU DAT EK NIE TWYFEL NIE.
Die natuurlike mens wil maar op homself vertrou. Hier op aarde is ons vertroue ook nie volmaak nie. Ons twyfel dikwels. Tog steek die gelowige sy hande in vertroue en geloof soos 'n kind uit na sy Vader. Hy is die Getroue aan wie ek nooit hoef te twyfel nie. Hoe heerlik om so 'n almagtige Vader te hê.

b) HY SAL MY MET ALLES WAT NODIG IS VIR SIEL EN LIGGAAM VERSORG.
Net soos 'n liefdevolle, sorgsame, sterk, getroue aardse vader, net oneindig meer. Die mens het so baie behoeftes. Die Christen verwag ook nie skatte en weelde nie, dit word nêrens in die Bybel vir hom belowe nie, maar die brood van sy beskeie deel. En as hy dit vra, weet hy dat sy hemelse Vader hom nie sal afwys en in honger sal laat omkom nie. En net soos hy om brood vra vir sy liggaam, smeek

hy ook om die vermeerdering van sy geloof, om versterking van sy hoop, om aanwakkering van sy liefde, om vergewing van sondes, om sielsvrede en om troos.

c) HY SAL OOK TE MIDDE VAN AL DIE KWAAD WAT HY OOR MY IN HIERDIE JAMMERDAL BESKIK, MY TEN BESTE BESTUUR.

Die aarde is ’n jammerdal! Die benaming is somber, maar nie oordrewe nie. Deur die sonde met sy nasleep van rampe, stryd, siekte en kwale het die wêreld meer as ’n jammerdal geword. Die Christen het ook sy deel van rampspoede. Hy is ’n kruisdraer. So is dit belowe en so ondervind hy dit. Wat doen hy daaronder? Kom hy daarteen in opstand? Hy onderwerp hom aan die wil van die hemelse Vader. Hy vra Hom om hom nie bokant sy kragte te beproef nie en dat Hy alle kwaad tot sy nut, heil en saligheid sal laat meewerk.

(d) OMDAT HY DIT KAN DOEN AS ’n ALMAGTIGE GOD EN OOK WIL DOEN AS ’n GETROUE VADER.

Die versekering wat die Christen het dat hy bogenoemde weldade sal ontvang, lê daarin dat God almagtig is en niks vir Hom te wonderlik is om te kan doen nie, en dat Hy nie alleen almagtig is nie, maar daardie weldade as ’n getroue Vader graag ook wil doen aan sy volk, wat Hy, asof met moederliefde bemin.

**VRAE**

1. Wat beteken die uitdrukking God is die ewige Vader van onse Here Jesus Christus?
2. Watter betekenis het dit vir jou dat God ook jou Vader is?
3. Wat is die verskil tussen die onmededeelbare en die mededeelbare eienskappe van God?
4. Noem ’n paar van elk op.
5. Wat beteken dit dat God die heelal uit niks geskape het?
6. Vir watter doel het God alles geskape?

## GELOOFSLES 28: GOD DIE VADER – SY VOORSIENIGHEID.

**KORT BEGRIP.**

VR. 23 Wat glo jy met hierdie woorde: Ek glo in God die Vader?

ANTW. *Dat die ewige Vader van onse Here Jesus Christus wat (a) hemel en aarde (b) uit niks geskape het en (c) nog deur sy voorsienigheid hou (d) ter wille van sy Seun Jesus Christus my God en my Vader is.*

Gen. 1:1. *In die begin het God die hemel en aarde geskape. (b) Hebr. 11:3. Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die Woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie. (c) Ps. 36:7. HERE, U behou mense en diere! (d) Gal. 3:26. Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus*.

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 27 *Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?*

ANTW. *Die almagtige en alomteenwoordige krag van God, waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsele as met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons toekom.*

VR. 28 *Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskape het en nog deur sy voorsienigheid onderhou?*

ANTW. *Dat ons in alle teëspoed geduldig, in voorspoed dankbaar moet wees, en in alles wat nog oor ons kom, 'n vaste vertroue moet stel op onse getroue God en Vader, dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsele so in sy hand is dat hulle teen sy wil hulle nie kan roer of beweeg nie.*

In die vorige les is die eienskappe van God behandel. Daar is o.a. sy almag en voorsienigheid genoem. Die doel van vandag se les is om meer te weet van *die Voorsienigheid van God*.

Ons het laas gesien hoe die Kort Begrip sê dat God hemel en aarde uit niks geskape het en nog deur sy voorsienigheid onderhou. Die Kategismus vra nou nog verder: *Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?* Met die antwoord hierop is ons vandag besig.

**WAT IS DIE BETEKENIS VAN DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD?**

Eers moet ons die vraag beantwoord wat ons verstaan deur die woord voorsienigheid. Die Kategismus beskryf dit as *die almagtige en alomteenwoordige krag van God, waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsele as met sy hand nog onderhou en regeer.* Hierin moet ons let op die volgende dinge omtrent die voorsienigheid van God:

(a) DIT IS 'n ALMAGTIGE EN ALOMTEENWOORDIGE KRAG.

Baie mense gebruik die woord voorsienigheid as 'n naam vir God, bv. as dit die wil van die Voorsienigheid is: Dit is oneerbiedig en mag nie gedoen word nie. In die *Kategismus* word voorsienigheid duidelik beskryf as 'n krag, as een van Sy eienskappe. Ons mag nie die een eienskap van God stel in die plek van God self nie. Daarby word dit beskryf as 'n *almagtige en alomteenwoordige krag*. Daar is geen skepsel, hoe magtig ook al, wat die krag het nie. Niks kan dit teëstaan, breek of stuit nie. Alles wat God wil, kan Hy ten uitvoer bring. Daar is ook geen plekkie in die heelal waar dit nie teenwoordig en werksaam is nie.

(b) DIE KRAG VAN SY VOORSIENIGHEID ONDERHOU HEMEL EN AARDE. Dit beteken Hy hou alle skepsele staande, bewaar en handhaaf elkeen van hulle na sy eie wese, met hul kragte en werkinge ooreenkomstig die wette wat Hy in hul natuur vasgelê het. As hy maar vir een oomblik sy hand sou terugtrek, sou hulle nie meer bestaan nie. Altyd, onafgebroke hou Hy sy hand oor almal en alles – engele, mense, diere, plante, hemelliggame. Hy voorsien verder in hul behoeftes en weet vooruit wat hulle nodig het.

(c) DIE KRAG VAN SY VOORSIENIGHEID REGEER HEMEL EN AARDE. God word verskillende kere in die Ou en Nuwe Testament beskrywe as Koning. Die werk van 'n koning is om te regeer. Hy regeer met absolute gesag oor geheel Sy skepping. Niemand durf Hom vra waarom doen Hy dit of dat nie. Hy regeer met ondeurgrondelike wysheid en vaderlike getrouheid. In daardie regering is Hy nie soos die mens wispelturig en ongestadig nie, maar in al sy doen en late is daar bestendigheid, vastheid, reëlmatigheid. Die son kom bv. nie nou in die Ooste en dan weer in die Weste en daarna weer in die Suide op nie. Alles geskied volgens die natuurwette wat God self in sy skepping gelê het. Ons moet dit egter nie so verstaan asof God deur die natuurwette wat Hyself vasgelê het, uitgesluit word van sy skepping nie. God self hou elke oomblik die natuurwette in stand. Hy beheer hulle, hulle is sy knegte en dienaars. As dit Hom behaag, verrig Hy 'n wonder om sy welbehae uit te voer.

## HOE VER STREK DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD VAN HOM UIT?

Dit sluit hemel en aarde en al die skepsele in, sê die Kategismus. Alles denkbaar tot in die geringste toe – hemelliggame, engele, alle lewende wesens, veral die mens, veral sy uitverkorenes. Hy tel die hare van ons hoof. Hy weet van die mossies op die dak. Hy sorg vir die lelies van die veld.

(a) *DIE KATEGISMUS* SE ANTWOORD NOEM VERAL DIE VOLGENDE DINGE VIR ONS TROOS OP WAAROOR DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD HOM UITSTREK:

1. **Lower/blare en gras**. Vir diere sorg Hy en deur vir hulle te voorsien, ook sorg Hy vir die mens.
2. **Reën en droogte**. Veral in ons land wat onderhewig is aan droogte moet ons onthou dat dit alles onder die voorsienigheid van God geskied.
3. **Vrugbare en onvrugbare jare**. Al reën dit soms baie, dan kan die jaar nog onvrugbaar wees. Dit is nie die reën wat die vrugbaarheid skenk nie maar die genadige voorsienigheid van God.
4. **Spys en drank.** Laat ons altyd onthou dat dit van God kom, bid en dank tog oor die tafel. Moet nie met die gawes van God mors nie. En gee ook as getroue rentmeester van God aan die wat nie het nie.
5. **Gesondheid en siekte**. Siekte word dikwels aan siektekieme toegeskryf. Ook dit staan onder die beskikking en regering van God. Hy laat siekte toe, Hy maak gesond, vgl. die siekte van Hiskia (Jes. 38).
6. **Rykdom en armoede**. Laat ons daarom nie hoogmoedig wees as ons ryk is en murmureer in ons armoede nie. Aan Hom behoort die beeste op duisend berge en Hy gee dit aan wie Hy wil.

(b) DIE *KATEGISMUS* HERINNER OOK DAARAAN DAT BOGENOEMDE DINGE ONDER DIE VOORSIENIGHEID VAN DIE LEWENDE GOD STAAN, JA UIT SY VADERLIKE HAND ONS TOEKOM, EN NIE DEUR TOEVAL GESKIED NIE.

Nêrens is daar enige goed nie of dit kom uit die hand van God, of dit nou op staatkundige, maatskaplike of geestelike gebied is. Nêrens is daar ook enige kwaad nie of dit staan onder die voorsienigheid van God. Selfs die sonde laat Hy toe. Die terrein van die sonde staan nie buitekant sy voorsienigheid nie. Hy is nie die oorsaak van die sonde nie. Hy doen nie sonde nie. Hy laat die sonde toe om; die mens te beproef, sy geloof te versterk en te bevestig, die sondaar te straf of te verhard en Homself te verheerlik. Die sonde staan onder sy almagtige voorsienigheid. Hy kan dit terughou, bind, die goeie uit die kwade voortbring en Sy raad daarmee ten uitvoer bring.

(c) NIKS GESKIED DAN OOK PER TOEVAL NIE. Daar is nie so iets as toeval of noodlot nie, d.w.s. die gebeure van iets sonder oorsaak of dat iemand daarvoor verantwoordelik is nie. ’n Mens hoor soms die sondige uitdrukking: *Die noodlot het my getref*. Dit is ’n woord wat nie in die woordeboek van die Christen tuishoort nie, maar by die heiden en Mohammedaan.

Dit lyk soms asof dinge sonder oorsaak gebeur en asof God nie daarop let nie. Feit is dat die mens nie die samehang van dinge en al hul oorsake in Gods hand kan sien nie, en dan praat hy van noodlot. Alles staan in laaste plek onder die beheer van God. Die Christen moet dan nie van loterye, die dobbelsteen en weddenskappe gebruik maak in sy verlange om gou ryk te word nie. Daardeur versoek hy God, vgl. Deut. 8:18.

### HOE BAAT DIT ONS DAT ONS WEET DAT GOD ALLES GESKAPE HET EN NOG DEUR SY VOORSIENIGHEID ONDERHOU?

Bostaande is die inhoud van vraag 28 van die Kategismus. Die antwoord sê dat dit ons help deurdat dit vir ons die volgende dinge gee:

(a) GEDULD IN TEËSPOED. Die aarde is ’n jammerdal en die natuurlike mens maar te gereed om te sug, te murmureer, teen God op te staan en Hom te beskuldig van hardheid en onreg. Sodanige gedrag is diep sondig. Dit kan ’n mens alleen van iemand verwag wat nie aan God behoort nie, nooit van iemand wat die lewenskiem van die wedergeboorte in die hart ontvang het nie. Die kind van God doen dit ook nie, maar glo dat God die hemel en aarde geskape het, al die geskapene tot in die kleinste besonderhede onderhou, bestuur, versorg, regeer, en dat daar niks by toeval buitekant sy wil geskied nie. Hy weet dat alle rampe wat oor hom kom, uit die hand is van ’n almagtige en barmhartige God en Vader. Daarom bewaar hy ’n biddende stilswye en sê: Laat u wil geskied.

(b) DANKBAARHEID IN VOORSPOED. Die mens wat nog nie geleer het dat hy niks het wat hy nie ontvang het nie, wat nog nie weet dat dit tevergeefs is dat hy vroeg opstaan, laat gaan slaap en brood van smart eet nie, skryf dikwels al sy voorspoed aan sy eie krag, vernuf, inisiatief en vlyt toe. Die mens sê met Nebukadnesar: *Is dit nie die grote Babel wat ek gebou het nie?* Maar die Christen bring die eer aan God, want Hy weet aan Hom behoort al die silwer en goud in die dieptes van die aarde. En met grote dankbaarheid getuig hy in dae van voorspoed dat hy geringer is as al sy weldadighede en vra hy in ootmoed: *Wat is ek en my huis dat u my tot hiertoe gebring het? Wat sal ek die Here vergeld vir al sy weldade?* Dit is die grondtoon van sy dankbare hart.

(c) ’n VASTE VERTROUE VIR DIE ONBEKENDE TOEKOMS. Ons weet nie wat oor ons kan kom nie. Die tye is op alle gebiede ontwrig op staatkundige, maatskaplike, opvoedkundige en huislike gebied. Ons vra wat sal word van ons, van die Christen, van die gemeente van die Here, van ons volk, ja van die hele

wêreld? Ons weet dit nie, maar dit weet ons dat die Here regeer en dat geen skepsel ons van sy liefde kan skei nie, omdat ook alle skepsele met dit wat hulle ons kan aandoen, in Sy hand is.

**VRAE**

1. Wat is die betekenis van die voorsienigheid van God?
2. Waarom is dit verkeerd om die woord voorsienigheid as naam van God te gebruik?
3. Oor wat alles strek die voorsienigheid van God hom uit?
4. Wat verstaan jy met betrekking tot toeval of noodlot?
5. Waarom is loterye en weddenskappe verkeerd?
6. Hoe help dit jou om te weet dat God oor alles regeer?

## GELOOFSLES 29: GOD DIE SEUN – SY GODDELIKE NATUUR.

**KORT BEGRIP.**

VR. 24 *Wat glo jy met hierdie woorde: En in Jesus Christus sy eniggebore Seun, onse Here*?

ANTW. *Dat Jesus Christus die ewige en enige Seun van die Vader is. (b) een wese met God die Vader en die Heilige Gees.*

*(a) Joh. 1:18 Die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is. Die het Hom verklaar.*

*(b) Joh. 1:1, 3. In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die woord was God. Alle dinge het deur Hom ontstaan en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. Joh. 5:23 - Sodat almal die Seun mag eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

*VR. 33 Waarom word Hy die eniggebore Seun van God genoem as ons tog ook kinders van God is?*

*ANTW. Omdat Christus alleen die ewige, natuurlike Seun van God is, terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is.*

Ons begin vandag met die *tweede artikel* van die *Apostoliese Geloofsbelydenis*. Hierdie artikel noem vier name van ons Verlosser, nl. Jesus, Christus, Seun en Here. Die doel van vandag se les is om die betekenis en waarde van die naam Seun na te vors: Die gedeelte van die Geloofsbelydenis wat ons vandag mee te doen het,

is net die volgende woorde: *Sy eniggebore Seun.* Die groot gedagte van hierdie les is dus DIE BETEKENIS VAN DIE NAAM: *SEUN*.

Vraag 24 van die Kort Begrip en vraag 33 van die *Heidelbergse Kategismus* met hul antwoorde vertel ons wat die woorde *eniggebore Seun* beteken. *Die Kort Begrip* vra in vraag 24: *Wat glo jy met die woorde: en in Jesus Christus, Sy eniggebore Seun, onse Here?*

Die antwoord lui*: Dat Jesus Christus die ewige en enigste Seun van die Vader is, een van wese met God, die Vader, en die Heilige Gees*. In hierdie antwoord word vir ons verskillende dinge gesê, laat ons hulle een vir een behandel en by elkeen ook vra wat sê die *Bybel* daaromtrent. Eerstens, antwoord die *Kort Begrip*:

**CHRISTUS IS DIE SEUN VAN GOD.**

In die O.T. reeds word die Messias die Seun van God genoem, bv. Ps. 2:7: *Die HERE het vir My gesê U is My Seun, vandag het Ek self U gegenereer.* Vgl. ook Jes. 9:5. Die N.T. is baie duideliker daaroor. Gabriël sê vir Maria: *Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word*. (Luk. 1:35). Die duiwels lê getuienis af in Matt. 8:29 dat Hy die Seun van God is: *Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van God*? *Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig?* Sy dissipels val in aanbidding voor Hom neer en sê: *Waarlik, U is die Seun van God* (Matt. 14:33). Op die vraag van Jesus: *Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens is?* antwoord Petrus: *U is die Christus, die Seun van die lewende God*. (Matt. 16:13, 16). Jesus self antwoord die hoëpriester waar hy Hom onder eed neem op die vraag: *Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God is?* soos volg: *U het dit gesê*, wat soveel beteken as: Ja, ek is die Christus die Seun van die lewende God. (Matt. 26:63,64). Johannes skryf sy Evangelie met die doel – *dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God*. (Joh. 20:31). Baie meer kan opgenoem word.

Daar bestaan dus geen twyfel, volgens die getuienis van die Bybel, dat Christus die Seun van God is nie en hierin stem die *Kort Begrip en Kategismus* saam. Tweedens, antwoord die *Kort Begrip:*

**CHRISTUS IS DIE EWIGE SEUN VAN GOD**.

Christus het nie maar van geboorte af begin bestaan nie. Voor sy geboorte het Hy, soos die Vader, van alle ewigheid af bestaan. In die O.T. word die Seun reeds genoem Ewige Vader (Jes. 9:5). *Sy uitgange of oorsprong is uit die dae van die ewigheid*. (Miga 5:1). In die dae van die O.T. was Hy reeds werksaam as die Engel van God (Gen. 31:11; Gen. 48:15,16) ens. Hierby sluit die N.T. hom op ondubbelsinnige manier aan. Hy, Dawid se Seun, was reeds toe Dawid se Heer (Mark 12:36) Hy het voor Abraham bestaan (Joh. 8:58) het 'n heerlikheid by die

Vader geken nog voor die wêreld daar was (Joh. 17:5,24). Hy was in die skepping van die wêreld werksaam (Joh. 1:3) toe reeds was Hy God (Joh. 1:1, Filip. 2:6).

Daar was geen tyd toe die Seun nie was nie. Die Vader, wat ewige God is, was nooit sonder die Seun nie. Hy was altyd Vader en die Seun altyd Seun. Die Seun self dra die eienskap van ewigheid.

Die Bybel gebruik ook die woord: gegenereer. *U is My Seun, vandag het Ek self U gegenereer* (Ps. 2:7) om die Seunskap van Christus uit te druk. Die woord gegenereer was die eerste maal in die teologie deur die kerkvader Origines in die derde eeu gebruik. Dit is aan die Latynse taal ontleen en beteken 'teel, deur teling verkry, voortgebring'. Aan hierdie generasie van die Seun kleef daar geen onvolmaakthede en sinnelikhede soos by die mens nie. Dit het ook nie soos die geboorte van die mens op 'n sekere datum in die tyd plaasgevind nie. Die Vader het die Seun van alle ewigheid af gegenereer. Dit is 'n *ewige generasie.* Daar was geen tyd waarin die Seun nie gegenereer was nie. God was van alle ewigheid af Vader en Hy van alle ewigheid af Seun.

Hoe die ewige generasie van die Seun plaasgevind het, is 'n verborgenheid wat niemand kan peil nie, maar aan hierdie verborgenheid het die kerk van alle tye teen alle dwalinge steeds vasgehou. Die Ariane het in die vierde eeu beweer, moontlik na aanleiding van Kol 1:15, dat Christus deur God geskape is. Daar staan: *Hy is die Eersgeborene van die hele skepping*. Hy sou dan wees die hoogste hemelse wese, hoër nog as al die engele, maar deur God geskape. Dieselfde dwaling word vandag deur die Russeliete geleer. In die eerste hoofstuk van Kolossense word Christus beskryf as die Hoof van sy gemeente, vgl. Kol. 1:18. Eersgeborene moet dus in hierdie verband verklaar word. In die Joodse sin: *van eerste in waardigheid van die familie, die hoof, die stamhouer*. *Die Seun van God is nie deur die Vader gemaak of geskape nie. As Hy deur God gemaak of geskape sou wees, dan sou Hy nie, soos ons hierbo gesien het, ewig wees nie, dan sou daar* 'n *tyd gewees het toe Hy nie was nie. Ook sal Hy dan nie God wees nie, maar* 'n *skepsel.*

## CHRISTUS IS DIE ENIGE SEUN VAN GOD.

Hy is die eniggebore Seun. Dit is so dat ander skepsels ook soms die seuns of kinders van God genoem word: Die engele (Job 38:7); die volk van Israel (Ex. 4:22; Deut. 14:1); die rigters (Ps. 82:6); die konings (2 Sam. 7:11-14); Adam (Luk. 3:38); die gelowiges (2 Kor. 6:18). Hulle word so genoem in figuurlike sin, of soos die Kategismus sê, ons word om Sy ontwil uit genade so genoem, maar Christus word in 'n besondere sin die *Seun van God* genoem, in 'n sin waarin net gepraat word *van 'n natuurlike eie kind*. Hy word genoem: die *Beeld van die onsienlike God* (Kol. 1:15); *die afskynsel van die heerlikheid van God* (Hebr. 1:3); *die geliefde Seun* (Matt. 3:17); *die eie Seun* (Rom. 5:32); *die eniggebore Seun* (Joh.

1:14 en 3:16). Van geen ander skepsel word so gepraat nie. Ons noem iemand 'n eniggebore seun as hy geen ander broer het en as hy ook geen suster het nie, dan is hy 'n enigste kind.

### CHRISTUS IS OOK GOD – EEN WESE MET GOD DIE VADER EN DIE HEILIGE GEES

Uit voorgaande is dit duidelik dat as die Here Jesus die ewige en enige Seun van God is, Hy ook self God moet wees. Hy is een van wese met die God die Vader, en die Heilige Gees. In die goddelike wese is daar drie persone – God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Dit is vir ons duidelik gemaak in les 26. Hier hoef ons net twee tekste verder te noem, in Hebr. 1:3, word van Hom gesê: *Hy wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese* (God s'n). En in Joh. 10:30 sê Christus self: *Ek en die Vader is een*.

**VRAE**

1. Sê die tweede artikel van die Geloofsbelydenis op.
2. Noem 'n paar tekste op om te bewys dat Christus die Seun van God is.
3. Waar sê jy Christus het van alle ewigheid af bestaan?
4. Verklaar die uitdrukking: "U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer"
5. Wat word daardeur bedoel dat Christus die natuurlike Seun van God is?
6. Ons word ook kinders van God genoem – hoe verskil dit van die kindskap van Christus?

## GELOOFSLES 30: GOD DIE SEUN – SY GEBOORTE, SY MENSLIKE NATUUR

### KORT BEGRIP

VR. 25. *Glo jy nie dat Hy ook mens geword het nie?*

ANTW. *Ja, want Hy is ontvang van die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria.* Luk. 1:35. *Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.*

VR. 26 *Het sy Godheid dan in mensheid verander*?

ANTW. *Nee want die Godheid is onveranderlik*

VR. 27 *Hoe het Hy dan mens geword?*

ANTW.– *Deur aanneming van die mensheid in die eenheid van sy persoon*. Fil. 2:7. *Maar het Homself ontledig deur die gestalte van* 'n *dienskneg aan te neem.*

VR. 28 *Het Hy dan sy mensheid uit die hemel gebring?*

ANTW. *Nee maar Hy het dit aangeneem uit die maagd Maria deur werking van die Heilige Gees en het so aan ons sy broeders, in alles, behalwe die sonde, gelyk geword* (Hebr. 2:17, 4:15).

## HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 35 *Wat beteken die woorde: Wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria?*

ANTW. *Dat die ewige Seun van God, wat waaragtige en ewige God is en bly,* 'n *ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees, aangeneem het sodat Hy ook die ware nakomeling van Dawid sou wees, aan sy broeders in alle opsigte gelyk uitgesonderd die sonde.*

VR. 36 *Watter nut verkry jy deur die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?*

ANTW. *Dat Hy ons Middelaar is en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor die aangesig van God bedek.*

Vandag is ons besig met die derde artikel van die Geloofsbelydenis

*Wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria.*

Waar die doel van verlede week se les was om op die Goddelike natuur van Christus te wys, is die doel vandag om aan te toon dat Hy ook waaragtig mens was.

## DIE FEIT DAT HY MENS GEWORD HET

*Die Kort Begrip stel die vraag* (25): *Glo jy nie dat Hy ook mens geword het nie*? Daarop word geantwoord: *Ja, want Hy is ontvang van die Gees en gebore uit die maagd Maria*. Dat Hy mens geword het, is 'n historiese feit wat op die uitsprake en gesag van die Bybel rus. So lees ons in Lukas 1:35 dat die engel vir Maria gesê het: *Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.*

Die Apostel Paulus skryf aan die Galasiërs*: Toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet* (Gal. 4:4).

Dit is dus duidelik dat op ’n bepaalde dag in die geskiedenis die Seun van God mens geword het, in die gestalte van ’n klein kindjie, Sy intrede op aarde gedoen het, en ’n moeder na die vlees geken het, nl. Maria.

Maar ons moet nie hier op ’n dwaalspoor verval nie; daarom moet ons let op: Om mens te word, was vir Hom ’n groot vernedering; ja, dit was die eerste trap in die staat van vernedering van ons Here.

**DIE MANIER WAAROP HY MENS GEWORD HET.**

Dit het soos volg plaasgevind:

(a) SODAT SY GODHEID ONVERANDERLIK GEBLY HET. Op die vraag (26): *het Sy Godheid dan in die mensheid verander?,* antwoord die Kort Begrip: *Nee want die Godheid is onveranderlik.* Al het die Seun van God in die volheid van die tyd die gestalte van ’n mens aangeneem, tog bly Hy ook God in wie ons glo, Wie ons dien en aanbid. Dit is baie duidelik, want na Sy menswording behou Hy die onmededeelbare eienskappe van God:

Ewigheid, Joh. 1:1, 1 Joh. 1:1; Openb. 22:13
Alomteenwoordigheid, Joh. 3:13; Matt. 28:20; Efes. 1:23; 4:10
Onveranderlikheid, Hebr. 1:8; 2:12; 13:8
Alwetendheid, Joh. 2:24, 25; 21:17; Openb. 2:23
Almag, Matt. 28:18; 1 Kor. 15:27; Efes. 1:22; Openb. 1:8; 19:16.

Al gaan ’n prins van koninklike bloed onder barbare woon, nogtans bly hy ’n prins van koninklike bloed en afkoms. Niks kan dit verander nie.

(b) SODAT HY TWEE NATURE HET IN EEN PERSOON. Op die vraag (27): *Hoe het Hy dan mens geword?*, lui die antwoord: *Deur die aanneming van die mensheid, in die eenheid van Sy persoon*. Daar moet onderskei word tussen die uitdrukkinge persoon en menslike natuur. Ons praat van individue as persone, bv. daar is twaalf persone teenwoordig, en so praat ons ook van die persoonlikheid van iemand. As ons van ’n persoon of persoonlikheid praat, dan bedoel ons ’n bepaalde individu wat ons ken. Maar as ons praat van die menslike natuur, dan bedoel ons nie ’n bepaalde individu nie, maar die dinge of eienskappe, liggaamlik of geestelik, wat alle mense gemeenskaplik besit en wat die menslike natuur onderskei, bv. van die natuur van diere.

Let nou daarop: die Seun het nie ’n menslike persoon aangeneem nie. Hy het nie in een bepaalde individu ingegaan nie. Dit sou beteken dat Christus twee persone sou wees, nl. een wat God is en een wat mens. So is dit nie. Jesus is na

Sy menswording net een Persoon, maar in die een persoon is daar twee nature, ’n waaragtige Goddelike natuur en ’n waaragtige menslike natuur.

Die menslike natuur bestaan verder uit liggaam en siel, en om ware menslike natuur aan te neem, moes Hy beide liggaam en siel aanneem. Jesus het die twee dele gehad. Hy het nie net ’n liggaam sonder ’n gees aangeneem waarin die Goddelike Persoon die plek van die siel ingeneem het nie. Nee Hy het ’n waaragtige liggaam gehad met hoof, oë, bors, hande en ander ledemate, en ook ’n waaragtige siel waarin hy gely het wat Hy sterwende in die hande van sy Vader oorgegee het. In Sy liggaam het Hy dieselfde dele en in Sy siel dieselfde vermoëns as ons gehad. Hy is die goddelike “Ek”. In alle opsigte was Hy gelyk aan sy broeders, maar sonder sonde.

Die verhouding tussen die waaragtige menslike natuur en die waaragtige Goddelike natuur van Christus is so dat daar nie twee persone in Christus met mekaar verenig is nie, maar wel twee nature: ’n waaragtige menslike en ’n waaragtige goddelike natuur in een persoon.

(c) UIT DIE VLEES EN BLOED VAN DIE MAAGD MARIA. Dit is wat die antwoord op vraag 28 van die Kort Begrip o.a. vir ons sê (Vgl. die antwoord op vraag 35 van die Kategismus). Die menslike natuur van Christus het nie bestaan voordat dit uit Maria gebore is nie. Hy het nie Sy menslike liggaam uit die hemel saamgebring nie. Voor sy geboorte uit Maria het Hy geen menslike liggaam gehad nie maar Hy is uit die vlees en bloed van Maria gebore. Aangesien ’n kind dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword. Net soos enige kind wat gebore word uit die vlees en bloed van sy moeder is – vlees van haar vlees, bloed van haar bloed, been van haar been, so ook Christus.

Dat Christus uit ’n maagd gebore sou word, is reeds in die O.T. voorspel: *Kyk die maagd sal swanger word en ’n seun baar en hom Immanuel noem,* Jes. 7:14. Dat dit werklik gebeur het, is aan ons welbekend uit die Evangelies, bv. Luk. 1:26-28. Hierdeur het aan haar ’n besondere eer van God te beurt geval. Sy was bokant talle skepsels vereer om deur God uitgekies te word om die moeder van Jesus te wees. Sy het hom gebaar, met haar melk gevoed. Hy het haar moeder genoem. Sy het Hom uit die Skrifte onderwys. Maar dit regverdig nie die verafgoding van Maria, nog minder die toedigting aan haarself van ’n onbevlekte ontvangenis en haar vergoddeliking deur die Maria-aanbidding.

(d) DEUR DIE WERKING VAN DIE HEILIGE GEES. So verduidelik die Kort Begrip verder. In die huwelik waaruit kinders gebore word, is daar ’n vader en ’n moeder. Die Heilige Gees het in die ontvangenis van die kindjie Jesus, die plek van die Vader ingeneem soos die engel duidelik aan Maria gesê het. Op haar

vraag: Hoe kan dit wees, aangesien ek geen man het nie? (Luk. 1:34), het die engel geantwoord: *Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word*. (Luk. 1:35).

(e) AAN ONS, SY BROEDERS, IN ALLES GELYK GEWORD. Die menslike natuur wat Hy aangeneem het, was nie die menslike natuur soos die van Adam in die Paradys voor die sondeval in sy gawe, onverswakte toestand nie, maar die menslike natuur soos dit daarna geword het in Sy gebroke, verswakte toestand. Hy was in alle opsigte soos Sy broeders waaragtig mens. Dit was nie maar skyn nie.

Sy waaragtige mensheid word dikwels bestry. Dit het reeds in die Apostoliese tydperk geskied. Dit word dan bv. gesê dit was maar skyn of Hy uit Maria gebore is, in skyn het Hy gely, in skyn is Hy gekruisig en het Hy opgestaan en na die hemel gevaar. Alles was net 'n skynvertoning. Die Apostel Johannes het reeds teen hierdie dwaling gewaarsku: *Want baie verleiers,* het hy gesê *het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris* (2 Joh. vers 7). Op baie maniere is hierdie dwaling herhaal, verander en uitgebrei.

Die uitsprake van die Bybel staan lynreg teenoor hierdie dwaling. In die O.T. is reeds belowe dat Hy sou wees uit die saad van Abraham (Gen. 12:2, 3); uit die stam van Juda (Gen. 29: 35, 49:8-10); uit die huis van Dawid (PS. 89:19-38; Jes. 9:5,6; Jes. 23:5,6); en gebore uit 'n maagd (Jes. 7:14). In die N.T. lees ons dat Hy as 'n suigeling gebore is (Luk 2:16-20), dat Hy honger gehad het (Matt. 4:2), dors gehad het (Joh. 19:28), geween het (Joh. 11:35), bewoë en ontsteld was (Joh. 11:33), bedroef was (Mark. 14:34), gely het (Matt. 27:32-56), gesterf het (Matt. 27:50).

Hy was sonder twyfel waaragtig mens, aan Sy broeders in alle opsigte gelyk. Maar daar is tog 'n uitsondering.

(f) BEHALWE DIE SONDES. In alles is die menslike natuur van Christus soos die van ons, maar Hy het geen sonde nie. Hy is sonder erfskuld en erfsmet. Wel het Hy ook uit die geslag van Adam voortgekom, maar Sy ontvangenis uit die maagd Maria deur werking van die Heilige Gees was op heel besondere manier. Hy het geen erfsonde nie. Die engel Gabriël noem Hom dan ook 'n Heilige (Luk. 1:35)

Hy is sonder werklike sondes. Deur werklike sondes, word verstaan sondes wat nie oorgeërf is nie, maar wat elke mens bowendien nog doen. Sy ganse lewe deur, van begin tot einde toe, het Hy op volmaakte manier die heilige Wet van

God onderhou en alles gedoen wat na die welbehae van Sy Vader was, vgl. Hebr. 4;15.

**VRAE**

1. Hoe kan jy uit die O.T en N.T. bewys dat die Seun van God mens geword het?
2. Waarom sê jy sy godheid het onveranderlik in sy menswording gebly?
3. Wat is die onderskeid tussen twee persone en twee nature?
4. Wat verstaan jy deur: Christus het 'n waaragtige menslike en Waaragtige goddelike natuur in een persoon gehad?
5. In watter opsig was Hy soos enige ander mens? Waarin het Hy verskil?

## GELOOFSLES 31: GOD DIE SEUN EN SY NAME JESUS EN CHRISTUS

**KORT BEGRIP.**

VR. 29 *Waarom word Hy Jesus, dit is Saligmaker, genoem*?

ANTW: *Hy sy volk salig maak van hul sondes.* Matt. 1:21. En jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat Sy volk van hulle sondes sal verlos. 1 Tim. 1:15. Dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars red.

VR. 30 *Is daar anders geen Saligmaker nie*?

ANTW. *Nee, want daar is geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is waardeur ons gered moet word nie, as die naam Jesus (Hand. 4:12).*

VR. 31 *Waarom word Hy Christus, dit is Gesalfde, genoem*?

ANTW. *Omdat Hy (a) met die Heilige Gees gesalf en (b) van God die Vader verorden is tot (c) tot ons groot Profeet, (d) tot ons enige Hoëpriester en (e) tot ons ewige Koning.*

(a) Hand. 10:38. *Met betrekking tot Jesus van Nasaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag.*
(b) *1 Petr. 1:20. Wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld.*
(c) *Deut. 18:15. 'n Profeet onder jou uit, uit jou broers, soos ek is, sal die Here jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister,*
(d) *Ps. 110:4. U is Priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek.*

(e) *Jer. 23:5. Dat Ek vir Dawid 'n regverdige spruit sal verwek, en as koning sal Hy regeer.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**

VR. 29. *Waarom word die Seun van God Jesus, die Saligmaker, genoem*?

ANTW. *Omdat Hy ons salig maak en van al ons sondes verlos; en verder dat by niemand anders enige saligheid te soek of te vinde is nie*

VR. 30. *Glo hulle dan ook in die enigste Saligmaker, Jesus, wat hulle saligheid en welsyn by die heiliges, by hulleself of êrens anders soek?*

ANTW. *Nee; maar hulle verloën met die daad die enigste Here Jesus ofskoon hulle met die mond in Hom roem*, want één van twee*:* òf *Jesus is geen volkome Saligmaker nie, òf die wat hierdie Saligmaker met 'n ware geloof aanneem, moet alles in Hom hê wat vir hulle saligheid nodig is.*

VR. 31 *Waarom word Hy Christus, dit is Gesalfde genoem*?

ANTW. *Omdat Hy deur God die Vader verordineer en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar wat ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle geopenbaar het; en tot ons enigste Hoëpriester wat ons met die enige offerande van sy liggaam verlos het, en vir ons met sy voorbidding gedurigdeur intree by die Vader; tot ons ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verworwe verlossing beskut en bewaar.*

Baie van ons name is nie sonder betekenis nie. Anna bv. beteken genade; Antonie, prysenswaardig, en die betekenis van Benjamin is seun van my regterhand. In die ou tyd het die name wat aan kinders gegee was, byna elkeen 'n betekenis gehad. So beteken Bernard braaf soos 'n beer; Berta, lewendig; Karel, sterk; Christiaan of Christina, hy of sy wat aan Christus behoort; Koenraad, vasberade; Daniel, God is regter; David, geliefde; Debora, 'n by, en Johannes, genadige gawe van God. Daar is baie name en daar is mooi en groot name, maar die mooiste en grootste naam is sekerlik Jesus Christus en vandag sal ons besig wees om uit te vind wat die betekenis van die name Jesus en Christus is. En tegelykertyd is dit goed om daarop te let dat ons nog met die tweede artikel van die twaalf besig is, wat handel oor God die Seun. Vandag bespreek ons net die eerste deeltjie van die tweede artikel: En (ek glo) in Jesus Christus. Ons sal dus besig wees met twee van die name van God die Seun, nl. Jesus en Christus en hoor wat die Bybel en die leer van ons kerk daarvan sê.

## JESUS - ONS SALIGMAKER

(a) DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD JESUS. Vraag 29 sê dat die naam Jesus *Saligmaker* beteken. Iets meer hieroor. Die naam Jesus is afkomstig uit die Hebreeuse taal. Die grondwoord waarvan dit afgelei is, beteken *bevry, verlos, red*. Die naam Jesus kan dus in ons taal ook vertaal word met die woorde Bevryder, Verlosser, Redder. Maar Ursinus en Olevianus wat die Kategismus opgestel het, het meer gelet op die geestelike, gelukkige toestand wat die Bevryder, Verlosser en Redder in die mens teweeggebring het en Jesus met die mooi woord *Saligmaker* vertaal, wat beteken iemand wat volkome gelukkig maak. Die naam Jesus of Saligmaker is dus 'n betekenisvolle naam, ja, in daardie naam is die hele leer van die Evangelie soos in een lieflike skitterende diamant saamgepers.

(b) DIE NAAMGEWER. Wie het aan God die Seun die naam van Jesus gegee? Dit is deur God die Vader self gedoen. Hy het dit aan Maria en Josef beveel. Dit was nie aan hulself oorgelaat hoe hulle Hom sou noem nie. Lees Matt. 1:21. Hier sien ons dat God Josef beveel het om Hom Jesus te noem. Dieselfde bevel aan Maria staan in Luk. 1:31. Die feit dat God self die naam van sy Seun gegee het, bewys dat Hy werklik is wat sy naam voorgee. God gee nie name wat blote klanke is nie maar wat ooreenstem met die wese van die persoon wat die naam moet dra. Dit is ook nie met God soos met 'n ouer wat nie weet wat sy kind sal word nie en dikwels 'n naam gee wat uiteindelik net die teenoorgestelde is van wat die kind opgroei om te wees. Dit was die geval met die ouers van Absalom, wat Vader van vrede beteken, en van Judas, wat die betekenis het van een wat God loof.

(c) ANDER PERSONE WAT OOK DIE NAAM VAN JESUS GEDRA HET. Die naam van Josua, die seun van Nun, is bv. dieselfde as Jesus. In Hand. 7:43 en Hebr. 4:8 word dit letterlik in die Grieks *Jesus* gespel; maar die naam is nie deur God self gegee nie en stem in baie opsigte nie ooreen met die lewe van die persoon wat dit gedra het nie. Josua was in sy dag hoogstens maar 'n tipe of voorbeeld wat na Jesus heengewys het.

(d) DIE REDES WAAROM HY JESUS GENOEM WORD. Die redes waarom die Seun van God, Jesus, dit is Saligmaker, genoem word, (Vraag 29), is dus nou voor die hand liggend. Die antwoord op Vraag 29 noem die volgende rede: *Omdat Hy sy volk salig maak van hul sondes*. Sy naam dui sy werk aan. Die naam is Hom deur God self gegee en die betekenis daarvan stem volkome ooreen met sy lewe en werk. Hy dra die naam omdat dit 'n aanduiding is van sy lewe en werk.

Nog 'n rede vir die naam *Saligmaker* word deur die Kort Begrip genoem in antwoord op Vraag 30.

## JESUS ONS ENIGSTE SALIGMAKER.

Volgens die antwoord word die seun van God Jesus, dit is Saligmaker genoem want *daar is geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.* Hier word duidelik geleer dat Jesus die enigste Saligmaker is. Daar is geen saligheid by die engele te verkry nie, al word hulle Gabriël, Migael of aartsengele genoem. Daar is geen saligheid by die mense, al word hulle Moses, Elia Dawid, Jesaja of heiliges genoem. Daar is geen saligheid by enige ander skepsel, ook nie in die bloed van diere nie. Nee niemand is daar wat 'n mens salig kan maak buiten Jesus nie.

Hoe vreemd dit ook al vir ons lyk is daar tog mense en nogal diegene wat hulself Christene noem, wat nie glo dat Jesus die enigste Saligmaker is nie. Al doen hulle dit nie deur woorde nie, doen hulle dit deur hul dade. Van hulle word gepraat in Vraag 30 van *die Heidelbergse Kategismus,* en die antwoord.

(a) *KERKE MET 'n AFWYKENDE LEER VERLOËN MET DIE DAAD* DIE WAARHEID DAT HY DIE ENIGSTE VERLOSSER IS DEUR HUL SALIGHEID BY DIE HEILIGES TE SOEK. Met die mond sal hulle dit heftig ontken. Maar hulle roep die sogenaamde heiliges in hul gebede aan en vra hulle om hul voorbidding; dit geskied veral met Maria die moeder van Jesus.

(b) HULLE SOEK HULLE SALIGHEID BY HULSELF DEURDAT HULLE MEEN DAT HUL GOEIE WERKE HULLE DIE HEMEL EN DIE SALIGHEID KAN VERDIEN. Daarom bieg hulle, gee geld om vir hul sondes te betaal, gaan op bedevaarte, vas hulle, en lewe in afsondering in kloosters.

(c) HULLE SOEK HULLE SALIGHEID ÊRENS ANDERS, deur o.a. geloof te heg aan die maak van die teken van die kruis as hulle 'n kerk ingaan of by 'n beeld van Maria of Jesus verbygaan, deur die relikwieë, of sogenaamde oorblyfsels van dinge uit die ou tyd, wat aan Jesus, die Apostels of aan die martelare behoort het, te vereer en wondermag aan toe te skryf.

Die antwoord op vraag 30 sê dat diegene wat hul saligheid deels in heiliges, deels in hulself of êrens soek, nie in Jesus glo as die enigste Saligmaker nie hoe geesdriftig hulle dit ook al met die mond bely, want hul dade loënstraf hul woord.

Ons moet nou nog uitvind wat die betekenis is van die Naam Christus.

## DIE AMPSNAAM CHRISTUS.

Jesus was sy eienaam. Hy het eintlik net die een naam gehad. As Hy dan ook Christus genoem word, dan word daar nie 'n tweede eienaam aan Hom gegee nie, maar 'n ampsnaam wat sy amp of werk aandui. In dieselfde sin word Hy ook

geken deur ander benamings soos die Tweede Adam, Immanuel, Goeie Herder, Alfa en Omega, die Lam van God, die Leeu uit die stam van Juda.

Ons praat van 'n ouderlings- of diaken-amp. As ons nou sê: *Jan die diaken of Andries die ouderling, dan gee ons nie aan die persone Jan en Andries nog 'n eienaam nie; maar beskryf ons hul amp of werk deur die woorde diaken en ouderling*. In dieselfde sin sê ons Jesus die Christus of korter Jesus Christus.

(a) DIE OORSPRONG VAN DIE NAAM: Die ampsnaam *Christus* is nie soos die naam Jesus van Hebreeuse oorsprong nie, maar kom van 'n Griekse woord, wat beteken Gesalfde. Die Hebreeuse Woord vir hierdie naam is Messias. Deur die naam Jesus is Hy dus aan die Jode verbind en deur die naam Christus aan die heidene. Dit is tekenend, want Hy is nie net vir die Jode, vir een nasie nie, maar ook vir die heidene en vir die hele wêreld.

(b) IS JESUS DIE BELOOFDE MESSIAS? In die O.T. was die koms van die Verlosser belowe onder die naam Messias, wat vertaal word met die Griekse woord wat beteken Christus. By sy geboorte het Hy egter die naam Jesus op bevel van God gekry. Die eerste maal dat Hy Christus na sy geboorte genoem word, is in die boodskap van die engele aan die herders. Luk. 2:8-20. Daarna word Hy herhaalde male in die Evangelies Messias of Christus die Seun van die lewende God genoem. Petrus lê bv. die getuienis af en sê: *U is die Christus, die Seun van die lewende God.* (Matt. 16:16). Hy self bely voor die Sanhedrin dat Hy die Christus is. Op 'n vraag van die hoëpriester: *Ek besweer u by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God is?,* antwoord die Here: *U het dit gesê wat beteken: Ja, Ek is die Christus, die Seun van God.* En let daarop, Hy doen dit hier onder eed en onder die besef dat Sy lewe daarmee gemoeid is.

Hy word ook in die N.T. soms Messias genoem, bv. deur Andreas in Joh. 1:42: *Ons het die Messias gevind, dit is as dit vertaal word, die Christus.* Uit alles is dit duidelik dat die Christus van die Nuwe Testament die beloofde Messias van die Ou Testament is. In die volgende les sal die ampte van Profeet, Priester en Koning, wat met betrekking tot die ampsnaam Christus staan, behandel word.

**VRAE**

1. Sê die tweede artikel op.
2. Oor watter gedeelte van die artikel handel vandag se les?
3. Wat beteken die woord Saligmaker?
4. Wie het die naam aan ons Here gegee?
5. Wat kan jy sê van ander persone wat ook Jesus genoem is?
6. Noem die twee redes op waarom Hy Jesus genoem word.

7. By wie soek sommige kerke ook hul saligheid?
8. Is die naam Christus 'n eie- of 'n ampsnaam?
9. Wie het Hom die eerste Christus genoem?
10. Waarom sê jy dat die Messias van die O.T. die Christus van die N.T. is?

## GELOOFSLES 32: GOD DIE SEUN – SY AMPTE: PROFEET, PRIESTER EN KONING.

**KORT BEGRIP.**

VR. 31 *Waarom word Hy Christus, dit is Gesalfde, genoem?*

ANTW. *Omdat Hy (a) met die Heilige Gees gesalf en (b) van God die Vader verorden is (c) tot ons groot Profeet, (d) tot ons enige Hoëpriester en (e) tot ons ewige Koning.*

Hand. 10:38. *Met betrekking tot Jesus van Nasaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag.*

(b) 1 Petr. 1:20. *Wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld.*

(c) Deut. 18:5. *'n Profeet onder jou uit, uit jou broers, soos ek is, sal die Here jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister.*

(d) Ps. 110:4. *U is Priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek*. (e) Jer. 23:5. *Dat Ek vir Dawid 'n regverdige spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 31 *Waarom word Hy Christus, dit is gesalfde genoem?*

ANTW.-- *Omdat Hy deur God die Vader verordineer en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar wat ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle geopenbaar het; en tot ons enigste Hoëpriester wat ons met die enige offerande van sy liggaam verlos het en vir ons met sy voorbidding gedurigdeur intree by die Vader; en tot ons ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verworwe verlossing beskut en bewaar.*

VR. 32 *Maar waarom word jy 'n Christen genoem*?

ANTW. *Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel het aan sy salwing, sodat ek Sy Naam kan bely, myself as lewende dankoffer aan Hom kan toewy, met 'n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel kan stry om hierna in ewigheid saam met Hom oor alle skepsele te regeer.*

Doel van hierdie Les is om die betekenis van die ampsnaam van Christus met betrekking tot die ampte, Profeet, Priester en Koning, duidelik te maak, asook van die daaruit afgeleide naam Christen.

Hierdie les bied wonderlike geleentheid vir elkeen om die persoonlike vraag te stel: Is ek die naam *Christen* werd? Die groot gedagte in hierdie les is: die ampte PROFEET, PRIESTER en KONING en die naam CHRISTEN.

In die vorige les het ons besluit dat die naam *Christus* nie 'n eienaam is nie, maar 'n ampsnaam. Ook het ons gesien waarvandaan die naam kom en hoe Jesus dit gekry het en dat dit *Gesalfde* beteken.

(a) SALWING IN DIE O.T. In die O.T. was daar dikwels gebruik gemaak van die heilige salfolie. Dit was 'n welriekende olie, gemaak van mirre kaneel, kalmoes ens., wat in die tabernakel of tempel in 'n horing bewaar is. Niemand mag dit nagemaak het nie. Met hierdie salfolie is sowel lewenslose as lewendige dinge gesalf. Op bevel van die Heer moes bv. die ark van die verbond, die tafel van die toonbrode, die kandelaar met sy gereedskap ens. gesalf word, vgl. Exod. 31:11, 40: 9-11. So moes *Äron en sy seuns* ook gesalf word, vgl. Ex. 29:7, 40: 12-15. Wat mense aangaan was diegene gesalf, wat bestem was tot die profete-amp, bv. *Elisa,* tot die priester-amp, bv. soos *Äron en sy seuns*, en tot die koningsamp, bv. *Saul, Dawid* ens.

(b) WAT WAS DIE BETEKENIS VAN DIE SALWING? Daar was groot betekenis geheg aan die daad van salwing. Die betekenis was veral 'n tweeledige. Vereers dat God diegene wat gesalf is, tot hul ampte verordineer en gekies het en tweedens dat God hulle bekwaam sou maak tot die amp waartoe hulle gekies is deur die nodige gawes aan hulle te skenk. Die bekwaammaking het geskied deurdat die Heilige Gees oor die gesalfde vaardig geword het, vgl. 1 Sam. 10:1, 6, 9. Die salfolie was dan ook altyd beskou as 'n beeld van die Heilige Gees. So word daar ook gepraat dat iemand met die Heilige Gees gesalf is.

(c) DIE SALWING VAN JESUS. Die Kort Begrip sê dan ook duidelik dat ons Jesus ook Christus noem omdat Hy met die Heilige Gees gesalf en van God, die Vader, verorden is. Die salwing van Jesus met die Heilige Gees het reeds van Sy geboorte af geskied. Aan Maria word gesê: "*Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu*" (Luk. 1:35). Dit het by die doop

van Johannes plaasgevind (Matt. 3:13-17). Ons moet egter nie verstaan nie dat die Here Jesus na Sy goddelike natuur gesalf en bekwaam is om die werk as Middelaar te volbring na sy menslike natuur nie. Dat Hy van God verorden, aangestel, uitgekies is, lees ons bv. in Hebr. 3:2; 5:5, 1 Petr. 1:20; Spr. 8:23. Maar Hy is uitgekies of aangewys en bekwaam gemaak na Sy menslike natuur om bepaalde ampswerk te verrig. Hy is gesalf om die Werk van *Profeet, Priester en Koning* te doen.

## DIE AMPTE WAT DIT INSLUIT

Die antwoord op vraag 31 van die Kort Begrip, nl.: *Waarom word Hy Christus dit is Gesalfde genoem?,* lui soos volg: Omdat Hy met die Heilige Gees gesalf en van God die Vader verorden is tot ons *groot Profeet*, tot ons enigste *Hoëpriester en tot ons ewige Koning*. Ja, Hy is gesalf om drie ampte te beklee en die eerste wat genoem word, is dié van Profeet.

## PROFETE

(a) *'n Profeet* is iemand wat die raad of planne van God aan ander mense bekend maak. Die Bybel is baie duidelik daaroor dat Hy 'n profeet is. In Luk. 4:17-31 pas hy die voorspelling van Jesaja oor die koms van 'n groot Profeet wat gesalf is om aan die armes die Evangelie te verkondig' op Homself toe. In Luk. 7:16 roep die skare uit: *'n Groot profeet het onder ons opgestaan*, vgl. ook Luk. 9:19; Joh. 4:19; 6:14. Nie net alleen Sy eie prediking en getuienis of die getuienis van ander het Hom aan ons as Profeet verklaar nie, maar al Sy dade was 'n gedurige prediking (Joh. 2:11; 3:2). Alles aan sy persoon, alles wat Hy gedoen het en wat met Hom gebeur het, was 'n openbaring Van die Raad van God. Die kort begrip noem hom ook ons groot profeet en die *Kategismus* noem Hom ons *hoogste* Profeet, d.w.s. Hy is nie maar 'n Profeet langs ander nie, soos Elia en Jesaja of Jeremia of Jona nie. Hy is oneindig bokant alle ander profete verhewe. Daar is geen profeet wat in hoogskatting naby Hom kom nie. Hy is meer as Jona, (Matt. 12:41, 42). Hy is kragtig in woorde en in werke voor God en heel die volk (Luk. 24:19). Nooit het 'n mens soos Hy gespreek nie (Joh. 7:46). Hy het geleer soos een wat mag het en nie soos die skrifgeleerdes nie (Matt. 7:28, 29). Hy is die enige ware Leermeester (Matt. 23:10).

Die kategismus noem verder die spesiale boodskap of deel van die raad van god wat hy aan ons bekend gemaak het, nl. aangaande ons verlossing. Die ander profete het ook soms van verlossing of van 'n verlosser gepraat maar nooit so duidelik as wat Hy dit deur woord en daad aan ons ten volle geopenbaar het nie. Hy het nie alleen deur Sy woorde tot verlossing geroep nie, maar was in daad self die Verlosser.

**HOËPRIESTER.**

(b) Die tweede amp wat genoem word, is dié van *Hoëpriester*. Hy is gesalf tot ons enigste Hoëpriester wat ons met die enige offerande van Sy liggaam verlos het en vir ons met Sy voorbidding gedurigdeur intree by die Vader. Andermaal word Jesus deur die Kort Begrip beskryf as ons enige Hoëpriester. Dit is geheel en al in ooreenstemming met Die Bybel se uitsprake.

Sy priesterskap was nie dié van Aäron wat van die een of die ander oorgegaan het nie, maar Hy was Hoëpriester na die ordening van Melgisedek (Gen. 14:18-20), wat sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde was (Hebr. 6:20, vgl. Hebr. 7:17,21,24). Hoe die persoon en werk van Melgisedek ook al in die duister gehul is, deur Jesus ’n priester te verklaar *na die ordening van Melgisedek*, beteken om Hom ’n priester te verklaar wat apart en bokant die priesterskap van Aäron staan. Die Kategismus verklaar verder in antwoord op vraag 31, dat Jesus as priester sekere werk verrig.

TWEE DINGE WORD GENOEM:

(1) WAT ONS MET DIE ENIGE OFFERANDE VAN SY LIGGAAM VERLOS HET. Die Priester en die offerande was in die ou tyd twee aparte dinge. Die priester het skape, duiwe, ramme, osse, lammers op die altaar geoffer. Nooit het hy homself geoffer nie. Maar Jesus Christus was offeraar en offerande terselfdertyd.

Sy liggaam was die offerande aan die kruis, vgl. Efes. 5:2; Hebr. 7:27; 10:10; 1 Pet. 2:24; Matt. 26:28, Joh. 1:29. Alle offerbloed wat in die tyd van die O.T. gestort is, was maar vingerwysings, voorafskaduwinge van die enige offerande van Sy liggaam wat sou kom. Die bloed van diere het nie verlos nie, net die offer van Sy liggaam kon dit doen.

(2) IN DIE TWEEDE PLEK VERRIG ONS HOËPRIESTER DIE WERK DAT HY VIR ONS MET SY VOORBIDDING GEDURIGDEUR INTREE BY DIE VADER.

Die Hoëpriester het in die ou tyd nie alleen geoffer nie, maar hy het ook vir die volk gebid en hulle geseën. Vgl. Num. 6:22-26. Lees ook Ps. 134 soos dit in die Afrikaanse Psalmboek berym is. Jesus het reeds vir ons gebid toe Hy op aarde was, vgl. Joh. 17. Maar veral doen Hy dit nou in die Hemel - Rom. 8:34.

**KONING.**

(c) Die derde amp waartoe Jesus gesalf is, is die van *Koning*. *En tot ons ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verworwe verlossing beskut en bewaar, sê die Kategismus.* Hy is ons *ewige Koning*, sê die *Kort Begrip*.

*My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie* (Joh. 18 36, 37*) daar sal ook geen einde aan wees nie* (Luk. 1: 2, 33). As Koning verlos Hy die wat die Vader Hom gegee het, want hulle is slawe van Satan, hul eie luste en hul sonde. Hy verbreek hul bande en maak hulle vry. Nadat Hy hulle vrygemaak het, regeer Hy oor hulle met Sy Woord en Gees, volgens die Kategismus.

In sy Woord maak Hy hulle bekend met alles wat Hom welbehaaglik is, tot sy eer en tot hul saligheid strek. Deur Sy Gees bewerk Hy hul harte, verlig hul verstand en buig hul wil om in Sy weë te wandel. As Koning beskut en bewaar Hy hulle teen hul vyande. Hy bewaar hulle teen alle geweld. Die Poorte van die hel sal sy gemeente nie oor weldig nie. Hy ondersteun en ondersteun hulle in gevare, verlos hulle uit benoudhede, laat hulle in die stryd eindelik oorwin en maak hulle deelgenote van

**DIE NAAM CHRISTEN**.

Die verlostes in Christus Jesus geniet die besondere eer om Christene genoem te word. Die dissipels is vir die eerste maal in Antiochië Christene genoem. Die naam Christen kom drie maal in die N.T. voor. Lees Hand. 11:26 en 1 Petr. 4:16.

In die begin is die naam deur vyande as ’n spotnaam gebruik, maar hierdie naam van smaad het geword ’n naam van eer. Lees ook Hand. 26:28 en 1 Petr. 4:16. Dit was nie tydens die lewe van Jesus dat sy volgelinge Christene genoem is nie, maar 44 of 45 jaar na sy geboorte. Vroeër is die gelowiges, heiliges, broeders, dissipels of dissipels van die Here genoem. Maar toe het hulle onder bestuur van God die naam Christene gekry. Dit het nie te Jerusalem gebeur nie, maar te Antiochië. Jerusalem het hom die onderskeiding onwaardig gemaak. Dit was tydens die arbeid van Paulus en Barnabas dat dit in Antiochië gebeur het. In hierdie naam sien ons ook die leiding en bestuur van die Heilige Gees. Die verlostes sou nie Israeliete, Jode, Romeine of Grieke genoem word nie, maar uit watter nasie ook al sou hulle geken word as Christene, wat beteken medegesalfdes. Sy volgelinge sou na sy ampsnaam genoem word. Hierdie benaming strek hulle tot groot eer en wys op hul dure roeping en verpligting.

Die verantwoordelikheid wat dit insluit. Wat beteken dit om Christen genoem te word?

(a) Dat ek deur die geloof ’n *lid van Christus* is, antwoord die Kategismus (Vr. 32). Hier word verwys na 1 Kor. 12:12. Christus is die Hoof, die verlostes sy lede. Lees 1 Kor. 12:12-31.

(b) Dat ek deel het aan sy salwing. Net soos die salf-olie oor die hoof en liggaam van die persoon wat gesalf word vloei, vgl. Ps. 133 so daal ook die salf-olie van die Heilige Gees waarmee ons Hoof, die Jesus Christus, gesalf is, op mistieke manier neer op sy lede, sy volgelinge. Op hierdie manier word die gelowiges

ook toegerus om as profete, priesters en konings tot roem van die drieënige God werksaam te wees.

(c) Dat ek as medegesalfde ook werksaam sal wees as profeet, priester en koning.

1. As profeet moet ek gedurig sy Naam bely: in die privaat en in die openbaar sonder skaamte en met offervaardigheid; nie net alleen met die mond nie, maar met 'n godsalige lewe; deur my belydenis en met my wandel; onder vriende en onder vyande. Ek moet selfs gewillig wees om my getuienis met martelaarsbloed te verseël as dit nodig is.

2. As priester moet ek myself as 'n lewende dankoffer aan Hom toewy. My offerandes sal dan bestaan in 'n gebroke hart, 'n verslae gees, gebede, danksegginge, vrywillige gawes, 'n offervaardige lewe, ja in liggaam en siel. As priester sal ek dus offer, maar ook voorbidding doen vir kerk en maatskappy, land en volk, leraars en gemeente, bloedverwante en vriende ens.

3. As Koning, vgl. 1 Petr. 2:; Openb. 1: 6, 5:10; moet ek teen sonde en die duiwel stry en na oorwinning, in sy Naam, in ewigheid met Hom regeer. Met geestelike wapens sal ek die stryd stry (Efes. 6:10-18).

Is ek die naam werd? Beantwoord hierdie vraag in biddende ootmoed.

**VRAE**

1. Waarvan was die salf-olie in die O.T. die sinnebeeld?
2. Wanneer is onse Here Jesus gesalf?
3. Waarmee is Hy gesalf?
4. Vir watter amp is hy gesalf?
5. Wat is sy werk as Profeet?
6. Waarom word Hy ons groot of hoogste Profeet genoem?
7. Watter werk verrig die Here Jesus as ons Hoëpriester?
8. Waarom word Hy genoem enige Hoëpriester?
9. Waarom word Hy genoem ewige Koning?
10. Wat is sy werk as ons ewige Koning?
11. Hoe het die naam Christen ontstaan?
12. Wat beteken die naam?
13. Wat beteken dit vir my om Christen genoem te word?
14. Wat is my werk as medegesalfde?

## GELOOFSLES 33: GOD DIE SEUN – SY VERSOENINGSWERK (1).

**KORT BEGRIP.**
VR. 32. *Wat het Jesus Christus dan gedoen om ons salig te maak?*

ANTW. *Hy het (a) vir ons gely, (b) is gekruisig, gestorwe en (c) begrawe en het neergedaal na die hel; dit is, Hy het die helse pyne gely en het sodoende vir sy Vader gehoorsaam geword, (d) sodat Hy ons van die tydelike en die ewige strawwe van die sonde kon verlos.*

(a) 1 Petr. 3:18. *Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely*.

(b) Joh. 19:30. *En Hy het sy hoof gebuig en die gees oorgegee aan God.*

(c) Fil. 2:8. *En in gedaante gevind van 'n mens het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja die dood van die kruis.*

(d) Efes. 1:7. *In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**
VR. 37. Wat verstaan jy onder die woordjie: *gely*?

ANTW. *Dat Hy aan liggaam en siel die ganse tyd van sy lewe op die aarde, maar veral aan die end van sy lewe, die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra het, sodat Hy met sy lyde as met die enigste soenoffer ons liggaam en ons siel van die ewige verdoemenis kon verlos, en vir ons die genade van God, geregtigheid en die ewige lewe kon verwerf.*

Vandag is ons besig met die 4de artikel van die geloofsbelydenis: *Wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is, en neergedaal het na die hel toe*. Maar ons sal net die eerste drie woorde, nl. *Wat gely het*, in hierdie en die volgende dag se les behandel. Die res sal bespreek word in lesse 35 en 36.

Ons praat vandag egter ook nie oor die onderwerp *onder* wie Hy gely het of *oor* alles wat Hy gely het en *hoe* Hy gely het nie, maar hoofsaaklik net oor die doel waarom Hy gely het, nl. om ons met God te versoen. Die groot gedagte vandag is dus VERSOENING.

Die Kort Begrip vra: *Wat het Jesus Christus dan gedoen om ons salig te maak*? D.w.s. gelukkig te maak? Nou is dit so dat die mens diep ongelukkig is omdat

hy ongehoorsaam was en hom van God vervreem het; daarom word gevra, wat het Christus gedoen om die vervreemding tussen hom en God weg te neem? Die antwoord is dat Hy gely het, ens.; en daardeur 'n Versoening tussen God en mens bewerkstellig het.

## WAT IS DIE BETEKENIS VAN VERSOENING?

Wat beteken dit? As twee mense in kwaaivriendskap, in vyandskap teenoor mekaar lewe, dan kan daar geen end aan hierdie treurige lewe kom voordat hulle nie met mekaar versoen raak nie. Hulle moet gebring word, die oorsake van hul vyandskap bespreek, regmaak wat verkeerd is, en as hulle daarna vrede maak, mekaar die hand gee, dan is hulle versoen.

So staan dit tussen God en mens. Deur sy sonde en ongehoorsaamheid is die mens vervreemd van God, vyandiggesind teen God. Daar is 'n kloof van verwydering tussen God en mens. Die mens het diep geval en is in 'n ongelukkige toestand. Hoe sal daar toenadering kom? Hoe sal daar versoening kom?

Toenadering, versoening, kan alleen kom as daar 'n Versoener of Bemiddelaar is wat die vermoë het om die twee partye bymekaar te bring, reg te maak wat verkeerd is, en sodoende vrede te bewerk. So 'n Middelaar tussen God en die mens is onse Here Jesus Christus.

## WAT WOU HY VERSOEN?

Hy wou God en mens versoen. Ja, maar daar het baie tussen die twee partye gebeur en dit was die mens se skuld. Hy was ongehoorsaam, het die proefgebod in die Paradys oortree, in sonde verval, God verwerp en met sy nageslag so verdorwe geraak dat hy van nature geneig is om God en sy naaste te haat, waardeur hy niks anders verdien nie as die tydelike en ewige verwerping en straf van God. Deur hierdie daad het hy die toorn van God teen die sonde op hom gelaai. Die Here Jesus moes nou hierdie toorn van God dra en wegneem om versoening te bewerk, volgens die antwoord op vraag 37 van die Kategismus.

Die toorn van God is nie 'n heftige gemoedsaandoening gemeng met allerlei sondige motiewe en verwensinge soos by die mens nie. Dit is ook geen menslike boosaardigheid nie. Dit is 'n heilige toorn. Dit beteken die heilige afkeer van God van die sonde. Die toorn van God is, om dit so uit te druk, sy reaksie teenoor alle sonde.

Die toorn is vreeslik en verskriklik. Lees vir ons Ps. 90:11. *Wie ken die sterkte van u toorn en u grimmigheid*? Ja, wie ken dit? Die vromes is daar bang voor en bid: *O Here, straf my nie in u toorn nie en kasty my nie in u grimmigheid nie*. Ps. 6:2.

Die ganse lyding van Jesus word onder die "toorn van God" saamgevat. Ons Middelaar het van baie kante gely, van die kant van die duiwel, mense, sy vyande, selfs sy vriende, van hooggeplaaste persone, ampsdraers; maar al daardie lyding is, van die kant van God gesien, instrumente van sy toorn. Al die persone was maar werktuie in die hand van God. Onregstreeks het Jesus deur hulle die toorn van God gedra. Hy het natuurlik ook regstreeks van die kant van God die toorn gedra, bv. in Getsemane en aan die kruis waar Hy uitgeroep het: *My God, my God, waarom het U my verlaat?*

## WAS DIT DAN NODIG?

Is God dan nie 'n God van liefde nie en kan hy nie maar die sonde van die mens oor die hoof sien nie? Lees Exod. 23:7. Daar sien ons dat God die sonde nie oorsien nie. Hy sê: *Ek sal die skuldige nie regverdig verklaar nie*. Lees ook Ex. 34:6, 7; Eseg. 18:4 en Matt. 5:26 - *Die siel wat sondig, die moet sterwe, en voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie.*

Daar moet voldoening wees anders kan daar geen ontkoming of herstelling wees nie. Die mens moes die eis van gehoorsaamheid volbring en daarby sou hy lewe; of hy kon die ongehoorsaamheid kies, maar daarby sou hy sterwe. Terwyl hy die ongehoorsaamheid gekies het, moet hy nou die straf waarmee God dit bedreig het, in al sy grootheid dra; God eis betaling ten volle. Dikwels word die drogredenasie gehoor dat die liefde van God te groot is dat Hy die sondaar sou straf. Hy sal maar uiteindelik die sonde deur die vingers sien, want wat word dan anders van die liefde, genade en ontferming van God? Almal word op hierdie redenasie dan ook salig.

Dit is wonderlik dat die ongeloof dikwels so besorgd oor die eer van God kan wees as dit in sy kraam pas. Hierdie mense het geen besef van die heiligheid en geregtigheid van God nie. Hulle besef nie dat sy troon omring is van engele en aartsengele wat gedurig uitroep: Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare. Omdat hulle nie die heiligheid van God begryp nie, daarom dat hulle ook geen besef van die aakligheid en die verskriklikheid van die sonde het nie.

Hulle verstaan ook nie dat God regverdig is nie, dat sy geregtigheid eis dat die sonde gestraf sal word nie. Hy het met die straf gedreig en kan dit nie terugneem asof Hy dit nie bedoel het Met eerbied gesê God kan ook nie. Sy wil dat Hy die straf eis, is in sy natuur gegrond. Wat sou ons van 'n aardse regter dink as hy 'n skuldige somaar vryspreek? As die geregtigheid van God in die hemel sou wankel, wat sou daarvan word onder die mense? Die aarde sou onleefbaar word. Daarom moet daar aan die eis van die goddelike geregtigheid voldoen word. Die laaste sent moet betaal word.

Op ’n heel ander manier toon God sy genade en barmhartigheid in die dood van sy Seun, maar daaroor later.

## WATTER OFFER MOES HY BRING?

Om die versoening te bewerkstellig moes Hy ’n losprys, ’n rantsoen, ’n soenoffer bring en dit was sy lyding aan liggaam en siel gedurende sy hele lewe en sterwe op aarde. Dink aan sy liggaam. Eike deel moes ly. Op Sy hoof was ’n doringkroon; in sy hand ’n septer van bespotting; sy voete is deurboor; sy mond het die mengsel van gal geproe; sy oor het die beskuldiging: *Wees gegroet, Koning* gehoor; sy oog het die geveinsde buigings van Sy spotters gesien; Sy sy was deurboor met ’n spies. Dink aan sy siel, wat benoud was en bedroef tot die dood toe, want Hy het die toorn van God teen die sonde van die hele wêreld gedra. Ergste van alles, in die nare duisternis is Hy vir ’n tyd van sy Vader verlaat, en daardie Godverlatenheid was vir sy Siel die hel. Sodoende het Hy voor God ons Plaasvervanger of Plaasbekleder geword.

## VIR WIE IS HIERDIE OFFER GEBRING?

*Die Kategismus* (antw. op vraag 37) sê dat Christus die toorn van God gedra het teen die *sonde van die ganse menslike geslag*.

Het Christus dan vir almal gesterf? Hierdie woorde moet nie opgevat word, soos die Arminiane dit doen, asof Hy vir almal kop vir kop sou gely en gesterf het nie. Ursinus, een van die opstellers van die Kategismus, het self hierdie uitdrukking anders verklaar. Let daarop dat hier nie sprake is van die persone vir wie ons Middelaar gely het nie, maar van wat Hy gely het. As daar sprake is van die persone vir wie Hy gely het, dan kan op grond van die Bybel nie anders geantwoord word as dat Hy gely en gesterf het *net vir diegene wat aan Hom van ewigheid af deur die Vader gegee is.*

As dit sou wees dat Hy vir almal sonder onderskeid gesterf het, dan sou daar ook niemand verlore gegaan het nie, iets wat gedurig rondom ons, volgens die Woord, gebeur.

As Hy vir almal gesterf het en sommige van hulle tog nog kan verlore gaan, dan beteken dit dat die duiwels by magte is om die uitverkorenes uit die hand van Christus te ruk wat teen die uitspraak van die Bybel is: *En Ek gee hulle die ewige lewe en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie* (Joh. 10:28).

Nee, feit is almal vir wie Hy gesterwe het word ook salig en bly behoue tot in alle ewigheid. Die verwerwing van die saligheid en die toepassing daarvan strek hulle ewe vêr uit, hulle dek ewewydig mekaar. Wel is dit so dat die waarde van sy lyding so groot is dat dit genoegsaam is vir die ganse mensdom, maar die feit

bly dat slegs die salig word van wie dit die welbehae van die Vader is om aan die Seun te gee. (As jy meer wil weet oor hierdie leerstuk, lees dan hoofstuk 1 van die Dordtse Leerreëls.)

**VRAE**

1. Wat is die betekenis van die woord versoening?
2 Wat het dan tussen God en die mens gebeur dat daar 'n versoening moes kom?
3. Wat word verstaan deur die toorn van God teen die sonde?
4. Waarom kon God die sonde nie oor die hoof sien nie?
5. Wat was die offer tot versoening wat ons Middelaar gebring het?
6. Vir wie almal is hierdie offer gebring?

## GELOOFSLES 34: GOD DIE SEUN: SY VERSOENINGSWERK (2) – KRAG VAN SY BLOED.

**KORT BEGRIP.**

VR. 32 Wat het Jesus Christus dan gedoen om ons salig te maak?

ANTW. *Hy het (a) vir ons gely, (b) is gekruisig, gestorwe en (c) begrawe en het neergedaal na die hel; dit is, Hy het die helse pyne gely en het sodoende vir sy Vader gehoorsaam geword, (d) sodat Hy ons van die tydelike en ewige strawwe van die sonde kon verlos.*

(a) 1 Petr. 3:18. *Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely.*

*(b) Joh. 19:30. En Hy het sy hoof gebuig en die gees oorgegee aan God.*

*(c) Fil. 2:8. En in gedaante gevind van 'n mens het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ia die dood van die kruis.*

*(d)* Efes. 1:7. *In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 37 *Wat verstaan jy onder die woord: gely?*

ANTW. *Dat Hy aan liggaam en Siel die ganse tyd van sy lewe op aarde, maar veral aan die end van sy lewe, die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra het, sodat Hy met sy lyde as met die enigste soenoffer ons liggaam en ons siel van die ewige verdoemenis kon verlos, en vir ons die genade van God, geregtigheid en die ewige lewe kon verwerf.*

Ons is nog besig met die versoeningswerk van Christus. Vandag sal ons let daarop dat sy bloed die enigste soenoffer is wat gebring kon word en op die weldade wat Hy vir ons verwerf het deur die krag van sy bloed.

## SY BLOED – IS DAAR DAN NIE ’N ANDER OFFER NIE?

Let daarop dat die *Kategismus* sê die enigste soenoffer. In die soenoffer van Christus vind al die offerandes van die O.T. hul vervulling. Sy bloed wat Hy vir ons in sy lyding gestort het, is die enigste soenoffer. Niks anders is daar, nie die bloed van diere, nie die sogenaamde oortollige goeie werke van heiliges, nie ’n daad van ’n engel of enig ander skepsel wat kan dien as soenoffer vir ons verlossing nie. Hy is die soenoffer vir ons sondes - ons Paaslam.

Hy het ons nie met goud of silwer nie, maar met sy dierbare bloed gekoop. Petrus sê dat ons nie met verganklike dinge, silwer of goud losgekoop is nie, maar met die kosbare bloed van Christus (1 Pet. 1:18). Paulus bevestig dit en sê dat ons duur gekoop is (1 Kor. 6:20).

Daar is niks so duur as bloed nie, want bloed beteken lewe; sonder bloed niemand lewe nie. As iemand moet kies tussen al die goud, silwer en edelgesteentes van die wêreld aan die een kant en al die bloed van sy liggaam aan die ander kant, dan sal hy geen oomblik twyfel nie. Niks kan sy bloed betaal nie. Met die duurste prys het Hy ons dus gekoop. Dit is hoe Hy, onse Here, dit gedoen het

## WAT HET HY VERWERF DEUR HIERDIE SOENOFFER?

En wat is daar vir ons verkry deur die offerande van Christus? Die Kort Begrip sê *sodat Hy ons van die tydelike en die ewige strawwe van die sonde kon verlos*.

(a) DIE KATEGISMUS SÊ OM ONS LIGGAAM EN ONS SIEL VAN DIE EWIGE VERDOEMENIS TE KAN VERLOS. Let daarop: hier word gepraat van ons liggaam en siel. Met Sy wederkoms vind die opstanding van ons liggaam en die hereniging met die siel plaas. Christus het beide liggaam en siel van die verdoemenis verlos. (Lees verder hieroor les 50.)

Dit is die eerste volgens die Kategismus wat Hy vir ons arme sondaars met sy soenoffer verdien het. Ons het volgens die regverdige oordeel van God tydelike en ewige straf vir ons sondes verdien, ja, die verdoemenis verdien. *Maar daar is*

*nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie*. (Rom. 8:1). Ons sondes is vergewe.

Die volgende weldade word ook deur die Kategismus genoem

(b) DIE GENADE VAN GOD, d.i. guns, barmhartigheid en liefde wat God ons na liggaam en siel op so baie maniere bewys.

(c) GEREGTIGHEID, d.i. nie ons eie geregtigheid nie, maar 'n geregtigheid waarmee ons voor God kan verskyn en bestaan. Dit is verwerf deur sy soenoffer en ons word dit deelagtig deur die wedergeboorte en die vernuwing van die hart. (Sien lesse 65 en 66.)

(d) DIE EWIGE LEWE wat reeds hier begin en tot volle openbaring kom by sy wederkoms en in die hemel.

Daar kan nog baie ander weldade genoem word: Die aanneming tot kinders; die vrede by God; die gemeenskap met God; die opstanding tot die ewige geluksaligheid (sien vr. 42 Heidelbergse Kategismus); die ontvang van die Heilige Gees; die heiligmaking (sien vr. 42 Heidelbergse Kategismus); die verlossing van die heerskappy van die sonde. Ja, alles wat daar goeds in ons mag wees, is 'n gawe van God deur die verdienste van die enigste soenoffer van die bloed van onse Here Jesus Christus.

**VRAE**

1. Kan die bloed van diere ons by God versoen?
2. Hoe is die gelowiges van die O.T. by God versoen?
3. Waarom kan die goeie werke van sogenaamde heiliges ons skuld nie versoen nie?
4. Noem soveel weldade op as wat jy kan wat Christus vir ons deur die offer van sy dood verwerf het
5. Noem ook dié op wat nie deur die Kort Begrip en Kategismus genoem word nie.

## GELOOFSLES 35: GOD DIE SEUN – SY VERNEDERING, GEBOORTE, LYDING EN DOOD

**KORT BEGRIP.**

VR. 32 *Wat het Jesus Christus dan gedoen om ons salig te maak? Hy het (a) vir ons gely, (b) is gekruisig, gestorwe en (c) begrawe en het neergedaal na die hel; dit is, Hy het die helse pyne gely en het sodoende aan sy Vader gehoorsaam geword, (d) sodat Hy ons van die tydelike en die ewige strawwe van die sonde kon verlos.*

(a) 1 Petr. 3:18. Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely.
(b) Joh. 19:30. En Hy het sy hoof gebuig en die gees oorgegee aan God.
(c) Fil. 2:8. En in gedaante gevind van 'n mens het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja die dood van die kruis.
(d) Efes. 1:7. In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade.

VR. 33 *In watter natuur het Hy dit gely*?
ANTW. *Alleen in sy menslike natuur, dit is (a) in sy siel en (b) in sy liggaam.*

(a) Matt. 26:38. *My siel is diep bedroef tot die dood toe.*
(b) 1 Petr. 2:24. *Wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het*.

VR. 34 *Wat het sy Godheid dan hiermee te doen?*

ANTW. *Sy Godheid het deur sy krag die aangenome mensheid so gesterk dat dit die las van die toorn van God teen die sonde kon verdra en ons daarvan verlos.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 36 *Watter nut verkry jy deur die heilige ontvangenis en geboorte van Christus*?

ANTW. *Dat Hy ons Middelaar is en sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor die aangesig van God bedek*.

VR. 37.*Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?*
ANTW. *Dat Hy aan liggaam en siel die ganse tyd van sy lewe op die aarde, maar veral aan die end van sy lewe, die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra het, sodat Hy met sy lede as met die enigste soenoffer ons liggaam en ons siel van die ewige verdoemenis kon verlos, en vir ons die genade van God, geregtigheid en die ewige lewe kon verwerf.*

VR. 38 *Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely*?
ANTW. *Om ons, deurdat Hy onskuldig onder die wêreldlike regter veroordeel is, te bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan.*

VR. 39 *Sit daar iets meer in dat Hy gekruisig is as dat Hy 'n ander dood sou gesterf het*?

ANTW. *Ja; want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het aangesien die kruisdood deur God vervloek is.*

VR. 40 *Waarom moes Christus Hom tot in die dood verneder*?
ANTW. *Omdat weens die geregtigheid en waarheid van God nie anders vir ons sondes betaal kon word as deur die dood van die Seun van God nie.* In die les wat die geboorte en menslike natuur van die Here behandel (30), is daar gesê dat sy geboorte die eerste trap in die staat van vernedering van ons Here is.

Daar word gewoonlik gepraat van sy staat van vernedering en sy staat van verhoging.

*In die eerste word die volgende vyf trappe onderskei, nl. sy geboorte, lyding, dood, begrafnis en neerdaling na die hel.*

*In die tweede is daar vier trappe: Opstanding, hemelvaart, die sit aan die regterhand van God en Sy wederkoms en oordeel.*

Vandag is ons besig met die eerste drie trappe in sy vernedering, geboorte, lyding, dood. Hulle word saamgevat in die 3de artikel en die eerste deel van die 4de: *Wat ontvang is uit die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria. Wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe is.*

**DIE EERSTE TRAP - GEBOORTE.**

Soos gesê is, is sy geboorte en menslike natuur reeds behandel in les 30. Daar is gelet op die historiese feit dat Hy mens geword het en op die manier waarop Hy mens geword het, nl. so dat sy godheid onveranderlik gebly het, dat Hy twee nature het in een persoon, dat Hy uit die vlees en bloed van die maagd Maria gebore is deur die werking van die Heilige Gees en dat Hy aan ons in alle opsigte gelyk is behalwe die sonde.

*DIE NUT VIR ONS:*

1. DAT HY MY SONDES VOOR DIE AANGESIG VAN GOD BEDEK. Dat Hy ons Middelaar is en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor die aangesig van God bedek. 1 Pet. 1:19 - *Julle*

*is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is*.

2. DAT HY GEKOM HET OM SONDAARS TE RED SOOS EK. Die nut of doel van die menswording van die Seun van God was oneindig groot. Hy sou dit nie vir iets gerings gedoen het nie. Dit word ook so duidelik gesê in 1 Tim. 1:15 - *Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus in die wêreld gekom het om sondaars red van wie ek die vernaamste is*. Lees ook Matt. 1:21 en Luk. 19:10.

**DIE TWEEDE TRAP - LYDING.**

Omtrent sy lyding moet verskillende vrae beantwoord word:

Hoe lank het ons Middelaar gely? Die antwoord van die Heidelbergse Kategismus - die ganse tyd van sy lewe op die aarde, maar veral aan die einde van sy lewe. Dit is duidelik dat die *Kategismus* die tydperk van sy lyding in breë sin opvat m.a.w. sowel die dertig jaar voor sy openbare optrede sowel as sy drie jaar bediening en aan die einde van sy lewe. Daar word twee uitdrukkings gebruik:

(a) DIE HELE TYD VAN SY LEWE OP DIE AARDE.

In die eerste plek het Hy die geluksaligheid van die hemel verlaat vir die aarde, is gebore in 'n stal, moes vlug na Egipte, het teruggekeer om in 'n arm huisgesin groot te word. Hy het 'n liggaam gehad, nie ongeskonde soos die van Adam nie, maar onderhewig aan al die swakhede van die liggaam van die geslag van Adam behalwe die sonde. Hy het dus pyn, vermoeienis, honger, dors geken. Dit was egter nie al nie, die liggaamlike lyding was nie die grootste nie, maar sy sielslyding, die feit dat Hy, die geliefde Seun, die toorn van God die Vader teenoor die sonde moes dra. Ons lees van die wêreldgesinde gelowige man Lot dat sy siel vermoeid was deur die aanskoue van die ontugtige wandel van die goddelose mense; hoeveel te meer moes ons heilige, onskuldige Middelaar nie daaronder gely het nie. Waarvoor het hulle hom nie alles uitgeskel nie: dat Hy 'n vraat is (Matt. 1119); 'n wynsuiper (Luk. 7:34); 'n vriend van tollenaars en sondaars (Luk. 7:34); Beëlsebul (Mark. 3:22); 'n verleier (Joh. 7: 12); 'n vyand van die keiser (Luk. 23:2). Ja, Hy het gely en Hy het gely van die begin tot die einde van sy lewe op aarde.

(b) MAAR VERAL AAN DIE EINDE VAN SY LEWE.

Ons kan die einde van sy lewe saamvat as die drie jaar van sy openbare optrede, of korter, die laaste week van sy intog in Jerusalem af tot sy kruisdood, of nog korter, die lyding aan die kruis. Hoe ons dit ook al opgevat, wat moes Hy nie in hierdie tyd dra en verduur van Fariseërs, Sadduseërs, skrifgeleerdes en ouderlinge en die gepeupel nie! Dit is asof die Evangelieskrywers dit opgemerk het hoe Hy aan die einde van sy lewe moes ly en wat die betekenis daarvan was, want, kyk hoeveel hoofstukke hulle aan sy lyding, van sy intog in Jerusalem af tot sy dood, 'n tydperk van ongeveer een week wy. Mattheus wy agt uit die 28 hoofstukke daaraan, Markus ses uit die 16, Lukas vyf uit 24 en Johannes nege uit 21.

Hoe ingrypend was sy lyding nie in Getsemane, in die geregshowe, aan die kruis nie! Voor sy veroordeling was hy reeds gegesel, in sy koninklike amp is Hy bespot, die pyn van die kruishout was vir die haat van sy vyande nie genoeg nie, ook aan die vloekhout moes Hy nog bespot en gehoon word. Hoe groot sy lyding ook aan die einde van sy lewe was, laat ons altyd onthou dat Hy van die begin daarvan dwarsdeur die Man van Smarte was.

### IN WATTER NATUUR HET HY DIT GELY?

Dit is die 33ste vraag van die Kort Begrip. *Het Christus in sy goddelike en menslike natuur gely?* Aan die een kant moet gesê word dat in die eintlike sin van die woord Hy nie in Sy goddelike nie, maar net in sy menslike natuur gely het. *Die godheid kan nie ly nie*. Na sy goddelike natuur is Hy die almagtige, onafhanklike, onveranderlike, onsterflike.

Maar wat was dan die betrekking van sy goddelike natuur tot sy lyding. Die goddelike natuur het die menslike natuur in Christus ondersteun en versterk sodat Christus die las van die toorn van God kon dra. 'n Gewone mens kon dit nie doen nie, al was daar selfs so iets as 'n sondelose mens. Jesus kon die las dra omdat sy menslike natuur deur die Goddelike gesterk gesteun en gehelp is.

Daarby moet onthou word dat die goddelike en die menslike natuur van Christus nie los saamgevoeg was in een Persoon nie. Die twee was op die innigste met die menslike natuur persoonlik in Hom verenig. (sien Art. 19, Ned. Geloofsbelydenis). Vandaar dat in die Heilige Skrif die lyding aan die hele persoon van die Middelaar toegeskryf word. Maar hoe dit presies plaasgevind het, kan ons nie sê nie.

### (c) ONDER WIE HET HY GELY?

Onder die regter Pontius Pilatus. Pilatus was die vyfde landvoog oor Judea na die verwydering van die laaste hoof of koning van die Jode, nl. Herodes Archelaus. Vir tien jaar het hy regeer en dit was in sy sewende jaar dat Christus voor hom

verskyn het. Hy was 'n trotsaard, het die Jode verag en beskimp en is eindelik vir sy wandade deur keiser Tiberius van Rome afgesit. Onder hierdie regter is Jesus onskuldig teen Pilatus se beterwete, in naam van die Romeinse regspleging tot die dood veroordeel.

Die Kategismus lê klem op die woord regter en vra waarom het Hy onder die regter Pilatus gely? (VR. 38). Dit is van groot betekenis. Dit moes onder 'n regter geskied sodat sy veroordeling die offisiële geregtelike stempel sou dra. So het dit ook onder die raad van God geskied. Onwetend het Pilatus, deur Christus onskuldig te veroordeel, die raad van God volbring en het ons Middelaar gesterf om ons te bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan. Pilatus het die oordeel wat God regverdiglik oor die mens moes vel, oor Christus uitgespreek en ons daardeur bevry.

**DIE DERDE TRAP - DIE DOOD.**

Die derde trap in sy vernedering is sy kruisdood.

(a) WAAROM KON ONS MIDDELAAR NIE 'n ANDER DOOD STERF NIE EN MOES HY JUIS GEKRUISIG WORD?

Wat is die versekering wat dit ons gee? Hierdie saak word behandel in die 39ste vraag van die Kategismus. *Deur die sonde van Adam in die Paradys het hy en sy nageslag onder die vervloeking van God gekom. Dit was dus nodig dat ons Middelaar die vervloeking sou wegneem*. Nou sê die Kategismus dat die feit dat Christus nie gestenig, onthoof of opgehang is nie, maar aan die kruis gesterf het, vir ons die versekering gee dat Hy die vervloeking wat op ons gerus het op Hom geneem het. Dit is so omdat die kruisdood deur God vervloek is. Deurdat Christus dus aan 'n kruis gehang is, het Hy onder die vervloeking gekom, vgl. Gal. 3:13, *en het Hy die vloek wat op ons gerus het op Hom geneem*. Lees Deut. 21:23: *Want een wat (aan 'n hout) opgehang is, is deur God vervloek.*

(b) WAAROM MOES CHRISTUS HOM TOT IN DIE DOOD VERNEDER?

Dit is die vraag van die Kategismus (40) en die antwoord is baie duidelik: *Omdat weens die geregtigheid en hardheid van God nie anders vir ons sondes betaal kon word as deur die dood van die Seun van God nie.* Was sy lyding dan nie al verskriklik genoeg nie, waarom moes Hy dan die dood ook smaak?

Om twee redes:

(a) DIE GEREGTIGHEID VAN GOD eis die dood van die sondaar of van Hom wat in die plek van die sondaar intree. *Hy wat teen God sondig, verbeur sy lewe* (Gen. 2:17; 3:19; Rom. 6:23). Dit is wat God aan Adam gesê het by die skepping voor die sondeval. Hy het dit geweet.

(b) DIE WAARHEID VAN GOD EIS DIT. God is 'n waarmaker van sy woorde. Wat Hy beloof of mee dreig, voer Hy uit. Dit moet uitgevoer word, of dit onsself geld of ons Plaasvervanger Jesus Christus. God het aan Adam gesê die dood sou op die sonde volg en daarom volg dit. Dit is die betaling wat geëis is vir die sonde en Christus het dit vir ons betaal.

**VRAE**

1. Noem die trappe in die staat van vernedering van Christus.
2. En in die staat van verhoging.
3. Wat is die nut wat ons daaruit haal dat Christus mens geword het?
4. Hoe lank het Christus gely?
5. In watter natuur het Hy gely?
6. Waarom moes Hy onder 'n wêreldse regter ly?
7. Waarom moes Hy juis gekruisig word?
8. Waarom moes Hy ook sterf?

## GELOOFSLES 36: GOD DIE SEUN – SY VERNEDERING

**KORT BEGRIP.**

VR. 32 *Wat het Jesus Christus dan gedoen om ons salig te maak*?

ANTW. *Hy het (a) vir ons gely, (b) is gekruisig, gestorwe en (c) begrawe en het neergedaal na die hel; dit is, Hy het die helse pyne gely en het sodoende vir Sy Vader gehoorsaam geword, (d) sodat Hy ons van die tydelike en ewige strawwe van die sonde kon verlos. (a) 1 Petr. 3:18. Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely. (b) Joh. 19:30. En hy het sy hoof gebuig en die gees oorgegee aan God. (c) Fil. 2:8. En in gedaante gevind van 'n mens het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja die dood van die kruis. (d) Efes. 1:7. In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 41. *Waarom is Hy begrawe*?

ANTW. *Om daarmee te getuig dat Hy waarlik gesterf het.*

VR. 42 *As Christus dan vir ons gesterf het, hoe kom dit dat ons ook moet sterwe?*

ANTW. *Ons dood is geen betaling vir ons sondes nie, maar alleen 'n afsterwing van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe.*

VR. 44 *Waarom volg daar: Wat neergedaal het na die hel?*

ANTW. *Dat ek in my swaarste aanvegtinge seker kan wees, en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyde (maar veral aan die kruis) versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het.*

In die vorige les is die 1ste, 2de en 3de trappe van die staat van vernedering van Christus behandel, nl. sy geboorte, lyding, dood. Vandag word die 4de en 5de trappe behandel, nl. sy begrafnis en neerdaling na die hel. Ons is dan nog besig met die 4de artikel van die geloofsbelydenis en wel met die woorde: *en begrawe is, en neergedaal het na die hel toe*.

**DIE VIERDE TRAP - BEGRAFNIS.**

Die Kategismus vraag (41): *Waarom is Hy begrawe? en die antwoord lui kort en bondig: Om daarmee te betuig dat Hy waarlik gesterf het.*

## DIE VOORSPELLINGS AANGAANDE JESUS IS DEUR HIERDIE DINGE BEWAARHEID SOOS HIERONDER AANGEDUI:

(a) Na die kruisiging van die Here Jesus en die twee rowers, het die Jode versoek dat hul liggame van die kruise weggeneem sou word omdat hul Sabbat daardie aand met sononder sou begin het. Maar die twee rowers was nog nie dood nie en toe is hul bene gebreek om sodoende die dood te verhaas. Toe hulle by Jesus kom, vind hulle dat Hy reeds dood was, en om dit te bevestig het een van die soldate sy sy met 'n spies deursteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom.

*So is die voorspelling vervul* dat geen been van Hom gebreek sou word nie (Ex. 12:46) en 'n ander voorspelling: *Hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het* (Sag. 12:10). (Vgl. Joh. 19:36,37).

(b) Toe gaan Josef van Arimathea, 'n ryk man, en 'n geheime dissipel van Jesus, na Pilatus en vra of hy die liggaam van die Here Jesus kon wegneem. Nadat hy die liggaam in doeke toegedraai het, soos die gewoonte was, het hy in geselskap

van sekere vroue, wat by die kruis die wag gehou het, die liggaam in ’n nuwe graf gelê. Dit was ’n grot uitgebeitel in ’n rots. *So is voorspel in die profesie van Jesaja: En by ’n ryke was Hy in Sy dood* (Jes. 53: 9).

WAAROM, VRA DIE KATEGISMUS, IS HY BEGRAWE? En daarby kom die antwoord: *om daarmee te getuig dat Hy waarlik gesterf het.* Dit was nie net ’n floute nie. Hy is begrawe omdat Josef en die ander van Sy dood oortuig was. Dit is ook deur die soldate bevestig en deur die steek in Sy sy. Dit is vir ons, wat eendag ook begrawe moet word, tot troos dat die Here Jesus ook tot in die graf moes neerdaal. Daarom begrawe ons ook ons oorlede dierbares. Ons dood is geen betaling vir ons sondes nie, maar alleen ’n afsterwing van die sondes en ’n deurgang tot die ewige lewe. So lui die antwoord Van die Kategismus (42) op die vraag:

AS CHRISTUS DAN VIR ONS GESTERF HET, HOE KOM DIT DAT ONS MOET STERWE? Die liggaam is uit die aarde, dit is stof en dit moet tot stof terugkeer terwyl die siel uit God is en tot God moet terugkeer. Skeiding tussen liggaam en siel moet daar kom.

Christus se oorwinning oor die dood, dit wil sê Sy opstanding in heerlikheid moet in ons herhaal word en die dood van die Christen is ’n noodsaaklike voorwaarde tot die opstanding van die liggaam en tot die lewe met Christus vir ewig. Die ware kind van God verlang om by Jesus te wees; daarom sê die apostel: *Ek het verlang om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste* (Fil. 1:23). (Vgl. Fil. 10,11). *Daarom was daar op aarde ook duisende en duisende kinders van God wat die dood nie gevrees het nie. Vir hulle was die dood niks anders as ’n ingang in die heerlikheid nie.* Mag dit vir elkeen van ons so wees.

## DIE VYFDE TRAP - EN TER HELLE NEERGEDAAL HET.

Hier het ons ’n deel van die geloofsbelydenis wat vir misverstand vatbaar is, nl. *en ter helle neergedaal het.*

WAT IS DIE BETEKENIS HIERVAN? *Die Griekse Kerk sê* dit beteken Christus het met sy goddelike natuur en met sy Siel in die hel neergedaal om die siele van die gelowiges van die O.T. uit die voorportaal van die hel te bevry en hulle met die siel van die moordenaar na die hemel te bring.

Sommige kerke sê Christus het ná sy begrafnis na die hel gegaan om daar oor die duiwel te seëpraal, te wys, die mag van die hel te verstoor en alle mag aan die Satan te ontneem. Almal gaan dus van die gedagte uit dat die neerdaling na die hel in tydsorde gevolg het op die begrafnis.

ONS SÊ EGTER die feit dat die woorde*: en ter helle neergedaal het*, kom na die woorde: *en begrawe is*, nie ’n tydsorde in sy lyding aandui nie, maar die graad van die verskriklikheid van sy lyding. Die allerverskriklikste deel van sy lyding,

die toppunt, word laaste genoem. Die Kort Begrip praat daarvan as *van helse pyne* en die Kategismus noem dit sy *onuitspreeklike benoudheid*, *smarte, verskrikking en helse kwelling* waarin Hy in sy ganse lyde (maar veral aan die kruis) versink het. Dink maar net *aan Sy verlatenheid deur sy Vader*, toe Hy aan die kruis gehang het. Om dit kort uit te druk sê ons kerk, die woorde *en ter helle neergedaal het* beteken dat Hy in Sy lyding helse smarte deurgemaak het. Hy was nie in die hel nie.

WATTER VERTROOSTING BIED HIERDIE WOORDE VIR MY? Dit, dat ek in my donkerste ure van my lewe kan weet dat die Here Jesus Christus my van die benoudheid en pyn van die hel verlos het. Hoe baie maal het ons tog nie hierdie troos nodig nie.

**VRAE**

1. Wat bewys die begrafnis van die Here Jesus?
2. Wie was almal ooggetuies van sy dood?
3. Is ons eie dood 'n betaling vir ons sondes?
4. Wie het ons sondeskuld betaal?
5. Wat is die dood van 'n Christen?
6. Wat is die betekenis van *ter helle neergedaal*
8. En ons?
9. Watter vertroosting is daar vir my in hierdie woorde?

## GELOOFSLES 37: GOD DIE SEUN SY VERHOGING - OPSTANDING.

### KORT BEGRIP

VR. 35 *Het Christus dan in die dood gebly?*

ANTW. *Nee, maar Hy het op die derde dag opgestaan uit die dood vir ons geregtigheid. Rom. 4:25. Wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 45. *Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?*
ANTW. *Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid deelagtig sou kan maak wat hy deur sy dood vir ons verwerf het. Ten tweede word ons ook deur sy krag opgewek tot* 'n *nuwe lewe. Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n gewisse pand van ons salige opstanding.*

In die vorige les het ons Christus se staat van vernedering afgehandel. Vandag begin ons met sy staat van verhoging. Soos ons in les 35 verneem het, is daar die volgende trappe in die staat van verhoging: *Opstanding, hemelvaart, die sit aan die regterhand van God en sy wederkoms en oordeel.*

Die eerste trap in die staat van verhoging word uitgedruk in die 5de artikel van die geloofsbelydenis: *Wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode.*

Die Kort Begrip vra soos volg: *Het Christus dan in die dood gebly?,* en antwoord: *Nee, maar Hy het op die derde dag opgestaan uit die dood, vir ons geregtigheid.*

Die eerste wat dus hier genoem word, is:

## DIE HISTORIESE FEIT VAN SY OPSTANDING.

### DIE OPSTANDING... WATTER BEWYSE HET ONS DAT CHRISTUS WERKLIK UIT DIE GRAF OPGESTAAN HET?

Is daar mense wat dit gesien het? Laat ons die ooggetuies wat die tekens tydens sy opstanding gesien het en wat Hom gesien het na sy opstanding, opnoem.

(a) DIE GETUIENIS VAN DIE SOLDATE: Lees Matt. 28:1-4, 28:11-15 Hier het ons die getuienis van die soldate wat sy graf moes bewaak en die leuenagtige laster wat deur die Jode versprei is. Op dieselfde manier kan ons talle persone opnoem. Leer en onthou dit.

(b) MARIA MAGDALENA, Joh. 20:11-18. Sy is ’n vrou wat die voorreg gehad het dat die Here die eerste aan haar verskyn het.

(c) DIE ANDER VROUE BY DIE GRAF, Matt. 28:8-10.

(d) SIMON PETRUS, Luk 24:34; 1 Kor. 15:5.

(e) DIE EMMAUSGANGERS, Luk. 24:13-33.

(f) DIE DISSIPELS SONDER THOMAS, Joh. 20:19-24.

(g) DIE DISSIPELS MET THOMAS, Joh. 20:25-29.

(h) DIE DISSIPELS BY DIE SEE VAN TIBERIAS, Joh. 21:1-23.

(i) ’n SKARE VAN MEER AS VYFHONDERD, 1 Kor. 15:6.

(j) JAKOBUS, 1 Kor. 15:7.

(k) AL DIE DISSIPELS BY DIE HEMELVAART, Hand. 1:4-10.

### OMTRENT HIERDIE GETUIES IS DIT BELANGRIK OM DIE VOLGENDE OMTRENT HULLE TE WEET

a) Hulle was sekerlik nie in ’n gemoedstoestand van liggelowigheid om elke gerug maar te glo nie. Inteendeel, verskillende van hulle soos bv. Thomas, was beslis bevooroordeeld teen die waaragtigheid van die opstanding en tog het hulle oortuig geword van die waarheid daarvan.

(b) Die getuienis van die opstanding berus nie net op die woord van een of twee of selfs twintig getuies nie, maar op die van honderde.

(c) Die persone wat hierdie getuienis aflê was ook nie van dieselfde beroep, omgewing of in dieselfde omstandighede toe hulle Jesus gesien het nie. Die waaragtigheid van die opstanding van Jesus staan ontwyfelbaar vas. As dit dan nou so is, *Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?* vra die Kategismus (45). In die antwoord word op drie dinge gewys.

**DIE OPSTANDING VAN CHRISTUS IS DIE REDE VIR ONS HERSTEL TOT DIE OORSPRONKLIKE TOESTAND VAN GEREGTIGHEID.**

*Ten eerste, sê die Kategismus, het Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid deelagtig sou kon maak wat Hy sy dood vir ons verwerf het.* Ook die Kort Begrip sê: *Hy het opgestaan tot ons geregtigheid*. Hierdie deel van die antwoord beteken die volgende.

(a) DAAR IS 'n GEREGTIGHEID WAT HY DEUR SY DOOD VIR ONS VERWERF HET; Deur die sondeval het die mens in die toestand van verdoeming voor God beland. Die doodsvonnis was deur God oor hom uitgespreek maar deur die dood van Christus het Hy vir ons weer die Staat van geregtigheid, soos die mens dit in die Paradys geken het, verwerf. God het die mens vrygespreek omdat Christus sy skuld betaal het. Die geregtigheid bring mee 'n skat van heilsgoedere: *Die vergewing van sondes, vrede by God, die aanneming tot kinders*.

(b) ONS IS DAARDIE GEREGTIGHEID DEELAGTIG OMREDE HY DEUR SY OPSTANDING DIE DOOD OORWIN HET.

*Kon Christus ons genoemde geregtigheid deelagtig gemaak het as Hy nie die dood oorwin het nie?* As Hy dood gebly het dan sou Hy nie die mag nie gehad het om vir ons genoemde heilsgoedere te gee nie. Dit help nie dat die heilsgoedere daar is, soos verwerf deur Sy dood, as die mens nie daarvan in besit kan kom nie. *Deur sy dood het Hy die heilsgoedere vir ons verkry, maar as lewende, opgestane Middelaar sorg Hy dat ons dit kry, dat dit aan ons uitgedeel word*. Dit is wat die Kategismus wil sê: As Hy nie opgestaan het nie, dan het ons daardie weldade nie verkry nie. *Deurdat Hy die dood oorwin het, het ons die versekering, ja die waarmerk, dat God die offerande van sy Seun as genoegsaam aangeneem het, en die heilsgoedere, deur Hom verwerf, as die eiendom van die uitverkorenes verklaar het.*

(c) HOE MAAK DIE OPGESTANE MIDDELAAR ONS DIE HEILSGOEDERE DEELAGTIG?

Hy gee sy Gees in ons hart om daar die wedergeboorte en die geloof te bewerk. Deur die geloof eien ons dan die verworwe geregtigheid vir onsself toe en word ons voor God geregverdig en erfgename van die ewige lewe.

*Hierdie leer is geneem uit die Bybel*. Dit bring die opstanding van Christus in noue verband met ons deel aan die geregtigheid. Lees Rom. 4:25. *Wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking.* Dit word hier gesê dat Christus opgewek is ter wille daarvan om ons die geregtigheid te gee. Die teenoorgestelde is ook net so waar: *as Hy nie opgewek is nie, ontvang ons geen geregtigheid nie*.

Lees ook 1 Petr. 1:3. *Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode.* Hier word die wedergeboorte, wat 'n genadegawe van God is, die deelagtigmaking van die geregtigheid, in verband met die opstanding gebring.

Lees verder 1 Kor. 15:17. *As Christus nie opgewek is nie, dan is geloof nutteloos, dan is julle nog in jul sondes.* Hier word met ander woorde gesê dat die opstanding uit die dode die waarmerk is van die verlossingswerk van Christus.

**DIE OPSTANDING VAN CHRISTUS IS DIE KRAG VIR 'N NUWE LEWE**. Ten tweede word ons ook deur Sy krag opgewek tot 'n nuwe lewe. In hierdie deel van die antwoord van die Kategismus is daar sprake van die geestelike opstanding in teenstelling met die liggaamlike. Laat ons op die volgende let:

(a) DIE BYBEL VERBIND DIE OPSTANDING VAN CHRISTUS OOK MET DIE *NUWE LEWE* wat in die sondaar deur sy *Heilige Gees* verwek word. Lees Rom. 6:4; Kol. 3:1,3; Efes. 2:5,6. Die Kategismus is hiermee in ooreenstemming.

(b) DIE NUWE LEWE WAARVAN DIE KATEGISMUS PRAAT, VERONDERSTEL DAT ONS DOOD IS SOLANK ONS AS ONWEDERGEBORE IN DIE SONDE LEWE.

Soos dit uitgedruk word in Efes. 2:5: *Ook toe ons dood was deur die misdade, lewendig gemaak saam met Christus.* Dit was 'n geestelike dood Die mens was dood ten opsigte van die dra van goeie vrugte. In sy staat van ongeregtigheid na die val, het hy die sonde geniet. Die nuwe lewe waarvan hier sprake is, is die lewe wat by die wedergeboorte deur die Heilige Gees ingeplant word.

(c) DAAR WORD VERDER GESÊ DAT ONS DEUR SY KRAG OPGEWEK WORD TOT 'n NUWE LEWE.

Deur die geloof in die lewende Hoof ontvang die sondaar die nuwe lewe. ’n Christus wat in die dood gebly het, kon nie die krag tot wedergeboorte meedeel deur die Heilige Gees nie. Deur geloof in die lewende Hoof ontvang die sondaar die nuwe lewe.

## DIE OPSTANDING VAN CHRISTUS IS DIE WAARBORG VIR ONS OPSTANDING.

*Ten derde sê die Kategismus, is die opstanding van Christus vir ons* ’n *gewisse pand (waarborg) van ons salige opstanding.* Hierdie deel van die Kategismus antwoord het weer betrekking op ons liggaam. Laat ons op die volgende let:

(a) *DIE OPSTANDING VAN DIE LIGGAAM*. Ons moet eenmaal almal sterwe. By ons dood word ons siele by Christus opgeneem, en ons liggaam keer terug tot stof, maar selfs ons liggame word nie deur God vergeet nie. Eenmaal sal ons liggame opstaan in heerlikheid en met ons siele verenig word. 1 Kor. 15: 50 - *Wat ek bedoel broers is dit: Vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God deel kry nie. Die verganklike kan nie aan die onverganklike deel kry nie. Kyk, ek maak* ’n *geheimenis aan julle bekend - ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word. By die laaste trompet sal dit in* ’n *oomblik, in* ’n *oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word. Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike.*

(b) DIE OPSTANDING VAN CHRISTUS IS VIR ONS ’n GEWISSE PAND VAN ONS EIE SALIGE OPSTANDING. Deur ’n pand word bedoel ’n teken, ’n voorwerp of ’n gebeurtenis waardeur die sekerheid dat iets sal plaasvind, gewaarborg is. ’n Pand is m.a.w. ’n waarborg.

As Christus nie opgestaan het nie, dan was daar geen waarborg van ons opstanding nie. 1 Kor. 15:17 - *En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog gevange in julle sondes*.

1 Kor. 15:22 - *Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word*. Jesus se opstanding is ’n pand of waarborg vir die Christen dat ook sy liggaam sal opstaan tot saligheid. 2 Kor. 5:1 - *Ons weet dat wanneer ons aardse woning wat maar* ’n *tent is, afgebreek word, ons* ’n *vaste gebou in die hemel het. Dit is nie* ’n *woning wat nie deur mense gemaak is nie maar deur God en dit bly ewig staan*.

WAT GEBEUR MET ONGELOWIGES WAT STERWE. Almal sal uit die grafte uitgaan - die wat die goeie gedoen het tot die opstanding van die lewe, maar die wat die kwade gedaan het, tot die ewige verdoemenis. Die ongelowiges

sal ook opstaan uit die dood maar om veroordeel te word. Openb. 21:8 - *Maar die wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars en al die leuenaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood.*

**VRAE**

1. Noem die bewyse op vir die waaragtigheid van die opstanding van Christus.
2. Watter geregtigheid het Christus weer vir ons verwerf met sy opstanding?
3. Watter heilsgoedere sluit die toestand van geregtigheid in?
4. Watter betekenis het die opstanding van Christus vir ons geestelike lewe?
5. Waarvan is Sy opstanding ook 'n gewisse pand?

## GELOOFSLES 38: GOD DIE SEUN EN SY VERHOGING - HEMELVAART.

**KORT BEGRIP.**

VR. 36 *Waar is Christus nou wat betref sy mensheid?*
ANTW. *Hy het opgevaar na die hemel dit is, verhewe in die hoogste heerlikheid bo alle skepsels.*

(a) Hand. 1:9. *En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem hulle dit sien.*

(b) Mark. 16:19. *Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God.*

VR. 37 *Waartoe is Hy daar so hoog verhewe?*
ANTW. *Insonderheid sodat Hy (a) vandaar sy gemeente kan regeer en b) ons Voorbidder by die Vader kan wees.*

(a) Efes. 1:22. *En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as 'n Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee.*

(b) Rom. 8:34. *Wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.*

VR. 38 *Is Hy dan nie by ons tot aan die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie (Matt. 28:20)?*
ANTW. *(a) Wat betref sy Godheid, Majesteit, Genade en Gees wyk Hy nooit van ons nie, maar (b) wat betref sy mensheid, bly Hy in die hemel totdat Hy eenmaal weer sal kom om die lewende en die dode te oordeel.*

(a) Matt. 18:20. *Want waar twee of drie vergader in my Naam, daar is Ek by hulle.*

(b) Hand. 3:21. *Hom wat die hemele moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge waarvan God van ouds af gespreek het.* Hand. 17:31. *Omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het.* 2 Kor. 5:10. *Want ons moet almal verskyn voor die regterstoel van Christus, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS,**
VR. 46 *Wat verstaan jy onder: Wat opgevaar het na die hemel*?
ANTW. Dat *Christus voor die oë van sy dissipels van die aarde na die hemel opgevaar het, en dat Hy ons ten goede daar is totdat Hy terugkom om te oordeel, die lewende en die dode.*

VR. 47 *Is Christus dan nie by ons lot aan die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie?*

ANTW. *Christus is waaragtig mens en waaragtig God. Na sy menslike natuur is Hy nie meer op aarde nie; maar na sy Godheid, majesteit, genade en Gees wyk hy nooit meer van ons nie*.

VR. 48 *Maar as die mensheid nie orals is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?*

ANTW. *Stellig nie; want aangesien die Godheid deur niks ingesluit kan word nie en oral teenwoordig is, moet daaruit volg dat dit wel buite Sy aangenome mensheid is en ewenwel tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.*

VR. 49 *Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons*?

ANTW. *Ten eerste dat Hy in die hemel voor die aangesig van Sy Vader ons Voorspraak is. Ten tweede, dat ons ons vlees in die hemel as 'n gewisse pand het, dat Hy as die Hoof ons sy lede, ook tot Hom sal neem. Ten derde, dat Hy ons sy Gees as 'n teëpand stuur, deur wie se krag ons soek wat daarbo is, waar Christus is aan die regterhand van God, en nie wat op die aarde is nie*

Doel van vandag se les is om die eerste deel van die 6de artikel van die Apostoliese Geloofsbelydenis, nl. Wat opgevaar het na die hemel te verklaar. Die hemelvaart is die tweede trap in die verhoging van Jesus Christus. Die groot gedagte vandag is:

## SY HEMELVAART - EN DIE SEKERHEID DAARVAN.

Die Kort Begrip vra die vraag: *Waar is Christus nou wat betref sy mensheid? en antwoord daarop: Hy het opgevaar na die hemel.* Die Kategismus vra weer: *Wat verstaan jy onder: Wat opgevaar het na die hemel?* en antwoord: *Dat Christus voor die oë van sy dissipels van die aarde na die hemel opgevaar het*. Omtrent die hemelvaart leer die Bybel en bostaande antwoorde ons verskillende dinge.

(a) HY HET LETTERLIK NA DIE HEMEL OPGEVAAR. Die woord hemelvaart moet nie as beeldspraak verstaan word nie, maar in letterlike sin. In die letterlike sin van die woord het Hy met sy liggaam opgestaan uit die graf en met Sy liggaam opgevaar na die hemel.

Van sy goddelike natuur kan dit egter nie eintlik gesê word dat dit van plek verander het nie want dit is altyd alomteenwoordig. Maar na sy mensheid, met sy liggaam, het Hy letterlik opgevaar. Meer hieroor later.

(b) HY HET SIGBAAR OPGEVAAR. Soos die Kategismus sê: *voor die oë van sy dissipels*. Dit kon gesien word en is gesien. Die aantal wat dit gesien het, nl. die elf dissipels (Luk. 24:50-52, ens.), was wel nie so groot wat Hom aanskou het na sy opstanding en die feit daarvan kon bevestig nie, maar hulle was genoeg. Daar word soms gevra: *waarom het Hy nie in die volle gesig van Jerusalem, die Sanhedrin en die priesters opgevaar nie?*

*Sy koninkryk is nie van hierdie wêreld nie*. As 'n aardse koning of koningin gekroon word of iets anders besonders met hulle gebeur, dan geskied dit met basuingeskal en tamboerslag, maar nie so met Christus nie. Dit is die engele wat kom om hom te aanbid en dien terwyl die wêreld daar geen ag op slaan nie en miskien sy lewe soek. Alhoewel weinig in getal, was sy dissipels tog getuie van wat hul oë gesien en wat hulle met hul ore van die engele gehoor het en dit het hulle aan ons verkondig. Die feit was vir hulle, en is vir ons, onbetwisbaar duidelik en waar.

(c) DIE HEMELVAART WAS ’n VERANDERING VAN EEN PLEK NA DIE ANDER. Die Kategismus sê van die aarde na die hemel. Dit beteken Hy het van ’n sekere bekende plek op die aarde, nl. van die Olyfberg aan die oostekant van Jerusalem, na ’n sekere plek, nl. die hemel, opgevaar. Daar van die berg af waar Hy geleer, gebid, gestry en gely het, het Hy in oorwinning opgevaar na die hemel om daar aan die regterhand van God te sit. Die hemel waarheen Hy gevaar het, is nie net ’n salige toestand nie, maar ’n bepaalde plek met afmetinge soos die woord gewoonlik verstaan word. *Daarvan word gesê dat dit fondamente het waarvan God die kunstenaar en boumeester is* (Hebr. 11:10). Dit is deur God geskep soos Hy alle ander dinge geskep het. Aarde en hemel is twee aparte plekke. Van die een plek dus na die ander het Christus gegaan. Dit is vir ons van baie groot betekenis dat die menslike natuur van Christus nou in die hemel is.

**SY HEMELVAART EN SY ALOMTEENWOORDIGHEID.**

In verlede Sondag se les het ons gesien dat oor die groot leerstuk van die opstanding daar net een vraag met ’n antwoord is, terwyl vandag oor die leerstuk van die hemelvaart daar verskillende vrae met antwoorde is.

(a) DIE WAARAGTIGE MENSHEID EN GODHEID VAN CHRISTUS. Ons kerk leer dat die menslike en Goddelike natuur in die persoon van Christus sy *onderskeie eienskappe behou*, soos die Kategismus antwoord op vraag 47 sê: *Christus is waaragtig mens en waaragtig God ook in sy hemelvaart*. Ons kerk hou hieraan vas vir sy geboorte, sy lyding, dood, begrafnis, neerdaling na die hel, opstanding, hemelvaart, sit aan die regterhand van God en wederkoms, ja vir al die trappe in sy vernedering en verhoging.

(d) DIE EINDIGHEID VAN SY MENSLIKE NATUUR EN DIE ALOMTEENWOORDIGHEID VAN SY GODDELIKE. Ons sê verder volgens die Kategismus: Na sy menslike natuur is Hy nie meer op aarde nie, d.i. Hy is nie alomteenwoordig na die hemelvaart na sy menslike natuur soos die Lutherse wil beweer nie, maar Hy is dit wel na sy Goddelike natuur.

In hierdie sin moet Matt. 28:20 verklaar word. Die menslike natuur is eindig en is net op een plek op ’n tyd, en so het dit gebly ook na sy hemelvaart. Die goddelike natuur daarenteen is oneindig en is altyd en oral alomteenwoordig.

*In veral vier opsigte* word in die Kort Begrip en Kategismus genoem waarvolgens Hy na sy Goddelike natuur nooit meer van ons wyk nie, nl. na sy Godheid, majesteit, genade en Gees.

(c) DIE ONSKEIDBAARHEID VAN DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS. Laat ons lees wat in vraag 48 van die Kategismus staan. *As die mensheid nie orals is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie*? Daarop antwoord die Kategismus met 'n besliste ontkenning en sê, stellig nie. Ons het reeds vantevore gesien hoe ons Kerk leer dat alhoewel elkeen van die twee nature sy eie eienskappe behou, hulle tog onafskeidbaar met mekaar in een Persoon verenig is. (Lees bv. Art. 19 van die Nederlandse Geloofsbelydenis).

Ter verklaring van sy standpunt gee die Kategismus die volgende oplossing in sy antwoord op vraag 48 ter hand. Die Godheid van Christus is alomteenwoordig en is daarom nie net in, maar ook buitekant sy aangenome beperkte mensheid. *Die Godheid is oral waar die mensheid is, alhoewel die mensheid nie oral kan wees waar die Godheid is nie en juis omdat die Godheid oral is waar die mensheid is, daarom is Hy altyd met die mensheid verenig.* Dit kan verduidelik word deur 'n ring met 'n steen. Die steen is altyd met die ring verenig, alhoewel dit nie oral is waar die ander dele van die ring is nie. Die beeld van die liggaam met sy gedagtes helder dit ook op. Die liggaam is aan een plek verbind terwyl die gedagtes oral heen kan gaan, van een land na die ander, eeue agteruit en vooruit; die liggaam kan vanselfsprekend nie oral wees waar die gedagtes hul vlug heen neem nie, tog is die twee met mekaar verenig en nie geskei nie. Net so ook wat die eindige menslike natuur van Christus en sy oneindige Goddelike natuur betref.

## SY HEMELVAART EN DIE NUT DAARVAN VIR ONS.

*Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons*? So vra die Kategismus in die laaste vraag oor die leerstuk van die hemelvaart. In die antwoord hierop word drie dinge genoem:

(a) TEN EERSTE, DAT HY IN DIE HEMEL VOOR DIE AANGESIG VAN SY VADER ONS VOORSPRAAK IS. As ons Hoëpriester is Hy ons voorspraak of advokaat en tree Hy vir ons in deur die gebed by die Vader. Op aarde het Hy dit reeds gedoen (Joh. 17). Nou in die hemel doen Hy dit ook (Rom. 8:34 en 1 Joh. 2:1).

(b) TEN TWEEDE DAT ONS ONS VLEES IN DIE HEMEL AS 'n GEWISSE PAND HET, DAT HY AS DIE HOOF ONS OOK TOT HOM SAL NEEM. Christus het na die hemel opgevaar beide na siel en liggaam. As ons of ons dierbares sterf, dan gaan eers net die siel na die hemel, tot die dag van opstanding, wanneer ook ons liggame sal opstaan om weer verenig te word met die siel soos in die geval van Christus. *Die feit dat dit reeds die geval met Christus is, is vir ons*

’n *pand of waarborg dat dit ook met ons sal gebeur. Dit is ook die natuurlike ding, want Christus is die Hoof en ons die lede. Die Hoof en lede behoort bymekaar en as die Hoof reeds in die hemel is, sal ons as lede ook daar kom.*

(c) TEN DERDE, DAT HY ONS SY GEES AS ’n PAND STUUR, deur wie se krag ons soek wat daarbo is, waar Christus is aan die regterhand van God, en nie op die aarde is nie. Die *Kategismus* praat van ’n *pand* en ’n *teëpand*.

Die beeld is ontleen aan twee vriende wat van mekaar skei. By die skeiding gee of stuur hulle oor en weer aan mekaar iets as teken van hul wedersydse getrouheid. Ons het Christus by sy hemelvaart ons vlees meegegee na die hemel, van daar het Hy ons sy Gees gestuur. Ons vlees is die pand en sy Gees is die teëpand. Omdat ons die teëpand van sy Gees het, daarom is dit vir ons ook ’n herinnering, ’n aansporing om te soek wat daarbo is waar Christus is aan die regterhand van God.

Daar is egter onderskeid tussen hierdie teëpand van die Heilige Gees en ’n bloot materiële pand wat vriende aan mekaar gee. ’n Materiële pand is dood en is net ’n herinnering, maar die pand van die Heilige Gees is lewend, selfwerksaam, kragtig. Dit maak ons die geregtigheid van Christus deelagtig, wederbaar, vernuwe, troos en lei ons. Deur die werking van die Gees in ons harte soek ons die dinge wat daarbo is

**VRAE**

1. Hoeveel persone het die hemelvaart van Christus gesien?
2. Was dit ’n gedaanteverandering of ’n verandering van een plek ander?
3. Maak dit duidelik deur ’n beeld hoe Christus na sy mensheid in die hemel kan wees en na sy godheid alomteenwoordig.
4. Watter nut het ons uit die hemelvaart van Christus?

## GELOOFSLES 39: GOD DIE SEUN, SY VERHOGING

**KORT BEGRIP.**

VR. 36 *Waar is Christus nou wat betref sy mensheid?*

ANTW. *(a) Hy het opgevaar na die hemel en (b) sit aan die regterhand van God die Vader, dit is, verhewe in die hoogste heerlikheid bo alle skepsels.*

a) Hand. 1:9. *En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en ’n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.*

(b) *Mark. 16: 19, Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God*

VR. 37 *Waartoe is Hy daar so hoog verhewe*?

ANTW. *Insonderheid sodat Hy (a) van daar sy gemeente kan regeer en (b) ons Voorbidder by die Vader kan wees.* (a) Efes. 1:22 - *En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as* 'n *hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee.*

(b) Rom. 8:34 - *Wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 50 *Waarom word daarby gevoeg: En sit aan die regterhand van God?*

ANTW. *Omdat Christus daarom na die hemel opgevaar het, dat Hy Hom daar sou betoon as die Hoof van sy Christelike Kerk, deur wie die Vader alle dinge regeer.*

VR. 51 *Watter nut bring die heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons*?

ANTW. *Eerstens, dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitgiet. Daarom, dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskut en bewaar.*

Doel van hierdie les is om die betekenis van die beeldspraak: *en te sit aan die regterhand van God* duidelik te maak en daarna die nut daarvan te bepaal. Die groot gedagte is: REGTERHAND.

Vandag is ons dus besig met die 2de deel van die 6de Artikel in die Geloofsbelydenis. Dit is dan ook die 3de trap in die verhoging van Christus.

**OM TE SIT AAN DIE REGTERHAND VAN GOD:**
**WAT IS DIE BETEKENIS DAARVAN?**

Dit is 'n beeld wat ontleen is aan die gebruik van konings in die Ooste, nl. om diegene van wie hulle baie dink en groot eer wil aandoen, aan hul regterhand te laat sit. Dit het Salomo met sy moeder gedoen (1 Kon. 2:19). Dit is moontlik dieselfde wat Ahasveros met Haman gedoen het (Ester 3:1).

Die sit aan die regterhand is dus 'n beeldspraak *waardeur bedoel word dat ons Middelaar met guns, heerlikheid en mag beklee is*. Stefanus sê in Hand 7:56 - *Kyk het hy gesê: ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan.*

(a) MET GUNS BEKLEE IS. Lees Ps. 16:11. *Versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand vir ewig.* Daar in die hemel geniet Christus as gunsteling die saligste blydskap en vreugde in die onmiddellike nabyheid van God wat bokant ons begrip is. Hoe anders is hierdie toestand as toe Hy die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag moes dra, daar in Getsemane en daar aan die kruis.

(b) MET HEERLIKHEID BEKLEE IS. Lees Hebr. 1:3. Deur te sit aan die regterhand van God word bedoel dat Hy met die *grootste majesteit, eer en heerlikheid gekroon* is. Hoe anders weer is hierdie toestand in vergelyking met die toe Hy op aarde was. Daar in die hemel skitter Sy heerlikheid weer, daar is dit vir almal duidelik. Daarom praat die Kort Begrip dan ook van: verhewe in die hoogste heerlikheid bo alle skepsels.

(c) MET MAG BEKLEE IS. Volgens die Bybel dra die regterhand mag. Lees Ps. 118:16. Die regterhand van die Here verhef; die regterhand van die Here doen kragtige dade. Lees ook Ex. 15:12. U het U regterhand uitgestrek, die aarde het hulle verslind. Ook in ons regterhand is die meeste krag, is die vaardigste. Die septer van mag wat 'n koning dan in sy regterhand hou, word verdeel tussen hom en die een wat aan sy regterhand sit. Daar in die hemel het Christus groter mag as enige wêreldse vors. Geen president van Amerika, geen koning van Engeland, geen diktator van Europa besit 'n stoffie in die weegskaal van sy mag nie.

### 2. OM SIT AAN DIE REGTERHAND VAN GOD - DIT IS DIE REDE VIR SY HEMELVAART

Die Kort Begrip vra 37): *Waartoe is hy daar so hoog verhewe*? En ANTW. Insonderheid sodat hy van daar af sy gemeente kan regeer. Let ook op die woordjie daarom in die antwoord op vraag 50, van die Kategismus. Die antwoord sê vir ons die rede waarom Christus na die hemel gevaar het.

### HY MOES NA DIE HEMEL VAAR OM DAAR DIE POSISIE AS HOOF EN REGEERDER IN TE NEEM.

*Daarom het Hy na die hemel opgevaar* dat Hy daar, beklee met *guns, heerlikheid en mag,* soos iemand wat aan die regter hand van 'n koning sit, Hom daar sou betoon as die Hoof van Sy Christelike Kerk deur wie die Vader alle dinge regeer. Die vraag kan gestel kon Christus nie op aarde, sonder dat hy na die hemel opgevaar het, ook die posisie van Hoof van sy Kerk en Regeerder van alle dinge ingeneem net nie? Hierop kan geantwoord word dat Hy daar in die hemel by God, waar Hy ook met sy menslike natuur ingegaan het, eers beklee moes word

met die guns, heerlikheid en mag wat die uitdrukking: sit aan die regterhand, beteken om as Hoof en Regeerder erken te word.

*Die sit aan die regterhand is die kroon, die beloning, die goedkeuring wat God op sy hoof plaas vir die volbrenging van die verlossingswerk*. Beide sondaars en gelowiges aanskou en weet dit en moet Hom daarom as Hoof en Regeerder erken.

(a) DAAR IN DIE HEMEL IS HY DUS HOOF VAN SY CHRISTELIKE KERK.

*Jesus Christus is die Hoof van die liggaam, ons is die lede. En soos die hoof die liggaam beheers, so regeer Hy sy Kerk.* Die Christelike Kerk waarvan hier gepraat word, is die Kerk wat reeds deels getriomfeer het en in die hemel, is en die strydende Kerk wat nog op aarde is. Hy as Hoof oefen mag en seggenskap oor die Kerk uit. As haar Hoof vergader, bewaar en beskerm Hy haar.

(b) REGEERDER VAN ALLE DINGE.

Die uitdrukking deur wie die Vader alle dinge regeer moet egter nie so opgevat word as sou God, die Vader, Homself ontdaan het en afstand gedoen het van sy almag nie. Hy regeer en bly regeer, maar Hy regeer deur die Seun en die Heilige Gees. Van Potifar lees ons bv. in Gen. 39:4: *En hy het hom (Josef) aangestel oor sy huis, en alles wat in sy besit was aan hom oorgegee*, dit beteken egter nie dat Potifar geen gesag meer gehad het nie. *Hy het deur Josef gewerk. Dit is 'n beeld van hoe die Vader deur Christus werk en alle dinge regeer.*

### 3. **OM TE SIT AAN DIE REGTERHAND VAN GOD - WAT IS DIE NUT VIR ONS DAARVAN?**

Watter nut bring die heerlikheid van ons Hoof Christus ons? Dit is die 51ste en verdere vraag van die Kategismus. In die antwoord word twee nuttighede of voordele genoem wat ons verkry omdat Hy Hoof van sy Kerk is:

(a) EERSTENS, DAT HY DEUR SY HEILIGE GEES DIE HEMELSE GAWES IN ONS, SY LEDE, UITSTORT

As hoof van sy Kerk, wat beklee is met goddelike guns, majesteit en mag, gee Hy aan ons hemelse gawes. Die gawes omvat sulke besittings soos die *nuwe lewe, geloof, heiligheid, reinheid, barmhartigheid, krag om staande te bly*, ens.

Hy gee dit net aan ons, sy lede, maar nie aan hulle wat nie deur die geloof lede is van die liggaam waarvan Hy die Hoof is nie. Die middel waardeur hy dit

gee, is die Heilige Gees. Die Heilige Gees neem dit uit die skatte, rykdomme en volheid van Christus en deel dit ons mee.

Die woorde *in ons uitstort* word gebruik om die manier waarop hierdie gawes aan ons meegedeel word, te beskryf. Dit geskied deur die hoor van die Bybel en deur die Heilige Gees in ons harte. Ons moet nie die getuienis op eensydige manier voorstel asof die Gees dit doen los van die Bybelwoord nie. Die twee gaan saam.

Die Gees belig die Bybelwoord en skyn in ons hart en maak die saad van die Woord daar vrugbaar. Daar is 'n subjektiewe en objektiewe sy aan hierdie getuienis. *Aan die subjektiewe kant voel ons* in ons hart hoedanig 'n saak is, of dit reg of verkeerd is. Aan die *objektiewe kant toets ons dit aan die Bybelwoord*. Die twee moet altyd saam gaan, anders verval ons in allerlei dwaling.

(b) DAT HY ONS MET SY MAG TEEN ALLE KWAAD BESKERM EN BEWAAR.

By die wedergeboorte is ons nie volmaak nie. Dit het God nie behaag om ons meteens vry te maak van alle stryd en worsteling teen die sonde nie. Hy gee daardie heiligmaking trapsgewyse.

Die goeie werk in ons begin Hy met die wedergeboorte, sit dit stap vir stap voort in die heiligmaking, voleindig dit vir die siel by die dood en voltooi dit by die wederkoms van Christus.

*Tot by Sy wederkoms is die Kerk op aarde 'n strydende kerk en het elke gelowige te kampe met die lis en verleiding van die bose. Die stryd van die Christen is deur drie vyande: Die duiwel, die wêreld en sy eie vlees, waarvan laasgenoemde 'n sterk vyand is. Daar is nog selfs by die wedergeborene, al is dit teen sy wil, bose begeerlikhede, onheilige gedagtes, selfsugtige en eersugtige neiginge. Paulus moes na jare van stryd nog uitroep, ek ellendige mens* (Rom. 7:24).

Self kan die Christen nie hierdie vyande verslaan nie. Sy toestand is egter nie hopeloos nie, want Christus as Hoof van die Christelike Kerk beskerm en bewaar hom teen alle vyande. Christus laat dit soms toe dat Sy kinders aangeval word maar bewaar hulle egter so dat hulle nie bo hulle kragte versoek word en verlore kan gaan nie. Jak 1:2 - *My broers julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.*

1 Kor. 10:13 - *God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan*.

**VRAE**

1. Hoe moet ons die woorde: sit aan die regterhand van God verstaan?
2. Wat is die rede dat Christus na die hemel moes vaar?
3. Wat beteken die woorde: Hoof van sy Christelike Kerk?
4. Watter nut is vir ons daarin dat Hy aan die regterhand van God is?

## GELOOFSLES 40: GOD DIE SEUN, SY WEDERKOMS - DIE CHILIASME

### KORT BEGRIP

VR. 38 *Is Hy dan nie by ons tot aan die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie (Matt. 28:20)?*

ANTW. (a) *Wat betref sy Godheid, Majesteit, Genade en Gees wyk Hy nimmermeer van ons nie, maar (b) wat betref sy mensheid, bly Hy in die hemel totdat Hy eenmaal weer sal kom om die lewende en die dode te oordeel. (a) Matt. 18:20. Want waar twee of drie vergader in my Naam, daar is Ek onder hulle. (b) Hand. 3:21. Hom wat die hemele moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge waarvan God van ouds af gespreek het.* Hand. 17:31. *Omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het. 2 Kor. 5:10. Want ons moet almal verskyn voor die regterstoel van Christus, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 52 *Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om te oordeel die lewende en die dode?*

ANTW. *Dat ek in alle droefenis en vervolging met 'n opgerigte hoof dieselfde Saligmaker wat Hom tevore om my ontwil voor die strafgerig van God gestel en die vloek geheel en al van my weggeneem het, as 'n Regter uit die hemel verwag, wat al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem.*

Doel van hierdie les en die volgende is om die 7de artikel van die Apostoliese Geloofsbelydenis duidelik te maak, nl. *Waar Hy vandaan sal kom om te oordeel die lewende en die dode.* Dit bevat twee hoofgedagtes: Wederkoms en oordeel. In vandag se les word net die wederkoms, Artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis beskryf, ook die wederkoms en oordeel, en moet saam met hierdie lesse bestudeer word, In daardie artikel vind u meer omtrent die wederkoms en oordeel as wat u soms in boekdele kan vind.

Daar is twee hoofgedagtes in hierdie artikel. Die een is: Die Wederkoms van Christus, uitgedruk deur die woorde: *Van waar Hy sal kom,* en die ander, *die oordeel deur Christus vervat in die woorde: Om te oordeel die lewende en die dod*e.

Die wederkoms is die 4de en laaste maar ook die grootste trap in die verhoging van Christus. Die doel van sy wederkoms is om te oordeel. Tussen die wederkoms van Christus en die oordeel is daar die opstanding van die dode, maar dit sal ons eers in les 50 behandel.

## 1. **DIE FEIT VAN DIE WEDERKOMS**.

Die feit van die wederkoms van Christus word baie duidelik in die Bybel geleer: *Christus word deur die Vader gestuur om te oordeel* (Hand. 17:31; 1 Tim. 6:15). *Hy keer liggaamlik uit die hemel terug (Hand. 1:11). Hy sal sigbaar op die wolke van die hemel verskyn* (Matt. 24:30, Openb. 1:7). *Christus sal kom met die krag en heerlikheid* (Matt. 24:30) *as Koning van konings* (Matt. 25:31; Openb. 17:14) *Sy koms sal aangekondig word deur die stem van die aartsengel en die basuingeklank van engele* (Matt. 24:31; 1 Kor. 15:52; 1 Tess. 4:16).

## 2. **WANNEER DIE WEDERKOMS SAL WEES.**

'n Aspek van die wederkoms van Christus waarmee baie hul besig hou, is die tyd van die wederkoms. Hierop sê die Kort Begrip, net: *totdat Hy eenmaal weer sal kom*, en die Kategismus konstateer maar net die feit van die koms in die woorde: *Dat ek ... dieselfde Saligmaker ... uit die hemel verwag.*

### (a) IN DIE BYBEL IS DAAR BAIE TEKSTE EN GEDEELTES OMTRENT DIE WEDERKOMS, MAAR DIE SOM VAN ALMAL IS DAT DIE TYD AAN NIEMAND BUITEN GOD BEKEND IS NIE.

Volgens sommige tekste wil dit voorkom asof die koms baie naby voorgestel word. Paulus meen dat dit nie onmoontlik is dat hy en sy medegelowiges nog die koms sou belewe nie (1 Tess. 4:15; 1 Kor. 15:51). Al die apostels meen dat die gelowiges, van wie sprake is in die Nuwe Testament, *aan die einde van die tyd in die laaste uur lewe* (1 Kor. 10:11; 1 Joh. 2:18; 1 Petr. 1:5; Filip. 4:5). So ook Jakobus, *dat die wederkoms van die Here naby is en die Regter voor die deur staan* (Jak. 5:8,9), die skrywer van die brief aan die Hebreërs *dat die dag nader kom* (Hebr. 10:25,37). Johannes sê dat die *tyd naby is en die Here gou kom* (Openb. 1:3; 22:7,10).

Aan die ander kant is daar skrifgedeeltes weer wat die koms uitstel. Die bruidegom talm om te kom (Matt. 25:5). Die heer kom eers na 'n lang tyd terug (Matt. 25:19). Wat egter baie duidelik in die Skrif uitkom is dat Hy onverwags

sal kom soos 'n dief in die nag op 'n uur wanneer Hy nie verwag word nie (Matt. 24:42-44; 25:13; 1 Tess. 5:2,4; 2 Petr. 3:10; Openb. 3:3; 16:15) en dat die dag verborge is.

Van die dag en uur weet niemand nie (Matt. 24:36; Mark. 13:32; Hand. 1:7). Geen mens ter wêreld, al ken hy sy Bybel hoe goed, sal dit ooit weet nie. Die groot saak is dat Hy kom en dat ons gereed moet wees. Ons moet nie meer wil weet as wat God ons toelaat om te weet nie; as ons dit wil, dan val ons in die strik van dwaalleringe.

(b) DAAR WORD SEKERE VOORTEKENS IN DIE BYBEL GENOEM WAT SY KOMS VOORAF GAAN:

Die Evangelie moet eers aan alle volke verkondig word (Matt. 24:14).

Die afval van die Evangelie, die verleiding en goddeloosheid sal toeneem en groot wees teen die einde van alle dinge (Matt. 24: 4-29; Luk. 1: 26-30; 18: 8).

Die Antichris, wie se koms deur baie valse Christene en Profete voorberei is, sal sy verskyning maak voor die wederkoms van Christus (2 Tess. 2:3; Matt. 7:15, 24:15, 24; 1 Joh. 2:22).

Daar sal aardbewings, oorloë en gerugte van oorloë wees (Matt. 24:1-12).

Daar word egter geen vaste tyd bepaal nie. Maar hierdie tekste sê met 'n groot stem vir ons: Wees gered, Wees gereed!

(c) OMTRENT DIE TYD VAN DIE WEDERKOMS sê die Ned. Geloofsbelydenis art. 37 die volgende: Ten laaste glo ons, volgens die Woord van God, dat wanneer die tyd deur die Here bepaal, wat aan alle skepsele onbekend is en die getal van die uitverkorenes vol sal wees, onse Here Jesus uit die hemel sal kom.

**DIE CHILIASME.**

Voordat ons van hierdie deel kan afstap, moet daar iets gesê oor word die Chiliasme. Deur hierdie naam verstaan ons die rigting in die Christelike Kerk wat veral op grond van Openb. 20:1-6 glo dat, voor die laaste oordeel, Christus sal kom en Satan vir 1000 jaar sal bind. Saam met hierdie koms val die opstanding van die gelowiges wat met Christus dan vir 1,000 jaar oor gans die aarde in 'n vrederyk sal regeer. Na die 1,000 jaar sal Satan vir 'n klein tydjie losgelaat word om weer te verwoes, maar dan kom Christus vir die tweede maal en vind die opstanding van die goddelose plaas met die laaste oordeel. Bogenoemde voorstelling sê dus: *In die voleinding van alle dinge is daar twee wederkomste van Christus, die een voor die duisendjarige ryk en die ander daarna, en twee opstandings, die een van die gelowiges*

*met die eerste koms van Christus voor die 1000 jaar en die ander van die goddelose na die vrederyk.*

Dit is onmoontlik om hier in al die argumente voor en teen hierdie rigting in te gaan.

(a) TERUGKEER VAN DIE JODE NA PALESTINA. Die voorstelling van die leer van die Chiliasme ten opsigte van die terugkeer van die Jode na Palestina en 'n nuwe tempel daar wat weer die offerdiens van diere herstel, en dus die soenverdienste van Jesus Christus as die offerlam van God loën, druis in teen die leer van die Skrif en Jesus se soenverdienste as die Lam van God. Boonop het Jesus duidelik gesê in Joh. 18:36 - *My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie.*

(b) DAT VERAL IN TYE VAN VERVOLGING EN VERDRUKKING, hierdie leer van 'n vrederyk prominent op die voorgrond gekom het; dat die Bybel nie 'n vrederyk nie, maar eerder swaar tye vir sy gemeente aan die einde skilder (Joh. 15:19,20; 16:33, Matt. 24:4-14; Luk. 17:26; 18:8).

**DIE BYBEL STEL DIE KOMS VAN CHRISTUS VOOR AS EEN WEDERKOMS, EEN OPSTANDING, EEN OORDEEL.**

**VRAE**

1. Noem 'n paar tekste op waaruit dit duidelik is dat Christus weer sal kom.
2. Noem 'n paar tekste waarvolgens dit lyk of sy koms naby is.
3. Noem 'n paar tekste waarvolgens sy koms uitgestel word.
4. Noem 'n paar tekste op wat sê sy koms is onverwags.
5. Noem 'n teks op wat sê van die uur en die dag weet niemand nie.
6. Watter voortekens sal Sy koms vooraf gaan?
7. Wat is die leer van die Chiliasme?
8. Wat is die argumente van die Chiliasme?
9. Hoekom verwerp ons dit? Wat sê die Bybel hieroor.

## GELOOFSLES 41: GOD DIE SEUN - SY VERHOGING. DIE OORDEEL.

### KORT BEGRIP.

VR. 38 *Is Hy dan nie by ons tot aan die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie* (Matt. 28:20)?

ANTW. *(a) Wat betref sy Godheid, Majesteit, Genade en Gees wyk Hy nimmermeer van ons nie, maar (b) wat betref mensheid, bly Hy in die hemel totdat Hy eenmaal weer sal kom om die lewende en die dode te oordeel.*

(a) Matt. 18:20 *Want waar twee of drie vergader in my Naam, daar is Ek by hulle.* *(b)* Hand. 3:21 *Hom wat die hemele moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge waarvan God van ouds af gespreek het.* Hand. 17:31 *Omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het.* (2 Kor. 5:10). *Want ons moet almal verskyn voor die regterstoel van Christus, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 52 *Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om te oordeel die lewende en die dode?*

ANTW. *Dat ek in alle droefenis en vervolging met 'n opgerigte hoof dieselfde Saligmaker wat Hom tevore om my ontwil voor die strafgerig van God gestel en die vloek geheel-en-al van my weggeneem het, as 'n Regter uit die hemel verwag, wat al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem.* Soos in die vorige les aangedui, behandel vandag se les die laaste gedeelte van die 7de artikel: Om te oordeel die lewende en die dode. Die groot gedagte vandag is OORDEEL.

**DIE FEIT VAN DIE OORDEEL.**

Dat daar 'n oordeel sal wees, word baie duidelik in die Bybel gesê. *Hy sal die skape van die bokke skei en almal oordeel na hul werke* (Matt. 25: 1-46; Rom. 2:5-11). *Die dode sal klein en groot voor die groot wit troon verskyn* (Openb. 20: 12-15). *Ja, almal moet verskyn voor die regterstoel van Christus* (2 Kor. 5:10). *Die vergelding sal geskied sonder aanneming van die persoon* (Kol. 3 :24, 25).

***WIE ALMAL ONDER DIE OORDEEL SAL KOM.***

Op die vraag wie almal onder die oordeel sal kom, sê die Apostoliese Geloofsbelydenis: *die lewende en die dode.* Dus alle mense sonder uitsondering: oud en jonk, geleerdes en ongeletterdes, grotes, magtiges en geringes, konings, diktators en onderdane. Almal sonder onderskeid. Almal sal deur die basuinklank voor die regterstoel van Christus gedagvaar word.

In die antwoord op vraag 52 van die Kategismus word die lewende en die dode in twee klasse verdeel. Die een klas word genoem: *al sy en my vyande.* Die ander klas word genoem: *my met al die uitverkorenes.*

Daar is net twee klasse op aarde, nie drie nie. Vyande en Uitverkorenes. Hierdie klasse bestaan ook tussen die reeds gestorwenes.

Treffend word die vervolging en vertrapping van die uitverkorenes deur die skrywer van die brief aan die Hebreërs geskets: *Ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem om 'n beter opstanding te kan verkry nie. Ander het die proef van bespotting en geseling deurgestaan, ook van boeie en gevangenis. Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel die wêreld was hulle nie werd nie hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond. Hulle het dit alles verduur omdat God iets beters oor hulle beskik het (Hebr. 11:35-40).*

Ja almal, verdeel in vyande en uitverkorenes, sal onder die oordeel van Christus kom.

## WIE AS REGTER SAL OPTREE?

Op die vraag wie as Regter by die oordeel sal optree, antwoord die Kategismus: *dieselfde Saligmaker wat Hom tevore om my ontwil voor die strafgerig van God gestel en die vloek geheel en al van my weggeneem het*. Let op die volgende

(a) DIE VADER OORDEEL DUS NIE, MAAR HET DIE OORDEEL AAN DIE SEUN GEGEE. Lees Joh. 5:22: *die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee. Dergelike uitsprake vind ons ook in* Joh. 5:27-29; Matt. 16:27; 25:32. Hand. 10:42; 17:31; Rom. 14:9.

(b) DAAR IS 'n GROOT ONDERSKEID TUSSEN SY EERSTE EN TWEEDE KOMS. Met sy eerste koms het Hy verskyn in dienskneg gestalte om te ly en te sterwe vir die sonde (Rom. 8:3) *om te soek en salig te maak wat verlore was, en sy siel te gee as* 'n *losprys vir baie (Matt. 20:28), om die wêreld te red (Matt. 24:30; Hebr. 9:28; Openb. 6:2; 19:11) En sy oordeel sal gaan oor gedagtes (Rom. 2:16; 1 Kor. 3:13-15).*

(c) NIEMAND SAL 'n VERONTSKULDIGING HÊ NIE, want Hy het verskyn, en verskyn vandag nog eers as Verlosser en daarna as Regter. Dié wat Hom nie as Verlosser aangeneem het, sal hulle nie kan verontskuldig nie.

## WAT DIE STRAF OF BELONING SAL WEES?

Oor die straf of beloning deur Christus sê die Kategismus die volgende: *Wat al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal opneem.*

(a) DIE STRAF OP DIE VYANDE VAN CHRISTUS WORD DUS BESKRYF AS ’n EWIGE VERDOEMENIS. Daar sal ewige skeiding wees tussen die vyande en die uitverkorenes (Luk. 17:34-36) Die vyande sal in ewige pyn verkeer. (Dan. 12:2 Matt. 24:50, 52: Joh. 5:29) *in die hel waar die wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word* (Mark 9:44) *waar* ’n *geween en gekners van die tande is* (Matt 8:12) waar duisternis, die verderf en die ewige dood heers (Matt 7:13, 8:12; 2 Tess. 1:8; Openb. 21:8) in ’n plek waar die toorn van God in al sy verskriklikheid openbaar sal word (Rom. 2:8 9:22; Hebr. 10:31, Openb. 6:16). Ook Satan sal in die afgrond gewerp word.

(b) DIE BELONING VIR DIE UITVERKORENES word beskryf as die hemelse blydskap en heerlikheid. In ’n plek wat deur Christus self berei is (Joh. 14:3) Die hemel, die nuwe Jerusalem, waar geen sonde, siekte, moeite, trane, rou of dood sal wees nie, wat geen nag en geen tempel ken nie, waar die son en maan nie meer nodig is nie, want God self is sy tempel en sy lig ens. (Openb. 21-22:5

(c) ELKEEN SAL STRAF OF LOON ONTVANG NA SY WERKE (Matt. 16:27; 2 Kor. 5:10; Rom. 2:6-11; 14:12; Openb. 22:12). Dit beteken egter nie dat daar saligheid is deur die werke nie. Daar is loon, maar dit is genadeloon

**WAAROM DIE WEDERKOMS VIR ONS ’N TROOS IS:**

Die Kategismus vra verder (52): *Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om te oordeel die lewende en die dode.*

Vir die uitverkorenes is die wederkoms van Christus waarlik ’n troos. Nie so vir die vyande van Christus nie. Hulle sien met verskrikking die dag tegemoet. Hulle wat so groot in hierdie wêreld was en volgens die Ned. Gereformeerde Belydenis (Art 37) die uitverkorenes getiranniseer, verdruk en gekwel het, sal begin om vir die berge te sê: *Val op ons! en vir die heuwels; Bedek ons!* (Luk. 23:30). Aan die ander kant sien die uitverkorenes sy wederkoms met ’n opgerigte hoof tegemoet, d.i. met dapperheid, gerustheid, geloof en verlange.

(a) ’n TROOS: In dae van droefenis en vervolging, stryd, geloofsbeproewing en neerlaag is die gedagte aan die wederkoms veral ’n troos. Die verwagting en verlange na sy koms brand veral in sulke dae baie helder. ’n Mens moet self sulke dae beleef het om te verstaan hoe groot ’n troos die wederkoms van Christus werklik is.

(b) DIE BEWUSSYN DAT MY REGTER OOK MY SALIGMAKER is wat Hom tevore om my ontwil voor die strafgerig van God gestel, en die vloek geheel en al van my weggeneem het, strek my tot oneindige troos en versekerdheid van gemoed. Ek hoef nie te vrees nie want ek weet dat my Regter my skuld reeds self betaal het.

(c) EK IS EINDELIK GETROOS OMDAT EK WEET DAT REGVERDIGHEID UITEINDELIK SAL SEËVIER EN GEREGTIGHEID SAL GESKIED. Op aarde het die goddeloses voortgegaan omdat hulle nie onmiddellik gestraf is nie. Nou uiteindelik sal elkeen na sy verdienste behandel word: a) Die ewige verdoemenis of die b) hemelse blydskap en heerlikheid. Dit is nie dat ek plesier vind in die straf van die goddelose nie. Daar is nie by my enige leedvermaak nie. Maar ek verheug my in die oorwinning van die geregtigheid van God. Ek loof en aanbid Hom.

Is die wederkoms van Christus vir u ’n troos?

**VRAE**

1. Noem ’n paar tekste om te bewys dat daar ’n oordeel sal wees.
2. Wie almal sal geoordeel word?
3. Hoeveel klasse mense sal daar wees?
4. Wie sal as Regter optree?
5. Hoedanig sal die straf wees?
6. En die beloning van die uitverkorenes?
7. Waarom is die wederkoms vir ons ’n troos?

## GELOOFSLES 42: DIE HEILIGE GEES – SY PERSOON EN GODHEID.

**KORT BEGRIP.**

VR. 39 *Wat glo jy van die Heilige Gees*?

ANTW. a) *Dat Hy saam met die Vader en die Seun een waaragtige en ewige God is en (b) dat Hy, wat van die Vader deur Christus gegee is, my wederbaar, (c) in alle waarheid lei, troos en in ewigheid by my sal bly.* 1 Kor. 2:10,11. *Want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. Want wie van die mens weet wat in ’n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in*

*God is nie, behalwe die Gees van God.* Matt. 28:19. *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees.*

*(b)* Joh. 3:5. *Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.*

*(c)* Joh. 14:16. *En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid.*

## HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 53 *Wat glo jy van die Heilige Gees*?

ANTW. *Eerstens, dat Hy saam met die Vader en die Seun waaragtige en ewige God is. Ten tweede, dat Hy ook aan my gegee is om my deur 'n ware geloof Christus en al Sy weldade deelagtig te maak, my te troos en ewig by my te bly.*

Vandag is ons besig met die agste artikel van die Geloofsbelydenis: *Ek glo in die Heilige Gees.*

Ons wil nie nou die hele vraag en antwoord van die Kort Begrip behandel nie, maar net die eerste deel, nl. dat Hy saam met die Vader en die Seun een waaragtige en ewige God is. Die ander deel hoop ons om aanstaande Sondag te behandel.

Die doel wat ons vandag voor oë stel, is: om die Godheid van die Heilige Gees te bewys.

Die twaalf artikels leer ons eers van die Vader, dat Hy ons Skepper is deur sy eie krag. Dan leer dit ons van die Seun dat Hy ons verlosser is deur sy bloed; en dan van die Heilige Gees leer dit ons dat *Hy die Heiligmaker* is deur in ons harte te woon.

Die Heilige Gees is dus een van die persone in die heilige Drie-eenheid. Dit het ons alreeds in les 26 behandel. Die Kort Begrip en Kategismus wy maar net een vraag aan die Persoon en werk van die Heilige Gees, dit beteken daarom nie dat hulle meen dat die Heilige Gees 'n minderwaardiger plek as die Seun of die Vader beklee nie. Nee, hulle, sowel as al die ander belydenisskrifte van ons Kerk, bely dat Hy een van die drie Persone is in die goddelike Drie-eenheid. Hy is saam met die Vader en die Seun een waaragtige en ewige Goddelike Wese.

## DIE GEES IS 'N PERSOON EN NIE 'N BLOTE KRAG NIE.

Aan Hom word handelinge toegeskryf wat alleen van 'n persoon kan gesê word. Kom laat ons dit deur Gods Woord bewys. Soek op 1 Kor. 12:11.

(a) DAAR WORD GESPREEK VAN DIE WIL VAN DIE HEILIGE GEES. Net 'n persoon het 'n wil.
(b) HY DEEL GAWES UIT AAN ELKEEN AFSONDERLIK SOOS HY WIL. Blaai nou 'n bietjie terug en kyk wat daar staan in 1 Kor. 2:10 en 11. Hier word twee dinge van die Heilige Gees gesê: In vers 10,
(c) HY ONDERSOEK ALLE DINGE, en vers 11,
(d) HY WEET. Dan lees ons weer dat
(e) DIE HEILIGE GEES SPREEK. Slaan na: Hand. 13:2. *En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees* gesê: *sonder nou Barnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het.* In hierdie vers sien ons nie alleen dat die Heilige Gees spreek nie, maar dat Hy ook Goddelike mag het.
(f) HY HET HULLE VIR DIE WERK GEROEP. Ons wil vir julle nog op een teks wys:
(g) DIE HEILIGE GEES KAN BEDROEF WORD. Lees Efes. 4:30: *En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie*. 'n Krag kan nie bedroef word nie, maar 'n persoon wel. Dan nog sê die Here Jesus van die Heilige Gees:
(h) DAT HY ONS LEER, LEI EN VERTROOS, en deur wat Hy ons van die Gees leer, laat Hy ons duidelik verstaan dat Hy 'n persoon is en nie net 'n krag wat die Vader vir ons op sy bede sal stuur nie.

Ons spreek van die Vader of die Seun as 'n Persoon, net so is die Heilige Gees - 'n Persoon. As ons Hom vra om in ons harte te woon, dan is dit nie 'n krag of 'n invloed wat ons vra om in ons te kom nie, maar 'n Persoon. Hy wil van ons hart en ons liggaam 'n tempel maak om in te woon. 1 Kor. 6;19: *Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is?*

## MAAR DIE HEILIGE GEES IS NIE NET 'N PERSOON NIE. HY IS OOK GOD.

DIE KORT BEGRIP EN KATEGISMUS SÊ DUIDELIK DAT *HY SAAM MET DIE VADER EN DIE SEUN WAARAGTIGE EN EWIGE GOD IS. Hy moet net so geëer en aanbid word as die ander twee Goddelike Persone*. Onder andere sê ons Nederlandse Geloofsbelydenis dit: (Art. 9) Want *toe onse Heer gedoop is in die Jordaan, is die stem van die Vader gehoor wat sê Dit is My geliefde Seun*. Die Seun is gesien in die water; en die Heilige Gees het Homself geopenbaar in die gedaante van 'n duif. Dieselfde belydenis sê weer verder: *Die Vader word genoem ons Skepper deur Sy krag: die Seun is ons Saligmaker en Verlosser deur Sy bloed. Die Heilige Gees is ons Heiligmaker* deur Sy inwoning in ons harte.

Uit dieselfde belydenis leer ons ook: (Art. 11) *Ons glo en bely ook*

*DAT DIE HEILIGE GEES VAN EWIGHEID AF VAN DIE VADER EN DIE SEUN UITGAAN; dat Hy nie gemaak of geskape of gebore is nie, maar alleen van albei uitgaan: dat Hy in orde die derde Persoon is van die drievuldigheid van een en dieselfde Wese, Majesteit en Heerlikheid as die Vader en die Seun: Ja, Hy is waaragtig en ewige God, soos die Heilige Skrifte ons leer. Uit wat ons dus in die Kort Begrip en Kategismus leer en wat ons hierbo aangehaal het sien julle dat ons Kerk duidelik leer dat die Heilige Gees God is.*

MAAR LAAT ONS NOU WEER TERUGGAAN NA GODS WOORD en sien wat daarin gesê word. In Hand. 5:3 sê Petrus vir Ananias: *Waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg*? En dan weer in vs. 4 sê hy: *Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.* Daar word die Heilige Gees dus God genoem.

AS ONS ELKE SONDAG BY DIE UITGANG VAN DIE KERK DIE SEËNBEDE HOOR: *Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal* dan dink ons aan die Heilige Gees as God, ja, as 'n Goddelike Persoon en nie as 'n blote krag nie.

VOLGENS GODS WOORD HET HY OOK GODDELIKE GESAG. Ons het alreeds 'n teks aangehaal wat dit bewys, maar ons kan dit weer lees, Hand. 13:2. Sien julle daar, *Hy sê sonder vir My af,* en dan weer, *Ek het hulle geroep*. So kan ons nog meer tekste aanhaal om die Goddelike gesag van die Heilige Gees te bewys.

Miskien sal dit ook goed wees as julle self in die week 'n paar tekste opsoek om sy Goddelike gesag te bewys.

MAAR AAN DIE HEILIGE GEES WORD OOK GODDELIKE EIENSKAPPE TOEGESKRYWE SOOS:

(a) ALMAGTIG (Luk. 1: 35). Daar word Hy genoem die Krag van die Allerhoogste.
(b) ALWETENDHEID (1 Kor. 2:10-11). Die teks het ons ook al aangehaal. So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God.
(c) HY IS EWIG (Hebr. 9:14). Daar word Hy genoem die Ewige Gees. Die Gees doen ook ewige werke. Hy het deel gehad in die vorming van die aarde (Gen. 1:2), daar word gepraat van die *Gees van God het op die waters gesweef.*

Ons wil nog net op een teks wys wat vir ons van groot betekenis is. Soek op 2 Petr. 1:21. Hier sien ons duidelik dat alles wat ons weet van die Here,

DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES: Hy, as God, het ons die woord van God gegee. Aan die Heilige Gees word Goddelike eer bewys. In die doopsbevel word Hy saam met die Vader en die Seun genoem (Matt. 28:19); so ook in die seënbede (2 Kor. 13:13).

DIE HERE JESUS NOEM SELFS DIE SONDE TEEN DIE HEILIGE GEES as ernstiger as teen die Seun self (Matt. 12:32).

**SINNEBEELDE VAN DIE HEILIGE GEES.**
Die Bybel stel die Heilige Gees voor deur sinnebeelde. Die beelde verklaar vir ons op 'n besondere wyse wie Hy is en wat Hy doen; die vernaamste is die volgende:

(a) OLIE. Die salf-olie in die O.T. waarmee profete, priesters en konings gesalf is, was 'n voorstelling of sinnebeeld van die inbesitneming van die persoon, wat gesalf is, deur die Gees. So lees ons bv. in 1 Sam. 10:6 dat toe Samuel die salf-olie op Saul se hoof uitgegiet het, hy vir hom gesê het: En die Gees van die HERE sal oor jou vaardig word. Van Dawid lees ons, 1 Sam. 16:13: Samuel neem toe die horing met olie en salf hom tussen sy broers, en die Gees van die Here het van die dag af en verder oor Dawid vaardig geword.

(b) WATER. Water is lewend, en vrugbaarmakend. Water is rein en onontbeerlik vir die lewe. Water is ook oorvloedig. In Eseg. 36:25 en 26 word gespreek van skoon water op julle sprinkel en 'n nuwe Gees in die harte gee. Die Here Jesus self spreek van water en die Gees. Joh. 3: 5: Voorwaar, voorwaar sê Ek vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die Koninkryk van God nie ingaan nie.

(c) VUUR. Vuur simboliseer om te verwarm, te louter, te suiwer en te verteer - Hierdie sinnebeeld kry ons veral in die Pinkstergeskiedenis (Hand. 2:3). Die Heilige Gees is gesien as verdeelde vuurtonge op die hoofde van die dissipels. In I Tess. 5:19 sê Paulus: Blus die Gees nie uit nie. Net soos vuur dus verwarm, reinig en louter Hy.

(d) WIND. Wind is geheimsinnig, kragtig en ook suiwerend. Ja, In Sy gesprek met Nikodemus (Joh. 3) vergelyk die Jesus die werking van die Gees met die wind wat waai, en waarvan ons die geluid hoor sonder om te weet vanwaar dit kom en waarheen dit gaan. Die wind bring beweging, en suiwer die lug van ongesonde bestanddele.

(e) DIE DUIF. As ’n duif het Hy neergekom op die hoof van die Here toe Johannes Hom gedoop het (Matt. 3:16). Hier is die Heilige Gees soos ’n duif die sinnebeeld van reinheid en sagsinnigheid.

**VRAE**

1. Sê die geloofsbelydenis op.
2. Is die Heilige Gees ’n krag of ’n Persoon?
3. Noem ’n paar uitdrukkinge wat bewys dat Hy ’n Persoon is.
4. Waarom sê jy dat Hy ook God is?
5. Wat sê die Bybel hiervan?
6. En onder watter sinnebeelde word die Heilige Gees voorgestel?

## GELOOFSLES 43: DIE HEILIGE GEES, SY UITSTORTING EN WERK.

### KORT BEGRIP.

VR. 39 *Wat glo jy van die Heilige Gees?*

ANTW. (*a) Dat Hy saam met die Vader en die Seun waaragtige en ewige God is en (b) dat Hy, wat van die Vader deur Christus gegee is my wederbaar (c) in alle waarheid lei, troos en in ewigheid by my sal bly,*

(a) 1 Kor. 2:10,11. *Want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. Want wie van die mense weet wat in ’n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God.* Matt. 28:19. *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees.*

*(b)* Joh. 3:5. *Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.* Joh. 14:16. *En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ’n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS

VR. 53. *Wat glo jy van die Heilige Gees?*

ANTW. *Eerstens, dat Hy saam met die Vader en die Seun waaragtige en ewige God is. Ten tweede, dat Hy ook aan my gegee is om my, deur 'n ware geloof, Christus en al sy weldade deelagtig te maak, my te troos en ewig by my te bly.*

Verlede Sondag het ons by die eerste deel van hierdie antwoord stilgestaan en probeer bewys dat die Heilige Gees ewig en waaragtig God is. Nou wil ons die tweede deel behandel en let op *die uitstorting en die werk van die Heilige Gees*. In die kort antwoord word die woord *my* nie minder as drie of vier maal gebruik nie.

**SY UITSTORTING.**

Van die uitstorting van die Heilige Gees lees ons in Hand. 2:1 tot 13. Daar sien ons was twee tekens tydens die uitstorting.

(a) DIE EERSTE, *UIT DIE HEMEL KOM 'n GELUID SOOS VAN 'n GEWELDIGE RUKWIND*;

Mens kan nie die wind sien nie maar kan sien wat dit doen. Joh. 3:*8 - Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid maar weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is.*

Die wind toon ook aan die krag en onweerstaanbaarheid van die Heilige Gees.

Maar die geweldige rukwind wys ook op die belangrikste werk van die Heilige Gees, *nl. om die wêreld te oortuig van sonde, van geregtigheid en ook van oordeel* (Joh. 16:8). Van die tyd van die Nuwe Testament is Hy is nie beperk tot enkele persone, bv. Elisa nie, maar is vir al die gelowiges - Hy het die hele huis gevul.

*(b)* Die ander teken van vuur is *'n beeld van God, die Heilige Gees*. Die vurige tonge op die hoofde van die dissipels is 'n teken van die kragtige werking van die Heilige Gees. Deur die Heilige Gees word hulle geheel vir Sy werk geheilig; Hy oortuig hulle van sonde, en steek hulle aan die brand vir hulle groot roeping om die Evangelie uit te dra na die nasies; Hy maak hulle tot 'n lig in die wêreld; en so ontvang hulle die genade om vir Hom te getuig. Daarom kon Petrus, wat 'n paar maande tevore so bang was dat hy die Here verloën het, nou met vrymoedigheid spreek, en met so 'n vuur dat op die Pinksterdag nie minder as 3000 siele tot bekering gekom het nie.

So wil God se Gees ons ook reinig, ons aan brand steek en ons vir sy werk gebruik. Maar ons moenie dink dat die Heilige Gees vir die eerste maal toe op aarde gekom het nie. Dit was nie 'n nuwe Gees wat op die dag gekom het nie. Dit was ook nie 'n groter deel van die Heilige Gees wat toe gekom het nie, want die Gees as 'n Persoon kan nie verdeel word nie.

Die Heilige Gees was van die begin van die wêreld af werksaam. Hy is dieselfde Gees wat bv. op Gideon gerus het (Rig. 6:34), en waarvan Esegiël gesê het: *Toe val die Gees van die Here op my* (Eseg. 11:5). Dit is ook Hy van wie Joël geprofeteer het: *En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees* (Joël 2:28).

DIE VERVULLING MET DIE HEILIGE GEES: Die Heilige Gees is uitgestort op Pinksterdag en dit is nie ’n gebeurtenis wat herhaal word nie. Baie mense bid verkeerdelik tydens elke Pinkster vir ’n nuwe uitstorting van die Heilige Gees, die belofte van die Vader is een maal vervul aan sy gemeente en die Heilige Gees is op aarde uitgestort. Van toe af werk Hy nog altyd onder ons en aan ons. Wat nou nodig is, is nie dat die Heilige Gees weer na ons toe moet kom nie, *maar dat ons ons harte meer en meer vir Hom moet oopmaak sodat ons sy volheid kan ondervind.* Dit is nie ons wat die Gees moet kry nie (soos sommige mense beweer), maar Hy moet van ons volkome besit neem, liggaam, siel en gees.

Die Kort Begrip sê verder dat *Hy, wat van die Vader deur Christus gegee is, my wederbaar.* Hieromtrent sê die Nederlandse Geloofsbelydenis nog die volgende (Art. 11): *Ons glo en bely ook dat die Heilige Gees van ewigheid af van die Vader en die Seun uitgaan, en dat Hy nie gemaak of geskape of ook gebore is nie, maar alleen van albei uitgaan. Daarom word ook gesê dat die Vader die Heilige Gees na ons gestuur het en dat Christus hierdie weldaad vir ons verdien het.*

### DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES AAN MY.

Let weer op die woordjie *my* wat in die kort antwoord voorkom. Die Christen beantwoord die vraag hier deur te vertel wat die Heilige Gees vir hom persoonlik doen. Die Kategismus sê dat Hy *my* persoonlik, deur ’n ware geloof, Christus en al sy weldade deelagtig maak. Dus, Hy stel my in staat om die verlossing deur Christus aan te neem dus die volgende weldade aan my skenk.

(a) DAT HY MY WEDERBAAR. Oor die wedergeboorte en bekering word in les 65 gehandel. Hier kan van die wedergeboorte net gesê word dat God in sy ewige liefde van Sy kant af die mens deur die Heilige Gees soek en, *sonder dat hy daarvan bewus is, sy sondige wil en neiging om God en sy naaste te haat, verander, wederbaar. Hy maak van hom so ’n ander mens dat dit net so goed is as wanneer ’n nuwe mens gebore word* (Joh. 3:1-21). Nadat God hom so deur sy Gees wederbaar het, kom hy dan tot die bewuste begeerte (bekering en berou) om God en sy naaste lief te hê en om hom van die duiwel en sy werke af te keer en tot God te bekeer.

(b) DAT HY MY IN ALLE WAARHEID LEI. Een van die groot werke van die Heilige Gees is dat Hy die gelowige in alle *waarheid* lei. *Hy is die Gees van Waarheid* (Joh. 14:17). *Hy getuig omtrent Christus* (Joh. 15:26). *En wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sê Christus, sal Hy julle in die hele waarheid lei* (Joh. 16:13). *Ook sê Christus dat in dae van verdrukking en vervolging Hy aan die gelowiges woorde en wysheid sal gee wat al julle teëstanders nie sal kan weerspreek of weerstaan nie.* (Luk. 21:15).

Ons moet egter onthou dat God veral sy Heilige Gees gee om vir ons Sy Woord duidelik te maak en om ons sodoende te lei, maar hieroor in die volgende paragraaf.

(c) *DAT HY MY TROOS*. Jesus het dikwels, as Hy sy dissipels op sy heengaan wys, gepraat van die Heilige Gees as die Trooster vgl. ook Hand. 9:31. Troos het die kinders van God gedurig nodig – as hulle bedroef is oor hul sonde of as hulle bedroef is oor al die ellende wat gevolg is van die sonde. Hy leer hulle om hul harte in gebed voor God te ontsluit en hul oog na bo te rig, na die toekomstige heerlikheid waarby alle aardse ellende en verdrukking lig word.

(d) DAT HY IN EWIGHEID BY MY SAL BLY. Ons het baie dinge in die lewe wat ons weer ontneem word, maar die Heilige Gees sal nooit aan ons ontneem word nie – nie aan sy gemeente nie en nie aan God se kinders nie. Dit wil nie sê dat Hy altyd ewe kragtig in ons werk en dat ons nie soms in sonde verval nie, maar nooit sal ons verval van die genade nie. *Niemand sal hom wat eenmaal wedergebore is, uit die hand van God ruk nie*. (Joh. 10:28) *Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.*

## DIE MIDDELE WAT DIE HEILIGE GEES IN SY WERK GEBRUIK.

Die Here Jesus sê van die werk van die Heilige Gees: *Hy sal die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel.* Dan weer sê Hy: *Hy sal My verheerlik*.

Nou hoe doen die Heilige Gees hierdie werk? Hy kan sonder ’n middel werk, maar Hy doen dit nie. Die middele wat die Heilige Gees gebruik is:

GODS WOORD*:* Gods Gees spreek deur Gods Woord tot ons, daarom is dit so uiters noodsaaklik dat ons die Bybel getrou moet lees en bestudeer om sodoende die leiding van God te verstaan. Daarom is dit ook nodig om tog nie te versuim om die eredienste by te woon nie. Deur die Woord oortuig Hy ons van sonde; deur die Woord versterk Hy ons geloof; deur die Woord lei Hy ons in alle waarheid en vertroos Hy ons; deur die Woord maak Hy ons geskik vir sy diens.

Die Woord is die saad waarin die Christen krag ontvang om daagliks te groei, en in heiligmaking toe te neem.

(b) DIE GEBED: Die tweede middel wat ons wil noem waarvan die Heilige Gees gebruik maak is die gebed. Paulus sê dat ons nie reg weet wat om te bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge. Die Gees tree ook in vir die heiliges (Rom. 8:26,27). Dus, die Heilige Gees gebruik die gebed om vir ons te bid en ons te leer om vir andere te bid, en deur ons gebedslewe andere ook tot die Jesus Christus te bring.

(c) ONSSELF: Die derde middel wat die Heilige Gees gebruik om sy werk te doen is onsself. Die Gees kan sonder ons werk. Hy het ons nie nodig in sy werk nie, maar deur sy grote genade en liefde kom Hy tot ons en Hy wil ons mede-arbeiders met Hom maak. Hy gebruik almal nie vir dieselfde werk nie, ons moenie almal een en dieselfde werk doen nie. In 1 Kor. 12:8 bv. sê Paulus *dat die Gees sy gawes uitdeel, en elkeen moet werk volgens die gawe wat hom gegee is*. Die een roep Hy miskien na die sendingveld, die ander om predikant te word; 'n ander weer om as onderwyser vir Hom te getuig. Selfs die kinders op die skoolbanke roep hy om met 'n woordjie op sy regte tyd, of op die sportveld, deur 'n voorbeeld te stel, of op 'n ander manier, vir Hom te werk. Maar waar Hy ons veral gebruik, is deur ons lewe. Hy verlang om die beeld van die Here in ons te herstel deur ons gehoorsaamheid aan Sy Woord. Hy wil ons Christus gelykvormig maak, en dan as Christus in ons lewe gesien word, dan getuig ons vir Hom deur daardie lewe. Laat ons dan vir ons onvoorwaardelik in sy hande stel sodat Hy ons ook in sy heerlike werk kan gebruik hoe en waar Hy wil.

### 'N VOORSTEL OM DIT PRAKTIES TE DOEN.

Die eerste stap is om seker te maak dat jy 'n persoonlike verhouding met God het. Dit kan jy doen deur die Here op Sy Woord te neem en in gebed Sy belofte in Joh.1:12 vir joupersoonlik te aanvaar. Hy sê in Joh 1:12 *Aan almal wat Hom aan geneem het, die wat in Hom glo het Hy DIE REG gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie uit die drang van 'n mens nie, maar God is hulle Vader.*

Tweedens help dit om jou gevoelens, ervarings en angs en blydskap, elke dag neer te skryf in 'n boek (joernaal), en dit dan voor God lê deur gebed. Wanneer mens dit skriftelik doen help dit om jouself beter te verstaan en om te kan sien hoe God jou gebede verhoor. Baie keer deur omstandighede, of deurdat iemand iets sê, wat jy dan ervaar as 'n antwoord op jou gebed. Dan kan jy dit in die

boek aanteken. Op hierdie manier word jou geloof versterk en groei jy in jou persoonlike ervaring van en op God.

**VRAE**

1. Vertel die geskiedenis van die uitstorting van die Heilige Gees.
2. Watter twee beelde was daar by die uitstorting?
3. Het die Heilige Gees toe vir die eerste maal op die aarde gekom?
4. Wie het die Heilige Gees na ons gestuur?
5. Noem vier werke wat die Heilige Gees vir u doen. Hoe word ’n mens wederbaar?
6. Watter middel, veral gebruik die Heilige Gees om ons te lei?
7. Waarom het jy troos nodig?
8. Kan ’n wedergeborene verlore gaan?

## GELOOFSLES 44: DIE HEILIGE GEES EN DIE WOORD VAN GOD

### DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS, ARTS. 3 EN 7

**3. Oor die geskrewe Woord van God**.

Ons bely dat hierdie Woord van God nie gestuur of voortgebring is deur die wil van ’n mens nie, maar die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe, het dit gespreek, soos die heilige Petrus sê. *Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel; en Hy het Self met sy vinger die twee tafels van die Wet geskrywe. Om die rede noem ons hulle geskrifte: Heilige en Goddelike Geskrifte.*

**7. Die Volkomenheid van die Heilige Skrif om alleen die reël van die Geloof te wees.**

*Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word. Want aangesien die wyse waarop God deur ons gedien moet word daarin geheel en al en uitvoerig beskrywe is, is dit aan geen mens, al was dit ook die apostels, geoorloof om anders te leer nie as wat ons alreeds geleer word deur die heilige Skrifte; Ja, al was dit ook ’n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê. Want omdat dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat, is daardeur duidelik genoeg dat die leer daarvan geheel volmaak en in alle opsigte volkome is.*

*En geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al gewees het, mag met die Goddelike Skrifte gelykgestel word nie, of ook die gewoonte met die groot waarheid van God nie, want die waarheid is bo alles – of ook die groot menigte of die oudheid of die opvolging van tye of persone, of die Kerkvergaderinge, verordeninge of besluite nie; want alle mense is uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self. Daarom verwerp ons van ganser harte alles wat met hierdie onfeilbare reël nie ooreenkom nie, soos die apostels ons geleer het as hulle sê: Stel die geeste op die proef of hulle uit God is. En ook: As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie.*

Vandag behandel ons 'n belangrike leerstuk waaromtrent niks in die Kort Begrip en Heidelbergse Kategismus te vinde is nie, nl. DIE INSPIRASIE VAN DIE BYBEL. Iets meer word daaromtrent in die Nederlandse Geloofsbelydenis gesê. Maar selfs daar is nie veel nie, aangesien in die tyd toe die Belydenis opgestel is die goddelike inspirasie van die Bybel as feit aangeneem is wat deur almal erken was en daarom nie verdere omskrywing en verdediging nodig gehad het nie.

Doel van vandag se les is dus die uiteensetting en verduideliking van die inspirasiebegrip d.w.s. ons sal vandag hoor hoe die Bybelboeke geskryf is.

## DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD INSPIRASIE.

Die woord: "inspirasie" word in wyer en nouer betekenis gebruik. In wyer sin word daar gepraat van die inspirasie om 'n gedig of mooi stuk prosa te skryf, ens. Ons sê dikwels die man was geïnspireerd toe hy dit of dat gedoen het. Hierdeur word nie bedoel dat daar bonatuurlike of Goddelike kragte in die skrywers werksaam was nie. Maar in die teologie word die woord in 'n bepaalde nouer betekenis gebruik vir die Goddelike inspirasie van die Bybel.

Aanleiding vir die gebruik van die woord hier, was waarskynlik die vertaling in die *Vulgata* (die Latynse vertaling van die Bybel) van die Griekse woord *theopneustos* (deur God ingegee) in 2 Tim. 3:16, deur *divinitus inspirata*. Die betekenis van die woord *theopneustos*, en daarom ook van die woord inspirasie, is van God deur-adem. Dit beteken dat God, die Heilige Gees, op heel besondere manier in die Bybelskrywers teenwoordig was en hulle gebruik het om die Bybel te skryf. Hy het hulle deur-adem, ja uitverkies, voorberei, bekwaam, geheilig, onderrig en gebruik om die Bybelboeke te skryf, sodat daardie boeke vry is van dwaling en die Woord van God self is.

## DIE FEIT VAN DIE INSPIRASIE VAN DIE BYBEL DEUR GOD DIE HEILIGE GEES.

Die *Nederlandse Geloofsbelydenis* sê vir ons in Art. 3 twee dinge: *eerstens, dat die Bybel van Goddelike oorsprong is, dat dit sy Woord is en, tweedens, dat God sorg gedra het om sy Woord op skrif te laat stel.*

### (a) DAT DIE BYBEL VAN GODDELIKE OORSPRONG IS.

Die apostel Petrus sê: *Geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek* (2 Petr. 1:21). Dit is die derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid, nl. die Heilige wat hier werksaam is.

*Die Bybel self getuig van sy goddelike oorsprong*: Luister, wat Dawid op sy sterfbed verklaar: *Die Gees van die Here spreek in my, en sy woord is op my tong* (2 Sam. 23:2). Jesaja is daar bewus van dat sy profesieë nie sy eie is nie, maar dat God deur hom spreek. Lees Jes. 1:2. *Hoor, O Hemele, en luister, o aarde! Want die Here spreek*. Lees ook Jer. 1:7 en Eseg. 1:1-3. Lees veral ook wat Paulus aan Timoteus skryf in 2 Tim. 3:16. *Die hele Skrif is deur God ingegee (theopneustos) en is nuttig tot lering, tot wederlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid.* Hierdie gesegdes was nie sommer 'n manier van praat om klem by te sit nie, maar die sprekers en skrywers was bewus daarvan dat iets buitengewoons met hulle plaasvind, Hulle wou aan hul toehoorders en lesers duidelik maak dat dit nie hulle was wat praat nie, maar God. Wanneer ons dus luister na die Bybel, luister ons na die stem van God; wanneer ons dit lees, is ons daarvan bewus dat dit Heilige en Goddelike Geskrifte is.

### (b) DAT GOD SORG GEDRA HET OM SY WOORD OP SKRIF TE LAAT STEL.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis beskryf hierdie sorg soos volg: *Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel.* Die opdrag aan profete en andere om gebeurtenisse en openbaringe nie net alleen mondeling mee te deel nie maar ook op skrif te stel, word dikwels in die Bybel gevind. In Ex. 17:14 ontvang Moses van God bevel om die stryd met en oorwinning oor Amalek te boek te stel. In Ex. 24:3,4,7, en 34:27 ontvang hy bevel om die regte en wette te boek te stel waarvolgens God sy verbond met Sy volk opgerig het. Die profeet Jesaja ontvang direk bevel om op te skryf wat God aan hom sê (Jes. 8:1; 30:8). Vergelyk hiermee ook Jer. 30:2; 36:2, 27-32; Eseg. 24:2; Dan. 12:4; Hab. 2:2.

Die Here God het dus ook vir die skriftelike optekening van sy openbaring besondere sorg gedra. Die te boekstelling van die openbaring van God aan sy

knegte en profete was dus nie maar iets toevalligs en van minder betekenis wat aan hul eie willekeur oorgelaat was nie. God het daarvoor sorg gedra.

Daarom kan ons ook nie die Woord van God skei van die Bybel en sê die Bybel is nie Gods Woord nie, maar Gods Woord is in die Bybel. Inhoud en vorm kan nie so geskei word nie. Hier moet nou die vraag beantwoord word hoevêr die werking van die Heilige Gees in hierdie verband met die skrywers gegaan het?

**WAT DIE HEILIGE GEES VIR DIE SKRYWERS GEDOEN HET.**

(a) VEREERS WAS DAAR DIE GODDELIKE AANDRYWING OM TE SKRYF. *Deur die Heilige Gees gedrywe het die heilige mense van God gespreek,* soos die apostel Petrus dit uitdruk, en ook die gesproke woord te boek gestel, soos reeds hierbo aangedui. Hulle kon nie, na eie wil, nalaat om neer te skryf wat aan hulle geopenbaar is nie. Maar dit is nie so dat hierdie manne teen hul wil gespreek en geskryf het nie. Nee, die Heilige Gees het hulle opgewek voorberei en bekwaam gemaak om dit te doen.

(b) DAN WAS DAAR DIE WERKSAAMHEID VAN DIE HEILIGE GEES OP DIE VERSTAND van die heilige manne van God waardeur hulle in staat gestel was om die dinge te kon neerskryf.

(1) Vereers was daar dinge waarvan hulself geweet het en net deur die Heilige Gees aan herinner moes word.

(2) Dan was daar gebeurtenisse waarvoor studie en bronne-raadpleging sekerlik nie oorbodig was nie en waarby die Heilige Gees hul voorgelig het.

(3) En in die laaste geval was daar sake waarvan hulle nie geweet het, of kon weet nie en wat aan hulle deur die Gees openbaar is om neer te skryf.

VERDER WAS DAAR DIE GODDELIKE BESTUUR DEUR DIE HEILIGE GEES WAARDEUR ALLE DWALING UITGESLUIT WAS. Gewoonweg was die Bybelskrywers soos alle ander mense nie van dwalinge vry nie, maar wanneer hulle die openbaring van God te boek gestel het, het die Heilige Gees daarvoor sorg gedra dat niks anders as die absolute waarheid, aangaande wat God gespreek het, of hoe 'n gebeurtenis plaasgevind het, neergeskryf is nie.

HULLE HET GEEN FOUTE GEMAAK NIE. Hoe dit geskied het, sal nou bespreek word.

Die manier waarop dit gedoen is. Die manier waarop die Heilige Gees werksaam was op die verstand van die heilige manne by die te boekstelling van die openbaringe van God, word veral op twee maniere voorgestel: daar word gepraat van ’n meganiese en ’n organiese inspirasie.

(a) MEGANIESE INSPIRASIE. Volgens hierdie voorstelling is die skrywers van die Bybelboeke eenvoudig net die hande en penne van die Heilige Gees. Daar word sodanig op hulle beslag gelê dat hulle net sekretarisse is van die Heilige Gees. Hulle is niks anders as meganiese toestelle nie. Hierdie voorstelling word vandag nie meer deur Gereformeerde teologie gehuldig nie. Die groot meerderheid is die organiese voorstelling toegedaan.

(b) ORGANIESE INSPIRASIE. Dr. H. Bavinck beskryf die organiese voorstelling van die inspirasie soos volg: *Die werksaamheid van die Heilige Gees, met die skrywers, het daarin bestaan dat God, nadat Hy die menslike bewussyn van die skrywers op allerlei maniere, deur geboorte, opvoeding, natuurlike gawes, ens. voorberei het, hulle nou tydens die skrywe self, in die bewussyn die gedagtes en woorde, die taal en die styl laat opkom het wat die goddelike gedagte op die beste manier vir mense van allerlei rang en stand, van alle volke en tye, kon vertolk.*

(c) DEUR ORGANIESE INSPIRASIE WORD IN HOOFSAAK DIE VOLGENDE VERSTAAN:

1. Dat God sekere manne van hul jeug af bestem en gevorm het om die Bybelboeke te skryf (Hand. 7:20-22). Hy het hul talent, karakter, aanleg, opvoeding, lewensposisie, lewensroeping en lewenslot bepaal.
2. Deur die inspirasie was eie ondersoek, nadenking, navorsing nie uitgesluit nie. Noukeurige ondersoek (Luk. 1:1-4), die raadpleeg van bronne en die werksaamheid van die geheue was ’n noodsaaklikheid.
3. Ook wat bepaald eiesoortig was aan ’n skrywer, en ’n stempel was van sy persoonlikheid, is nie onderdruk nie. Elkeen het bv. sy eie taal, sinsbou en styl – in die van Lukas, die geneesheer; in die Psalms van Dawid, die herder en krygsman; in die briewe van Paulus, die geleerde en voormalige wetgeleerde. As bogenoemde dinge dan so is, gee dit sekere eienskappe aan die Bybel.

**DIE EIENSKAPPE VAN DIE BYBEL**.

Die goddelike inspirasie van die Bybel het besondere betekenis vir ons want dit gee bepaalde eienskappe daaraan. Die hervormers het vier eienskappe aan die Skrif toegeken:

(a) DIE VAN OUTORITEIT, d.i. dat die Bybel absolute gesag het vir die geloof en die lewe.
(b) DIE VAN NOODSAAKLIKHEID, d.i. dat dit noodsaaklik was dat die Openbaring van God nie net deur die onnoukeurige tradisie sou voortlewe nie, maar in die noukeurige geskrewe Woord onvervals bewaar sou bly. Daarom rus die verpligting ook op elkeen om die Bybel te lees.
(c) DIE VAN DUIDELIKHEID, d.i. dat die Weg tot saligheid, daarin vir die eenvoudigste mens verstaanbaar is.
(d) EN DIE VAN GENOEGSAAMHEID OF VOLKOMENHEID. In die 7de Artikel van die belydenis word veral klem gelê op die volkomenheid of genoegsaamheid van die Bybel en op sy outoriteit.

DIE OUTORITEIT VAN DIE BYBEL. Die eerste beginsel deur die hervormers neergelê is die van outoriteit, nl. dat die Bybel absolute gesag het vir geloof en lewe. Die Christen mag en moet sy geloof en lewe volgens geen ander reël inrig nie as net na die Bybel.

Die hervormers het gesê dat alleen die Bybel onfeilbaar is en dat die Kerk op niks anders gegrond mag wees nie, sowel in sy belydenis as in sy lewe en gebruike, asook in sy regering. Daarom preek ons uit die Bybel en uit niks anders nie (vgl. die voorbeeld van Paulus Hand. 17:2 en 3); daarom rig ons ons lewe in volgens die Bybel, en word ons Kerk regeer volgens ’n stelsel wat niks anders as Bybels is nie.

NIEMAND MAG HOM GELYK OF BOKANT DIE HEILIGE SKRIF STEL NIE, want Jesus het Hom ook nie, ons tot ’n voorbeeld, daar bokant gestel nie. Lees hieroor Matt. 5:17. Hierdie rigsnoer wat ons in die Bybel het, is ook nie net vir een geslag en vir die omstandighede van een tyd nie, maar vir alle geslagte en vir alle omstandighede, want die hemel en die aarde sal verbygaan maar My woorde sal nooit verby gaan nie, het Hy gesê (Matt. 24:35). Dit is ook nie net vir een gebied van die lewe nie, maar vir alle gebiede. Die beginsels van die Bybel moet op alle lewensterreine ingedra, toegepas en bestendig word.

**VRAE**

1. Wat beteken die woord inspirasie?
2. Noem 'n paar voorbeelde om te bewys dat die profete en andere bewus was dat God deur hulle praat.
3. Noem 'n paar voorbeelde op waar God beveel het om dinge wat gespreek is of gebeur het te boek te stel.
4. Wat het die Heilige Gees vir die skrywers gedoen?
5. Wat is die verskil tussen meganiese en organiese inspirasie?
6. Noem vier eienskappe van die Bybel.
7. Wat is die betekenis vir uself en vir ons kerk dat die Bybel gesag het oor ons geloof en ons lewe?

## GELOOFSLES 45: DIE HEILIGE GEES EN DIE KERK

### *APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS*, ART. 9.

*Ek glo in 'n heilige, algemene Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges.*

Ons begin vandag met die 9de artikel van die Geloofsbelydenis en ons hou ons nou net besig met die begrip KERK. Oor die dinge waaroor ons vandag praat, is daar niks of byna niks in die Kort Begrip en die Kategismus nie; daarom behandel ons direk die 9de artikel in die Belydenis. In die eerste plek praat ons oor:

### DIE WESE OF AARD VAN DIE KERK.

DIE KERK: NIE LOS-VAN-MEKAAR-STAANDE PERSONE NIE. Van die begin af het die Here vir Hom 'n Kerk van gelowiges vergader, nie van enkele op sigself staande persone nie, hier een, en daar een, en orals een, wat niks met mekaar te doen het nie. Nee, Hy het sy Kerk gevorm deur huisgesinne, soos die van Adam, Noag, Abraham en deur hulle in families en stamme, soos die van die kinders van Jakob; in 'n volk, soos die kinders van Israel. En alhoewel daar onder hulle was wat nie ware gelowiges was nie en daar skeuring en afskeiding gekom het, nogtans was daar altyd die historiese en organiese band tussen die gelowiges. Hulle het tot mekaar behoort.

By die vorming van die Christelike Kerk het Christus sy 12 Apostels geroep, wat nie los van mekaar gestaan en geleef het nie, maar die nouste gemeenskap met mekaar onderhou het ook na sy dood (Hand. 1:14). So het dit ook gebeur by die stigting van die Christelike gemeentes. Gelowiges saam en huisgesinne het met mekaar gemeentes gevorm, en van uit die gestigte gemeentes het die Kerk uitgebrei.

(b) DIE KERK 'n VERGADERING VAN GELOWIGES. Ja, die Kerk bestaan nie losstaande individue nie, maar is 'n vergadering van gelowiges in Christus Jesus wat deur die kragtigste geestelike bande saamgebind is. Hiervan sê die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art. 27): *Ons glo en bely 'n kerk wat 'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees.*

(c) DIE KERK - 'n MOEDER VAN DIE GELOWIGES.
Die geskiedenis het bewys gelewer dat die Here God deur middel van sy Kerk werk en nie anders om nie. Daarin word die verbondskinders gebore en van daaruit word die Evangelie oor die hele aarde verbrei. Die geskiedenis leer dat daar nie noemenswaardige vooruitgang en blywende geestelike vrug is in die arbeid van bewegings buitekant die Kerk om nie. Dit is nie die manier waarop God verkies om te werk nie. Hy werk deur middel van Sy Kerk; daarom kan die Kerk ook genoem word nie alleen Vergadering van die gelowiges nie, maar ook in sekere sin moeder van die gelowiges.

(d) DIE KERK - DIE ONTSTAAN VAN DIE CHRISTELIKE KERK.
Die Christelike Kerk is genoem na sy stigter, Christus. Die kerk in Ou Testamentiese tye was 'n nasionale kerk, d.w.s. dit was beperk tot een volk, die Joodse. Die karakter van die Christelike Kerk is dat dit bestemd is vir alle lande, volke en tale.

Op Pinksterdag het die Kerk 'n selfstandige, eie lewensbeginsel ontvang, die Heilige Gees, wat onder hom sou woon, wat met die Woord die Wedergeboorte en geloof in die harte sou werk, wat sou roep tot bekering, die gelowiges sou bou in hul heiligmaking, hulle sou laat volhard en uiteindelik die saligheid sou laat beërwe. Hierdie gebeurtenis was van die allergrootste belang. Dink maar aan die terughoudende optrede van die apostels.

(e) DIE KERK - DIE NAAM "GEMEENTE" EN "KERK".
In die O.T. is daar reeds 'n Hebreeuse woord wat in die Afrikaanse Bybel met gemeente vertaal word (Deut. 30:31; Joël 2:16), maar Christus self was die eerste om die woord gemeente op diegene wat in hom glo, in die N.T. toe te pas. Die woord *gemeente* is 'n vertaling van die Griekse woord *ekklesia* wat oral in die Afrikaanse Bybel met gemeente vertaal word. Maar dit kon ewe goed met die woord *kerk* vertaal gewees het.

Ekklesia (gemeente, kerk) het in die N.T. verskillende betekenisse: Soms word dit gebruik vir die gelowiges waar hulle in hul samekomste bymekaar is (Hand. 5:11); soms om die plaaslike gemeente self aan te dui al is daar geen samekoms

nie (1 Kor. 16:1); soms word alle gemeentes saam ekklesia genoem (Gal. 1:13; Ef. 1:22); en dan weer, word ook van die gelowiges wat reeds in die hemel is saam met die op die aarde as van die wat reeds in die hemel is as die gemeente van Christus gepraat. (Hebr. 12:23)

(f) DIE STRYDENDE EN TRIOMFERENDE KERK.
Die gelowiges op die aarde word dikwels die *strydende Kerk* genoem. Hulle moet nog stry teen Satan en al sy magte, teen hul eie onvolmaaktheid en die bose magte wat hulle omring. Aan die ander kant word die afgestorwe gelowiges wat reeds met Christus is, die *Triomferende Kerk* genoem. Hul stryd is verby en hulle het in Christus getriomfeer oor Satan, die dood en die hel en geniet die geluksaligheid.

(g) DIE KERK - ONSIGBAAR EN SIGBAAR.
Die Kerk is onsigbaar en sigbaar. *Onsigbaar is hy soos God alleen weet wie uitverkore is en wie nie. Hy alleen ken die wat syne is* (2 Tim. 2:19). Ons kan maar alleen oordeel na die uiterlike. Hy oordeel oor die verborgene. So is daar in die sigbare Kerk ook die kaf onder die koring. Hy alleen weet wie die ware gelowiges is. Matt 13:28 -30 - *Wil u hê ons moet dit gaan uittrek? Nee, sê Hy, as julle die onkruid nou bymekaarmaak, sal julle die koring saam uittrek. Laat al twee saam groei tot met die oes.*

Onsigbaar is die deel van die Kerk ook wat met Christus getriomfeer het (Hebr. 12:22-24). Hierdie deel van die Kerk word nie met die vleeslike oog waargeneem nie, maar is 'n saak van die geloof. Onsigbaar is die Kerk ook soos dit tot stand kom deur die verborge werkinge van die Heilige Gees.

*Sigbaar* is die Kerk soos hy hom eerstens openbaar in die belydenis en wandel van sy lede op alle terreine, soos hy georganiseer is in die ouderlings en diakensampte, en in sy dienste en samekomste. In die eerste geval word daar gepraat van *die Kerk as organisme* en in die tweede van *die Kerk as instituut*. Verder praat ons vandag oor:

## DIE ROEPING VAN DIE KERK

Wat is nou eintlik die doel of taak of roeping van die Kerk? Hoe groot is hierdie taak tog nie!

(a) DIE KERK IS NIE DAAR TER WILLE VAN HOMSELF NIE. Die Kerk is nie daar ter wille van homself, as 'n doel in homself, om homself te bevoorreg en te dien nie. Dit tref ons aan van baie aardse instellinge. Hulle is groot en magtig, verrig ook hier en daar 'n diens, maar hulle dink in die eerste plek aan hulself.

Die roeping van die Kerk is:

(b) OM GOD, DRIEËNIG, TE KEN EN TE VERHEERLIK. Dit is sy hoogste en belangrikste roeping om Hom deur sy Woord te ken en om Hom te eer, te dien en te verheerlik.

(c) OM DIE GELOOF VAN DIE VERBONDSKINDERS VAN GOD OP TE BOU. Dit word o.a. gedoen deur die prediking van die kansel, deur die gebruik van die sakramente, deur die uitoefening van die tug, deur die onderwys in Sondagskole en Katkisasie. Die eerste plig van die Kerk is om die geloof van die lidmate in Christus op te bou.

(d) OM DIE LIG EN DIE SOUT VAN DIE WÊRELD TE WEES. Hy moet die lig van die Woord van God op elke lewensterrein indra en laat skyn. Dit doen hy deur die prediking, en veral deur die goeie belydenis en wandel van sy lede waar hulle op elke lewensgebied, huislik, maatskaplik opvoedkundig, staatkundig, ens. beweeg en die beginsels van die Woord oral kan toepas,

(e) OM DIE EVANGELIE UIT TE DRA. Nie alleen aan die verbondskinders nie maar ook aan die hele wêreld moet die Evangelie gebring word.

(f) OM DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID TE BEOEFEN. Aan armes, siekes, verwaarloosdes en veragterdes. Hulle is ’n groot skare, en so belangrik dat Christus een van die ampte van die Kerk ingestel het met die doel om hulle te dien. Die Diaken amp.

**VRAE**

1. Watter bewyse het jy dat die Kerk nie van mekaar losstaande individue is nie?
2. Watter uitdrukking, volgens die Ned. Geloofsbelydenis, beskryf die wese van die Kerk, die beste?
3. Wat word bedoel deur die Kerk is moeder van die gelowiges?
4. Deur wie is die Christelike Kerk gestig?
5. Waarom is die Pinksterdag vir die Christelike Kerk van soveel betekenis?
6. Waarvandaan kom die naam gemeente?
7. Noem vier betekenisse van die naam gemeente (ekklesia) in die N.T.
8. Met watter ander woord kon “ekklesia” net so goed vertaal gewees het?
9. Wat beteken die Strydende en Triomferende Kerk?
10. Wat word verstaan deur die Sigbare en Onsigbare Kerk?
11. Noem vyf sake wat die Kerk geroepe is om te doen.

## GELOOFSLES 46: DIE EIENSKAPPE VAN DIE KERK

### APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS, ART. 9.

*Ek glo in 'n heilige, algemene Chrislelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges.*

In die vorige les was ons net besig met die begrip *kerk*. In hierdie les word daar gehandel oor die eienskappe van die kerk. In die Apostoliese Geloofsbelydenis word vir ons die eienskappe genoem, *dit is 'n heilige, algemene, Christelike Kerk.*

Laat ons een vir een nagaan. Laat ons daarop let dat hier in die enkelvoud van kerk gepraat word en nie in die meervoud van kerke nie. In Die Geloofsbelydenis van Nicea wat deur die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art. 9) as eg aangeneem word, word dan ook die volgende uitdrukkings gebruik: - *Ek glo... een, heilige, algemene, apostoliese kerk*. Die eerste eienskap van die kerk is dus die van eenheid.

### DIE EENHEID VAN DIE KERK

As ons na die sigbare Kerk kyk, soos hy openbaar word in die belydenis en wandel van sy lede en in sy ampte, dan is daar 'n menigvuldigheid van kerkgenootskappe en nie net een kerk nie. Ten spyte daarvan praat ons van die eenheid van die Kerk. Hierdie eenheid wat ons van praat, is *'n onsigbare geestelike eenheid*.

Laat ons onthou daar is maar een Christus en Hoof van die Kerk, een Middelaar tussen God en die mense, een verlossing, een saligheid, sodat dit nie anders kan as dat in sy diepste wese daar maar een Kerk kan wees nie, ten spyte van die sigbare verskeurdheid daarvan. In hierdie sin was daar, is daar, sal daar en behoort daar altyd maar net een Kerk te wees, en behoort alle gelowiges aan die Kerk. Hierdie eenheid word daarin sigbaar dat alle Christene deur *dieselfde doop in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees gedoop word, dieselfde belydenis het in die Apostoliese Geloofsbelydenis, almal die nagmaal bedien en almal bid, alhoewel hulle in die uitleg van bostaande dinge verskil.*

### DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK.

As ons na die sigbare Kerk en sy lede kyk, dan is daar veel wat gebrekkig en onheilig is en waaroor ons diepe berou moet hê, want Christus verlang na 'n heilige volk. Daarom beskryf die Bybel die Kerk dan ook as heilig: die gemeente word beskryf as heilig, 'n heilige volk, en die gelowiges is heilig 1 Pet. 1:15-16 - *Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees.* Daar staan immers geskrywe: *wees heilig want Ek is heilig.*

Hulle is tempels van die Heilige Gees (1 Kor. 3:16,17; 6:19); *Hulle is deur die Heilige Gees gewas en in Christus geheilig* (1 Kor. 6:11; Ef. 5:26,27).

Hulle moet alle sondes, die werke van die vlees en wêreldse begeerlikhede vermy en bestry (Gal. 5:19,24). *Die praktyke van die sondige natuur is algemeen*

*bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. (*Kol. 3:5; Hebr. 12: 1,4).

Daarenteen moet hulle alle deugde beoefen en goeie werke bevorder. Gal. 5:22 *- Die vrug van die Gees daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing* (Fil. 4:8; Kol. 3:12). Die heiligheid van die Kerk word deur ons bely omdat dit in Christus bestaan en deur Hom ons deel word.

Heilig en volmaak sal die sigbare Kerk en sy lede nooit op aarde wees nie. *Ons heiligheid is objektief onsigbaar in Christus geleë en dit word subjektief sigbaar ons deel deur die gedurige hervorming en vernuwing van ons hart.*

## DIE ALGEMEENHEID VAN DIE KERK

Deur die algemeenheid van die Christelike Kerk word bedoel dat die Kerk nie behoort aan een land of volk nie, een tyd of plek nie of aan een geslag of leeftyd nie of gebonde is aan geld of goed nie. (a) Hy is onafhanklik van aardse verskille, teenstellinge en besittings. (b) Hy bring die Evangelie aan alle skepsels, 'n Evangelie, wat geskik en nodig is vir alle mense, alle tye en omstandighede.

Dat die Kerk algemeen is, is duidelik uit die Bybel. Dit was van die begin af so (Gen. 3:15), selfs in sy tydelike nasionale beperking onder Israel was dit tog vir alle volke van die aarde bestem (Gen. 12:2, Joël 2:32; Miga 4:1,2; Jes. 25:6-10). *Na sy opstanding het die Here opdrag gegee aan sy dissipels om die Evangelie aan alle volke te verkondig en van alle volke sy volgelinge te maak* (Matt. 28:19; Mark. 16:15).

Die ware Protestantse Kerke huldig die Apostolisiteit van die Kerk in die sin dat n.a.v. die leer van die apostels, dat kerke dieselfde leer verkondig as van die apostels afkomstig. *Dit is* 'n *opvolging van leer en nie van persone nie*.

## DIE KERK IS CHRISTELIK.

Dit is deur Christus gestig en na Hom genoem.

Dit is in Sy bloed geplant en verkondig sy woorde en werke.

Hy is daarvan die Hoof en die Kerk is sy liggaam (1 Kor. 12:12-31). Hy is die wynstok en die Kerk en gelowiges die ranke (Joh. 15:1). Daar is 'n onsigbare band tussen Hom en Sy Kerk. Hy deel aan hulle alle genadegawes en geestelike seëninge mee. Hulle is van Hom afhanklik en ewig aan Hom gebonde.

Bostaande is die eienskappe van die Kerk. Soos ons gesien het, is hierdie eienskappe grotendeels onsigbaar. Hulle kan maar alleen deur God gesien word en daarom kan die egtheid van die onsigbare Kerk en van die innerlike geloof van sy lede ook maar net deur Hom bepaal word. Die mens kan net oordeel na die

sigbare, die uiterlike. Daarom is dit ook baie moeilik vir die mens om volgens hierdie eienskappe te bepaal of 'n kerk waar (eg) of vals is. Om die rede het ons voorvaders hiervoor drie ander sigbare toetse gestel, maar hieroor word in les 48 gepraat.

**VRAE**

1. Noem vier eienskappe van die Kerk.
2. Wat verstaan jy deur die eenheid van die Kerk?
3. Wat is die standpunte van ander kerke daarvan?
4. Is die Kerk na sy sigbare kant heilig?
5. Wat sê die Bybel van die heiligheid van die Kerk?
6. Wat word bedoel deur die algemeenheid van die Kerk?
7. Is daar kerke wat die reg van die bestaan van ander kerke nie erken nie?
8. Waarom noem jy die Kerk Christelik?

## GELOOFSLES 47: DIE KERK EN DIE UITVERKIESING.

**KORT BEGRIP.**

VR. 40 *Wat glo jy van die heilige algemene Kerk?*

ANTW. (a) *Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag*

*(b) die uitverkorenes tot die ewige lewe, deur sy Gees en Woord, vir Hom vergader tot 'n gemeente waarvan ek glo dat ek 'n lewende lidmaat is en ewig sal bly*. Openb. 5:9. *U het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie.*

(c) Efes. 1:4 - *Soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld.* Joh. 10:28 - *En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in die ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 54 *Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike Kerk?*

ANTW. *Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord, in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, en waaraan die Kategismus byvoeg beskerm en onderhou en daarvan waarvan ek glo ek* 'n *lewende lidmaat is en sal bly.* Ons is nog besig met die 9 de artikel van die Geloofsbelydenis

oor die Kerk en hierdie les behandel 'n belangrike leerstuk in band daarmee, nl. die uitverkiesing.

In die 23ste les is reeds ten dele daaroor gepraat en daarop gewys dat die feit van die uitverkiesing volgens die geskiedenis in die Bybel en die daaglikse ondervinding bo alle twyfel verhewe is. Dit het met die kinders van Adam begin en deur die huisgesinne van Noag, Abraham, Isak en hul geslagte tot vandag toe geloop waar ons rondom ons sien hoe daar talle mense uit alle volke sonder God sterwe (Matt 24:31; 22:14; Hand. 13:44,48; Rom. 8:29; Ef. 1:4;5; 1 Tess. 1:4; 2 Pet. 1:10,11).

Ook is daarop gewys dat die mens deur sy eie wil in die sonde geval het en dat God geen verpligting teenoor hom het nie. En as God toelaat dat sommige verlore gaan, dan kan niemand Hom verwyt nie. Ons moet dankbaar wees dat Hy sommige uit vrye genade red. God is ook in die uitverkiesing 'n regverdige God.

*Die Kort Begrip en Heidelbergse Kategismus* beantwoord vir ons nog verskillende probleme omtrent die uitverkiesing. Op die vraag*: Wat glo jy van die heilige, algemene Kerk*: antwoord die Kort Begrip*: Dat die Seun van God – vir Hom* 'n *gemeente – vergader, waaraan die Kategismus byvoeg: beskerm en onderhou*. Die eerste probleem wat ons stel is:

## WIE VERGADER? DIE SEUN VAN GOD

Die antwoord is die Seun van God. Hy doen die werk van die uitverkiesing deur God die Vader aan Hom opgedra. Die uitverkorenes is aan Hom gegee deur die Vader. Hy het hulle met sy dierbare bloed gekoop en sy werk is ook om hulle bymekaar te bring. Sy taak, as Middelaar, is nie afgehandel nie, voordat Hy hulle nie byeengebring het, in die gedurige stryd teen die sonde beskerm en onderhou het, en hulle eindelik in heerlikheid opgeneem het nie (Rom. 1:6; Joh. 10:28; Joh. 17:24).

Die uitverkiesing of daardie ewige besluit van God die Vader wat tot voorwerp het die ewige verwerping van sommige, of die ewige aanname van andere, word in die eerste hoofstuk, Art 6, van die Dordtse leerreëls o.a. soos volg beskryf: *Dat God aan sommige in die tyd die geloof skenk en aan ander nie, kom voort uit sy ewige besluit. Want al sy werke is Hom van ewigheid af bekend* (Hand. 15:18) *en Hy doen alles volgens die raad van sy wil* (Ef. 1:11).

*Volgens hierdie besluit vermurwe Hy genadiglik die harte van die uitverkorenes, alhoewel dit hard is, en buig dit om te glo. Maar hulle wat nie uitverkies is nie, laat Hy volgens sy regverdige oordeel in hulle boosheid en hardheid bly. En hierin vernaamlik, kom die diepe barmhartige en tegelyk regverdige onderskeiding van die mense, vir ons duidelik aan die lig, aangesien hulle in presies dieselfde staat van*

*verderf verkeer. Dit is die besluit van Verkiesing en Verwerping wat in die Woord van God geopenbaar is, wat sommige mense wel tot hul eie verderf verdraai, maar aan die heilige en Godvresende siele 'n onuitspreeklike troos verskaf.*

**UIT WIE VERGADER HY? UIT DIE GANSE MENSLIKE GESLAG.**

Van die tyd van Adam af tot vandag toe en uit alle volke. Dit was sy laaste bevel aan die apostels: *Gaan dan heen maak dissipels van al die nasies, en doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees* (Matt. 28:19; vgl. Openb. 5:9). Die Here vergader sy uitverkorenes nie net uit een volk nie maar uit almal. Dink maar daaraan in hoeveel tale die Evangelie vandag vertaal is en aan hoe baie volke dit verkondig word.

**WAT VERGADER HY? 'N GEMEENTE (KERK).**

Ons het reeds in die 45ste les gesien dat God nie *los-van-mekaar-staande persone* vergader wat niks met mekaar te doen het nie.

Hy vergader sy uitverkorenes in 'n gemeente wat met die kragtigste geestelike bande aan mekaar verbind is. Hulle is saamgebind in die eenheid van die ware geloof soos die Kategismus dit uitdruk. Alhoewel daar onderlinge verskille mag wees, is dit een en dieselfde band wat hulle verbind aan Christus die Hoof. Almal beaam dieselfde grondwaarhede van die Christendom soos uitgedruk in die Apostoliese Geloofsbelydenis terwyl almal ook die Here Jesus liefhet. Die Christelike gemeente is heeltemal iets anders as losstaande individue. Dit is 'n historiese en organiese eenheid. Dit is 'n vergadering van ware gelowiges met bepaalde eienskappe van eenheid, heiligheid en algemeenheid. (Sien die 46ste les.)

**MET WATTER DOEL VERGADER HY SY UITVERKORENES? TOT DIE EWIGE LEWE.**

Ja, Hy vergader, beskerm en onderhou hulle om aan hulle, na 'n lewe van deug en plig, die ewige geluksaligheid te skenk. Oor die ewige lewe word gepraat in les 5 daarom word hier nie veel daaromtrent gesê nie.

Dit begin reeds hier op aarde en die geluk daarvan bestaan daarin dat die breuk tussen God en mens geheel is, en dat die mens Hom in alle ewigheid eenmaal volmaak sal ken, volmaak sal liefhê, en volkome sal geniet in teenwoordigheid van God, die engele en die heiliges tot die eer en verheerliking van die van Drie-enige God.

## HOE VERGADER HY SY GEMEENTE? DEUR SY GEES EN WOORD.

Waar die Christelike Kerk ook al gestig en onderhou word, daar moet die Woord gebring en gepredik word, maar die Woord kan alleen vrug dra deur die werking van die Heilige Gees (Hand. 16:14; Rom. 10:14-17). In Rom. 10:14,17 staan die volgende: *En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?* Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God. Maar daar is baie wat die Woord hoor en tog nie glo nie. Net diegene glo in die Woord, wie se harte deur die Heilige Gees verlig en bevrug word.

## VIR HOE LANK VERGADER HY SY GEMEENTE? VAN DIE BEGIN VAN DIE WÊRELD AF TOT AAN DIE EINDE TOE.

Die werksaamhede van Christus het nie maar met sy menswording of hemelvaart begin nie. Sy gemeente het lank voor die tyd, ja, van die Paradys af, bestaan. Hy het sy gemeente begin vergader met die toevoeging van die eerste uitverkorene en Hy sal daarmee eindig met die toevoeging van die laaste. Hierdie werk van Christus strek hom uit oor die hele menslike geslag, oor al die eeue, van die Paradys tot die oordeelsdag, oor gans die Kerk en oor elke ware lidmaat. Dit is die betekenis van die antwoord wat die *Heidelbergse Kategismus* op bostaande vraag gee. Nog een baie belangrike vraag moet beantwoord word, nl.

## WAT IS MY VERHOUDING TOT DIE UITVERKORENES IN DIE KERK VAN CHRISTUS?

Die antwoord is: *Ek glo dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly, m.a.w. ek glo dat ek ook 'n uitverkorene is.*

Dikwels word die vraag gestel hoe sal ek nou weet of ek uitverkies is? Hierop antwoord die Dordtse Leerreëls soos volg: (Art. 12) *Van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid word die uitverkorenes op die regte tyd ofskoon met verskillende trappe en in ongelyke mate, verseker; nie as hulle die verborgenhede en dieptes van God nuuskieriglik deursoek nie, maar as hulle die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing, soos in die Woord van God aangewys bv. die geloof in Christus, kinderlike vrees van God, droefheid tot God oor die sonde, honger en dors na die geregtigheid, ens. in hulleself met 'n geestelike blydskap en heilige genieting waarneem* (2 Kor. 13:5).

Daar is soms groot bekommernis by lidmate of hulle uitverkies is of nie. Die feit dat hulle hul bekommer is juis 'n bewys van hul droefheid tot God oor die sonde, en honger en dors na die geregtigheid. By hulle is juis dan van daardie onfeilbare vrugte van die uitverkiesing te bespeur. Iemand wat nie uitverkies is

nie sal hom nooit daaroor bekommer nie. Sulke bekommerde harte moet daarop gewys word.

(b) ’n Mens tref soms ook mismoedigheid by lidmate aan wanneer hulle in die leerstuk van die uitverkiesing van die verwerping van die nie- uitverkorenes hoor en hulle vra hulleself af: Word ek nie ook onder die verworpenes gereken nie? Hulle redeneer en sê as dit alles aan die wil en ewige raadsbesluit van God geleë is of ek uitverkies is of nie, wat kan ek dan daaraan doen?

Daarby vind ek ook nog geen vrugte van die uitverkiesing by my nie. Weer moet geantwoord word dat hul kommer reeds ’n teken is van hul ewige uitverkiesing deur God en, wat die vrugte aanbetref, luister na die uitleg van: die Dordtse Leerreëls in Artikel 16: *Diegene wat die lewende geloof in Christus of die vaste vertroue van die hart, die vrede en die gewete, die betragting van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus in hulle nog nie duidelik voel nie, en nogtans die middele gebruik waardeur God beloof het om dit alles in ons te werk, hulle nie mismoedig moet word wanneer hulle van die verwerping hoor nie, of ook hulle as verworpenes reken nie, maar hulle moet vlytig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit en ootmoed verwag. Nog minder behoort diegene vir hierdie leer van verwerping te skrik wat ernstig begeer om hulle tot God te bekeer, Hom alleen te behaag en van die liggaam van die dood verlos te word, alhoewel hulle op die weg van die Godsaligheid en van die geloof nog nie sovêr kan kom waar hulle graag sou wens nie; Aangesien die barmhartige God belowe dat Hy die dowwe lamppit nie sal uitblus en die geknakte riet nie sal verbreek nie.*

**VRAE**

1. Noem ’n paar voorbeelde om die feit van die uitverkiesing te bewys.
2. Waarom sê jy dat God ook in die uitverkiesing ’n regverdige God is?
3. Wie is dit wat uitverkies en wie is dit wat die werk van die uitverkiesing ten uitvoer bring?
4. Uit wie almal vergader Christus sy gemeente?
5. Waarom sê jy dat Hy nie *los-van-mekaar-staande individue* vergader nie?
6. Met watter doel vergader Hy sy gemeente?
7. Vir hoe lank is Hy al met die werk besig?
8. Waarom is jy seker dat jy ’n uitverkorene is?

## GELOOFSLES 48: DIE WARE EN DIE VALSE KERK.

**KORT BEGRIP.**

VR. 41 *Waar vergader Hy hierdie Kerk?*

ANTW. *Daar waar die Woord van God reg gepreek en die heilige sakrament bedien word ooreenkomstig die instelling van Christus.* Matt. 18:20 - *Want waar twee of drie vergader in my Naam, daar is Ek onder hulle.*

In die 46ste les het ons gesien dat die eienskappe van die Christelike Kerk, nl. eenheid, heiligheid en algemeenheid, vir die mens grotendeels onsigbaar is en dat God daarom alleen oor die egtheid daarvan kan oordeel. Daarom het ons voorvaders drie verdere kentekens gestel om te kan onderskei tussen die verskillende kerke, tussen die ware (egte) en valse kerk.

Hierdie kentekens gaan ons vandag behandel. Die Kort Begrip noem twee daarvan in die antwoord op vraag 41.

Soos reeds gesê bring die verskillende kerke wat daar bestaan ons in die moeilikheid. Hoe weet ons wat die regte of ware, en wat die verkeerde of valse kerke is? Elkeen van ons het 'n plig om tot helderheid omtrent hierdie saak te kom.

Laat daar egter geen misverstand by ons wees nie. Ons is nie vandag besig om die huigelaars wat in 'n kerk is van die goeies in daardie kerk te onderskei nie. Omdat hulle onwedergeborenes is, behoort hulle in alle geval nie tot die kerk nie. Maar ons is besig om een kerk van 'n ander te onderskei, om te bepaal watter die ware en watter die valse kerk is.

**DIE KENTEKENS VAN DIE WARE KERK.**

Die allesomvattende kenteken van die ware kerk is, soos in die Ned. Geloofsbelydenis (Art. 29) uitgedruk, *dat hy hom in alles gedra ooreenkomstig die suiwere Woord van God, sowel in sy leer as in sy lewe, en sy kerkregering.*

DIE BYBEL IS DIE HOOGSTE GESAG WAARBY ALLES GEMEET MOET WORD; dit is die enigste rigsnoer vir die leer en die lewe. Sonder die Bybel is die Kerk ondenkbaar. Neem dit daar weg en daar bly niks meer oor as 'n hol dop nie. Daarsonder is geen kerk moontlik nie (1 Petr. 1:23); deur die Woord word die kerk vergader (Matt 28:19). Op die Woord word die kerk gebou (Efes. 2:20). Deur die Woord word die kerk geheilig en gereinig (Joh. 15:3;, 1 Petr. 1:23). Daarom sê ons ook saam met alle Gereformeerde Kerke dat 'n kerk 'n ware kerk is:

(a) AS DIE KERK DIE SUIWERE PREDIKING VAN DIE EVANGELIE BEOEFEN: Dit wil sê dat alle preke uit die Woord moet wees, volgens die Woord moet wees, en sê dat alle preke die volle en hele waarheid van die Woord moet verkondig. Daar kan nie maar uit 'n gewone geskiedenis of natuurstudieboek gepreek word nie, maar net uit die Bybel. Daar moet ook nie menslike wysheid of wetenskap opgedis word nie, maar die sake aangaande die geloof uit die Woord, moet verkondig word. Dan moet die verkondiging ook volgens die Woord wees. Die Evangeliewaarheid moet nie verdraai word nie, maar die waarheid, soos dit daar staan, uitgelê word. Daar is baie maniere om dit te verdraai, as bv. nie die volle en hele waarheid gebring word nie. Dit is wat die dwaalleraars doen; hulle verswyg sommige dele en beklemtoon ander buite alle verhouding.

(b) AS DIE KERK DIE SUIWERE BEDIENING VAN DIE SAKRAMENT GEBRUIK SOOS CHRISTUS DIT INGESTEL HET. Dit is die tweede kenteken van die ware kerk. Christus het net twee sakramente ingestel, die Heilige doop (Matt. 28:19) en die Heilige nagmaal (Matt. 26:17-30; Mark. 14: 12-26; Luk. 22:7-23; 1 Kor. 11:23-29).

*Sekere kerke* het op eie gesag dit vermeerder tot sewe, nl. doop, nagmaal, aanneming, boetedoening, salwing van sterwendes met olie, ordening van geestelikes en die huwelik. 'n Sakrament is net 'n sakrament as Christus dit bepaaldelik ingestel het. Bostaande twee kentekens word deur die Kort Begrip genoem. Buiten hulle noem die Nederlandse Geloofsbelydenis nog 'n derde.

(c) DIE DERDE KENMERK VAN DIE WARE KERK – AS DIE KERKLIKE TUG GEBRUIK WORD OM DIE LIDMATE TE WAARSKU EN TERUG TE BRING NA DIE WAARHEID TOE DEUR PREDIKING EN LIEFDEVOLLE OMGEE VIR MEKAAR. Baie mense het die geneigdheid om hulle af te skei van die kerk as aangespreek word, en verstaan nie dat dit juis 'n kenmerk van liefde is om tug oor sondes uit te oefen nie.

Die kentekens van die valse Kerk. Die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art. 29) noem ook die merktekens van die valse kerk Die volgende merktekens word genoem: Wat die valse kerk betref:

(1) *DIT SKRYF AAN HOMSELF EN SY ORDONNANSIES MEER MAG EN GESAG TOE AS AAN DIE WOORD VAN GOD* en wil hom nie aan die juk van Christus onderwerp nie;

(2) *DIT BEDIEN NIE DIE SAKRAMENT SOOS CHRISTUS DIT IN SY WOORD VERORDEN HET NIE*, maar neem daarvan af en voeg daaraan toe na eie goeddunke;

(3) *DIT STEUN MEER OP MENSE IN DIE KERK AS OP CHRISTUS EN SY WOORD EN VERVOLG DIEGENE WAT TOEGEWY AAN GOD WIL LEWE.* Maar dit dra vandag nog vir ons 'n boodskap.

**IS ONS EIE KERK 'N WARE KERK?**

Ons kom nou eindelik tot die vraag: Is ons kerk 'n ware kerk? Dit is 'n vraag wat elkeen met sy gewete uit die Bybel voor die aangesig van God moet beantwoord voordat hy hom as lidmaat van die kerk laat aanneem. Elkeen moet homself die vraag stel of die kerk waarby hy van voornemens is om aan te sluit, beantwoord aan die drie kentekens van 'n ware kerk hierbo genoem.

(a) IS DIE BYBEL VIR ONS DIE HOOGSTE GESAG EN ENIGSTE RIGSNOER? Hierop kan ons stellig "ja", antwoord.

(b) IS DIE PREDIKING SUIWER? Hou ouderlinge spesiaal toesig oor die Leer van die kerk?

(c) WORD DIE SAKRAMENTE REG BEDIEN? Ja daar is net twee, volgens die Bybel, en die bediening daarvan met die sigbare tekens van water (doop), wyn en brood (nagmaal ), is ook volgens die wil van God (sien verder lesse 59 en 60).

(d) WORD DIE TUG UITGEOEFEN DEUR BEKOMMERD TE WEES OOR LIDMATE wat die kerk verlaat of doelbewus sondig sonder om berou te toon?

**VRAE**

1. Waarom kan ons nie deur die eienskappe, eenheid, heiligheid en algemeenheid duidelik onderskei tussen die ware en valse kerk nie?
2. Wat is die allesomvattende kenmerk van die ware kerk?
3. Noem die drie merktekens van die ware kerk.
4. Wat word bedoel met die suiwere bediening van die sakramente?
5. Wat word bedoel deur die regte uitoefening van die tug?
6. Noem drie kentekens van die valse kerk.
7. Waarom, sê jy, is jou kerk 'n ware kerk?

## GELOOFSLES 49: DIE VERGIFNIS VAN SONDES.

**KORT BEGRIP**.
VR. 42 *Watter weldade doen God aan hierdie gemeente*?

ANTW. *Hy skenk daaraan (a) vergewing van die sondes, (b) die opstanding van die vlees en (c) die ewige lewe.*

(a) Efes. 1:7. *In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade.*

(b) Joh. 5:28,29. *Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.*

(c) 1 Joh. 2:25. *Dit is die belofte wat Hy ons belowe het, naamlik die ewige lewe.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**
VR. 56 *Wat glo jy van die vergewing van die sondes?*

*ANTW. Dat God, ter wille van die voldoening van Christus, aan al my sondes, ook my sondige aard waarteen ek my hele lewe lank moet stry, nooit meer wil dink nie, maar my uit genade die geregtigheid van Christus wil skenk, sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie.*

Die tiende artikel van die Geloofsbelydenis lui soos volg: (Ek glo in) die vergewing van sondes. Dit is die eerste weldaad wat volgens die Kort Begrip aan ons in hierdie lewe geskenk word. Die weldade van die opstanding en die ewige lewe kry ons na hierdie lewe.

Die *Kort Begrip* noem egter net die weldaad van die vergifnis van sondes, maar gee daar geen beskrywing van nie; dit doen die *Kategismus in* die 56ste vraag en antwoord. Verskillende dinge word daar beantwoord:

**WIE SKENK VERGIFNIS**?
*God*, teen wie die mens in opstand gekom het, vir wie hy ongehoorsaam was, van wie hy hom vervreem het en aan wie hy sy sondes moet bely. Ja, Hy, die Heilige en regverdige, skenk vergifnis.

## WAARVAN SKENK HY VERGIFNIS?

*Van al my sondes, ook my sondige aard waarteen ek my hele lewe lank stry*. Dit is die antwoord van die Kategismus. Hy skenk vergifnis sowel aan my werklike sondes wat ek elke dag nog doen, as aan my erfsonde wat my sondige aard aankleef. In kort, al my sondes. Elke dag moet ek nog teen my sondige natuur stry en dit verontrus en bedroef my, maar God dank, Hy skenk vergifnis.

## TERWILLE VAN WIE SKENK HY VERGIFNIS?

*Terwille van die voldoening van Christus*. Daar moes voldoende betaling wees vir my sondeskuld, anders sou God tekort doen aan sy geregtigheid. Daardie genoegdoening en vereffening het Christus deur sy lyding en dood vir my gedoen. Ek self het niks gehad om mee te voldoen of te betaal nie, maar Hy, wat waaragtig sondelose mens en waaragtig God is, kon dit doen.

## WAT SLUIT DIE VERGIFNIS ALLES IN?

*Dat God nooit meer aan my sondes wil dink nie en my uit genade die geregtigheid van Christus wil skenk.* Twee wonderlike sake. My skuld word uitgewis asof dit nooit bestaan het nie. Die skrif noem dit ’n *uitdelging* (Jes. 44:22), *’n agter-die-rugwerping* (Jes. 38:17).

Daarby kom nog dit dat die geregtigheid van Christus, d.w.s. sy sondeloosheid, gehoorsaamheid, goeie werke en verdienste, op my naam geplaas word asof dit ek is wat so is en so verdien het.

## WAT IS DIE DOEL VAN DIE VERGIFNIS?

*Sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie.* Die strafgerig beteken die oordeel van God. Nie in hierdie lewe nie, ook nie in die toekomende sal God my veroordeel nie.

Dit is so, dat ek in hierdie lewe my self dikwels moet veroordeel en voor God verootmoedig. Ook is dit so dat ek op die oordeelsdag voor die regterstoel van God sal staan (2 Kor. 5:10). Maar nooit sal God my veroordeel nadat Hy my eenmaal ter wille van die verdienste van Christus vergifnis van sondes geskenk het nie. Op daardie dag sal ek openlik vrygespreek word.

### VRAE

1. Watter weldade doen God aan sy gemeente?
2. Watter in hierdie lewe en watter na hierdie lewe?
3. Wie is dit wat vergifnis van sonde skenk?
4. Watter sondes word almal vergewe?
5. Waarom kan God hierdie sondes vergewe?

6. Wat sluit die vergifnis van sonde alles in?
7. Wat is die doel van die vergifnis?

## GELOOFSLES 50: DIE OPSTANDING VAN DIE VLEES.

**KORT BEGRIP.**
VR. 42 *Watter weldade doen God aan hierdie gemeente?*

ANTW. *Hy skenk daaraan (a) vergewing van die sondes, (b) die opstanding van die vlees en (c) die ewige lewe.*

(a) Efes. 1:7. *In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade.*

(b) Joh. 5:28,29. *Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is Sy stem sal hoor. Die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.*

(c) 1 Joh. 2:25. *Dit is die belofte wat Hy ons belowe het, naamlik die ewige lewe.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**
VR. 57 *Watter troos gee die opstanding van die vlees aan jou?*

ANTW. *Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof opgeneem sal word nie, maar dat ook hierdie selfde vlees van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig, en gelykvormig sal word aan die heerlike liggaam van Christus.*

Doel van hierdie les is om te wete te kom wat met die siel en die liggaam gebeur na die dood. In die vorige les het ons verneem dat daar in die Kort Begrip sprake is van drie weldade wat Christus aan die gelowige skenk. Een in hierdie lewe en twee na hierdie lewe.

Ons behandel vandag die eerste weldaad na hierdie lewe aan die hand van die 11de artikel van die belydenis wat soos volg lui: *(Ek glo in) die wederopstanding van die vlees.*

In die *Kort Begrip* word hierdie weldaad net genoem, maar niks daar omtrent gesê nie; daarom volg ons die vraag en antwoord van die Heidelbergse Kategismus.

## WAT WORD VAN DIE SIEL NA DIE DOOD?

Op die vraag wat van die siel word na hierdie lewe word, antwoord die Kategismus dat my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word. In hierdie deel van die antwoord word verskillende dinge veronderstel:

(a) *DAT DIE SIEL BY DIE DOOD NIE STERF NIE.*

Almal moet eenmaal sterf. Waarin bestaan die sterwe dan? Dit bestaan in die skeiding van siel en liggaam. Die band tussen siel en liggaam wat deur die Skepper gelê is, word verbreek met die gevolg dat die liggaam tot stof terugkeer en die siel van die gelowige tot God. Die siel bly dus voortbestaan en is onsterflik.

Maar daar is ook 'n sin waarin ons praat van 'n geestelike dood, of anders genoem die tweede dood, dit is in die geval van die goddelose waar die siel na die dood ook lewe, maar vir ewig van God vervreem is. Dat die siel bly voortlewe in die afgeskeie toestand van die liggaam en nie kan sterf of ontbind nie, is duidelik uit wat die Bybel leer: Jakob sê sterwende: *Op u verlossing wag ek, Here* (Gen. 49:18), Job troos hom daarmee dat al sou sy liggaam van hom weggeneem wees hy nogtans God sal sien (Job. 19:25, 26). Die digter juig en sê: *Maar God sal my siel loskoop van die doderyk, want Hy sal my opneem* (Ps. 49:16). Asaf spreek sy geloof uit: *U sal my lei deur u raad en daarna in heerlikheid neem* (Ps. 73:24). Christus bemoedig ons deur *te sê om nie te vrees vir hulle wat die liggaam doodmaak maar nie die siel kan doodmaak* nie (Matt. 10:28). Lasarus word opgeneem in die skoot van Abraham (Luk. 16:22). *Die moordenaar sal met Christus in die Paradys wees* (Luk. 23:43) *Die wat in Christus glo het op aarde reeds die ewige lewe* (Joh. 6:47). Sterwende sê Stefanus: *Here Jesus, ontvang my gees* (Hand. 7:59).

Treffend is dit ook dat die geloof aan die onsterflikheid onder alle volkere as 'n bestanddeel van hul godsdiens gevind word. Dit is asof hierdie geloof aan die onsterflikheid by die mense ingeskape is.

(b) DAT DIE SIEL BLY VOORTBESTAAN IN 'n SELFBEWUSTE TOESTAND.

Daar is baie wat beweer dat by die dood die siel oorgaan in 'n slapende onbewuste toestand en in die toestand bly totdat die liggaam op die jongste dag opgewek word en siel en liggaam weer verenig word. Hulle wil hulle selfs op die Bybel beroep. En haal sulke tekste aan soos Dan. 12:2 en Joh. 11:11,13. Hul vergissing is dat hulle nie besef dat in dié gevalle die dood met slaap vergelyk word nie. Daar is groot ooreenkoms tussen die dood en slaap en daarom die vergelyking, maar

aan die ander kant is daar ook hemelsbreë verskille. Reeds aangehaalde tekste hierbo bewys die onhoudbaarheid van die bewering dat die siel na die dood in ’n onbewuste toestand verkeer.

(c) DAT DIE SIEL VAN DIE GELOWIGE NA DIE DOOD IN ’n GELUKKIGE TOESTAND VERKEER.

Die Kategismus gee uitdrukking hieraan deur te sê dat my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus sy Hoof opgeneem word. Hoe heerlik sal dit nie vir die siel wees om in teenwoordigheid van Christus, sy Hoof te wees nie. Die Bybel is duidelik hieroor. Paulus getuig: *Ek het* ’n *verlange om heen te gaan en met Christus te wees want dit is verreweg die beste* (Fil. 1:23). Met Christus te wees, wat sluit dit nie alles in nie? Om Hom te sien, geheel te ken, volkome te dien, te wees soos Hy, sy nabyheid en gemeenskap ongestoord te geniet en te besit.

Die Bybel noem diegene salig (gelukkig) wat in die Here sterwe (Openb. 14:13). *Jesus self het heengegaan om die plek van geluk voor te berei* (Joh. 14:2). *Nadat God ons deur sy raad op aarde gelei het, sal Hy ons in heerlikheid opneem* (Ps. 73:24). Die Bybel sê ons nie veel van die tussentoestand van die siele wat geskeie van hul liggame is nie, maar wat baie duidelik is, is dat hulle by Christus is en baie gelukkig daar. Hul saligheid word egter by hul dood en opname na Christus, hul Hoof, nie geheel voltooi nie. Dit sal finaal geskied wanneer Christus weer kom en siel en liggaam weer verenig sal word.

(d) DAT DIE SIELE VAN DIE GELOWIGES DADELIK DEEL IN DIE GELUKKIGE TOESTAND.

Let op die woord *dadelik* in die antwoord op vraag 57. Ons glo dat die siele van gelowiges dadelik by die dood na Christus, hul Hoof, opgeneem word. Hierdie geloof grond ons op die Bybel.

Die Heilige Skrif praat nêrens van ’n vagevuur (tussentoestand) nie. Aan die ander kant juig Asaf dat God hom by die dood in heerlikheid sal opneem (Ps. 73:23,24). Christus sê aan die bekeerde moordenaar: *Vandag sal jy met My in die Paradys wees* (Luk. 23: 46). Stefanus bid by sy dood: *Here Jesus ontvang my gees* (Hand. 7:59). *Paulus getuig dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons ’n gebou van God het, ’n huis nie met hande gemaak nie, ewig in die hemele* (2 Kor. 5: 1).

Die dood is ’n groot stap, dit is die verbreking met alle aardse bande en sondes. God gebruik die dood om die siel te heilig van alle smet wat hom nog

aankleef. Nêrens sê die Bybel dat die gelowiges nog na hul dood deur straf en lyde vir hul sonde sal moet boet nie.

## WAT WORD VAN DIE LIGGAAM NA DIE DOOD?

Op die vraag wat van die liggaam na die dood word, Kategismus: *Maar dat ook hierdie selfde vlees van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en gelykvormig sal word die heerlike liggaam van Christus*. In hierdie deel van die antwoord word verskillende dinge veronderstel en gesê:

(a) DAT NA DIE DOOD DIE LIGGAAM ONTBIND EN STOF WORD.

Dit is ’n feit. Die liggaam is uit die stof van die aarde gemaak en keer tot stof (Gen. 2:7; Job 10:9). As soveel stofdeeltjies word dit meermale deur die wind weggedra. Deur die water weggespoel, deur grond, plant, dier en mens weer opgeneem in nuwe vorme van lewe.

### (B) DAT OP DIE JONGSTE DAG DIE VLEES WEER SAL OPSTAAN.

Siel en vlees sal dan weer verenig word. Die volle saligheid van die gelowiges sal dan intree. Van hierdie opstanding van die vlees praat die Bybel in (1) algemene en in (2) besondere sin. In algemene sin word daarvan gepraat in Dan. 12:2 waar gesê word: *Baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid.* So ook in Joh. 5:28,29. Uit hierdie tekste is dit duidelik dat daar gepraat word van ’n opstanding van sowel goddelose as gelowiges.

Deur die opstanding in algemene sin word dus bedoel die opstanding van gelowiges sowel as ongelowiges. In besondere sin, soos in Joh. 6:40 en 1 Tess. 4:14, word daar gepraat van die opstanding van die gelowiges.

Hul opstanding alleen staan in betrekking tot Christus as Middelaar en sy opstanding. En die Kategismus praat in die antwoord op vraag 57 van die opstanding net in besondere sin.

(c) DAT HIERDIE SELFDE *VLEES* VAN MY OPGEWEK SAL WORD.
Wat beteken dit? Beteken dit dat stofdeeltjie vir stofdeeltjie, soos dit in die liggaam is op die oomblik wat hy sterf of soos hy in gesonde toestand was, weer uit alle dele van die aarde saam vergader sal word? Let daarop – die Belydenis sê nie: ‘Ek glo aan die opstanding van die liggaam’ nie. Hy gebruik die woord *vlees*. Daar is ’n onderskeid tussen die twee, en ’n rede vir die spesiale gebruik. Die Belydenis gebruik die woord *vlees* omdat hy nie wil sê dat die stof waaruit die liggaam tydens die dood bestaan het, deeltjie vir deeltjie, en in dieselfde formaat

weer so saamgevoeg word nie. . *Nee, deur te praat van die opstanding van die vlees wil die Belydenis uitdruk dat dit 'n opstanding is van die stoflike deel van die mens in teenstelling met sy geestelike. Maar dit sê nie dat daar dieselfde maat en proporsie sal wees nie. Dit is natuurlik nie onmoontlik nie. Niks is vir God onmoontlik nie.* Maar die uitleg wat voor die hand lê is dat dit in wese dieselfde liggaam sal wees as wat gesterf het. In sekere mate sal dit kenbaar wees en deel van die persoonlikheid uitmaak. Paulus vergelyk die dood en opstanding met 'n saad wat gesaai word. In wese is die nuwe korrels (die opgestane vlees) dieselfde as die saad wat gesaai is (in die dood) maar tog ook nie in al die stofdeeltjies nie (1 Kor. 15:37,38).

In wese het iemand dieselfde liggaam van sy jeug af tot sy ouderdom toe, maar hoeveel maal het die stofdeeltjies van daardie selfde liggaam in die tyd nie verander nie.

(d) DAT DIE OPGESTANE LIGGAAM 'n VERHEERLIKTE SAL WEES. As siel en vlees weer verenig is, sal dit gelykvormig word aan die heerlike liggaam van Christus, volgens die Kategismus. Die liggaam soos ons dit ken is swak verderflik en sterflik; dan sal dit kragtig, onsterflik, onverderflik wees (1 Kor. 15:42-44). *Na die opstanding sal daar ook nie in die huwelik uitgegee word nie* (Matt. 22:30). Kreupeles, blindes, verminktes, sieklikes, onaansienlikes en deur-die-sonde-ontsierdes sal nie meer onder hul aardse tekortkominge gebuk gaan nie.

**VRAE**

1. Wat word van die siel en van die liggaam by die dood?
2. Waarom is dit verkeerd om te sê die Siel slaap na die dood?
3. Hoedanig sal die toestand wees waarin die siele van gelowiges na die dood verkeer?
4. Sal presies dieselfde liggaam wat gesterf het weer opgewek word?
5. Wat verstaan jy deur te sê dat die liggaam ná die opstanding 'n verheerlikte liggaam sal wees?

## GELOOFSLES 51: DIE EWIGE LEWE

### KORT BEGRIP

VR. 42. *Watter weldade doen God aan hierdie gemeente?*

ANTW. *Hy skenk daaraan (a) vergewing van die sondes, (b) die opstanding van die vlees en (c) die ewige lewe.*

*(a)* Efes. 1:7. *In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade.*

*(b)* Joh. 5:28,29. *Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is sy stem sal hoor en sal uitgaan. Die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.*

*(c)* 1 Joh. 2:25. *Dit is die belofte wat Hy ons belowe het, naamlik die ewige lewe.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 58. *Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?*

ANTW. *Dat, aangesien ek nou die beginsel van die ewige vreugde in my hart voel, ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit wat geen oog gesien, geen oor gehoor en wat in die hart van geen mens opgekom het nie.*

Doel van hierdie les is om kennis op te doen van die ewige lewe waarin die gelowiges sal deel. Die groot gedagte is: EWIGE LEWE. Dit is die derde weldaad wat Christus volgens die Kort Begrip aan die gelowiges skenk, of anders gesê die tweede na hierdie lewe. Dit is vervat in die 12de artikel van die Geloofsbelydenis: En (ek glo in) 'n ewige lewe. Andermaal moet ons die Kategismus volg omdat die Kort Begrip niks verder daaromtrent sê nie.

**DIE EWIGE LEWE - SY BEGIN.**

Hierdie weldaad van die ewige lewe begin reeds hier op aarde in hierdie lewe, lees Joh. 6:54: *Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag*. Dit is ook wat die Kategismus sê: dat aangesien ek nou die beginsel van die ewige vreugde in my hart voel, nog maar baie onvolmaak, maar dit kom eers na hierdie lewe tot volle heerlikheid, en dit is veral op die ewige lewe na die opstanding waarop die Kategismus ons wys. Laat ons let op die volgende:

**DIE EWIGE LEWE - SY AARD.**

Die Kategismus beskryf die wese of aard van die ewige lewe *(a) as 'n volkome saligheid*. Die Heilige Skrif gebruik verskillende beelde om dit vir ons te verduidelik. Dit word voorgestel as:

(a) 'n ONVERGANKLIKE EN ONVERWELKLIKE ERFENIS (1 Pet 1:4);
(b) 'n KROON (2 Tim. 4:8) waarmee die regverdiges deur die Regter gekroon word;

(c) ’n MAALTYD (Openb. 3:20) wat hulle saam met die heiliges geniet. As ons nou uit al hierdie gegewens moet opsom en in kort die ewige lewe in sy ware essensie bestaan, dan sal ons sê:

(d) IN DIE VERENIGING VAN DIE VERLOSTES MET DIE DRIE-ENIGE GOD. Deur die sonde het ’n breuk, ’n kloof, verwydering tussen die skepsel en die Skepper ontstaan. Daardie breuk en skeiding sal geheel en al herstel en weggeruim word. Op aarde het dit deur die aanname van die Middelaar reeds ’n aanvang geneem maar dan sal dit volkome, volmaak wees.

(e) ’n VADERHUIS MET KAMERS (Joh. 14:2) - *In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem sodat julle ook kan wees waar Ek is.*

(f) DIE NUWE HEMEL EN DIE NUWE AARDE Openb. 21:1 - *Toe het ek* ’n *nuwe hemel en* ’n *nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn en die see het nie meer bestaan nie. En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem van God af uit die hemel sien afkom. Die stad was gereed soos* ’n *bruid wat vir haar man versier is. Openb.* 21:3 - *Kyk die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees en God self sal by hulle wees as hulle God. Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed smart en pyn sal daar nie meer wees nie.* Openb. 21:11 - *Die stad het die heerlikheid van God; sy glans is soos die van die kosbaarste edelsteen soos* ’n *kristalhelder opaal.*

Laat ons daardie toestand, nadat die breuk volkome geheel is, nader beskryf. :

(a) DAN SAL ONS GOD VOLMAAK KEN:

Christus sê in sy hoëpriesterlike gebed: *Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken; die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. Hier op aarde ken ons maar ten dele,* soos Paulus sê *maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan, want nou sien ons deur ’n spieël in ’n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig* (1 Kor. 13:9,12). Die saliges sal Hom ken sonder enige dwaling, Dit sal ’n kennis wees nie uit die natuur of uit die Heilige Skrif nie, maar ’n onmiddellike kennis, ’n onmiddellike aanskouing en gemeenskap. Ons moet dit egter nie so verstaan dat ons God in alles sal kan ken nie. Hy is die

onnoembare, die onbegryplike. Ons bly ook in die ewigheid sy skepsels. Maar tog sal ons mate van kennis van Hom daar suiwer en korrek wees, sonder enige inmenging van die sonde of dwaling.

(b) DAN SAL ONS GOD VOLMAAK LIEFHÊ.

Liefde is die kort samevatting van die wet. Hier op aarde kan ons die wet nie onderhou nie en is hy dikwels 'n aanklaer teen ons. In die ewigheid sal liefde 'n deel van ons wese wees. Die wet sal in ons binneste geskrywe wees en daar sal geen oortreding meer wees nie. Die sonde op aarde verstoor die liefde tot God en maak die mens vir Hom bang. Daar is geen sonde om die liefde te hinder nie.

(c) DAN SAL ONS GOD VOLKOME GENIET.

Dit beteken, ons sal deel in sy guns, vriendskap en gemeenskap. Hier op aarde geniet die gelowige reeds 'n vrede, kalmte, vertroue en berusting wat die wêreldling nie ken nie. Maar dit is maar net 'n voorsmaak van die ewige vreugde wat hom in Sy teenwoordigheid en gemeenskap wag. Droefheid en swaarkry sal daar nie wees nie; ook geen kommer en kwelling nie. Die dood, trane en rou sal daar nie inkom nie. (Openb. 21:4).

**DIE EWIGE LEWE EN - SY HEERLIKHEID.**

Die antwoord wat die Kategismus gee oor die heerlikheid van die ewige lewe is in algemene terme, nl. *wat geen oog gesien, geen oor gehoor en wat in die hart van geen mens opgekom het nie* (1 Kor. 2:9). Die woord *heerlikheid* word meermale gebruik om uitdrukking te gee aan die ewige lewe. *U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem* (Ps. 73:24). Paulus reken *dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan geopenbaar sal word nie* (Rom. 8:18).

(a) DIE PERSONE IN WIE SE TEENWOORDIGHEID DIE GELOWIGES DIE EWIGHEID SAL GENIET.

Die salige gemeenskap met God sal tesame deur alle heiliges geniet word. En dan is daar die gemeenskap met die heiliges. Reeds op aarde is lg. een van die weldade van Christus aan sy kerk. Eendag daar sal hierdie vreugde nog onvergelyklik heerliker, ryker en voller wees. Daar waar alle noodwendige tydelike skeidsmure van taal, geslag, ras, ruimte en tyd uitgewis is en alle sonde en dwaling geen plek

het nie. Dink net daaraan dat dit ’n gemeenskap met patriarge, profete, apostels, kerkvaders, martelaars, geloofshelde, bloedverwante en vriende sal wees. Daar sal nie net gemeenskap wees met God en die heiliges nie, maar ook met engele.

(b) WAAR DIE EWIGHEID GENIET SAL WORD.

Die Bybel praat van die ewigheid nie net as van ’n toestand nie, maar ook as van ’n bepaalde plek (vgl. Openb. 21:22), en sê dat na die oordeelsdag die gedaante van die wêreld sal verander. Uit die aarde, met sy deur die sonde verwoeste gedaante, sal ’n nuwe aarde te voorskyn tree en daar sal ook wees ’n nuwe hemel. Petrus getuig: *Ons verwag volgens sy belofte ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde waarin geregtigheid woon* (2 Petr. 3:13). Johannes skryf in Openb. 21:1: *En ek het ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde gesien want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan en die see was daar nie meer nie.* Die gelowiges het wel ’n begin, maar hulle het geen einde nie. Die gelukstaat van die saliges sal nooit en nimmer ophou nie. Daarby sal dit tog nie eentonig wees en vervelig nie, maar sal gedurig vol verskeidenheid en afwisseling wees.

(c) DIE EWIGE LEWE - SY EINDDOEL.

Wat is die einddoel van die ewige lewe? Die Kategismus antwoord kort en saaklik: *En dit om God ewig daarin te prys. Die eer en verheerliking van die drieënige God is die hoofdoel van die hele skepping van God, die gelowiges nie uitgesluit nie, want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid in alle ewigheid* (Rom. 11:36).

Ons hele lewe vir tyd en ewigheid moet ’n loflied wees wat aan God gewy is. Hier op aarde begin ons reeds daarmee, maar hier is die lof nog so gebrekkig en deur baie dinge ontsier. Daar sal dit volmaak wees. Daar sal ons Hom roem as Skepper, Onderhouer, Regeerder, Herskepper, Verlosser, Saligmaker.

**VRAE**

1. Wanneer neem die ewige geluksalige lewe in die gelowige ’n aanvang?
2. Noem ’n paar beelde wat die Bybel gebruik om die aard van die ewige lewe duidelik te maak.
3. Hoedanig sal ons kennis, liefde en genot van God in die ewige geluksaligheid wees?
4. Beskryf die heerlikheid van die ewige lewe.
5. Waar sal die ewigheid geniet word?
6. Wat is die doel van die ewige geluksaligheid?

## GELOOFSLES 52: DIE REGVERDIGMAKING DEUR DIE GELOOF

### KORT BEGRIP

VR. 43 *Wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?*

ANTW. *Dat ek in Christus voor God regverdig is.* Rom. 5:1. *Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus.*

VR. 44 *Hoe is jy regverdig voor God*?

ANTW. *Alleen deur 'n opregte geloof in Jesus Christus.* Rom. 3:28. *Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.*

VR. 45 *Hoe moet dit verstaan word dat jy alleen deur die geloof geregverdig is?*

ANTW. So, (a) *dat alleen die volkome genoegdoening en geregtigheid van Christus vir my deur God toegereken word,* (b) *waardeur my sondes vergewe en ek 'n erfgenaam van die ewige lewe word en (c) dat ek dit nie anders as deur die geloof kan aanneem nie.*

(a) 2 Kor. 5:21. *Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, gemaak vir ons, sodat ons kan word geregtigheid van God in Rom. 5:19. so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Een baie geregverdig sal word.*

(b) Hand. 26:18. *Sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes kan ontvang en* 'n *erfdeel onder die geheiligdes.*

(c) Gal. 2:16. *Ons weet dat die mens nie geregverdig word uit werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS

VR. 59. *Maar wat baat dit jou dat jy dit alles glo?*

ANTW. *Dat ek in Christus voor God geregverdig is en 'n erfgenaam van die ewige lewe.*

VR. 60 *Hoe is jy regverdig voor God? Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus; so dat al kla my gewete my ook aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig en geeneen daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot die boosheid geneig is, God my nogtans, sonder enige verdienste aan my kant, uit louter genade die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk en toereken, asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het, vir sover ek die weldaad met 'n gelowige hart aanneem.*

VR. 61 *Waarom sê jy dat jy alleen deur die geloof regverdig is?*

ANTW. *Nie dat ek vanweë die waardigheid van my geloof God welgevallig is nie; maar daarom, dat alleen die voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is, en dat ek dit nie anders as alleen deur die geloof kan aanneem en my kan toe-eien nie.*

Doel van hierdie les is om die leerstuk van die regverdigmaking duidelik te maak. Die groot gedagte is REGVERDIGMAKING.

Ons is nou klaar met die *Apostoliese Geloofsbelydenis*. Vandag begin ons met die leerstuk van die regverdigmaking. Daarom vra die *Kort Begrip en Kategismus* dan ook: *Wat baat dit jou nou dat jy alles glo?*

Om dit goed te verstaan moet ons dink aan 'n regter wat, nadat hy 'n saak goed ondersoek het, uitspraak doen en die aangeklaagde vryspreek. In ons geval is God die regter en die regterlike daad wat Hy doen om ons vry te spreek word regverdigmaking genoem. Laat ons nou vereers let:

## OP HOM WAT REGVERDIG MAAK OF VERKLAAR.

### GOD DIE REGTER, VOOR WIE ELKEEN VAN ONS VERSKYN, IS NIEMAND ANDERS AS GOD SELF NIE.

Die regverdigverklaring word in die Bybel aan God die Vader toegeskryf. Dit is waar dat die hele Goddelike Drie-eenheid, dus ook God die Seun en God die Heilige Gees, daarin werksaam is, maar in besondere sin skryf die Heilige Skrif dit aan God die Vader toe want Hy is Regter oor hemel en aarde. In Rom. 8:33 word gevra: *Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God?* En die antwoord is: *God is dit wat regverdig maak.*

### WAT BEWEEG GOD DAARTOE?

God verklaar ons, arme sondaars soos die Kategismus sê (antw. 60), *regverdig voor sy aangesig sonder enige verdienste aan ons kant uit louter genade*. Dit is uit sy vrye liefde en erbarming dat Hy dit doen. Aan ons kant is daar niks verdiensteliks wat Hom daartoe kan beweeg nie.

## OP DIE SONDAAR WAT REGVERDIG WORD: WIE IS HY WAT GEREGVERDIG WORD?

Dit is niemand anders as ’n sondaar nie. Wonderlike gedagte! Ondeurgrondelike liefde! Maar dit is ’n sondaar wat homself leer ken het in al sy ellende, en sy skuld en doemwaardigheid voor God bely.

Die Kategismus is hierop ook baie duidelik. In die antwoord op vraag 60 van die Kategismus bely hy *dat sy gewete hom aankla dat hy teen al die gebooie van God swaar gesondig het en geen een daarvan gehou het nie, en dat hy nog gedurigdeur tot alle boosheid geneig is.*

Hoe groot is hierdie bekentenis en belydenis van sonde tog nie! Teen al die gebooie! Beide van die eerste en die tweede tafel, teen God en die medemens. Tot alle boosheid geneig! En dit is nie ’n teatrale oordrywing nie, maar die beskrywing van die werklikheid. Sy gewete klaag hom gedurig aan. Dit is hier nie die gewete van ’n onwedergeborene wat deur die sonde verduister is nie, maar een wat verlig is deur die Heilige Gees. Hierdie verligte gewete sê aan hom: *jy is ’n sondaar, jy het al die gebooie van God duisendmaal oortree, en jy doen dit nog elke dag.* En die self ontdekte sondaar stem saam. In hierdie toestand kom God uit loutere genade tussenbeide en skenk hom die geloof in Jesus Christus as sy Borg, Skuldbetaler en Middelaar en verklaar hom regverdig, onskuldig.

Vertrouend op Christus as sy Borg en Middelaar sê die sondaar dus: *al is dit dat ek al die gebooie van God oortree het en geneig is tot alle kwaad, nogtans glo ek dat al my sonde vergewe is en ek as kind van God aangeneem en deur Hom onskuldig, regverdig verklaar is.*

## *OP CHRISTUS DEUR WIE HY GEREGVERDIG WORD.*

Maar tereg word daar gevra hoe kan die heilige, regverdige God ’n sondaar, ja en een wat selfs nog daagliks sonde doen, regverdig verklaar? Is Hy dan nie ’n God van waarheid en reg nie? Is dit nie in stryd met Sy eie natuur nie? Hier is ’n verborgenheid, ’n salige geheim. En luister tog wat Rom. 4:5 sê: *Aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken.* Wat is die antwoord?

GOD KAN DIE SONDAAR REGVERDIG VERKLAAR ALLEEN DEUR DIE TUSSENKOMS VAN JESUS CHRISTUS, die Middelaar en Borg vir sondaars. Van ewigheid af was dit in die raad van God besluit dat die Seun die Borg van sondaars sou wees, en is die skuld van die uitverkorenes op Hom oorgedra. Hy het gewillig en vrywillig die skuld gedra. Hy het die ganse wet, wat deur die mens verbreek was, vervul en aan die goddelike eis voldoen in tweeledige opsig:

DEUR DIE TOORN VAN GOD TEEN DIE SONDE TE DRA, EN DIE HELE WET TE GEHOORSAAM.

Hy het vir ons sonde voldoen; daarby was hy sonder sonde, vol geregtigheid en heiligheid. Hierdie voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus sien God die Vader dus aan asof dit ons eie is. God skenk dit vir ons as ons eiendom en reken ons dit toe asof ons dit self verdien het.

**OP DIE WESE VAN DIE REGVERDIGMAKING**:

WAT IS DIE NATUUR OF WESE VAN DIE REGVERDIGMAKING?

Die woord regverdig of regverdigmaking word in hierdie leerstuk in 'n wetlike, regterlike sin gebruik en dui daardie handeling van die regter aan waardeur hy die aangeklaagde of beskuldigde, nadat hy alles noukeurig ondersoek het, vryspreek sodat hy van voor die regbank 'n vry man weggaan. Die woord het die teenoorgestelde betekenis van veroordeel, verdoem.

Verder, dit is 'n regterlike daad van God, nie 'n sedelike daad nie. In die regverdigmaking word die sondaar nie sedelik verander nie, d.w.s. nie daardeur 'n beter mens gemaak nie. Dit geskied by die wedergeboorte en in die heiligmaking. Deur regverdigmaking word bedoel 'n regterlike daad van God, nl. die uitspreek van 'n genadige vonnis van onskuldig oor die sondaar. In die regverdigmaking bly die sondaar sedelik nog dieselfde, maar hy kom in 'n ander regsverhouding tot God te staan: God verklaar hom onskuldig.

DAAR IS TWEE DELE IN REGVERDIGMAKING:

(a) KWYTSKELDING VAN SKULD OF STRAF.

In die regverdigmaking word nie die smet van die sonde weggeneem nie, maar die sondaar word die sonde kwytgeskeld. Die verlede, teenswoordige en toekomstige sondes word vergewe of kwytgeskeld. Hy word deur God beskou en verklaar asof hy nooit enige sonde gehad of gedoen het nie, en asof hy die gehoorsaamheid self volbring het wat deur Christus volbring is. Die sonde word nie ongedaan gemaak nie. Dit kan ook nie. Maar hy word van alle skuld en straf vrygespreek.

Moet die gelowige, die geregverdigde ook nog om vergifnis van sonde bid? Die gelowige doen ook nog sondes en dit werk by hom skuldbesef, smart leedwese, verwydering van God; Die rus van die gewete, sy vrymoedigheid en versekerdheid van de geloof word hom ontneem. Daarom moet hy ook nog steeds bid: *Onse Vader wat in die hemel is – vergeef ons ons skulde* ens. Maar bid die gelowige om vergewing, dan bid hy nie asof hy kind van God is en die ewige straf te vrees het nie. Hy bid uit en in die geloof soos 'n kind tot sy Vader

(b) ’n GEE VAN DIE REG OP DIE EWIGE LEWE.

Die gelowige word as kind van God aangeneem, en as kind het hy die reg om saam met die Vader in die ewige lewe te deel. Hy word deur die regverdigmaking in dieselfde stand geplaas met Christus wat die oudste Broer in die hemelse familie is. Elke gelowige is dus ook ’n erfgenaam en mede-erfgenaam van Christus (Rom. 8:17). In die regverdigmaking sê God vir die gelowige: Jy is van nature ’n kind van die toorn, maar ek spreek jou vry van my toorn oor jou en verklaar jou tot erfgenaam van die ewige lewe.

**OP DIE GELOOF, DIE MIDDEL WAARDEUR DIE GELOWIGE REGVERDIGHEID VERKRY,**

Die Kategismus bring ons regverdigmaking in verband met die geloof. Wat is die verband? Ons geloof is nie die grond vir ons regverdigmaking nie, die grond daarvan lê buitekant onsself in die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus wat Hy vir ons verwerf het. Uit loutere genade word dit aan die sondaar geskenk.

DIE GELOOF IS NIE DIE GROND VIR DIE VERKRYGING VAN DIE REGVERDIGMAKING NIE.

Dit is die daad van aanneming van Christus met al sy verdienstes. Dit is die middel waardeur ek dit aanneem. Lees hieroor ook wat in les 24 staan. Ook hierdie geloof kom van buitekant onsself en word deur die Woord en die Heilige Gees in ons harte gewerk. Dit word so mooi deur die Kategismus uitgedruk dat my geloof nie die grond is vir my regverdigmaking nie, en dat dit alles, selfs my geloof, in my van buitekant myself deur God gewerk word deur te sê: “Nie dat ek deur die waardigheid van my geloof God welgevallig is nie.”

DIE GELOOF IS OOK ’N GAWE VAN GOD WAT AAN DIE SONDAAR GEGEE WORD.

Die sondaar verdien deur sy geloof niks by God nie. Dit is ’n middel wat deur die Gees aan die sondaar in die hart gegee word om die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus aan te neem.

Dit lyk wel van die mens se kant asof hy self glo, maar dan weet hy nie wat God reeds in sy hart gewerk het nie.

**VRAE**

1. Wie is dit wat ons regverdig verklaar?
2. Is ek nogtans regverdig voor God al klaag my konsensie my aan?

3. Deur wie se voldoening, geregtigheid en heiligheid word ek verklaar?
4. Is die regverdigmaking 'n regterlike of sedelike daad?
5. Is ek 'n beter mens omdat God my regverdig verklaar het?
6. Daar is twee dele in die regverdigmaking, noem hulle.
7. Is die geloof die grond of 'n middel tot ons regverdigmaking?

## GELOOFSLES 53: GOEIE WERKE TEENOOR ONVERDIENSTELIKHEID

### KORT BEGRIP.

VR. 46. *Waarom kan ons goeie werke ons geregtigheid voor God nie wees selfs nie 'n deel daarvan nie?*

ANTW. *Omdat ook ons beste werke in hierdie lewe onvolkome en met sonde besmet is. Ps. 143:2. Niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie.*

VR. 47. *Verdien ons goeie werke, wat God tog in hierdie en in die toekomende lewe wil beloon, dan niks nie?*

ANTW. *Hierdie beloning is (a) nie op grond van verdienste nie, maar (b) uit genade.*

*(a)* Luk. 17:10. *Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.*

*(b)* Rom. 6:23. *Maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 62. *Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God, of 'n deel daarvan wees nie?*

ANTW. *Omdat die geregtigheid wat voor die strafgerig van God kan bestaan, heeltemal volkome en in alle dele gelykvormig moet wees aan die wet van God en dat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolkome en met sondes bevlek is.*

VR. 63. *Hoe? Verdien ons goeie werke niks nie, terwyl God hulle tog in die toekomende lewe wil beloon?*

ANTW. *Hierdie beloning word nie uit verdienste gegee nie, maar uit genade.*

VR. 64. *Maar maak hierdie leer nie sorgelose en goddelose mense nie*?

ANTW. *Nee; want dit is onmoontlik dat iemand wat in Christus deur 'n waaragtige geloof ingeplant is, geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie.*

Doel van hierdie les is om die dwaalleer te weerlê dat ons goeie werke ons geregtigheid of 'n deel daarvan voor God kan verdien m.a.w. dat ons goeie werke ons saligheid of 'n deel daarvan kan verwerf.

ONVERDIENDE GENADE. In verlede Sondag se les het ons duidelik gesien dat God ons die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk en toereken. Hy skenk dit nie omdat die mens dit verdien nie. Nee, uit louter genade. Dit beteken, Hy gee ons daardie dinge sonder enige verdienste aan ons kant. Dit is uit vrye liefde en erbarming. Daar is niks in ons wat Hy nie het nie, niks goeds is in ons wat Hy nie gee nie. Niks kan ons vir Hom bring wat Hy nie aan ons gegee het om te bring nie. Niks kan ons by Hom verdien nie.

## DIE DWAALLEER RONDOM DIE VERDIENSTELIKHEID VAN DIE GOEIE WERKE.

Sommige stem nie saam met ons oor hierdie leerstuk nie en dit is een van die groot verskilpunte en een van die grootste redes waarom Luther weg gebreek het.

## WAT SÊ DIE DWAALLEER?

(a) Die regverdigmaking is nie uit louter vrye genade alleen nie. Hulle betwis dit dat in die regverdig al die sonde van 'n berouvolle sondaar hom deur God vergewe word uit slegs vrye genade en dat dit deur die geloof aangeneem moet word. Hulle gaan selfs sover as om diegene te vervloek wat bostaande leerstuk voorstaan. (b) Die goeie werke vorm 'n stuk of gedeelte van ons geregtigheid. Hulle leer dat daar onderskei moet word tussen ewige en tydelike straf, die ewige straf het Christus vir ons gedra, maar die tydelike straf moet die mens, volgens hulle, self dra in hierdie lewe of in die toekomende in die vagevuur. Maar hoe meer goeie werke iemand op die aarde gedoen het, hoe korter is die tyd in die vage- of reinigingsvuur.

Christus het dus nie die hele straf volgens hulle gedra nie, maar net 'n deel; die ander deel moet die mens self dra en dit word verkort na gelang hy goeie werke verrig het. Hierdeur doen hulle afbreuk aan die versoening van Christus.

## DIE WEERLEGGING DAARVAN.

Die antwoord van die Kort Begrip en Kategismus op hierdie dwaalleer as sou die mens 'n deel van die geregtigheid kan verwerf, is die volgende:

(a) DIE MENS KAN GEEN WARE GOEIE WERKE DOEN WAT IETS KAN VERDIEN NIE. Vêr daarvandaan dat die mens iets deur sy werke sou kon verdien, laat staan 'n deel van sy geregtigheid voor God verwerf, antwoord die *Kort Begrip* en *Kategismus*: *dat ook ons beste werke in hierdie lewe onvolkome en met sonde besmet is.* Dit geld selfs vir die beste werke van die wedergebore en vernude mens. Dink maar aan sy gebede, sy kerkbesoek, sy dade van barmhartigheid. En as dit van toepassing is op die werke van die kinders van God, van die wedergeborenes, wat moet ons dink van die werke van die wat nog nie wederbaar is nie? Die profeet Jesaja sê baie duidelik: *En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtigheid soos 'n besoedelde kleed, ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind* (Jes. 64:6). Dit geld vir ons almal, en nog meer vir die wedergeborenes. As hulle aan hulself oorgelaat word sou hulle in alle boosheid uitbreek, laat staan nog om enige goed te verrig.

Verder moet onthou word dat iets wat ons doen, eers 'n goeie werk is wanneer dit volkome en in alle dele voldoen en gelykvormig is aan die eise van die wet. Geen een van ons werke is sodanig nie.

Die Leer omtrent die onverdienstelikheid van ons goeie werke is volkome Bybels. In die gelykenis van die Fariseër en Tollenaar (Luk. 18:9-14) maak Christus, as met een voorval, die gedagtes af as dat ons werke voor God welgevallig sou wees en iets sou kon verdien. Dit is die arme sondige tollenaar wat geregverdig na sy huis gegaan het, en nie die Fariseër wat twee keer per week gevas en sy tiendes gegee het en so vol gewaande goeie werke was nie.

Lees ook Rom. 3:20. *Aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.* Lees ook verder vers 24: *En hulle word deur sy genade verniet geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is*. Kyk verder, Rom. 1:17; 11:6; Gal. 2:16; Ef. 2:8. Hier sien ons baie duidelik dat daar geen regverdigmaking deur die werke is nie, maar uit genade. God gee dit aan ons sonder dat ons dit verdien het. Ons kan ook niks by God verdien nie want ons, as sy skepsels, is skuldig om Sy hele wet te hou. Hy gee dit aan ons uit loutere genade, verniet (vgl. ook Rom. 1:17; 11:6; Gal. 2:16; 3:16; Ef. 2:8).

## EERSTE BESWAAR VAN DIE DWAALLEER - DAAR IS TOG LOON

Die eerste beswaar kom in Vraag 47 van die Kort Begrip voor: *Verdien ons goeie werke wat God tog in hierdie en in die toekomende lewe wil beloon, dan niks nie?*

Ons stem volkome saam in dat daar belonings is op ons goeie werke. Ons wil dit ook nooit vergeet nie en verheug ons daarin. Lees ons dan nie *dat Moses die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte nie, want hy het uitgesien na die beloning (Hebr. 11:26).*

*Van Christus self word gesê dat Hy vir die vreugde wat vir Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het* (Hebr. 12:2). Hy self sê*: Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg … om My ontwil. Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele* (Matt 5:11, 12). Paulus getuig: *Hy wat plant en hy wat natmaak is een, en elkeen sal sy eie loon volgens sy eie arbeid ontvang.* (1 Kor. 3:8). En verder sê hy: *want ons moet almal verskyn voor die regterstoel van Christus sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed of kwaad is.* (2 Kor. 5:10).

Oor hierdie waarheid moet ons *as* Protestante ook dikwels dink en dit oorpeins. Dit is ’n prikkel en aansporing in ons lewe want dit is nie tevergeefs om die Here te dien nie. Hy merk op en hoor. Daar is ’n gedenkboek voor sy aangesig.

Alhoewel ons saamstem dat daar beloning is op ons goeie werke, tog verskil ons hemelsbreed oor die grond of oorsaak vir die beloning. Hulle sê dit is omdat die mens dit verdien*:* ons sê dit is genadeloon.

Uit die feit dat goeie werke beloon word, word verkeerde gevolgtrekkings gemaak. Hulle lei daaruit af dat ons goeie werke verdien, of dat ons deur ons goeie werke onsself by God verdienstelik maak. Die antwoord hierop is dat daar onderskeid gemaak moet word tussen loon uit verdienste en loon uit genade, of soos die antwoord op vraag 47 dit uitdruk: *Hierdie beloning is nie op grond van verdienste nie, maar uit genade*. Die apostel Paulus maak hierdie onderskeid in Rom. 4. Laat ons op hierdie twee soorte van loon let.

(a) DAAR IS LOON UIT VERDIENSTE: Dit is die soort loon wat ’n arbeider kry in diens van sy baas. Hy het homself as ’n vrye wese vrywillig verhuur en sekere dienste gelewer wat die baas tot voordeel strek, daarom moet die baas hom dan ook beloon omdat dit tot sy voordeel was.

Maar God en die mens staan nie in so ’n vrye loonverdienende betrekking nie. Die verhouding waarin hulle staan, is die van Skepper en skepsel. En as skepsel is die mens verplig om sy hele lewe sonder loon aan God te wy uit liefde en dankbaarheid. Die mens wat geskape was na sy beeld is verplig om God lief te hê, te dien en te gehoorsaam. En as die mens alles gedoen het wat hom beveel was om te doen, dan moet hy nog uitroep: *Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen* (Luk. 17).

Hierdie loon uit verdienste is nie die loon waarvan die Bybel ons insake die goeie werke leer nie.

(b) *DAAR IS 'n LOON UIT LIEFDE, UIT GENADE.* As 'n Seun vir sy Vader gedoen het wat hy hom beveel het, dan maak hy nie soos 'n dienskneg aanspraak op loon daarvoor nie. Wat aan die Vader behoort, behoort ook aan Hom. *Die verhouding tussen vader en kind is heeltemal anders as tussen* 'n *dienskneg en sy meester.*

'n Kind het sekere pligte teenoor sy vader en verwag nie daarvoor loon uit verdienste nie. Die dinge is nie 'n diens wat hy aan sy vader lewer nie, maar 'n plig wat hy teenoor hom vervul. 'n Kind is dit aan sy vader verskuldig en hy vervul dit uit liefde sonder dat hy loon ontvang. *As sy vader hom daarvoor beloon, dan is dit uit liefde en nie omdat hy dit as 'n reg verdien het nie.* Dit is dieselfde waarin die wedergebore mensekind tot sy hemelse Vader staan. Net so doen die Vader ook baie dinge vir die kind uit liefde en genade, maar die Die Bybel leer ons van 'n loon uit liefde en genade en nie van 'n loon uit verdienste nie.

## TWEEDE BESWAAR - DIE GENADELEER KWEEK SORGELOSE EN GODDELOSE MENSE.

Dit beskuldig ons dat, deur die onverdienstelikheid van goeie werke te leer en die loon daarop, as uit genade en nie uit verdienste op te vat nie, ons sorgelose en goddelose mense kweek.

Dit is daarom dat die *Kategismus* verder in vraag 64 vra: *Maar maak hierdie leer nie sorgelose en goddelose mense nie?* Dit is 'n vreeslike beskuldiging. Hulle sê m.a.w. dat ons deur die regverdigmaking uit genade en nie uit verdienste nie te leer, die mense die kans gee om te sê: Ons kan daar tog niks aan doen nie. Al doen ons al ons pligte, al leef ons hoe goed, dit is 'n saak buitekant ons om. Daarom kan ons maar met gevoude hande sit en aanskou. Laat ons dan maar eet en drink en ons aan die luste van die vlees oorgee, want alles is genade waaroor ons niks te sê het nie en moontlik sal die genade nog groter word namate ons sondes vermeerder.

Hierdie beskuldiging is 'n kwaadwillige laster teenoor die Gereformeerde leer, Die Kategismus antwoord dan ook met 'n besliste nee! en sê: *Dit is onmoontlik dat iemand wat in Christus deur 'n waaragtige geloof ingeplant is, geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie.*

Daar is sekere mense wat misbruik maak van hierdie genadeleer. Maar hulle is nie hul groot voorregte werd nie, net soos 'n mens kinders kry wat die liefde van 'n vader uitbuit en vertrap en sekerlik nie die naam van die kind werd is nie. Die vraag kan gestel word of diegene wat dit doen waarlik wedergeborenes is. Paulus moes alreeds teen sulkes in die gemeente van Rome waarsku: *Wat sal ons dan sê* skryf hy, *sal ons in die sonde bly dat die genade meer kan word? Dit kan tog nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons daarin lewe? (*Rom. 6:1,2). En verder: *Wat*

*dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Dit tog nie!* (Rom. 6:15).

Die skuld vir hierdie misbruik moet nie aan hierdie heerlike Bybelse leerstuk van die regverdigmaking uit loutere genade toegeskryf word nie, maar aan die boosheid van die mens se hart.

DIE ANTWOORD VAN DIE KATEGISMUS kom in kort hierop neer dat dit onmoontlik is dat hy wat waarlik in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie. Dit is onmoontlik dat 'n kind met die gesindheid in sy hart nie sy pligte tot sy vader uit liefde sou nakom nie Die wedergeborene vra nie of daar goeie werke is om te doen nie, maar is altyd vanself besig om hulle te doen.

Oor die kenmerke van goeie werke en noodsaaklikheid om hulle te word in lesse 63 en 64 gepraat.

**VRAE**

1. Wat beteken dit dat God ons die regverdigmaking in Christus skenk uit louter genade?
2. Wat is die twee redes waarom die mens nie goeie werke kan doen en loon verdien nie?
3. Word goeie werke beloon?
4. Wat is die verskil tussen loon uit verdienste en genadeloon?
5. Wat sal u antwoord op die beskuldiging van Rome wees dat ons leer van regverdigmaking deur loutere genade, sorgelose mense kweek?

## GELOOFSLES 54: OORSPRONG EN VERSTERKING VAN DIE GELOOF.

**KORT BEGRIP.**

VR. 48 *Wie bewerk daardie geloof in jou?*

ANTW. *Die Heilige Gees.* Efes. 2:8, *Want uit genade is julle gered, deur die geloof en dit nie uit julle self nie, dit is die gawe van God.* 1 Kor. 12:3. *Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.*

VR. 49 *Deur watter middel?*

ANTW. *Deur die gehoor van die gepredikte Woord.* Rom. 10:17. *Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God.*

VR. 50 *Hoe versterk Hy daardie geloof? Deur dieselfde gepredikte Woord en die gebruik van die heilige sakrament.* Jer. 23:29. *Is my Woord nie so soos 'n vuur nie, spreek die HERE, soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie?*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 65 *Aangesien alleen die geloof ons Christus en al sy weldade deelagtig maak, waar kom so 'n geloof dan vandaan?*

ANTW. *Van die Heilige Gees wat die geloof in ons harte werk deur die verkondiging van die heilige Evangelie, en dit versterk deur die gebruik van die sakrament.*

VR. 67 *Is die Woord en die sakrament al twee dan daarvoor bedoel, of daartoe verorden om ons geloof op die offerande van Jesus Christus aan die kruis as op die enigste grond van ons saligheid te wys?*

ANTW.*Verseker; Want die Heilige Gees leer ons in die Evangelie en verseker ons deur die sakrament daarvan dat ons volkome saligheid in die enige offerande van Christus geleë is, wat vir ons aan die kruis volbring is.*

Doel van hierdie les is om aan te toon hoe die geloof in die hart ontstaan, en as dit eenmaal daar ontstaan het of bewerk is, hoe dit kan groei of versterk word. Die groot gedagtes in hierdie les is dus die BEWERKING en VERSTERKING van die geloof. Ons het al verskillende male oor die geloof gepraat. In les 24 het ons geleer wat geloof is. Van les 25 af tot 51 het ons geleer wat die inhoud is van die geloof. In lesse 52 en 53 het ons gelet op wat die vrug van die geloof is. Maar ons het nog nooit ondersoek hoe die geloof in ons hart kom, wie dit daar laat ontstaan of bewerk nie en wie dit daar aan die lewe hou, vermeerder en laat groei nie. Ons vra dus na:

**WAT IS GELOOF?**

Hebr. 11:1 *Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop , om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.*

**DIE BEWERKING OF OORSPRONG VAN DIE GELOOF.**

(a) Die mens word nie daarmee gebore nie. Die saligmakende geloof is nie een van ons aangebore vermoëns wat soos die ander in kiemvorm aanwesig is en langsaam met die jare ontwikkel nie. Die mens is, volgens die Bybel, dood deur die sonde en die misdade. Die saligmakende geloof lê nie as kiem in die natuurlike mens nie. Dit moet van buitekant af ingeplant word. Die mens glo nie in die

saligmakende werking van die bloed van Christus kragtens homself nie. Dit word vir hom gegee om te glo.

(b) WIE DIE GELOOF IN DIE HART PLANT. Geen ouer, broer, suster, onderwyser of leraar nie. Dit kan God almagtig alleen doen. Ouers moet en kan bid en onderrig, leermeesters kan en moet onderwys gee, leraars kan en moet oor die geloof preek. God alleen bewerk dit. Nie dat hulle daarby nutteloos is nie. Nee, God gebruik hulle, maar Hy alleen plant die geloof in die hart deur die werkinge van die Heilige Gees. Dit is wat die Bybel ons leer. Lees Efes. 2:8: Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julle self nie, dit is die gawe van God. Slaan op Fil. 1:29: *Omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie maar ook vir Hom te ly.*

(c) Ons vind dieselfde in Efes. 1:17-20. Die bewerking van die geloof geskied deur God Drie-enig, maar dit word veral aan werking van die Heilige Gees toegeskryf. Die Kort Begrip en Kategismus stem hiermee ooreen en praat van die Heilige Gees wat die geloof in ons harte werk.

#### DIE MIDDELE WAT DIE DEUR DIE HEILIGE GEES GEBRUIK WORD.

Die Heilige Gees werk egter deur middele. Hy werk bv. die geloof in die hart, volgens die Kort Begrip en Kategismus, deur die gepredikte woord, of deur die verkondiging van die Heilige Evangelie. Uitdruklik word die verkondiging van die Evangelie deur die Kategismus genoem. Die verkondiging van die wet verneder, verootmoedig, verskrik. Die verkondiging van die Evangelie werk geloof.

Let daarop: hier word besonderlik die verkondiging deur die mond (wat deur die oor gehoor word) genoem, omdat so min mense kon lees in die tyd toe die Heilige Skrif en die Kategismus geskryf en opgestel is.

Maar hoe vind die bewerking van die geloof deur die Heilige Gees en Heilige Skrif in die hart plaas? Dit is ’n verborgenheid. Ons kan in die algemeen net sê dat God deur die werking van die Heilige Gees die sonde verduisterde verstand van die sondaar verlig, dat Hy die vyandskap in die hart van die sondaar breek, dat Hy die hart verander sodat hy met ’n hele hart “Ja en Amen” op die waarhede van die Evangelie sê. Dat Hy die sondaar daartoe bring om sy vertroue volkome op Christus, sy Saligmaker, te stel.

Maar wat van kinders? Moet ons dan klein kinders wat nie hierdie dinge verstaan nie beskou as ongelowiges? Hulle kan tog nie die gepredikte Evangelie verstaan en lees nie? Die Bybel sê duidelik dat hulle deur Gees wederbaar is (1 Kor. 7:14).

## DIE VERSTERKING OF GROEI VAN DIE GELOOF

Die geloof wat, soos hierbo beskrywe, in ons harte werk is, is nog onvolkome. Dit moet versterk word. Daar is volgens die Bybel kleingelowiges (Matt. 6:30), mense wat traag is van gees (Luk. 24:25), swakkes in die geloof (1 Tess. 5:14), geknakte riete en lamppitte wat rook (Matt. 12:20). Aan die ander kant word ook gepraat van Abraham as van iemand vol van, en vas in die geloof. Ja, volgens die Heilige Skrif is daar klein kinders maar ook geestelike "klein kinders" in die geloof in Christus (1 Kor. 3:1). Of ons nou swak of sterk is in die geloof, ons het almal nog steeds versterking daarin nodig. En om so toe te neem in die kennis en genade van onse Here Jesus het God sekere middele daargestel.

Die Kort Begrip en Kategismus wys op twee genademiddele wat dien tot versterking van die geloof, nl. die Woord en sakrament. Deur genademiddele verstaan ons middele waarvan God Hom wil bedien om die reeds gewekte geloofslewe by die wedergebore mens te versterk. Laat ons dus eers praat oor die

(a) DIE WOORD AS VERSTERKINGSMIDDEL VAN DIE GELOOF. Aan die Woord word tweërlei funksies toegeken.

In die eerste plek bewerk dit saam met die Heilige Gees die geloof in die hart soos hier uiteengesit. In die tweede plek dien dit tot versterking van die geloof.

Die sakramente het net een funksie, nl. die versterking van die geloof. Die Woord is spys vir die gelowiges, melk vir die suigeling, vaste spys vir die volwassenes. Geen enkele gelowige, selfs nie die sterkste, kan sonder die spys van die Woord klaarkom nie. Dit moet ons daaglikse voedsel wees, soggens en saans, by die huisgodsdiens en in die binnekamer, in die skool en op die kateder, in ons geregshowe en in ons raadsale.

(b) DIE SAKRAMENT AS VERSTERKINGSMIDDEL VAN DIE GELOOF. Die sakrament is vir ons die sigbare tekens en verseëling dat ons deel het aan die verlossing in Christus. Dink aan die volgende uitleg in die nagmaalsformulier: Dit wil sê, so dikwels as julle hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, sal julle daardeur, soos deur 'n gewisse aandenking en pand, onderrig en verseker word van hierdie hartlike liefde en trou van My jeens julle: *dat Ek julle, terwyl julle anders die ewige dood moes sterwe, my liggaam aan die kruishout in die dood gee en my bloed vergiet en julle hongerige en dorstige siele met my gekruisigde liggaam en vergote bloed tot die ewige lewe spysig en laaf, net so seker as vir elkeen hierdie brood voor sy oë gebreek en hierdie beker hom gegee word, en julle dit tot my gedagtenis met die mond eet en drink.*

(c) DIE ONDERSKEID EN OOREENKOMS TUSSEN DIE TWEE GENADEMIDDELE TOT VERSTERKING VAN DIE GELOOF.

Nadat die Kategismus in vraag 65 die twee genademiddele ter bewerking en versterking van die geloof aangedui het, gaan hy verder in vraag 67 om ons die ooreenkoms tussen die twee te beskryf. Maar eers iets oor hul onderskeid.

HOE VERSKIL HUL VAN MEKAAR? Die een is ’n hoorbare middel, nl. die woord, die ander ’n sigbare, nl. die sakrament. Albei predik Christus, maar die een op ’n hoorbare en die ander op ’n sigbare manier. Die Woord het in die hand van die Heilige Gees ’n dubbele funksie, nl. die bewerking en versterking van die geloof.

DIE SAKRAMENT HET DIE ENKELE FUNKSIE, NL. DIE VERSTERKING VAN DIE GELOOF. Onder die prediking van die Woord mag allerlei mense kom, selfs die ruuste en ongelowigste. Die sakrament mag egter net die gelowige kinders van God gebruik.

Die Woord is onontbeerlik vir die saligheid, *want hoe sal hulle glo wat nie gehoor het nie*? Die sakrament is nie onontbeerlik nie. Ongedoopte kinders van gelowige ouers word ook salig.

WAARIN STEM DIE GENADEMIDDELE, NL. DIE WOORD EN SAKRAMENT OOREEN? In die woorde van die Kategismus kan ons antwoord: *Die Woord en die sakrament is al twee daarvoor bedoel en daartoe verorden om ons geloof op die offerande van Jesus Christus aan die kruis as op die enigste grond van ons saligheid te wys.*

Albei sê vir ons as uit een mond*: Julle almal is doemwaardige sondaars, julle almal is onder jul sonde en ellende onmagtig om julself te verlos. Vir julle almal lê die enigste behoudenis buitekant julself in Christus in Wie jul dan ook verlos is.*

**VRAE**

1. Wie plant die geloof in die hart?
2. Watter middel gebruik die Heilige Gees om die geloof in die hart te werk?
3. Watter twee middele het God verorden om die geloof te versterk?
4. Wat verstaan jy deur genademiddele?
5. Noem die twee genademiddele wat God gebruik?
6. Wat is die onderskeid tussen die twee?
7. Wat is die ooreenkoms?

## GELOOFSLES 55: DIE SAKRAMENTE – DOOP EN NAGMAAL.

**KORT BEGRIP.**
VR. 51 *Wat is sakrament?*

ANTW.*Heilige tekens en seëls deur God ingestel om ons daarmee te verseker dat Hy ons vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk ter wille van die enige slagoffer van Christus wat aan die kruis volbring is.*

VR. 52 *Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Testament ingestel?*

ANTW. *Twee: die heilige doop en die heilige nagmaal.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**
VR. 66 *Wat is sakrament?*

ANTW. *Die sakrament is heilige, sigbare waartekens en seëls deur God ingestel om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël, nl. Dat Hy ons vanweë die enige slagoffer van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk.*

VR. 68. *Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?*

ANTW. *Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.*

Doel van hierdie les is om duidelik te maak wat 'n sakrament eintlik is, en hoeveel daar is.

Waarom word kindertjies gedoop en word daar nagmaal gehou? Die leraar en ons ouers sê gewoonlik dat die gemeente die sakramente nie moet verwaarloos en verontagsaam nie en daardeur bedoel hulle die doop en die nagmaal.

***WAT IS 'N SAKRAMENT?***
*Die Naam*: Die woord sakrament kom van die Latynse woord "sacramentum". Dit het vir die Romeine o.a. beteken 'n geheimsinnige, heilige handeling of verborge saak wat met hul gode in verband staan. Hierdie woord vind ons in die eerste eeue van die Christelike Kerk. Dit sou toe die naam gewees het vir alle verborgenhede wat op God en sy openbaring betrekking het. Later het die woord sakrament bepaaldelik die naam geword vir die genademiddel van doop

en nagmaal. As ons nou vra wat is ’n sakrament, dan antwoord die Kort Begrip en Heidelbergse Kategismus:

(a) HEILIGE, SIGBARE WAARTEKENS EN SEËLS. ’n Sakrament is ’n waarteken en seël. ’n Teken is gewoonlik iets wat deur die oog waargeneem kan word om sekere gedagtes op te wek, te verlewendig of versekering daaraan te gee. So bv. ’n seëlring, waarmee in die ou tyd briewe verseël is, laat u dink aan u verloofde en is waarborg van sy of haar trou dat geloftes aan u gedoen bevestig sal word. So is die sakrament ook tekens deur God aangewys en ingestel sodat die Kerk en elke gelowige in die Kerk daardeur die beloftes wat deur God aan hulle gedoen is, des te beter sal onthou, verstaan en met meer sekerheid en vaste geloof sal aanneem.

WAARTEKENS WAARMERKE, OF HANDELSMERKE is ’n teken waardeur iets as waar eg gekenmerk word. Daardeur wil die fabrikant homself van namaaksels vrywaar. Seëls is dinge wat dien tot bevestiging of versterking. Hier word nie gedink aan seëls waardeur briewe gefrankeer word nie, maar eerder aan die seëls waarmee briewe en dokumente, veral in die ou tyd met stempel en lak verseël is om die egtheid en waarheid daarvan te waarborg. Daar is nie groot onderskeid tussen die woord *waarteken* en *seël* nie Die woord *merk* of *teken* dra egter in hoofsaak die gedagte van te herinner aan, terwyl die woord seël meer die gedagte van die waarborg bevat.

SAKRAMENTE IS HEILIGE TEKENS EN SEËLS. Hulle word heilige tekens en seëls genoem nie asof hulle die draers in hulself is van bonatuurlike genade wat op misterieuse, magiese manier deur die tekens self op stoflike manier aan die gebruikers meegedeel word nie. Maar hulle word heilig genoem omdat hulle deur God self tot heilige gebruik en doel afgesonder en verorden is, en so van alle ander tekens onderskei word.

SAKRAMENTE IS SIGBARE TEKENS EN SEËLS. Daar is tekens wat nie sigbaar is nie, soos bv. geluidtekens. Maar hier word uitdruklik gesê sigbare tekens. Dit is by ’n sakrament kenmerkend, alhoewel daar ook ’n hoorbare bestanddeel by is, bv. die formulier wat deur die leraar uitgespreek word by die bediening van die Sakrament. Die sigbare is egter hoofsaak. God het in sy wysheid by die hoorbare prediking van die Woord wat ons elke Sondag hoor, ook ’n sigbare predikasie vir die oë gegee, wat aan die gelowiges die genade van Christus verkondig.

*Die Kort Begrip en Kategismus* antwoord verder op die vraag: *Wat is Sakramente? Dat hulle deur God ingestel is.*

(b) DEUR GOD INGESTEL. Dit is ’n essensiële kenmerk van ’n sakrament. Daar is baie tekens wat deur mense ingestel is, soos ringe as teken van verlowing of huwelik, vlae as tekens van sekere lande, letters as tekens van sekere klanke, maar die tekens van water, brood en wyn in die sakramente is deur God afgesonder en ingestel en spesiale betekenis aan geheg. Hulle is nie afkomstig van die Kerk of van enige mens nie, maar van God self. Alleen die tekens uit die sigbare wêreld, deur God self geneem en afgesonder om sy genade te versinnebeeld, is sakramentele tekens.

*Die Kort Begrip en Kategismus* gee as ’n nog verdere kenmerk van ’n sakrament aan *dat hulle nie net alleen deur God self ingestel is nie, maar ook met ’n bepaalde doel.*

(c) MET ’n BEPAALDE DOEL, nl. om ons daarmee te verseker, *dat Hy ons vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk, ter wille van die enigste offer van Christus, wat aan die kruis volbring is.* Dit is wat die Kort Begrip sê en die antwoord van die Kategismus kom op dieselfde neer.

Ons sê die sakrament se doel is om ons op Christus te wys en van die soenverdienste van Christus te verseker. Rom. 2:28 verwys na die besnydenis wat soos die doop ’n uiterlike handeling was en sê: *Nie hy is* ’n *Jood wat dit uiterlik is nie, en nie dit is besnedenheid wat uiterlik aan die liggaam gedoen is nie. Nee hy is* ’n *Jood wat dit innerlik is, en dit is besnedenheid wat in die hart gedoen is deur die Gees, nie volgens die wetsvoorskrifte nie.*

Die Bybel leer baie duidelik dat die sakrament *tekens en seëls is van die verbond* van genade en dat hulle net vir die gelowiges bedoel is en nie om passiewe ongelowiges heiligende genade in te stort en hulle gelowiges te maak nie. Hulle maak nie van onbekeerdes bekeerdes nie. *So vind die wedergeboorte nie plaas deur die bediening van die doop nie*.

## HOEVEEL SAKRAMENTE IS DAAR?

Op hierdie vraag antwoord die Kategismus: *Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal. Onder die ou verbond was daar ook 2 sakramente*, nl. die Besnydenis en die Pasga. Maar in vrae 52 en 68 is nie sprake van wat in die Ou Testament was nie, maar ’n vraag na die aantal in die Nuwe Testament. In die Nuwe Testament is daar ook twee, nl. die doop en die nagmaal.

Lank was daar twyfel in die Christelike Kerk oor die getal sakramente. Op die Konsilie van Florence in 1439 en later te Trente, het die Roomse kerk dit op sewe bepaal: Die doop, Konfirmasie, nagmaal, bieg, laaste oliesel, ordening en die huwelik. Die Gereformeerde en Lutherse Kerke het vyf hiervan verwerp en slegs twee aangeneem, nl. die doop en nagmaal aangesien die wese van ’n sakrament is

dat hulle (a) deur God self ingestel is om Sakrament te wees met (b) 'n bepaalde doel, nl. *dat hulle die uitwendige, sigbare tekens en seëls sal wees van die genade van God in Christus Jesus*.

**VRAE**

1. Wat is die afleiding en betekenis van die woord sakrament?
2. Wat verstaan ons deur die sakrament as tekens? En as seëls?
3. Waarom noem ons hulle Heilige waartekens en seëls?
4. Waarom is hulle sigbaar?
5. Deur wie is hulle ingestel?
6. Met watter doel is hulle ingestel? .

## GELOOFSLES 56: DIE HEILIGE DOOP.

**KORT BEGRIP.**

VR. 53 *Wat is die uiterlike teken by die doop*?

ANTW. *(a) Die water, (b) waarmee ons gedoop word in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees. (a)* Hand. 8:36. *En die hofdienaar sê vir hom: daar is water: wat verhinder my om gedoop te word? (b)* Matt. 28:19. *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.*

*VR. 54 Wat beteken en verseël dit?*

*ANTW. (a) Die afwassing van die sondes (b) deur die bloed en die Gees (a) Hand. 22:16. Staan op laat jou doop en jou sondes afwas, nadat jy die Naam van die Here aangeroep het. (b)* 1 Joh. 1:7. *En die bloed van Jesus Christus, Sy seun, reinig ons van alle sondes.*

VR. 55 *Waar het Christus dit vir ons toegesê en beloof*?

ANTW. *ln die instelling van die doop wat soos volg lui*: Mark. 16:15, 16 - *Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop sal gered word; maar hy wat nie glo nie sal veroordeel word.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**
VR. 69 Hoe *word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offerande van Christus wat aan die kruis gebring is, jou ten goede kom?*

ANTW. *Dat Christus hierdie uitwendige waterbad ingestel het en daarby beloof het dat ek net so seker met Sy bloed en Gees gewas is van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onsuiwerheid van die liggaam wegneem.*

VR. 70 *Wat beteken dit om met die bloed en die Gees van Christus gewas te word?*

ANTW. *Dit is om van God vergewing van sondes uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offerande aan die kruis vir ons vergiet het; en dan ook om deur die Heilige Gees vernuut en geheilig te wees tot lede van Christus, sodat ons hoe langer hoe meer die sondes afsterwe en in 'n Godsalige onberispelike lewe wandel.*

VR. 72 *Waar het Christus ons beloof dat Hy ons so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?*

ANTW. *In die instelling van die doop wat aldus lui: Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees* (Matt. 28:19); en*: Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word* (Mark. 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sonde noem (Tit. 3:5; Hand. 22:16).

Doel van hierdie les is om te leer hoe die doop bedien moet word en wat die betekenis daarvan is.

In die vorige Sondag se les het ons geleer dat een van die kenmerke van 'n Sakrament is dat dit deur Christus self ingestel moet wees. Dit is die geval met die doop. So weet ons dat die Here self gedoop is (Matt. 3:13-17; Mark. 1:9-11 ens.) en dat Hy bepaalde opdragte omtrent die doop gegee het. Lees Matt. 28:19: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.* Hierdie bevel het die Here gegee na sy opstanding kort voor sy hemelvaart. Dit is dus een van sy laaste en daarom ook belangrikste bevele. Lees ook Mark. 16:16: *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word*. Ook dit het Hy gesê na sy opstanding. Dit is dus baie duidelik dat die doop 'n direkte bevel en instelling van die Here is. Laat ons

vandag probeer die vrae beantwoord hoe die doop bedien moet word en wat die betekenis daarvan is.

**DIE BEDIENING VAN DIE DOOP.**

Die beskrywing van die regte bediening van die doop kom in die Kort Begrip voor. Dit is van groot belang. Laat ons daarom op die volgende vrae let: *Wat is die uiterlike teken by die doop? Hierop word geantwoord: Die Water.* Die Kategismus praat ook van 'n waterbad. Die heilige doop mag nie met melk, wyn of 'n ander vloeistof bedien word nie maar bepaaldelik met water alleen. Die Skepper het in water twee eienskappe gelê. Dit les dors en dit reinig of was. In die doop is dit die reinigende krag van die water wat te voorskyn tree. Dit is in aanskoulike taal, so duidelik dat elkeen en elke volk dit kan verstaan. In die Ou Testament het ons reeds water as beeld van reiniging. Hy wat seremonieel onrein is moes hom met water was voordat hy weer aan die godsdiens kon deelneem. Die priesters moes dit elke maal doen voordat hulle in die heiligdom kon ingaan en die diens van die Here waarneem. Daarvoor was daar spesiale wasvate in die voorhof van die tabernakel. Hierdie reinigende krag het God geneem en dit bepaaldelik daargestel as 'n teken en 'n seël van die genade.

(a) 'n TEKEN EN 'n SEËL VAN DIE GENADE. Maar dit kom nie daarop aan wat se soort water dit is nie – reënwater, rivier- of fonteinwater nie. Solank dit skoon water is wat kan dien as teken van die reinigende krag van die bloed van Christus.

(b) IN WIE SE NAAM MOET DIE DOOP BEDIEN WORD? Hierop antwoord die *Kort Begrip: In die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.* By die bediening van die doop moet daar ook gepraat word. Die water sonder die gesproke woord is nie 'n sakrament nie. Hierdie woorde is nie aan die eie keuse van die bedienaar van die doop oorgelaat nie. Hier moet hy hom ook hou aan wat deur die Bybel bepaal is. Lees weer Matt. 28:19, *die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees*. Die bedienaar mag nie van hierdie woorde afwyk en sy eie in die plek daarvan stel nie. Om iemand in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees te doop is vol van betekenis. As julle meer hiervan wil weet, lees dan die uitleg in die doopsformulier.

(c) OP WATTER MANIER MOET DIE DOOP BEDIEN WORD? Dit is moeilik om uit te maak hoe die doop in die apostoliese tyd plaasgevind het. Almal wat geglo en hulle bekeer het, is daarna gedoop. Dit het op 'n baie natuurlike en eenvoudige manier plaasgevind. Dit kan geskied deur indompeling

of besprenkeling. In die apostoliese tyd het die doop geskied deur indompeling, alhoewel nie uitsluitlik nie. Langsamerhand het die besprenkeling in gebruik gekom. Van die 13de eeu af het dit voorkeur gekry. Die meeste Hervormers het hulle by die heersende gebruik aangesluit, alhoewel Luther aan indompeling voorkeur gegee het.

Ons sê die indompeling is ook reg; maar dit is nie uitsluitend reg nie. Die Anabaptiste maak daarvan ’n beginsel en sê die doop kan net deur indompeling geskied. Ons sê albei is reg en herinner daaraan dat die water maar net ’n teken en verseëling is van die reinigende bloed van Christus en dat die reiniging van die sonde nie deur water self kom nie, sodat dit nie saak maak of dit baie of min water is en of die hele liggaam of deel daarvan bedek word nie.

Verder moet daarop gewys word dat die geestelike weldaad wat deur die doop afgebeeld word ’n besprenkeling met skoon water genoem word. Lees 1 Petr. 1:2 - *Tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus.* Vgl. Eseg. 36:25 - *Ook het besprenkeling in die Apostoliese tyd voorgekom as daar nie genoeg water was nie en by die doop van siekes op hul siekbeddens.*

(d) WAAR MOET DIE DOOP BEDIEN WORD? – Die antwoord is: in die boesem van die gemeente in die openbare erediens. Dit is ’n bestanddeel van die openbare erediens van die vroegste tye af. Net met uitsondering mag die private doop plaasvind. Soms is daar lidmate wie se kind terminaal siek is en wat wil hê dat die kind voor sy/haar dood gedoop moet word. Hierdie verlange van ouers is dikwels ’n bygeloof: dat as die kindjie ongedoop sterf, hy/sy nie salig word nie. Hierin skuil die gedagte dat in die doop die wedergeboorte plaasvind, en dit moet met beslistheid bestry word.

(e) WIE KAN DIE DOOP BEDIEN: Dit is eintlik Christus wat doop, maar hier, soos elders, gebruik Hy mense. Wie is hulle? In die Apostoliese Kerk vind ons dat die bediening van die doop en van die Woord nou met mekaar verbonde is. Dit is natuurlik want albei is ’n prediking, die een op hoorbare, die ander op sigbare manier. Die Gereformeerde Kerke het nog altyd baie streng daarop gestaan dat slegs die geordende bedienaar van die Woord die doop kan bedien.

## DIE GENADEVERBOND.

Aan wie word die doop bedien? In die gevestigde Kerk van Christus word dit bedien aan klein kinders, die saad van verbondsouers. (Oor die klein- en volwassedoop, sien les 58). Iets meer moet hier gesê word oor die genadeverbond.

’n Verbond beteken ’n ooreenkoms waardeur twee partye wedersydse hulp aan mekaar beloof teen ’n gemeenskaplike vyand, asook vriendskap en gemeenskap

met mekaar. God het in sy Seun Christus Jesus na die mens gekom en so 'n verbond met hom gesluit: Reeds in die Paradys (Gen. 3:15); met Abraham en sy nageslag (Gen. 17:7); met Israel (Gal. 3:17); met Dawid (2 Sam. 23:5); met alle uitverkorenes in Christus en hul nageslagte (Hand. 2:39).

As gevolg van die onghoorsaamheid van die Jode is die evangelie aan die heidene verkondig en het almal uit alle nasies wat in Jesus Christus glo die nuwe verbondsvolk van God geword. Hierdie verbond is nie 'n verbond tussen gelykes nie want dit is gesluit tussen 'n almagtige, heilige God, die Besitter van alles in hemel en op aarde, en 'n swakke, sondige, armsalige mens. Dit is gesluit omdat God Hom oor die mens ontferm het, nie omdat hy iets verdien of verwag nie, maar uit vrye genade; daarom word dit ook genadeverbond genoem. Dit omvat baie genadegawes wat God ons skenk:

(a) DIE UITVERKIESING van die wat aan die verbond sal behoort;
(b) DIE WEDERGEBOORTE waardeur die bose hart geneig word om God te dien, ook die harte van die klein kinders van verbondsouers; die heiligmaking;
(c) DIE VOLHARDING van die heiliges in die stryd teen die gemeenskaplike vyand, die duiwel, ens.

Hierdie verbond is nie 'n verbond wat gesluit word met afsonderlike, los-van-mekaar staande enkelinge nie, maar met die geslagte. Dit gaan oor van vader tot kind en kindskind en die toekomstige geslagte. Daarom word die doop in die Kerk van Christus bedien aan die kinders van verbondsouers. Want hulle is ook ingesluit in die verbond. (Lees ook wat in les 58 omtrent die genadeverbond staan.)

## DIE BETEKENIS VAN DIE DOOP.

(a) DIE WATER IN DIE DOOP IS 'N TEKEN VAN DIE BLOED EN GEES VAN CHRISTUS. In die Bybel word die bloed van Christus met water vergelyk. 1 Joh. 1:7 En die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. In Openb. 1:5 word gesê dat Christus die gelowiges gewas het in Sy bloed. Die gedagte is dat soos in die water, so is daar ook in die bloed van Christus 'n suiwerende krag. So ook word die Gees van Christus met water vergelyk, bv. in 1 Kor. 6:11; vgl. Jes. 44:3. Die water is 'n verseëling of versekering van die afwassing van die sondes.

*Op die vraag van die Kort Begrip: Wat beteken en verseël dit* (die doop)? word geantwoord: *Die afwassing van die sondes deur die bloed en die Gees van Jesus Christus, en die* Kategismus gee hierdie verdere verduideliking (Antwoord op

vraag 69): *dat ek net so seker met sy bloed en Gees gewas is van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onsuiwerheid van die liggaam wegneem.* Die Kategismus wil sê: *Sonde word vergelyk met die onreinheid wat stof aan ons liggaam en klere veroorsaak.* In die Bybel vind ons dikwels dat sonde besmet, besoedel, vuil maak. Maar soos God ons in water 'n middel gee om ons liggaamlike vuilheid weg te neem, so gee Hy ons 'n middel in die bloed van Christus om ons siele-onreinheid te verwyder. En net so seker as ons sien en weet dat water dit vir die liggaam doen, net so seker doen die bloed van Christus dit vir die siel. Let op die woorde in die antwoord, nl. *gewas is*. Dit is verlede tyd. Dit is nie *gewas word* nie, wat sou beteken dat in die doop self daar reiniging van sonde is. Nee, dit is 'n daad kragtens die genadeverbond wat reeds verby is. Die doop met water is net die teken en verseëling daarvan.

(b) DIE BETEKENIS DAARVAN OM DEUR DIE BLOED EN GEES VAN CHRISTUS GEWAS TE WORD is die volgende, volgens die antwoord op vraag 70: Dit beteken, eerstens, dat die regverdigmaking of vergewing van sondes ter wille van die bloed van Christus uit genade verniet aan ons geskenk word. Met erfskuld belaai, word die mens ontvang en gebore en deur elke dag se sondes word sy skuld steeds vermeerder. Maar in die regverdigmaking word al sy skuld kwytgeskeld, sy sondes vergewe, vir ewig van die straf ontslaan en as kind aangeneem. Hierdie weldaad word in die doop aangedui en verseël. Dit beteken verder:

(c) DAT ONS DEUR DIE GEES GEHEILIG EN VERNUWE WORD. Die tweede deel van die antwoord wys op die heiligmaking deur die Gees van Christus. Die heiligmaking is in hierdie lewe egter nie volkome, volmaak, voltooid, soos die regverdigmaking nie, dit is slegs ten dele. Dit neem sy aanvang in die wedergeboorte en sal eers in die laaste dag voltooi word. 0ok die vernuwing deur die Heilige Gees word deur die doop aangedui en verseël.

**VRAE**

1. Waarmee moet die doop bedien word?
2. In wie se naam moet die doop bedien word?
3. Moet die doop deur indompeling of besprenkeling geskied?
4. Waar moet die doop bedien word?
5. Wie mag die doop bedien?
6. Waarvan is die water in die doop 'n teken?
7. Wat verseël of verseker die water vir ons?

8. Wat beteken dit om deur die bloed en Gees van Christus gewas te word?

## GELOOFSLES 57: AFWYKENDE LEER RONDOM DIE DOOP.

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 72 *Is die uiterlike waterbad dan die afwassing van die sondes self?*

ANTW. *Nee, want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes.*

VR. 73 *Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?*

ANTW. God spreek so nie sonder gewigtige redes nie, naamlik nie alleen om ons daardeur te leer dat net soos die onsuiwerheid van die liggaam deur die water, so ook ons sondes deur die bloed en die Gees van Jesus Christus weggeneem word nie, maar veel meer, omdat Hy ons deur hierdie Goddelike pand en waarteken wil verseker dat ons net so sekerlik van ons sondes geestelik gewas is as wat ons uitwendig met die water gewas word.

Doel van hierdie les is om valse leer omtrent die doop te beskryf en te weerlê.

### AFWYKENDE LEER RONDOM DIE DOOP.

Vraag 72 van die Heidelbergse Kategismus is duidelik teen die dwaalleer gerig wat sê: dat die uiterlike waterbad die afwassing van die sonde self is. Die Kategismus wil die leer reg in die oë kyk. Volgens die leer word vergifnis van alle sondes, sowel van erfsondes as daaglikse sondes wat voor die doop gepleeg is, gegee. Die dopeling word vernu en geheilig deur die instorting deur die doop van heiligende genade en die bonatuurlike deugde van geloof, hoop en liefde. Inderdaad geskied die wedergeboorte van die siel vir hulle deur die doop en dit nie net alleen van kindertjies nie, maar ook van volwassenes op voorwaarde dat hulle hul lydelik oorgee aan die aksie van die doop en hulle nie positief daarteen verset nie.

### DWAALLERING RONDOM DIE DOOP WEERLÊ

Oor hierdie dwaalleer antwoord die Kategismus op vraag 72*: Nee! want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes.*

IN DIE EERSTE PLEK sê die Gereformeerde Kerke dat *die stoflike water nie die genade in homself kan opneem en deur die besprenkeling met die water dit uit homself meedeel nie.*

IN DIE TWEEDE PLEK deel die doop nie genadegawes mee nie, maar beeld net af en verseël die geestelike seëninge wat binne die kring van die genadeverbond meegedeel word. Die doop wederbaar bv. nie, maar is 'n seël van die genadeverbond waarin o.a. ook die groot seën van die wedergeboorte aan die uitverkorenes op God se tyd en wyses meegedeel word.

IN DIE DERDE PLEK SÊ HULLE BESLIS: Nee die uiterlike doop is nie die afwassing van die sondes self nie, dit is die bloed van Christus en die Gees van Christus wat ons van alle sondes reinig. Nêrens word in die Bybel reinigende, wederbarende krag aan die doopwater self toegeskryf nie, maar wel aan die bloed van Christus en die Gees van Christus wat ons van alle sondes reinig. Lees 1 Joh. 7:7b: En *die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.* Lees ook Openb. 1:5b: *Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van alle sondes gewas het in sy bloed.* Dergelike uitsprake kan ons vind in 1 Kor. 6:11 en 1 Petr. 3:21.

Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes? Daar staan dan in Tit. 3:5: *Nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte.* Die bad van die wedergeboorte dui op die reinigende bloed van Jesus Christus wat ons reinig, maar wys nie noodwendig op die doop as sakrament nie. Dit kan opgevat word as blote beeldspraak en die res van die Skrif ondersteun ook nie hierdie siening nie. Rom. 3 praat van die besnydenis as teken en seël soos volg: *Hy het die besnydenis as* 'n *teken ontvang. Dit is* 'n *seël wat bewys dat God hom vrygespreek het omdat hy geglo het toe hy nog onbesnede was. Die doel daarmee was dat hy die vader sou wees van almal wat glo al is hulle nie besny nie. Hulle word dus ook deur God vrygespreek omdat hulle glo.*

Die tweede teks in Hand. 22: 16: En *nou, waarom versuim jy? Staan op laat jou doop en jou sondes afwas, nadat jy die naam van die Here aangeroep het*. Dit word deur Ananias aan Paulus gesê. Maar wat was Paulus toe hy deur Ananias gedoop is, 'n gelowige of onbekeerde? Het God reeds die goeie werk van die wedergeboorte in hom voltooi, of nie? Sekerlik, God het toe reeds sy genade aan hom geskenk sodat hy dit nie maar toe eers ontvang het toe hy gedoop is nie. Ananias wil aan Paulus sê: Laat jou doop sodat die doop vir jou 'n teken en seël mag wees dat jou sondes vergewe is.

Die derde teks in Efes. 5:25b en 26: *Soos Christus ook die gemeente liefgehad en homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig nadat Hy dit gereinig het met*

*die waterbad deur die woord.* Dit is seker ’n moeilike teks. Wat beteken bv. *die waterbad deur die woord?* Hier word tog ook nie gesê dat die uiterlike waterbad die afwassing van die sondes self is nie. Dit kan tog ook so verstaan word dat dit die teken van die afwassing van die sondes is en nie die afwassing self nie. As alle tekste in die Bybel saamgevat word, dan leer hulle niks anders as wat ons Kategismus sê nie.

## GELOOFSLES 58: AFWYKENDE LEER TEN OPSIGTE VAN DIE DOOP.

### KORT BEGRIP.

VR. 56 *Moet ’n mens die jong kindertjies ook doop*?

ANTW. *Ja, (a) want hulle, sowel as die volwassenes, is in die verbond van God en (b) in sy Gemeente ingesluit.*

(a) Gen. 17:7. *Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou en hulle geslagte tot ’n ewige verbond om vir jou ’n God te wees en vir jou nageslag na jou.*

(b) 1 Kor. 7:14. *Want anders sou julle kinders onrein wees maar nou is hulle heilig.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 74 *Moet die jong kinders ook gedoop word?*

ANTW. Ja; *want aangesien hulle net so goed as die volwassenes in die verbond van God en in sy gemeente ingesluit is, en aan hulle nie minder as aan die volwassenes nie, deur die bloed van Christus beloof word die verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, daarom moet hulle ook deur die doop, as deur die teken van die verbond, in die Christelike Kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word, soos dit gedoen is in die Ou Verbond of Testament deur die Besnydenis, wat in die Nuwe Verbond die doop ingestel is.*

Doel van hierdie les is om dwaalleer ten opsigte van die doop te beskryf en te weerlê en om daarna die bewysgronde vir die KINDERDOOP aan te voer.

Af en toe word ’n volwassene, of grootmens, in ons kerk gedoop. Die saak is so. Hy/Sy is, om die een of ander rede, nooit gedoop toe hy/sy ’n kind was nie. Dit is nie omdat ons leraar en kerkraad, nie aan die kinderdoop glo nie en daarom meen dat net die volwassedoop geldig is nie. Nee, ons sê albei die kinder- en die volwassedoop is reg, die kinderdoop vir verbondsteken en die volwassedoop vir

die wat nog nooit gedoop is nie. Vandag sal ons verneem van die dwaalleer van die kerke wat die herdoop vereis.

**DIE BETEKENIS VAN DIE VRAAG.**

In vraag 56 word gevra: Moet 'n mens die jong kindertjies ook doop? Maar laat ons duidelik verstaan wat gevra word. Daar word nie gevra of volwassenes gedoop mag word nie. Daaroor word saamgestem. Dit mag geskied. Ook word nie gevra of kinders van ongelowiges gedoop moet word nie. Daarop sê die Gereformeerdes wat die kinderdoop gebruik, ook nee. *Die vraag is mag klein kindertjies van gelowige ouers gedoop word, of moet daarmee gewag word totdat hulle self belydenis kan aflê van hul geloof?*

**DIE ANTWOORD OP DIE DWAALLEER TEN OPSIGTE VAN DIE DOOP**

Voordat ons die dwaalleer beskryf, moet daar eers iets gesê word oor hul metodes en kenmerke. Meestal het hierdie kerke geen belydenisskrifte nie; daarom is dit soms moeilik om presies te weet wat hulle alles leer. Dit maak dit ook vir hulle maklik om allerlei te leer en dit dan later weer te ontken en hulself vry te spreek. omtrent die doop leer hulle die volgende:

(a) DAT SLEGS VOLWASSENES NÁ BELYDENIS VAN HUL GELOOF GEDOOP MAG WORD.

HULLE SÊ DIE DOOP IS NET VIR BEKEERDES. 'n Klein kindjie weet nie of hy bekeerd is en kan dit ook nie sê nie. Hulle sê die Here beveel ons om eers te onderrig en dan te doop. Die doop veronderstel dus altyd geloof, bekering en belydenis. Hierdie bewering word soos volg bepleit: Die Bybel sou dit leer, want in Matt. 28:19 gee Christus die bevel: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees.* Daar moet dus eers onderrig wees en dan sou daar kan gedoop word. Ook staan daar in Mark. 16:16: *Hy wat glo en hom laat doop sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. D.w.s. iemand moet eers glo, dan gedoop word en* daarna is hy salig. Christus, sê hulle verder, het Hom nie klein nie, maar gróót laat doop toe Hy dertig jaar oud was en dit is dus 'n sekere bewys dat Christene ook so moet handel. Volgens die Heilige Skrif word dan nog beweer dat g'n enkele geval in die N.T. voorkom waar kindertjies gedoop is nie.

(b) DAT DIE DOOP ALLEEN DEUR INDOMPELING KAN GESKIED. Besprenkeling, sê hulle, is onbybels en kom daar nêrens in voor nie; daarom is alleen indompeling van waarde. Soos gesê, word die persoon gewoonlik na ’n rivier geneem of na een van hul kerke, waar ’n groot doopbad is, en kop tot voete drie maal onder die water gedruk.

(c) DAT DIE DOOP ’n VOORWAARDE IS TOT SALIGHEID: Hierdie bewering staaf hulle veral op Mark. 16:16, soos ons hierbo gesien het, en sê dat die doop die saligmaking vooraf gaan.

**Wat is die waarheid volgens die skrif ten opsigte van die kinderdoop**? Laat ons hul leringe puntsgewyse behandel.

Vereers beweer hulle dat slegs volwassenes na belydenis van hul geloof gedoop kan word en beweer dan dat die Bybel dit sou leer. Beide Matt. 28:19 en Mark. 16:16 moet verklaar word uit die omstandighede van die Kerk in daardie tyd.

DIE KERK MOES NOG GESTIG WORD, mense uit die Jode- en heidendom moes nog deur die prediking en onderwysing bekeer word tot die Christendom en die dissipels kon tog nie begin met klein kindertjies, wat nie verstaan nie, te doop nie. Uit die aard van die saak moes hulle hul wend tot die volwassenes. Maar nie lank nie of die posisie het heeltemal verander met daardie volwasse gelowiges se kinders. Hierdie bevele van Christus is bevele na die aard van die omstandighede. Dieselfde gebeur vandag nog in ons sendingvelde. Ons sendelinge begin nie deur kinders te doop nie, maar deur volwassenes te onderrig en die Evangelie te predik ter bekering. Maar as daardie volwassenes gelowiges geword het, dan word die kinders uit hulle gebore, gedoop as verbondskinders.

DIE DOOP VAN CHRISTUS DEUR JOHANNES kan glad nie as bewys aangevoer word vir die alleengeldigheid van die volwassedoop nie. Die doop van Johannes het nie die betekenis wat aan die Christelike doop geheg word nie dit was die doop van bekering. Toe Christus Hom daaraan onderwerp het, was dit met heel ander bedoelings, soos uitkom in sy woorde in Matt. 3:15: *So pas dit ons om alle geregtigheid te vervul.* Deur Hom deur Johannes te laat doop, wou die Here Homself in die openbaar met alle sondaars vereenselwig. Die doop van Johannes het nog tot die Ou Bedeling behoort en nie tot die Nuwe nie. Sy doop was wel ’n doop tot bekering, maar daarby was nie die geloof in Christus Jesus nie. Dit het ook nie geskied in die naam van die Drieënige God nie.

DIE DOOP VAN JESUS CHRISTUS kan ook nie geneem word as voorbeeld van 'n volwassedoop ná belydenis van die geloof nie. Ons Here het tog geen sonde gehad en geen belydenis van geloof afgelê voordat Hy gedoop is nie.

DIE ARGUMENT DAT DAAR GEEN ENKELE GEVAL IN DIE SKRIF VOORKOM VAN KINDERDOOP NIE is ook nie juis nie. Hulle wil beweer dat die kinderdoop eers in die 13de eeu in die kerk ingesmokkel is. Geen kind word in die Bybel wel genoem op hul naam wat gedoop is nie. Maar baie min kinders word in die Bybel op hul naam genoem. So weet ons bv. nie eens wie die seuntjie is wat die vyf brode en twee visse aan die Here gegee het om die 5,000 mee te voed of wat die naam is van die seun van die weduwee van Nain nie. Die name is nie daar nie, maar die duidelike aanwysing en veronderstelling is daar. Die Bybel swyg, maar ontken nie, en uit die gegewens daarin kan ons gevolgtrekkinge maak wat net so bindend is asof hulle uitdruklik vermeld is. Lees Hand. 16:31, 32 en 33. Daar word van die tronkbewaarder gesê*: En in dieselfde uur van die nag het hy hulle by hom geneem ... en hy en al sy mense van sy huis is onmiddellik gedoop.* Dit is onwaarskynlik dat daar geen klein kindertjies onder sy mense was nie? Lees Hand. 16:14,15. In vers 15 word gesê: *dat Lidia en haar huisgesin gedoop is*. Wie kan beweer dat daar geen kindertjies in die huisgesin was nie? Lees ook 1 Kor. 1:16. Daar sê Paulus *dat hy die huisgesin van Stefanus gedoop* het. Sou al drie huisgesinne dan geen kindertjies gehad het nie?

DIE DWAALLERAARS SÊ DIT IS NET 'n VERONDERSTELLING EN GEEN BEVEL NIE. Ja, maar nêrens word beveel dat vroue die nagmaal moet gebruik nie; dit ook, word net veronderstel, en die dwaalleraars maak daar geen beswaar teen nie. Kinderdoop was die gebruik van die vroegste eeue af. Die Kerkvader Origines sê aan die einde van die 2de eeu dat die kinderdoop, soos afkomstig van die apostels, algemeen in gebruik is. Cyprianus skryf in die begin van die 3de eeu dat 66 biskoppe in Kartago bymekaar gekom het om te bespreek of met die doop van 'n kind gewag moes word totdat hy agt dae oud is en hul besluit was: Nee. Die kind kon voor die 8ste dag gedoop word. Ons hoef nie eens die getuienis van Irenaeus, Augustinus en Pelagius te noem nie. In die eerste 400 jaar was Tertullianus die enigste wat gemeen het dat die doop uitgestel moes word.

In die volgende 700 jaar was daar niemand nie behalwe die Anabaptiste wat beweer het dat die kinderdoop verkeerd is nie al het hulle baie lank na die Apostels geleef.

b) HULLE LEER VERDER DAT DIE DOOP NET DEUR ONDERDOMPELING KAN GESKIED. Hieroor wil ons nie verder uitwei nie, maar verwys na les 56, waar hierdie saak bespreek word.

(c) OOK LEER HULLE DAT DIE DOOP 'n VOORWAARDE IS TOT DIE SALIGHEID. Ons kan net hierop antwoord dat as dit so is, alle ongedoopte kinders en jongmense dan verlore moet gaan. Hoe hulle ook al mag rondspring, dit is die konsekwensie van hul leer. Om hier verby te kom ontken hulle die erfsmet en die erfskuld. Hulle ontken dat die mens in sonde ontvang en gebore word. Maar wat van die daaglikse sonde van kinders? Een van hulle het sover gegaan om te sê dat kinders sondeloos bly tot hul 12de jaar. Hierdie dwaasheid bestraf homself. Dat die doop 'n voorwaarde is tot saligheid is ook heeltemal onbybels. Dit is ook nie wat Mark. 16:16 sê nie; daar word nie die doop nie, maar die geloof alleen gestel as voorwaarde tot saligheid. Vgl. ook Joh. 3 36; 6:47 en 1 Joh. 5:10.

**Die antwoorde van die Kort Begrip en die Kategismus.**
Eindelik moet ons nog die gronde bespreek waarom die Gereformeerdes die kinderdoop ook erken en gebruik. Hierdie gronde word uiteengesit in die antwoorde op vrae 56 en 74. Hier word in kort drie gronde genoem waarop die kinderdoop berus: (a) Die genadeverbond; (b) die feit dat die saligheid ook aan kinders beloof is, en (c) die geval dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het.

(a) DIE GENADEVERBOND: Op die vraag of jong kinders ook gedoop moet word, word beslis geantwoord: Ja, want hulle is reeds sowel as die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit. Die verbond omvat nie net grootmense nie maar ook kinders. Die Bybel waarop hierdie antwoord berus, sê dit duidelik. Lees Gen. 17:7: *En Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou en hul geslagte, tot 'n ewige verbond om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou.* Die verbond met Abraham, die vader van die geloof het ook die kinders opgeneem as deelhebbers daarvan.

Hierdie verbondsgedagte loop regdeur uit die O.T. in die N.T. Die Ou Verbond met Abraham is in die Nuwe Verbond deur Jesus Christus se soendood en opstanding vervul. Ons Here Jesus beskou die kinders as kinders van die Nuwe verbond waarvan die teken die Doop is. Hy roep hulle na Hom toe, lê hulle die hande op en seën hulle (Mark. 10:13-16). Die apostels gaan op hierdie voetspoor aan en beskou die huisgesin as 'n organiese eenheid. Die gemeente van Christus is vir hulle nie 'n groep enkelinge nie, maar hele huisgesinne kom tot die geloof

in Christus oor. Petrus sê bv. in Hand. 2:39: *Want die belofte is vir julle en vir jul kinders en vir almal wat daar vêr is.* Volgens 1 Kor. 7:14 beskou Paulus selfs die kinders uit ’n huisgesin waarvan net die vader of moeder ’n gelowige is as behorende tot die gemeente.

Die verbondsgedagte is dat ’n kind gebore uit gelowige ouers ook tot die gemeenskap van die heiliges en dus by hul geboorte as verbondskinders beskou word en die verbondsteken van die genade verbond moet ontvang. Die teken sê: God belowe dat Hy die kind as Sy eiendom merk en beloof dat Hy die wedergeboorte in hulle sal werk. Presies wanneer weet ons nie, maar wanneer die kind tot bekering kom, is dit die vrug van die wedergeboorte wat God bewerk het. Die ouers se deel van die verbondsbelofte is dat hulle verplig is om die kind op te voed in die leer van die Woord van God. Hieraan kan ons vashou vir ons kinders: God se belofte in Jes. 59:21 - *Wat My betref,* sê die Here*, dit is my verbond met die volk; my Gees wat op jou is en my woorde wat Ek in jou mond lê sal nie uit jou mond, en uit die mond van jou kinders en jou kindskinders verdwyn nie, sê die Here, nie nou nie en nooit nie.*

(b) DIE FEIT DAT DIE SALIGHEID OOK AAN KINDERS BELOOF IS: Ons Kategismus sê ook dat ons jong kinders mag doop omdat aan hulle – nie minder as aan volwassenes nie – die verlossing van sondes deur die bloed van Christus beloof is. Hulle is nie sondeloos tot hul 12de jaar soos ander kerke wil beweer nie, maar hulle is verbondskinders kragtens die genadeverbond deur die versoening in Christus Jesus. Dat die verlossing ook aan kinders beloof is, is volkome Bybels. Christus sê: Aan sulkes (kindertjies) behoort die koninkryk van die hemele (Matt. 19:14). Vgl. ook wat Paulus sê in Rom. 2:28,29.

(c) DIE GEVAL DAT DIE DOOP IN DIE PLEK VAN DIE BESNYDENIS GEKOM HET: As uiterlike bevestigingsteken dat ook kinders tot die genadeverbond behoort, het God Abraham beveel dat alle manlike kinders op die agste dag besny sou word. Hierdie verbondsgedagte loop regdeur van die O.T. Maar die uiterlike bevestigingsteken is in die Nuwe verander. Die doop het in die plek van die besnydenis gekom. Dit is volgens die Bybel. Lees Kol. 2:11,12. En dit is ook volgens die Kategismus wat sê soos dit gedoen is in die Ou Verbond of Testament deur die Besnydenis waarvoor in die Nuwe Verbond die doop ingestel is. Die inhoud van die genadeverbond het nie verander nie, net die uiterlike teken daarvan. Daarom sê ons dat as in die O.T. die teken van die verbond aan jong kinders toegeken is, kan en moet dit ook in die N.T. aan hulle bedien word. (Lees ook wat in les 56 omtrent die genadeverbond staan.)

## (d) DIE VASTIGHEID IN DIE GENADEVERBOND TEENOOR DIE HERDOOP.

Bo en behalwe die redes waarom die herdoop afwys word, is omdat die Kinderdoop juis die Genadeverbond en die feit dat God die wedergeboorte bewerk onderstreep.

Die bekering van die mens is die VRUG van die wedergeboorte en nie die voorwaarde nie. Die leer van die uitverkiesing, wedergeboorte en die volharding van gelowiges is uit en uit op God se verbondstrou gebaseer en nie op die prestasie van ’n mens nie. Die herdoop impliseer eintlik dat die mens nou wil te kenne gee dat sy geloof die rede is vir sy verlossing en nie meer die Verbondstrou van die Vader nie. So baie mense is deur onkunde weer gedoop en het nie regtig die genadeverbond wat God met hulle gesluit het as kind verstaan nie. Sodoende ontneem hulle hulleself die grootste vrede om te weet dat hulle saligheid nie van hulle eie gevoelens en geloof afhang nie maar van die Almagtige Vader wat sy kinders vashou en bewaar vir die ewige lewe op grond van Sy verbond en besluite en nie op grond van die mense sin nie.

Die bedoeling is so goed wanneer mense deur die groot doop vir God wil wys hoe ernstig hulle is om Hom te volg. Daarom veroordeel ons nie diesulkes nie, maar bid dat hulle hulle hele vertroue op God en Sy versoening sal plaas en nie op hulle eie swak pogings nie. Gevoelens en ervarings alleen kan baie keer wankel, terwyl die sekerheid in God en Sy verbondsbeloftes vir altyd van krag bly. Ook in die grootste aanvegtinge van satan.

**VRAE**

1. Doop ons kerk net kinders of ook grootmense?
2. Wat is jou antwoord op die bewering dat net volwassenes gedoop mag word?
3. En dat dit alleen deur indompeling kan geskied?
4. En dat dit voorwaarde tot die saligheid is?
5. Watter drie gronde noem die Kort Begrip en Kategismus waarom ons ook kindertjies doop?
6. Wat is die genadeverbond?
7. Sê die Bybel dat die saligheid aan kindertjies beloof is?
8. Wat is die teken van die verbond in die N.T.?

## GELOOFSLES 59: DIE HEILIGE NAGMAAL.

**KORT BEGRIP.**

VR. 57 *Wat is die uiterlike teken by die nagmaal?*

*ANTW: Die gebreekte brood wat ons eet en die wyn wat ons drink tot gedagtenis van die lyding en sterwe van Christus.*

VR. 58 *Wat beteken en verseël dit?*

*ANTW: Dat Christus ons siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed spysig en laaf tot die ewige lewe.*

*VR. 59 Waar het Christus ons dit toegesê?*

ANTW: In die instelling van die nagmaal wat deur die heilige Paulus soos volg beskrywe word (1 Kor. 11:23-26): *Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan hulle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet dit is my liggaam wat vir julle gebreek word doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker na die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed, doen dit so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis, Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 75 *Hoe word jy in die Heilige nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy gemeenskap het aan die enige offerande van Christus wat aan die kruis volbring is, en aan al sy goed?*

ANTW. *So, dat Christus my en alle gelowiges beveel het om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie beker te drink en daarby ook beloof het: eerstens, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek en sy bloed vir my vergiet is, as wat ek met die oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die drinkbeker aan my meegedeel word; en ten tweede, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en vergote bloed so seker tot die ewige lewe voed en laaf as wat ek die brood en die beker van die Here — as gewisse waartekens van die liggaam en bloed van Christus — uit die dienaar se hand ontvang en met die mond geniet.*

VR. 76 *Wat beteken die woorde: die gekruisigde liggaam van Christus eet en sy vergote bloed drink?*

ANTW. *Dit is nie alleen om met 'n gelowige hart die ganse lyde en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie, maar bowendien ook om deur die Heilige Gees wat én in Christus én in ons woon, met sy heilige liggaam hoe langer hoe meer verenig te word dat, al is dit dat Christus in die hemel is en ons op die aarde, ons tog vlees van sy vlees en been van sy gebeente is, en dat ons deur een siel, soos die lede van een liggaam deur een siel ewig lewe en geregeer word.*

VR. 77 *Waar het Christus beloof dat Hy die gelowiges so seker op dié wyse sy liggaam en bloed wil voed en laaf as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en van hierdie drinkbeker drink?*

ANTW: In die instelling van die nagmaal wat soos volg lui: (a) *In die nag waarin Hy verraai is, het die Here Jesus die brood geneem en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker na die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom* (1 Kor. 11:23-26). *Hierdie toesegging word ook herhaal deur Paulus waar hy spreek: Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood* (1 Kor. 10:16,17).

Doel van hierdie les is om aan die leerlinge duidelik te maak hoe die nagmaal bedien moet word en wat die betekenis daarvan vir die gelowige is. Van die instelling van die nagmaal lees ons in Matt. 26:17-30; Mark. 14:12-26; Luk. 22:7-23 en in 1 Kor. 11 en 1 Kor. 10:16,17.

**DIE BEDIENING VAN DIE NAGMAAL.**

Laat ons op die volgende let:

(a) DIE TEKENS WAARONDER DIE NAGMAAL BEDIEN WORD: Hierdie tekens is natuurlik brood en wyn. Hierdie twee tekens is opsetlik deur ons

Here gekies. Dit is om die ewe of dit gesuurde of ongesuurde brood is. By die instelling was dit waarskynlik ongesuurde. Dit kan ook uit enige graansoort gebak word. Die brood moet deur die bedienaar gebreek word want so het Christus gedoen (1 Kor. 11:23,24). Dit stel sy gebroke of gekruisigde liggaam voor. Die een brood wat gebreek word versterk die beeld van die genadegawe van Christus en die eenheid van die liggaam (1 Kor. 10:17).

(b) DIE MANIER WAAROP DIE NAGMAAL BEDIEN MOET WORD: Laat ons in die eerste plek daarop let dat Christus self die Bedienaar was by die instelling en so vandag nog is. Hy is steeds die Gasheer en Bedienaar daarvan, Waar die nagmaal ook al gevier word. Die leraars doen dit in sy naam as instrumente in sy hand.

Mag die nagmaal deur 'n gewone lid bedien word as daar geen leraar is nie? Nee. In Matt. 28:19 word die bediening van die doop en Woord aan die apostels opgedra; daarom by implikasie ook van die ander sakrament, die nagmaal. Dit is verkieslik dat die nagmaal deur 'n geordende leraar bedien moet word met gewyde erns en saam met die lees van die nagmaalsformulier. Soos in die apostoliese tyd moet die nagmaal plegtig maar eenvoudig bedien. Die bediening van die wyn deur die beker of kelkie is nie 'n prinsipiële saak nie en kan deur albei geskied. Net soos die leraar die brood moet breek, so moet die nagmaalganger die brood met sy hand neem na die voorbeeld van Jesus se nagmaal met Sy dissipels. (1 Kor. 11:24). Moet die bedienaar praat by die uitreiking van die tekens? Sekerlik ja, want die tekens saam met die Woord vorm die Sakrament. Daarby moet hy nie na willekeur sy eie woorde gebruik nie, maar dié soos hy dit in die nagmaalsformulier in die Bybel vind, bv. 1 Kor. 11:23-27.

(c) HOE DIKWELS EN WAAR MOET DIE NAGMAAL BEDIEN WORD? Die DOOP word maar een maal toegedien omdat die doop sien op die aanvanklike vernuwing of wedergeboorte van die mens. Daarenteen word die nagmaal dikwels aan die gelowiges bedien, want dit is die Sakrament wat betrekking het op die versterking en voeding van die geloof. Ons word maar een maal gebore, maar dikwels daarna met spys gevoed. Hoe dikwels? Hierop gee die Bybel nie 'n bepaalde antwoord nie. In die begin was die nagmaal elke Sondag gevier, voorafgegaan deur die sogenaamde liefdemaaltye, d.w.s. die nagmaal was verbind aan die einde van 'n gewone maaltyd van Christengelowiges met mekaar. Eers later is dit van die liefdemaaltyd losgemaak en verplaas na 'n godsdiensoefening. Die Gereformeerde Protestante het teruggekeer na die eerste tyd en dit bepaal op vier of ses maal per jaar.

(d) WAAR MOET DIE NAGMAAL GEVIER WORD? In die middel van die vergaderde gemeente. Dit is 'n deel van die openbare erediens. Daarby dra dit die karakter van 'n maaltyd en hierdie kenmerk gaan veelal verlore by die private nagmaal. Die bediening aan siekes en oues van dae, moet die uitsondering wees en slegs in buitengewone gevalle en na aansoek by, en goedkeuring van die Kerkraad.

### *DIE BETEKENIS VAN DIE NAGMAAL.*

Die teken van brood is ’n simbool van die liggaam van Christus en die teken van wyn van sy bloed soos deur Homself by die instelling daarvan bepaal. As die nagmaalganger nou hierdie tekens eet en drink, d.w.s. nagmaal gebruik dan heg hy besondere waarde of betekenis aan wat hy doen. En die vraag is wat beteken dit of behoort dit vir hom te beteken? Dit is voorwaar ’n gewigtige vraag. In ons antwoord op hierdie vraag wil ons vandag net let op die betekenis wat ons in vandag se Sondagafdeling van die Kategismus voorgehou word. Aanstaande Sondag sal ons nog meer hoor wanneer oor die transsubstansiasieleer en mis gepraat sal word.

### WAT BETEKEN DAN DIE GEBRUIK VAN DIE NAGMAAL VIR DIE NAGMAALGANGER?

(a) DIT WYS HOM DAAROP EN VERSEKER HOM DAARVAN DAT HY GEMEENSKAP HET AAN DIE ENIGE OFFERANDE VAN CHRISTUS WAT AAN DIE KRUIS VOLBRING IS, EN AAN AL SY GOED. Dit is die hoofgedagte van hierdie hele les en word veronderstel in vraag 75 van die Kategismus.

Die woord gemeenskap het die twee betekenisse. Dit beteken deel het aan en omgang hê met. Die nagmaal sê dus vir die nagmaalganger dat hy *deel het aan die kruisdood van Christus*, dat Christus ook vir hom gesterf het, dat sy sonde vergewe is, *dat hy ’n verloste is en verder dat al die erfenis van Christus wat Hy aan die kruis verwerf het ook syne* is, nl. die opstanding, die ewige lewe, ens. ook sê die nagmaal vir die nagmaalganger dat hy aan die tafel van die Heer *omgang het met Christus en die Drieënige God en Christus met hom; dat daar die liefdesband en geloof versterk word en dit nie net alleen in ’n handeling van sy kant nie, maar ook van die kant van Christus deur die Heilige Gees.*

Maar hoe word die nagmaalganger in die Heilige nagmaal op dié gemeenskap gewys en daarvan verseker? Dit word in vraag 75 gevra. Die antwoord op hierdie vraag wys op twee dinge wat die gemeenskap aanwys en verseker, nl. die sigbare prediking wat van die nagmaal uitgaan en die teenwoordigheid van Christus, deur die Heilige Gees.

(1) DAAR IS ’n SIGBARE PREDIKING WAT UITGAAN VAN DIE SIEN EN GEBRUIK VAN DIE TEKEN van brood en wyn en die nagmaalganger verseker van die gemeenskap. Daar word aan hom/haar deur die brood en wyn en die gebruik daarvan op sigbare, tasbare manier gesê en verkondig dat net so seker as hy sien dat die brood gebreek word en die wyn uitgegiet en aan hom meegedeel word, so seker kan hy wees dat die liggaam van Christus vir hom aan die kruis

gebreek is en sy bloed vir hom gevloei het, d.w.s. dat hy/sy vergewe is, 'n verloste is en deel het aan die erfenis van Christus. Hierdie sigbare prediking wat van die nagmaal uitgaan, verkondig die sekerheid van die gemeenskap van die gelowige aan die offerande van Christus en sy heilsgoedere.

(2) CHRISTUS IS TEENWOORDIG IN DIE NAGMAAL EN VERSEKER SELF DIE SIEL VAN SY GEMEENSKAP. Daar voed, laaf, versterk en verkwik Hy my siel, daar verseker Hy my van sy gemeenskap aan sy offerande en erfenis. Die Kategismus druk dit so mooi uit waar hy sê dat Christus beloof het dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en vergrote bloed so seker tot die ewige lewe voed en laaf as wat ek die brood en die beker van die Here uit die dienaar se hand ontvang en met die mond geniet. As ek gelowig die nagmaal gebruik, dan word my siel gevoed en gelaaf in die gebruik daarvan en my hart verseker dat ek deel het aan Christus en Sy erfenis en Hy self verseker my daarvan. Lieflike versekering! Dubbele versekering. Die tekens van gebroke brood en wyn verseker my van my gemeenskap aan die dood van Christus en sy gawes en Hy self verseker my daarvan.

**VRAE**

1. Wat is die tekens waaronder die nagmaal bedien word?
2. Wie is die eintlike bedienaar van die nagmaal?
3. Wat moet die bedienaar sê by die uitdeling van die tekens?
4. Hoe dikwels moet nagmaal gevier word?
5. Waar moet dit gevier word?
6. Waarvan is die brood en wyn tekens?
7. Wat is die twee betekenisse in die woord, gemeenskap?
8. Op watter twee maniere word die nagmaalganger verseker van die gemeenskap aan die enige offerande van Christus?

## GELOOFSLES 60: DIE NAGMAAL TEENOOR TRANSSUBSTANSIASIE

### KORT BEGRIP.

VR. 60. *Word die brood verander in die liggaam van Christus en die in sy bloed?*

ANTW. *Nee, net so min as wat die water by die doop verander word in die bloed van Christus.*

***HEIDELBERGSE KATEGISMUS.***

VR. 78 *Word die brood en wyn dan die wesenlike liggaam en bloed van Christus*?

ANTW. *Nee; maar net soos die water in die doop nie in die bloed van Christus verander nie en ook nie die afwassing self van die sondes nie, waarin dit alleen 'n Goddelike waarteken en versekering is, so word ook die brood in die nagmaal nie die liggaam self van Christus nie, ofskoon dit na die aard en die eienskap van die sakrament die liggaam van Christus Jesus genoem word.*

VR. 79 *Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed, of die nuwe testament in sy bloed, en Paulus: die gemeenskap van die liggaam en bloed van Christus?*

ANTW. *Christus spreek so nie sonder gewigtige rede nie; naamlik omdat Hy ons daarmee wil leer dat, soos brood en wyn hierdie tydelike lewe onderhou so ook sy gekruisigde liggaam en sy vergote bloed die waaragtige spys en drank is waardeur ons siele tot die ewige lewe gevoed word; en nog omdat Hy ons deur hierdie sigbare tekens en seëls wil verseker dat ons net so waarlik sy ware liggaam en bloed deur die werking van die Heilige Gees deelagtig word as wat ons hierdie heilige waartekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang, en dat al sy lyde en gehoorsaamheid so sekerlik ons eie is asof ons self in ons eie persoon alles gely en aan God vir ons sondes voldoening gegee het.*

*VR. 80 Watter onderskeid is daar tussen die nagmaal van die Here en die Mis?*

ANTW. *Die nagmaal van die Here betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het deur die enige offerande van Jesus Christus wat Hy self eenmaal aan die kruis volbring het, en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word, wat nou na sy menslike natuur nie op die aarde is nie, maar in die hemel aan die regterhand van God sy Vader, en daar deur ons aanbid wil wees.*

**DIE ROOMSE KERK BEWEER DIE VOLGENDE:**

(a) DIE BROOD EN WYN WORD VERANDER IN DIE WESENLIKE LIGGAAM EN BLOED VAN CHRISTUS. Hulle sê dat wanneer die priester die woorde: *Dit is my liggaam of dit is my bloed,* in Latyn uitgespreek, gebruik, die brood en wyn in die wesenlike of werklike liggaam en bloed van Christus verander. Hulle beweer dus dat toe Hy hierdie woorde by die instelling van die nagmaal gebruik het, Hy hulle in letterlike betekenis gebesig het en die brood en wyn werklik verander het in vlees en bloed (transsubstansie). Hy het dit nie vir een maal nie, maar vir altyd gedoen en sodra sy priesters die woorde uitspreek dan geskied die wonder. Vraag 60 van die Kort Begrip en 78 van die Kategismus is duidelik gerig teen hierdie dwaalleringe; daarom word dan ook gevra: Word die Brood en wyn dan die wesenlike liggaam en bloed van Christus?

(b) HULLE BEWEER DAT DIE VERANDERING 'n VERANDERING IS IN WESE, maar nie in uiterlike kenmerke nie. Hulle gebruik die woord transsubstansiasie, d.w.s. die oorsetting of verandering in substansie. Die uiterlike kenmerke van vorm, smaak, reuk en kleur of selfs voedende krag sou dan nog daar bly, maar die innerlike substansie het verander. Dit lyk nie anders as brood en wyn nie, smaak nie anders nie, ens., maar die innerlike wese is weggeneem en deur 'n heel ander, nl. die liggaam en bloed van Christus, vervang. Na die uiterlike skyn is dit tog nog dieselfde brood en wyn maar na die innerlike wese of substansie is dit die vlees en bloed van Christus. Christus is dan ook liggaamlik en plaaslik aanwesig in die brood en wyn.

(c) HULLE BEWEER DAT CHRISTUS ONDEELBAAR IS; daarom is Hy liggaamlik en plaaslik volkome aanwesig in elke deeltjie of druppeltjie van die brood en wyn. Omdat Christus ondeelbaar is en nie 'n stuk hier of 'n stuk daar kan wees nie, daarom is die ganse Christus aanwesig in elke *ouwel* ('n klein apart gebakte broodjie vir elke nagmaalganger) of deeltjie daarvan as dit gebreek is; daarom is dit ook nie nodig dat die nagmaalganger al twee tekens van brood en wyn hoef te gebruik nie. Die leek kan maar net die brood kry. Dit dan is ook een van die redes waarom die brood in klein skyfies of *ouwels* gebak word en deur die priester self in die mond van die nagmaalganger gelê word, sodat daar geen krummels sou wees wat val of op getrap kan word nie. In die eerste eeue van die Christendom was hierdie leer van die onbekend; toe was die brood en wyn vir die Christen simbole of tekens van die vlees en bloed. Die woord *transsubstansiasie* kry ons eers in die 12de eeu.

## DIE LEER VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE.

Die Gereformeerdes het die transsubstansiasieleer as leerstuk verwerp.

In die Kategismus se antwoorde op vrae 78 en 79 word verskillende redes genoem waarom die leer verwerp moet word. Voor ons by daardie redes kom, wil ons ook twee bykomende redes noem:

(a) DIE TRANSSUBSTANSIASIELEER IS TEEN DIE AARD VAN SAKE BY DIE INSTELLING VAN DIE NAGMAAL. Dit is onmoontlik dat Christus daar sigbaar voor die oë van sy dissipels aan die nagmaalstafel kon wees en ook liggaamlik en plaaslik in die brood en wyn wat hulle geëet en gedrink het. Die Bybel sê ons niks hiervan nie.

(b) DIT IS TEEN DIE GETUIENIS VAN ONS SINTUIE EN GESONDE REDE. Die van ons oog, tasting, reuk en smaak getuig daarteen. Al ons sintuie sê ons dat die ouwel en die wyn ook nadat die priester die nagmaalsformulier uitgespreek het, niks anders is as brood en wyn nie.

(c) HIERDIE LEER IS TEEN WAT HULLE SELF VAN DIE DOOP LEER. Op die 78ste vraag of die brood en wyn dan die wesenlike liggaam en bloed van Christus word, antwoord die Kategismus: Nee, maar net soos die water in die doop nie in die bloed van Christus verander nie en ook nie die afwassing self van die sondes is nie, waarvan dit alleen 'n goddelike waarteken en versekering is, so word ook die brood in die nagmaal nie die liggaam self van Christus nie. Hierdie antwoord is teen die inkonsekwensie van die dwaalleer gemik. Hulle beweer nie dat die water in die sakrament van die doop verander in bloed nie, waarom dan hier?

(d) DIE TRANSSUBSTANSIASIELEER BERUS OP 'n VERKEERDE SKRIFVERKLARING. Hulle beroep hulle op die Bybel; daarom word in vraag 79 gevra: Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed ens.? Hulle sê dat in Matt. 26:26 en Luk. 22:19 Christus uitdruklik van die brood sê: Dit is My liggaam; en in Matt. 26:28 en Luk. 22:20 sê Hy van die drinkbeker: Hierdie beker is die Nuwe Testament in My bloed wat vir julle uitgestort word. Die Roomse kerk vat dit letterlik op en sê daar vind 'n wonder plaas en hierdie wonder word by elke Nagmaalsviering herhaal. Maar die Gereformeerdes sê die woordjie *is* moet nie in letterlike maar in figuurlike sin opgeneem word wanneer dit die betekenis het van beteken, aandui. In hierdie sin moet ons die woorde van Christus verstaan, nl. dit beteken My liggaam, of dit dui My liggaam aan. Ons het dieselfde spraakgebruike in Gen. 41:26,27. Daar sê Josef: *Die sewe mooi koeie is sewe jare... En die sewe maer, lelike koeie is sewe jare*. So sê Paulus ook in 1 Kor. 10:4: *Hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.* Daar het die woordjies *is* en *was* tog duidelik die betekenis van beteken, aangedui en so ook waar Christus sê: *Dit is my liggaam*. 'n Sekerke kerk wil dit soms ook uitlê asof die woordjie *is* beteken *word* verander *in* en dan lees hulle: *Dit word verander in My liggaam*. Maar nêrens in die Heilige Skrif het *is* hierdie betekenis nie.

**DIE DWAALLEER OMTRENT DIE MISOFFERDIENS.**

(a) DIE TWEESLAGTIGE BETEKENIS VAN DIE NAGMAAL. Hulle sien in die nagmaal twee dinge, nl. 'n maaltyd en 'n offerande. As maaltyd word daarin geëet en gedrink en as offerande word daarin geoffer en aanbid. As maaltyd word

dit deur hulle die *Communie* (Engels: Communion) genoem en as offerande *Mis*. Beide saam word soms genoem die sakrament van die Eucharistie.

(b) 'n BESKRYWING HOE DIE MIS GEVIER WORD. Die nagmaal as maaltyd of Communie ken ons ook, maar nie as offerande, d.w.s. as Mis nie. Die brood en wyn word nie net deur die Kerk soos 'n maaltyd geëet en gedrink nie, maar dit word ook deur die priester geoffer en deur die gemeente aanbid. Een van die uitstaande dinge wat 'n mens in kerke sien, is dan ook die *altaar* terwyl die mees kenmerkende in die Protestantse kerke *preekstoel is, met die Bybel daarop.*

Daar word elke Sondag in die kerke Misdienste gehou en ook een elke dag van die week. Die sentrale deel van hierdie dienste is die Mis, d.w.s. dat die brood en wyn geoffer en aanbid word. Ten aanskoue van die vergaderde gemeente seën die priester die brood en wyn waardeur hulle glo dat die transsubstansiasie plaasvind, d.w.s. dat die brood en wyn wesenlik verander in die liggaam en bloed van Christus sodat onder die skyn van brood en wyn Christus beide na sy Godheid en mensheid werklik in elke krummeltjie en druppeltjie plaaslik en liggaamlik teenwoordig is. Dan skei die priester die brood (vlees) en wyn (bloed) van mekaar waardeur Christus in mistieke sin ter offer geslag word, want die dood is 'n skeiding van vlees en bloed. Daarna hef hy die brood omhoog en die ganse gemeente val in aanbidding daarvoor neer.

Gedurende die Misdiens kan diegene van die gemeente wat wil, nagmaal gebruik, maar nie noodwendig nie. Die viering van die Mis kan heeltemal geskei word van die gebruik van die nagmaal waarin die gemeente die brood eet en die priester die wyn drink. In die vroeë oggendmis is daar miskien driekwart van die gemeente wat ook nagmaal gebruik, terwyl in die tienuur mis miskien net 'n kwart is wat dit doen. Die Communie en Mis kan dus saamval of ook heeltemal geskei wees van mekaar. Vir die lidmate is dit verpligtend om een maal in die jaar Communie te hou, d.w.s. nagmaal te gebruik, terwyl hulle meermale die Misdienste bywoon. Die Misdiens is dan ook vir hierdie kerk hoofsaak en die Communie bysaak

(c) DIE BETEKENIS WAT HIERDIE KERK AAN DIE MIS HEG. Die betekenis wat hulle aan die Mis koppel word in die tweede deel van die Kategismus se antwoord op vraag 80 beskryf. Hulle leer die volgende: *Dat die offerande van Christus aan die kruis aangevul word deur die daaglikse Misoffer*. Dit word soos volg deur die Kategismus beskryf: *Dat die lewende en die dode nie deur die lyde van Christus vergewing van sondes het nie tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die Mispriesters geoffer word.*

(1) DIE MIS IS WERKLIK VIR HUL ’n OFFERANDE en soos hulle sê, wel van dieselfde soort en inhoud as die offerande wat Christus aan die kruis volbring het. Dit is nie net ’n simbool van of herinnering aan die offerande van Christus aan die kruis nie, maar dit is volkome en heeltemal dieselfde. Daar is net hierdie verskil: in die een aan die kruis was daar bloed terwyl die Mis ’n onbloedige offerande is. *Die offerande aan die kruis was nie eens vir altyd klaar nie, maar moet daagliks deur die herhaalde Misoffer aangevul word, wat die vergewing van sondes en die kwytskelding van straf verwerf,* en dit nie net alleen vir die wat teenwoordig is bewerk nie, maar ook vir die afwesiges; nie net vir die wat nog lewe nie, maar ook vir die wat al gesterf het. Die vergewing van sondes word afhanklik gemaak van die Misoffer. Die offerande van Christus aan die kruis word nie ons eie deur die geloof nie, maar deur die Misoffer, sonder dat die geloof daarby in werking tree en slegs uit krag van die verrigte werk.

(2) DAT DIE BROOD EN WYN IN DIE MISOFFER AANBID MOET WORD. Hulle beweer soos die Kategismus sê dat Christus liggaamlik in die brood en wyn teenwoordig is. Die Mis berus op die Transsubstansiasieleer sowel wat die offerande van die brood en wyn. Hulle beweer, soos ons gesien het, dat as die nagmaalsformule uitgespreek word, die brood en wyn fisies verander in die liggaam en bloed van Christus. As Christus dan so aanwesig is, hoe is dit moontlik dat die priester Hom dan weer deur die getranssubstansieerde brood en wyn op die altaar kan lê, en die gemeente in aanbidding daarvoor neerval. So is die Mis niks anders nie as ’n verloëning van die enigste offer Jesus Christus nie, en kan dit beskou word as afgodery.

**VRAE**

1. Gee ’n uitleg van die transsubstansiasieleer.
2. Waarom verwerp jy die leer?
3. Watter tweeslagtige betekenis word aan die nagmaal geheg?
4. Watter betekenis heg hulle aan die Misoffer?
5. Is dit nodig en kan Christus nog daagliks geoffer word?
6. Mag die brood en wyn aanbid word?

## GELOOFSLES 61: WIE MAG NAGMAAL GEBRUIK?

### KORT BEGRIP.

VR. 61 *Hoe moet jy jouself ondersoek voordat jy na die nagmaal van die Here gaan*?

ANTW. Ten eerste, moet ek ondersoek of ek myself weens my sondes mishaag en my daarom voor God verootmoedig. Ten tweede, of ek glo en vertrou dat al my sondes vir my om Christus wil vergewe is. Ten derde, of ek ook ’n ernstige voorneme het om voortaan in alle goeie werke te wandel. 1 Kor. 11:28. *Maar die mens moet homself beproef, en so van die brood eet en uit die beker drink.*

VR. 62 *Sal ’n mens na die nagmaal ook diegene laat gaan wat ’n ongoddelike leer aanhang of ’n ergerlike lewe voer?*

ANTW. *Nee, sodat die verbond van God nieverontheilig en sy toorn oor die ganse gemeente nie onsteek nie.* 1 Kor. 11:30. *Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en ’n aantal het ontslaap.*

## HEIDELBERGSE KATEGISMUS

VR. *81 Vir wie is die nagmaal van die Here ingestel?*

ANTW. *Vir die wat hulleself vanweë hulle sondes mishaag en tog vertrou dat dit hulle vergewe is om Christus wil, en dat ook die oorblywende swakheid met sy lyde en sterwe bedek is; die wat ook begeer om hoe langer hoe meer hulle geloof te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie met ’n opregte hart tot God bekeer nie, die eet en drink ’n oordeel oor hulleself.*

VR. 82 *Moet ook diegene aan hierdie nagmaal toegelaat word wat hulle met hul belydenis en hul lewe as ongelowige en goddelose mense gedra?*

ANTW. *Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die ganse gemeente verwek. Daarom is die Christelike Kerk verplig, volgens die ordening van Christus en van sy apostels, om sulke mense deur die sleutels van die hemelryk uit te sluit totdat hulle verbetering van hul lewe bewys.*

Doel van hierdie les is om ’n antwoord te vind op die vraag: Wie mag nagmaal gebruik?

NIE ALMAL IS INGESLUIT NIE. Die Kort Begrip en Kategismus waarsku ons dat ’n mens ’n oordeel oor homself uitspreek as hy op onwaardige manier die brood en beker gebruik. Daar is duisende lidmate van ons en ander kerke wat nooit nagmaal gebruik nie. Sommige is bang vir oordeel, omdat hulle weet dat hul lewe nie voor God opreg is nie en hul gewete belet hulle om aan te sit. Weer is daar ander wat aansit en nie daar nie mag wees nie. Vir hulle sê die Here: *Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder bruilofskleed aan*? (Matt. 22:12) Die bruilofskleed dui aan regverdigmaking deur die bloed van Jesus Christus. Die heilige nagmaal is dus nie vir alle lidmate nie. Die vraag wat ons nou behandel is van die allergrootste praktiese belang vir elkeen.

VIR WIE DAN IS DIE NAGMAAL INGESTEL? Wie word daar welkom geheet? Die Kort Begrip gee daarop die antwoord; sy antwoord bestaan uit drie punte en die drie punte is dieselfde drie wat genoem word in die eerste vraag. Daar is as antwoord gesê dat drie dinge vir ons saligheid nodig is, ten eerste kennis van ons saligheid, en ten tweede kennis van ons sonde en ellende en ten derde 'n dankbare lewe vir daardie verlossing. Laat ons nou die vraag behandel:

## WIE MAG NAGMAAL GEBRUIK? DIEGENE WAT HULSELF MISHAAG EN VEROOTMOEDIG.

Vir die wat weens hul sonde 'n mishae in hulself het, d.w.s. vir die wat hulself vanweë hul sonde voor God verootmoedig. Ons gaan nie na die nagmaal om daardeur die skyn te gee dat ons geheel en al goed en opreg is nie Inteendeel, ons gaan in die eerste plek juis omdat ons ons verlore toestand buite Christus voel en betreur. Die een wat gaan in die kleed van eiegeregtigheid, het gewis die verkeerde bruilofskleed aan en vir hom sal die Here sê: Vriend, hoe het jy hier ingekom? Daarom is dit ook dat ons nagmaalsformulier (lees dit in sy geheel), waar dit ons waarsku om onsself voor die nagmaal te beproef, ons in die eerste plek maan om ons sonde en vervloeking te gedenk en ons voor God te verootmoedig. Ons moet daaraan dink dat die toorn van God teen die sonde groot is, ja, so groot dat Hy dit met die smadelike kruisdood aan Sy liewe Seun besoek het.

Die eerste kenmerk van 'n waardige nagmaalsganger is dan dit: dat hy sy sonde sal voel en hom daaroor sal verneder.

## WIE MAG NAGMAAL GEBRUIK? DIEGENE WAT GLO EN VERTROU DAT HUL SONDES OM CHRISTUS ONTWIL VERGEWE IS.

Wat is in die tweede plek nodig? Dat die nagmaalsganger sal vertrou dat al sy sondes hom om Christus ontwil vergewe is. Daar moet dus by hom wees 'n opregte geloof in Christus as sy enigste Saligmaker en Verlosser en aan die tafel moet hy dus aan homself in die binneste van sy hart kan sê: net so waarlik as ek hierdie brood en beker neem en eet en drink, net so waarlik neem ek die Here Jesus, wat Sy liggaam laat verbreek het en Sy bloed laat vergiet het, aan as my Here en Saligmaker. 'n Opregte geloof in die Here Jesus as ons enigste Verlosser is vir die nagmaalsganger dus noodsaaklik. Daarom ook sê die Formulier: laat elkeen sy hart ondersoek om te sien of hy God se gewisse belofte glo dat al sy sonde vergewe is alleen om Christus wil, en die geregtigheid van Christus hom toegereken is. Hierdie geregtigheid van Christus staan nie alleen vir die vergewing van sondes nie, maar ook vir die bedekking van die tekortkominge en swakhede wat nog in hom oorgebly het.

## WIE MAG NAGMAAL GEBRUIK? DIEGENE WAT HUL VOORNEEM OM 'N GOEIE LEWE TE LEI.

Wat is die derde kenmerk? Daar moet by dit alles in die nagmaalsganger 'n ernstige begeerte wees dat sy geloof voortaan sterker en sy lewe verbeter sal wees. Met ander woorde, die nagmaal moet vir hom wees die geleentheid van 'n nuwe toewyding aan die Here en Sy diens. Daarom ook sê die formulier dat hy voortaan met sy ganse lewe waaragtige dankbaarheid aan God moet bewys en teenoor sy ewemens alle vyandskap, haat en nyd moet aflê. Almal, so sê die Formulier, wat veins en wat hulle tot God nie bekeer nie, eet en drink oor hulself 'n oordeel.

Om nou op te som. Die vraag was: Wie mag nagmaal gebruik? En die antwoord is: Diegene

1. wat hul sondes voel en hulle verootmoedig;
2. wat in Christus vertrou vir die vergewing van hul sondes, en
3. wat begeer 'n sterker geloof en 'n beter lewe.

En hierdie drie punte is van dieselfde inhoud as die antwoord op vraag 1 van die Kort Begrip. Uit bostaande is dit dan ook duidelik waarom dit vir elke lidmaat so nodig is om homself voor te berei voordat hy die nagmaal gebruik. Dit bied 'n geleentheid om homself te ondersoek of hy beantwoord aan bogenoemde drie kenmerke

## WIE MAG NIE NAGMAAL GEBRUIK NIE?

Sover het ons die vraag behandel watter lidmate nagmaal mag gebruik; nou moet die vraag bespreek word watter lidmate dit nie mag doen nie. In vraag 62 vra die Kort Begrip: *Sal 'n mens na die nagmaal ook diegene laat gaan wat 'n ongoddelike leer aanhang of 'n ergerlike lewe voer?* Hier word twee toetse vir die reg van toegang tot die tafel, genoem, nl. die leer en die lewe. Wat nou Van die lidmate met 'n ongoddelike (valse) leer en ergerlike lewe? Mag hulle tot die Here se tafel toegelaat word? Die antwoord is duidelik: Nee, dit mag glad nie gebeur nie. Daarby kom die waarskuwing dat die toorn van God oor die hele gemeente mag ontbrand, en verder sê die Kategismus, in sy antwoord op vraag 82, dat die Christelike Kerk, volgens die mag van die sleutels, d.w.s. van die prediking van die Evangelie en van die kerklike tug, hulle die toegang tot die Here se tafel moet ontsê totdat hulle van lewenswyse verander. Wat bedoel word deur die mag van die sleutels leer ons uit die volgende les.

**VRAE**

1. Watter drie kenmerke moet 'n lidmaat in homself vind om nagmaal te
2. Waarom is voorbereiding vir nagmaal noodsaaklik?
3. Watter lidmate mag nie nagmaal gebruik nie?
4. Waarom behoort elke lidmaat te verlang na die gebruik van die nagmaal?

## GELOOFSLES 62: DIE EVANGELIEVERKONDIGING EN DIE TUG

**KORT BEGRIP.**

VR. 63 *Hoe sal 'n mens dan met sodaniges handel?*

ANTW. *Ooreenkomstig die bevel wat Christus ons in verband daarmee gegee het* (Matt. 18:15,16,17) *en wat soos volg lui: En as jou broer teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broer gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuie elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit vir die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar."*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 83 *Wat is die sleutels van die hemelryk?*

ANTW. *Die verkondiging van die Evangelie en die Christelike ban of uitsluiting uit die Christelike gemeente; deur hierdie twee handelinge word die hemelryk vir die gelowiges geopen en vir die ongelowiges gesluit.*

VR. 84 *Hoe word die hemelryk deur die prediking van die heilige Evangelie oopgesluit en toegesluit?*

ANTW. *Dat, volgens die bevel van Christus, aan die gelowiges, aan almal saam en elkeen afsonderlik, verkondig en openlik betuig word dat al hulle sondes waaragtiglik ter wille van die verdienste van Christus hulle deur God vergewe is, so dikwels as hulle die beloftenis van die Evangelie met 'n ware geloof aanneem; en daarteenoor aan al die ongelowiges en aan die wat hulle nie van harte bekeer nie, verkondig en betuig word dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank as hulle hul nie bekeer nie; volgens hierdie getuienis van die Evangelie sal God oordeel in hierdie lewe sowel as die toekomstige.*

VR. 85 *Hoe word die hemelryk toegesluit en oopgesluit deur die Christelike Kerk?*

ANTW. *So dat volgens die bevel van Christus, die wat onder die Christelike naam hulle onchristelik in leer of lewe openbaar, as hulle nadat hulle verskeie male broederlik vermaan is, van hul dwalinge of hul skandelike lewe afstand wil doen nie, by die gemeente of die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is aangegee moet word: en, as hulle hul aan die vermaning nie steur nie, dan word die sakramente hulle deur die persone verbied en hulle uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit, terwyl hulle weer as lede van Christus en van sy gemeente aangeneem word wanneer hulle waaragtige verbetering beloof en bewys.*

Doel van hierdie les is om te verstaan wat die betekenis is van sleutelmag wat, in die Evangelieprediking en die kerklike tug, aan die gemeente en sy ampsdraers gegee is. Maar let daarop, die is ook 'n tugmiddel teen die sondaar. Die vermaning van die Evangelie is die eerste stap in die toepassing van die tug.

## DIE BETEKENIS VAN SLEUTELMAG.

Die naam sleutelmag is ontleen aan Matt. 16:19. En *Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees. Dit het die Here vir Petrus gesê nadat hy vrymoediglik bely het dat Christus die Seun van die lewende God is. Later het die Here dit ook meer as een maal vir al sy dissipels gesê*

In Matt. 18:18. *Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle bind op die aarde, sal gebonde wees in die hemel; en alles wat julle ontbind op die aarde, sal bonde wees in die hemel. Net so ook in* Joh. 20:23. *As julle die mense hul sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou. 'n Sleutel word gebruik om oop te sluit en toe te sluit. Albei, die Evangelieprediking en die kerklike tug, is sulke sleutels. Hulle sluit die voorregte van die hemelryk vir die sondaar toe of hulle sluit dit oop. Daarom is dit ook dat ons in die vorige les gesien het dat die Kategismus sê dat diegene wat hulle met hul belydenis en hul lewe as ongelowige en goddelose mense gedra deur die sleutels van die nagmaal uitgesluit moet word totdat hulle verbetering in hul leer en lewe bewys.*

(a) HOE SLUIT DIE EVANGELIEPREDIKING OOP OF TOE? Die Kategismus antwoord hierop in sy antwoord op vraag 84.

(1) DIE PREDIKING VAN DIE EVANGELIE SLUIT OOP*,* deur gedurig aan die gelowiges te sê en te betuig, of dit nou is van die kansel, in bidure, by die huisbesoek of in private gesprek, dat al hul sondes waaragtiglik, ter wille van die verdienste van Christus deur God vergewe is so dikwels as hulle die belofte van vergifnis, soos vervat in die Evangelie, met 'n ware geloof aanneem. As hulle dit doen, is die hemelryk vir hulle oop en is hulle lede daarvan.

(2) DIE PREDIKING VAN DIE EVANGELIE SLUIT TOE, deur aan die ander kant gedurig aan die wat hulle as ongelowiges en goddeloses in leer en lewe gedra, te sê en te betuig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank as hulle hul nie bekeer nie.

(3) VOLGENS DIE PREDIKING VAN DIE EVANGELIE OORDEEL GOD in hierdie lewe sowel as in die toekomstige. So sal diegene wat die Evangelie nie gehoor nie, soos die heidene, verlore gaan want vir hulle is die hemelryk nie deur die prediking oopgesluit nie, so sal ook verlore gaan diegene wat nie daarna wou luister nie.

(b) HOE SLUIT DIE KERKLIKE TUG TOE OF OOP? Die Kategismus antwoord hierop in sy antwoord op vraag 85.

(1) DIE *KERKLIKE TUG SLUIT TOE* deur hom wat onder die naam van Christus 'n valse leer beoefen of 'n onchristelike lewe lei, eers onder vier oë te maan, en as hy nie luister nie, dit te herhaal in die teenwoordigheid van een of twee getuies en as hy dan nog nie luister nie, dit aan die kerkraad bekend te maak wat dan kan intree met bestraffing of sensuur (waardeur die gebruik van die sakrament ontsê word) of uiteindelik met die ban of algehele afsnyding van die gemeente, wanneer hy dan is soos 'n heiden en tollenaar.

Dit geskied alles volgens die voorskrif van Christus in Matt. 18:15,16,17: *En as jou broer teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broer gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een Of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuie elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit vir die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar.*

(2) DIE KERKLIKE TUG SLUIT OOP, deur die sondaar weer as lidmaat op te neem en die kerklike voorregte te verleen as hy waaragtige berou betoon en verbetering beloof en bewys.

**DIE GEBRUIK VAN DIE SLEUTELMAG DEUR DIE GEMEENTE EN SY AMPSDRAERS.**

Die sleutelmag is in die eerste plek aan Petrus gegee (Matt. 16:19) en aan al die apostels (Matt. 18:18) en deur hulle aan die gemeente van Christus en sy ampsdraers. Die sleutelmag is iets heeltemal anders as die mag van die swaard, dit word aan die owerheid gegee; die owerheid het mag oor lewe en dood en kan deur die swaard dwing. Dit mag die kerk nie, want die wapens van die kerk is geestelik.

Hy het mag om deur die geestelike middele die hemelryk oop en toe te sluit en waar die mag op 'n sondaar toegepas word moet die doel steeds wees die bekering van die sondaar, die heil van die gemeente en die eer van God.

**VRAE**

1. Watter twee sleutels gebruik die gemeente en sy ampsdraers?
2. Wat is die werk van 'n sleutel?
3. Op watter manier sluit die prediking die Evangelie oop?
4. Op watter manier sluit dit toe?
5. Hoe sluit die kerklike tug toe?
6. Hoe oop?
7. Van watter teks is die naam sleutelmag ontleen?
8. Aan wie het Christus hierdie mag gegee?
9. Hoe verskil die sleutelmag van die mag van die swaard?

# DERDE DEEL: DANKBAARHEID

## GELOOFSLES 63: DIE DANKBAARHEID WAT ONS AAN GOD VERSKULDIG IS

### DIE DOEL EN NOODSAAKLIKHEID VAN GOEIE WERKE.

**KORT BEGRIP**.

VR. 64 *Aangesien ons almal uit genade deur Christus gered word, waarom moet jy dan nog goeie werke doen?*

ANTW. *Nie om die hemel daarmee te verdien nie wat Christus gedoen het – maar omdat God my dit gebied het.* Ps. 119:4. U het u bevele gegee om dit trou te bewaar.

VR. 65 *Waartoe dien jou goeie werke dan?*

ANTW. a) Dat ek God daarmee dankbaarheid vir al sy weldade kan bewys en Hy deur my geprys kan word; (b) dat ek uit die goeie werke, as die van die opregtheid van my geloof verseker kan wees; (c) en dat my naaste daardeur gestig en vir Christus gewin kan word.

(a) Joh. 15:8. *Hierin is my Vader verheerlik dat julle veel vrug dra.*
(b) Jak. 2:18; *En ek sal julle uit my werke my geloof toon*.
(c) Matt. 5:16. *Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik*.

VR. 66 *Sal hulle ook salig word wat nie goeie werke doen nie?*

ANTW. *Nee, want die Heilige Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, hoereerder, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar of rower of 'n dergelike persoon die koninkryk van God sal beërwe nie, tensy hy hom tot God bekeer* (1 Kor. 6:9,10).

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS

VR. 86 *Aangesien ons uit ons ellende, sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade, deur Christus verlos is, waarom moet ons dan nog goeie werke doen?*

ANTW. *Omdat Christus, nadat Hy ons met sy bloed gekoop en vrygemaak het, ons ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe, sodat ons met ons ganse lewe aan*

*God dankbaarheid vir sy weldade sal bewys en Hy deur ons geprys word. Dan ook, dat elkeen by homself van sy geloof uit die vrugte versekerd kan wees en dat deur onse Godsalige wandel ons naaste ook vir Christus gewin kan word.*

VR. 87 *Kan diegene dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle tot God nie bekeer nie?*

ANTW. *Nee, hoegenaamd nie; want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, geldgierige, dronkaard, lasteraar, of rower, of dergelike die koninkryk van God sal beërwe nie.*

Nou moet elkeen goed daarop let dat die hele Kort Begrip en Kategismus ingedeel is volgens drie punte:

1ste Deel: ons ellende;
2de Deel: ons verlossing;
3de Deel: ons dankbaarheid.

Met die eerste en tweede dele is ons nou klaar en ons begin vandag met die derde, nl. die dankbaarheid wat 'n verloste sondaar aan sy Here verskuldig is. Die eerste onderwerp wat ons daarin behandel, is *goeie werke, hul doel en noodsaaklikheid*. Ons het alreeds hierdie onderwerp in les 53 bespreek toe gepraat is oor die onverdienstelikheid en beloning van goeie werke.

## DIE DOEL VAN GOEIE WERKE.

In die eerste plek moet ons weer duidelik maak waarvoor goeie werke nie bedoel is nie. Nie om die hemel te verdien nie. By die behandeling van die vorige lesse het ons duidelik gesien dat ons goeie werke ons nie voor God kan regverdig nie en selfs nie 'n deel van ons regverdigmaking kan uitmaak nie. Ons word verlos alleen uit genade sonder die werke; Christus het deur sy soenverdienste vir ons die saligheid verwerf, en geen mens is in staat om deur sy goeie werke die hemel te verdien of selfs 'n klein deel van sy verlossing te bewerk nie. Alles is alleen uit genade, 'n genade wat ons deur die geloof moet aanneem. Maar selfs daardie geloof is nie 'n verdienste nie, net so min as wat 'n hongerige bedelaar 'n stuk brood, waarom hy gesmeek het, verdien deur sy hand uit te steek en dit te neem.

Hierdie saak moet julle baie duidelik verstaan. Laat ons dit met 'n ware voorval uit die lewe duidelik maak: 'n Jong egpaar word vir die eerste maal deur die dominee besoek. Na hieroor en daaroor te praat vra hy of hulle grond het om te glo dat hulle eendag die saligheid sal beërf. Die man antwoord soos volg: O ja, Meneer, want ek dien die Here, ek gaan kerk toe, ook nagmaal toe, ook biduur toe. Ek betaal eerlik my skulde en ek hou vrede met al my bure.

Was dit 'n goeie, bevredigende antwoord? Die vrou se antwoord was soos volg: O ja, Meneer. Ek was 'n sondaar, en is dit nou maar nog, maar onder die druk van my sonde het ek na Jesus gegaan met belydenis, en ek glo dat Hy al my sondes weggeneem en vergewe het. En alleen deur Sy genade vertrou ek om deel te hê aan die ewige lewe. Wie van die twee het goed geantwoord, en waarom dink julle so?

Maar as dit die leer van God se Woord is dat 'n mens salig word uit genade sonder die goeie werke, waarom dan verwag die Here tog goeie werke van ons? Dit is die vraag waarmee ons nou besig is.

## (A) OM GOD DAARMEE DANKBAARHEID TE BETOON.

Ons word daarop gewys dat Christus ons nie alleen met sy bloed vrygekoop het en die sonde van die verlede uitgedelg het nie, maar dat Hy ons hart na Sy ewebeeld vernuwe. Hy gee ons deur Sy Heilige Gees 'n nuwe hart, en niks is vir daardie nuwe hart meer natuurlik as om die Here vir Sy genade te dank en Hom te loof en te prys nie. Laat ons hoor wat die Nederlandse Geloofsbelydenis hieromtrent sê in die 24ste Artikel: *So is dit dan onmoontlik dat hierdie heilige geloof werkloos in die mens kan wees, aangesien ons nie van 'n ydele geloof spreek nie, maar van so een wat die Skrif noem,* 'n *geloof wat deur die liefde werk, wat die mens beweeg om hom te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het; werke wat, as hulle voortkom uit die goeie wortel van die geloof, goed en God welgevallig is, omdat dit alles deur sy genade geheilig is.*

Onse Here Jesus het gesê dat 'n goeie boom goeie vrugte dra, en as Hy ons hart vernuut, dan is die natuurlike verwagting dat daardie hart goeie vrugte sal dra. 'n Gelowige kind van God doen goeie werke omdat hy nie anders kan nie. Daarby is daar by hom ook die gedurige besef van alles wat sy Here vir hom verwerf het en hoe dankbaar hy daarvoor moet wees. Die eerste oogmerk van goeie werke is dan, omdat die verloste nie anders kan nie, om daardeur die Here vir sy verlossingswerk in hom te dank. Wat is die tweede oogmerk?

## (B) OM VAN DIE OPREGTHEID VAN MY GELOOF VERSEKERD TE WEES.

Die tweede oogmerk is dat goeie werke die vrug is wat die opregtheid van my geloof bewys. Dikwels twyfel die mens aan die opregtheid van sy geloof. Hy vra homself: *Is dit wel met my? Is my hart vernuut? Is ek waarlik 'n kind van Hoe kan hy dit te wete kom?* Op dieselfde wyse as wat 'n mens te wete kom of 'n boom goed is. Jy kyk na sy vrugte. As die vrugte goed is, dan is die boom goed. Net so met ons hart en lewe. As ons goeie vrugte te voorskyn bring, dan kan dit nie anders nie as dat ons hart geheilig is deur Christus en dat ons geloof opreg is. Goeie werke

gee dus aan die gelowige die bewyse van die opregtheid van sy geloof. Ons sien dus dat die man, wat in Christus glo, in homself 'n drang sal voel om die heilige voorbeeld, wat Christus ons gegee het, na te volg en hoe langer hoe meer sal hy daarin toeneem.

Die Kort Begrip en Kategismus noem 'n derde oogmerk van goeie werke naamlik

### (C) OM MY NAASTE TE STIG

Die Here verwag dat Sy kinders op aarde ligdraers sal wees, sodat hulle deur hul lewe, andere tot Christus sal trek. As iemand bely dat hy in die Here glo en Sy kind is, maar hy is ongeduldig, boosaardig, leuenagtig, vals onrein, dan sal die wêreld sê: Nee, as 'n kind van God so is, dan wil ek liewer nie een wees nie. Maar as hy vol liefde is, eerlik en rein, as hy nederig is en hulpvaardig, dan sal die mense aangetrek en begerig word om ook dienaars van sy Heer en Meester te word. Daar rus dus 'n groot verantwoordelikheid op elkeen wat die Here se Naam bely. Die Here verwag van sy kinders goeie werke. Ja, hulle is noodsaaklik, nie as 'n verdienste nie, maar as 'n bewys, 'n bewys van die opregtheid van ons geloof en 'n bewys dat ons lig brandende is.

### DIE NOODSAAKLIKHEID VAN GOEIE WERKE.

Die Kort Begrip en Kategismus vra eindelik of diegene wat geen goeie werke doen nie, in 'n goddelose en ondankbare lewe volhard en hulle nie bekeer nie, ook salig word, en antwoord dan: *Nee, want die Heilige Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, hoereerder, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar of rower die Koninkryk van God sal beërwe nie* (1 Kor. 6:9, 10).

Die vrugte wat hulle lewer is sleg; daarom is die boom sleg en 'n slegte boom word uitgekap en in die vuur gegooi. Hierdie beeld gebruik die Here Jesus self om aan te dui dat as 'n mens geen goeie vrugte dra nie, dan is hy verlore, tensy hy hom bekeer. Sulke mense kan onmoontlik in die hemel ontvang word, want die hemel is heilig en vanself sal hulle daar ontuis voel. Lees ook 1 Kor. 6:10; Gal' 5:19-21; Openb. 21:27. Die saak staan so: Ons verdien nie met ons goeie werke die saligheid nie Die saligheid is van begin tot einde 'n genadewerk van God. Maar alhoewel hulle die saligheid nie kan verdien nie, kan hulle tog in ons saligheid nie gemis word nie. Hulle is noodsaaklik. Jak 2:22 - *Jy sien dus dat sy geloof met dade gepaard gegaan het en dat dit eers deur dade volkome geword het. 2:24 Julle sien dus dat* 'n *mens vrygespreek word op grond van sy dade en nie net op grond van sy geloof nie. 2:26 So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood.*

**VRAE**

1. Noem die drie dele in die Kort Begrip en Kategismus.
2. Waarom kan ons die hemel nie met ons goeie werk verdien nie?
3. Noem die drie oogmerke waarom 'n verloste goeie werke doen.
4. Waarom kan 'n ware gelowige nie anders as om goeie werke te doen nie?
5. Hoe verseker my goeie werke my van die opregtheid van my geloof?
6. Hoe kan my goeie werke my naaste stig?
7. As goeie werke nie die saligheid verdien nie, waarom is hulle dan noodsaaklik?

## GELOOFSLES 64: DIE KENMERKE VAN GOEIE WERKE

**KORT BEGRIP.**

VR. 68 *Wat is goeie werke?*

ANTW. *(a) Alleen die wat uit die ware geloof, (b) volgens die wet van God, (c) tot Sy eer geskied en (d) nie die wat op menslike insettinge of op ons goeddunke gegrond is nie*

(a) Rom. 14:23. *En alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde.*

(b) Matt. 7:21. *Nie elkeen wat vir My sê: Here! Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.*

(c) 1 Kor. 10:31. *Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God*

(d) Matt. 15:9. *Maar tevergeefs eer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 91 *Maar wat is goeie* werke?

ANTW. *Net dit wat uit die ware geloof, volgens die Wet van God, alleen tot sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op insettinge van mense gegrond is nie.*

Ons is vandag nog besig met 'n les oor die goeie werke.

LAAT ONS ’n PAAR VOORBEELDE VAN GOEIE WERKE UIT DIE BYBEL NOEM: Die voorbidding van Abraham vir Lot en Sodom; die onselfsugtigheid van Abraham teenoor Lot; die hulp van Jakob vir Ragel by die put; die sorg van Josef vir sy broers en sy vader; die lewe van Saul deur Dawid gespaar; die sorg van Dawid vir Isbóset; die verandering van water in wyn deur Jesus, Die genesing en opwekking van krankes en gestorwenes deur Jesus. Laat ons ook ’n paar noem uit ons eie tyd: Die besoek en verpleging van siekes, die ondersteuning van armes; besoeke aan gevangenes en geestelik versteurdes ens.

Sover het ons twee lesse oor goeie werke gehad. In die eerste les het ons gehoor van die onverdienstelikheid en beloning van goeie werke. Hulle kan nie ons saligheid verdien nie. Die valse leraars ontken dit deur onderskeid te maak tussen die ewige straf en tydelike straf op die sonde en te praat van die verdienstelikheid van goeie werke. Hierteenoor sê ons dat Christus sowel die tydelike as die ewige straf op die sonde gedra het en dat ons geen goeie werke kan doen wat verdien nie. Daarby beweer ons dat daar loon is op goeie werke, maar dit is geen loon uit verdienste nie maar genadeloon.

In die tweede les (63) het ons geleer van die doel en noodsaaklikheid van goeie werke. Die doel is drieërlei: om daardeur aan God dankbaarheid te bewys; om die opregtheid van ons geloof te toets, en om ons naaste te stig en vir Christus te wen.

Doel van vandag se les is om te vra wat die kenmerke van goeie werke is. Alle sogenaamde goeie werke is nie aanneemlik vir God nie. In die Kort Begrip en Kategismus word die kenmerke genoem: Werke is alleen goed en aanneemlik vir God as hulle is gedoen word :

## UIT DIE WARE GELOOF.

Hierdie eerste kenmerk het betrekking op die gesindheid waaruit goeie werke moet voortspruit. Daardie gesindheid van die hart is ’n ware geloof. Dit is volkome Bybels. Lees Rom. 14:23. *Alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde*. Lees ook Hebr. 11:6. *En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ’n beloner is van die wat Hom soek.*

In hierdie verband ontstaan die probleem, nl. kan ’n mens wat nie wedergebore is en dus nie waaragtig in Christus glo nie, goeie werke doen? In uitwendige sin, ja, maar die egte en ware beginsel, nl.

’n WARE GELOOF, ONTBREEK BY HULLE EN DAAROM IS HULLE UITWENDIGE GOEIE WERK NIE VIR GOD WELGEVALLIG NIE. Dit was die onderskeid tussen die offerande van Kain en die van Abel. Albei het die goeie ding gedoen om ’n offer aan God te bring. Maar Kain het nie soos sy broer

in die geloof geoffer nie; daarom het God sy offer nie aangeneem nie. Sonder die saligmakende geloof is dit onmoontlik om God te behaag. Deur die saligmakende geloof word ons met Christus verenig soos die rank met die wynstok. Die rank kan nie buitekant die wynstok vrug dra nie, so ook nie die mens buitekant Christus nie. Sonder Hom kan ons niks doen wat vir God welgevallig is nie. Ons goeie werke is alleen ook net dan tot stigting en ware hulp vir die medemens as hulle uit die beginsel van ware geloof verrig word.

**VOLGENS DIE WET VAN GOD.**

Die tweede kenmerk van goeie werke is dat hulle volgens die Wet Van God moet wees. Dit is die rigsnoer waarvolgens goeie werke gedoen moet word. As ons goeie werke doen, moet ons nie vra na die opinies van mense nie (vgl. Matt. 23:23) maar ons moet vra hoe wil God dit hê. Soos sy wil in die Wet geopenbaar is, so moet dit gedoen word. Die insettinge van mense is vir die Here ydelheid. Lees Mark. 7:7. *Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.* Daardie leringe mag wel 'n skyn van wysheid en selfgemaakte godsdiens en nederigheid hê maar hulle is nie van waarde vir God nie en bevredig net die vlees. Ons moet ons nie gedra na die teenstrydige opinies van mense nie, maar na die enigste reël vir die geloof en die lewe, nl. die Bybel en by name die Wet vir die verrigting van goeie werke. Ook moet ons ons nie skik volgens ons eie opinies nie, Ons moet ons gedrag gedurig streng toets aan die Woord van God.

**TOT EER VAN GOD.**

Die eer en verheerliking van God is die einddoel van geheel sy skepping. God is in Homself volkome. Hy is die eerste en die laaste. Alles wat Hy doen en wat die mens tot sy welbehae doen, moet strek om Hom te eer. Die Bybel leer ons in 1 Kor. 10:31 : *Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.* So het Christus ons ook in die gebed geleer: *Laat u Naam geheilig word.* Nie ons eie eer of eie belang of welsyn moet by ons tel nie, maar die verheerliking van God Drieënig.

**VRAE**

1. Noem 'n paar voorbeelde van goeie werke uit die Bybel.
2. Watter onderskeid maak dwaalleraars tussen die tydelike en ewige straf op die sonde?
3. Wat is die verskil tussen loon uit verdienste en genadeloon?
4. Wat is die kenmerke van goeie werke?

## GELOOFSLES 65: WEDERGEBOORTE, BEKERING EN GENADE.

**KORT BEGRIP.**
VR. 67 *Waarin bestaan die bekering van die mens*?

ANTW. *In 'n hartlike leedwese en afkeer van die sonde, en ernstige lus tot en die doen van alle goeie werke.* Rom. 12:9. *Verafsku wat sleg is; hang die goeie aan.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**
VR. 88 *Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens*?

ANTW. *Uit twee dele: die afsterwing van die oue mens en die opstanding van die nuwe.*

VR. 89 *Wat is die afsterwing van die oue mens*?

ANTW. *Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons dit nou hoe langer hoe meer haat en ontvlug.*

*VR. 90 Wat is die opstanding van die nuwe mens?*

ANTW. *Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus, en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe*.

Doel van hierdie les is om die belangrike onderwerpe, die wedergeboorte en bekering te bespreek, maar eers moet ons sekere dinge uit en omtrent die heilsorde duidelik verstaan.

**DIE HEILSORDE.**
Christus het vir ons deur sy dood verskillende weldade verdien wat Hy, nou as opgestane en verhoogde Here Jesus aan die regterhand van God, deur Sy Woord en Gees, aan ons meedeel en aan ons toepas. Deur die woord *HEILSORDE* verstaan ons al daardie weldade wat Christus vir ons verdien het en die manier en orde waarop ons daarvan in besit kom. Laat ons daardie weldade opnoem:

Die gawe van die Heilige Gees
Roeping
Wedergeboorte
Geloof

Bekering
Regverdigmaking
Heiligmaking
Verheerliking.

In vandag se les sal verder behandel word die roeping, wedergeboorte en bekering en in die volgende dag se les die heiligmaking.

**ROEPING.**
Die mens is in sy natuurlike, sondige toestand *onbekwaam tot enige goed* en *geneig tot alle kwaad*. Hy het in homself nie die kennis en die lus om God te dien nie. Uit hierdie sondeslaap moet hy wakker gemaak word. Hy moet wakker geroep word. Daar word op twee maniere geroep: uitwendig en inwendig.

a) *DIE UITWENDIGE ROEPING* is die roeping wat uitgaan van die Woord deur die verkondiging daarvan deur leraars, sendelinge, ouers, onderwysers en almal wat die Woord in die privaat of openbaar verkondig. Dit is 'n vriendelike uitnodiging van God aan sondaars om die verlossing te ontvang wat Christus verdien het (Luk. 14:17; Jes. 45:22; 55:1). Hierdie roeping kom in die eerste plek na diegene wat in die kring van die genadeverbond en Christus lewe, maar is verder ook vir almal bestem tot aan die eindes van die aarde, in die sin dat volgens bevel van Christus dit vir almal is sonder onderskeid van ras, klas of kleur. Maar ons weet dat nie almal gehoor gee aan hierdie roeping nie, *want baie is geroep maar min uitverkies* (Matt. 22:14), en as die sondaar aan homself oorgelaat word sonder meer as hierdie roeping, sou niemand gehoor gee nie. Daarvoor is die inwendige roeping nodig.

(b) DIE INWENDIGE ROEPING geskied deur die kragdadige inwerking van die Gees waardeur die hart geopen word vir die uitwendige roeping van die Woord. Die sondaar kry 'n geestelike oor wat kan hoor, verstaan, en ter harte neem. Hierdie inwendige roeping is onweerstaanbaar, d.i. as die Heilige Gees in 'n hart begin werk, sal Hy daardie hart verander en sy werk voltooi dan sal die sondaar nie nee" daarop kan sê nie.

Die verskil tussen die uitwendige en inwendige roeping is dus: die eerste is vir almal wat die Woord hoor; die tweede net vir die uitverkorenes. Die eerste geskied deur die Woord; die tweede deur die Woord en Gees. Die eerste is weerstaanbaar; die tweede is onweerstaanbaar.

**DIE WEDERGEBOORTE**.

Die verandering wat die Heilige Gees in die hart bring deur die inwendige roeping word die wedergeboorte genoem. Ons moet op verskillende dinge let:

a) DIE AARD VAN DIE WEDERGEBOORTE. Dit is ’n besondere werking van die Heilige Gees in die hart van die mens waardeur sy sondige natuur verander word. Die wedergeboorte doen vir die mens die teenoorgestelde van wat die sonde gedoen het. Die sonde het die beeld van God in die mens vernietig en verduister, sy wil van God en die goeie afgerig, hom heeltemal deformeer en die dood gebring. Die wedergeboorte herstel die beeld van God in die mens, nie in eens volkome nie, maar in beginsel, maak sy wil weer Godgerig en na die goeie toe en lê die ewige, geluksalige lewe reeds in hierdie lewe in hom. Die hele beginsel van sy lewe word vernuut, verander.

Dit bring egter geen nuwe substansie in die mens nie. Dit is nog dieselfde mens met sy individualiteit, vermoëns, talente, liggaam. Dit alles word nie weggeneem en ander in die plek gestel nie, maar dit word verander, gereformeer en sy ganse wese Godgerig gemaak en nie meer sondegerig nie (Vgl. Joh. 3:3,5; Jak 1:18; 1 Pet. 1:3,23; Tit. 3:5).

Hierdie verandering word in die *Dordtse Leerreëls* soos volg beskryf: *Hy open die hart wat gesluit is; Hy vermurwe wat hard is; Hy besny wat onbesnede is. In die wil stort hy nuwe hoedanighede in en maak dat die wil wat dood was, lewend word; wat boos was, goed word; wat nie wou nie, nou inderdaad wil; wat weerspannig was' gehoorsaam word; Hy beweeg en versterk die wil sodat dit soos ’n goeie boom vrugte van goeie werke kan voortbring .*

(b*)* DIE WEDERGEBOORTE IS ’n DAAD VAN GOD ALLEEN. Die sondaar kan nie die wedergeboorte self wil nie. Net so min as wat ’n Kusiet sy vel kan verander of ’n luiperd sy vlekke (Jer. 13:23), so min kan ’n mens homself laat wederbaar (vgl. Joh. 3). Net die Gees van God is daartoe in staat.

(c) DIE SONDAAR IS ONBEWUS VAN DIE WEDERGEBOORTE IN HOM. Die wedergeboorte word nie op so ’n manier in ons teweeggebring dat ons dit bemerk of daarvan bewus is nie. Daarom kan niemand die dag en datum van sy wedergeboorte aanwys nie. *Alleen aan die vrugte van geloof en bekering kan hy merk dat dit geskied het, maar wanneer en hoe, weet hy nie. God alleen weet wanneer dit geskied het.* Dit staan in teenstelling met wat die Metodiste leer, nl. dat niemand wedergebore is tensy hy dag en datum en selfs die uur kan noem nie.

(d) DIE MANIER WAAROP DIE WEDERGEBOORTE IN DIE HART GEWERK WORD. Dit is 'n verborgenheid. Jesus sê: *Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid maar jy weet nie waarvandaan hy kom en waarnatoe hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.* (Joh. 3:8). Die vraag moet egter hier beantwoord word of die Heilige Gees met of sonder middele werk. Werk die Gees bv. sonder die Woord of sakrament of gebruik Hy die genademiddele om die wedergeboorte te bewerkstellig? In die reël geskied dit in verband met die genade middele, maar God kan ook sonder middele die beginsel van die nuwe lewe in die hart plant. So geskied dit bv. in die harte van klein kindertjies. Hulle hoor of verstaan nog nie die Woord nie; nogtans neem ons aan dat hulle verbondskinders is kragtens die genadeverbond (Gen. 17:7; Hand. 2:39) en, as hulle te sterwe kom, salig in die Here sterwe, al is hulle ook nog nie gedoop nie. Die Heilige Gees werk hierdie wedergeboorte op sy eie tyd, voor of in of na die doop sonder of met middele. Oor die wedergeboorte kan ook gelees word wat in die Dordtse Leerreëls, hoofstukke 3 en 4, Paragrawe 11, 12 en 13 staan.

**BEKERING.**

Die twee betekenisse van die Woord. Die Afrikaanse Woord bekering word in die oorspronklike Grieks deur twee woorde aangedui. Die een gee verandering van gesindheid te kenne (vgl. Mark. 1:4,15) en die ander 'n ommekeer op die verkeerde weg, 'n verandering van wandel (vgl. Hand. 3:19). Die verandering van gesindheid word ook genoem die eerste bekering en die van wandel 'n voortgesette bekering. Hierdie selfde onderskeid vind ons ook tussen vraag 67 van die Kort Begrip en 88 van die Kategismus. Die eerste sien meer op die eerste verandering van die gesindheid en die tweede op die voortgesette verandering van wandel. Die eerste kom meer hier te pas en die tweede in die volgende les oor die heiligmaking. Vandag praat ons dus van die bekering net as van 'n sinsverandering.

(b) WAARIN BESTAAN DIE BEKERING VAN DIE MENS, m.a.w. Wat is die aard daarvan? Dit is die vraag van die Kort Begrip, en die volgende antwoord word gegee:

(1) IN 'n HARTLIKE LEEDWESE OOR DIE SONDE. As die verlore seun tot homself gekom het en hy dink aan die vaderhart wat hy veronreg het en aan al die gruwelike dinge wat hy gedoen het, dan kom daar, kragtens die wedergeboorte en inwerking van die Heilige Gees berou in sy hart oor sy sonde. Dit is nie 'n berou omdat hy homself jammer kry of omdat hy voordeel daaruit kan haal nie. Dit is

nie ’n berou na die wêreld soos Judas gehad het nie, maar ’n berou na God. Die verlore seun sê: *Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u* (Luk. 15:18; 2 Kor. 7:10).

(2) IN ’n AFKEER VAN DIE SONDE. Waar die sonde eers vir hom aantreklik was, het hy nou ’n teësin daarin en is dit vir hom afskuwelik. Hy omhels nie meer die sonde nie, maar stoot dit van hom af en vlug daarvan weg. Hy sê vir homself, soos die verlore seun: Ek sal opstaan en na my Vader gaan en ek sal vir hom sê Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u. Sy berou en teësin dryf hom uit na die daad van skuldbelydenis. Hy is selfs gewillig om as ’n huurling te werk.

(3) IN ’n ERNSTIGE LUS TOT EN DIE DOEN VAN GOEIE WERKE. Waar hy vantevore ’n lus gehad het om slegte dinge te doen, verlang hy nou om goeie werke te doen, d.w.s. werke wat uit ’n ware geloof voortkom, volgens die wet van God is en tot eer van God strek. Omdat Christus so baie vir hom gedoen het, wil hy sy dankbaarheid in die doen van goeie werke toon.

(4) HOE WONDERLIK IS DIT OM TE WEET DAT DIE VADERHART OOPSTAAN EN VERGIFNIS SKENK.

(c) *GOD EN DIE MENS IS BEIDE WERKSAAM IN DIE BEKERING.* Soos ons gesien het, is die sondaar onbewus van die werking van die wedergeboorte in hom. In die bekering, wat gelyktydig of na die wedergeboorte kan plaasvind, is hy bewus van wat gebeur en dit kom hom selfs voor asof hy alleen daarin werksaam is. Maar God en die mens is beide werksaam in die bekering. Die bekering word in die Bybel aan die een kant voorgestel as ’n werk van God, waarvoor ons ook moet bid (Hand. 5:31, 11:18; 2 Tim. 2:25,26; Jer. 31:18); aan die ander kant as ’n werk en ’n plig van die mens. Maar hierdie verskillende spreekwyses sluit mekaar nie uit nie, want beide God en mens is in die bekering werksaam. God het die wedergeboorte in sy hart gewerk en stel hom in staat om hom te bekeer.

IS DIE WERKING VAN DIE BEKERING STIL OF GEWELDADIG? Die Skrif leer dat die bekering by verskillende persone verskillend plaasvind. By sommige is daar ’n plotselinge, hewige krisis, met hewige gemoedsaandoeninge, soos bv. Paulus. By ander is die werking stil, onopgemerk soos by Timoteus.

**VRAE**

1. Wat word deur die woord "heilsorde" verstaan?
2. Noem die weldade op wat Christus deur sy dood vir ons verdien het.
3. Wat is die onderskeid tussen die uitwendige en inwendige roeping?
4. Wat is die aard van die wedergeboorte?
5. Is dit 'n daad van God of van die mens?
6. Word die wedergeboorte met of sonder middele in die hart gewerk?
7. Watter twee betekenisse het die woord bekering?
8. Waarin bestaan die bekering van die mens?
9. Wie is werksaam in die bekering?
10. Is die werking van die bekering stil of gewelddadig?

## GELOOFSLES 66: HEILIGMAKING.

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 89 *Wat is die afsterwing van die oue mens?*

ANTW. *Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons dit nou hoe langer hoe meer haat en ontvlug.*

VR. 90 *Wat is die opstanding van die nuwe mens?*

ANTW. *Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus, en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe.*

Doel van vandag se les is om die weldaad van die Heiligmaking duidelik te maak. In die vorige les het ons gesien dat daar 'n eerste en 'n voortgesette bekering is. Die eerste bekering is daar behandel, vandag kom die voortgesette bekering te pas.

Die mens is na die wedergeboorte en bekering nie ineens heilig nie. Dit is 'n langsame, moeisame stryd. Hy het wel die beginsel van 'n nuwe Godgerigte natuur (die nuwe mens), maar die ou sondige natuur (die ou mens) is nog nie dood nie. Die weg van heiligmaking is 'n langsame, voortgesette' moeilike weg.

### DIE AARD VAN DIE HEILIGMAKING.

Dit is nie 'n sedelike verbetering kragtens onsself nie, maar 'n voortdurende hervorming en vernuwing van die mens kragtens die verdienste van Jesus Christus, deur die werking van die Woord van God en die Heilige Gees in en deur ons. Die ou sondige mens gaan dood en 'n nuwe mens, na die beeld van God, herrys.

Die Kategismus noem twee dele waaruit die voortgesette bekering of heiligmaking bestaan:

(a*)* DIE AFSTERWE VAN DIE OUE MENS. Die oue mens, d.w.s. die aangebore verdorwenheid wat deur die sondeval die mens se ganse wese verderf het, moet die wedergeborene se lewe deur, dag na dag, sterf, totdat dit by die dood geheel en al vernietig word.

Hoe geskied die afsterwing van die ou mens? Die Kategismus noem twee dinge: (*1) Deur 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en (2) deurdat ons dit hoe langer hoe meer haat en ontvlug.*

(1) DIT IS 'n BEROU, NIE NET OOR DIE GEVOLGE VAN DIE SONDE VIR ONS OF ANDER NIE, MAAR OMDAT DIT SONDE IS TEENOOR DIE HEILIGE GOD. Dawid het sy sonde gesien as sonde teen God en uitgeroep: *Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë* (Ps. 51:6; vgl. Jer. 3:13). En omdat God heilig is, daarom het dit sy toorn verwek. Hierdie berou moet ook nie net in die trane en stem sit nie, maar in die hart. Dit moet 'n hartlike berou wees.

(2) BY BEROU MOET DIT NIE BLY NIE. Die egtheid van die berou blyk daaruit dat die eertydse geliefde sonde gehaat en ontvlug word. Deur die sondes nog te troetel, aan ons boesem te druk en te soek, sal ons hul nooit afsterf nie, maar ons kan hulle wel afsterf deur hulle van ons af te stoot, te haat en te ontvlug. Let op die twee sterk woorde haat en ontvlug; dit veronderstel besliste en sterk dade.

Die tweede deel van die heiligmaking wat deur die Kategismus genoem word, is:

(b) DIE OPSTANDING VAN DIE NUWE MENS. Die nuwe mens, d.w.s. die nuwe geaardheid van ons natuur, wat 'n vrug is van die wedergeboorte, moet daagliks herrys en sterker word sodat die beeld van God eindelik na die dood volkome in die wedergeborene herstel is en hy is soos Adam in sy sondelose staat was. Nou kan duidelik begryp word dat daar twee nature in die wedergebore mens is wat in gedurige stryd met mekaar verkeer, nl. die oue mens teen die nuwe mense Daarom sê Paulus, na sy wedergeboorte en bekering: *Ek vind dus hierdie wet - as ek die goeie wil doen, dat die kwaad by my aanwesig is.* (Rom. 7:21). Op die weg van heiligmaking moet die ou natuur sterwe en die nuwe natuur opstaan.

HOE GESKIED DIE OPSTANDING VAN DIE NUWE MENS? Die Kategismus noem weer twee dinge:

1. DEUR ’n HARTLIKE VREUGDE IN GOD DEUR CHRISTUS EN

2. DEUR LUS EN LIEFDE OM NA DIE WIL VAN GOD IN ALLE GOEIE WERKE TE LEWE.

(1) Om ’n hartlike vreugde in God deur Christus te hê beteken vereers dat daar ware en innige gemeenskap met Christus moet wees. Die vreugde is daar die grootste waar die omgang en gemeenskap tussen vriende die innigste is. Ons moet in Christus bly, soos die loot in die wynstok (Joh. 15:1-8), sodat sy heiligende krag ons hele wese sal deurvloei en die nuwe mens in ons daeliks sal laat herrys. Hierdie gemeenskap word veral beoefen deur die gebed en die lees van die Woord. Tweedens beteken dit om ’n hartlike vreugde in Christus te hê dat ons sy gebooie moet bewaar (Joh. 15:10,11). Nooit kan daar vreugde en blydskap tussen vriende wees as hulle ontrou is teenoor mekaar en mekaar tekort doen nie. Dit is die sonde wat skeiding maak tussen Christus en ons en die vreugde en vrede van die hart bederf.

(2) DEUR DIE SONDEVAL VAN DIE MENS IS DIE LUS EN LIEFDE OM NA DIE WIL VAN GOD IN ALLE GOEIE WERKE TE LEWE, ONS ONTNEEM.

Deur die wedergeboorte is dit weer in beginsel in ons gelê. Hierdie lus en liefde is nie dadelik groot en sterk nie, maar moet daagliks toeneem op die weg van heiligmaking. Hierdie vrug word maar alleen gedra as die loot in die wynstok bly.

Voordat ons hierdie les voltooi, moet ons eers die vraag stel:

**WIE BEWERK DIE HEILIGMAKING - GOD OF DIE MENS?**

Dit is tegelyk ’n gawe wat Christus vir ons verwerf het en ook ’n eis wat God aan ons stel. Dit is dus ’n werk van God soos blyk uit 1 Tess. 5:23 - *En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak en mag julle gees en Siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus*! Maar ook ’n werk van die mens, soos blyk uit Fil. 2:12. *Werk julle eie verlossing uit met vrees en bewing*. Soos by die eerste bekering werk God en mens ook hier saam (vgl. Fil. 2:13) Die vraag of volkome heiligheid op aarde bereik kan word soos die perfeksioniste beweer word behandel in ’n volgende les.

**VRAE**

1. Waarom sê jy dat die pasbekeerde mens nie ineens heilig is nie?
2. Noem die twee dele waaruit die heiligmaking bestaan.

3. Wat is die betekenis van die afsterwing van die ou mens?
4. Wat beteken die opstanding van die nuwe mens?
5. Wie bewerk die heiligmaking?

## GELOOFSLES 67: DIE BLYWENDE ONVOLKOMENHEID.

### KORT BEGRIP.

VR. 69 *Kan diegene wat tot God bekeer is, die Wet volkome hou*?

ANTW. *Nee, (a) want ook die allerheiligstes het, solank as hulle in hierdie lewe is, slegs 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid; maar tog soveel daarvan dat hulle met 'n ernstige voorneme nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God begin te lewe, (b) soos hulle die Here ook gedurig bid om daagliks daarin toe te neem.*

*(a) Jak 3:2. Want ons almal struikel dikwels.*
*(b) Fil. 3:12. Nie dat ek dit al verkry het of volmaak is nie, maar ek jaag dit na of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 114 *Maar kan diegene wat tot God bekeer is, hierdie gebooie ten volle onderhou?*

ANTW. *Nee, maar ook die allerheiligstes het maar 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid solank as hulle in hierdie lewe is; maar so, dat hulle met 'n ernstige voorneme nie alleen na sommige nie, maar na al die gebooie van God begin lewe.*

VR. 115 *Waarom laat God die tien gebooie dan so skerp vir ons verkondig as tog niemand dit in hierdie lewe kan onderhou nie?*

ANTW. *Eerstens, dat ons ons lewe lank ons sondige aard hoe langer hoe meer sal leer ken en des te begeriger mag wees om die vergewing van die sondes en die geregtigheid in Christus te soek. Dan ook, dat ons sonder ophou ons sal beywer en God sal bid om die genade van die Heilige Gees sodat ons hoe langer hoe meer na die ewebeeld van God vernuut mag word, totdat ons hierdie volkomenheid wat ons voorgehou word, na hierdie lewe bereik.*

Doel van hierdie les is om te verstaan dat alhoewel ons stry en bid om toe te neem in die heiligmaking, ons in hierdie lewe volmaakte heiligheid nooit sal bereik nie. Dit is 'n toestand waarin ons net in die hemel sal deel.

## IS VOLKOME HEILIGHEID MOONTLIK?

*In die antwoord op vraag 69 van die Kort Begrip* word aan hemelse volmaaktheid gedink in vergelyking met wat die verste gevorderde op aarde kan bereik. Die hoogste gehoorsaamheid op aarde is maar net 'n klein beginsel Die volmaakte gehoorsaamheid sal eers na hierdie lewe wees.

Op aarde moet ons geoefen en voorberei word vir die hemel. Die beste wat ons op aarde kan bereik, kom nie naby die hemelse nie. Al wy ons ons ook volkome toe aan die diens van God en al trag ons ook om nie slegs na sommige nie, maar na die gebooie van God te leef, nogtans bly ons godsdiens onvolmaak.

Sommige kerke staan 'n volmaaktheidsleer (perfeksionisme) van die Christen voor asof hy dit as mens kan bereik. Volkome heiligheid kan nooit in onsself bereik word nie al probeer ons hoe hard. Die volle wasdom word eers in die hemel bereik. Eers daar, en nie op aarde en nie, sal ons sonder vlek of rimpel voor die aangesig van die Here staan. Hier geld die woord: *Staan dan vas, julle lende met die waarheid omgord met die borswapen van die geregtigheid aan* (Ef. 6:14); *Om met alle krag teen die sonde te worstel* (Jak 1:3).

Alle Christene is nie ewe ver gevorder nie; almal is nie ewe sensitief van gewete nie; almal nie ewe barmhartig nie; almal nie ewe innig in die gebed nie; almal nie ewe hartlik in dankbetuiging nie. Selfs die allerheiligste of mees gevorderde het maar 'n klein beginsel van die volmaakte gehoorsaamheid. Die allerheiligste is die ootmoedigste kinders van die Here en hulle beskou hulleself as die vernaamste sondaars. Dawid bv. het gekla: *Ek is bekommerd oor my sonde* (Ps. 38:19). Paulus het die sewende hoofstuk van sy Romeine-sendbrief asof met sy hartbloed geskrywe. Petrus het in die eensaamheid gevlug vol trane, en sy benoude siel uitgeskree. 'n Daniël, van wie die Skrif van geen enkele oortreding meld nie, het in verbryseling uitgeroep: *Dit is onsself wat hierdie ellende oor ons gebring het!* (Dan. 9:7).

*Daar is slegs een wat sondeloos is nl. Jesus Christus* (1 Joh. 3:5; Hebr. 4:15).

## WAAROM DAN STRENGE WETSPREDIKING?

Daar word gevra: As ons nou in hierdie lewe nie volmaaktheid kan bereik nie, waarom laat God ons dan die wet, wat volstrekte heiligheid van ons vra so ernstig verkondig? Word daar nie met ons geestelike onvermoë gespot nie?

In die antwoord van die Kategismus op vraag 115 word daar drie redes genoem, waarom dit nodig is dat die wet so ernstig aan ons verkondig word.

DAT ONS ONS LEWE LANK ONS SONDIGE AARD HOE LANGER HOE MEER SAL LEER KEN.

DIE WET IS 'n TUGMEESTER NA CHRISTUS TOE (Gal. 3:24). Die wet moet ons leer hoe onbekwaam en onmagtig ons is om ons eie geregtigheid uit

te werk. Dit moet ons laat insien dat die eise wat dit vir ons stel, bo ons vermoë is, en dat ons dus ’n Middelaar nodig het.

Die wet is ’n spieël. ’n Versuim aan aan ware wetsverkondigingmaak dat ons nie ’n ware indruk van ons verdorwenheid kry nie. ’n Duidelike wetsprediking daarenteen hou die spieël voor ons en gee ’n realistiese beeld. Dit lei daartoe dat ons ons in afhanklikheid na die kruis van Jesus Christus wend vir genade.Dat ons des te begeriger mag wees na die vergewing van ons sondes en ons geregtigheid in Christus te soek. Verslae harte vind slegs vrede aan die voete van die Here Jesus. Hoe helderder en duideliker ons ons sonde sien, des te dierbaarder word vir ons die Saligmaker van die sonde. Hoe armer ons self gemaak is, hoe groter en heerliker is die verlustiging in die geestelike rykdom wat Christus verwerf het. Eindelik beoog die nougesette wetsprediking om ons ’n lewensreël te gee, nl.: (3) Dat ons sonder ophou, ons sal beywer en God sal bid om die genade van die Heilige Gees, sodat ons hoe langer hoe meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word, sodat ons hierdie volkomenheid wat ons voorgehou word ná hierdie lewe kan bereik.

Ons moet wandel in die spore van Gods gebooie, nie met die doel om deur die wet geregverdig te word nie, want ons regverdigmaking en saligheid lê alleen in Christus, maar veral met die doel om onse God te verheerlik en dat Sy beeld in ons weer herstel word. Deur die vurige gebed om die genade van die Heilige Gees, word hierdie geestelike lewenswandel moontlik gemaak.

Dit is die Heilige Gees alleen wat ons in die paaie van Gods Woord lei. Daar is ook trouens geen trouer Leidsman te vind om dit te doen nie. Hy tog herskep en vernuwe ons meer en meer na die beeld van God. Dit is geen uitwendige leiding nie, maar Hy skenk ons ’n hartlike lus tot alle geregtigheid en maak ons gewillig om daagliks na sy wil te lewe. Hierdie stoflike aarde wat ons bewoon, was ook eers aan die begin woes en leeg, en duisternis het daaroor geheers, maar toe die Gees van God daaroor gesweef het, is dit deur die magwoord van God tot ’n woonplek van mens en dier geskape. Daardie skeppende en herskeppende God is nog dieselfde, en uit die ongevormde klei maak Hy nog steeds vate tot sy eer en uit die ruwe marmerblokke word nog steeds beelde gekap wat tot eer strek van die kunstenaar. So herskep en vernuwe God vandag nog ruwe sondaarsharte tot ’n woning van die Heilige Gees.

**VRAE**

1. Noem ’n paar tekste op om te bewys dat ons in hierdie lewe nie volmaak kan wees nie.
2. Wat is die leer van die perfeksionisme?

3. Wat is die drie redes waarom God die onderhouding van die wet so streng aan ons verkondig?
4. Waarmee kan die Wet vergelyk word?
5. As ons ons sonde leer ken het, waarna maak dit ons begerig?

## GELOOFSLES 68: DIE VOLHARDING VAN DIE GELOWIGES.

### DORDTSE LEERREËLS
### *DIE VYFDE HOOFSTUK VAN DIE LEER*.

1. *Diegene wat God na sy voorneme roep tot gemeenskap met Sy Seun, onse Here Jesus Christus, en deur die Heilige Gees wederbaar, hulle verlos Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde, maar Hy verlos hulle in hierdie lewe nie geheel en al van die vlees en die liggaam van die sonde nie.*
2. *Vanweë hierdie oorblyfsels van die inwonende sonde en ook vanweë die aanvegtinge van die wêreld en van satan, sou die bekeerdes in die genade nie standvastig kan bly as hulle aan hul eie kragte oorgelaat was nie. Maar God is getrou, wat hulle in die genade wat aan hulle eenmaal gegee is, barmhartiglik bevestig en wat hulle tot die einde toe kragtiglik bewaar.*
3. *Die mag van God waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bevestig en bewaar, is so groot dat hulle deur die vlees nie kan oorwin word nie. Nogtans word die bekeerdes nie altyd deur God so gelei en beweeg dat hulle nie soms deur hul eie skuld, van die leiding van die genade sou kon afwyk en deur die begeerlikhede van die vlees verlei sou word nie. Daarom moet hulle gedurigdeur waak en bid dat hulle nie in versoeking kom om as gevolg van hulle eie vleeslikheid nie, en in sonde val of selfs ander in sonde laat val nie. Soms word hulle selfs deur God toegelaat om verlei te word. Soos die droewige val van Dawid, Petrus en ander heiliges bewys, wat vir ons in die Skrif beskrywe is.*
4. *Want God wat ryk is in barmhartigheid, neem volgens die onveranderlike voorneme van die uitverkiesing, die Heilige Gees van sy eiendom, ook selfs in hulle droewige val, nie heeltemal weg nie. Hy laat hulle nie so vêr verval dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die staat van die regverdigmaking uitval nie, of dat hulle die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees bedrywe en, geheel en al deur Hom verlate, hulleself in die ewige verderf stort nie.*
5. *Van hierdie bewaring van die uitverkorenes tot die saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof, kan die gelowiges versekerd wees en hulle is dit ook volgens die maat van die geloof waarmee hulle*

*sekerlik glo dat hulle is en altyd ware en lewende lede van die Kerk sal bly, dat hulle vergifnis van die sondes en die ewige lewe deelagtig is.*

Doel van hierdie les is om aan die leerlinge duidelik te maak wat deur die volharding van die gelowiges verstaan word, nl. dat God die genadewerk wat Hy deur die wedergeboorte in die hart van ’n sondaar begin het, voltooi op die dag van die wederkoms van Christus, en dat Hy dit self in stand hou, voortsit en voleindig sodat geen wedergeborene ooit sal of kan verlore gaan nie. Ons moet op die volgende let:

**WEDERGEBORENES IS NIE SONDELOOS NIE.**

Dit word dikwels deur ander kerke beweer dat die wedergeborene geheel en al sonder sonde is en as hy dit nie by die wedergeboorte is nie, hy so kan toeneem in heiligheid dat hy reeds in hierdie lewe ’n toestand van sondeloosheid kan bereik. Hierdie dwaalleer word gewoonlik genoem die Perfeksionisme. So het iemand bv. eendag op ’n predikante-konferensie durf waag om te sê dat die Here weet dat by hom nie meer ’n neiging is tot sonde soos die swart van sy nael nie, waarop ’n ouere leraar geantwoord het dat die apostel Johannes sê *dat hy wat beweer dat hy geen sonde het nie, die Waarheid in hom nie het nie, en homself mislei, en as die broeder dit beweer, dan is die waarheid nie in hom nie en mislei hy homself* (1 Joh. 1:8).

Die Bybel en die Dordtse Leerreëls leer ons albei dat Christus sondaars wel verlos van die heerskappy en slawerny van die sonde, maar Hy verlos hulle in hierdie lewe nie geheel en al van die vlees en die liggaam van die sonde nie. Daar is nog daaglikse sondes van swakheid, en ook aan die allerbeste werke van die heilige kleef gebreke.

By die wedergeboorte word die saad van die nuwe lewe in die sondaar ingeplant, sy wil word verander van ’n wil ten kwade tot ’n wil ten goede; hy rig sy koers nie meer op die wêreld nie maar na God toe; maar hierdie lewensdaad is klein, en moet gaandeweg groei terwyl die wilde lote van die natuurlike mens gedurig gesnoei moet word totdat hy eendag in die hemel, volmaakte heiligheid sal bereik. Hierdie toestand gee aan die wedergeborenes rede om hulle gedurigdeur voor God te verootmoedig, hulle toevlug tot die gekruisigde Christus te neem, die vlees hoe langer hoe meer deur die Gees van die gebed en Godsvrug te kruisig, en na die eindpaal van die volmaaktheid te smag totdat hulle, in die hemele met die Lam van God sal regeer.

Dadelik kan hier die vraag gestel word:

IS DIT DAN NIE MOONTLIK DAT DIE WEDERGEBORENE WEER SO IN DIE SONDE KAN VAL DAT HY VERLORE KAN GAAN NIE?

Op hierdie vraag kom die heerlike antwoord*:* God laat geen wedergeborene verlore gaan nie.

**GOD LAAT EGTER GEEN WEDERGEBORENE VERLORE GAAN NIE.**

Hierdie heerlike waarheid word deur die Dordtse Leerreëls soos volg beskryf: *God is getrou wat hulle in die genade, wat aan hulle eenmaal gegee is, b hulle nie so vêr laat verval dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die Staat van die regverdigmaking uitval nie, of dat hulle die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees begaan en, geheel en al deur Hom verlaat word en hulleself in die ewige verderf stort nie* (artikel 3 en 6). Die Woord van God bevestig hierdie leerstuk oor en oor. Lees Joh. 6:39 - *En dit is die wil van my Vader wat My gestuur het dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag*. In Filip. 1:6 staan die volgende: *Omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy, goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus*. Lees ook 1 Kor. 1:8: *Wat julle ook sal bevestig tot die einde toe om in die dag van onse Here Jesus Christus onberispelik te wees.*

Dieselfde gedagte vind ons in Joh. 10:28,29; *En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand hulle uit die hand van my Vader ruk nie*. Vgl. ook Rom. 8:39; 11:7; 8:32-35; 1 Pet. 1:23. Uit die aard van die saak is dit onmoontlik dat die wedergeborenes sal verlore gaan.

**WAAROM WEDERGEBORENES NIE KAN VERLORE GAAN NIE.**

Die rede waarom wedergeborenes nie kan verlore gaan nie, word veral in Art. 8 beskryf. Die eerste rede is:

(a) DAT DIE VOLHARDING TEN EWIGE LEWE NIE VAN DIE WEDERGEBORENES SELF AFHANG NIE, maar van die genadige barmhartigheid van God dat hulle nie geheel en al uit die geloof en die genade uitval of ook tot die einde toe in die val bly en verlore gaan nie. As dit van die mens, van sy wil en krag afgehang het, sou niemand salig geword het nie, maar dit is God wat nie toelaat dat die goeie werk wat Hy begin het tot niet sal gaan nie.

(b) DIE TWEEDE REDE IS DAT DIE RAAD VAN GOD ONVERANDERLIK IS. As Hy eenmaal iemand uitverkies het en tot saligheid geroep het, dan het Hy dit vir altyd gedoen en geen wil van ’n mens of mag van die sonde kan dit verander nie. *By God is geen verandering of skaduwee van omkering nie* (Jak 1:17). Daardie saad van genade wat Hy deur die Heilige Gees by die Wedergeboorte in die hart geplant het, sal Hy nooit laat doodgaan nie.

(c) DIT KON DAN DIE WERK VAN JESUS CHRISTUS WAARDELOOS MAAK.

Die derde rede is dat as die wedergeborenes, d.w.s. die verlostes deur die bloed van Jesus Christus, kon verlore gaan, dan kon die hele verdienste, voorbidding en bewaring van Christus kragteloos gemaak word. Dan kon sy lyde en sterwe, sy hele verlossingswerk waardeloos gemaak word. Gelukkig, dit hang nie af van die wil van die mens of van die mag van die sonde nie, maar die saligheid van elke uitverkorene berus op die onveranderlike almagtige raadsbesluit van God wat sorg dra dat die werk van Christus nie verydel word nie.

(d) *DIE LAASTE REDE IS DAT DIE WERK OF VERSEËLING VAN DIE HEILIGE GEES NIE VERYDEL OF VERNIETIG KAN WORD NIE*. Dit is die Heilige Gees wat die hart van die sondaar verteder, versag, verander en vernuwe. Dit is Hy wat ons wederbaar, d.w.s. die wedergeboorte in die hart werk, wat ons ook daagliks in alle waarheid lei en bewaar. Hy is God self en Sy werk kan nie weerstaan of vernietig word nie. Joh. 14:16, Efes. 1:14.

Die vraag kan hier gestel word: kan iemand versekerd wees, veral in dae wanneer hy deur satan aangeveg word, dat hy nie sal verlore gaan nie? En daarop moet geantwoord word: Ja, hy kan.

### *DIE VERSEKERDHEID DAT WEDERGEBORENES NIE VERLORE GAAN NIE.*

Arts. 9 en 10 van die Dordtse Leerreëls sê aan ons waaruit en waardeur ons verseker kan wees van ons saligheid. *Daartoe is nie* 'n *besondere openbaring nodig nie. Ons moet ook nie daarna soek nie.* Die getuienis van die Woord van God en sy Gees is vir ons genoeg.

(a) DIE UITVERKIESENDE GENADE EN DIE WEDERGEBOORTE SOWEL AS DIE VOLHARDING IS DEEL VAN DIE VERBOND WAT GOD MET ONS GESLUIT HET. Hebr. 8:10 - *Dit is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit sê die Here. Ek sal my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. God bly getrou aan Sy verbond al word ons ontrou.* Hebr. 6:18 - *Die twee onveranderlike dinge, die belofte en die eed waarborg dat God sy woord gestand sal doen, dit is vir ons wat ons toevlug tot Hom geneem het,* 'n *kragtige aansporing om vas te hou aan die hoop op wat vir ons weggelê is. Hierdie hoop besit ons as* 'n *veilige en onbeweeglike lewensanker wat agter die voorhangsel vas is. Daar het Jesus ons Voorloper ter wille van ons ingegaan en Hy is vir ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek.*

(b) IN DIE WOORD VIND ONS DIE BELOFTES VAN GOD AANGAANDE ONS SALIGHEID. Ons het dus vereers daardie versekerdheid uit die Woord van God. Ons kan maar net weer dink aan sulke tekste soos Joh. 10:28: *En niemand sal hulle uit My hand ruk nie*, en: *...Dat Hy wat 'n goeie Werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag Van Jesus Christus* (Filip. 1:6). As iemand twyfelagtig is oor sy saligheid, dan help redenasie en menslike wysheid min – hy moet direk op die beloftes van God in sy Woord gewys word.

(c) MAAR OOK DIE HEILIGE GEES GETUIG SAAM MET ONS GEES DAT ONS KINDERS EN ERFGENAME VAN GOD IS.

Die Heilige Gees belig vir ons die waarheid van ons aanname tot kinders van God uit Sy Woord en wek die geloof in ons hart daaraan (Rom. 8:16). Hy gee ons die versekerdheid, die kalmte, die rus en die vrede in God in die hart. Woord en Gees gaan altyd saam om die heilswerk in ons te bevestig. Die Skrif sê in Joh.1:12 Maar aan almal wat Hom aangeneem het het Hy die reg gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar God is hulle Vader.

(d) DIE VERSEKERDHEID OOK SPRUIT UIT DIE ERNSTIGE EN HEILIGE STREWE NA 'n GOEIE GEWETE EN GOEIE WERKE. Eindelik word daar in art. 10 gesê dat dit die sonde is wat ons gewete beswaar en ons onrustig en twyfelmoedig maak. Daarom moet die wedergeborene gedurig daarna streef om 'n rein gewete (Hand. 24:. 16) voor God te bewaar en dit kan hy alleen deur sonde en Satan te teë te staam en 'n gehoorsame lewe te voer.

**HOE GOD DIE WEDERGEBORENES VIR DIE EWIGE LEWE BEWAAR**.
Sover het ons gesien dat 'n wedergeborene nie verlore kan gaan nie en dat die volharding van die gelowiges nie afhang van die arme ontroue mens nie, maar van die getrouheid en ewige barmhartigheid van God wat vir ons en in ons volhard. Volgens art. 6 laat God nie toe dat die wedergeborene die *sonde tot die dood of teen die Heilige Gees bedrywe en, geheel en al deur Hom verlate, hulleself in die ewige verderf stort nie.*

**HY DOEN DIT OP VERSKILLENDE MANIERE:**
(a) Vereers laat God die Vader van alle vertroosting nie toe dat Sy kinders bo hulle kragte versoek word nie, maar Hy gee saam met die versoeking ook die uitkoms... 1 Kor. 10:13. sê: *Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar*

*God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte sal versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat hulle dit kan verdra.*
(b) Verder bewaar, agtervolg en volbring God die genadewerk wat Hy deur die wedergeboorte in ons begin het deur vermaninge, waarskuwings, beloftes en deur die gebruik van die Heilige sakramente (art. 14). Hy laat ons nooit los nie, maar praat gedurig met ons deur beproewing en, voorspoed, en dan werk Hy ook in ons harte deur middel van die sakramente en deur sy Woord en Gees.

## BESWARE TEEN HIERDIE LEERSTUK.

Teen hierdie leerstuk word van verskillende kante beswaar ingebring want dit is soos art. 15 dit uitdruk, dat hierdie heerlike waarheid wel nie deur die vlees begryp word nie, en deur Satan gehaat, deur die wêreld bespot, deur die onervarenes en huigelaars misbruik en deur die dwaalgeeste bestry word.

(a) EEN VAN DIE EERSTE BESWARE IS DAT DIT DWANG OP DIE GELOWIGE UITOEFEN.

Dit is nie waar nie, want die volharding is ’n gawe van God wat op geestelike en sedelike manier op die mens inwerk. Deur vermaning en waarskuwing, deur beloftes en die gebruik van die genademiddele lei God die gelowige tot die hemelse saligheid en laat hom gewilliglik volhard in die geloof en in die liefde. Al hierdie dinge doen die wedergeborene omdat hy dit self wil deur die genade en krag van God.

(b) ’n TWEEDE BESWAAR is soos beskryf in artikels. 12 en 13, *dat hierdie versekerdheid op die ewige geluksaligheid die ware gelowiges hoogmoedig en vleeslik of sorgeloos sou maak*.

Die teendeel is waar, want die ware kind van God is nog maar alte bewus van sy swakheid en onreinheid veral as hy die heiligheid en regverdigheid van God en besef. In plaas daarvan dat dit hom hoogmoedig, vleeslik en sorgeloos sou maak, is dit vir hom ’n oorsaak tot nederigheid, kinderlike vrees, ware Godsaligheid, geduld in stryd, gebed en standvastigheid ten opsigte van die waarheid, en sy blydskap in God. Ook lei hierdie gesindheid tot dankbaarheid en goeie werke soos uit die getuienis van die Skrif en die voorbeelde van die kinders van God blyk.

**VRAE**

1. Waarom, sê u, is wedergeborenes nie sondeloos nie?
2. Noem ’n paar tekste om te bewys dat God wedergeborenes nie verlore laat gaan nie.

3. Noem vier redes op waarom wedergeborenes nie verlore kan gaan nie.
4. Watter is vir jou die vernaamste en waarom?
5. Wat gee ons die versekering dat hulle nie verlore gaan nie?
6. Hoe bewaar die Here hulle ten ewige lewe?
7. Wat is die besware teen hierdie leerstuk?
8. Wat is jou antwoord daarop?

## GELOOFSLES 69: DIE NOODSAAKLIKHEID EN VEREISTES VAN DIE GEBED.

**KORT BEGRIP.**

VR. 70 *Wie moet ons hierom bid*?

ANTW. a) *Nie enige skepsel nie, maar alleen God, (b) wat ons kan help en om Jesus Christus wil sal verhoor.*

*(a)* Matt. 4:10. *Die Here jou. God moet jy aanbid en Hom alleen dien.*
*(b*) Matt. 7:7. *Bid, en vir julle sal gegee word.*

VR. 71 *In wie se naam moet ons God bid?*

ANTW. *Alleen in die naam van Christus en nie in die naam van enige heilige nie.* Joh. 16:23. *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee.*

VR. 72 *Waarvoor moet ons God bid?*

ANTW. *Vir alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat die Here Christus saamgevat het in die gebed wat Hy ons self geleer het. Fil. 4:6. Laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.*

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS.**

VR. 116 *Waarom is die gebed vir die Christene nodig*?

ANTW. *Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons vorder, en omdat God sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.*

VR. 117 *Wat hoort by so 'n gebed wat God welgevallig is en deur Hom* verhoor word?

ANTW. *Eerstens, dat ons alleen die enige ware God, wat Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het, van harte moet aanroep vir al die dinge wat Hy ons beveel het om voor te bid. Ten tweede, dat ons ons nood en ellendigheid reg en grondig moet ken,*

*sodat ons ons voor die aangesig van sy majesteit sal verootmoedig. Ten derde, dat ons hierdie vaste grond het dat Hy ons gebed nieteenstaande ons dit onwaardig is, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor, soos Hy ons dit in sy Woord beloof het.*

VR. 118 *Wat het God ons beveel om van Hom te bid?*

ANTW. *Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat die Here Christus saamgevat het in die gebed wat Hy ons self geleer het*.

In hoofsaak word vandag gepraat oor die noodsaaklikheid en die vereistes van die gebed. Maar eers iets oor Christus en die gebed en die doel van daarvan om te bid

## CHRISTUS EN DIE GEBED.

BY SY DOOP IN DIE JORDAAN het Hy gebid en die hemel het oopgegaan en die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal (Luk. 3:21-22). Voor Hy sy dissipels gekies het, het Hy Hom tot die keuse deur die gebed voorberei (Luk. 6:12). By die graf van die gestorwe vriend Lasarus het Hy gebid (Joh. 11 41,42).

VOOR SY KRUISIGING het Hy Sy oë opgehef en die hoëpriesterlike gebed gebid (Joh. 17). Met 'n gebed het Hy in Getsemane die drinkbeker asof uit die hand van die Vader geneem (Luk. 22:42,44). Met 'n gebed op die lippe het Hy die laaste asem aan die kruis uitgeblaas: *Vader, in u hande gee Ek My gees oor* (Luk. 23:46). En nou dat Hy in die hemel ingegaan het, leef Hy daar om vir sy kinders in te tree by die Vader. (Rom. 8:34). As dit die gebedsgebruike was van ons Here, hoeveel te meer moet ons nie van die gebed gebruik maak nie.

## DOEL VAN DIE GEBED.

By baie mense is daar heeltemal 'n verkeerde begrip van die gebed. Hulle beskou die gebed as 'n middel om net van God iets te vra. Gebed is 'n gesprek met God. God praat met ons deur die Woord en dan antwoord ons deur gebed. Dit is soos om in te asem en uit te asem. Die gebed is nie alleen die vra van bystand nie, maar veral die lofverheffing van die Allerhoogste, die grootmaking van sy Naam, die danksegging vir al Sy werke en die aanbidding van God as die Almagtige wese.

Bid is om jou afhanklikheid van God te erken en om jou toevlug te neem tot God. Die hart, word versterk, wanneer die mens God die Vader van onse Here Jesus Christus in die gebed nader en ondervind dat die Here ook van sy kant af tot diesulkes nader. Jak. 4:8a: *Nader tot God, en Hy sal tot julle nader.* Daardie toenadering tot God is ongetwyfeld die vernaamste deel van ons dankbaarheid. Ons gee daarmee eer aan Hom, wat sy hand vol seën oor ons oopgemaak het. Ons bely daarmee dat ons niks uit onsself het nie, alles aan Hom verskuldig

is. Dit is veral die Kategismus wat in die antwoord op vraag 116 praat oor die noodsaaklikheid van die gebed.

**DIE GEBED IS NOODSAAKLIK.**

(a) *OMDAT GOD DIT VAN ONS VEREIS.* Die eerste deel van ons Leerboek handel oor die leer van ons sonde en ellende. Die tweede oor die leer van ons verlossing uit ons sonde en ellende. Die derde oor die leer van die dankbaarheid wat ons aan God vir die verlossing verskuldig is. Daar word aan God dankbaarheid betoon veral deur goeie werke te doen, die heiligmaking na te jaag en die gebed te beoefen. Die gebed word die allerbelangrikste deel van die dankbaarheid genoem wat God van ons eis (Kat. Antw. op Vr. 116). Dit stem ook ooreen met wat die Bybel sê: *Bid en vir julle sal gegee word; soek en julle sal vind; klop en vir julle sal oopgemaak word* (Matt. 7:7). *Alles wat julle die Vader sal vra in My Naam, sal Hy julle gee* (Joh. 16:23).

(b) *OMDAT DIE WELDADE VAN GOD SLEGS VIR DIE BIDDENDE HART IS*. God vereis die gebed, omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is, en ook omdat God Sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene wil gee, wat Hom sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (Kat. Antw. op Vr. 116.) *Die gebed verruim die hart; open die vensters daarvan en ontsluit dit om toegang aan die genade van die Gees te verleen.*

***DIE VEREISTES VAN DIE GEBED.***

Maar nou kom 'n baie belangrike vraag. Wat is dan die bestanddele van 'n gebed wat God welgevallig is. Drie punte word deur die Kort Begrip en Kategismus genoem en verdien ons aandag.

(a) ONS MOET ALLEEN DIE ENIGE WARE GOD AANROEP. Hierdie ware God het Hom in sy Woord geopenbaar. (Joh. 1:14). Hom alleen moet ons aanroep. Ons mag nie afgode soos die heidene aanroep in gebed nie, ook nie heiliges nie en ook geen ander skepsel nie, maar die God alleen wat Hom in sy Woord geopenbaar het as Vader, Seun en Heilige Gees. So 'n gebed veronderstel dat ons alles alleen van God verwag en geen ander mag erken nie. Mense wat bv. glo aan towenaars of duiwelbesweerders sondig deurdat hulle ander magte bo die troon van God te stel.

Hierdie een God moet ons van harte aanroep. So sê die Kategismus. Dus nie net deur woorde nie (Matt. 15:8) maar in Gees en waarheid (Joh. 4:24). Ons grootste gevaar is die vormgebed, woorde sonder lewe of gees.

(b) IN DIE GEBED MOET ONS ONS NOOD EN ELLENDIGHEID REG EN GRONDIG ERKEN. Dit is alleen die kind wat honger is wat van harte om brood kan bid, en hoe kan iemand bid wat hom van geen nood of ellende bewus is nie? ’n Besef en gevoel van nood en ellende alleen kan ons waarlik ootmoedig maak voor God.

(c) ONS MOET MET GELOOF BID – geloof dat al is ons ellendig en onwaardig, die Here ons tog sal verhoor soos Hy so herhaaldelik in Sy Woord beloof het. Ag, hoe dikwels bid ons sonder om iets te verwag; in sulke gevalle sal ons ook niks ontvang nie. Die Here beloof verlossing ter wille van die Here Jesus. Ons is onwaardig, Christus is ons geregtigheid. Daarom sluit ons ons gebede af met die woorde: “om Jesus wil, Amen”. Hy is ons Voorbidder by die Vader en sy verdienste alleen gee ons vryheid van toegang tot in die heiligdom.

## DIE VRUG VAN DIE GEBED.

Die gebed moet steeds ’n uitstorting van die hart voor die aangesig van God wees, sodat daar bevryding kan wees vir die bidder. Daaglikse gebed versterk ons geloof. Dink bv. aan Daniël wat drie maal op ’n dag op gesette tye met sy aangesig na die kant van Jerusalem gebid het (Dan. 6:11).

Die hindernisse van die gebed, sowel inwendig as uitwendig, word op die wyse al minder. En as dit gebeur dat die gebed nog verhinder word, dan beveel die Kategismus aan, dat ons begin om die Here te dank. Die gees van dank lei vanself tot gebed.

Die gebed is noodsaaklik omdat dit die vernaamste middel is om met God gemeenskap te beoefen. God is Gees, en die gebed is die middel waardeur die gees van die mens met God in aanraking kom. Daarom moet die gebed ook in gees en waarheid geskied (Joh. 4:24). Die ondervinding van Asaf was: *Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees* (Ps. 73:28).

## BESWARE TEEN DIE GEBED.

Die vraag word soms gevra hoekom dit nodig is om ons behoeftes en nood aan Hom bekend te maak deur gebed aangesien hy tog alles weet. In die Raad van God is wel die plan van die wêreldgeskiedenis sowel as die lewensgeskiedenis van elke mens vir eens en altyd vasgestel maar die biddende hart laat hom nie deur hierdie soort redenasies van koers bring nie. Die soort redenasie mag mooi klink, maar is net bereken om die gees van biddeloosheid of gebedsversuim in die hand te werk.

Die mens buig hom voor die aangesig van die Here neer omdat hy ’n behoefte daaraan het, en omdat God wil hê dat ons daardie behoefte nie sal onderdruk nie.

Verseker, God weet alle dinge want Hy sê in Jes. 65:4: *Voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek* Ons lig God nie in deur ons gebede nie; Hy ken ons node beter as wat ons dit self ken, maar dit is juis Sy uitnodiging in Sy Woord wat ons vrymoedigheid gee om dit na Hom te bring in gebed.

'n Kind sal sy toevlug tot sy moeder neem met al sy vrese en vrae al het die moeder al is die moeder heeltemal bewus daarvan. Nie slegs die gawes nie, maar ook die weë waarlangs dit ons toevloei is opgeneem in die ondeurgrondelike en onveranderlike Raadsplan van God.

**VRAE**

1. Waarom, sê u, is die doel van die gebed nie net om te vra nie?
2. Watter deel van ons dankbaarheid is die vernaamste?
3. Waarom is die genade en weldade van die Here nie vir die biddelose hart nie?
4. Wie alleen moet ons in ons gebed aanroep?
5. Waarom is dit nodig, as ons bid, om ons nood en ellendigheid reg en grondig te ken?
6. Wat beteken dit om met geloof in die naam van Jesus te bid?
7. Moet daar vaste tye wees om te bid?
8. Noem hulle.
9. As ons verhinder word, wat moet ons doen?
10. Wat is die besware teen die gebed?
11. Noem 'n paar gevalle op waar ons Here gebid het.

## GELOOFSLES 70: DIE ONSE VADER: INHOUD EN AANHEF.

### KORT BEGRIP.

VR. 73 *Hoe lui daardie gebed*?

ANTW.- *Onse Vader wat in die hemele is,*
*laat u Naam geheilig word,*
*laat u koninkryk kom,*
*laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.*
*Gee ons vandag ons daaglikse brood,*
*en vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe;*
*en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.*
*Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. AMEN.* (Matt. 6:9-13)

**Heidelbergse Kategismus**.VR.118*Wat het God ons beveel om vir Hom te bid*?

ANTW. Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat die Here Christus saamgevat het in die gebed wat Hy ons self geleer het.

VR. 120 *Waarom het Christus ons beveel om God aan te spreek as Onse Vader*?

ANTW. *Sodat ons onmiddellik by die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek wat tesame die grond ons gebed is, naamlik dat God ons Vader deur Christus geword het en van ons veel minder sal weier wat ons van Hom met die regte geloof bid as wat ons vaders aan ons aardse dinge ontsê*

VR. 121 *Waarom word hier bygevoeg: Wat in die hemele is?*

ANTW. *Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards sal dink nie, en van sy almag alles wat nodig is vir siel en liggaam sal verwag.*

Doel van hierdie les is om bekend te raak met die inhoud van Die Onse Vader, en om die eerste gedeelte daarvan, nl. die aanhef: Onse Vader wat in die hemele is, te behandel.

## INHOUD

Ons lees dat ons Here in die Bergpredikasie o.a. sy dissipels onderrig het omtrent die gebed (Matt. 6:5-15). Daar was behoefte by hulle daarvoor want een van hulle het by ’n geleentheid aan Hom gesê Here, leer ons bid soos Johannes ook sy dissipels geleer het (Luk. 11:1). Die Here het toe *Die Onse Vader* as die modelgebed aan hulle voorgehou. Dit bestaan uit drie dele:

(a) DIE AANHEF: Onse Vader, wat in die hemele is.

(b) SES BEDES:

(1) Drie het te doen met die Here God: Sy Naam, sy koninkryk, sy wil.

(2) Drie het te doen met ons behoeftes: ons brood, ons skulde, ons versoekinge.

(c) *DIE SLOT: of verheerliking van God*: Aan God behoort: die Koninkryk, die krag, die heerlikheid.

Ons sal ons vandag verder besig hou met die aanhef.

## *ONSE VADER*.

Waarom het Christus ons beveel om God aan te spreek as onse Vader? Hierdie vraag word deur die Kategismus gestel (120).

(a) OFSKOON DIE HERE GOD GEEN MENS IS NIE, SPREEK ONS HOM AAN SOOS ONS MEKAAR OP AARDE AANSPREEK. Omdat dit vir ons swaar, ja byna onmoontlik is, om aan God te dink net as Gees, daarom leer Gods Woord ons om tog aan Hom te dink asof Hy (soos in die geval van 'n liggaamlike bestaan) hande het en ore en voete. Dit alles het God die Here wel, maar nie in vleeslike gedaante nie. Christus roep ons nou op om Hom aan te dink asof Hy (soos in die geval van 'n liggaamlike bestaan) hande het en oë en ore en voete. Christus roep ons nou op om Hom aan te spreek as Onse Vader.

Let op die gebruik van die woord *onse*. Dit kom in hierdie gebed nie net aan die begin voor nie, maar van begin tot end. Die Here verwag dat ek nie net vir myself en my eie behoeftes sal bid nie, maar ook ander medegelowiges sal insluit. Die woord *onse* leer ons die broederskap van almal wat die Here dien. Om net aan my eie nood en behoeftes te dink sou selfsugtig wees. Deur te sê *onse Vader* erken ek my kindskap, deur te sê *onse Vader* erken ek dat die Here ook ander kinders en erfgename het en ek bid ook vir hulle. Sodoende deel ek aan die gemeenskap van die heiliges, dit wil sê die geestelike eenheid en gemeenskap van al God se kinders op die aarde.

*Dit is alleen in en deur Christus dat ons die reg om God as Vader aan te roep. Almal wat die Here Jesus aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word* (Joh. 1:12). En in Gal. 3:26 lees ons *dat kinders van God is deur die geloof in Christus Jesus.* In les 27 het ons geleer dat die enige Vader van onse Here Jesus ter wille van sy Seun Christus ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is. Wel was Adam Eva kinders van God uit krag van die skepping, maar uit hierdie kinders het die mens verval en het ons geword kinders van die toorn. Nou kom die Here Jesus en ken aan ons onse kindskap toe as 'n betrekking waarin Hy ons uit genade herstel. Uit genade, alleen om Christus ontwil, is God onse Vader,

(b) VERDER LEER CHRISTUS ONS DIE VADERNAAM GEBRUIK OM SODOENDE DIE GESINDHEID VAN EERBIED EN GELOOFSVERTROUE IN ONS TE WEK. Want die woord Vader bring ons nader aan God as die gebruik van sulke name soos Skepper, Koning, Here. Die Vadernaam wek by ons eerbied vir God, maar 'n eerbied wat verbind is aan die begrip van goedheid, liefde, belangstelling. Groot voorwaar is die onderskeid tussen 'n seun en 'n vreemdeling wat aan jou deur klop met 'n bede. Hierdie kinderlike eerbied en vertroue is die fondament van die gebed. Die gees van elke gebed behoort te wees die gees waarin 'n kind sy vader met een of ander versoek nader, d.w.s. met vrymoedigheid en met die volle versekering dat net so min as wat 'n aardse vader goeie gawes aan sy kind sal weier, die hemelse Vader ons

gebede sal misken. Hierdie kinderlike sin ontbreek alte dikwels in ons gebede. Laat ons mooi nadink oor die wonderlike voorreg wat Christus aan ons toesê wanneer ons leer om die Vadernaam te gebruik, en laat ons God steeds nader in die gees van sy kinders.

### *WAT IN DIE HEMELE IS.*

Waarom word hier bygevoeg: Wat in die hemele is? vra die Kategismus verder.
Om twee redes

a) SODAT ONS DIE HERE SE HEMELSE MAJESTEIT NIE SAL MISKEN NIE. Die woord Vader bring Hom baie naby ons, die woord hemelse stel Hom baie hoog bo ons. Nooit mag ons vergeet wat in Pred. 5:1 staan nie: *God is in die hemel en jy is op die aarde.* 'n Aardse vader is goed maar tog swak, veranderlik, menslik, maar hierdie Vader is in die hemele. Ons word dus wel geleer om te sê Onse Vader, maar dadelik daarby te voeg, *wat in die hemel is*, sodat ons met eerbied en hoogagting Hom sal nader. Ook moet ons nie dink dat hierdie woorde die Here net tot die hemel beperk nie; Die uitdrukking sien nie soseer op die plek waar Hy is nie as wel op die heerlikheid en majesteit waarmee Hy beklee is. Ons glo dat die Here oral teenwoordig is, tog is Hy by uitstek die God van die hemel waar sy troon omring is van aartsengele en troongeeste wat dag en nag sy heerlik en heiligheid aankondig.

*b) DIE TWEEDE REDE WAAROM ONS PRAAT VAN DIE VADER WAT IN DIE HEMELE IS, IS OM DAARDEUR AAN TE DUI DAT ONS IN SY ALMAG GLO*. 'n Aardse vader wil somtyds, maar hy kan nie. Die mag van *onse Vader*, wat in die hemele is, is onbeperk. Hy is almagtig. Hy kan wat Hy wil, sy alvermoë om ons na siel en liggaam te help is onbeperk. *Hierdie almagtige Skepper en onderhouer van hemel en aarde is ons Vader in Christus.*

Ons merk dus dat daar vir ons baie opgesluit is selfs in die aanspraak van hierdie gebed, ja soveel dat ons die diepte van alles nie hier op aarde reg kan peil nie. Die groot werk wat die Seun van God op aarde kom doen het, was om die liefde van God aan ons sondaars te kom openbaar en bewys. *So lief het God die wêreld gehad,* het die Here Jesus gesê. Bewyse van hierdie liefde was die koms van die Seun van God na die wêreld om die pad na die hemel te open, en ook sy kruisdood as 'n rantsoen vir onse sonde. Gedurig het die Here gespreek van God se belangstelling, sorg en liefde tot al sy skepsels, sodat ons hierdie liefde beter sou besef het die Here by voorkeur van God spreek as Vader. Die woorde *Vader, my Vader, onse Vader, jou Vader, (wat in die hemele is)* het die Here, volgens wat ons in die Evangelies lees meer as 150 maal gebruik. Hy het gekom om ons die

Vadernaam te leer, en hier in die volmaakte gebed, lê Hy daardie Naam in ons mond. Hy leer ons om te sê: *ONSE VADER*.

Mag ons nie alleen die liefdesverhouding wat in hierdie woorde lê dieper besef nie, maar wanneer ons daarby voeg, WAT IN DIE HEMEL IS, mag ons hart met eerbied en ontsag vervul word om sodoende gewillige onderdanigheid en gehoorsaamheid aan daardie Vader te openbaar.

**VRAE**

1. Watter deel van die Onse Vader word die aanhef genoem?
2. Noem drie bedes wat te doen het met die Here God.
3. En die drie wat te doen het met ons behoeftes.
4. Waarom word die woord *onse* gebruik?
5. Deur wie se verdienste is God onse Vader?
6. Watter gesindhede word by ons opgewek deur die naam Vader?
7. Om watter twee redes word bygevoeg: *Wat in die hemele is*?

## GELOOFSLES 71: DIE EERSTE DRIE BEDES – TOT EER VAN GOD.

**Kort Begrip**.

VR. 74 *Wat begeer jy dan van God in hierdie ganse gebed?*

ANTW. *Ten eerste, dat alles wat tot eer van God strek, mag bevorder word en, daarenteen, wat dit verhinder of wat sy wil weerstaan, afgeweer mag word.*

*Ten tweede, dat Hy my wat die liggaam betref, van alle benodigdhede mag voorsien en, wat die siel betref, mag bewaar van alle kwaad wat vir my saligheid skadelik sou kan wees. Amen!*

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 122 *Wat is die eerste bede*?

ANTW. *Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee ons eerstens, dat ons U reg ken en U in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder skyn, mag heilig, roem en prys; dan ook dat ons ons hele lewe, ons gedagtes, woorde en werke so skik en rig dat u Naam om ons ontwil nie gelaster word nie, maar geëer en geprys word.*

VR. 123 *Wat is die tweede bede*?

ANTW. *Laat u koninkryk kom*. Dit is: *Regeer ons so deur U Woord en u Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp; bewaar en vermeerder u kerk; vernietig*

*die werke van die duiwel en alle heerskappy wat hom teen U verhef, en verder ook alle bose planne wat teen u heilige Woord bedink word, totdat die volkomenheid van u ryk kom, waarin U alles sal wees in almal.*

VR. 124 *Wat is die derde bede*?
ANTW. *Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil versaak, om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëspraak gehoorsaam te wees; sodat iedereen sy en beroep so gewillig en getrou mag beoefen en uitvoer as die engele in die hemel dit doen.*

Doel van hierdie les is om die eerste drie bedes, wat te doen het met die eer van God, te behandel.

*Wat is 'n bede*? Dit is 'n versoek. Op meer as een plek kom die woord voor in die Bybel. Dink aan koningin Ester. Toe sy gewaag het om koning Ahasveros te verskyn om vir haar volk in te tree, het die koning haar uitnodiging aangeneem en by haar kom eet. Toe vra hy haar: *Wat is jou bede, dit sal jou toegestaan word. En wat is jou versoek*? *Al was dit ook die helfte van my koninkryk, daaraan sal voldoen word* (Ester 5:6).

Nou is daar in die Onse Vader ses bedes; die eerste drie is vir God en Sy saak. *Mag u Naam geheilig word: mag u koninkryk kom; mag u wil geskied.*

Dan volg daar *drie bedes vir onsself: Gee ons ons daaglikse brood; vergeef ons ons skulde; verlos ons van die bose.*

Gewoonlik wanneer ons bid, dan kom ons allereers en dikwels alleen, met ons eie nood en behoeftes voor God.

Uit die gebed van die Heer leer Hy ons dat dit nie reg is nie; daar is ook ander belange waarvoor ons moet bid en allereers die belange van die Here God op aarde. Vir die ware kind van God is die Here se belange ook sy eie belange. Nee, ons moenie net aan ons eie behoeftes dink nie, selfs ook nie wanneer ons bid nie.

Jesus leer ons om in die eerste plek te dink en te bid vir *u Naam, u koninkryk, u wil.*

*EERSTE BEDE: LAAT U NAAM GEHEILIG WORD*.

**U NAAM**.

Reeds in les 6 toe ons die derde gebod behandel het, waar die ydel gebruik van die Naam van die Here verbied word, het ons stilgestaan by die betekenis van die woord: die Naam van die Here. Daar het ons gesien dat die Naam van die Here sy wese uitdruk. In Ps. 20:2 sê Dawid: *Mag die Naam van die God van Jakob u beskerm*. Die naam van iemand roep voor ons op sy hele lewe, karakter en persoonlikheid. So word sy naam ook gebruik in een of ander ooreenkoms wat hy teken, en daardie naam bind die man self. Ook hier staan die Naam vir God

se persoon self. Ja, en nie alleen vir sy persoon nie, maar ook die heilige dinge wat aan sy Naam verbind is, soos sy dag, sy Woord, sy Kerk, sy diens, sy werke, ens.

**LAAT U NAAM GEHEILIG WORD.**
Volgens die antwoord van die Kategismus is dit ons gebed dat dit op drie maniere mag geskied.

(a) DEUR GOD REG TE KEN. Die Kategismus sê: *Gee ons eerstens dat ons U reg ken*. Ons kan niemand reg eer as ons hom nie ken nie anders sal alle eer niks as lippetaal wees nie. Ware eer is gegrond alleen op ware kennis. Maar hoe moet ons onse Vader leer ken? Veral in en deur die Here Jesus. Uit Gods Woord moet ons die Here Jesus leer ken, en ook die Vader. Daarom is dit nodig dat ons Gods Woord deeglik sal ondersoek; sodoende sal ons kennis van God van dag tot dag vermeerder.

(b) DEUR GOD MET DIE MOND IN AL SY WERKE TE HEILIG, TE ROEM EN TE PRYS.

Die Kategismus sê dat ek U in al U werke, waarin U almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder skyn, mag heilig, roem en prys. Die Naam van God, sy persoonlikheid, kom tot openbaring in al sy werke, bv. in die skepping en herskepping. Hierdie Naam moet ek liefhê eer, aanbid en gehoorsaam in my hart en in my lewe. En as ek bid: Laat U Naam geheilig word, dan is dit 'n gebed dat die Here sy genadewerk in my sal opbou en voltooi, sodat ek sy almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid, soos dit geopenbaar word in sy werke, deur my mond mag heilig, roem en prys.

Deur God met heel ons lewensrigting te eer en te prys. Die Kategismus sê: *Gee ons ook dat ons ons hele lewe, ons gedagtes, woorde en werke so skik en rig dat u Naam om ons ontwil nie gelaster word nie, maar geëer en geprys word.* Hierdie heiliging moet dus deurgaan van ons hart tot in ons daaglikse lewe.

Let ten slotte op die woorde aan die begin van hierdie antwoord van die Kategismus: *Gee ons*, dit wil sê gee ons genade om dit alles in ons en deur ons te toon. *Van God alleen is ons vir alles afhanklik en Hy wat 'n goeie werk in ons begin het, sal dit ook voleindig* (Fil. 1:6).

**TWEEDE BEDE: LAAT U KONINKRYK KOM**
Die tweede bede van die *Onse Vader* het net soos die eerste en die derde, met die Here en sy taak te doen. Daardie koninkryk bestaan, volgens die antwoord, uit twee dele: die een deel is ons eie hart en die tweede is die Kerk van Christus. In

verband met albei moet daar aan die een kant wees ’n versterking, ’n opbouing van geloof en gehoorsaamheid, en aan die ander kant ’n vernietiging van die werke van die duiwel.

Volgens hierdie punte, of plan, behandel ons die onderwerp: Gods Koninkryk is anders as ander koninkryke, want die is vir ’n tyd, maar God se Koninkryk is vir ewig. *U Koninkryk is* ’n *koninkryk van alle eeue en u heerskappy duur deur al die Geslagte* (Ps. 145:13).

Vroeër het ons reeds stilgestaan by hierdie Koninkryk (of Kerk), waar die vraag beantwoord is: wat glo jy van die heilige Algemene Christelike Kerk? Toe het ons gesien dat die Christelike kerk die gemeente is wat deur die Seun van God tot die ewige lewe uitverkies is. Dit is op aarde die Kerk of Koninkryk, waarvan die Here Hoof en Koning is.

## DIE KONINKRYK IN ONS

Die Koninkryk van God is binne-in ons, so het die Here Jesus gesê. In les 32 het ons geleer dat Christus gesalf is tot ons hoogste Profeet, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning. Hy is Koning van die hart van elke gee gelowige. My hart is dus deel van sy Koninkryk. Maar het Hy daar heerskappy? Ten dele, so moet ons helaas bely, en ons weet daarby dat dit nie is soos dit behoort te wees nie. Nou kom die Here en leer ons bid:

(a) *LAAT U KONINKRYK KOM IN ONS HART,* d.w.s. regeer ons so deur u Woord en u Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp. Vir die kind van God kan daar nie ’n meer gepaste of ernstiger bede wees nie. Daarom bid Dawid in Ps. 143:10: *Leer my om u welbehae te doen, want U is my God,* en in Matt. 6:33 *leer die Here Jesus ons om eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid te soek.*

(b) ’n Tweede saak word in hierdie bede, volgens die Kategismus, ingesluit: Vernietig die werke van die duiwel en alle heerskappy wat hom teen U verhef. ’n Koning bou in sy ryk nie alleen op wat goed en nuttig is nie, maar hy is ook verplig om sy ryk teen die vyand te verdedig. Elkeen van ons het ’n stryd: daar is vyande wat ons omring, daar is die wêreld, die vlees en die duiwel wat teen ons siel oorlog maak. As Koning van ons hart wil die Here ons teen hierdie vyande beskerm. Hy is ’n magtige Koning Hy kan ons teen ons vyande beskerm, Hy het self gesê *Niemand sal hulle (my skape) uit My hand ruk nie* (Joh. 10:28).

**DIE KONINKRYK VAN GOD IN DIE WÊRELD.**

Daardie Koninkryk van God het nog ’n ander deel, naamlik die Kerk van Christus. Hiervoor is ons gebed: Bewaar en vermeerder u Kerk, dit wil sê, die hele liggaam van God se kinders. Hier bid ons vir die uitbreiding van die Evangelie onder heidense volke en ons sal moet bid totdat vervul is wat ons lees in Openb. 11:15: Die Koninkryke van die wêreld het geword die eiendom van onse Here en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.

Ons moet dan bid vir die uitbreiding van Gods Koninkryk. Maar dit nie al nie; by ons gebed moet kom opoffering, ondersteuning, getuienis. Die Koninkryk sal kom, maar nie sonder ons nie, want ons is God se medewerkers (1 Kor. 3:9) en God se Woord waarsku diegene wat eendag voor Hom met leë hande sal verskyn. Ons moet bid omdat ons onderdane is van die grote Koning; ons moet werk omdat aan elke onderdaan die Koning talente toegedeel het.

Die gebed om die vernietiging van die werke van die duiwel en van alle bose planne teen Gods heilige Woord, kom ook hier te pas. Christus is die Hoof van sy Kerk, en al het die Kerk baie vervolgings gely, en al het baie van die geloof verval, het die Here vir reeds byna tweeduisend jaar vir sy Kerk gesorg en vir sy goddelike Woord. Ag, wanneer sal die dag kom? Intussen werk ons gelowig en ons bid: LAAT U KONINKRYK KOM!”

DERDE BEDE: LAAT U WIL GESKIED.

Die derde bede van die Onse Vader het, net soos die eerste en die tweede met die Here en Sy saak te doen. Die wil van die Koning moet in sy gebied uitgevoer word. As dit nie gebeur nie, dan bestaan sy heerskappy net in naam. Onderworpenheid en gehoorsaamheid aan die wil van God is die kern van ware godsdiens. Maar dan moet dit nie ’n slaafse onderwerping wees nie; nee, dit moet wees gehoorsaamheid wat deur liefde aangespoor word.

**DIE BILLIKHEID VAN HIERDIE BEDE: *LAAT U WIL GESKIED*.**

Dit moet dadelik deur elke redelike skepsel erken word as ons daaraan dink dat dit Gods wil is wat moet geskied. Hy alleen is God. In die eerste bede het ons reeds gesien hoe ontsaglik baie die een groot naam *God* insluit. Hy is die oorsprong van alle dinge. Hy is die Skepper van alle dinge in hemel en op aarde. God is ook die Onderhouer van alle mense en dinge. Geen hand of voet, geen enkel lid van ons liggaam kan ons verroer sonder God nie. Ons bestaan en ons voortbestaan het ons aan Hom te danke. Lees Psalm 104 verse 27, 28 en 29. God is bo alles die Weldoener van sy skepsels. *Die Here is vir almal goed en sy barmhartighede is oor al sy werke*, so lees ons in Psalm 145:9. As sy skepsels is ons wettig verplig om aan

Hom onderdanig en gehoorsaam te wees en as mense wat Hy begunstig is ons sedelik daartoe verplig.

**DIE MAATSTAF VAN HIERDIE BEDE.**

Die maatstaf van hierdie bede vind ons in die woorde: Soos in die hemel net so ook op die aarde. Die hemel is 'n plek en 'n toestand waar God alles is in almal, waar sy wil volkome gehoorsaam en uitgevoer word. Daar heers volmaakte liefde en vleklose heiligheid; alles is daar in volkome harmonie met die heilige wil van God, en liefde is daar die dryfveer, van alle gehoorsaamheid. Al die hemelinge staan steeds gereed om Gods wil met vreugde te volbring. Ook op aarde dus moet Gods wil geskied net soos in die hemel.

Ons behoort altyd te vra: Wat is die wil van die Here in en met my lewe? Ongelukkig is dit heeltemal anders gesteld op aarde. Hoe word Gods se wil verkrag, hoe roekeloos word sy gebooie oortree en sy wette geskend!

Baie mense handel asof die tien gebooie nie vir hulle bestaan nie, ja asof daar geen God is nie. Hulle laster die naam van God, ontheilig sy Rusdag en misbruik dit as 'n dag van ydele uitspattigheid en plesier. Hulle vergeet die heerlike bede wat Jesus ons geleer het! Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

**DIE OMVANG VAN HIERDIE BEDE.**

Dit omvat die hele mensdom - nasies, volke en individue. Soos God se wil in die ganse hemel geskied, so moet dit ook op die ganse aarde geskied. Hierdie bede wek ons dus op tot onderworpenheid, gehoorsaamheid en werksaamheid. Ons Kategismus verklaar so mooi: Dit is: *Gee dat ons en alle mense om ons eie wil te versaak, om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëspraak gehoorsaam te wees sodat iedereen sy amp en beroep so gewillig en getrou mag beoefen en uitvoer as die engele in die hemel dit doen.*

(a) HIERDIE BEDE LEER ONS DAN OM ONS AAN DIE WIL VAN GOD TE ONDERWERP. Ons moet ons eie wil versaak, dit wil sê misken, buite rekening laat teenoor die wil van God. Die Here Jesus het gesê*: As iemand agter My aankom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg. Hy moet meer word en ons minder*. Die kind van die Here kry nooit spyt as hy die minste is nie.

(b) HIERDIE BEDE LEER ONS OOK GEHOORSAAMHEID AAN DIE WIL VAN DIE VADER, net soos die engele in die hemel dit beoefen. Die gehoorsaamheid van die engele moet vir ons 'n aansporing en 'n voorbeeld wees. Ons roeping en bestemming is om eenmaal aan die engele gelyk te wees. Met die oog daarop moet ons hier op aarde gevorm en voorberei word.

(c) HIERDIE BEDE MOET ONS OOK AANSPOOR TOT WERKSAAMHEID. Ons moet ons kinderlik aan die geopenbaarde wil van God onderwerp, maar ons moet daarby ook handelende optree en saamwerk sodat Gods wil volbring mag word op aarde.

Kom, laat ons dit meer as ooit vantevore opreg bid: My Vader wat in die hemele is, Laat u wil geskied: nie my wil nie, maar u Wil. Hoe meer ons die wil van ons dierbare Heer volbring, hoe gelukkiger is ons.

**VRAE**

1. Noem die drie bedes wat met God en sy eer te doen het.
2. Wat is 'n bede?
3. Wat is die betekenis van die Naam van God?
4. Op watter drie maniere kan ek die Naam van God heilig?
5. Op watter twee gebiede moet die koninkryk van God kom?
6. Waarom is dit billik om te bid: Laat u wil geskied?
7. Wat is die maatstaf van hierdie bede?
8. Wat is die omvang daarvan?

## GELOOFSLES 72: DIE LAASTE DRIE BEDES TEN BEHOEWE VAN DIE BIDDER.

### HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

VR. 125 *Wat is die vierde bede?*
ANTW. *Gee ons vandag ons daaglikse brood*. Dit is: *Wil ons versorg met alles wat nodig is vir die liggaam, sodat ons daardeur erken dat U die enigste oorsprong is van al wat goed is, en dat ons sorg en arbeid sowel as u gawes sonder u seën ons nie tot voordeel kan strek nie, en dat ons dus ons vertroue van alle skepsele moet aftrek en op U alleen stel.*

VR. 126 *Wat is die vyfde bede?*
ANTW.*Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe*: Dit is: *Wil ons, arme sondaars, al ons misdade, en ook die boosheid wat ons altyd aankleef, nie toereken nie, ter wille van die bloed van Christus, soos ons ook hierdie getuienis van u genade in ons bevind dat ons ganse voorneme is om ons naaste van harte te vergewe.*

VR. 127 *Wat is die sesde bede?*
ANTW. *Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose*. Dit is: *Omdat ons in onsself so swak is dat ons nie een oomblik sou kan stand hou nie, en daarby nog*

*ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie vlees, nie ophou om ons aan te val nie, wil ons tog staande hou en versterk deur die krag van u Heilige Gees, sodat ons in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie, maar altyd sterk teëstand kan bied, totdat ons uiteindelik vergoed die oorhand behou.*

VR. 128 Hoe sluit jy jou gebed af?
ANTW.*Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Dit is: Dit alles bid ons van U, omdat u as ons Koning en as Almagtige die wil en die vermoë besit om ons alles wat goed is te gee, en dit alles, sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word.*

VR. 129 *Wat beteken die woordjie: Amen*?
ANTW. *Amen wil sê: Dit sal waar en seker wees. Want my gebed is net so seker deur God verhoor as wat ek in my hart gevoel het dat ek dit van Hom begeer.*

Vandag behandel ons die drie bedes wat te doen het met die mens en sy behoeftes, d.w.s. die vierde tot die sesde bede.

## DIE VIERDE BEDE – GEE ONS VANDAG ONS DAAGLIKSE BROOD

Doel van die vierde bede is om ons absolute afhanklikheid van God, ook in die daaglikse behoeftes van die liggaam te erken en 'n vertroue te kweek dat God ons selfs in die kleinste besonderhede wil versorg.

In die vierde bede leer die Here Jesus sy dissipels en ook vir ons, om aan ons behoeftes na die liggaam te dink en daarvoor te bid. Maar hoe verkeerd is die gebed van die mens nie dikwels nie! Hoeveel van ons bid nie eerste vir ons eie behoeftes nie? Of moontlik bid ons net vir ons persoonlike behoeftes, sonder om ooit daaraan te dink dat gebed nie beteken dat ons net ons behoeftes aan die Heer moet voorlê nie, maar veel meer aan Hom eer en aanbidding moet toebring. Daarom het ons die eerste, tweede en derde bede, die les van die Here Jesus moes leer dat ons eerste begeerte moet wees: die heiliging van die Naam van die Heer, die koms van sy koninkryk en die doen van sy wil.

*Die vierde bede is eerstens* 'n *gebed*: *Dat God ons wil versorg met alles wat nodig is vir die liggaam.*

Die Skrif self gaan ons voor om in die woord *brood* ons liggaamlike behoefte saam te vat. As gevolg van Adam se ongehoorsaamheid bepaal God dat hy en sy nageslag in die sweet van hul aangesig hul brood sal eet, waarmee die Heer seker bedoel dat met veel inspanning hulle sal moet voorsien in hul daaglikse behoeftes. Daaglikse brood bedoel toereikende voorsiening volgens die behoeftes van ons liggaam.

## SODAT ONS DAARDEUR ERKEN DAT U DIE ENIGSTE OORSPRONG IS VAN AL WAT GOED IS.

Die bede om brood is die belydenis van ons volkome afhanklikheid van God. Die mens wil nie graag sy afhanklikheid van God erken nie; daarom redeneer hy dikwels dat dit immers hy is wat werk vir sy daaglikse brood. Wat die persoon wat so redeneer nooit aan dink of nie wil erken nie is dat God hom die krag en verstand verleen om sy werk te kan verrig.

Iemand opper moontlik die beswaar dat dit die mens kan lui maak om nie self te werk nie en net maar te wil bid. Die Skrif sluit hierdie gedagte uit as ons daaraan dink hoeveel maal die Bybel ons daarop wys as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie (2 Tess. 3:10). Israel moes die manna wat gegee is, daagliks, behalwe op die Sabbat, versamel en wie hierdie plig versuim het, het niks gehad om te eet nie (Ex. 16: 4-5, 16-18).

**En dat ons sorg en arbeid, soos U gawes sonder U seën, ons nie tot voordeel kan strek nie**. Dis tevergeefs dat ons saai en nat maak as God nie die groeikrag gee nie. En dis net so tevergeefs as ons tafel gereed staan met die spyse en die Here gee nie die gesondheid om dit te geniet nie. Al sou die beste tafel vir ons gereed staan en ons kan dit nie geniet nie, dan beteken die tafel vir ons niks nie. Die vraag wat spottend gevra word, waarom ons nog vra om brood as die tafel reeds vir ons berei is, is ydel, want ons kan nog honger ly, al sit ons ook aan 'n tafel met tafel vol lekker kos.

## EN DAT ONS DUS ONS VERTROUE VAN ALLE SKEPSELE MOET AFTREK EN DIT OP U ALLEEN STEL.

Dis seker menslik om te reken op ons gespierde arms om te kan werk, As ons geld of goed besit, gaan dit nie so maklik om te erken dat dit alles uit die Hand van die Here is nie. Ja, en hoe dikwels val die broodwinner weg so in die fleur van sy jare of word 'n rykmanseun arm en ondervind die mens dat God alleen ook die brokkie brood verskaf. As die mens dan nie weet om vir sy daaglikse brood te bid nie, is daar dikwels wanhoop.

Wie hierdie bede van harte kan bid, vrees ook nie in die haglikste omstandighede nie. As Elia onder die besembos in die woestyn lê dan is dit God wat hom voed om 40 dae lank deur die woestyn te gaan waar daar geen voedsel te vind was nie, was dit die Here wat die Israeliete daagliks met manna gevoed het. Ja, sê die digter, Hy voed die voëls en die wurmpies en daarom moet daar vertroue en roem in God alleen wees. Die Psalmdigter sê: *Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie.*

## DIE VYFDE BEDE - EN VERGEEF ONS ONS SKULDE SOOS ONS OOK ONS SKULDENAARS VERGEWE.

Die vyfde bede is 'n gebed om ware blywende vrede wat alleen vloei uit die regte verhouding met God en teenoor die medemens. Die vyfde bede sien op die regverdigmaking van die sondaar op grond van die soenverdienste van Christus, en die Heer leer ons daar dat die gebed alleen voor God aangenaam is en Hy dit sal verhoor, wanneer die hart gewillig is om die medemens lief te hê. Ons het hierdie vredes-ideaal nog nie bereik nie en dit moet ons aanspoor om te volhard in:

## **DIE BEDE OM SKULDVERGIFNIS**.

Die gebed wat vra om vergifnis word nie alleen van die volslae ongelowige vereis nie maar, soos ook van die gelowige kind van die Heer, want:

(a) ONS IS ALMAL ARME SONDAARS. As ons dan bid: *Vader, vergeef ons ons skulde*, erken ons daarmee ons misdade. Ons kla onsself in werklikheid aan voor God. Wanneer ons hierdie skuldbesef ervaar: *Teen U, U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd was in u oë* dan sê ons aan God dat ons erken dat ons skuldig is aan oortreding. My skulderkentenis beteken egter nie dat ek voortdurend in 'n verlore toestand lewe en dat daar geen oorwinning oor sonde in my lewe is nie, maar ek erken daardeur dat ek teen my wil dade doen wat verkeerd is voor God, want:

(b) ONS SONDE GAAN DIEPER AS NET DIE DADE. Daar is volgens die Kategismus nog 'n boosheid wat my altyd aankleef. Die mens het deur die sonde so verdorwe en besmet geraak dat hy as mens, d.w.s. in sy natuur, geheel en al boos geword het Hoe dieper hy in sy lewe ingrawe hoe meer besef hy sy onvolkomenheid, want die hele liggaam en al sy neigings is sondig. Die vyfde bede leer ons dus nie om in die eerste plek met 'n paar uiterlike, soms verbloemde dade na ons Vader te kom nie, maar om, as sondig tot in die diepste wese, voor Hom neer te buig. En dit is vir ons alleen moontlik ter wille van:

(c) DIE BLOED VAN CHRISTUS. Hy Is die Middelaar tussen ons en God. Hy het vir ons sonde betaal en die Vader het ons vrygespreek. Nou kan ons weer bid en vrede hê, al is ons nog nie geheel en al heilig nie, om Christus ontwil seën God ons omdat Hy die draer van ons verborge lewe is (Kol. 3:3), en die waarborg dat ons eenmaal volkome heilig sal wees.

Ware en blywende vrede word alleen ons deel as ons met God versoen is, d.w.s. as ons gedurig voor Hom ons sonde bely, maar ook met 'n opregte hart nie

alleen begerig is om vergifnis te ontvang nie, maar ook gewillig is om vergifnis te skenk. Ons let dus in die tweede plek op die regte gesindheid van ons hart teenoor ons naaste as ons bid.

**DIE REGTE GESINDHEID VAN DIE HART TEENOOR DIE NAASTE.**
Ons lewe in 'n wêreld waarin daar nie twee persone is wat eenders van karakter is nie, en waarin daar heel verskillende ideale nagestreef word, met die gevolg dat daar onvermydelike konflik en baie meningsverskille voorkom. Maar ten spyte van dit alles is dit Sy wil dat daar vrede sal heers en dat ons mekaar sal vergewe. Hierdie eis van die Heer is seker nie so maklik om uit te voer nie, veral as ons daarop let dat lippetaal voor Hom waardeloos is en Hy geen behae daarin het dat ek sal wraak neem wanneer ek verontreg is nie. Sy eis is 'n hartlike vergifnis uit 'n hart wat deur die liefde verbrysel is en hoe swaar dit ook al is, dit is alles moontlik deur die genade wat Hy aan ons gee.

Die genade van die Here breek die eie-ek n die hart wat die mens so liggeraak maak, so eergevoelig, en Hy gee daar 'n ander gees waardeur ek my naaste hoër kan ag as myself. Hy maak my soos Homself wat vir dié wat Hom gekruisig het, gebid het (Luk. 23:34), en soos Stefanus wat vir sy moordenaars gebid het (Hand. 7:60). Waarlik, as die eie-ek verdwyn, kan ek my naaste se hand neem al verskil ons ook van opinie, kan ek my naaste vergewe al het hy my seergemaak, en vir hom bid al maak hy my dood.

Maar beteken dit nou:

(a) DAT EK ONGEVOELIG MOET WEES VIR DIE ONREG WAT MY AANGEDOEN WORD? Die mens se hart is iets baie gevoeligs, veral waar dit verteder is deur die Heilige Gees, en geen gedane onreg sal dit seker koud laat nie. Maar die gesalfde hart is nie eergevoelig in die slegte sin van die Woord en ook nie fyngevoelig in die sin dat dit haat en bitterheid laat opskuim nie, maar dit verdra onreg in liefde en as iemand jou op die een wang slaan, draai ook die ander een na hom toe (Matt. 5:39).

(b) DAT EK TER WILLE VAN DIE GOEIE GESINDHEID DIE REG VERSWYG EN TOELAAT DAT DIT VERTRAP WORD? Reg en waarheid moet teen alle koste gehandhaaf, word want dit is uit God en dus bo alle menslike opinies verhewe. Om vir die Reg en Waarheid te stry is my dure plig, maar dit is heeltemal iets anders as om my eie mening af te dwing. In laasgenoemde geval het ek reg om my aan die stryd te onttrek, maar waar die waarheid, reg en geregtigheid op die spel is, daar moet ek vasstaan en stry, maar wel op 'n Christelike manier (Luk. 23:34).

## DIE SESDE BEDE: LEI ONS NIE IN VERSOEKING NIE, MAAR VERLOS ONS VAN DIE BOSE.

Die sesde bede wys ons op ons afhanklikheid van die Here in ons stryd teen die Bose. Soos ons gesien het staan die vyfde bede in verband met die regverdigmaking of verlossing van die skuld van die sonde. Die sesde bede staan nou in verband met ons heiligmaking of verlossing van die mag van die sonde. Ons smeek daarin om genade om die hoof te kan bied teen die versoeking, waardeur die sonde in allerlei vorms tot ons kom:

Die woordjie, versoeking, kom in Gods Woord in tweërlei sin voor. In die eerste plek beteken dit op die proef stel met ’n goeie bedoeling, en dit is dan soos in die geval van Abraham (Gen. 22:1) ’n toets van sy geloof en gehoorsaamheid en in die geval van Israel (Ex. 20:20) om heilige vrees by hulle vir God op te wek, en in albei gevalle om hulle te louter. Maar in die tweede plek beteken die woordjie ’n versoeking tot sonde, waarin die Bose sy sondige invloed op ons laat inwerk met kwade bedoelings; nl. om ons hart te vergiftig. Dit is met versoeking in die laasgenoemde betekenis, waarmee ons in die sesde bede te doen het. En die gebed wil dat ons sal let op:

## DIE WARE BETEKENIS VAN DIE GEBED.

Ons moet nie deur die gebed verstaan dat dit God is wat ons versoek nie (Jak. 1:13-14), maar wel dat Hy wel toelaat dat ons in versoeking gelei word. Dis duidelik in die versoeking van Jesus Christus in die woestyn, dat dit nie God is wat Hom versoek nie maar die Bose, maar dat dit die Gees van God is wat Hom in die woestyn ingelei het om versoek te word. Matt. 4:1. Vgl. ook die geval van Adam en Eva in die Paradys, waar God die boom geplant het. Wat ons dus werklik in die bede vra, is dat die Vader ons nie in omstandighede sal bring waar ons in sonde sal val nie.

*Maar waarom lei God die mens dan na plekke en omstandighede van versoeking?* Alleen maar om die regverdiges te louter, die goddeloses te straf en Homself te verheerlik. Daarom het die versoeking in hierdie sin van verleiding ook vir ons betekenis en sê Jakobus: *Salig is die man wat versoeking verdra* (Jak 1:12). En die Psalmis: *Voordat ek verdruk was, het ek gedwaal* (Ps. 119:67).

## DIE VYAND SE MAG EN LIS.

Ons kan nie standhou teen ons doodsvyande nie. Aan die hoof staan die Duiwel self: Maar hy is nie alomteenwoordig soos God nie en kan dus nie elke mens persoonlik versoek nie en bepaal hom in die reël net tot die geestelik hoogstaande mense. Hy versoek Christus, Job, Petrus (Matt. 16:23). Maar hy gebruik ook die bose engele en ander instrumente waarvan die wêreld: Hieronder moet ons

verstaan die dinge om ons en die neiginge in ons, waarvan die bose magte gebruik maak om ons te probeer verlei. Na die een kom die versoeking deur die weelde, vir 'n ander deur sinlikheid, vir 'n derde deur 'n sug na roem en vir 'n vierde deur mensevrees. Deur hierdie instrumente rig hy sulke aanvalle op die mens dat dikwels die grootste held beswyk, bv. Dawid oorwin Goliat maar val voor 'n vrou.

Die Vlees*:* Die bose vind sy aanknopingspunt in die sondige hart van die mens. By Christus, die sondelose, kom die Versoeker van buite, maar in die sondige mens werk hy deur die vlees, d.w.s. deur die sondige natuur wat maar altyd tot die kwaad geneig is. En in hierdie geestelike stryd teen die vyand wat naas God die magtigste persoon is, is ons so swak dat ons selfs nie vir een enkele oomblik kan staande bly nie. Die enigste hoop op oorwinning is nou vir hom geleë in die krag van die Heilige Gees en daarom bid hy ook: *Verlos ons van die Bose.*

## DIE UITEINDELIKE OORWINNING EN HEILIGMAKING.

In die ongelyke stryd het die mens tevergeefs probeer om deur afsondering, bv. kloosters, of deur eie kraginspanning te oorwin. Die enigste redding is by Hom, die Almagtige. Deur die krag van die Heilige Gees wil Hy ons al meer en meer van die bose magte bevry totdat ons eindelik vir goed die oorhand behou. Hy verlos ons van die bose – ons mag in die stryd egter nie passief bly nie, maar moet, deur die krag van die Heilige Gees, altyd sterk teenstand bied.

## DIE SLOT VAN DIE ONSE VADER: WANT AAN U BEHOORT DIE KONINKRYK EN DIE KRAG EN DIE HEERLIKHEID TOT IN EWIGHEID, AMEN.

Die slot van die Onse Vader is 'n lofverheffing van God tot sy eer. Ons sê daarin dat aan Hom behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Deur hierdie lofverheffing uit te spreek erken ons, eerstens, dat God die krag en vermoëns besit om alles wat ons gebid het, te skenk en, tweedens, dat die eer vir enige goeie gedagte, woord of daad nie aan ons toekom nie maar aan sy naam wat ons vir ewig moet prys en eer.

## DIE GELOOF DAT GOD ONS GEBED VERHOOR - DIE WOORDJIE AMEN.

Die Onse Vader word gesluit met die woord Amen, en so ook al ons gebede. Dit is 'n Hebreeuse woord en beteken volgens sy oorsprong: waarheid, vastigheid, sekerheid. Deur die woord "Amen" druk die bidder die hoop, vertroue en geloof uit dat sy gebed aangenaam voor God is en deur Hom verhoor sal word. Dit is nie

maar 'n ydele woord wat ek uitspreek om daarmee formeel my gebed af te sluit nie. Daar is diepsinnige geloofstaal in opgesluit.

Daardeur sê ek aan God dat my gebed veel sekerder deur Hom verhoor word as wat ek selfs in my hart voel dat ek dit van Hom begeer. Dwarsdeur die gebed word daar deur die gemeente stilswygend saam gebid en so ook by die *Amen*.

**VRAE**

1. Noem die drie bedes wat te doen het met die mens se behoeftes.
2. Verduidelik die bede: Gee ons vandag ons daaglikse brood.
3. Verduidelik die bede: Vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
4. Verduidelik die bede: Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose.
5. Wat erken ons deur die bede: Aan u behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid?
6. Wat beteken die woord 'Amen'?

*Aan Hom wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle onbevlek en met vreugde sy heerlikheid te laat aanskou, aan die enigste God, ons Verlosser deur Jesus Christus ons Here, aan Hom behoort die heerlikheid en die majesteit, die krag en die mag, van alle ewigheid af, ook nou en tot in alle ewigheid! Amen*

*Judas: 24 en 25*